7 Hy sê: “Let op, die dag is nog lank; dit is nie tyd om die trop bymekaar te maak nie. Laat die vee drink en gaan, laat hulle wei.”
8 But they replied, “We can’t until all the flocks have been gathered and the stone is rolled from the well’s opening. Then we will water the sheep.”
8 Hulle antwoord egter: “Ons kan nie voordat al die troppe bymekaar is nie; dan rol hulle die klip weg van die opening van die put en ons laat die vee drink.”
9 While he was still speaking with them, Rachel came with her father’s sheep, for she was a shepherdess.
9 Terwyl hy nog met hulle praat, kom Ragel met haar vader se kleinvee aan, want sy het hulle opgepas.
10 As soon as Jacob saw his uncle Laban’s daughter Rachel with his sheep, he went up and rolled the stone from the opening and watered his uncle Laban’s sheep.
10 Dit het so gebeur dat toe Ya’akov Ragel, die dogter van Lavan, sy moeder se broer, sien en die vee van Lavan, sy moeder se broer, gaan Ya’akov nader en rol die klip weg van die opening van die put af en laat die vee van Lavan, sy moeder se broer, drink.
11 Then Jacob kissed Rachel and wept loudly.
11 Ya’akov het Ragel gesoen en sy stem opgelig en gehuil.

12 He told Rachel that he was her father's relative, Rebekah's son. She ran and told her father.
12 Ya'akov het Ragel vertel dat hy haar vader se familie en die seun van Rivkah was. Sy het daarop gehardloop en dit aan haar vader vertel.
13 When Laban heard the news about his sister's son Jacob, he ran to meet him, hugged him, and kissed him. Then he took him to his house, and Jacob told him all that had happened.
13 Dit het so gebeur dat toe Lavan die verslag hoor van Ya'akov, die seun van sy suster, hy hom tegemoet gehardloop, hom omhels, gesoen en hom in sy huis ingebring het. Hy het aan Lavan al hierdie dinge vertel.
14 Laban said to him, "Yes, you are my own flesh and blood." After Jacob had stayed with him a month,
14 Lavan sê vir hom: "Waarlik, jy is my vlees en been." Hy het by hom die dae van 'n maand gebly.
15 Laban said to him, "Just because you're my relative, should you work for me for nothing? Tell me what your wages should be."
15 Lavan sê vir Ya'akov: "Sou jy my verniet dien omdat jy my familie is? Vertel my wat jou loon moet wees."
16 Now Laban had two daughters: the older was named Leah, and the younger was named Rachel.
16 Nou, Lavan het twee dogters gehad; die naam van die oudste was Le'ah en die naam van die jongste Ragel.
17 Leah had ordinary eyes, but Rachel was shapely and beautiful.
17 Le'ah het aantreklike oë gehad, maar Ragel het 'n mooi figuur gehad en was mooi om na te kyk.
18 Jacob loved Rachel, so he answered Laban, "I'll work for you seven years for your younger daughter Rachel."
18 Ya'akov het Ragel liefgehad; daarom het hy gesê: "Ek sal u sewe jaar dien vir Ragel, u jongste dogter."
19 Laban replied, "Better that I give her to you than to some other man. Stay with me."
19 Lavan antwoord: "Dit is beter dat ek haar vir jou gee as dat ek haar vir 'n ander man gee. Bly by my."
20 So Jacob worked seven years for Rachel, and they seemed like only a few days to him because of his love for her.
20 So het Ya'akov dan sewe jaar gewerk vir Ragel en dit was in sy oë soos 'n dag omdat hy haar liefgehad het.
21 Then Jacob said to Laban, "Give me my wife, for my time is completed. I want to sleep with her."
21 Ya'akov sê vir Lavan: "Gee nou my vrou dat ek by haar kan ingaan, want my dae is vervul."
22 So Laban invited all the men of the place to a feast.
22 Lavan het al die manne van die plek bymekaargemaak en 'n fees voorberei.
23 That evening, Laban took his daughter Leah and gave her to Jacob, and he

slept with her.
23 Dit het so gebeur dat hy sy dogter Le'ah gevat en haar na hom toe gebring het teen sonsondergang en hy het by haar ingegaan.
24 And Laban gave his slave Zilpah to his daughter Leah as her slave.
24 Lavan het ook sy slavin Zilpah aan sy dogter Le'ah gegee as slavin.
25 When morning came, there was Leah! So he said to Laban, "What is this you have done to me? Wasn't it for Rachel that I worked for you? Why have you deceived me? "
25 Die volgende oggend, let op, dit was Le'ah! Hy sê vir Lavan: "Wat het u my nou aangedoen? Was dit nie vir Ragel wat ek u gedien het nie? Waarom het u my dan bedrieg?"
26 Laban answered, "It is not the custom in this place to give the younger daughter in marriage before the firstborn.
26 Lavan antwoord: "Dit word nie hier in ons land so gedoen om die jongste voor die oudste in die huwelik te gee nie.
27 Complete this week of wedding celebration, and we will also give you this younger one in return for working yet another seven years for me."
27 Voltooi haar bruilofsfees van sewe dae, dan sal ons jou dié een ook gee vir die diens waarmee jy my nóg sewe jaar moet dien."
28 And Jacob did just that. He finished the week of celebration, and Laban gave him his daughter Rachel as his wife.
28 Ya'akov het so gedoen: hy het haar bruilofstyd van sewe voltooi. Toe gee hy sy dogter Ragel ook aan hom as vrou.
29 And Laban gave his slave Bilhah to his daughter Rachel as her slave.
29 Lavan het sy slavin Bilhah vir sy dogter Ragel gegee as slavin.
30 Jacob slept with Rachel also, and indeed, he loved Rachel more than Leah. And he worked for Laban another seven years.
30 Hy het ook by Ragel ingegaan en Ragel ook meer liefgehad as vir Le'ah. Hy het nóg sewe jaar by Lavan gedien.
31 When the LORD saw that Leah was unloved, He opened her womb; but Rachel was unable to conceive.
31 Toe יהוה sien dat Le'ah die gehate een was, het Hy haar baarmoeder oopgemaak, maar Ragel was onvrugbaar.
32 Leah conceived, gave birth to a son, and named him Reuben, for she said, "The LORD has seen my affliction; surely my husband will love me now."
32 Le'ah het bevrug geword en geboorte gegee aan 'n seun en hom Re'uven genoem, want sy het gesê: "יהוה het sekerlik my depressie raakgesien, want nou sal my man my liefhê."
33 She conceived again, gave birth to a son, and said, "The LORD heard that I am unloved and has given me this son also." So she named him Simeon.
33 Sy is weer bevrug en het geboorte gegee aan 'n seun en gesê: "יהוה het sekerlik gehoor dat ek die gehate is en my hierdie een ook gegee." Sy het hom Shim'on genoem.

34 She conceived again, gave birth to a son, and said, “At last, my husband will become attached to me because I have borne three sons for him.” Therefore he was named Levi.
34 Sy is weer bevrug en het geboorte gegee aan ’n seun en gesê: “Nou hierdie keer sal my man met my verenig wees omdat ek vir hom geboorte gegee het aan drie seuns.” Hy is daarom Levi genoem.
35 And she conceived again, gave birth to a son, and said, “This time I will praise the LORD.” Therefore she named him Judah. Then Leah stopped having children.

35 Sy is weer bevrug en het geboorte gegee aan ’n seun en gesê: “Nou sal ek יהוה loof en dank met uitgestrekte hande.” Sy het hom daarom Y’hudah genoem. Sy het opgehou om kinders te hê.

Genesis 30

1 When Rachel saw that she was not bearing Jacob any children, she envied her sister. “Give me sons, or I will die! ” she said to Jacob.
1 Toe Ragel sien dat sy vir Ya’akov geen kinders gee nie, het Ragel jaloers geword op haar suster en vir Ya’akov gesê: “Gee vir my seuns of anders sterf ek.”
2 Jacob became angry with Rachel and said, “Am I in God’s place, who has withheld children from you? ”
2 Ya’akov het kwaad geword teenoor Ragel en gevra: “Is ek dan in die plek van God wat die vrug van jou baarmoeder van jou teruggehou het?”
3 Then she said, “Here is my slave Bilhah. Go sleep with her, and she’ll bear children for me so that through her I too can build a family.”
3 Sy antwoord: “Let op, my slavin Bilhah; gaan by haar in sodat sy op my knieë geboorte kan gee en ek ook uit haar opgebou kan word.”
4 So Rachel gave her slave Bilhah to Jacob as a wife, and he slept with her.
4 Sy het haar slavin Bilhah vir hom as vrou gegee en Ya’akov het by haar ingegaan
5 Bilhah conceived and bore Jacob a son.
5 en Bilhah het swanger geword en geboorte gegee aan ’n seun vir Ya’akov.
6 Rachel said, “God has vindicated me; yes, He has heard me and given me a son,” and she named him Dan.
6 Ragel het gesê: “God het my saak beoordeel en ook my stem gehoor en vir my ’n seun gegee.” Sy het hom daarom Dan genoem.
7 Rachel’s slave Bilhah conceived again and bore Jacob a second son.
7 Bilhah, die slavin van Ragel, is weer bevrug en het geboorte gegee aan ’n tweede seun vir Ya’akov.
8 Rachel said, “In my wrestlings with God, I have wrestled with my sister and won,” and she named him Naphtali.
8 Ragel het gesê: “Ek het magtige worstelinge met my suster gestoei en oorwin.” Sy het hom Naftali genoem.
9 When Leah saw that she had stopped having children, she took her slave Zilpah and gave her to Jacob as a wife.
9 Toe Le’ah sien dat sy opgehou het om geboorte te gee, vat sy haar slavin Zilpah en gee haar aan Ya’akov as vrou.
10 Leah’s slave Zilpah bore Jacob a son.
10 Zilpah, die slavin van Le’ah, het geboorte gegee aan ’n seun vir Ya’akov.
11 Then Leah said, “What good fortune! ” and she named him Gad.
11 Toe sê Le’ah: “Goeie geluk het gekom!” Sy het dus sy naam Gad gegee.
12 When Leah’s slave Zilpah bore Jacob a second son,
12 Daarna het Zilpah, die slavin van Le’ah, geboorte gegee aan ’n tweede seun vir Ya’akov.
13 Leah said, “I am happy that the women call me happy,” so she named him Asher.

13 Toe sê Le'ah: "Ek is gelukkig! Die dogters sal my lof besing." Sy het hom Asher genoem.
14 Reuben went out during the wheat harvest and found some mandrakes in the field. When he brought them to his mother Leah, Rachel asked, "Please give me some of your son's mandrakes."
14 Re'uven het in die dae van die graanoes gegaan en alruin in die veld gevind en dié na sy moeder Le'ah gebring en Ragel sê vir Le'ah: "Gee vir my van jou seun se alruin."
15 But Leah replied to her, "Isn't it enough that you have taken my husband? Now you also want to take my son's mandrakes? " "Well," Rachel said, "you can sleep with him tonight in exchange for your son's mandrakes."
15 Sy antwoord haar: "Is dit iets kleins dat jy my man weggevat het? Sal jy my seun se alruin ook wegvat?" Ragel sê: "Vir jou seun se alruin mag hy vannag by jou lê."
16 When Jacob came in from the field that evening, Leah went out to meet him and said, "You must come with me, for I have hired you with my son's mandrakes." So Jacob slept with her that night.
16 Toe Ya'akov teen sonsondergang uit die veld uit kom, gaan Le'ah hom tegemoet en sê: "Jy moet inkom na my toe, want ek het jou gehuur vir my seun se alruin." Hy het dié nag by haar gelê.
17 God listened to Leah, and she conceived and bore Jacob a fifth son.
17 God het Le'ah verhoor: sy het bevrug geword en vir Ya'akov geboorte gegee aan 'n vyfde seun.
18 Leah said, "God has rewarded me for giving my slave to my husband," and she named him Issachar.
18 Le'ah het gesê: "God het my my loon gegee omdat ek my slavin aan my man gegee het." Sy het hom Yissakhar genoem.
19 Then Leah conceived again and bore Jacob a sixth son.
19 Le'ah het weer bevrug geword en vir Ya'akov geboorte gegee aan 'n sesde seun.
20 "God has given me a good gift," Leah said. "This time my husband will honor me because I have borne
six sons for him," and she named him Zebulun.
20 Le'ah het gesê: "God het aan my 'n goeie geskenk toegestaan; die keer sal my man uiteindelik by my bly, want ek het vir hom geboorte gegee aan ses seuns." Sy het hom Z'vulun genoem.
21 Later, Leah bore a daughter and named her Dinah.
21 Daarna het sy geboorte gegee aan 'n dogter en haar Dinah genoem.
22 Then God remembered Rachel. He listened to her and opened her womb.
22 God het Ragel onthou en God het haar gehoor en haar baarmoeder oopgemaak:
23 She conceived and bore a son, and said, "God has taken away my shame."
23 sy het bevrug geword en geboorte gegee aan 'n seun. Sy het gesê: "God het my skande weggevat."

24 She named him Joseph: "May the LORD add another son to me."
24 Sy het hom Yosef genoem en gesê: "יהוה sal vir my nog 'n seun byvoeg!"
25 After Rachel gave birth to Joseph, Jacob said to Laban, "Send me on my way so that I can return to my homeland.
25 Dit het so gebeur dat toe Ragel geboorte gegee het aan Yosef, Ya'akov vir Lavan gesê het: "Laat my gaan sodat ek na my eie plek en my eie land kan gaan.
26 Give me my wives and my children that I have worked for, and let me go. You know how hard I have worked for you."
26 Gee my vroue en my jongelinge waarvoor ek u gedien het sodat ek kan gaan, want u ken self die diens waarmee ek u gedien het."
27 But Laban said to him, "If I have found favor in your sight, stay. I have learned by divination that the LORD has blessed me because of you."
27 Lavan antwoord hom: "Bly asseblief as ek guns in u oë gevind het; ek het die tekens gesien dat יהוה
my om jou ontwil geseën het."
28 Then Laban said, "Name your wages, and I will pay them."
28 Hy sê ook: "Spesifiseer vir my jou loon en ek sal dit gee."
29 So Jacob said to him, "You know what I have done for you and your herds.
29 Hy antwoord hom: "U weet self hoe ek u gedien het en hoe u vee by my is,
30 For you had very little before I came, but now your wealth has increased. The LORD has blessed you because of me. And now, when will I also do something for my own family? "
30 want wat u gehad het vóór my koms was min en dit het tot baie vermeerder. יהוה het u geseën sedert ek my voete hier gesit het. Nou, wanneer sal ek ook vir my eie huis voorsien?"
31 Laban asked, "What should I give you? " And Jacob said, "You don't need to give me anything. If you do this one thing for me, I will continue to shepherd and keep your flock.
31 Hy vra: "Wat moet ek vir jou gee?" Ya'akov antwoord: "U hoef my niks te gee nie, as u hierdie ding vir my sal doen, sal ek weer u kleinvee voed en versorg;
32 Let me go through all your sheep today and remove every sheep that is speckled or spotted, every dark-colored sheep among the lambs, and the spotted and speckled among the female goats. Such will be my wages.
32 ek sal vandag deur al u troppe kleinvee gaan en daaruit al die gestippelde en bont vee uitkeer en al die bruines onder die skaaplammers, asook die bontes en gestippeldes onder die bokke, dit sal my loon wees.
33 In the future when you come to check on my wages, my honesty will testify for me. If I have any female goats that are not speckled or spotted, or any lambs that are not black, they will be considered stolen."
33 Net soos my eerlikheid vandag vir my getuig; net so sal dit wees wanneer my loon voor u gebring word; alles wat nie gestippeld of bont is onder die

bokke en wat nie bruin is onder die skaaplammers nie, sal as gesteelde goed by my beskou word."
34 "Good," said Laban. "Let it be as you have said."
34 Lavan antwoord: "O, laat dit wees volgens jou woord!"
35 That day Laban removed the streaked and spotted male goats and all the speckled and spotted female goats — every one that had any white on it — and every dark-colored one among the lambs, and he placed his sons in charge of them.
35 Ya'akov het dieselfde dag die gestreepte en bont bokke en al die gestippelde en bont bokooie uitgekeer, almal wat wit aan hulle gehad het en almal wat bruin was onder die skaaplammers en dié in sy seuns se hande afgegee.
36 He put a three-day journey between himself and Jacob. Jacob, meanwhile, was shepherding the rest of Laban's flock.
36 Lavan het drie dae se reis tussen hom en Ya'akov bepaal en Ya'akov het die orige kleinvee van Lavan opgepas.
37 Jacob then took branches of fresh poplar, almond, and plane wood, and peeled the bark, exposing white stripes on the branches.
37 Ya'akov vat vir homself groen latte van populier-, amandel- en plataanhout en hy skil wit strepe daarvan af sodat die wit van die latte wys
38 He set the peeled branches in the troughs in front of the sheep — in the water channels where the sheep came to drink. And the sheep bred when they came to drink.
38 en hy sit die latte wat hy afgeskil het vlak voor die vee in die trôe, in die drinkbakke waar die vee kom drink het sodat hulle op hitte kom as hulle kom drink.
39 The flocks bred in front of the branches and bore streaked, speckled, and spotted young.
39 Die vee het op hitte gekom by die latte en die vee het gestreeptes, gestippeldes en bontes gelam.
40 Jacob separated the lambs and made the flocks face the streaked and the completely dark sheep in Laban's flocks. Then he set his own stock apart and didn't put them with Laban's sheep.
40 Ya'akov het die lammers geskei en hy draai die koppe van die vee na die gestreeptes en almal wat bruin was onder Lavan se vee. Hy het vir hom afsonderlike troppe gemaak en dié nie saam met Lavan se vee gesit nie.
41 Whenever the stronger of the flock were breeding, Jacob placed the branches in the troughs, in full view of the flocks, and they would breed in front of the branches.
41 Dit het so gebeur dat elke keer as die sterkste diere op hitte kom, Ya'akov die latte voor die oë van die vee in die trôe sit sodat hulle by die latte sou paar,
42 As for the weaklings of the flocks, he did not put out the branches. So it turned out that the weak sheep belonged to Laban and the stronger ones to

Jacob.
42 maar as die vee swakkerig was, het hy dit nie ingesit nie; so was dan die swakkes vir Lavan en die sterkes vir Ya'akov.
43 And the man became very rich. He had many flocks, male and female slaves, and camels and donkeys.
43 Die man het uitermate ryk geword en baie vee, slavinne, slawe, kamele en esels gehad.

Genesis 31

1 Now Jacob heard what Laban's sons were saying: "Jacob has taken all that was our father's and has built this wealth from what belonged to our father."
1 Hy het die woorde van die seuns van Lavan gehoor dat hulle sê: "Ya'akov het alles weggevat wat ons vader s'n was en uit wat ons vader s'n was, het hy al hierdie rykdom verkry."
2 And Jacob saw from Laban's face that his attitude toward him was not the same.
2 Ya'akov het ook die gesig van Lavan gesien en let op, dit was nie meer soos gister en eergister nie.
3 Then the LORD said to him, "Go back to the land of your fathers and to your family, and I will be with you."
3 יהוה het vir Ya'akov gesê: "Gaan terug na die land van jou vaders en na jou familie en Ek sal by jou wees."
4 Jacob had Rachel and Leah called to the field where his flocks were.
4 Ya'akov stuur toe en laat Ragel en Le'ah veld toe roep na sy trop toe
5 He said to them, "I can see from your father's face that his attitude toward me is not the same, but the God of my father has been with me.
5 en sê vir hulle: "Ek sien dat die gesig van julle vader teenoor my nie meer is soos gister en eergister nie, maar die God van my vader was by my.
6 You know that I've worked hard for your father
6 Julle weet self dat ek met al my krag julle vader gedien het,
7 and that he has cheated me and changed my wages 10 times. But God has not let him harm me.
7 maar julle vader het my bedrieg: hy het my loon tien maal verander, maar God het hom nie toegelaat om my skade aan te doen nie.
8 If he said, 'The spotted sheep will be your wages,' then all the sheep were born spotted. If he said, 'The streaked sheep will be your wages,' then all the sheep were born streaked.
8 As hy sou sê: 'Die gestippeldes sal jou loon wees,' dan lam al die vee gestippeldes en as hy sê: 'Die gestreeptes sal jou loon wees,' dan lam al die vee gestreeptes.
9 God has taken away your father's herds and given them to me.
9 So het God die vee van julle vader af weggevat en aan my gegee.
10 "When the flocks were breeding, I saw in a dream that the streaked,

spotted, and speckled males were mating with the females.
10 Dit het in die tyd toe die kleinvee op hitte was, gebeur dat ek my oë opgeslaan en in 'n droom gesien het dat die bokramme wat die kleinvee dek, gestreep, gestippeld en bont was
11 In that dream the Angel of God said to me, 'Jacob! ' and I said, 'Here I am.'
11 en die boodskapper van God sê vir my in die droom: 'Ya'akov!' Ek antwoord: 'Hier is ek!'
12 And He said, 'Look up and see: all the males that are mating with the flocks are streaked, spotted, and speckled, for I have seen all that Laban has been doing to you.
12 Hy sê: 'Slaan tog jou oë op en kyk: al die bokramme wat die kleinvee dek, is gestreep, gestippeld en bont, want Ek het alles gesien wat Lavan aan jou doen.
13 I am the God of Bethel, where you poured oil on the stone marker and made a solemn vow to Me. Get up, leave this land, and return to your native land.' "
13 Ek is die God van Beit-El waar jy die pilaar gesalf het, waar jy 'n eed aan My beloof het. Staan nou op, gaan weg uit hierdie land uit en gaan terug na die land van jou geboorte'."
14 Then Rachel and Leah answered him, "Do we have any portion or inheritance in our father's household?
14 Ragel en Le'ah antwoord en sê vir hom: "Is daar nog 'n deel of erfenis vir ons in die huis van ons vader?
15 Are we not regarded by him as outsiders? For he has sold us and has certainly spent our money.
15 Word ons nie as vreemdelinge deur hom gesien nie? Hy het ons verkoop en ons geld opgeëet en verteer,
16 In fact, all the wealth that God has taken away from our father belongs to us and to our children. So do whatever God has said to you."
16 want al hierdie rykdom wat God van ons vader weggevat het, is ons en ons seuns s'n. Doen dan nou wat ook al God vir u gesê het om te doen."
17 Then Jacob got up and put his children and wives on the camels.
17 Toe staan Ya'akov op en laai sy kinders en sy vroue op die kamele
18 He took all the livestock and possessions he had acquired in Paddan-aram, and he drove his herds to go to the land of his father Isaac in Canaan.
18 en hy voer al sy vee weg en al sy besittings wat hy bymekaar gemaak het, die vee wat syne was, wat hy in Paddan-Aram bymekaar gemaak het, om na sy vader Yitz'gak in die land Kena'an te gaan.
19 When Laban had gone to shear his sheep, Rachel stole her father's household idols.
19 Lavan het gegaan om sy trop te skeer en Ragel het haar vader se familie-afgodsbeelde gesteel.
20 And Jacob deceived Laban the Aramean, not telling him that he was fleeing.

20 Ya'akov het Lavan, die Arameër, mislei deurdat hy weggesluip het sonder om hom te vertel dat hy wou weggaan.
21 He fled with all his possessions, crossed the Euphrates, and headed for the hill country of Gilead.
21 So het hy dan weggegaan met alles wat hy besit het. Hy het opgestaan en oor die rivier gegaan en sy gesig gedraai na die gebergte van Gil'ad.
22 On the third day Laban was told that Jacob had fled.
22 Op die derde dag is Lavan vertel dat Ya'akov gevlug het.
23 So he took his relatives with him, pursued Jacob for seven days, and overtook him at Mount Gilead.
23 Hy het sy broers saam met hom gevat en hom vir sewe dae agternagejaag en hom ingehaal in die gebergte van Gil'ad.
24 But God came to Laban the Aramean in a dream at night. "Watch yourself! " God warned him. "Don't say anything to Jacob, either good or bad."
24 God het na Lavan, die Arameër, in die nag gekom in 'n droom en vir hom gesê: "Pas op dat jy nie met Ya'akov goed of kwaad praat nie."
25 When Laban overtook Jacob, Jacob had pitched his tent in the hill country, and Laban and his brothers also pitched their tents in the hill country of Gilead.
25 Lavan het Ya'akov ingehaal. Ya'akov het al sy tent opgeslaan in die gebergte en Lavan, saam met sy broers, het in die gebergte van Gil'ad kamp opgeslaan.
26 Then Laban said to Jacob, "What have you done? You have deceived me and taken my daughters away like prisoners of war!
26 Lavan sê vir Ya'akov: "Wat het jy gedoen dat jy skelm weggesluip het en my dogters soos krygsgevangenes weggevoer het?
27 Why did you secretly flee from me, deceive me, and not tell me? I would have sent you away with joy and singing, with tambourines and lyres,
27 Waarom het jy in die geheim en skelm van my af weggegaan en my nie vertel nie sodat ek jou met oorweldigende blydskap, met 'n lied, met tamboeryn en harp kon wegstuur?
28 but you didn't even let me kiss my grandchildren and my daughters. You have acted foolishly.
28 Jy het my ook nie toegelaat om my seuns en dogters te soen nie. Nou het jy daardeur dwaas opgetree.
29 I could do you great harm, but last night the God of your father said to me: 'Watch yourself. Don't say anything to Jacob, either good or bad.'
29 Die mag is in my hand om julle skade aan te doen, maar die God van julle vader het verlede nag met my gepraat en gesê: 'Pas op dat jy nie met Ya'akov praat, beide goed of kwaad nie.'
30 Now you have gone off because you long for your father — but why have you stolen my gods? "
30 Nou het jy reeds vertrek omdat jy so erg verlang het na die huis van jou vader, maar waarom het jy my gode gesteel?"
31 Jacob answered, "I was afraid, for I thought you would take your daughters

from me by force.
31 Ya'akov antwoord en sê vir Lavan: "Ek was bang, want ek het gedink u sal miskien u dogters met geweld van my af wegvat.
32 If you find your gods with anyone here, he will not live! Before our relatives, point out anything that is yours and take it." Jacob did not know that Rachel had stolen the idols.
32 By wie u ook al u gode vind, laat hom nie lewe nie! Onderskei wat van u by my is, in die teenwoordigheid van ons broers en vat dit saam." Ya'akov het nie geweet dat Ragel dit gesteel het nie.
33 So Laban went into Jacob's tent, then Leah's tent, and then the tents of the two female slaves, but he found nothing. Then he left Leah's tent and entered Rachel's.
33 Lavan het in die tent van Ya'akov, van Le'ah en van die twee slavinne ingegaan, maar hy het niks gekry nie. Toe het hy uit die tent van Le'ah uitgegaan en in die tent van Ragel gekom.
34 Now Rachel had taken Laban's household idols, put them in the saddlebag of the camel, and sat on them. Laban searched the whole tent but found nothing.
34 Ragel het die familie afgode gevat en dit in die kameelsaal gesit en daarop gaan sit. Lavan het die hele tent deurgevoel, maar niks gekry nie.
35 She said to her father, "Sir, don't be angry that I cannot stand up in your presence; I am having my period." So Laban searched, but could not find the household idols.
35 Sy sê vir haar vader: "Laat dit nie brand in my meester se oë (ontevrede wees) omdat ek nie vir u kan opstaan nie, want dit gaan met my volgens die pad van vroue." Hy het gesoek, maar die familie afgode nie gekry nie.
36 Then Jacob became incensed and brought charges against Laban. "What is my crime? " he said to Laban. "What is my sin, that you have pursued me?
36 Ya'akov was woedend en hy het met Lavan gestry en Ya'akov antwoord vir Lavan en sê: "Wat is my oortreding, wat is my sonde dat u my so vuriglik agtervolg het?
37 You've searched all my possessions! Have you found anything of yours? Put it here before my relatives and yours, and let them decide between the two of us.
37 Noudat u al my goed deursoek het; wat het u van al u huisware gevind? Sit dit hier voor my broers en u broers neer en laat hulle oordeel tussen ons twee.
38 I've been with you these 20 years. Your ewes and female goats have not miscarried, and I have not eaten the rams from your flock.
38 Hierdie twintig jaar wat ek by u was, het u skaap- en bokooie geen misdrag gehad nie en die ramme van u kleinvee het ek nie geëet nie.
39 I did not bring you any of the flock torn by wild beasts; I myself bore the loss. You demanded payment from me for what was stolen by day or by night.

39 Wat die wilde diere verskeur het, het ek nie na u gebring nie; ek het die verlies daarvan gedra. U het dit van my hand geëis, of dit bedags of snags gesteel is.
40 There I was — the heat consumed me by day and the frost by night, and sleep fled from my eyes.
40 Daar was ek, bedags deur die hitte verteer en snags deur die koue en my slaap het gevlug van my oë.
41 For 20 years I have worked in your household — 14 years for your two daughters and six years for your flocks — and you have changed my wages 10 times!
41 So was ek in u huis vir twintig jaar; ek het u veertien jaar gedien vir u twee dogters en ses jaar vir u kleinvee en u het my loon tien maal verander.
42 If the God of my father, the God of Abraham, the Fear of Isaac, had not been with me, certainly now you would have sent me off empty-handed. But God has seen my affliction and my hard work, and He issued His verdict last night."
42 As die God van my vader, die God van Avraham en die Vrees van Yitz'gak, nie by my was nie sou u my sekerlik nou met leë hande weggestuur het. God het my swaarkry en die moeitevolle werk van my hande gesien en u verlede nag bestraf."
43 Then Laban answered Jacob, "The daughters are my daughters; the sons, my sons; and the flocks, my flocks! Everything you see is mine! But what can I do today for these daughters of mine or for the children they have borne?
43 Lavan antwoord en sê vir Ya'akov: "Hierdie dogters is my dogters en hierdie seuns is my seuns en hierdie troppe is my troppe, alles wat jy sien, is myne, maar wat sal ek my dogters vandag kan aandoen of aan hulle seuns waaraan hulle geboorte gegee het?
44 Come now, let's make a covenant, you and I. Let it be a witness between the two of us."
44 Kom daarom nou, laat ek en jy 'n verbond sluit sodat dit 'n getuienis kan wees tussen my en jou."
45 So Jacob picked out a stone and set it up as a marker.
45 Daarop het Ya'akov 'n klip gevat en dit as 'n monument opgerig.
46 Then Jacob said to his relatives, "Gather stones." And they took stones and made a mound, then ate there by the mound.
46 Ya'akov het aan sy familie gesê: "Maak klippe bymekaar" en hulle het klippe gaan haal en 'n hoop gemaak en daar, op die hoop, geëet.
47 Laban named the mound Jegar-sahadutha, but Jacob named it Galeed.
47 Lavan het dit Y'gar-Sahaduta genoem, maar Ya'akov het dit Gal-`Ed genoem.
48 Then Laban said, "This mound is a witness between you and me today." Therefore the place was called Galeed
48 Lavan het gesê: "Hierdie hoop is vandag 'n getuie tussen my en jou." Hulle het dit daarom Gal-`Ed genoem,

49 and also Mizpah, for he said, "May the LORD watch between you and me when we are out of each other's sight.
49 asook HaMitzpah, want hy het gesê: "Mag הוהי wag hou tussen my en jou as ons weg is van mekaar.
50 If you mistreat my daughters or take other wives, though no one is with us, understand that God will be a witness between you and me."
50 As jy my dogters laat swaarkry en as jy ander vroue neem behalwe my dogters, dan, al is geen mens by ons nie, let op, God is getuie tussen my en jou."
51 Laban also said to Jacob, "Look at this mound and the marker I have set up between you and me.
51 Lavan sê ook vir Ya'akov: "Let op, die hoop en die monument wat ek tussen my en jou opgerig het;
52 This mound is a witness and the marker is a witness that I will not pass beyond this mound to you, and you will not pass beyond this mound and this marker to do me harm.
52 hierdie hoop is getuie en die monument is getuienis dat ék nie na jou kant toe verby hierdie hoop sal trek nie en dat jy nie na my kant toe verby hierdie hoop en hierdie monument sal trek met boosheid nie.
53 The God of Abraham, and the gods of Nahor — the gods of their father — will judge between us." And Jacob swore by the Fear of his father Isaac.
53 Die God van Avraham, die God van Nagor en die God van hulle vader, sal Regter wees tussen ons." Ya'akov het gesweer by die Respekvolle Vrees van sy vader Yitz'gak.
54 Then Jacob offered a sacrifice on the mountain and invited his relatives to eat a meal. So they ate a meal and spent the night on the mountain.
54 Ya'akov het 'n offer op die berg geslag en sy broers genooi om brood te eet. Hulle het brood geëet en die hele nag op die berg gebly.
55 Laban got up early in the morning, kissed his grandchildren and daughters, and blessed them. Then Laban left to return home.
55 Lavan het die oggend vroeg opgestaan en sy seuns en sy dogters gesoen en hulle geseën. Lavan het vertrek en teruggegaan na sy plek.

Genesis 32

1 Jacob went on his way, and God's angels met him.
1 Ya'akov het op sy pad gegaan en die engele van God het hom ontmoet.
2 When he saw them, Jacob said, "This is God's camp." So he called that place Mahanaim.
2 Toe hy hulle sien, sê Ya'akov: "Dit is die kamp van God" en hy het die plek Maganayim genoem.
3 Jacob sent messengers ahead of him to his brother Esau in the land of Seir, the country of Edom.
3 Ya'akov het boodskappers voor hom uitgestuur na sy broer `Esav in die land

van Se'ir, die land Edom
4 He commanded them, “You are to say to my lord Esau, ‘This is what your servant Jacob says. I have been staying with Laban and have been delayed until now.
4 en aan hulle bevel gegee en gesê: “So moet julle aan my meester, aan `Esav, sê: ‘So sê Ya'akov, u dienskneg; ek het as besoeker gebly by Lavan en daar gebly tot nou toe
5 I have oxen, donkeys, flocks, male and female slaves. I have sent this message to inform my lord, in order to seek your favor.’ ”
5 en ek het beeste, donkies, kleinvee, slawe en slavinne en ek laat weet dit vir my meester sodat ek guns mag vind in u oë.’”
6 When the messengers returned to Jacob, they said, “We went to your brother Esau; he is coming to meet you — and he has 400 men with him.”
6 Die boodskappers het na Ya'akov teruggekom en gesê: “Ons het by u broer `Esav gekom en hy gaan u alreeds tegemoet en het vier honderd man saam met hom.”
7 Jacob was greatly afraid and distressed; he divided the people with him into two camps, along with the flocks, cattle, and camels.
7 Ya'akov was bang en baie benoud en hy het die mense wat by hom was, sowel as die kleinvee, beeste en kamele in twee groepe verdeel,
8 He thought, “If Esau comes to one camp and attacks it, the remaining one can escape.”
8 want hy het gedink: “As `Esav by die een groep kom en dit verslaan, sal die groep wat oorbly, ontsnap.”
9 Then Jacob said, “God of my father Abraham and God of my father Isaac, the LORD who said to me, ‘Go back to your land and to your family, and I will cause you to prosper,’
9 Ya'akov het gebid en gesê: “O God van my vader Avraham en God van my vader Yitz'gak, יהוה, wat my beveel het: gaan terug na jou land en na jou familie en Ek sal aan jou goed doen;
10 I am unworthy of all the kindness and faithfulness You have shown Your servant. Indeed, I crossed over
this Jordan with my staff, and now I have become two camps.
10 ek is nie al die guns en al die getrouheid wat U aan u dienskneg bewys het waardig nie, want ek het met my staf oor hierdie Yarden getrek en nou het ek twee groepe geword.
11 Please rescue me from the hand of my brother Esau, for I am afraid of him; otherwise, he may come and attack me, the mothers, and their children.
11 Red my asseblief uit die hand van my broer, uit die hand van `Esav, want ek is bang vir hom dat hy sal kom en my doodslaan, die moeders saam met die seuns.
12 You have said, ‘I will cause you to prosper, and I will make your offspring like the sand of the sea, which cannot be counted.’ ”
12 U het tog self gesê: ‘Ek sal sekerlik aan jou goed doen en jou nageslag

maak soos die sand van die see wat vanweë die menigte daarvan nie getel kan word nie.'"
13 He spent the night there and took part of what he had brought with him as a gift for his brother Esau:
13 Hy het die nag daar oorgebly en van wat in sy hand gekom het as 'n geskenk gevat vir sy broer `Esav:
14 200 female goats, 20 male goats, 200 ewes, 20 rams,
14 twee honderd bokooie en twintig bokramme, twee honderd skaapooie en twintig ramme,
15 30 milk camels with their young, 40 cows, 10 bulls, 20 female donkeys, and 10 male donkeys.
15 dertig melkkamele en hulle kalwers, veertig koeie en tien bulle, twintig donkiemerries en tien jong donkies
16 He entrusted them to his slaves as separate herds and said to them, "Go on ahead of me, and leave some distance between the herds."
16 en hy het hulle aan sy diensknegte oorhandig, elke trop afsonderlik en aan sy diensknegte gesê: "Gaan voor my uit en laat 'n ruimte oop tussen trop en trop."
17 And he told the first one: "When my brother Esau meets you and asks, 'Who do you belong to? Where are you going? And whose animals are these ahead of you? '
17 Hy beveel die eerste een en sê: "As my broer `Esav jou ontmoet en jou vra: 'Aan wie behoort jy, waarheen gaan jy en wie se besittings is daar voor jou?'
18 then tell him, 'They belong to your servant Jacob. They are a gift sent to my lord Esau. And look, he is behind us.' "
18 dan moet jy antwoord: 'U dienskneg Ya'akov s'n. Dit is 'n geskenk wat hy aan my meester `Esav stuur en let op, hy self kom ook agter ons aan'."
19 He also told the second one, the third, and everyone who was walking behind the animals, "Say the same thing to Esau when you find him.
19 Hy het ook bevel gegee aan die tweede en aan die derde en aan almal wat agter die troppe geloop het en gesê: "Net so moet julle `Esav antwoord as julle hom ontmoet;
20 You are also to say, 'Look, your servant Jacob is right behind us.' " For he thought, "I want to appease Esau with the gift that is going ahead of me. After that, I can face him, and perhaps he will forgive me."
20 julle moet sê: 'Let op, u dienskneg Ya'akov kom ook agter ons aan'," want hy het gedink: laat ek hom tevrede stel met die geskenk wat voor my uit gaan en daarna, as ek sy gesig sien, miskien sal hy my aanvaar.
21 So the gift was sent on ahead of him while he remained in the camp that night.
21 So het die geskenk voor hom uitgegaan, maar hy self het dié nag in die kamp gebly.
22 During the night Jacob got up and took his two wives, his two female slaves, and his 11 sons, and crossed the ford of Jabbok.

22 Hy het dieselfde nag opgestaan en sy twee vroue, sy twee slavinne en sy elf seuns gevat en deur die drif van die Yabbok getrek.
23 He took them and sent them across the stream, along with all his possessions.
23 Hy het hulle gevat en hulle oor die stroompie laat gaan, asook wat aan hom behoort oorgestuur,
24 Jacob was left alone, and a man wrestled with him until daybreak.
24 maar Ya'akov het alleen agtergebly en 'n Man het met hom gestoei tot dagbreek toe.
25 When the man saw that He could not defeat him, He struck Jacob's hip socket as they wrestled and dislocated his hip.
25 Toe Hy sien dat Hy hom nie kon wen nie, slaan Hy hom op sy heupbeen sodat die heupbeen van Ya'akov uit lit geraak het soos hy met Hom gestoei het.
26 Then He said to Jacob, "Let Me go, for it is daybreak." But Jacob said, "I will not let You go unless You bless me."
26 Hy sê: "Laat My gaan, want die dag het gebreek." Hy antwoord: "Ek sal U nie laat gaan nie, tensy U my seën."
27 "What is your name? " the man asked. "Jacob," he replied.
27 Hy vra hom: "Wat is jou naam?" Hy antwoord: "Ya'akov."
28 "Your name will no longer be Jacob," He said. "It will be Israel because you have struggled with God
and with men and have prevailed."
28 Hy sê: "Jy sal nie meer Ya'akov genoem word nie, maar Yisra'el, want jy het krag soos 'n prins gehad teenoor God en die mense en het oorwin."
29 Then Jacob asked Him, "Please tell me Your name." But He answered, "Why do you ask My name? " And He blessed him there.
29 Ya'akov vra en sê: "Maak asseblief U Naam (Karakter en Outoriteit) bekend!" Hy antwoord: "Waarom vra jy na My Naam?" Hy het hom daar geseën.
30 Jacob then named the place Peniel, "For I have seen God face to face," he said, "and I have been delivered."
30 Ya'akov het die plek P'ni-El genoem; ek het God van gesig tot gesig gesien en tog is my lewe gered.
31 The sun shone on him as he passed by Penuel — limping because of his hip.
31 Die son het vir hom opgegaan net toe hy oor P'ni-El gaan en hy was mank aan sy heup;
32 That is why, to this day, the Israelites don't eat the thigh muscle that is at the hip socket: because He struck Jacob's hip socket at the thigh muscle.
32 daarom eet die kinders van Yisra'el tot vandag toe nie die heupsening, wat aan die heupbeen is nie omdat Hy Ya'akov op die heupbeen, aan die heupsening, geslaan het.

Genesis 33

1 Now Jacob looked up and saw Esau coming toward him with 400 men. So he divided the children among Leah, Rachel, and the two female slaves.
1 Ya'akov het sy oë opgelig en gesien dat `Esav aankom en let op, vier honderd man saam met hom en hy het die seuns onder Le'ah, Ragel en die twee slavinne verdeel.
2 He put the female slaves and their children first, Leah and her children next, and Rachel and Joseph last.
2 Hy het die slavinne met hulle kinders voor, Le'ah met haar kinders agter hulle en Ragel en Yosef laaste gesit,
3 He himself went on ahead and bowed to the ground seven times until he approached his brother.
3 maar hy self het voor hulle uit oorgegaan en sewe maal met sy gesig op die grond gaan lê totdat hy by sy broer gekom het.
4 But Esau ran to meet him, hugged him, threw his arms around him, and kissed him. Then they wept.
4 `Esav het hom tegemoet gehardloop, hom vasgehou en hom om die nek geval en hom gesoen en hulle het gehuil.
5 When Esau looked up and saw the women and children, he asked, "Who are these with you? " He answered, "The children God has graciously given your servant."
5 Hy het sy oë opgelig, die vroue en kinders gesien en gesê: "Wie is hierdie by jou?" Hy antwoord: "Die kinders wat God uit onverdiende guns aan u dienskneg gegee het."
6 Then the female slaves and their children approached him and bowed down.
6 Die slavinne het nader gekom, hulle en hulle kinders en gebuig.
7 Leah and her children also approached and bowed down, and then Joseph and Rachel approached and bowed down.
7 Le'ah het ook nader gekom met haar kinders en gebuig en daarna het Yosef en Ragel nader gekom en gebuig.
8 So Esau said, "What do you mean by this whole procession I met? " "To find favor with you, my lord," he answered.
8 Hy sê: "Wat is jou bedoeling met al hierdie kampe wat ek teëgekom het?" Hy antwoord: "Om guns te vind in die oë van my meester."
9 "I have enough, my brother," Esau replied. "Keep what you have."
9 `Esav sê egter: "Ek het oorvloed, my broer! Hou wat jy het vir jouself!"
10 But Jacob said, "No, please! If I have found favor with you, take this gift from my hand. For indeed, I
have seen your face, and it is like seeing God's face, since you have accepted me.
10 Ya'akov antwoord: "Nee, asseblief, as ek guns in u oë gevind het, ontvang die geskenk uit my hand, want ek het nou u gesig gesien asof ek die gesig van God gesien het en u was tevrede met my.

11 Please take my present that was brought to you, because God has been gracious to me and I have everything I need." So Jacob urged him until he accepted.
11 Aanvaar asseblief die seëning van my wat vir u gebring is, want God het my onverdiende guns bewys en ek het alles wat ek nodig het." Hy het by hom aangehou en hy het dit aanvaar.
12 Then Esau said, "Let's move on, and I'll go ahead of you."
12 Hy sê toe: "Laat ons opbreek en vertrek en ek sal voor jou gaan."
13 Jacob replied, "My lord knows that the children are weak, and I have nursing sheep and cattle. If they are driven hard for one day, the whole herd will die.
13 Hy antwoord hom: "My meester weet dat die kinders swak is en dat ek lammers en kalwers wat drink by my het; as die manne hulle een dag hard sou dryf sou die hele trop vrek.
14 Let my lord go ahead of his servant. I will continue on slowly, at a pace suited to the livestock and the children, until I come to my lord at Seir."
14 My meester moet asseblief voor sy dienskneg uittrek. Ek sal rustig gaan volgens die pas van die vee wat voor my uitgaan en volgens die voete van die kinders, tot ek by my meester in Se'ir aankom."
15 Esau said, "Let me leave some of my people with you." But he replied, "Why do that? Please indulge me, my lord."
15 `Esav sê: "Laat my nou van die mense wat by my is, by jou los." Hy antwoord: "Waarvoor dan? Laat my guns in die oë van my meester vind!"
16 That day Esau started on his way back to Seir,
16 So het `Esav dan dié dag teruggegaan op sy pad na Se'ir.
17 but Jacob went on to Succoth. He built a house for himself and stalls for his livestock; that is why the place was called Succoth.
17 Ya'akov het na Sukkot weggetrek, vir hom 'n huis gebou en skuilings vir sy vee gemaak; daarom het hy die plek Sukkot genoem.
18 After Jacob came from Paddan-aram, he arrived safely at Shechem in the land of Canaan and camped in front of the city.
18 Ya'akov het in vrede aangekom by die stad Sh'khem wat in die land Kena'an is, toe hy van Paddan- Aram af gekom het en hy het sy tent voor die stad opgeslaan
19 He purchased a section of the field where he had pitched his tent from the sons of Hamor, Shechem's father, for 100 *qesitahs*.
19 en die stuk grond, waar hy sy tent opgeslaan het, gekoop van die seuns van Hamor, die vader van Sh'khem, vir honderd geldstukke.
20 And he set up an altar there and called it "God, the God of Israel."
20 Hy het ook 'n altaar daar opgerig en dit El-Elohei Yisra'el (Die Magtige God van Yisra'el is God) genoem.

Genesis 34

1 Dinah, Leah's daughter whom she bore to Jacob, went out to see some of the young women of the area.
1 Dinah, die dogter van Le'ah, wat vir Ya'akov gebore is, het uitgegaan om die dogters van die land te sien.
2 When Shechem son of Hamor the Hivite, a prince of the region, saw her, he took her and raped her.
2 Toe Sh'khem, die seun van Hamor, die Heviet, die heerser van die land, haar sien, het hy haar gegryp en by haar gelê en haar onteer.
3 He became infatuated with Dinah, daughter of Jacob. He loved the young girl and spoke tenderly to her.
3 Sy wil, verstand, liggaam en gees het geheg geraak aan Dinah, die dogter van Ya'akov en hy het die meisie liefgehad en sag met die meisie gepraat.
4 "Get me this girl as a wife," he told his father Hamor.
4 Sh'khem het ook met sy vader Hamor gepraat en gesê: "Kry hierdie meisie vir my as vrou."
5 Jacob heard that Shechem had defiled his daughter Dinah, but since his sons were with his livestock in the field, he remained silent until they returned.
5 Ya'akov het gehoor dat sy dogter Dinah onteer is. Sy seuns was by sy vee in die veld en Ya'akov het stilgebly totdat hulle gekom het.
6 Meanwhile, Shechem's father Hamor came to speak with Jacob.
6 Hamor, die vader van Sh'khem, het uitgegaan na Ya'akov om met hom te praat.
7 Jacob's sons returned from the field when they heard about the incident and were deeply grieved and angry. For Shechem had committed an outrage against Israel by raping Jacob's daughter, and such a thing should not be done.
7 Die seuns van Ya'akov het uit die veld gekom toe hulle dit hoor en die manne was gegrief en uitermate woedend omdat hy 'n skandelike daad in Yisra'el begaan het, deur by die dogter van Ya'akov te lê: 'n ding wat nie gedoen moes word nie.
8 Hamor said to Jacob's sons, "My son Shechem is strongly attracted to your daughter. Please give her to him as a wife.
8 Hamor praat met hulle en sê: "Die wil, verstand, liggaam en gees van my seun Sh'khem verlang na julle dogter: gee haar asseblief vir hom as vrou
9 Intermarry with us; give your daughters to us, and take our daughters for yourselves.
9 en tree in huwelike met ons: gee vir ons julle dogters en vat vir julle ons dogters.
10 Live with us. The land is before you. Settle here, move about, and acquire property in it."
10 Bly by ons en die land lê voor julle oop; bly en dryf handel en verkry besittings daarin."
11 Then Shechem said to Dinah's father and brothers, "Grant me this favor,

and I'll give you whatever you say.
11 Sh'khem sê ook vir haar vader en broers: "Laat my guns vind in julle oë en wat julle van my vra, sal ek gee.
12 Demand of me a high compensation and gift; I'll give you whatever you ask me. Just give the girl to be my wife! "
12 Vra my enige grootte bruidskat en geskenk en ek sal gee volgens wat julle aan my sê, maar gee vir my die meisie as vrou."
13 But Jacob's sons answered Shechem and his father Hamor deceitfully because he had defiled their sister Dinah.
13 Die seuns van Ya'akov antwoord vir Sh'khem en Hamor, sy vader en praat met misleiding omdat hy hulle suster Dinah onteer het
14 "We cannot do this thing," they said to them. "Giving our sister to an uncircumcised man is a disgrace to us.
14 en sê vir hulle: "Ons kan hierdie ding nie doen om ons suster aan 'n man te gee wat onbesnede is nie, want dit sou 'n skande vir ons wees.
15 We will agree with you only on this condition: if all your males are circumcised as we are.
15 Op hierdie voorwaarde alleen kan ons inwillig: as julle word soos ons is deurdat almal van julle wat manlik is, besny word.
16 Then we will give you our daughters, take your daughters for ourselves, live with you, and become one people.
16 Ons sal dan ons dogters aan julle gee en ons sal julle dogters vir ons vat en ons sal by julle bly en een volk word,
17 But if you will not listen to us and be circumcised, then we will take our daughter and go."
17 maar as julle nie na ons luister en besny word nie, dan vat ons ons dogter en gaan weg."
18 Their words seemed good to Hamor and his son Shechem.
18 Hulle woorde was goed in die oë van Hamor en van Sh'khem, die seun van Hamor.
19 The young man did not delay doing this, because he was delighted with Jacob's daughter. Now he was the most important in all his father's house.
19 Die jongman het nie uitgestel om dit te doen nie, want hy het vreugde gevind in die dogter van Ya'akov en hy was die mees eerbare in die hele huis van sy vader.
20 So Hamor and his son Shechem went to the gate of their city and spoke to the men there.
20 Hamor en sy seun Sh'khem gaan na die poort van hulle stad en praat met die manne van hulle stad en sê:
21 "These men are peaceful toward us," they said. "Let them live in our land and move about in it, for indeed, the region is large enough for them. Let us take their daughters as our wives and give our daughters to them.
21 "Hierdie manne is vredevol teenoor ons; daarom, laat hulle in die land bly en daarin handel dryf: die land lê mos breed oop voor hulle. Ons kan hulle

dogters vir ons as vroue vat en ons sal ons dogters vir hulle gee,
22 But the men will agree to live with us and be one people only on this condition: if all our men are circumcised as they are.
3 Hy sê: "Ek is die Magtige God, die God van jou vader. Moenie bang wees om na Mitzrayim af te gaan nie, want Ek sal van jou 'n groot nasie daar maak.
4 I will go down with you to Egypt, and I will also bring you back. Joseph will put his hands on your eyes."
4 Ek sal saam met jou afgaan na Mitzrayim en Ek sal opstaan en jou weer laat terugkom en Yosef sal sy hande op jou oë sit wanneer jy sterf."
5 Jacob left Beer-sheba. The sons of Israel took their father Jacob in the wagons Pharaoh had sent to carry him, along with their children and their wives.
5 Ya'akov het opgestaan vanaf Be'er-Sh'va en die seuns van Yisra'el het hulle vader Ya'akov met hulle kinders en hulle vroue op die waens gelaai wat Farao gestuur het om hom te vervoer.
6 They also took their cattle and possessions they had acquired in the land of Canaan. Then Jacob and all his children went with him to Egypt.
6 Hulle het hul vee en besittings wat hulle in die land Kena'an bymekaargemaak het gevat en in Mitzrayim gekom, Ya'akov en al sy saad saam met hom.
7 His sons and grandsons, his daughters and granddaughters, indeed all his offspring, he brought with him to Egypt.
7 Sy seuns en sy kleinseuns; sy dogters en sy kleindogters en al sy saad het hy saam met hom na Mitzrayim gebring.
8 These are the names of the Israelites, Jacob and his sons, who went to Egypt: Jacob's firstborn: Reuben.
8 Dit is die name van die seuns van Yisra'el wat na Mitzrayim gegaan het; Ya'akov en sy seuns. Die eersgeborene van Ya'akov was Re'uven.
9 Reuben's sons: Hanoch, Pallu, Hezron, and Carmi.
9 Die seuns van Re'uven: Hanokh, Pallu, Hetzron en Karmi.
10 Simeon's sons: Jemuel, Jamin, Ohad, Jachin, Zohar, and Shaul, the son of a Canaanite woman.
10 Die seuns van Shim'on: Y'mu'el, Yamin, Ohad, Yakhin, Tzogar en Sha'ul, die seun van die Kena'anitiese vrou.
11 Levi's sons: Gershon, Kohath, and Merari.
11 Die seuns van Levi: Gershon, K'hat en M'rari.
12 Judah's sons: Er, Onan, Shelah, Perez, and Zerah; but Er and Onan died in the land of Canaan. Perez's sons: Hezron and Hamul.
12 Die seuns van Y'hudah: `Er, Onan, Shelah, Peretz en Zerag, maar `Er en

Onan het gesterf in die land Kena'an. Die seuns van Peretz was Hetzron en Hamul.
13 Issachar's sons: Tola, Puvah, Jashub, and Shimron.
13 Die seuns van Yissakhar: Tola, Pu'ah, Yashuv en Shimron.
14 Zebulun's sons: Sered, Elon, and Jahleel.
14 Die seuns van Z'vulun: Sered, Elon en Yagle'el.
15 These were Leah's sons born to Jacob in Paddan-aram, as well as his daughter Dinah. The total number of persons: 33.
15 Hierdie was die seuns van Le'ah waaraan sy geboorte gegee het vir Ya'akov in Paddan-Aram, saam met sy dogter Dinah; al die lewens van sy seuns en sy dogters was drie en dertig.
16 Gad's sons: Ziphion, Haggi, Shuni, Ezbon, Eri, Arodi, and Areli.
16 Die seuns van Gad: Tzifyon, Haggi, Shuni, Etzbon, `Eri, Arodi en Ar'eli.
17 Asher's sons: Imnah, Ishvah, Ishvi, Beriah, and their sister Serah. Beriah's sons were Heber and Malchiel.
17 Die seuns van Asher: Yimnah, Yishvah, Yishvi, B'ri'ah en hulle suster Serag. Die seuns van B'ri'ah: Hever en Malki'el.
18 These were the sons of Zilpah — whom Laban gave to his daughter Leah — that she bore to Jacob: 16 persons.
18 Hierdie was die seuns van Zilpah wat Lavan vir sy dogter Le'ah gegee het. Sy het geboorte gegee aan hierdie sestien lewens vir Ya'akov.
19 The sons of Jacob's wife Rachel: Joseph and Benjamin.
19 Die seuns van Ragel, die vrou van Ya'akov: Yosef en Binyamin.
20 Manasseh and Ephraim were born to Joseph in the land of Egypt. They were born to him by Asenath daughter of Potiphera, a priest at On.
20 Vir Yosef is M'nasheh en Efrayim in Mitzrayim gebore, wat gebore is uit Asnat, die dogter van Poti- Fera, die priester van On.
21 Benjamin's sons: Bela, Becher, Ashbel, Gera, Naaman, Ehi, Rosh, Muppim, Huppim, and Ard.
21 Die seuns van Binyamin: Bela, Bekher, Ashbel, Gera, Na'aman, Egi, Rosh, Mupim, Hupim en Ard.
22 These were Rachel's sons who were born to Jacob: 14 persons.
22 Hierdie was die seuns van Ragel wat vir Ya'akov gebore is, almal saam veertien siele.
23 Dan's son: Hushim.
23 Die seun van Dan: Hushim.
24 Naphtali's sons: Jahzeel, Guni, Jezer, and Shillem.
24 Die seuns van Naftali: Yagtze'el, Guni, Yetzer en Shillem.
25 These were the sons of Bilhah, whom Laban gave to his daughter Rachel. She bore to Jacob: seven persons.
25 Hierdie was die seuns van Bilhah wat Lavan aan sy dogter Ragel gegee het. Sy het geboorte gegee aan hulle vir Ya'akov, almal saam sewe lewens.
26 The total number of persons belonging to Jacob — his direct descendants, not including the wives of Jacob's sons — who came to Egypt: 66.

26 Al die lewens wat saam met Ya'akov na Mitzrayim gegaan het en uit sy lendene voortgekom het, behalwe vir die vroue van die seuns van Ya'akov, was almal saam ses en sestig lewens.
27 And Joseph's sons who were born to him in Egypt: two persons. All those of Jacob's household who had come to Egypt: 70 persons.
27 Die seuns van Yosef wat vir hom in Mitzrayim gebore is, was twee. Al die lewens van die huis van Ya'akov wat in Mitzrayim ingekom het, was sewentig.
28 Now Jacob had sent Judah ahead of him to Joseph to prepare for his arrival at Goshen. When they came to the land of Goshen,
28 Hy het Y'hudah voor hom uitgestuur na Yosef sodat dié voor hom uit die pad moes wys na Goshen en hulle het in die land Goshen aangekom.
29 Joseph hitched the horses to his chariot and went up to Goshen to meet his father Israel. Joseph presented himself to him, threw his arms around him, and wept for a long time.
29 Yosef het sy strydwa voorberei en opgegaan na Goshen om sy vader Yisra'el te ontmoet. Hy het homself voor hom gestel, hom om sy nek geval en lank op sy nek gehuil.
30 Then Israel said to Joseph, "At last I can die, now that I have seen your face and know you are still alive! "
30 Yisra'el sê vir Yosef: "Laat my nou sterf aangesien ek jou gesig gesien het en dat jy nog leef!"
31 Joseph said to his brothers and to his father's household, "I will go up and inform Pharaoh, telling him: My brothers and my father's household, who were in the land of Canaan, have come to me.
31 Yosef het vir sy broers en die huis van sy vader gesê: "Ek sal opgaan en aan Farao rapporteer en sê: 'My broers en die wat in die huis van my vader in die land Kena'an was, het na my toe gekom.
32 The men are shepherds; they also raise livestock. They have brought their sheep and cattle and all that they have.
32 Die manne pas beeste op, want hulle was veeboere en hulle het hul kleinvee en hul beeste en alles wat hulle het, saamgebring.'
33 When Pharaoh addresses you and asks, 'What is your occupation? '
33 So sal dit wees, as Farao julle laat roep en sê: 'Wat is julle beroep?'
34 you are to say, 'Your servants, both we and our fathers, have raised livestock from our youth until now.' Then you will be allowed to settle in the land of Goshen, since all shepherds are abhorrent to Egyptians."
34 dan moet julle antwoord: 'U diensknegte is veeboere van ons jeug af tot nou toe, ons, sowel as ons vaders' sodat julle in die land Goshen kan woon, want elke herder van kleinvee is 'n gruwel vir die Mitzrayiete."

Genesis 47

1 So Joseph went and informed Pharaoh: "My father and my brothers, with their sheep and cattle and all that they own, have come from the land of

Canaan and are now in the land of Goshen.”
1 Yosef het gekom en aan Farao verslag gegee en gesê: “My vader en my broers en hulle kleinvee en beeste en alles wat hulle besit, het gekom uit die land Kena’an en let op, hulle is nou in die land Goshen.”
2 He took five of his brothers and presented them before Pharaoh.
2 Hy het vyf man vanuit sy broers saamgevat en hulle aan Farao voorgestel.
3 Then Pharaoh asked his brothers, “What is your occupation? ” And they said to Pharaoh, “Your servants, both we and our fathers, are shepherds.”
3 Farao sê vir sy broers: “Wat is julle beroep?” Hulle antwoord Farao: “U diensknegte is herders van kleinvee, ons, sowel as ons vaders.”
4 Then they said to Pharaoh, “We have come to live in the land for a while because there is no grazing land for your servants’ sheep, since the famine in the land of Canaan has been severe. So now, please let your servants settle in the land of Goshen.”
4 Hulle sê ook vir Farao: “Ons het gekom om as besoekers in die land te bly, want u diensknegte het geen weiding vir hulle kleinvee nie omdat die hongersnood in die land Kena’an swaar is; daarom nou, laat asseblief u diensknegte in die land Goshen woon.”
5 Then Pharaoh said to Joseph, “Now that your father and brothers have come to you,
5 Farao het met Yosef gepraat en gesê: “Jou vader en jou broers het na jou toe gekom.
6 the land of Egypt is open before you; settle your father and brothers in the best part of the land. They can live in the land of Goshen. If you know of any capable men among them, put them in charge of my livestock.”
6 Mitzrayim lê voor jou oop; laat jou vader en jou broers in die beste deel van die land bly; laat hulle in die land Goshen bly. As jy enige manne onder hulle ken wat die vermoë het, stel hulle dan aan as hoof herders oor my vee.”
7 Joseph then brought his father Jacob and presented him before Pharaoh, and Jacob blessed Pharaoh.
7 Yosef bring sy vader Ya’akov in en stel hom aan Farao voor. Ya’akov het Farao geseën.
8 Then Pharaoh said to Jacob, “How many years have you lived? ”
8 Farao sê vir Ya’akov: “Hoeveel is die dae van jou lewensjare?”
9 Jacob said to Pharaoh, “My pilgrimage has lasted 130 years. My years have been few and hard, and they have not surpassed the years of my fathers during their pilgrimages.”
9 Ya’akov het Farao geantwoord: “Die dae van die jare van my verblyf as besoeker is honderd en dertig
jaar. Min in getal en vol boosheid was die dae van my lewensjare en hulle het nie die dae van die lewensjare van my vaders, gedurende die dae van hulle verblyf as besoekers, bereik nie.”
10 So Jacob blessed Pharaoh and departed from Pharaoh’s presence.
10 Ya’akov het Farao geseën en van Farao af weggegaan.

11 Then Joseph settled his father and brothers in the land of Egypt and gave them property in the best part of the land, the land of Rameses, as Pharaoh had commanded.
11 Yosef het Ya'akov en sy broers gevestig en vir hulle land gegee in Mitzrayim, in die beste deel van die land, in die landstreek Ra'amses, soos Farao beveel het.
12 And Joseph provided his father, his brothers, and all his father's household with food for their dependents.
12 Yosef het sy vader en sy broers en die hele huis van sy vader met kos onderhou, ooreenkomstig die monde van die kinders.
13 But there was no food in that entire region, for the famine was very severe. The land of Egypt and the land of Canaan were exhausted by the famine.
13 Daar was in die hele land geen brood nie, want die hongersnood was baie swaar sodat Mitzrayim en die land Kena'an swak geword het weens die hongersnood.
14 Joseph collected all the money to be found in the land of Egypt and the land of Canaan in exchange for the grain they were purchasing, and he brought the money to Pharaoh's palace.
14 Yosef het, vir die koring wat hulle gekoop het, al die geld wat in Mitzrayim en in die land Kena'an te vinde was, bymekaar gemaak en Yosef het die geld in die paleis van Farao gebring.
15 When the money from the land of Egypt and the land of Canaan was gone, all the Egyptians came to Joseph and said, "Give us food. Why should we die here in front of you? The money is gone! "
15 Toe die geld in Mitzrayim en in die land Kena'an op was, het al die Mitzrayiete na Yosef gekom en gesê: "Gee vir ons brood, want waarom moet ons voor u oë sterf, want die geld is op?"
16 But Joseph said, "Give me your livestock. Since the money is gone, I will give you food in exchange for your livestock."
16 Yosef antwoord: "Gee julle vee, dan sal ek vir julle brood gee vir die vee as die geld op is."
17 So they brought their livestock to Joseph, and he gave them food in exchange for the horses, the herds of sheep, the herds of cattle, and the donkeys. That year he provided them with food in exchange for all their livestock.
17 Toe bring hulle hul vee na Yosef toe en Yosef het vir hulle brood gegee vir die perde, die kleinvee, die
beeste van die troppe en vir die donkies en hy het hulle dié jaar gevoed met brood vir die waarde van al hulle vee.
18 When that year was over, they came the next year and said to him, "We cannot hide from our lord that the money is gone and that all our livestock belongs to our lord. There is nothing left for our lord except our bodies and our land.

18 Toe dié jaar verby was, het hulle na hom gekom in die volgende jaar en vir hom gesê: "Ons kan dit nie vir my meester wegsteek nie, maar die geld is op en my meester het ons vee en beeste. Daar het niks voor my meester oorgebly nie as net ons liggame en ons grond.
19 Why should we die here in front of you — both us and our land? Buy us and our land in exchange for food. Then we with our land will become Pharaoh's slaves. Give us seed so that we can live and not die, and so that the land won't become desolate."
19 Waarom moet ons voor u oë doodgaan, ons sowel as ons grond? Koop ons en ons grond vir brood, dan sal ons met ons grond vir Farao dien en gee vir ons saad dat ons kan leef en nie sterf nie en dat die grond nie verlate word nie."
20 In this way, Joseph acquired all the land in Egypt for Pharaoh, because every Egyptian sold his field since the famine was so severe for them. The land became Pharaoh's,
20 Yosef het al die grond van Mitzrayim vir Farao opgekoop, want die Mitzrayiete het elkeen sy stuk grond verkoop omdat die hongersnood vir hulle te swaar was. So het die land, Farao se eiendom geword.
21 and Joseph moved the people to the cities from one end of Egypt to the other.
21 Wat die volk betref; hy het hulle laat verhuis na die stede, van die een grens van Mitzrayim tot by die ander grens.
22 The only land he didn't acquire was the priests' portion, for it was given to them by Pharaoh. They lived off the rations Pharaoh had given them; therefore they did not sell their land.
22 Net die grond van die priesters het hy nie gekoop nie, want die priesters het 'n deel wat deur Farao voorgeskryf was, ontvang en hulle het hulle voorgeskrewe deel geëet wat Farao vir hulle gegee het; daarom het hulle hul grond nie verkoop nie.
23 Then Joseph said to the people, "Understand today that I have acquired you and your land for Pharaoh. Here is seed for you. Sow it in the land.
23 Toe sê Yosef vir die volk: "Let op, ek het julle en jul grond vandag vir Farao gekoop: let op, hier is saad vir julle, julle moet die grond besaai
24 At harvest, you are to give a fifth of it to Pharaoh, and four-fifths will be yours as seed for the field and as food for yourselves, your households, and your dependents."
24 en dit sal wees dat by die insameling, julle 'n vyfde deel aan Farao moet afgee en die ander vier dele
sal julle eiendom wees as saad vir die land, as voedsel vir julleself en vir die wat in julle huise is en as kos vir julle kinders.
25 And they said, "You have saved our lives. We have found favor in our lord's eyes and will be Pharaoh's slaves."
25 Hulle antwoord: "U het ons lewe gered. Laat ons guns vind in die oë van my meester, dan sal ons diensknegte van Farao wees.

26 So Joseph made it a law, still in effect today in the land of Egypt, that a fifth of the produce belongs to Pharaoh. Only the priests' land does not belong to Pharaoh.
26 Yosef het dit 'n wet gemaak vir die land van Mitzrayim tot vandag toe; 'n vyfde deel behoort aan Farao. Net die grond van die priesters alleen het nie die eiendom van Farao geword nie.
27 Israel settled in the land of Egypt, in the region of Goshen. They acquired property in it and became fruitful and very numerous.
27 Yisra'el het in Mitzrayim gebly, in die land Goshen en hulle het gebly op grond wat hulle besit het en gegroei en uitermate vermeerder.
28 Now Jacob lived in the land of Egypt 17 years, and his life span was 147 years.
28 Ya'akov het sewentien jaar in Mitzrayim gelewe sodat die dae van Ya'akov, die jare van sy lewe, honderd sewe en veertig jaar was.
29 When the time drew near for him to die, he called his son Joseph and said to him, "If I have found favor in your eyes, put your hand under my thigh and promise me that you will deal with me in kindness and faithfulness. Do not bury me in Egypt.
29 Die tyd van Yisra'el om dood te gaan het nader gekom en hy het sy seun Yosef laat roep en vir hom gesê: "As ek nou guns in jou oë gevind het, sit asseblief jou hand onder my dy en bewys vir my omgee en waarheid; moet my asseblief nie in Mitzrayim begrawe nie,
30 When I rest with my fathers, carry me away from Egypt and bury me in their burial place." Joseph answered, "I will do what you have asked."
30 maar laat my by my vaders lê. Jy sal my uit Mitzrayim uitdra en my in hulle grafte begrawe." Hy antwoord: "Ek sal doen soos u gesê het."
31 And Jacob said, "Swear to me." So Joseph swore to him. Then Israel bowed in thanks at the head of his bed.
31 Hy sê: "Sweer dit vir my." Hy het dit vir hom gesweer. Yisra'el het in aanbidding plat gaan lê oor die kop van die bed.

Genesis 48

1 Some time after this, Joseph was told, "Your father is weaker." So he set out with his two sons, Manasseh and Ephraim.
1 Dit het gebeur ná hierdie dinge dat hulle vir Yosef gesê het: "Let op, u vader is siek." Hy het sy twee seuns, M'nasheh en Efrayim, saam met hom gevat.
2 When Jacob was told, "Your son Joseph has come to you," Israel summoned his strength and sat up in bed.
2 Ya'akov is vertel en gesê: "Kyk, u seun Yosef kom na u toe." Yisra'el het sy krag bymekaargemaak en regop op die bed gaan sit.
3 Jacob said to Joseph, "God Almighty appeared to me at Luz in the land of Canaan and blessed me.
3 Ya'akov het vir Yosef gesê: "El-Shaddai (Die Magtige God wat meer as

genoeg is) het aan my verskyn by Luz, in die land Kena'an en my geseën
4 He said to me, 'I will make you fruitful and numerous; I will make many nations come from you, and I will give this land as an eternal possession to your future descendants.'
4 en vir my gesê: 'Let op, Ek sal jou vrugbaar maak en jou vermeerder en jou tot 'n menigte van volke maak en Ek sal aan jou saad ná jou hiérdie land as ewige besitting gee.'
5 Your two sons born to you in the land of Egypt before I came to you in Egypt are now mine. Ephraim and Manasseh belong to me just as Reuben and Simeon do.
5 Nou, jou twee seuns, Efrayim en M'nasheh, wat vir jou in Mitzrayim gebore is voordat ek in Mitzrayim na jou toe gekom het, is myne; soos Re'uven en Shim'on sal hulle myne wees,
6 Children born to you after them will be yours and will be recorded under the names of their brothers with regard to their inheritance.
6 maar jou nakomelinge wat jy ná hulle verwek het, sal joune wees. Hulle sal na die naam van hulle broers genoem word in dié se erfdeel.
7 When I was returning from Paddan, to my sorrow Rachel died along the way, some distance from Ephrath in the land of Canaan. I buried her there along the way to Ephrath," (that is, Bethlehem).
7 Wat my betref, toe ek van Paddan-Aram af gekom het, het Ragel langs my gesterf in die land Kena'an, op reis, toe daar nog 'n kort ent pad oor was om by Efrat te kom en ek het haar daar begrawe langs die pad na Efrat, dit is Beit-Legem."
8 When Israel saw Joseph's sons, he said, "Who are these? "
8 Yisra'el sien die seuns van Yosef en sê: "Wie is hierdie?"
9 And Joseph said to his father, "They are my sons God has given me here." So Jacob said, "Bring them to
me and I will bless them."
9 Yosef antwoord sy vader: "Hulle is my seuns wat God my in hierdie plek gegee het." Hy sê: "Bring hulle asseblief na my toe en ek sal hulle seën."
10 Now his eyesight was poor because of old age; he could hardly see. Joseph brought them to him, and he kissed and embraced them.
10 Nou, die oë van Yisra'el het dof geword van ouderdom sodat hy nie kon sien nie. Hy het hulle nader gebring en hy het hulle gesoen en hulle omhels.
11 Israel said to Joseph, "I never expected to see your face again, but now God has even let me see your offspring."
11 Yisra'el sê vir Yosef: "Ek het nie gedink om jou gesig te sien nie en kyk, God het my ook jou saad laat sien."
12 Then Joseph took them from his father's knees and bowed with his face to the ground.
12 Yosef het hulle van langs sy knieë af gebring en met sy gesig op die grond gaan lê.
13 Then Joseph took them both — with his right hand Ephraim toward Israel's

left, and with his left hand Manasseh toward Israel's right — and brought them to Israel.
13 Yosef vat hulle altwee: Efrayim met sy regterhand na Yisra'el se linkerhand en M'nasheh met sy linkerhand na Yisra'el se regterhand en bring hulle na hom toe.
14 But Israel stretched out his right hand and put it on the head of Ephraim, the younger, and crossing his hands, put his left on Manasseh's head, although Manasseh was the firstborn.
14 Yisra'el steek sy regterhand uit en lê dit op die kop van Efrayim, wat die jongste was en sy linkerhand op die kop van M'nasheh deur sy hande te kruis. M'nasheh was die eersgeborene.
15 Then he blessed Joseph and said: The God before whom my fathers Abraham and Isaac walked, the God who has been my shepherd all my life to this day,
15 Hy het Yosef geseën en gesê: "Die God voor wie se Teenwoordigheid my vaders Avraham en Yitz'gak geleef het, die God wat my gevoed het van my geboorte af tot hierdie dag toe,
16 the Angel who has redeemed me from all harm — may He bless these boys. And may they be called by my name and the names of my fathers Abraham and Isaac, and may they grow to be numerous within the land.
16 die Engel wat my losgekoop het uit alle boosheid, seën die seuns, mag my naam oor hulle uitgeroep word en die naam van my vaders Avraham en Yitz'gak en laat hulle groei tot 'n menigte op die aarde."
17 When Joseph saw that his father had placed his right hand on Ephraim's head, he thought it was a
mistake and took his father's hand to move it from Ephraim's head to Manasseh's.
17 Toe Yosef sien dat sy vader sy regterhand op die kop van Efrayim gelê het, het sy oë bevange geword en hy het die hand van sy vader gegryp om dit van die kop van Efrayim op die kop van M'nasheh oor te sit.
18 Joseph said to his father, "Not that way, my father! This one is the firstborn. Put your right hand on his head."
18 Yosef sê vir sy vader: "Nie so nie, my vader, want hierdie een is die eersgeborene; lê u regterhand op sy kop."
19 But his father refused and said, "I know, my son, I know! He too will become a tribe, and he too will be great; nevertheless, his younger brother will be greater than he, and his offspring will become a populous nation."
19 Sy vader weier egter en sê: "Ek weet, my seun, ek weet. Hy sal ook 'n volk word en hy sal ook groot word, maar waarlik sal sy jongste broer groter wees as hy en sy nageslag sal 'n menigte van nasies word."
20 So he blessed them that day with these words: The nation Israel will invoke blessings by you, saying, "May God make you like Ephraim and Manasseh," putting Ephraim before Manasseh.
20 Hy het hulle dáárdie dag geseën en gesê: "Deur jou sal Yisra'el seën en sê:

‘Mag God jou maak soos Efrayim en soos M’nasheh’!” So het hy Efrayim voor M’nasheh gestel.
21 Then Israel said to Joseph, “Look, I am about to die, but God will be with you and will bring you back to the land of your fathers.
21 Toe sê Yisra’el vir Yosef: “Let op, ek sterf, maar God sal by julle wees en Hy sal julle terugbring na die land van julle vaders.
22 Over and above what I am giving your brothers, I am giving you the one mountain slope that I took from the hand of the Amorites with my sword and bow.”
22 Ek gee bo jou broers vir jou Sh’khem, wat ek met my swaard en my boog van die Emoriete afgevat het.”

Genesis 49

1 Then Jacob called his sons and said, “Gather around, and I will tell you what will happen to you in the days to come.
1 Ya’akov het sy seuns geroep en gesê: “Staan rondom dat ek julle kan vertel wat oor julle sal kom in die laaste dae.
2 Come together and listen, sons of Jacob; listen to your father Israel:
2 Kom bymekaar en hoor, seuns van Ya’akov en luister na Yisra’el, julle vader!
3 Reuben, you are my firstborn, my strength and the firstfruits of my virility, excelling in prominence, excelling in power.
3 Re’uven, jy is my eersgeborene, my krag en die begin van my sterkte; die uitstaande in verhewenheid en die uitstaande in sterkte!
4 Turbulent as water, you will no longer excel, because you got into your father’s bed and you defiled it — he got into my bed.
4 Soos opbruisende waters sal jy nie vooruitgaan nie, want jy het opgegaan na jou vader se bed; waarlik, jy het my bed onteer deur op te gaan daarin.
5 Simeon and Levi are brothers; their knives are vicious weapons.
5 Shim’on en Levi is broers. Hulle wapens is implemente van geweld.
6 May I never enter their council; may I never join their assembly. For in their anger they kill men, and on a whim they hamstring oxen.
6 My wil, emosie, verstand en gees het nie saamgestem met hulle raad nie; ek het my ook nie verlaag om in hulle vergadering te sit nie, want in hulle kwaadwees slaan hulle mans dood en in hulle woede vernietig hulle ’n stadsmuur.
7 Their anger is cursed, for it is strong, and their fury, for it is cruel! I will disperse them throughout Jacob and scatter them throughout Israel.
7 Vervloek is hulle woede, want dit is heftig en hulle wraak, want dit is wreed. Ek sal hulle verdeel in Ya’akov en hulle verstrooi in Yisra’el.
8 Judah, your brothers will praise you. Your hand will be on the necks of your enemies; your father’s sons will bow down to you.
8 Y’hudah, jy is die een; jou broers sal jou loof en dank met uitgestrekte hande. Jou hand sal op die nek van jou vyande wees; voor jou sal die seuns

van jou vader hulle neerbuig.
9 Judah is a young lion — my son, you return from the kill. He crouches; he lies down like a lion or a lioness — who dares to rouse him?
9 Y'hudah is 'n jong leeu; van die prooi af het jy opgegaan, my seun. Hy buig af, hy gaan lê soos 'n leeu en soos 'n leeuin; wie sal hom opjaag?
10 The scepter will not depart from Judah or the staff from between his feet until He whose right it is comes and the obedience of the peoples belongs to Him.
10 Die staf sal van Y'hudah nie weggaan nie, nóg die wetgewer van tussen sy voete uit totdat die Een kom aan Wie die septer behoort; aan Hom sal die nasies gehoorsaam wees.
11 He ties his donkey to a vine, and the colt of his donkey to the choice vine. He washes his clothes in wine and his robes in the blood of grapes.
11 Hy maak sy donkie vas aan die wingerdstok en die vul van sy donkie aan die edelste wynstok; Hy bleik sy klere in wyn en sy kledingstukke in die sap van druiwe.
12 His eyes are darker than wine, and his teeth are whiter than milk.
12 Sy oë skitter van wyn en sy tande is wit van melk.
13 Zebulun will live by the seashore and will be a harbor for ships, and his territory will be next to Sidon.
13 Z'vulun sal woon by die seestrand en hy sal 'n hawe word vir die skepe, langs Tzidon.
14 Issachar is a strong donkey lying down between the saddlebags.
14 Yissakhar is 'n sterk donkie wat lê tussen twee laste.
15 He saw that his resting place was good and that the land was pleasant, so he leaned his shoulder to bear a load and became a forced laborer.
15 Hy het gesien dat die rusplek goed en die land lieflik is. Hy het sy skouer gebuig om 'n las te dra en hy het 'n slaaf geword van eerbewys.
16 Dan will judge his people as one of the tribes of Israel.
16 Dan sal sy mense oordeel as 'n stam van Yisra'el.
17 He will be a snake by the road, a viper beside the path, that bites the horses' heels so that its rider falls backward.
17 Dan sal 'n slang daar langs die pad wees, 'n adder op die pad, wat die perd aan die hakskene byt sodat sy ruiter agteroorval.
18 I wait for Your salvation, L**ORD**.
18 Op U verlossing wag ek, יהוה!
19 Gad will be attacked by raiders, but he will attack their heels.
19 Gad sal uitgaan om te plunder en hy sal sy vyande se hakskene agtervolg.
20 Asher's food will be rich, and he will produce royal delicacies.
20 Brood van Asher sal ryk wees en hy sal koninklike lekkernye voortbring.
21 Naphtali is a doe set free that bears beautiful fawns.
21 Naftali is soos 'n wildsbok wat vrygelaat is, hy laat mooi woorde hoor.
22 Joseph is a fruitful vine, a fruitful vine beside a spring; its branches climb over the wall.

22 Yosef is ’n gedissiplineerde seun, ’n geleerde seun, ’n vrugbare tak by ’n fontein; sy takke het oor die muur geklim.
23 The archers attacked him, shot at him, and were hostile toward him.
23 Die boogskutters het met hom baklei en baie in getal was jaloers op hom,
24 Yet his bow remained steady, and his strong arms were made agile by the hands of the Mighty One of Jacob, by the name of the Shepherd, the Rock of Israel,
24 maar hy het sy boog in krag gebuig en sy arms is versterk deur die hande van die Magtige Een van Ya’akov; deur die Herder, die Mag van Yisra’el:
25 by the God of your father who helps you, and by the Almighty who blesses you with blessings of the heavens above, blessings of the deep that lies below, and blessings of the breasts and the womb.
25 ‘Mag die Magtige God van jou vader, jou help en die Almagtige jou seën met seëninge van die hemel daarbo, met seëninge van die diepte wat daaronder lê, met seëninge van borste en baarmoeder.
26 The blessings of your father excel the blessings of my ancestors and the bounty of the eternal hills. May they rest on the head of Joseph, on the crown of the prince of his brothers.
26 Die seëninge van jou vader het tot die uiterste grense van die ewige heuwels bly staan, bo die seëninge van my voorgeslag. Dit sal wees op die kop van Yosef; op die kroon van die kop van hom wat die prins is van sy broers.’
27 Benjamin is a wolf; he tears his prey. In the morning he devours the prey, and in the evening he divides the plunder.”
27 Binyamin is ’n verskeurende wolf; in die oggend eet hy sy prooi en in die aand deel hy buit uit.
28 These are the tribes of Israel, 12 in all, and this was what their father said to them. He blessed them, and he blessed each one with a suitable blessing.
28 Hierdie is al twaalf die stamme van Yisra’el en dit is wat hulle vader vir hulle gesê het. Hy het hulle geseën en hy het hulle elkeen volgens sy eie seën geseën.
29 Then he commanded them: “I am about to be gathered to my people. Bury me with my fathers in the cave in the field of Ephron the Hittite.
29 Hy het hulle beveel en vir hulle gesê: “Ek word byeengebring by my mense. Begrawe my by my vaders in die grot wat in die veld van `Efron, die Hettiet, is;
30 The cave is in the field of Machpelah near Mamre, in the land of Canaan. This is the field Abraham purchased from Ephron the Hittite as a burial site.
30 in die grot wat in die veld van Makhpelah is, wat voor Mamre lê, in die land Kena’an; die veld wat Avraham van `Efron, die Hettiet, as eiendom vir ’n graf gekoop het.
31 Abraham and his wife Sarah are buried there, Isaac and his wife Rebekah are buried there, and I buried Leah there.
31 Daar het hulle Avraham en Sarah, sy vrou, begrawe; daar het hulle Yitz’gak

en Rivkah, sy vrou begrawe en daar het ek Le'ah begrawe;
32 The field and the cave in it were purchased from the Hittites."
32 die veld en die grot wat daarin is, wat gekoop is van die seuns van Het."
33 When Jacob had finished instructing his sons, he drew his feet into the bed and died. He was gathered to his people.
33 Toe Ya'akov klaar bevele aan sy seuns gegee het, het hy sy voete teruggetrek op die bed en sy asem uitgeblaas en hy is by sy volksgenote byeengebring.

Genesis 50

1 Then Joseph, leaning over his father's face, wept and kissed him.
1 Yosef het op sy vader se gesig geval en oor hom gehuil en hom gesoen.
2 He commanded his servants who were physicians to embalm his father. So they embalmed Israel.
2 Yosef het aan sy diensknegte, die geneeshere, bevel gegee om sy vader te balsem en die geneeshere het Yisra'el gebalsem.
3 They took 40 days to complete this, for embalming takes that long, and the Egyptians mourned for him 70 days.
3 Veertig dae is vir hom voltooi, want dit is die dae wat voltooi word vir die wat gebalsem word. Die Mitzrayiete het sewentig dae lank oor hom gehuil.
4 When the days of mourning were over, Joseph said to Pharaoh's household, "If I have found favor with you, please tell Pharaoh that
4 Toe die dae van huil oor hom verby was, het Yosef met die huis van Farao gepraat en gesê: "As ek nou guns in julle oë gevind het, sê dit asseblief voor die ore van Farao:
5 my father made me take an oath, saying, 'I am about to die. You must bury me there in the tomb that I made for myself in the land of Canaan.' Now let me go and bury my father. Then I will return."
5 My vader het my laat sweer en gesê: 'Let op, ek gaan sterf; in my graf wat ek vir my in die land Kena'an uitgekap het, daar moet jy my begrawe.' Laat my nou asseblief opgaan en my vader begrawe en terugkom."
6 So Pharaoh said, "Go and bury your father in keeping with your oath."
6 Farao sê: "Gaan op en begrawe jou vader soos hy jou laat sweer het."
7 Then Joseph went to bury his father, and all Pharaoh's servants, the elders of his household, and all the elders of the land of Egypt went with him,
7 Toe het Yosef opgegaan om sy vader te begrawe en al die diensknegte van Farao, die oudstes van sy huis en al die oudstes van Mitzrayim het saam met hom opgegaan;
8 along with all Joseph's household, his brothers, and his father's household. Only their children, their sheep, and their cattle were left in the land of Goshen.
8 ook die hele huis van Yosef en sy broers en die huis van sy vader. Net hulle kinders, hulle kleinvee en hulle beeste het hulle in die land Goshen laat

agterbly.
9 Horses and chariots went up with him; it was a very impressive procession.
9 Saam met hom het strydwaens en ruiters opgegaan en dit was ’n baie groot trek.
10 When they reached the threshing floor of Atad, which is across the Jordan, they lamented and wept loudly, and Joseph mourned seven days for his father.
10 Toe hulle by die dorsvloer van Atad kom, wat anderkant die Yarden lê, het hulle daar ’n groot en baie pynlike rouklag gehou. Hy het dat hulle sewe dae oor sy vader rou.
11 When the Canaanite inhabitants of the land saw the mourning at the threshing floor of Atad, they said, “This is a solemn mourning on the part of the Egyptians.” Therefore the place is named Abel-mizraim. It is across the Jordan.
11 Toe die inwoners van die land, die Kena’aniete, die roubedryf by die dorsvloer van Atad sien, sê hulle: “Dit is ’n hartseer rou vir die Mitzrayiete.” Hulle het dit daarom Avel-Mizrayim genoem, wat aan die anderkant van die Yarden lê.
12 So Jacob’s sons did for him what he had commanded them.
12 So het sy seuns vir hom gedoen net soos hy hulle beveel het:
13 They carried him to the land of Canaan and buried him in the cave at Machpelah in the field near Mamre, which Abraham had purchased as a burial site from Ephron the Hittite.
13 sy seuns het hom weggebring na die land Kena’an en hom begrawe in die grot in die veld van Makhpelah, die stuk grond voor Mamre wat Avraham van `Efron, die Hettiet as eiendom vir ’n graf gekoop het.
14 After Joseph buried his father, he returned to Egypt with his brothers and all who had gone with him to bury his father.
14 Nadat hy sy vader begrawe het, het Yosef na Mitzrayim teruggegaan, hy en sy broers en almal wat saam met hom opgegaan het.
15 When Joseph’s brothers saw that their father was dead, they said to one another, “If Joseph is holding a grudge against us, he will certainly repay us for all the suffering we caused him.”
15 Toe die broers van Yosef sien dat hulle vader dood is, het hulle gesê: “Miskien sal Yosef ’n wrok teen ons hou en teruggaan en ons terugbetaal vir al die boosheid wat ons hom aangedoen het!”
16 So they sent this message to Joseph, “Before he died your father gave a command:
16 Hulle stuur daarom ’n boodskapper na Yosef en sê: “Voordat u vader dood is, het hy bevel gegee met hierdie woorde:
17 ‘Say this to Joseph: Please forgive your brothers’ transgression and their sin — the suffering they caused you.’ Therefore, please forgive the transgression of the servants of the God of your father.” Joseph wept when their message came to him.

17 ‘So moet julle vir Yosef sê: “Asseblief, ek smeek jou, vergewe tog die oortreding van jou broers en hulle sonde, want hulle het boosheid aan jou gedoen.” Nou, asseblief vergewe die oortreding van die
diensknegte van die God van u vader.” Yosef het gehuil toe hulle met hom praat.
18 Then his brothers also came to him, bowed down before him, and said, “We are your slaves! ”
18 Sy broers het ook self gegaan en voor hom op hulle gesigte neergeval en gesê: “Let op, ons is u slawe.”
19 But Joseph said to them, “Don’t be afraid. Am I in the place of God?
19 Yosef het hulle geantwoord: “Moenie bang wees nie, want ek is ’n dienskneg van God.
20 You planned evil against me; God planned it for good to bring about the present result — the survival of many people.
20 Wat júlle betref: julle het wel boosheid teen my bedink, maar God het dit ten goede beplan om te doen soos dit vandag is, om baie mense te red tot die lewe.
21 Therefore don’t be afraid. I will take care of you and your little ones.” And he comforted them and spoke kindly to them.
21 Wees daarom nou nie bang nie: ék sal vir julle en julle kinders sorg.” So het hy hulle dan getroos en met hulle binneste gepraat.
22 Joseph and his father’s household remained in Egypt. Joseph lived 110 years.
22 Yosef het in Mitzrayim gebly, hy en die huis van sy vader. Yosef het honderd en tien jaar geleef.
23 He saw Ephraim’s sons to the third generation; the sons of Manasseh’s son Machir were recognized by Joseph.
23 Yosef het van Efrayim seuns gesien tot in die derde geslag. Ook die kinders van Makhir, die seun van M’nasheh, is op Yosef se knieë gebore.
24 Joseph said to his brothers, “I am about to die, but God will certainly come to your aid and bring you up from this land to the land He promised Abraham, Isaac, and Jacob.”
24 Yosef sê aan sy broers: “Ek is sterwend, maar God sal julle onthou en julle hier uitbring na die land wat Hy aan Avraham, Yitz’gak en Ya’akov met ’n eed beloof het.”
25 So Joseph made the sons of Israel take an oath: “When God comes to your aid, you are to carry my bones up from here.”
25 Yosef het die seuns van Yisra’el laat sweer en gesê: “God sal julle onthou om julle te besoek en julle sal my bene opdra van hier.”
26 Joseph died at the age of 110. They embalmed him and placed him in a coffin in Egypt.
26 Yosef is dood, honderd en tien jaar oud en hulle het hom gebalsem en in ’n kis gesit in Mitzrayim.

Exodus 1

1 These are the names of the sons of Israel who came to Egypt with Jacob; each came with his family:
1 Hierdie is die name van die seuns van Yisra’el wat in Mitzrayim ingekom het; elkeen het met sy huisgesin saam met Ya’akov gekom:
2 Reuben, Simeon, Levi, and Judah;
2 Re’uven, Shim’on, Levi en Y’hudah;
3 Issachar, Zebulun, and Benjamin;
3 Yissakhar, Z’vulun en Binyamin;
4 Dan and Naphtali; Gad and Asher.
4 Dan, Naftali, Gad en Asher.
5 The total number of Jacob’s descendants was 70; Joseph was already in Egypt.
5 Al hierdie lewens wat uit Ya’akov se lendene voortgekom het, was sewentig siele, maar Yosef was reeds in Mitzrayim.
6 Then Joseph and all his brothers and all that generation died.
6 Yosef, al sy broers en daardie hele geslag is dood.
7 But the Israelites were fruitful, increased rapidly, multiplied, and became extremely numerous so that the land was filled with them.
7 Die kinders van Yisra’el was vrugbaar en het uitermate vermeerder, hulle het buitengewoon baie geword en hulle het die land gevul.
8 A new king, who had not known Joseph, came to power in Egypt.
8 Daar het ’n nuwe koning oor Mitzrayim opgestaan wat Yosef nie geken het nie.
9 He said to his people, “Look, the Israelite people are more numerous and powerful than we are.
9 Hy het aan sy mense gesê: “Let op, die volk van die seuns van Yisra’el is meer en kragtiger as ons.
10 Let us deal shrewdly with them; otherwise they will multiply further, and if war breaks out, they may join our enemies, fight against us, and leave the country.”
10 Kom, laat ons hulle met wysheid hanteer sodat hulle nie kan vermeerder en in die geval van oorlog, hulle ook by ons vyande aansluit en teen ons veg en uit die land uit weggaan nie.”
11 So the Egyptians assigned taskmasters over the Israelites to oppress them with forced labor. They built Pithom and Rameses as supply cities for Pharaoh.
11 Hulle het daarom taakmeesters oor hulle aangestel om hulle te onderdruk met harde arbeid en hulle het die voorraadstede Pitom en Ra’amses vir Farao gebou.
12 But the more they oppressed them, the more they multiplied and spread

so that the Egyptians came to dread the Israelites.
12 Hoe meer hulle hul onderdruk het, hoe meer het hulle vermenigvuldig en versprei en hulle was bang vir die seuns van Yisra'el.
13 They worked the Israelites ruthlessly
13 Die Mitzrayiete het die seuns van Yisra'el om hierdie rede hard laat werk
14 and made their lives bitter with difficult labor in brick and mortar and in all kinds of fieldwork. They ruthlessly imposed all this work on them.
14 en hulle lewe bitter gemaak deur swaar werk met klei, bakstene en deur allerhande werk in die landerye. Al dié werk wat hulle hul laat doen het was met hardheid.
15 Then the king of Egypt said to the Hebrew midwives, one of whom was named Shiphrah and the other Puah,
15 Die koning van Mitzrayim het met die Hebreeuse vroedvroue; die een se naam was Shifrah en die ander se naam Pu'ah, gepraat
16 "When you help the Hebrew women give birth, observe them as they deliver. If the child is a son, kill him, but if it's a daughter, she may live."
16 en gesê: "Wanneer julle die Hebreeuse vroue by 'n geboorte help en hulle op die geboortestoele sien: as dit 'n seun is, moet julle hom doodmaak, maar as dit 'n dogter is, moet sy lewe."
17 The Hebrew midwives, however, feared God and did not do as the king of Egypt had told them; they let the boys live.
17 Die vroedvroue het God egter respekvol gevrees en nie gedoen soos die koning van Mitzrayim hulle beveel het nie, maar die seuns laat lewe.
18 So the king of Egypt summoned the midwives and asked them, "Why have you done this and let the boys live? "
18 Toe laat die koning van Mitzrayim die vroedvroue roep en hy sê vir hulle: "Waarom het julle hierdie ding gedoen en die seuns laat lewe?"
19 The midwives said to Pharaoh, "The Hebrew women are not like the Egyptian women, for they are vigorous and give birth before a midwife can get to them."
19 Die vroedvroue sê vir Farao: "Die Hebreeuse vroue is nie soos die Mitzrayiete nie, want hulle is sterk.
Voordat die vroedvrou by hulle kom, het hulle reeds geboorte gegee."
20 So God was good to the midwives, and the people multiplied and became very numerous.
20 God was tevrede met die vroedvroue en die volk het vermenigvuldig en uitermate baie geword.
21 Since the midwives feared God, He gave them families.
21 So was dit: omdat die vroedvroue God respekvol gevrees het, het Hy vir hulle huisgesinne gegee.
22 Pharaoh then commanded all his people: "You must throw every son born to the Hebrews into the Nile, but let every daughter live."
22 Farao het sy hele volk beveel en gesê: "Al die seuns wat gebore word, moet julle in die rivier (Nyl) gooi, maar al die dogters moet julle laat lewe."

Exodus 2

1 Now a man from the family of Levi married a Levite woman.
1 ’n Man uit die huis van Levi het gegaan en ’n dogter van Levi as vrou gevat.
2 The woman became pregnant and gave birth to a son; when she saw that he was beautiful, she hid him for three months.
2 Die vrou het swanger geword en geboorte gegee aan ’n seun. Toe sy sien dat hy pragtig was, het sy hom drie maande lank weggesteek.
3 But when she could no longer hide him, she got a papyrus basket for him and coated it with asphalt and pitch. She placed the child in it and set it among the reeds by the bank of the Nile.
3 Toe sy hom nie langer kon wegsteek nie, het sy vir hom ’n houer van papirus gevat en dit met lymgrond en pik gesmeer en sy het die seun daarin gesit en dit in die riete aan die kant van die rivier gesit.
4 Then his sister stood at a distance in order to see what would happen to him.
4 Sy suster het op ’n afstand gaan staan om uit te vind wat met hom sou gebeur.
5 Pharaoh’s daughter went down to bathe at the Nile while her servant girls walked along the riverbank. Seeing the basket among the reeds, she sent her slave girl to get it.
5 Farao se dogter het na die rivier afgegaan om te bad terwyl haar diensmeisies aan die kant van die rivier loop. Toe sy die houer tussen die papirus sien, stuur sy haar slavin en laat dit haal.
6 When she opened it, she saw the child — a little boy, crying. She felt sorry for him and said, “This is one of the Hebrew boys.”
6 Toe sy dit oopgemaak het, sien sy die seun en let op, dit was ’n seun wat huil! Sy het hom jammer gekry en gesê: “Dit is een van die seuns van die Hebreërs.”
7 Then his sister said to Pharaoh’s daughter, “Should I go and call a woman from the Hebrews to nurse the boy for you? ”
7 Toe sê sy suster aan die dogter van Farao: “Sal ek vir u ’n vrou wat voed uit die Hebreeuse vroue gaan roep sodat sy vir u die seuntjie kan versorg?”
8 “Go,” Pharaoh’s daughter told her. So the girl went and called the boy’s mother.
8 Farao se dogter antwoord haar: “Gaan.” Die jong meisie het geloop en die seun se moeder geroep.
9 Then Pharaoh’s daughter said to her, “Take this child and nurse him for me, and I will pay your wages.” So the woman took the boy and nursed him.
9 Farao se dogter sê vir haar: “Vat hierdie seun en voed hom vir my en ek sal jou loon vir jou gee.” Die vrou het die seun gevat en hom gevoed.
10 When the child grew older, she brought him to Pharaoh’s daughter, and he became her son. She named him Moses, “Because,” she said, “I drew him out

of the water."
10 Die seun het gegroei en sy het hom na Farao se dogter gebring en hy het haar seun geword. Sy het hom Moshe genoem en gesê: "Ek het hom uit die water uitgehaal."
11 Years later, after Moses had grown up, he went out to his own people and observed their forced labor. He saw an Egyptian beating a Hebrew, one of his people.
11 Dit het gebeur in dié dae toe Moshe al opgegroei het dat hy na sy broers uitgegaan en hulle laste gesien het. Hy het gesien hoe 'n Mitzrayiet 'n Hebreër, een van sy broers, slaan.
12 Looking all around and seeing no one, he struck the Egyptian dead and hid him in the sand.
12 Hy het hierdie kant en daardie kant gekyk en toe hy sien dat daar niemand was nie, het hy die Mitzrayiet doodgemaak en hom in die sand weggesteek.
13 The next day he went out and saw two Hebrews fighting. He asked the one in the wrong, "Why are you attacking your neighbor? "
13 Hy het die volgende dag uitgegaan en let op, twee Hebreërs baklei met mekaar en hy vra vir die bose oortreder: "Waarom slaan jy die ander persoon?"
14 "Who made you a leader and judge over us? " the man replied. "Are you planning to kill me as you killed the Egyptian? " Then Moses became afraid and thought: What I did is certainly known.
14 Hy antwoord: "Wie het jou as heerser en regter oor ons aangestel? Beplan jy om my dood te slaan soos jy die Mitzrayiet doodgemaak het?" Moshe was bang en het gesê: "Waarlik, die ding is bekend!"
15 When Pharaoh heard about this, he tried to kill Moses. But Moses fled from Pharaoh and went to live in the land of Midian, and sat down by a well.
15 Toe Farao van dié saak hoor, het hy probeer om Moshe dood te maak, maar Moshe het van Farao af weggevlug en in die land Midyan gaan woon en hy het by 'n put gesit.
16 Now the priest of Midian had seven daughters. They came to draw water and filled the troughs to water their father's flock.
16 Die nie-Levitiese priester van Midyan het sewe dogters gehad en hulle het gekom en water getrek en die drinkbakke vol gemaak om hulle vader se kleinvee te laat drink.
17 Then some shepherds arrived and drove them away, but Moses came to their rescue and watered their flock.
17 Die herders het gekom en hulle weggedryf, maar Moshe het opgestaan en hulle gehelp en hulle vee laat drink.
18 When they returned to their father Reuel he asked, "Why have you come back so quickly today? "
18 Toe hulle by hul vader Re'u'el kom, sê hy: "Waarom het julle vandag so gou gemaak?"
19 They answered, "An Egyptian rescued us from the shepherds. He even

drew water for us and watered the flock."
19 Hulle antwoord: "'n Mitzrayiet het ons uit die hand van die herders verlos en wat meer is, ook vir ons water getrek en die vee laat drink."
20 "So where is he? " he asked his daughters. "Why then did you leave the man behind? Invite him to eat dinner."
20 Hy sê vir sy dogters: "Waar is hy dan? Waarom het julle die man daar laat staan? Nooi hom dat hy iets kan eet."
21 Moses agreed to stay with the man, and he gave his daughter Zipporah to Moses in marriage.
21 Moshe het ingewillig om by die man te bly en hy het sy dogter Tzipporah vir Moshe gegee.
22 She gave birth to a son whom he named Gershom, for he said, "I have been a foreigner in a foreign land."
22 Sy het vir hom geboorte gegee aan 'n seun en hy het sy naam Gershom genoem, want hy het gesê: 'Ek het 'n besoeker in 'n vreemde land geword.'
23 After a long time, the king of Egypt died. The Israelites groaned because of their difficult labor, and they cried out; and their cry for help ascended to God because of the difficult labor.
23 Dit het gebeur na 'n lang tyd dat die koning van Mitzrayim dood is. Die seuns van Yisra'el het gesug as gevolg van die slawerny en hulle het uitgeroep en die uitroep oor hulle slawerny het opgegaan na God toe.
24 So God heard their groaning, and He remembered His covenant with Abraham, Isaac, and Jacob.
24 God het hulle gesug gehoor en God het Sy verbond met Avraham, met Yitz'gak en met Ya'akov onthou.
25 God saw the Israelites, and He took notice.
25 God het aandag gegee aan die seuns van Yisra'el en God het met hulle 'n verbondsverhouding gehad.

Exodus 3

1 Meanwhile, Moses was shepherding the flock of his father-in-law Jethro, the priest of Midian. He led the flock to the far side of the wilderness and came to Horeb, the mountain of God.
1 Moshe het sy skoonvader Yitro, die nie-Levitiese priester van Midyan, se kleinvee opgepas. Hy het die kleinvee na die westekant van die wildernis gedryf en by Horev, die berg van God, gekom.
2 Then the Angel of the LORD appeared to him in a flame of fire within a bush. As Moses looked, he saw that the bush was on fire but was not consumed.
2 Die Engel van יהוה het aan hom in 'n brandende vuur uit die middel van 'n doringbos verskyn. Hy het gekyk en let op, die doringbos het gebrand met vuur en tog het die doringbos nie uitgebrand nie!
3 So Moses thought: I must go over and look at this remarkable sight. Why

isn’t the bush burning up?
3 Moshe sê: “Ek sal afdraai en kyk na hierdie wonderlike verskynsel, waarom die doringbos nie opbrand nie.”
4 When the LORD saw that he had gone over to look, God called out to him from the bush, “Moses, Moses! ” “Here I am,” he answered.
4 Toe יהוה sien dat hy afgedraai het om te kyk, roep God na hom vanuit die doringbos en sê: “Moshe, Moshe!” Hy antwoord: “Hier is ek.”
5 “Do not come closer,” He said. “Remove the sandals from your feet, for the place where you are standing is holy ground.”
5 Hy sê: “Moenie nader kom nie. Trek jou sandale van jou voete af, want die plek waar jy staan, is afgesonderde grond.”
6 Then He continued, “I am the God of your father, the God of Abraham, the God of Isaac, and the God of Jacob.” Moses hid his face because he was afraid to look at God.
6 Verder sê Hy: “Ek is die God van jou vader, die God van Avraham, die God van Yitz’gak en die God van Ya’akov.” Moshe het sy gesig weggesteek, want hy was bang om na God te kyk.
7 Then the LORD said, “I have observed the misery of My people in Egypt, and have heard them crying out because of their oppressors, and I know about their sufferings.
7 יהוה sê: “Ek het aandag gegee aan die onderdrukking van My volk wat in Mitzrayim is en Ek het hulle uitroep oor hulle taakdrywers gehoor, want Ek is bewus van hulle smarte.
8 I have come down to rescue them from the power of the Egyptians and to bring them from that land to a good and spacious land, a land flowing with milk and honey — the territory of the Canaanites, Hittites, Amorites, Perizzites, Hivites, and Jebusites.
8 Ek het afgekom om hulle uit die hand van die Mitzrayiete te bevry en hulle te laat opgaan uit daardie land na ’n goeie en uitgestrekte land, na ’n land wat vloei met melk en heuning, na die blyplek van die
Kena’aniete, Hittiete, Emoriete, P’riziete, Hiviete en Y’vusiete.
9 The Israelites’ cry for help has come to Me, and I have also seen the way the Egyptians are oppressing them.
9 Nou, let op, die uitroepe van die seuns van Yisra’el het tot by My gekom en Ek het ook die onderdrukking gesien waarmee die Mitzrayiete hulle onderdruk.
10 Therefore, go. I am sending you to Pharaoh so that you may lead My people, the Israelites, out of Egypt.”
10 Kom daarom nou en Ek sal jou na Farao stuur sodat jy My volk, die kinders van Yisra’el, uit Mitzrayim kan uitbring.”
11 But Moses asked God, “Who am I that I should go to Pharaoh and that I should bring the Israelites out of Egypt? ”
11 Moshe sê vir God: “Wie is ek dat ek na Farao sal gaan en dat ek die kinders van Yisra’el uit Mitzrayim sal uitbring?”

12 He answered, “I will certainly be with you, and this will be the sign to you that I have sent you: when you bring the people out of Egypt, you will all worship God at this mountain.”
12 Hy antwoord: “Ek sal sekerlik by jou wees en dit sal vir jou ’n teken wees dat Ek jou gestuur het: wanneer jy die volk uit Mitzrayim uitgebring het, sal julle יהוה op hierdie berg aanbid.”
13 Then Moses asked God, “If I go to the Israelites and say to them: The God of your fathers has sent me to you, and they ask me, ‘What is His name? ’ what should I tell them? ”
13 Moshe sê vir God: “Let op, as ek by die seuns van Yisra’el kom en vir hulle sê: ‘Die God van julle vaders het my na julle toe gestuur’ en hulle my vra: ‘Wat is Sy Naam (Karakter en Outoriteit)?’ Wat sal ek hulle antwoord?”
14 God replied to Moses, “I AM WHO I AM. This is what you are to say to the Israelites: I AM has sent me to you.”
14 God sê vir Moshe: “ אהיה אשר אהיהEK IS, WAS, SAL WEES WIE EK IS, WAS, SAL WEES).” Ook sê Hy: “So moet jy die seuns van Yisra’el antwoord: אהיה (EK IS, WAS, SAL WEES) het my na julle toe gestuur.”
15 God also said to Moses, “Say this to the Israelites: Yahweh, the God of your fathers, the God of Abraham, the God of Isaac, and the God of Jacob, has sent me to you. This is My name forever; this is how I am to be remembered in every generation.
15 Verder sê God vir Moshe: “Dit moet jy vir die seuns van Yisra’el sê: ‘יהוה, die God van julle vaders, die God van Avraham, die God van Yitz’gak en die God van Ya’akov, het my na julle toe gestuur.’ Dit is My
ewige Naam (Karakter en Outoriteit) en dit is hoe van My gepraat word van geslag tot geslag.
16 “Go and assemble the elders of Israel and say to them: Yahweh, the God of your fathers, the God of Abraham, Isaac, and Jacob, has appeared to me and said: I have paid close attention to you and to what has been done to you in Egypt.
16 Gaan en maak die oudstes van Yisra’el bymekaar en sê vir hulle: ‘יהוה, die God van julle vaders, die God van Avraham, Yitz’gak en Ya’akov, het aan my verskyn en gesê: Ek gee sekerlik vir julle om en het gesien wat word aan julle in Mitzrayim gedoen
17 And I have promised you that I will bring you up from the misery of Egypt to the land of the Canaanites, Hittites, Amorites, Perizzites, Hivites, and Jebusites — a land flowing with milk and honey.
17 en Ek het besluit Ek wil julle uit die ellende van Mitzrayim laat opgaan na die land van die Kena’aniete, Hittiete, Emoriete, P’riziete, Hiviete en Y’vusiete, na ’n land wat vloei met melk en heuning.’
18 They will listen to what you say. Then you, along with the elders of Israel, must go to the king of Egypt and say to him: Yahweh, the God of the

Hebrews, has met with us. Now please let us go on a three-day trip into the wilderness so that we may sacrifice to Yahweh our God.
18 Hulle sal na jou luister. Jy en die oudstes van Yisra'el moet na die koning van Mitzrayim gaan en julle moet vir hom sê: 'יהוה, die God van die Hebreërs, het ons ontmoet; laat ons asseblief nou drie dagreise ver die wildernis intrek en aan יהוה, ons God, offer.'
19 "However, I know that the king of Egypt will not allow you to go, unless he is forced by a strong hand.
19 Ek weet dat die koning van Mitzrayim julle nie sal laat gaan nie, behalwe deur 'n sterk hand;
20 I will stretch out My hand and strike Egypt with all My miracles that I will perform in it. After that, he will let you go.
20 daarom sal Ek My hand uitsteek en Mitzrayim met al My wonders slaan wat Ek daarin sal doen en daarna sal hy julle laat gaan.
21 And I will give these people such favor in the sight of the Egyptians that when you go, you will not go empty-handed.
21 Ek sal aan hierdie volk guns gee in die oë van die Mitzrayiete en dit sal gebeur dat wanneer julle gaan, julle nie met leë hande sal gaan nie,
22 Each woman will ask her neighbor and any woman staying in her house for silver and gold jewelry, and clothing, and you will put them on your sons and daughters. So you will plunder the Egyptians."
22 maar elke vrou moet van haar buurvrou en van haar wat in haar huis besoek, silwer en goue voorwerpe en klere vra en julle moet dit op julle seuns en dogters sit en so dit van die Mitzrayiete afvat."

Exodus 4

1 Then Moses answered, "What if they won't believe me and will not obey me but say, 'The LORD did not appear to you'? "
1 Moshe antwoord en sê: "Maar veronderstel hulle glo my nie en luister nie na wat ek sê nie, maar sê: 'יהוה het nie aan jou verskyn nie'?"
2 The LORD asked him, "What is that in your hand? " "A staff," he replied.
2 יהוה vra vir hom: "Wat is daar in jou hand?" Hy antwoord: "'n Staf."
3 Then He said, "Throw it on the ground." He threw it on the ground, and it became a snake. Moses ran from it,
3 Toe sê Hy: "Gooi dit op die grond." Toe gooi hy dit op die grond en dit het 'n slang geword en Moshe het vir dit gevlug.
4 but the LORD told him, "Stretch out your hand and grab it by the tail." So he stretched out his hand and caught it, and it became a staff in his hand.
4 יהוה sê vir Moshe: "Steek jou hand uit en gryp dit aan die stert." Hy het sy hand uitgesteek en dit gegryp en dit het 'n staf in sy hand geword.
5 "This will take place," He continued, "so they will believe that Yahweh, the

God of their fathers, the God of Abraham, the God of Isaac, and the God of Jacob, has appeared to you."

5 "Sodat hulle kan glo dat הוהי, die God van hulle vaders, die God van Avraham, die God van Yitz'gak en die God van Ya'akov, aan jou verskyn het."
6 In addition the LORD said to him, "Put your hand inside your cloak." So he put his hand inside his cloak, and when he took it out, his hand was diseased, white as snow.

6 הוהי het verder vir hom gesê: "Steek nou jou hand in jou boesem." Hy het sy hand in sy boesem gesteek en toe hy dit uittrek, was sy hand melaats, soos sneeu!
7 Then He said, "Put your hand back inside your cloak." He put his hand back inside his cloak, and when he took it out, it had again become like the rest of his skin.
7 Hy sê: "Steek jou hand weer in jou boesem." Hy het sy hand weer in sy boesem gesteek en toe hy dit uit sy boesem uittrek, was dit weer soos sy ander vlees!
8 "If they will not believe you and will not respond to the evidence of the first sign, they may believe the evidence of the second sign.
8 "Dit sal wees as hulle jou nie glo en reageer op die eerste teken nie, dan mag hulle die daaropvolgende teken glo
9 And if they don't believe even these two signs or listen to what you say, take some water from the Nile and pour it on the dry ground. The water you take from the Nile will become blood on the ground."
9 en as hulle selfs hierdie twee tekens nie glo nie en nie luister na wat jy sê nie, vat dan van die rivier se water en gooi dit op die droë grond uit; dan sal die water wat jy uit die rivier vat, bloed word op die droë grond."
10 But Moses replied to the LORD, "Please, Lord, I have never been eloquent — either in the past or recently or since You have been speaking to Your servant — because I am slow and hesitant in speech."

10 Moshe sê vir הוהי: "Asseblief הוהי, ek was nog nooit 'n man van woorde nie; nie onlangs nie en ook nie in die verlede nie en ook nie vandat U met U kneg gepraat het nie, want ek is stadig van spraak en van tong."
11 Yahweh said to him, "Who made the human mouth? Who makes him mute or deaf, seeing or blind? Is it not I, Yahweh?

11 הוהי antwoord hom: "Wie het die mens se mond gemaak, of Wie maak hom stom of doof, of siende of blind? Is dit nie Ek, הוהי, nie?
12 Now go! I will help you speak and I will teach you what to say."
12 Gaan nou en Ek self sal met jou mond wees en jou leer wat jy moet sê."
13 Moses said, "Please, Lord, send someone else."

13 Hy sê: "O, הוהי, stuur asseblief die boodskap deur wie se hand U wíl."
14 Then the LORD's anger burned against Moses, and He said, "Isn't Aaron the Levite your brother? I know that he can speak well. And also, he is on his

way now to meet you. He will rejoice when he sees you.

14 Toe brand die woede van יהוה teen Moshe en Hy sê: "Is Aharon, die Leviet, nie jou broer nie? Ek weet dat hy goed kan praat en let op, hy gaan ook reeds uit om jou te ontmoet en as hy jou sien, sal hy bly wees in sy wil, emosie en verstand.

15 You will speak with him and tell him what to say. I will help both you and him to speak and will teach you both what to do.

15 Jy moet met hom praat en die woorde in sy mond sit en Ék self sal met jou mond en sy mond wees en julle leer wat julle moet doen.

16 He will speak to the people for you. He will be your spokesman, and you will serve as God to him.

16 Meer nog, hy moet namens jou met die volk praat en hy sal vir jou soos 'n mond wees en jy sal vir hom soos God wees.

17 And take this staff in your hand that you will perform the signs with."

17 Vat hierdie staf, waarmee jy die tekens sal doen, in jou hand."

18 Then Moses went back to his father-in-law Jethro and said to him, "Please let me return to my relatives in Egypt and see if they are still living." Jethro said to Moses, "Go in peace."

18 Moshe het weggegaan en by sy skoonvader Yitro teruggekom en hy sê vir hom: "Laat my asseblief teruggaan na my broers wat in Mitzrayim is, om te sien of hulle nog lewe." Yitro sê vir Moshe: "Gaan in vrede."

19 Now in Midian the LORD told Moses, "Return to Egypt, for all the men who wanted to kill you are dead."

19 יהוה het vir Moshe in Midyan gesê: "Gaan terug na Mitzrayim, want al die manne wat jou lewe gesoek het, is dood."

20 So Moses took his wife and sons, put them on a donkey, and returned to the land of Egypt. And Moses took God's staff in his hand.

20 Moshe vat toe sy vrou en sy seuns en laat hulle op 'n donkie ry en gaan terug na die land van Mitzrayim. Moshe het ook die staf van God in sy hand gevat.

21 The LORD instructed Moses, "When you go back to Egypt, make sure you do all the wonders before Pharaoh that I have put within your power. But I will harden his heart so that he won't let the people go.

21 יהוה sê vir Moshe: "Wanneer jy teruggaan na Mitzrayim, kyk dat jy al daardie wonders voor Farao doen wat Ek in jou hand gesit het en Ék sal sy wil, emosie en verstand onveranderlik maak sodat hy nie die volk sal laat gaan nie.

22 Then you will say to Pharaoh: This is what Yahweh says: Israel is My firstborn son.

22 Dan moet jy vir Farao sê: 'So sê יהוה: Yisra'el is My seun, My eersgeborene

23 I told you: Let My son go so that he may worship Me, but you refused to let him go. Now I will kill your firstborn son! "

23 en Ek sê vir jou: Laat my seun gaan dat hy My kan dien en as jy weier om hom te laat gaan, let op, Ek sal jou seun doodmaak, jou eersgeborene'."

24 On the trip, at an overnight campsite, it happened that the LORD confronted him and sought to put him to death.

24 Dit het op die pad in die herberg gebeur dat יהוה hom teëgekom het en hom wou doodmaak.

25 So Zipporah took a flint, cut off her son's foreskin, and threw it at Moses' feet. Then she said, "You are
a bridegroom of blood to me! "

25 Toe vat Tzipporah 'n skerp klip en sny die voorhuid van haar seuns af en gooi dit voor Moshe se voete en sê: "Waarlik, jy is vir my 'n bloedbruidegom!"

26 So He let him alone. At that time she said, "You are a bridegroom of blood," referring to the circumcision.

26 Hy het hom toe laat staan. Toe het sy gesê: "Jy is 'n bloedbruidegom!" - as gevolg van die besnydenis.

27 Now the LORD had said to Aaron, "Go and meet Moses in the wilderness." So he went and met him at the mountain of God and kissed him.

27 יהוה het ook vir Aharon gesê: "Gaan ontmoet Moshe in die wildernis." Hy het gegaan en hom by die berg van God ontmoet en hom gesoen.

28 Moses told Aaron everything the LORD had sent him to say, and about all the signs He had commanded him to do.

28 Moshe vertel vir Aharon al die woorde van יהוה waarmee Hy hom gestuur het en al die tekens wat Hy hom beveel het om te doen.

29 Then Moses and Aaron went and assembled all the elders of the Israelites.

29 Moshe en Aharon het gegaan en al die oudstes van die seuns van Yisra'el laat bymekaarkom

30 Aaron repeated everything the LORD had said to Moses and performed the signs before the people.

30 en Aharon het al die woorde gepraat wat יהוה aan Moshe gesê het en die tekens voor die oë van die volk gedoen.

31 The people believed, and when they heard that the LORD had paid attention to them and that He had seen their misery, they bowed down and worshiped.

31 Die volk het geglo en toe hulle hoor dat יהוה die seuns van Yisra'el besoek het en aandag gegee het aan hulle onderdrukking, het hulle laag neergebuig en plat op hulle gesigte gaan lê.

Exodus 5

1 Later, Moses and Aaron went in and said to Pharaoh, "This is what Yahweh, the God of Israel, says: Let My people go, so that they may hold a festival for

Me in the wilderness.”

1 Daarna het Moshe en Aharon ingegaan en vir Farao gesê: “So sê יהוה, die God van Yisra’el: ‘Laat My volk gaan dat hulle vir My ’n fees kan hou in die wildernis.”

2 But Pharaoh responded, “Who is Yahweh that I should obey Him by letting Israel go? I do not know anything about Yahweh, and besides, I will not let Israel go.”

2 Farao antwoord: “Wie is יהוה dat ek Sy stem moet gehoorsaam om Yisra’el te laat gaan? Ek het nie ’n verbondsverhouding met יהוה nie en ek sal Yisra’el ook nie laat gaan nie.”

3 Then they answered, “The God of the Hebrews has met with us. Please let us go on a three-day trip into the wilderness so that we may sacrifice to Yahweh our God, or else He may strike us with plague or sword.”

3 Hulle sê: “Die God van die Hebreërs het met ons ontmoet; laat ons nou drie dagreise ver die woestyn intrek en aan יהוה, ons God, offer sodat Hy ons nie oorval met peste of die swaard nie.”

4 The king of Egypt said to them, “Moses and Aaron, why are you causing the people to neglect their work? Get to your work! ”

4 Die koning van Mitzrayim antwoord hulle: “Moshe en Aharon, waarom hou julle die volk van hulle werk af? Gaan terug na julle werk toe.”

5 Pharaoh also said, “Look, the people of the land are so numerous, and you would stop them from working.”

5 Farao sê ook: “Let op, die mense van die land is nou reeds baie en julle het hulle laat ophou met hulle werk.”

6 That day Pharaoh commanded the overseers of the people as well as their foremen:

6 Farao het daarom op dieselfde dag aan die taakmeesters en hulle opsigters bevel gegee en gesê:

7 “Don’t continue to supply the people with straw for making bricks, as before. They must go and gather straw for themselves.

7 “Julle moet geen strooi meer aan die volk gee om bakstene te maak soos gister en eergister nie. Laat hulle gaan en vir hulleself strooi bymekaarmaak.

8 But require the same quota of bricks from them as they were making before; do not reduce it. For they are slackers — that is why they are crying out, ‘Let us go and sacrifice to our God.’

8 Die hoeveelheid bakstene wat hulle gister en eergister gemaak het, moet julle van hulle verwag en niks daarvan verminder nie, want hulle verslap en daarom roep hulle uit en sê: ‘Laat ons gaan en aan ons God offer!’

9 Impose heavier work on the men. Then they will be occupied with it and not pay attention to deceptive words.”

9 Laat meer werk op die manne gelaai word sodat hulle daaraan kan werk en nie misleidende woorde oorweeg nie.”

10 So the overseers and foremen of the people went out and said to them,

“This is what Pharaoh says: ‘I am not giving you straw.
10 Die taakmeesters en die opsigters van die volk het uitgegaan en met die volk gepraat en gesê: “So sê Farao: ‘Ek sal nie vir julle strooi gee nie.
11 Go get straw yourselves wherever you can find it, but there will be no reduction at all in your workload.’ ”
11 Gaan haal self vir julle strooi waar julle dit kan kry, maar geen van julle werk word verminder nie’.”
12 So the people scattered throughout the land of Egypt to gather stubble for straw.
12 Toe is die volk oor die hele Mitzrayim versprei om stoppels te versamel vir strooi
13 The overseers insisted, “Finish your assigned work each day, just as you did when straw was provided.”
13 en die taakmeesters het op hulle gedruk en gesê: “Voltooi julle werk volgens die eis van elke dag net soos toe daar strooi was.”
14 Then the Israelite foremen, whom Pharaoh’s slave drivers had set over the people, were beaten and asked, “Why haven’t you finished making your prescribed number of bricks yesterday or today, as you did before? ”
14 Die opsigters van die seuns van Yisra’el wat Farao se taakmeesters oor hulle aangestel het, is geslaan en gevra: “Waarom het julle gister en vandag nie soos tevore julle voorgeskrewe hoeveelheid stene gemaak nie?”
15 So the Israelite foremen went in and cried for help to Pharaoh: “Why are you treating your servants this way?
15 Die opsigters van die seuns van Yisra’el het daarom gegaan en uitgeroep na Farao en gesê: “Waarom maak u so met u diensknegte?
16 No straw has been given to your servants, yet they say to us, ‘Make bricks! ’ Look, your servants are being beaten, but it is your own people who are at fault.”
16 Daar word geen strooi aan u slawe gegee nie en hulle sê vir ons: ‘Maak bakstene!’ Let op, u diensknegte word geslaan, maar die skuld lê by u mense.”
17 But he said, “You are slackers. Slackers! That is why you are saying, ‘Let us go sacrifice to the LORD.’
17 Hy antwoord egter: “Julle is lui! Baie lui en sê daarom: ‘Laat ons gaan en aan יהוה offer.’
18 Now get to work. No straw will be given to you, but you must produce the same quantity of bricks.”
18 Gaan dus nou en werk, want geen strooi sal vir julle gegee word nie en tog moet julle die hoeveelheid bakstene lewer.”
19 The Israelite foremen saw that they were in trouble when they were told, “You cannot reduce your daily quota of bricks.”
19 Die opsigters van die seuns van Yisra’el het gesien dat dit sleg met hulle gaan omdat daar gesê is: “Julle mag jul bakstene, volgens die eis van elke dag, nie verminder nie.”

20 When they left Pharaoh, they confronted Moses and Aaron, who stood waiting to meet them.
20 Toe hulle by Farao uitkom het hulle Moshe en Aharon teëgekom, wat daar gestaan en wag het vir hulle
21 "May the LORD take note of you and judge," they said to them, "because you have made us reek in front of Pharaoh and his officials — putting a sword in their hand to kill us! "
21 en sê vir hulle: "יהוה kyk na julle en oordeel julle omdat julle ons gehaat gemaak het in die oë van Farao en in die oë van sy diensknegte, deur 'n swaard in hulle hand te gee om ons dood te maak."
22 So Moses went back to the LORD and asked, "Lord, why have You caused trouble for this people? And why did You ever send me?
22 Moshe het teruggegaan na יהוה en gesê: "Meester, waarom het U skade op die mense gebring? Waarom het U my dan gestuur,
23 Ever since I went in to Pharaoh to speak in Your name he has caused trouble for this people, and You haven't delivered Your people at all."
23 want sedert ek na Farao gegaan het om in U Naam (Karakter en Outoriteit) te praat, het hy skade aan hierdie mense gedoen en U het ook glad nie U volk gered nie?"

Exodus 6

1 But the LORD replied to Moses, "Now you are going to see what I will do to Pharaoh: he will let them go because of My strong hand; he will drive them out of his land because of My strong hand."
1 Toe sê יהוה vir Moshe: "Nou sal jy sien wat Ek aan Farao sal doen, want as gevolg van 'n sterk hand sal hy hulle laat gaan en as gevolg van 'n magtige arm sal hy hulle uit sy land uitdryf."
2 Then God spoke to Moses, telling him, "I am Yahweh.
2 God het met Moshe gepraat en vir hom gesê: "Ek is יהוה.
3 I appeared to Abraham, Isaac, and Jacob as God Almighty, but I did not reveal My name Yahweh to them.
3 Ek het aan Avraham, aan Yitz'gak en aan Ya'akov verskyn as El-Shaddai (Die Magtige God wat meer as genoeg is) en was Ek nie met My Naam, יהוה, aan hulle bekend nie?
4 I also established My covenant with them to give them the land of Canaan, the land they lived in as foreigners.
4 Ek het ook My verbond met hulle vasgestel om aan hulle die land Kena'an te gee, die land waarin hulle as besoekers gebly het
5 Furthermore, I have heard the groaning of the Israelites, whom the Egyptians are forcing to work as slaves, and I have remembered My covenant.
5 en Ék het ook die gesug van die seuns van Yisra'el gehoor wat deur die

Mitzrayiete in slawerny gehou word en Ek het My verbond onthou.
6 “Therefore tell the Israelites: I am Yahweh, and I will deliver you from the forced labor of the Egyptians and free you from slavery to them. I will redeem you with an outstretched arm and great acts of judgment.
6 Sê daarom vir die seuns van Yisra’el: ‘Ek is יהוה en Ek sal julle onder die las van die Mitzrayiete uitbring en julle red uit hulle slawerny. Ek sal julle loskoop deur ’n uitgestrekte arm en deur groot oordele.
7 I will take you as My people, and I will be your God. You will know that I am Yahweh your God, who delivered you from the forced labor of the Egyptians.
7 Ek sal julle vir Myself as volk neem en julle God wees en julle sal weet dat Ek יהוה, julle God, is wat julle uitbring onder die las van die Mitzrayiete
8 I will bring you to the land that I swore to give to Abraham, Isaac, and Jacob, and I will give it to you as a possession. I am Yahweh.”
8 en Ek sal julle bring in die land waarvan Ek My hand opgelig het, om dit aan Avraham, aan Yitz’gak en aan Ya’akov te gee en Ek sal dit aan julle as ’n besitting gee. Ek is יהוה.”
9 Moses told this to the Israelites, but they did not listen to him because of their broken spirit and hard labor.
9 Moshe het toe so met die seuns van Yisra’el gepraat, maar hulle het nie na Moshe geluister nie, vanweë hulle moedeloosheid en die wrede slawerny.
10 Then the LORD spoke to Moses,
10 יהוה het met Moshe gepraat en gesê:
11 “Go and tell Pharaoh king of Egypt to let the Israelites go from his land.”
11 “Gaan praat met Farao, die koning van Mitzrayim dat hy die seuns van Yisra’el uit sy land moet laat uitgaan.”
12 But Moses said in the LORD’s presence: “If the Israelites will not listen to me, then how will Pharaoh listen to me, since I am such a poor speaker? ”
12 Moshe het in die Teenwoordigheid van יהוה gepraat en gesê: “As die seuns van Yisra’el nie na my geluister het nie, hoe sal Farao dan na my luister, want ek is onbeholpe om te praat?”
13 Then the LORD spoke to Moses and Aaron and gave them commands concerning both the Israelites and Pharaoh king of Egypt to bring the Israelites out of the land of Egypt.
13 יהוה het met Moshe en Aharon gepraat en vir hulle ’n opdrag gegee vir die seuns van Yisra’el en vir Farao, die koning van Mitzrayim, om die seuns van Yisra’el uit die land van Mitzrayim uit te vat.
14 These are the heads of their fathers’ families: The sons of Reuben, the firstborn of Israel: Hanoch and Pallu, Hezron and Carmi. These are the clans of Reuben.
14 Hierdie is die hoofde van hulle vader se huise. Die seuns van Re’uven, die eersgeborene van Yisra’el: Hanokh, Pallu, Hetzron en Karmi; dit is die families van Re’uven.

15 The sons of Simeon: Jemuel, Jamin, Ohad, Jachin, Zohar, and Shaul, the son of a Canaanite woman. These are the clans of Simeon.
15 Die seuns van Shim'on: Y'mu'el, Yamin, Ohad, Yakhin, Tzogar en Sha'ul, die seun van die Kena'anitiese vrou; dit is die families van Shim'on.
16 These are the names of the sons of Levi according to their genealogy: Gershon, Kohath, and Merari. Levi lived 137 years.
16 Hierdie is die name van die seuns van Levi volgens hulle geslagte: Gershon, K'hat en M'rari. Die lewensjare van Levi was honderd sewe en dertig jaar.
17 The sons of Gershon: Libni and Shimei, by their clans.
17 Die seuns van Gershon was Livni en Shim'i volgens hulle families.
18 The sons of Kohath: Amram, Izhar, Hebron, and Uzziel. Kohath lived 133 years.
18 Die seuns van K'hat was `Amram, Yitz'har, Hevron en `Uzi'el. Die lewensjare van K'hat was honderd drie en dertig jaar.
19 The sons of Merari: Mahli and Mushi. These are the clans of the Levites according to their genealogy.
19 Die seuns van M'rari was Magli en Mushi. Hierdie was die families van Levi volgens hulle nageslagte.
20 Amram married his father's sister Jochebed, and she bore him Aaron and Moses. Amram lived 137 years.
20 `Amram het Yokheved, sy vader se suster, vir hom as vrou gevat en sy het vir hom geboorte gegee aan Aharon en Moshe. Die lewensjare van `Amram was honderd sewe en dertig jaar.
21 The sons of Izhar: Korah, Nepheg, and Zichri.
21 Die seuns van Yitz'har was Korag, Nefeg en Zikhri.
22 The sons of Uzziel: Mishael, Elzaphan, and Sithri.
22 Die seuns van `Uzi'el was Misha'el, Eltzafan en Sitri.
23 Aaron married Elisheba, daughter of Amminadab and sister of Nahshon. She bore him Nadab and Abihu, Eleazar and Ithamar.
23 Aharon het Elish'va, die dogter van `Ammínadav, die suster van Nagshon, vir hom as vrou gevat en sy het vir hom geboorte gegee aan: Nadav, Avihu, El'azar en Itamar.
24 The sons of Korah: Assir, Elkanah, and Abiasaph. These are the clans of the Korahites.
24 Die seuns van Korag was Assir, Elkanah en Avi'asaf. Dit is die families van die Koragiete.
25 Aaron's son Eleazar married one of the daughters of Putiel and she bore him Phinehas. These are the heads of the Levite families by their clans.
25 El'azar, die seun van Aharon, het vir hom een van die dogters van Puti'el as vrou gevat en sy het vir hom geboorte gegee aan Pingas. Dit is die hoofde van die vaders se huise van die Leviete volgens hulle families.
26 It was this Aaron and Moses whom the LORD told, "Bring the Israelites out of the land of Egypt according to their divisions."
26 Dit is dieselfde Aharon en Moshe vir wie יהוה gesê het: "Bring die seuns

van Yisra'el uit die land van
Mitzrayim uit volgens hulle menigte."
27 Moses and Aaron were the ones who spoke to Pharaoh king of Egypt in order to bring the Israelites out of Egypt.
27 Dit is hulle wat met Farao, die koning van Mitzrayim, gepraat het om die seuns van Yisra'el uit Mitzrayim uit te bring. Hierdie selfde Moshe en Aharon.
28 On the day the LORD spoke to Moses in the land of Egypt,
28 Dit het op die dag toe הוהי met Moshe in Mitzrayim gepraat het, gebeur
29 He said to him, "I am Yahweh; tell Pharaoh king of Egypt everything I am telling you."
29 dat הוהי vir Moshe gesê het: "Ek is הוהי. Sê vir Farao, die koning van Mitzrayim, alles wat Ek vir jou sê."
30 But Moses replied in the LORD's presence, "Since I am such a poor speaker, how will Pharaoh listen to me? "
30 Moshe sê egter voor הוהי: "Let op, ek is onbekwaam om te praat! Hoe sal Farao na my luister?"

Exodus 7

1 The LORD answered Moses, "See, I have made you like God to Pharaoh, and Aaron your brother will be your prophet.
1 הוהי het aan Moshe gesê: "Kyk, Ek het jou soos God vir Farao gemaak en jou broer Aharon sal jou profeet wees.
2 You must say whatever I command you; then Aaron your brother must declare it to Pharaoh so that he will let the Israelites go from his land.
2 Jy moet alles sê wat Ek jou beveel en jou broer Aharon moet met Farao praat om die seuns van Yisra'el uit sy land uit te laat gaan.
3 But I will harden Pharaoh's heart and multiply My signs and wonders in the land of Egypt.
3 Ék sal Farao se wil, emosie en verstand verhard sodat Ek My tekens en wonderwerke in die land van Mitzrayim kan vermenigvuldig.
4 Pharaoh will not listen to you, but I will put My hand on Egypt and bring the divisions of My people the Israelites out of the land of Egypt by great acts of judgment.
4 Wanneer Farao nie na julle luister nie, dan sal Ek My hand lê op Mitzrayim en My leërmag, My volk, die seuns van Yisra'el, deur groot oordele uitbring uit die land van Mitzrayim.
5 The Egyptians will know that I am Yahweh when I stretch out My hand against Egypt, and bring out the Israelites from among them."
5 Die Mitzrayiete sal weet dat Ek הוהי is, wanneer Ek My hand oor Mitzrayim uitsteek en die seuns van Yisra'el van tussen hulle af uitbring."
6 So Moses and Aaron did this; they did just as the LORD commanded them.

6 Moshe en Aharon het gedoen soos יהוה hulle beveel het; so het hulle gedoen.
7 Moses was 80 years old and Aaron 83 when they spoke to Pharaoh.
7 Moshe was tagtig jaar en Aharon drie en tagtig jaar oud toe hulle met Farao gepraat het.
8 The L**ORD** said to Moses and Aaron,
8 יהוה het met Moshe en Aharon gepraat en gesê:
9 "When Pharaoh tells you, 'Perform a miracle,' tell Aaron, 'Take your staff and throw it down before Pharaoh. It will become a serpent.' "
9 "Wanneer Farao met julle praat en sê: Wys 'n teken vir julleself; dan moet jy vir Aharon sê: 'Vat jou staf en gooi dit voor Farao neer en laat dit 'n slang word'."
10 So Moses and Aaron went in to Pharaoh and did just as the L**ORD** had commanded. Aaron threw down his staff before Pharaoh and his officials, and it became a serpent.
10 Moshe en Aharon het ingegaan na Farao toe en gedoen presies soos יהוה hulle beveel het: Aharon het sy staf voor Farao en voor sy diensknegte neergegooi en dit het 'n slang geword.
11 But then Pharaoh called the wise men and sorcerers — the magicians of Egypt, and they also did the same thing by their occult practices.
11 Farao het óók die wyse manne en die towenaars geroep en hulle, die Mitzrayitiese towenaars, het ook dieselfde gedoen met hulle geheime kunste,
12 Each one threw down his staff, and it became a serpent. But Aaron's staff swallowed their staffs.
12 want elkeen het sy staf neergegooi en dit het slange geword, maar Aharon se staf het hulle stawwe ingesluk.
13 However, Pharaoh's heart hardened, and he did not listen to them, as the L**ORD** had said.
13 Farao se wil, emosie en verstand was onveranderlik en hy het nie na hulle geluister nie, soos יהוה
gesê het.
14 Then the L**ORD** said to Moses, "Pharaoh's heart is hard: he refuses to let the people go.
14 יהוה sê vir Moshe: "Farao se wil, emosie en verstand is hard, hy weier om die volk te laat gaan.
15 Go to Pharaoh in the morning. When you see him walking out to the water, stand ready to meet him by the bank of the Nile. Take in your hand the staff that turned into a snake.
15 Gaan môre vroeg na Farao wanneer hy uitgaan na die water toe en staan aan die kant van die rivier om hom te ontmoet en die staf wat in 'n slang verander het, moet in jou hand wees
16 Tell him: Yahweh, the God of the Hebrews, has sent me to tell you: Let My

people go, so that they may worship Me in the wilderness, but so far you have not listened.

16 en sê vir hom: "יהוה, die God van die Hebreërs, het my na u toe gestuur en gesê: 'Laat My volk gaan dat hulle My kan dien in die wildernis,' maar let op, u het tot nou toe nie geluister nie en

17 This is what Yahweh says: Here is how you will know that I am Yahweh. Watch. I will strike the water in the Nile with the staff in my hand, and it will turn to blood.

17 יהוה sê daarom só: 'Hieraan sal jy weet dat Ek יהוה is.' Let op, ek sal met die staf wat in my hand is die water slaan wat in die rivier is en dit sal in bloed verander word.

18 The fish in the Nile will die, the river will stink, and the Egyptians will be unable to drink water from it."

18 Die visse in die rivier sal doodgaan sodat die rivier sal stink en die Mitzrayiete sal walg om die water uit
die rivier te drink."

19 So the LORD said to Moses, "Tell Aaron: Take your staff and stretch out your hand over the waters of Egypt — over their rivers, canals, ponds, and all their water reservoirs — and they will become blood. There will be blood throughout the land of Egypt, even in wooden and stone containers."

19 יהוה het met Moshe gepraat: "Sê vir Aharon: 'Vat jou staf en steek jou hand uit oor die waters van die Mitzrayiete, oor hulle strome, hulle riviere, hulle waterpoele en oor al hulle waterliggame sodat dit bloed word.' Daar sal bloed in die hele land van Mitzrayim wees; in hout- en in klipbakke."

20 Moses and Aaron did just as the LORD had commanded; in the sight of Pharaoh and his officials, he raised the staff and struck the water in the Nile, and all the water in the Nile was turned to blood.

20 Moshe en Aharon het dit so gedoen, soos יהוה beveel het; hy het die staf opgelig en die water wat in die rivier was, geslaan voor die oë van Farao en voor die oë van sy diensknegte en al die water in die rivier is in bloed verander.

21 The fish in the Nile died, and the river smelled so bad the Egyptians could not drink water from it. There was blood throughout the land of Egypt.

21 Die visse wat in die rivier was, het doodgegaan en die rivier het gestink sodat die Mitzrayiete nie die water uit die rivier kon drink nie en daar was bloed oor die hele land van Mitzrayim.

22 But the magicians of Egypt did the same thing by their occult practices. So Pharaoh's heart hardened, and he would not listen to them, as the LORD had said.

22 Die Mitzrayitiese towenaars het dieselfde gedoen met hulle geheime kunste en Farao se wil, emosie en verstand was onveranderlik en hy het nie na hulle geluister nie, soos יהוה gesê het.

23 Pharaoh turned around, went into his palace, and didn't even take this to

heart.
23 Farao het omgedraai en in sy huis ingegaan en niks hiervan ter harte geneem nie.
24 All the Egyptians dug around the Nile for water to drink because they could not drink the water from the river.
24 Al die Mitzrayiete het rondom die rivier na water gegrawe om te drink, want hulle kon nie van die rivier se water drink nie.
25 Seven days passed after the LORD struck the Nile.
25 Sewe dae het verbygegaan nadat יהוה die rivier geslaan het.

Exodus 8

1 Then the LORD said to Moses, "Go in to Pharaoh and tell him: This is what Yahweh says: Let My people go, so that they may worship Me.
1 יהוה het toe met Moshe gepraat: "Gaan na Farao en sê vir hom: So sê יהוה: 'Laat My volk gaan sodat hulle My kan dien
2 But if you refuse to let them go, then I will plague all your territory with frogs.
2 en as jy weier om hulle te laat gaan, let op, Ek sal jou hele gebied met paddas straf.
3 The Nile will swarm with frogs; they will come up and go into your palace, into your bedroom and on your bed, into the houses of your officials and your people, and into your ovens and kneading bowls.
3 Die rivier (Nyl) sal van paddas wemel en hulle sal opklim en in jou huis kom, in jou slaapkamer, op jou bed, in die huis van jou diensknegte, onder jou volk, in jou bakoonde en in jou bakskottels
4 The frogs will come up on you, your people, and all your officials."
4 en die paddas sal teen jou, teen jou volk en teen al jou diensknegte opspring.'"
5 The LORD then said to Moses, "Tell Aaron: Stretch out your hand with your staff over the rivers, canals, and ponds, and cause the frogs to come up onto the land of Egypt."
5 יהוה het ook vir Moshe gesê: "Sê vir Aharon: Steek jou hand met jou staf oor die strome en oor die riviere en oor die waterpoele uit en laat die paddas opkom oor die land van Mitzrayim."
6 When Aaron stretched out his hand over the waters of Egypt, the frogs came up and covered the land of Egypt.
6 Aharon het sy hand oor die waters van Mitzrayim uitgesteek en die paddas het opgekom en die land van Mitzrayim oordek
7 But the magicians did the same thing by their occult practices and brought frogs up onto the land of Egypt.
7 en die towenaars het dieselfde gedoen met hulle towerkunste en paddas laat opkom oor Mitzrayim.

8 Pharaoh summoned Moses and Aaron and said, “Ask Yahweh to remove the frogs from me and my people. Then I will let the people go and they can sacrifice to Yahweh.”

8 Toe het Farao Moshe en Aharon laat roep en gesê: “Tree in by יהוה sodat Hy die paddas van my en van my volk af sal wegvat en ek sal die volk laat gaan sodat hulle aan יהוה kan offer.”

9 Moses said to Pharaoh, “You make the choice rather than me. When should I ask on behalf of you, your officials, and your people, that the frogs be taken away from you and your houses, and remain only in the Nile?”

9 Moshe sê vir Farao: “U het die eer bo my om vir my te sê watter tyd moet ek vir u en u diensknegte en vir u volk intree sodat die paddas van u en vanuit u huise uitgeroei word om net in die rivier oor te bly?”

10 “Tomorrow,” he answered. Moses replied, “As you have said, so you may know there is no one like Yahweh our God,

10 Hy antwoord: “Teen môre.” Toe sê hy: “Dit sal wees volgens u woord sodat u kan verstaan dat daar niemand is soos יהוה, ons God, nie.

11 the frogs will go away from you, your houses, your officials, and your people. The frogs will remain only in the Nile.”

11 Die paddas sal u, u huise, u diensknegte en u volk verlaat. Net in die Nyl sal hulle oorbly.”

12 After Moses and Aaron went out from Pharaoh, Moses cried out to the LORD for help concerning the frogs that He had brought against Pharaoh.

12 Moshe en Aharon het van Farao af weggegaan en Moshe het tot יהוה geroep aangaande die paddas wat Hy oor Farao gebring het.

13 The LORD did as Moses had said: the frogs in the houses, courtyards, and fields died.

13 יהוה het gedoen volgens die woord van Moshe: die paddas het doodgegaan uit die huise, van die voorhowe af en uit die veld

14 They piled them in countless heaps, and there was a terrible odor in the land.

14 en hulle het dit in hope bymekaargemaak en die land het gestink.

15 But when Pharaoh saw there was relief, he hardened his heart and would not listen to them, as the LORD had said.

15 Toe Farao egter sien dat daar verligting is, het hy sy wil, emosie en verstand verhard en nie na hulle geluister nie, soos יהוה gesê het.

16 Then the LORD said to Moses, “Tell Aaron: Stretch out your staff and strike the dust of the earth, and it will become gnats throughout the land of Egypt.”

16 יהוה sê vir Moshe: “Sê aan Aharon: steek jou staf uit en slaan die stof van die aarde sodat dit muggies word oor die hele land van Mitzrayim.”

17 And they did this. Aaron stretched out his hand with his staff, and when he struck the dust of the earth, gnats were on man and beast. All the dust of the earth became gnats throughout the land of Egypt.

17 Hulle het so gedoen: Aharon het sy hand met sy staf uitgesteek en die stof van die aarde geslaan en daar het muggies gekom op die mense en op diere. Al die stof van die aarde het muggies geword in die
hele land van Mitzrayim.
18 The magicians tried to produce gnats using their occult practices, but they could not. The gnats remained on man and beast.
18 Die towenaars het dieselfde probeer doen met hulle geheime kunste om muggies voort te bring, maar hulle kon nie en die muggies was op die mense en op die diere.
19 "This is the finger of God," the magicians said to Pharaoh. But Pharaoh's heart hardened, and he would not listen to them, as the LORD had said.
19 Toe sê die towenaars vir Farao: "Dit is die vinger van God!" Farao se wil, emosie en verstand was egter onveranderlik sodat hy na hulle nie geluister het nie, soos הוהי gesê het.
20 The LORD said to Moses, "Get up early in the morning and present yourself to Pharaoh when you see him going out to the water. Tell him: This is what Yahweh says: Let My people go, so that they may worship Me.
20 הוהי sê vir Moshe: "Staan môre vroeg op en staan voor Farao wanneer hy na die water toe uitgaan en sê vir hom: so sê הוהי: 'Laat My volk gaan sodat hulle My kan dien,
21 But if you will not let My people go, then I will send swarms of flies against you, your officials, your people, and your houses. The Egyptians' houses will swarm with flies, and so will the land where they live.
21 of anders, as jy My volk nie laat gaan nie, let op, Ek sal swerms vlieë teen jou, teen jou diensknegte, teen jou volk en teen jou huise laat kom sodat die huise van die Mitzrayiete vol vlieë sal wees en selfs die grond waarop hulle staan.
22 But on that day I will give special treatment to the land of Goshen, where My people are living; no flies will be there. This way you will know that I, Yahweh, am in the land.
22 Op dié dag sal Ek die land Goshen, waarin My volk woon, afsonder sodat daar geen swerm vlieë sal wees nie sodat jy kan weet dat Ek, הוהי, in die wêreld is.
23 I will make a distinction between My people and your people. This sign will take place tomorrow."
23 Ek het 'n skeiding gestel tussen My volk en jou volk. Môre sal hierdie teken plaasvind.'"
24 And the LORD did this. Thick swarms of flies went into Pharaoh's palace and his officials' houses. Throughout Egypt the land was ruined because of the swarms of flies.
24 הוהי het so gedoen: dik swerms vlieë het in die huis van Farao, in die huis van sy diensknegte en in die hele land van Mitzrayim gekom; die land het verval as gevolg van die swerms vlieë.

25 Then Pharaoh summoned Moses and Aaron and said, “Go sacrifice to your God within the country.”
25 Farao laat Moshe en Aharon roep en sê: “Gaan, offer aan julle God in die land.”
26 But Moses said, “It would not be right to do that, because what we will sacrifice to the L**ORD** our God is detestable to the Egyptians. If we sacrifice what the Egyptians detest in front of them, won’t they stone us?
26 Moshe antwoord: “Dit is nie reg om dit so te doen nie, want ons offer aan יהוה, ons God, wat vir die Mitzrayiete ’n gruwel is. As ons dit wat ’n gruwel is vir die Mitzrayiete voor hulle oë offer, sal hulle ons nie dan stenig nie?
27 We must go a distance of three days into the wilderness and sacrifice to the L**ORD** our God as He instructs us.”
27 Ons sal drie dagreise ver die wildernis ingaan sodat ons aan יהוה, ons God, kan offer soos Hy ons beveel.”
28 Pharaoh responded, “I will let you go and sacrifice to the L**ORD** your God in the wilderness, but don’t go very far. Make an appeal for me.”
28 Farao het gesê: “Ek sal julle laat gaan sodat julle aan יהוה, julle God, kan offer in die wildernis; julle moet net nie te ver weggaan nie. Tree in vir my.”
29 “As soon as I leave you,” Moses said, “I will appeal to the L**ORD**, and tomorrow the swarms of flies will depart from Pharaoh, his officials, and his people. But Pharaoh must not act deceptively again by refusing to let the people go and sacrifice to the L**ORD**.”
29 Moshe antwoord: “Let op, ek gaan van u af weg en sal intree by יהוה sodat die swerms vlieë Farao, sy diensknegte en sy volk môre mag verlaat. Laat Farao net nie langer bedrieglik optree deur die volk nie te laat gaan om aan יהוה te offer nie.”
30 Then Moses left Pharaoh’s presence and appealed to the L**ORD**.
30 Moshe het van Farao af weggegaan en by יהוה ingetree.
31 The L**ORD** did as Moses had said: He removed the swarms of flies from Pharaoh, his officials, and his people; not one was left.
31 יהוה het gedoen volgens die woord van Moshe: Hy het die swerms vlieë van Farao, van sy diensknegte en sy volk weggevat. Daar het nie een oorgebly nie.
32 But Pharaoh hardened his heart this time also and did not let the people go.
32 Farao het sy wil, emosie en verstand ook hierdie keer verhard en die volk nie laat gaan nie.

Exodus 9

1 Then the LORD said to Moses, "Go in to Pharaoh and say to him: This is what Yahweh, the God of the Hebrews, says: Let My people go, so that they may worship Me.

1 יהוה het vir Moshe gesê: "Gaan na Farao en sê vir hom: So sê יהוה, die God van die Hebreërs: 'Laat My volk gaan sodat hulle My kan dien

2 But if you refuse to let them go and keep holding them,

2 en as jy weier om hulle te laat gaan en hulle nog vashou,

3 then the LORD's hand will bring a severe plague against your livestock in the field — the horses, donkeys, camels, herds, and flocks.

3 let op, dan sal die hand van יהוה teen jou beeste wat in die veld is, teen die perde, teen die donkies, teen die kamele, teen die osse en teen die kleinvee wees, met 'n baie swaar pes.

4 But the LORD will make a distinction between the livestock of Israel and the livestock of Egypt, so that nothing of all that the Israelites own will die."

4 יהוה sal 'n onderskeid maak tussen die lewende hawe van die Yisra'eliete en die lewende hawe van die Mitzrayiete sodat niks sal doodgaan van alles wat aan die seuns van Yisra'el behoort nie.'"

5 And the LORD set a time, saying, "Tomorrow the LORD will do this thing in the land."

5 יהוה het 'n bepaalde tyd vasgestel en gesê: "Môre sal יהוה hierdie ding doen in die land."

6 The LORD did this the next day. All the Egyptian livestock died, but none among the Israelite livestock died.

6 יהוה het dit die volgende dag gedoen: al die lewende hawe van die Mitzrayiete het doodgegaan, maar van die vee van die seuns van Yisra'el is nie een dood nie.

7 Pharaoh sent messengers who saw that not a single one of the Israelite livestock was dead. But Pharaoh's heart was hardened, and he did not let the people go.

7 Farao het gestuur en let op, nie eens een van die lewende hawe van die Yisra'eliete was dood nie! Farao se wil, emosie en verstand was verhard en hy het die volk nie laat gaan nie.

8 Then the LORD said to Moses and Aaron, "Take handfuls of furnace soot, and Moses is to throw it toward heaven in the sight of Pharaoh.

8 יהוה het vir Moshe en Aharon gesê: "Vat vir julle hande vol as uit 'n hoogoond en laat Moshe dit na die hemel toe uitgooi voor die oë van Farao

9 It will become fine dust over the entire land of Egypt. It will become festering boils on man and beast throughout the land of Egypt."

9 en dit sal 'n fyn stof word oor die hele land van Mitzrayim en op mense en diere ontsteking veroorsaak wat in swere uitbreek, regoor die hele land van

Mitzrayim."
10 So they took furnace soot and stood before Pharaoh. Moses threw it toward heaven, and it became festering boils on man and beast.
10 Hulle het toe as uit die hoogoond gevat, voor Farao gaan staan en Moshe het dit na die hemel uitgegooi en dit het ontstekings geword wat in swere uitbreek op mense en diere.
11 The magicians could not stand before Moses because of the boils, for the boils were on the magicians as well as on all the Egyptians.
11 Die towenaars kon nie voor Moshe staan vanweë die swere nie, want die swere was op die towenaars en op al die Mitzrayiete.
12 But the LORD hardened Pharaoh's heart and he did not listen to them, as the LORD had told Moses.
12 יהוה het Farao se wil, emosie en verstand onveranderlik gemaak en hy het nie na hulle geluister nie, soos יהוה vir Moshe gesê het.
13 Then the LORD said to Moses, "Get up early in the morning and present yourself to Pharaoh. Tell him: This is what Yahweh, the God of the Hebrews says: Let My people go, so that they may worship Me.
Exodus 15

1 Then Moses and the Israelites sang this song to the LORD. They said: I will sing to the LORD, for He is highly exalted; He has thrown the horse and its rider into the sea.

1 Toe het Moshe en die seuns van Yisra'el hierdie lied tot eer van יהוה gesing en dit is wat hulle gesê het: "Ek wil sing tot eer van יהוה, want Hy is verhewe opgelig. Die perd en sy ruiter het Hy in die see gegooi.

2 The LORD is my strength and my song; He has become my salvation. This is my God, and I will praise Him, my father's God, and I will exalt Him.

2 Yah is my Sterkte en my Lied en Hy het my Verlossing geword. Hy is my Magtige God, ek sal Hom vereer; die God van my vader, ek sal Hom oplig.

3 The LORD is a warrior; Yahweh is His name.

3 יהוה is 'n Oorwinnaar in geveg; יהוה is Sy Naam (Karakter en Outoriteit).

4 He threw Pharaoh's chariots and his army into the sea; the elite of his officers were drowned in the Red Sea.

4 Farao se strydwaens en sy leërmag het Hy in die see gegooi en sy gekose kapteins het ook in die Sufsee verdrink.

5 The floods covered them; they sank to the depths like a stone.

5 Die dieptes het hulle toegedek. Hulle het na die dieptes gesink soos 'n klip.

6 LORD, Your right hand is glorious in power. LORD, Your right hand shattered the enemy.

6 יהוה, U regterhand is vorstelik in krag. U regterhand, יהוה, verpletter die vyand.

7 You overthrew Your adversaries by Your great majesty. You unleashed Your burning wrath; it consumed them like stubble.

7 In U oorvloedige grootheid gooi U diegene neer wat teen U opstaan. U stuur U brandende woede uit en dit verteer hulle soos stoppels.

8 The waters heaped up at the blast of Your nostrils; the currents stood firm like a dam. The watery depths congealed in the heart of the sea.

8 Met die blaas van U neusgate het die waters opgehoop, die strome het bly staan soos 'n wal, die dieptes het styf geword in die hart van die see.

9 The enemy said: "I will pursue, I will overtake, I will divide the spoil. My desire will be gratified at their expense. I will draw my sword; my hand will destroy them."

9 Die vyand het gesê: 'Ek sal agtervolg, inhaal, die buit verdeel, my begeerte sal oor hulle versadig word;
ek sal my swaard uittrek, my hand sal hulle vernietig.'

10 But You blew with Your breath, and the sea covered them. They sank like lead in the mighty waters.

10 U het met U asem geblaas en die see het hulle toegedek; soos lood het hulle gesink in die magtige waters.

11 L**ORD**, who is like You among the gods? Who is like You, glorious in holiness, revered with praises, performing wonders?
11 יהוה, wie is soos U onder die gode? Wie is soos U, groot in afgesonderdheid, eerbiedwaardig in lofprysing, in die doen van wonderwerke?
12 You stretched out Your right hand, and the earth swallowed them.
12 U het U regterhand uitgesteek, die aarde het hulle ingesluk.
13 You will lead the people You have redeemed with Your faithful love; You will guide them to Your holy dwelling with Your strength.
13 U het deur U onverdiende guns die volk wat U losgekoop het uitgelei; U het hulle deur U sterkte na U afgesonderde blyplek gelei.
14 When the peoples hear, they will shudder; anguish will seize the inhabitants of Philistia.
14 Die volke het dit gehoor en hulle bewe; angs het die inwoners van P'leshet aangegryp.
15 Then the chiefs of Edom will be terrified; trembling will seize the leaders of Moab; the inhabitants of Canaan will panic;
15 Toe het die hoofde van Edom van binne gebewe, bewing het die magtiges van Mo'av beetgekry. Al die inwoners van Kena'an het weggesmelt.
16 and terror and dread will fall on them. They will be as still as a stone because of Your powerful arm until Your people pass by, L**ORD**, until the people whom You purchased pass by.
16 Vrees en verskrikking het op hulle geval; deur die grootheid van U arm was hulle bewegingloos soos 'n klip terwyl U volk deurtrek; terwyl die volk wat U, יהוה, losgekoop het, deurtrek.
17 You will bring them in and plant them on the mountain of Your possession; L**ORD**, You have prepared the place for Your dwelling; Lord, Your hands have established the sanctuary.
17 U bring hulle en plant hulle op die berg van U erfenis, in die plek, יהוה, wat U vir Uself as blyplek gemaak het, die Afgesonderde Plek wat U hande daargestel het, my Meester!
18 The L**ORD** will reign forever and ever!
18 יהוה sal regeer vir ewig en ewig,
19 When Pharaoh's horses with his chariots and horsemen went into the sea, the L**ORD** brought the waters of the sea back over them. But the Israelites walked through the sea on dry ground.
19 want Farao se perde, met sy strydwaens en ruiters, het in die see ingegaan en יהוה het die waters van die see oor hulle laat terugkom, maar die seuns van Yisra'el het op droë grond deur die see geloop."
20 Then Miriam the prophetess, Aaron's sister, took a tambourine in her hand, and all the women followed her with their tambourines and danced.
20 Miryam, die profetes, die suster van Aharon, het 'n tamboeryn in haar

hand gevat en al die vroue het agter haar uitgegaan, met tamboeryne en danse.
21 Miriam sang to them: Sing to the L**ORD**, for He is highly exalted; He has thrown the horse and its rider into the sea.
21 Miryam het hulle geantwoord: "Sing tot eer van יהוה, want Hy is hoog verhewe. Hy het die perd met sy ruiter in die see gegooi."
22 Then Moses led Israel on from the Red Sea, and they went out to the Wilderness of Shur. They journeyed for three days in the wilderness without finding water.
22 Moshe het die Yisra'eliete verder gevat van die Sufsee af en hulle het uitgetrek in die wildernis van Shur in. Hulle het drie dae lank in die wildernis ingetrek en geen water gekry nie.
23 They came to Marah, but they could not drink the water at Marah because it was bitter — that is why it was named Marah.
23 Toe hulle by Marah kom, kon hulle die water van Marah nie drink nie, want dit was bitter; daarom het die plek die naam, Marah.
24 The people grumbled to Moses, "What are we going to drink? "
24 Toe kla die volk teen Moshe en sê: "Wat moet ons drink?"
25 So he cried out to the L**ORD**, and the L**ORD** showed him a tree. When he threw it into the water, the water became drinkable. He made a statute and ordinance for them at Marah and He tested them there.
25 Hy het uitgeroep na יהוה en יהוה het vir hom 'n boom gewys. Toe hy dit in die water gegooi het, is die water soet gemaak. Daar het Hy vir hulle wette en riglyne geleer en hulle daar beproef
26 He said, "If you will carefully obey the L**ORD** your God, do what is right in His eyes, pay attention to His commands, and keep all His statutes, I will not inflict any illnesses on you that I inflicted on the Egyptians. For I am Yahweh who heals you."
26 en gesê: "As julle getrou na die stem van יהוה, julle God, luister en doen wat reg is in Sy oë, luister na Sy opdragte en al Sy wette hou, dan sal Ek geeneen van die siektes op jou lê wat Ek op die land van Mitzrayim gelê het nie, want Ek, יהוה, is die Een wat jou gesond maak."
27 Then they came to Elim, where there were 12 springs of water and 70 date palms, and they camped there by the waters.
27 Hulle het by Eilim gekom, waar twaalf waterfonteine en sewentig palmbome was en het daar, by die water, kamp opgeslaan.

Exodus 16

1 The entire Israelite community departed from Elim and came to the Wilderness of Sin, which is between Elim and Sinai, on the fifteenth day of the second month after they had left the land of Egypt.
1 Hulle het van Eilim af weggetrek en die hele vergadering van die seuns van

Yisra'el het in die wildernis van Sien gekom, wat tussen Eilim en Sinai lê, op die vyftiende dag van die tweede maand nadat hulle uitgetrek het uit die land van Mitzrayim.
2 The entire Israelite community grumbled against Moses and Aaron in the wilderness.
2 Die hele vergadering van die seuns van Yisra'el het in die wildernis teen Moshe en Aharon gebrom.
3 The Israelites said to them, "If only we had died by the LORD's hand in the land of Egypt, when we sat by pots of meat and ate all the bread we wanted. Instead, you brought us into this wilderness to make this whole assembly die of hunger! "
3 Die seuns van Yisra'el het vir hulle gesê: "Het ons maar in Mitzrayim deur die hand van הוהי gesterf toe ons by die vleispotte gesit en brood geëet het tot versadiging toe, want julle het ons in hierdie wildernis uitgelei om hierdie hele vergadering van honger te laat doodgaan."
4 Then the LORD said to Moses, "I am going to rain bread from heaven for you. The people are to go out each day and gather enough for that day. This way I will test them to see whether or not they will follow My instructions.
4 הוהי sê vir Moshe: "Let op, Ek sal vir julle brood uit die hemele laat reën; dan moet die volk uitgaan en dag vir dag bymekaarmaak sodat Ek hulle kan toets, of hulle volgens My instruksies (Torah) sal loop of nie.
5 On the sixth day, when they prepare what they bring in, it will be twice as much as they gather on other days."
5 Dit sal wees dat op die sesde dag, as hulle voorberei wat hulle inbring, dit dubbel soveel sal wees as wat hulle daagliks bymekaarmaak."
6 So Moses and Aaron said to all the Israelites: "This evening you will know that it was the LORD who brought you out of the land of Egypt;
6 Moshe en Aharon sê vir al die seuns van Yisra'el: "Teen sonsondergang sal julle weet dat הוהי julle uit die land van Mitzrayim uitgelei het
7 in the morning you will see the LORD's glory because He has heard your complaints about Him. For who are we that you complain about us? "
7 en in die oggend sal julle die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van הוהי sien omdat Hy julle gebrom teen הוהי gehoor het, want wat is ons dat julle teen ons kla?"
8 Moses continued, "The LORD will give you meat to eat this evening and more than enough bread in the
morning, for He has heard the complaints that you are raising against Him. Who are we? Your complaints are not against us but against the LORD."
8 Moshe het gesê: "Wanneer הוהי julle vleis gee om te eet teen sonsondergang en in die oggend brood tot vervullens toe, dan het הוהי julle gebrom gehoor wat julle teen Hom kla, want wat is ons? Julle gebrom is nie teen ons nie, maar teen הוהי."

9 Then Moses told Aaron, "Say to the entire Israelite community, 'Come before the LORD, for He has heard your complaints.' "
9 Moshe het met Aharon gepraat: "Sê vir die hele vergadering van die seuns van Yisra'el: Kom nader voor יהוה, want Hy het julle klagtes gehoor."
10 As Aaron was speaking to the entire Israelite community, they turned toward the wilderness, and there in a cloud the LORD's glory appeared.
10 Terwyl Aharon met die hele vergadering van die kinders van Yisra'el praat, draai hulle na die wildernis toe en let op, die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה verskyn in die wolk.
11 The LORD spoke to Moses,
11 יהוה het met Moshe gepraat en gesê:
12 "I have heard the complaints of the Israelites. Tell them: At twilight you will eat meat, and in the morning you will eat bread until you are full. Then you will know that I am Yahweh your God."
12 "Ek het die klagtes van die seuns van Yisra'el gehoor; praat met hulle en sê: In die aand sal julle vleis eet en in die oggend met brood versadig word en julle sal weet dat Ek יהוה, julle God, is."
13 So at evening quail came and covered the camp. In the morning there was a layer of dew all around the camp.
13 So het dit gebeur dat teen sonsondergang daar kwartels opgekom en die kamp toegedek het en in die oggend was daar 'n laag dou rondom die kamp.
14 When the layer of dew evaporated, there were fine flakes on the desert surface, as fine as frost on the ground.
14 Nadat die laag dou opgetrek het, het daar oor die wildernis iets gelê wat fyn en korrelrig was, so fyn soos ryp op die grond.
15 When the Israelites saw it, they asked one another, "What is it? " because they didn't know what it was. Moses told them, "It is the bread the LORD has given you to eat.
15 Toe die seuns van Yisra'el dit sien, sê hulle vir mekaar: "Wat is dit? (Man hu?)" Want hulle het nie geweet wat dit was nie. Moshe sê vir hulle: "Dit is die brood wat יהוה vir julle gee as kos.
16 This is what the LORD has commanded: 'Gather as much of it as each person needs to eat. You may take two quarts per individual, according to the number of people each of you has in his tent.' "
16 Dit is wat יהוה beveel het: 'Laat elke man kos bymekaarmaak vir elke mond, 'n `omer vir elke kop, laat elkeen vat volgens die mense in sy tent'."
17 So the Israelites did this. Some gathered a lot, some a little.
17 Die seuns van Yisra'el het so gedoen: hulle het bymekaargemaak, sommige meer, ander minder,
18 When they measured it by quarts, the person who gathered a lot had no surplus, and the person who gathered a little had no shortage. Each gathered as much as he needed to eat.

18 maar toe hulle dit met die `omer meet, het hy wat baie bymekaargemaak het, niks oorgehad nie en hy wat min bymekaargemaak het, nie te min gehad nie. Elkeen na sy behoefte het hulle bymekaargemaak.
19 Moses said to them, "No one is to let any of it remain until morning."
19 Moshe het vir hulle gesê: "Niemand moet daarvan laat oorbly tot die oggend toe nie."
20 But they didn't listen to Moses; some people left part of it until morning, and it bred worms and smelled. Therefore Moses was angry with them.
20 Nogtans het hulle nie na Moshe geluister nie: sommige het daarvan laat oorbly tot die oggend toe en daar het wurms ingekom en dit het gestink. Moshe was woedend vir hulle.
21 They gathered it every morning. Each gathered as much as he needed to eat, but when the sun grew hot, it melted.
21 Hulle het dit oggend na oggend bymekaargemaak, elkeen na sy behoefte en wanneer die son warm word, smelt dit weg.
22 On the sixth day they gathered twice as much food, four quarts apiece, and all the leaders of the community came and reported this to Moses.
22 Op die sesde dag het hulle twee maal soveel brood bymekaargemaak, twee `omers vir elkeen en al die owerstes van die vergadering het gekom en aan Moshe gerapporteer
23 He told them, "This is what the L**ORD** has said: 'Tomorrow is a day of complete rest, a holy Sabbath to the L**ORD**. Bake what you want to bake, and boil what you want to boil, and set aside everything left over to be kept until morning.' "
23 en hy sê vir hulle: "Dit is wat הוהי gesê het: Môre is dit 'n rusdag, 'n afgesonderde Shabbat tot הוהי. Wat julle wil bak, bak dit en wat julle wil kook, kook dit en bêre vir julle alles wat oor is, om dit te bewaar tot die oggend toe."
24 So they set it aside until morning as Moses commanded, and it didn't smell or have any maggots in it.
24 Hulle het dit gebêre tot die oggend toe, soos Moshe beveel het en dit het nie gestink nie en daar was ook nie wurms in nie.
25 "Eat it today," Moses said, "because today is a Sabbath to the L**ORD**. Today you won't find any in the field.
25 Moshe sê: "Eet dit vandag, want dit is vandag 'n Shabbat tot הוהי. Vandag sal julle dit nie in die veld kry nie.
26 For six days you may gather it, but on the seventh day, the Sabbath, there will be none."
26 Ses dae lank moet julle dit bymekaarmaak, maar op die sewende dag is dit Shabbat, dan sal dit nie daar wees nie."
27 Yet on the seventh day some of the people went out to gather, but they did not find any.
27 Dit het gebeur dat sommige mense op die sewende dag uitgegaan het om

bymekaar te maak, maar hulle het niks gekry nie.
28 Then the LORD said to Moses, “How long will you refuse to keep My commands and instructions?
28 הוהי sê vir Moshe: “Hoe lank weier julle om My opdragte en My wette uit te voer?
29 Understand that the LORD has given you the Sabbath; therefore on the sixth day He will give you two days’ worth of bread. Each of you stay where you are; no one is to leave his place on the seventh day.”
29 Gee aandag: aangesien הוהי vir julle die Shabbat gegee het, gee Hy vir julle op die sesde dag brood vir twee dae. Laat elkeen in sy plek bly; laat niemand op die sewende dag van sy blyplek af weggaan nie.”
30 So the people rested on the seventh day.
30 So het die volk op die sewende dag gerus.
31 The house of Israel named the substance manna. It resembled coriander seed, was white, and tasted like wafers made with honey.
31 Die huis van Yisra’el het dit ‘man hu’ genoem en dit was wit soos koljandersaad en dit het gesmaak soos wafelkoek met heuning gemaak.
32 Moses said, “This is what the LORD has commanded: ‘Two quarts of it are to be preserved throughout your generations, so that they may see the bread I fed you in the wilderness when I brought you out of the land of Egypt.’ ”
32 Toe sê Moshe: “Dit is wat הוהי beveel het: ’n `omer vol moet daarvan bewaar word vir julle geslagte sodat hulle die brood kan sien wat Ek julle in die wildernis laat eet het, toe Ek julle uit die land van
Mitzrayim uitgelei het.”
33 Moses told Aaron, “Take a container and put two quarts of manna in it. Then place it before the LORD to be preserved throughout your generations.”
33 Moshe sê vir Aharon: “Vat ’n pot en gooi ’n `omer vol ‘man hu’ daarin en sit dit voor הוהי neer, om dit vir julle geslagte te bewaar.”
34 As the LORD commanded Moses, Aaron placed it before the testimony to be preserved.
34 Soos הוהי Moshe beveel het, so het Aharon dit voor die Getuienis neergesit om bewaar te word.
35 The Israelites ate manna for 40 years, until they came to an inhabited land. They ate manna until they reached the border of the land of Canaan.
35 Die seuns van Yisra’el het die ‘man hu’ veertig jaar lank geëet totdat hulle in ’n bewoonde land gekom het. Hulle het ‘man hu’ geëet totdat hulle by die grens van die land Kena’an gekom het.
36 Two quarts are a tenth of an ephah.)
36 ’n `Omer is die tiende van ’n efa.

Exodus 17

1 The entire Israelite community left the Wilderness of Sin, moving from one place to the next according to the LORD's command. They camped at Rephidim, but there was no water for the people to drink.

1 Die hele vergadering van die seuns van Yisra'el het, volgens die bevel van יהוה, uitgetrek op hulle reis uit die wildernis van Sien en kamp opgeslaan in Refidim. Daar was geen water vir die volk om te drink nie.

2 So the people complained to Moses, "Give us water to drink." "Why are you complaining to me? " Moses replied to them. "Why are you testing the LORD? "

2 Die volk het daarom met Moshe geargumenteer en gesê: "Gee vir ons water om te drink." Moshe antwoord hulle: "Wat argumenteer julle met my? Waarom toets julle יהוה?"

3 But the people thirsted there for water, and grumbled against Moses. They said, "Why did you ever bring us out of Egypt to kill us and our children and our livestock with thirst? "

3 Die volk het daar gesmag na water en het teen Moshe gebrom en gesê: "Waarom het u ons uit Mitzrayim laat optrek om ons, ons seuns en ons vee van dors te laat doodgaan?"

4 Then Moses cried out to the LORD, "What should I do with these people? In a little while they will stone me! "

4 Moshe het uitgeroep na יהוה en gesê: "Wat moet ek met hierdie volk doen? Hulle is amper gereed om my te stenig."

5 The LORD answered Moses, "Go on ahead of the people and take some of the elders of Israel with you. Take the staff you struck the Nile with in your hand and go.

5 יהוה antwoord Moshe: "Gaan verby, voor die volk uit en vat van die oudstes van Yisra'el saam met jou. Vat ook in jou hand die staf, waarmee jy die rivier (Nyl) geslaan het, saam en gaan.

6 I am going to stand there in front of you on the rock at Horeb; when you hit the rock, water will come out of it and the people will drink." Moses did this in the sight of the elders of Israel.

6 Let op, Ek sal daar voor jou op die rots by Horev staan en jy moet die rots slaan en daar sal water uitkom sodat die volk kan drink." Moshe het so gedoen voor die oë van die oudstes van Yisra'el.

7 He named the place Massah and Meribah because the Israelites complained, and because they tested the LORD, saying, "Is the LORD among us or not? "

7 Hy het die plek Massah en M'rivah genoem vanweë die stryery van die seuns van Yisra'el en omdat hulle יהוה getoets het deur te sê: "Is יהוה tussen ons of nie?"

8 At Rephidim, Amalek came and fought against Israel.

8 `Amalek het gekom en by Refidim teen Yisra'el geveg.
9 Moses said to Joshua, "Select some men for us and go fight against Amalek. Tomorrow I will stand on the hilltop with God's staff in my hand."
9 Moshe het vir Y'hoshua gesê: "Kies sommige manne, trek uit en veg teen `Amalek. Môre sal ek op die top van die heuwel staan met die staf van God in my hand."
10 Joshua did as Moses had told him, and fought against Amalek, while Moses, Aaron, and Hur went up to the top of the hill.
10 Y'hoshua het gedoen soos Moshe vir hom gesê het en teen `Amalek geveg en Moshe, Aharon en Hur het opgeklim na die top van die heuwel.
11 While Moses held up his hand, Israel prevailed, but whenever he put his hand down, Amalek prevailed.
11 So het dit gebeur: terwyl Moshe sy hand ophou, was Yisra'el die sterkste, maar as hy sy hand laat sak, was `Amalek die sterkste.
12 When Moses' hands grew heavy, they took a stone and put it under him, and he sat down on it. Then Aaron and Hur supported his hands, one on one side and one on the other so that his hands remained steady until the sun went down.
12 Die hande van Moshe het swaar geword, toe vat hulle 'n klip en sit dit onder hom sodat hy daarop kon sit en Aharon en Hur het sy hande ondersteun, die een aan die een kant en die ander aan die anderkant. So het sy hande dan stewig gebly tot sononder.
13 So Joshua defeated Amalek and his army with the sword.
13 Y'hoshua het `Amalek en sy volk met die skerpte van die swaard verslaan.
14 The L**ORD** then said to Moses, "Write this down on a scroll as a reminder and recite it to Joshua: I will completely blot out the memory of Amalek under heaven."
14 יהוה sê vir Moshe: "Skryf dit as 'n herinnering in 'n boek en herhaal dit in die ore van Y'hoshua: Ek sal die gedagtenis van `Amalek heeltemal onder die hemel uitwis."
15 And Moses built an altar and named it, "The L**ORD** Is My Banner."
15 Moshe het 'n altaar gebou en dit genoem: "יהוה-Nissi (יהוה-my-Banier)"
16 He said, "Indeed, my hand is lifted up toward the L**ORD**'s throne. The L**ORD** will be at war with Amalek from generation to generation."
16 en gesê: "Yah het gesweer! יהוה sal oorlog maak teen `Amalek van geslag tot geslag."

Exodus 18

1 Moses' father-in-law Jethro, the priest of Midian, heard about everything that God had done for Moses and His people Israel, and how the L**ORD** had brought Israel out of Egypt.

1 Yitro, die nie-Levitiese priester van Midyan, Moshe se skoonvader, het alles gehoor wat God vir Moshe en vir Sy volk Yisra'el gedoen het; hoe יהוה Yisra'el uit Mitzrayim uitgebring het.
2 Now Jethro, Moses' father-in-law, had taken in Zipporah, Moses' wife, after he had sent her back,
2 Yitro, Moshe se skoonvader, het Tzipporah, die vrou van Moshe (nadat hy haar teruggestuur het)
3 along with her two sons, one of whom was named Gershom (because Moses had said, "I have been a foreigner in a foreign land")
3 en haar twee seuns, gevat. Die naam van die een was Gershom, want hy het gesê: 'Ek was 'n besoeker in 'n vreemde land;'
4 and the other Eliezer (because he had said, "The God of my father was my helper and delivered me from Pharaoh's sword").
4 en die naam van die ander was Eli'eser, want, het hy gesê, 'die God van my vader is my Hulp en het my van Farao se swaard bevry.'
5 Moses' father-in-law Jethro, along with Moses' wife and sons, came to him in the wilderness where he was camped at the mountain of God.
5 Yitro, Moshe se skoonvader, het met sy seuns en sy vrou na Moshe gekom in die wildernis waar hy by die berg van God kamp opgeslaan het.
6 He sent word to Moses, "I, your father-in-law Jethro, am coming to you with your wife and her two sons."
6 Hy het Moshe laat weet: "Ek, jou skoonvader Yitro, kom na jou toe met jou vrou en haar twee seuns saam met haar."
7 So Moses went out to meet his father-in-law, bowed down, and then kissed him. They asked each other how they had been and went into the tent.
7 Moshe het uitgegaan, sy skoonvader tegemoet en hy het neergebuig en hom gesoen en hulle het na mekaar se welstand gevra en in die tent ingegaan.
8 Moses recounted to his father-in-law all that the LORD had done to Pharaoh and the Egyptians for Israel's sake, all the hardships that confronted them on the way, and how the LORD delivered them.
8 Moshe het sy skoonvader alles vertel wat יהוה aan Farao en aan die Mitzrayiete, ter wille van Yisra'el, gedoen het; al die moeilikheid wat hulle op die pad teëgekom het en hoe יהוה hulle verlos het.
9 Jethro rejoiced over all the good things the LORD had done for Israel when He rescued them from the power of the Egyptians.
9 Yitro het hom verheug oor al die goedheid wat יהוה aan Yisra'el gedoen het, wat Hy uit die hand van die Mitzrayiete bevry het.
10 "Praise the LORD," Jethro exclaimed, "who rescued you from Pharaoh and the power of the Egyptians and snatched the people from the power of the Egyptians.
10 Yitro het gesê: "Geseënd is יהוה wat julle bevry het uit die hand van die Mitzrayiete en uit die hand van Farao, wat die volk van onder die hand van

die Mitzrayiete uit bevry het.
11 Now I know that Yahweh is greater than all gods, because He did wonders when the Egyptians acted arrogantly against Israel."
11 Nou weet ek dat הוהי groter is as al die gode, want in die presiese dinge waarin hulle trots opgetree het, is dit bewys."
12 Then Jethro, Moses' father-in-law, brought a burnt offering and sacrifices to God, and Aaron came with all the elders of Israel to eat a meal with Moses' father-in-law in God's presence.
12 Yitro, Moshe se skoonvader, het 'n brandoffer en slagoffers gebring tot eer van God en Aharon en al die oudstes van Yisra'el het gekom om saam met Moshe se skoonvader 'n maaltyd te eet voor die Teenwoordigheid van God.
13 The next day Moses sat down to judge the people, and they stood around Moses from morning until evening.
13 So was dit dat Moshe die volgende dag gesit het om te oordeel vir die volk en die volk het voor Moshe gestaan van die oggend af tot die aand toe.
14 When Moses' father-in-law saw everything he was doing for them he asked, "What is this thing you're doing for the people? Why are you alone sitting as judge, while all the people stand around you from morning until evening? "
14 Toe Moshe se skoonvader alles sien wat hy vir die volk doen, sê hy: "Wat is dit wat jy vir die volk doen? Waarom sit jy alleen as regter en die hele volk staan voor jou van die oggend af tot die aand toe?"
15 Moses replied to his father-in-law, "Because the people come to me to inquire of God.
15 Moshe antwoord sy skoonvader: "Omdat die volk na my toe kom om God te raadpleeg.
16 Whenever they have a dispute, it comes to me, and I make a decision between one man and another. I teach them God's statutes and laws."
16 As hulle 'n saak het, kom dit na my toe en ek oordeel tussen 'n man en sy naaste en maak die opdragte en wette van God bekend."
17 "What you're doing is not good," Moses' father-in-law said to him.
17 Moshe se skoonvader sê vir hom: "Die ding wat jy doen, is nie goed nie.
18 "You will certainly wear out both yourself and these people who are with you, because the task is too heavy for you. You can't do it alone.
18 Beide jy en die mense wat saam met jou is, sal heeltemal uitgeput raak, want die saak is 'n te groot las vir jou; jy kan dit nie alleen doen nie.
19 Now listen to me; I will give you some advice, and God be with you. You be the one to represent the people before God and bring their cases to Him.
19 Luister nou na my stem; ek sal jou raad gee en God sal met jou wees. Wees voor God vir die volk 'n verteenwoordiger en bring jy hulle sake voor God,
20 Instruct them about the statutes and laws, and teach them the way to live and what they must do.
20 leer hulle dan die opdragte en wette en maak hulle die pad bekend waarop hulle moet loop en die werk wat hulle moet doen.

21 But you should select from all the people able men, God-fearing, trustworthy, and hating bribes. Place them over the people as commanders of thousands, hundreds, fifties, and tens.
21 Meer nog jy moet uit die hele volk bekwame manne kies wat God respekvol vrees, manne van waarheid wat onregverdige wins haat en dié aanstel oor hulle as heersers oor ’n duisend, heersers oor ’n honderd, heersers oor vyftig en heersers oor tien
22 They should judge the people at all times. Then they can bring you every important case but judge every minor case themselves. In this way you will lighten your load, and they will bear it with you.
22 en hulle voortdurend oor die volk laat oordeel. Dit sal dan wees dat hulle al die groot sake na jou toe moet bring, maar in al die klein sake moet hulle self oordeel. Dit sal so makliker wees vir jou en hulle sal saam met jou die las dra.
23 If you do this, and God so directs you, you will be able to endure, and also all these people will be able to go home satisfied.”
23 As jy dit doen en God dit so beveel, dan sal jy kan uithou en sal ook al hierdie mense in vrede na hulle blyplek kan gaan.”
24 Moses listened to his father-in-law and did everything he said.
24 Moshe het geluister na sy skoonvader en alles gedoen wat hy gesê het.
25 So Moses chose able men from all Israel and made them leaders over the people as commanders of
thousands, hundreds, fifties, and tens.
25 Moshe het bekwame manne uit die hele Yisra’el gekies en hulle as hoofde oor die volk aangestel: heersers oor ’n duisend, oor ’n honderd, oor vyftig en oor tien.
26 They judged the people at all times; they would bring the hard cases to Moses, but they would judge every minor case themselves.
26 Hulle het voortdurend oor die volk geoordeel: die moeilike sake het hulle na Moshe gebring, maar in al die klein sake self geoordeel.
27 Then Moses said good-bye to his father-in-law, and he journeyed to his own land.
27 Moshe het sy skoonvader gegroet en hy het na sy land toe gegaan.

Exodus 19

1 In the third month, on the same day of the month that the Israelites had left the land of Egypt, they entered the Wilderness of Sinai.
1 In die derde maand nadat die kinders van Yisra’el uit die land van Mitzrayim uitgegaan het, op dieselfde dag, het hulle in die wildernis van Sinai gekom.
2 After they departed from Rephidim, they entered the Wilderness of Sinai and camped in the wilderness, and Israel camped there in front of the mountain.
2 Hulle het van Refidim af opgebreek, in die wildernis van Sinai gekom en in

die wildernis kamp opgeslaan. Yisra'el het daar voor die berg kamp opgeslaan.
3 Moses went up the mountain to God, and the LORD called to him from the mountain: "This is what you must say to the house of Jacob, and explain to the Israelites:
3 Moshe het opgeklim na God toe en הוהי het uitgeroep na hom van die berg af en gesê: "So moet jy vir die huis van Ya'akov sê en aan die seuns van Yisra'el vertel:
4 'You have seen what I did to the Egyptians and how I carried you on eagles' wings and brought you to Me.
4 Julle het gesien wat Ek aan die Mitzrayiete gedoen het en hoe Ek julle op arendsvlerke gedra en na My toe gebring het;
5 Now if you will listen to Me and carefully keep My covenant, you will be My own possession out of all the peoples, although all the earth is Mine,
5 daarom, as julle My stem sal gehoorsaam en My verbond nakom, sal julle 'n spesiale skat vir My bo al die volke wees, want die hele aarde is Myne.
6 and you will be My kingdom of priests and My holy nation.' These are the words that you are to say to the Israelites."
6 Július sal vir My 'n koninkryk van priesters en 'n afgesonderde nasie wees. Hierdie is die woorde wat jy vir die seuns van Yisra'el moet sê."
7 After Moses came back, he summoned the elders of the people and set before them all these words that the LORD had commanded him.
7 Moshe het gekom en die oudstes van die volk laat roep en hulle al hierdie woorde voorgehou wat הוהי hom beveel het.
8 Then all the people responded together, "We will do all that the LORD has spoken." So Moses brought the people's words back to the LORD.
8 Die hele volk het saam geantwoord en gesê: "Alles wat הוהי gesê het, sal ons doen." Moshe het die woorde van die volk teruggevat na הוהי toe.
9 The LORD said to Moses, "I am going to come to you in a dense cloud, so that the people will hear when I speak with you and will always believe you." Then Moses reported the people's words to the LORD.
9 הוהי het met Moshe gepraat: "Let op, Ek kom na jou toe in 'n dik wolk sodat die volk kan hoor as Ek met jou praat en jou vir altyd vertrou." Toe het Moshe die woorde van die volk aan הוהי oorgedra.
10 And the LORD told Moses, "Go to the people and consecrate them today and tomorrow. They must wash their clothes
10 הוהי het ook vir Moshe gesê: "Gaan na die volk toe en sonder hulle vandag en môre af en laat hulle hul klere was
11 and be prepared by the third day, for on the third day the LORD will come down on Mount Sinai in the sight of all the people.
11 en gereed wees vir die derde dag, want op die derde dag sal הוהי voor die oë van die hele volk op die berg Sinai afkom.

12 Put boundaries for the people all around the mountain and say: Be careful that you don't go up on the mountain or touch its base. Anyone who touches the mountain will be put to death.
12 Jy moet ook vir die volk grense rondom stel en sê: 'Pas op dat julle nie op die berg klim of sy voet aanraak nie. Elkeen wat die berg aanraak, sal sekerlik doodgemaak word.'
13 No hand may touch him; instead he will be stoned or shot with arrows. No animal or man will live. When the ram's horn sounds a long blast, they may go up the mountain."
13 Geen hand mag aan hom raak nie, maar hy moet gestenig word met klippe of met 'n pyl geskiet word; of dit 'n dier of 'n mens is; hy mag nie lewe nie. As die ramshoring 'n lang geluid blaas, mag hulle opgaan na die berg."
14 Then Moses came down from the mountain to the people and consecrated them, and they washed their clothes.
14 Moshe het van die berg af na die volk toe gegaan en die volk afgesonder en hulle het hul klere gewas.
15 He said to the people, "Be prepared by the third day. Do not have sexual relations with women."
15 Hy het vir die volk gesê: "Wees gereed vir die derde dag; moenie by julle vrouens kom nie."
16 On the third day, when morning came, there was thunder and lightning, a thick cloud on the mountain, and a loud trumpet sound, so that all the people in the camp shuddered.
16 Dit het op die derde dag, met die breek van die dag, gebeur dat daar harde stemme en weerlig en 'n swaar wolk op die berg was en die klank van 'n baie harde ramshoring sodat die hele volk wat in die
kamp was, gebewe het.
17 Then Moses brought the people out of the camp to meet God, and they stood at the foot of the mountain.
17 Moshe het die volk uit die kamp uitgelei om God te ontmoet en hulle het gaan staan by die voet van die berg.
18 Mount Sinai was completely enveloped in smoke because the L**ORD** came down on it in fire. Its smoke went up like the smoke of a furnace, and the whole mountain shook violently.
18 Die hele berg Sinai was in rook omdat יהוה in 'n vuur daarop afgekom het. Sy rook het opgetrek soos die rook van 'n hoogoond en die hele berg het vreeslik geskud.
19 As the sound of the trumpet grew louder and louder, Moses spoke and God answered him in the thunder.
19 Toe die klank van die ramshoring aangehou het en uitermate harder geword het, het Moshe gepraat en God het hom met 'n harde stem geantwoord.
20 The L**ORD** came down on Mount Sinai at the top of the mountain. Then the L**ORD** summoned Moses to the top of the mountain, and he went up.

20 יהוה het afgekom op die berg Sinai, op die top van die berg en יהוה het Moshe na die top van die berg geroep en Moshe het opgegaan.
21 The LORD directed Moses, "Go down and warn the people not to break through to see the LORD; otherwise many of them will die.
21 יהוה het vir Moshe gesê: "Gaan af, waarsku die volk dat hulle nie moet deurbreek om יהוה te sien en baie van hulle doodgaan nie.
22 Even the priests who come near the LORD must purify themselves or the LORD will break out in anger against them."
22 Laat ook die priesters wat naby יהוה kom, hulleself afsonder sodat יהוה nie teen hulle uitbreek nie."
23 But Moses responded to the LORD, "The people cannot come up Mount Sinai, since You warned us: Put a boundary around the mountain and consider it holy."
23 Moshe sê vir יהוה: "Die volk kan nie op die berg Sinai kom nie, want U het ons self gewaarsku en gesê: 'Grens die berg af en sonder dit af '."
24 And the LORD replied to him, "Go down and come back with Aaron. But the priests and the people must not break through to come up to the LORD, or He will break out in anger against them."
24 יהוה sê vir hom: "Gaan. Gaan af en kom weer terug, jy en Aharon saam met jou, maar die priesters en die volk mag nie deurbreek na יהוה toe nie sodat Hy nie teen hulle uitbreek nie."
25 So Moses went down to the people and told them.
25 Moshe het na die volk toe afgegaan en met hulle gepraat.

Exodus 20

1 Then God spoke all these words:
1 God het al hierdie woorde gepraat en gesê:
2 I am the LORD your God, who brought you out of the land of Egypt, out of the place of slavery.
2 "Ek is יהוה, jou God, wat jou uit die land van Mitzrayim, uit die huis van slawerny, uitgelei het.
3 Do not have other gods besides Me.
3 Jy mag geen ander gode voor My hê nie.
4 Do not make an idol for yourself, whether in the shape of anything in the heavens above or on the earth below or in the waters under the earth.
4 Jy mag vir jou geen afgod of enige verpersoonliking maak van wat bo in die hemele is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie.
5 You must not bow down to them or worship them; for I, the LORD your God, am a jealous God, punishing the children for the fathers' sin, to the third

and fourth generations of those who hate Me,
5 Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie, want Ek, יהוה, jou God, is ’n jaloerse Magtige God wat die oortredinge van die vaders besoek aan die seuns, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat,
6 but showing faithful love to a thousand generations of those who love Me and keep My commands.
6 maar omgee wys aan duisende, aan dié wat My liefhet en My opdragte uitvoer.
7 Do not misuse the name of the LORD your God, because the LORD will not leave anyone unpunished who misuses His name.
7 Jy mag die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה, jou God, nie valslik gebruik nie, want יהוה sal die een wat Sy Naam valslik gebruik, nie ongestraf laat bly nie.
8 Remember the Sabbath day, to keep it holy:
8 Onthou om die Shabbatdag afgesonderd te hou.
9 You are to labor six days and do all your work,
9 Ses dae moet jy werk en al jou besigheid doen,
10 but the seventh day is a Sabbath to the LORD your God. You must not do any work — you, your son or daughter, your male or female slave, your livestock, or the foreigner who is within your gates.
10 maar die sewende dag is ’n Shabbat van יהוה, jou God; dan mag jy géén besigheid doen nie; nie jy of
jou seun of jou dogter, of jou slaaf of jou slavin, of jou vee of jou besoeker wat by jou bly nie,
11 For the LORD made the heavens and the earth, the sea, and everything in them in six days; then He rested on the seventh day. Therefore the LORD blessed the Sabbath day and declared it holy.
11 want in ses dae het יהוה die hemele en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is en op die sewende dag het Hy gerus; daarom het יהוה die Shabbatdag geseën en dit afgesonder.
12 Honor your father and your mother so that you may have a long life in the land that the LORD your God is giving you.
12 Eer jou vader en jou moeder sodat jou dae verleng mag word in die land wat יהוה, jou God, aan jou gee.
13 Do not murder.
13 Jy mag nie moord pleeg nie.
14 Do not commit adultery.
14 Jy mag nie egbreuk pleeg nie.
15 Do not steal.
15 Jy mag nie steel nie.
16 Do not give false testimony against your neighbor.

16 Jy mag nie vals getuig teen jou naaste nie.
17 Do not covet your neighbor's house. Do not covet your neighbor's wife, his male or female slave, his ox or donkey, or anything that belongs to your neighbor.
17 Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie; jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, of sy slaaf, of sy slavin, of sy os, of sy donkie, of iets wat aan jou naaste behoort nie."
18 All the people witnessed the thunder and lightning, the sound of the trumpet, and the mountain surrounded by smoke. When the people saw it they trembled and stood at a distance.
18 Die hele volk het die stemme gehoor, die blitse, die klank van die ramshoring en die rokende berg gesien. Toe die volk dit sien het hulle gebewe en op 'n afstand bly staan.
19 "You speak to us, and we will listen," they said to Moses, "but don't let God speak to us, or we will die."
19 Hulle het vir Moshe gesê: "Praat u self met ons en ons sal luister, maar laat God nie met ons praat nie sodat ons nie sterf nie.
20 Moses responded to the people, "Don't be afraid, for God has come to test you, so that you will fear Him and will not sin."
20 Moshe sê vir die volk: "Moenie bang wees nie, want God het gekom om julle te toets en sodat Sy vrees by julle kan bly sodat julle nie sondig nie."
21 And the people remained standing at a distance as Moses approached the thick darkness where God was.
21 Die volk het op 'n afstand bly staan, maar Moshe het nader gegaan na die dik wolk waar God was.
22 Then the L**ORD** told Moses, "This is what you are to say to the Israelites: You have seen that I have spoken to you from heaven.
22 יהוה sê vir Moshe: "So moet jy vir die seuns van Yisra'el sê: "Julle het self gesien dat Ek met julle van die hemele af gepraat het.
23 You must not make gods of silver to rival Me; you must not make gods of gold for yourselves.
23 Julle mag nie vir julleself langs My, gode van silwer en gode van goud maak nie.
24 "You must make an earthen altar for Me and sacrifice on it your burnt offerings and fellowship offerings, your sheep and goats, as well as your cattle. I will come to you and bless you in every place where I cause My name to be remembered.
24 'n Altaar van grond moet jy vir My maak en daarop moet jy jou brandoffers en vredesoffers, jou kleinvee en jou beeste, offer. Op elke plek waar Ek My Naam (Karakter en Outoriteit) sal laat onthou, sal Ek na jou toe kom en jou seën.
25 If you make a stone altar for Me, you must not build it out of cut stones. If you use your chisel on it, you will defile it.
25 As jy vir My 'n klip altaar maak, mag jy dit nie bou van gekapte klip nie,

want as jy jou gereedskap daaroor swaai, dan skend jy dit.
26 You must not go up to My altar on steps, so that your nakedness is not exposed on it.
26 Jy mag ook nie met trappe na My altaar toe opgaan dat jou skaamte daaroor ontbloot word nie."

Exodus 21

1 "These are the ordinances that you must set before them:
1 "Hierdie is die regsuitsprake wat jy hulle moet voorhou:
2 "When you buy a Hebrew slave, he is to serve for six years; then in the seventh he is to leave as a free man without paying anything.
2 as jy 'n Hebreeuse slaaf koop, moet hy ses jaar lank dien, maar in die sewende moet hy vry weggaan sonder om te betaal.
3 If he arrives alone, he is to leave alone; if he arrives with a wife, his wife is to leave with him.
3 As hy alleen kom, moet hy alleen weggaan; as hy getroud is, moet sy vrou saam met hom weggaan.
4 If his master gives him a wife and she bears him sons or daughters, the wife and her children belong to her master, and the man must leave alone.
4 As sy meester aan hom 'n vrou gee en sy vir hom geboorte gee aan seuns of dogters, moet die vrou met haar kinders haar meester se eiendom wees en hy moet alleen weggaan,
5 "But if the slave declares: 'I love my master, my wife, and my children; I do not want to leave as a free man,'
5 maar as die slaaf duidelik sê: 'Ek het my meester, my vrou en my kinders lief; ek wil nie as 'n vry man weggaan nie,'
6 his master is to bring him to the judges and then bring him to the door or doorpost. His master must pierce his ear with an awl, and he will serve his master for life.
6 dan moet sy meester hom na God toe bring, asook na die deur of die kosyn toe bring en sy meester moet sy oor met 'n els deurboor en hy moet hom vir altyd dien.
7 "When a man sells his daughter as a slave, she is not to leave as the male slaves do.
7 As 'n man sy dogter as slavin verkoop, mag sy nie soos die slawe vry weggaan nie.
8 If she is displeasing to her master, who chose her for himself, then he must let her be redeemed. He has no right to sell her to foreigners because he has acted treacherously toward her.
8 As sy nie aanvaarbaar gevind word in die oog van haar meester wat haar vir homself uitgehou het nie, moet hy haar laat loskoop. Hy het nie outoriteit om haar aan 'n vreemde volk te verkoop nie omdat hy ontrou teenoor haar opgetree het.

9 Or if he chooses her for his son, he must deal with her according to the customary treatment of daughters.
9 As hy haar aan sy seun verloof het, moet hy met haar handel volgens die gebruik van dogters;
10 If he takes an additional wife, he must not reduce the food, clothing, or marital rights of the first wife.
10 as hy vir hom ’n ander een vat, mag hy haar kos, haar klere en haar huweliksplig (seksuele gemeenskap) nie verminder nie
11 And if he does not do these three things for her, she may leave free of charge, without any exchange of money.
11 en as hy nie hierdie drie dinge vir haar doen nie, kan sy vry weggaan, sonder om te betaal.
12 “Whoever strikes a person so that he dies must be put to death.
12 Hy wat ’n mens slaan dat hy doodgaan, moet die dood sterf.
13 But if he didn’t intend any harm, and yet God caused it to happen by his hand, I will appoint a place for you where he may flee.
13 As hy egter nie daarvoor lê en wag het nie, maar God hom in sy hand laat val het, dan sal Ek vir jou ’n plek aanwys waarheen hy mag vlug,
14 If a person schemes and willfully acts against his neighbor to murder him, you must take him from My altar to be put to death.
14 maar as ’n man met voorbedagte rade teen sy naaste optree, om hom met misleiding dood te maak, moet jy hom selfs van My altaar af wegvat dat hy sal sterf.
15 “Whoever strikes his father or his mother must be put to death.
15 Hy wat sy vader of moeder slaan, moet die dood sterf.
16 “Whoever kidnaps a person must be put to death, whether he sells him or the person is found in his possession.
16 Hy wat ’n mens steel en hom verkoop, of as hy in sy besit gekry word, dié moet die dood sterf.
17 “Whoever curses his father or his mother must be put to death.
17 Hy wat sy vader of moeder vloek, moet die dood sterf.
18 “When men quarrel and one strikes the other with a stone or his fist, and the injured man does not die but is confined to bed,
18 As manne stry en die een die ander met ’n klip of met die vuis slaan sodat hy nie doodgaan nie, maar bedlêend word;
19 if he can later get up and walk around outside leaning on his staff, then the one who struck him will be exempt from punishment. Nevertheless, he must pay for his lost work time and provide for his complete recovery.
19 as hy weer opstaan en buite met sy staf rondloop, moet hy wat hom geslaan het, vrygestel word; net sy tydverlies moet hy vergoed en voorsien dat hy van sy beserings genees.
20 “When a man strikes his male or female slave with a rod, and the slave dies under his abuse, the owner must be punished.
20 As iemand sy slaaf of slavin met ’n stok slaan dat dié onder sy hand sterwe,

moet wraak geneem word om dit te wreek,
21 However, if the slave can stand up after a day or two, the owner should not be punished because he is his owner’s property.
21 maar as hy ná een of twee dae nog lewe, moet dit nie gewreek word nie, want hy is deel van sy eiendom.
22 “When men get in a fight and hit a pregnant woman so that her children are born prematurely but there is no injury, the one who hit her must be fined as the woman’s husband demands from him, and he must pay according to judicial assessment.
22 As manne met mekaar baklei en ’n swanger vrou so stamp dat haar kind afkom, maar sonder skade, moet hy ’n boete betaal volgens wat die man van die vrou van hom verwag en hy moet dit betaal volgens wat die regters besluit,
23 If there is an injury, then you must give life for life,
23 maar as daar enige verdere skade is, dan moet jy as straf lewe vir lewe aanwys,
24 eye for eye, tooth for tooth, hand for hand, foot for foot,
24 oog vir oog, tand vir tand, hand vir hand, voet vir voet,
25 burn for burn, bruise for bruise, wound for wound.
25 brandplek vir brandplek, wond vir wond, merk vir merk.
26 “When a man strikes the eye of his male or female slave and destroys it, he must let the slave go free in compensation for his eye.
26 As iemand sy slaaf of slavin op die oog slaan en hy dit vernietig, moet hy hom vry laat weggaan vir sy oog.
27 If he knocks out the tooth of his male or female slave, he must let the slave go free in compensation for his tooth.
27 As hy die tand van sy slaaf of van sy slavin uitslaan, moet hy hom vry laat weggaan vir sy tand.
28 “When an ox gores a man or a woman to death, the ox must be stoned, and its meat may not be
eaten, but the ox’s owner is innocent.
28 As ’n bees ’n man of ’n vrou deurboor sodat hy sterf, moet die bees met klippe tot die dood gestenig word en sy vleis mag nie geëet word nie, maar die eienaar van die bees sal vry wees,
29 However, if the ox was in the habit of goring, and its owner has been warned yet does not restrain it, and it kills a man or a woman, the ox must be stoned, and its owner must also be put to death.
29 maar as die bees tevore al met sy horings gestoot het en sy eienaar gewaarsku is, maar dit nie ingeperk het nie en dit ’n man of ’n vrou doodmaak, moet die bees gestenig word en sy eienaar moet ook gedood word.
41 But Moses responded, "Why are you going against the LORD's command? It won't succeed.
41 Moshe het gesê: "Waarom oortree julle die opdrag van הוהי, want dit sal nie voorspoedig wees nie?
42 Don't go, because the LORD is not among you and you will be defeated by your enemies.
42 Moenie optrek nie sodat julle nie voor julle vyande verslaan word nie, want הוהי is nie tussen julle nie,
43 The Amalekites and Canaanites are right in front of you, and you will fall by the sword. The LORD won't be with you, since you have turned from following Him."
43 want die `Amalekiete en die Kena'aniete is daar voor julle en julle sal deur die swaard val, want julle het van הוהי af weggedraai; הוהי is nie by julle nie!"
44 But they dared to go up the ridge of the hill country, even though the ark of the LORD's covenant and Moses did not leave the camp.
44 Nogtans het hulle in vermetelheid opgegaan na die top van die berg, maar die verbondsark van הוהי en Moshe het nie uit die kamp uitgegaan nie.
45 Then the Amalekites and Canaanites who lived in that part of the hill country came down, attacked them, and routed them as far as Hormah.
45 Die `Amalekiete en die Kena'aniete wat in dié berge gebly het, het afgekom en hulle verslaan en hulle verstrooi tot by Hormah.

Number15
1 The LORD instructed Moses:
1 הוהי het met Moshe gepraat en gesê:
2 "Speak to the Israelites and tell them: When you enter the land I am giving you to settle in,
2 "Praat met die seuns van Yisra'el en sê vir hulle: 'As julle in die land kom waar julle moet bly, wat Ek vir julle gee
3 and you make a fire offering to the LORD from the herd or flock — either a burnt offering or a sacrifice, to fulfill a vow, or as a freewill offering, or at your appointed festivals — to produce a pleasing aroma for the LORD,

3 en julle ’n offer deur vuur tot הוהי wil bring, ’n brandoffer of ’n offerande om ’n belofte te vervul, of as ’n vrywillige offer of by julle vasgestelde tye, om vir הוהי ’n aangename geur te bring, van beeste of van kleinvee,
4 the one presenting his offering to the LORD must also present a grain offering of two quarts of fine flour mixed with a quart of oil.
4 dan moet die een wat sy offer aan הוהי bring, ’n tiende van ’n efa fyn meel, gemeng met ’n kwart hin olie, as graanoffer bring
5 Prepare a quart of wine as a drink offering with the burnt offering or sacrifice of each lamb.
5 en ’n kwart hin wyn as ’n drankoffer. Dit moet vir elke lam by die brandoffer of vir die offer voorberei word.
6 “If you prepare a grain offering with a ram, it must be four quarts of fine flour mixed with a third of a gallon of oil.
6 Of, vir ’n ram moet jy twee-tiendes van ’n efa fyn meel, met ’n derde van ’n hin olie gemeng, as graanoffer voorberei
7 Also present a third of a gallon of wine for a drink offering as a pleasing aroma to the LORD.
7 en ’n derde van ’n hin wyn moet jy as aangename geur tot הוהי bring vir die drankoffer.
8 “If you prepare a young bull as a burnt offering or as a sacrifice, to fulfill a vow, or as a fellowship offering to the LORD,
8 As jy ’n bul as brandoffer bring of ’n offer voorberei om ’n spesiale belofte te vervul, of as vredesoffer tot הוהי,
9 a grain offering of six quarts of fine flour mixed with two quarts of oil must be presented with the bull.
9 moet jy by die bul drie-tiendes van ’n efa fyn meel met ’n half hin olie gemeng, as graanoffer bring.
10 Also present two quarts of wine as a drink offering. It is a fire offering of pleasing aroma to the LORD.
10 Vir die drankoffer moet jy ’n half hin wyn bring, as ’n offer, deur vuur, met ’n aangename geur tot הוהי.
11 This is to be done for each ox, ram, lamb, or goat.
11 So moet gedoen word vir elke bees of ram of by ’n lam van die skape of die bokke.
12 This is how you must prepare each of them, no matter how many.
12 Volgens die aantal wat julle voorberei, so moet julle doen by elkeen volgens die hoeveelheid.
13 “Every Israelite is to prepare these things in this way when he presents a fire offering as a pleasing aroma to the LORD.
13 Elke kind van die land moet hierdie dinge op hierdie manier doen, om ’n offer, deur vuur, met ’n aangename geur, aan הוהי te bring.
14 When a foreigner resides with you or someone else is among you and

wants to prepare a fire offering as a pleasing aroma to the LORD, he is to do exactly as you do throughout your generations.
14 As ’n besoeker in die geslagte wat kom by julle bly, of hy wat onder julle is en ’n offer, deur vuur, met ’n aangename geur vir הוהי voorberei, moet hy net soos julle doen, so moet hy doen.
15 The assembly is to have the same statute for both you and the foreign resident as a permanent statute throughout your generations. You and the foreigner will be alike before the LORD.
15 Een en dieselfde instelling geld vir julle in die vergadering en vir die besoeker wat by julle bly. Dit is ’n ewige instelling regdeur julle geslagte: soos dit vir julle is, so moet dit vir die besoeker voor הוהי wees.
16 The same law and the same ordinance will apply to both you and the foreigner who resides with you.”
16 Daar moet een wet en een beslissing geld vir julle en vir die besoeker wat by julle bly.’”
17 The LORD instructed Moses:
17 הוהי het met Moshe gepraat en gesê:
18 “Speak to the Israelites and tell them: After you enter the land where I am bringing you,
18 “Praat met die seuns van Yisra’el en sê vir hulle: ‘Wanneer julle in die land kom waarheen Ek julle bring,
19 you are to offer a contribution to the LORD when you eat from the food of the land.
19 dan sal dit wees, wanneer julle die brood van die land eet, julle ’n opligoffer aan הוהי sal offer.
20 You are to offer a loaf from your first batch of dough as a contribution; offer it just like a contribution from the threshing floor.
20 Julle moet ’n koek van die eerste deeg as ’n opligoffer bring; soos ’n opligoffer van die dorsvloer, so moet julle dit offer.
21 Throughout your generations, you are to give the LORD a contribution from the first batch of your dough.
21 Van die eerste van julle deeg moet julle ’n opligoffer aan הוהי offer, regdeur al julle geslagte.
22 “When you sin unintentionally and do not obey all these commands that the LORD spoke to Moses —
22 As julle onbepland oortree en nie al hierdie opdragte doen wat הוהי vir Moshe gesê het nie,
23 all that the LORD has commanded you through Moses, from the day the LORD issued the commands and onward throughout your generations —
23 alles wat הוהי julle deur Moshe beveel het van die dag af dat הוהי opdrag gegee het en verder aan in julle geslagte,
24 and if it was done unintentionally without the community’s awareness, the

entire community is to prepare one young bull for a burnt offering as a pleasing aroma to the LORD, with its grain offering and drink offering according to the regulation, and one male goat as a sin offering.
24 dan moet dit wees, as dit onbewus gedoen is, sonder die wete van die vergadering, dat die hele vergadering een bul offer as ’n brandoffer, as ’n aangename geur tot יהוה, met die graanoffer en die drankoffer wat volgens voorskrif daarby hoort en een bokram as sondoffer.
25 The priest must then make atonement for the entire Israelite community so that they may be forgiven, for the sin was unintentional. They are to bring their offering, one made by fire to the LORD, and their sin offering before the LORD for their unintentional sin.
25 So sal die priester toedekking doen vir die hele vergadering van die seuns van Yisra’el en dit sal hulle vergewe word, want dit was ’n fout en húlle het hul offer en hul sondoffer as ’n offer, deur vuur, tot יהוה geoffer, vir hulle onbeplande sonde.
26 The entire Israelite community and the foreigner who resides among them will be forgiven, since it happened to all the people unintentionally.
26 Dit sal vir die hele vergadering van die seuns van Yisra’el, asook die besoeker wat tussen hulle bly, vergewe word, want al die mense het dit onbepland gedoen.
27 “If one person sins unintentionally, he is to present a year-old female goat as a sin offering.
27 As ’n persoon onbepland sondig, moet dié ’n bokooi in haar eerste jaar as sondoffer bring.
28 The priest must then make atonement before the LORD on behalf of the person who acts in error sinning unintentionally, and when he makes atonement for him, he will be forgiven.
28 So moet die priester dan toedekking doen vir die persoon wat onbepland sondig, wanneer hy onbepland sondig voor יהוה, om vir hom toedekking te doen en dit sal hom vergewe word.
29 You are to have the same law for the person who acts in error, whether he is an Israelite or a foreigner who lives among you.
29 Jy sal een wet hê vir die een wat onbepland sondig, vir die kind van die land onder die seuns van Yisra’el en die besoeker wat tussen hulle bly,
30 “But the person who acts defiantly, whether native or foreign resident, blasphemes the LORD. That person is to be cut off from his people.
30 maar die persoon wat iets wetend doen, van die kinders van die land of van die besoeker, hy bespot יהוה en dié persoon moet afgesny word uit sy volk uit,
31 He will certainly be cut off, because he has despised the LORD’s word and broken His command; his guilt remains on him.”
31 want hy het die woord van יהוה verwerp en Sy opdrag verbreek. Dié persoon moet volkome afgesny word; sy skuld sal op hom wees.’”

32 While the Israelites were in the wilderness, they found a man gathering wood on the Sabbath day.
32 Terwyl die seuns van Yisra'el in die wildernis was, het hulle 'n man gekry wat op die Shabbatdag hout bymekaarmaak.
33 Those who found him gathering wood brought him to Moses, Aaron, and the entire community.
33 Die wat hom gekry het terwyl hy hout bymekaarmaak, het hom na Moshe, Aharon en na die hele vergadering gebring.
34 They placed him in custody because it had not been decided what should be done to him.
34 Hulle het hom onder bewaking geplaas, want dit was nie verklaar wat met hom gedoen moes word nie.
35 Then the LORD told Moses, "The man is to be put to death. The entire community is to stone him outside the camp."
35 הוהי sê vir Moshe: "Die man moet tot die dood tereggestel word; die hele vergadering moet hom buitekant die kamp met klippe stenig;"
36 So the entire community brought him outside the camp and stoned him to death, as the LORD had commanded Moses.
36 daarom, soos הוהי Moshe beveel het, het die hele vergadering hom buitekant die kamp uitgebring en hom met klippe gestenig tot hy dood is.
37 The LORD said to Moses,
37 הוהי het met Moshe gepraat en gesê:
38 "Speak to the Israelites and tell them that throughout their generations they are to make tassels for the corners of their garments, and put a blue cord on the tassel at each corner.
38 "Praat met die seuns van Yisra'el en sê vir hulle, hulle moet vir hulle tossels maak aan die some van hul bo-klere, deur al hulle geslagte heen en hulle moet aan die tossel van elke soom 'n tou van blou stof vasbind.
39 These will serve as tassels for you to look at, so that you may remember all the LORD's commands and obey them and not become unfaithful by following your own heart and your own eyes.
39 Die tossels sal wees sodat julle daarna kan kyk en al die opdragte van הוהי onthou en dit doen en nie agter dit aangaan waarna julle hart en jul oë aan hoereer nie
40 This way you will remember and obey all My commands and be holy to your God.
40 sodat julle kan onthou om al My opdragte te doen en vir julle God afgesonder te wees.
41 I am Yahweh your God who brought you out of the land of Egypt to be your God; I am Yahweh your God."
41 Ek is הוהי, julle God, wat julle uit Mitzrayim uitgebring het om vir julle 'n God te wees. Ek is הוהי, julle God."

1 Now Korah son of Izhar, son of Kohath, son of Levi, with Dathan and Abiram, sons of Eliab, and On son of Peleth, sons of Reuben, took
1 Korag, die seun van Yitz'har, die seun van K'hat, die seun van Levi, saam met Datan en Aviram, seuns van Eli'av, met On, die seun van Pelet, seuns van Re'uven, het aksie geneem
2 250 prominent Israelite men who were leaders of the community and representatives in the assembly, and they rebelled against Moses.
2 en hulle het opgestaan voor Moshe, saam met sommige van die seuns van Yisra'el, twee honderd en vyftig leiers van die vergadering, verteenwoordigers, manne van naam.
3 They came together against Moses and Aaron and told them, "You have gone too far! Everyone in the entire community is holy, and the LORD is among them. Why then do you exalt yourselves above the LORD's assembly? "
3 Hulle het bymekaargekom teen Moshe en Aharon en vir hulle gesê: "Julle het ver genoeg gegaan, want die hele vergadering is afgesonderd, elke een van hulle en יהוה is tussen hulle! Waarom verhoog julle julself bo die vergadering van יהוה?"
4 When Moses heard this, he fell facedown.
4 Toe Moshe dit hoor, het hy op sy gesig neergeval
5 Then he said to Korah and all his followers, "Tomorrow morning the LORD will reveal who belongs to Him, who is set apart, and the one He will let come near Him. He will let the one He chooses come near Him.
5 en hy het met Korag en sy hele groep gepraat en gesê: "Môre-oggend sal יהוה wys wie Syne is en wie afgesonder is en Hy sal hom laat naderkom na Hom. Die een wat Hy kies, sal Hy laat naderkom na Hom toe.
6 Korah, you and all your followers are to do this: take firepans, and tomorrow
6 Doen dit: neem vir julle vuurpanne, Korag en julle hele groep,
7 place fire in them and put incense on them before the LORD. Then the man the LORD chooses will be the one who is set apart. It is you Levites who have gone too far! "
7 gooi vuur in hulle en lê reukwerk daarop voor die Teenwoordigheid van יהוה; dan sal dit wees dat die een wat יהוה kies, die afgesonderde sal wees. Julle het ver genoeg gegaan, julle seuns van Levi!"
8 Moses also told Korah, "Now listen, Levites!
8 Moshe het vir Korag gesê: "Luister nou, julle seuns van Levi!
9 Isn't it enough for you that the God of Israel has separated you from the Israelite community to bring you near to Himself, to perform the work at the LORD's tabernacle, and to stand before the community to minister to them?
9 Is dit nie genoeg vir julle dat die God van Yisra'el julle afgesonder het uit die

vergadering van Yisra'el om julle nader na Hom te laat kom, om die werk van יהוה se tabernakel te doen en voor die vergadering te staan om hulle te dien nie
10 He has brought you near, and all your fellow Levites who are with you, but you are seeking the priesthood as well.
10 en dat Hy jou nader aan Homself laat kom het, jy en al jou broers, die seuns van Levi, saam met jou nie? Begeer jy nou ook die priestersamp?
11 Therefore, it is you and all your followers who have conspired against the LORD! As for Aaron, who is he that you should complain about him? "
11 Om hierdie rede is jy en jou hele groep saam teen יהוה vergader; wat is Aharon dat julle teen hom kla?"
12 Moses sent for Dathan and Abiram, the sons of Eliab, but they said, "We will not come!
12 Moshe het gestuur om Datan en Aviram, die seuns van Eli'av, te laat roep, maar hulle het gesê: "Ons sal nie opkom nie.
13 Is it not enough that you brought us up from a land flowing with milk and honey to kill us in the wilderness? Do you also have to appoint yourself as ruler over us?
13 Is dit nie genoeg dat jy ons uit 'n land wat vloei met melk en heuning laat opkom het om ons in die wildernis te laat doodgaan nie, maar jy wil ook baas speel oor ons?
14 Furthermore, you didn't bring us to a land flowing with milk and honey or give us an inheritance of fields and vineyards. Will you gouge out the eyes of these men? We will not come! "
14 Meer nog, jy het ons nie gebring in 'n land wat vloei met melk en heuning en vir ons geen lande en wingerde as erfdeel gegee nie. Wil jy die oë van hierdie manne uitgrou? Ons sal nie opkom nie."
15 Then Moses became angry and said to the LORD, "Don't respect their offering. I have not taken one donkey from them or mistreated a single one of them."
15 Moshe was baie kwaad en het vir יהוה gesê: "Respekteer nie hulle offer nie. Ek het nie een donkie van hulle gevat en nie enige een van hulle skade aangedoen nie."
16 So Moses told Korah, "You and all your followers are to appear before the LORD tomorrow — you, they, and Aaron.
16 Moshe het vir Korag gesê: "Jy en jou hele groep, sorg dat julle môre voor die Teenwoordigheid van יהוה is, jy en hulle en Aharon
17 Each of you is to take his firepan, place incense on it, and present his firepan before the LORD — 250 firepans. You and Aaron are each to present your firepan also."
17 en neem julle elkeen sy vuurpan en gooi daar reukwerk op en elkeen bring sy vuurpan voor die Teenwoordigheid van יהוה, twee honderd en vyftig

vuurpanne; ook jy en Aharon, elkeen met sy vuurpan."
18 Each man took his firepan, placed fire in it, put incense on it, and stood at the entrance to the tent of meeting along with Moses and Aaron.
18 Elke man het sy vuurpan gevat, vuur daarin gegooi, reukwerk daarop gelê en hulle het gaan staan by die ingang van die Tent van Ontmoeting, asook Moshe en Aharon.
19 After Korah assembled the whole community against them at the entrance to the tent of meeting, the glory of the LORD appeared to the whole community.
19 Korag het die hele vergadering teen hulle laat vergader by die ingang van die Tent van Ontmoeting. Die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van הוהי het aan die hele vergadering verskyn.
20 The LORD spoke to Moses and Aaron,
20 הוהי het met Moshe en Aharon gepraat en gesê:
21 "Separate yourselves from this community so I may consume them instantly."
21 "Sonder julle af vanuit hierdie vergadering en Ek sal hulle in 'n oomblik verteer."
22 But Moses and Aaron fell facedown and said, "God, God of the spirits of all flesh, when one man sins, will You vent Your wrath on the whole community? "
22 Hulle het op hul gesigte geval en gesê: "O Magtige God, God van die geeste van alle vlees! Sal een man sondig en U vir die hele vergadering kwaad word?"
23 The LORD replied to Moses,
23 הוהי het met Moshe gepraat en gesê:
24 "Tell the community: Get away from the dwellings of Korah, Dathan, and Abiram."
24 "Praat met die vergadering en sê: 'Kom weg rondom die tente van Korag, Datan en Aviram!' "
25 Moses got up and went to Dathan and Abiram, and the elders of Israel followed him.
25 Moshe het opgestaan en na Datan en Aviram gegaan en die oudstes van Yisra'el het hom gevolg.
26 He warned the community, "Get away now from the tents of these wicked men. Don't touch anything that belongs to them, or you will be swept away because of all their sins."
26 Hy het met die vergadering gepraat en gesê: "Gaan nou weg van die tente van hierdie bose oortreders en raak nie aan iets wat aan hulle behoort nie, anders sal julle in al hulle sondes weggesleep word."
27 So they got away from the dwellings of Korah, Dathan, and Abiram. Meanwhile, Dathan and Abiram came out and stood at the entrance of their tents with their wives, children, and infants.

27 Hulle het weggegaan rondom die tente van Korag, Datan en Aviram, maar Datan en Aviram het uitgekom en by die deur van hulle tente gaan staan saam met hulle vroue, seuns en klein kinders.
28 Then Moses said, “This is how you will know that the LORD sent me to do all these things and that it was not of my own will:
28 Moshe het gesê: “Hieraan sal julle weet dat הוהי my gestuur het om al hierdie werke te doen, want ek het hulle nie uit my eie gedoen nie:
29 If these men die naturally as all people would, and suffer the fate of all, then the LORD has not sent me.
29 as hierdie mense sterf soos alle mense of met die besoeking van alle mense besoek word, dan het הוהי my nie gestuur nie,
30 But if the LORD brings about something unprecedented, and the ground opens its mouth and swallows them along with all that belongs to them so that they go down alive into Sheol, then you will know that these men have despised the LORD.”
30 maar as הוהי iets nuuts skep en die grond sy mond oopmaak en hulle insluk met alles wat aan hulle behoort en hulle lewendig na Sh’ol afgaan, dan sal julle verstaan dat hierdie manne הוהי verwerp het.”
31 Just as he finished speaking all these words, the ground beneath them split open.
31 Dit het gebeur dat toe hy al hierdie woorde klaar gepraat het, die grond wat onder hulle was oopskeur
32 The earth opened its mouth and swallowed them and their households, all Korah’s people, and all their possessions.
32 en die aarde het sy mond oopgemaak en hulle ingesluk saam met hul huisgesinne en al die mense wat saam met Korag was en al hulle besittings.
33 They went down alive into Sheol with all that belonged to them. The earth closed over them, and they vanished from the assembly.
33 So het hulle saam met almal wat by hulle was, lewend na Sh’ol afgegaan, die aarde het bo hulle toegemaak en hulle is vernietig vanuit die vergadering uit.
34 At their cries, all the people of Israel who were around them fled because they thought, “The earth may swallow us too! ”
34 Die hele Yisra’el wat rondom hulle was, het by die hoor van die klank gevlug, want hulle het gesê: “Die aarde mag ons ook insluk!”
35 Fire also came out from the LORD and consumed the 250 men who were presenting the incense.
35 ’n Vuur het van הוהי af uitgegaan en die twee honderd en vyftig man verteer wat die reukwerk geoffer het.
36 Then the LORD spoke to Moses:
36 הוהי het met Moshe gepraat en gesê:
37 “Tell Eleazar son of Aaron the priest to remove the firepans from the

burning debris, because they are holy, and scatter the fire far away.
37 "Sê vir El'azar, die seun van Aharon, die priester, dat hy die vuurpanne uit die brand moet optel, want hulle is afgesonder en die vuur ver weg moet gooi.
38 As for the firepans of those who sinned at the cost of their own lives, make them into hammered sheets as plating for the altar, for they presented them before the LORD, and the firepans are holy. They will be a sign to the Israelites."
38 Die vuurpanne van dié wat gesondig het ten koste van hulle eie lewe, laat daarvan dun plate gemaak word as 'n bedekking vir die altaar, want hulle het dié voor die Teenwoordigheid van הוהי aangebied; daarom is hulle afgesonder en hulle sal vir die seuns van Yisra'el 'n teken wees."
39 So Eleazar the priest took the bronze firepans that those who were burned had presented, and they were hammered into plating for the altar,
39 El'azar, die priester, het die koper vuurpanne gevat wat die mense wat verbrand is, aangebied het en hulle is uitgeslaan as 'n bedekking vir die altaar,
40 just as the LORD commanded him through Moses. It was to be a reminder for the Israelites that no unauthorized person outside the lineage of Aaron should approach to offer incense before the LORD and become like Korah and his followers.
40 as 'n herinnering vir die seuns van Yisra'el dat geen vreemde persoon, wat nie uit die nageslag van Aharon is nie, nader sal kom om reukwerk voor die Teenwoordigheid van הוהי te offer nie sodat hy nie word soos Korag en sy groep nie, soos הוהי deur die hand van Moshe gesê het.
41 The next day the entire Israelite community complained about Moses and Aaron, saying, "You have killed the LORD's people! "
41 Die volgende dag het die hele vergadering van die seuns van Yisra'el teen Moshe en Aharon gekla en gesê: "Julle het die dood van die volk van הוהי veroorsaak."
42 When the community assembled against them, Moses and Aaron turned toward the tent of meeting, and suddenly the cloud covered it, and the LORD's glory appeared.
42 Dit het gebeur dat terwyl die vergadering teen Moshe en Aharon bymekaarkom, hulle hul na die Tent van Ontmoeting gedraai het en let op, die wolk het dit bedek en die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van הוהי het verskyn.
43 Moses and Aaron went to the front of the tent of meeting,
43 Moshe en Aharon het voor die Tent van Ontmoeting gekom.
44 and the LORD said to Moses,
44 הוהי het met Moshe gepraat en gesê:
45 "Get away from this community so that I may consume them instantly." But they fell facedown.

45 “Kom weg vanuit hierdie vergadering sodat Ek hulle in ’n oomblik kan verteer;” en hulle val op hulle gesigte neer.
46 Then Moses told Aaron, “Take your firepan, place fire from the altar in it, and add incense. Go quickly to the community and make atonement for them, because wrath has come from the L**ORD**; the plague has begun.”
46 Moshe sê vir Aharon: “Vat ’n vuurpan en gooi vuur van die altaar daarop en sit reukwerk daarop en vat dit gou na die vergadering toe en doen toedekking vir hulle, want woede het vanuit יהוה uitgegaan, die plaag het begin!”
47 So Aaron took his firepan as Moses had ordered, ran into the middle of the assembly, and saw that the plague had begun among the people. After he added incense, he made atonement for the people.
47 Aharon vat dit soos Moshe gesê het en hardloop tussen die vergadering in en let op, die plaag het reeds onder die volk begin! Hy het die reukwerk opgesit en toedekking gedoen vir die volk.
48 He stood between the dead and the living, and the plague was halted.
48 Hy het gestaan tussen die dooies en die lewendes en die plaag is teruggehou.
49 But those who died from the plague numbered 14,700, in addition to those who died because of the Korah incident.
49 Die wat in die plaag gesterf het, was veertien duisend sewe honderd, buiten die wat as gevolg van Korag gesterf het.
50 Aaron then returned to Moses at the entrance to the tent of meeting, since the plague had been halted.
50 Aharon het teruggegaan na Moshe toe by die ingang van die Tent van Ontmoeting, want die plaag is teruggehou.

Number17

1 The L**ORD** instructed Moses:
1 יהוה het met Moshe gepraat en gesê:
2 “Speak to the Israelites and take one staff from them for each ancestral house, 12 staffs from all the leaders of their ancestral houses. Write each man’s name on his staff.
2 “Praat met die seuns van Yisra’el en vat van hulle, vir elke vader se huis, ’n staf; van elke leier, volgens hulle vader se huis, twaalf stawwe. Skryf elke man se naam (karakter en outoriteit) op sy staf.
3 Write Aaron’s name on Levi’s staff, because there must be one staff for the head of each ancestral house.
3 Aharon se naam (karakter en outoriteit) moet jy skryf op die staf van Levi, want daar moet een staf wees vir elke hoof van die vader se huis.
4 Then place them in the tent of meeting in front of the testimony where I meet with you.
4 Jy moet hulle in die Tent van Ontmoeting, voor die Getuienis waar Ek met

julle ontmoet, neersit.
5 The staff of the man I choose will sprout, and I will rid Myself of the Israelites' complaints that they have been making about you."
5 Die staf van die man wat Ek kies, sal bloeisels dra en so sal Ek die murmureringe van die seuns van Yisra'el, wat hulle teen julle kla, stilmaak."
6 So Moses spoke to the Israelites, and each of their leaders gave him a staff, one for each of the leaders of their ancestral houses, 12 staffs in all. Aaron's staff was among them.
6 Moshe het met die seuns van Yisra'el gepraat en elkeen van hulle leiers het vir hom 'n staf gegee, vir elke leier 'n staf, volgens hulle vaders se huise, twaalf stawwe en Aharon se staf was tussen hulle stawwe.
7 Moses placed the staffs before the L**ORD** in the tent of the testimony.
7 Moshe het die stawwe voor die Teenwoordigheid van יהוה in die Tent van die Getuienis neergesit.
8 The next day Moses entered the tent of the testimony and saw that Aaron's staff, representing the house of Levi, had sprouted, formed buds, blossomed, and produced almonds!
8 Dit het die volgende dag, toe Moshe in die Tent van die Getuienis ingaan, gebeur, let op, dat die staf van Aharon, vir die huis van Levi, gebloei, botsels laat uitspruit, bloeisels gevorm en ryp amandels voortgebring het!
9 Moses then brought out all the staffs from the L**ORD**'s presence to all the Israelites. They saw them, and each man took his own staff.
9 Moshe het al die stawwe wat voor die Teenwoordigheid van יהוה was, na al die seuns van Yisra'el uitgebring en hulle het gekyk en elkeen sy staf gevat.
10 The L**ORD** told Moses, "Put Aaron's staff back in front of the testimony to be kept as a sign for the rebels, so that you may put an end to their complaints before Me, or else they will die."
10 יהוה het vir Moshe gesê: "Bring die staf van Aharon terug voor die Getuienis om dit te bewaar as teken vir die rebelle dat jy hulle murmureringe teen My kan beëindig dat hulle nie sterf nie."
11 So Moses did as the L**ORD** commanded him.
11 Moshe het dit gedoen; soos יהוה hom beveel het, so het hy gedoen.
12 Then the Israelites declared to Moses, "Look, we're perishing! We're lost; we're all lost!
12 Die seuns van Yisra'el het met Moshe gepraat en gesê: "Let op, ons vergaan, ons is besig om te sterf, ons is almal besig om te sterf!
13 Anyone who comes near the L**ORD**'s tabernacle will die. Will we all perish?
"
13 Wie ook al naby die tabernakel van יהוה kom, moet sterf. Moet ons volkome vernietig word?"

1 The L**ORD** said to Aaron, "You, your sons, and your ancestral house will be responsible for sin against the sanctuary. You and your sons will be responsible for sin involving your priesthood.

1 הוהי het vir Aharon gesê: "Jy, jou seuns en die huis van jou vader saam met jou moet die skuld aangaande die Afgesonderde plek dra en jy en jou seuns saam met jou moet die skuld aangaande julle priesterskap dra.

2 But also bring your relatives with you from the tribe of Levi, your ancestral tribe, so they may join you and assist you and your sons in front of the tent of the testimony.

2 Bring ook jou broers, die stam van Levi, die stam van jou vader, saam met jou dat hulle by jou kan aansluit en jou bedien terwyl jy en jou seuns saam met jou voor die Tent van die Getuienis is.

3 They are to perform duties for you and for the whole tent. They must not come near the sanctuary equipment or the altar; otherwise, both they and you will die.

3 Hulle sal verantwoordelik wees vir jou en die hele tent, maar hulle mag nie naby die voorwerpe van die Afgesonderde Plek en naby die altaar kom dat hulle nie sterf, hulle sowel as julle, nie.

4 They are to join you and guard the tent of meeting, doing all the work at the tent, but no unauthorized person may come near you.

4 Hulle moet by jou aansluit en die diens van die Tent van Ontmoeting waarneem: al die dienswerk van die tent, maar ’n vreemdeling mag nie naby julle kom nie.

5 "You are to guard the sanctuary and the altar so that wrath may not fall on the Israelites again.

5 Julle sal verantwoordelik wees vir die Afgesonderde plek en oor die diens van die altaar sodat daar verder geen woede meer oor die seuns van Yisra’el kom nie.

6 Look, I have selected your fellow Levites from the Israelites as a gift for you, assigned by the L**ORD** to work at the tent of meeting.

6 Ek, let op, Ekself het julle broers, die Leviete, onder die seuns van Yisra’el uitgevat as ’n geskenk vir julle, toegewy aan הוהי, om die dienswerk van die Tent van Ontmoeting te doen;

7 But you and your sons will carry out your priestly responsibilities for everything concerning the altar and for what is inside the veil, and you will do that work. I am giving you the work of the priesthood as a gift, but an unauthorized person who comes near the sanctuary will be put to death."

7 daarom moet jy en jou seuns saam met jou, julle priesterskap waarneem met betrekking tot al die sake van die altaar en van wat binnekant die verdelingsgordyn is en julle moet dienswerk doen. Ek gee vir jou die priesterskap as ’n geskenk van diens, maar die vreemdeling wat nabykom, moet gedood word."

8 Then the L**ORD** spoke to Aaron, "Look, I have put you in charge of the contributions brought to Me. As for all the holy offerings of the Israelites, I

have given them to you and your sons as a portion and a permanent statute.

8 הוהי het met Aharon gepraat: “Ek, let op, Ekself het jou die verantwoordelikheid gegee vir My offers, al die afgesonderde geskenke van die seuns van Yisra’el; Ek het dit vir jou en jou seuns gegee as ewige instelling, as ’n toegewysde deel.

9 A portion of the holiest offerings kept from the fire will be yours; every one of their offerings that they give Me, whether the grain offering, sin offering, or restitution offering will be most holy for you and your sons.

9 Dit sal joune wees, vanaf die mees afgesonderde gawes, gereserveerd vanaf die vuur: al hulle offers; elke graanoffer, elke sondoffer en elke oortredingsoffer wat hulle aan My sal bring, sal mees afgesonderd wees vir jou en jou seuns.

10 You are to eat it as a most holy offering. Every male may eat it; it is to be holy to you.

10 In ’n mees afgesonderde plek moet jy dit eet; almal wat manlik is, mag dit eet; afgesonder moet dit vir jou wees.

11 “The contribution of their gifts also belongs to you. I have given all the Israelites’ presentation offerings to you and to your sons and daughters as a permanent statute. Every ceremonially clean person in your house may eat it.

11 Hierdie is ook joune: die offers van hulle geskenke, al die waaioffers van die seuns van Yisra’el; Ek gee dit vir jou en jou seuns en jou dogters saam met jou, as ’n ewige instelling. Elkeen wat rein is in jou huis, mag dit eet.

12 I am giving you all the best of the fresh olive oil, new wine, and grain, which the Israelites give to the L**ORD** as their firstfruits.

12 Al die beste van die olie, al die beste van die nuwe wyn en die graan, die eerste vrugte wat hulle aan הוהי gee, dit gee Ek aan jou.

13 The firstfruits of all that is in their land, which they bring to the L**ORD**, belong to you. Every clean person in your house may eat them.

13 Die eerste ryp vrugte van alles wat in hulle land is, wat hulle vir הוהי bring, moet joune wees. Elkeen wat rein is in jou huis, mag dit eet.

14 “Everything in Israel that is permanently dedicated to the L**ORD** belongs to you.

14 Elke toegewyde ding in Yisra’el, sal joune wees.

15 The firstborn of every living thing, man or animal, presented to the L**ORD** belongs to you. But you must certainly redeem the firstborn of man, and redeem the firstborn of an unclean animal.

15 Elke ding wat die baarmoeder open van enige vlees, mens of dier, wat hulle vir הוהי bring, moet joune wees, maar die eersgeborenes van mense moet jy loskoop om te bevry, asook die eersgeborenes
van onrein diere moet jy loskoop.

16 You will pay the redemption price for a month-old male according to your assessment: five shekels of silver by the standard sanctuary shekel, which is 20 *gerahs*.

16 Die losgekoopte goed moet jy vanaf ’n maand oud loskoop, volgens jou waardasie, vir vyf sikkels volgens die sikkel van die Afgesonderde plek, wat twintig gerah is,
17 “However, you must not redeem the firstborn of an ox, a sheep, or a goat; they are holy. You are to sprinkle their blood on the altar and burn their fat as a fire offering for a pleasing aroma to the LORD.
17 maar die eersgeborene van ’n bees of die eersgeborene van ’n skaap of die eersgeborene van ’n bok moet jy nie loskoop nie; hulle is afgesonder. Hulle bloed moet jy sprinkel teen die altaar en hulle vet brand en in rook laat opgaan as ’n offer deur vuur, as ’n aangename geur tot הוהי.
18 But their meat belongs to you. It belongs to you like the breast of the presentation offering and the right thigh.
18 Hulle vleis moet joune wees; soos die waaioffer se bors en die regterboud, dit moet joune wees.
19 “I give to you and to your sons and daughters all the holy contributions that the Israelites present to the L**ORD** as a permanent statute. It is a permanent covenant of salt before the L**ORD** for you as well as your offspring.”
19 Al die offerandes, van die afgesonderde geskenke wat die seuns van Yisra’el aan הוהי offer, wat opgelig word, gee Ek aan jou en jou seuns en jou dogters saam met jou as ’n ewige instelling. Dit is ’n ewige verbond van sout, voor die Teenwoordigheid van הוהי, met jou en jou nageslag saam met jou.”
20 The L**ORD** told Aaron, “You will not have an inheritance in their land; there will be no portion among them for you. I am your portion and your inheritance among the Israelites.
20 הוהי het vir Aharon gesê: “Jy sal geen erfporsie in hulle land hê nie en jy sal geen deel onder hulle hê nie. Ek is jou deel en jou erfporsie onder die seuns van Yisra’el.
21 “Look, I have given the Levites every tenth in Israel as an inheritance in return for the work they do, the work of the tent of meeting.
21 Let op, Ek gee aan die seuns van Levi al die tiendes in Yisra’el as erfporsie vir hulle dienswerk wat hulle doen, die dienswerk van die Tent van Ontmoeting.
22 The Israelites must never again come near the tent of meeting, or they will incur guilt and die.
22 Die seuns van Yisra’el moet ook nie weer naderkom na die Tent van Ontmoeting nie sodat hulle nie sonde op hulle laai en sterf nie,
23 The Levites will do the work of the tent of meeting, and they will bear the consequences of their sin.
The Levites will not receive an inheritance among the Israelites; this is a permanent statute throughout your generations.
23 maar die Leviete moet die dienswerk by die Tent van Ontmoeting doen en

húlle moet hul boosheid dra. Dit is ’n ewige instelling deur julle geslagte, dat hulle geen erfporsie onder die seuns van Yisra’el het nie,

24 For I have given them the tenth that the Israelites present to the LORD as a contribution for their inheritance. That is why I told them that they would not receive an inheritance among the Israelites.”

24 want die tiendes van die seuns van Yisra’el, wat hulle tot יהוה as offer oplig, gee Ek vir die Leviete as erfporsie; daarom het Ek vir hulle gesê: ‘Hulle sal onder die seuns van Yisra’el geen erfporsie hê nie’.”

25 The LORD instructed Moses,

25 יהוה het met Moshe gepraat en gesê:

26 “Speak to the Levites and tell them: When you receive from the Israelites the tenth that I have given you as your inheritance, you must present part of it as an offering to the LORD — a tenth of the tenth.

26 “Jy moet met die Leviete praat en vir hulle sê: ‘As julle van die seuns van Yisra’el die tiendes vat wat Ek vir julle van hulle af as jul erfporsie gegee het, moet julle daarvan ’n offer tot יהוה oplig, ’n tiende van die tiende.

27 Your offering will be credited to you as if it were your grain from the threshing floor or the full harvest from the winepress.

27 Julle offer wat julle oplig sal vir julle gereken word asof dit die graan van die dorsvloer af is en soos die volle opbrengs van die parskuip.

28 You are to present an offering to the LORD from every tenth you receive from the Israelites. Give some of it to Aaron the priest as an offering to the LORD.

28 Só moet julle ook ’n offer oplig tot יהוה van al julle tiendes wat julle van die seuns van Yisra’el ontvang en julle moet daarvan die offer wat julle oplig tot יהוה aan Aharon, die priester, gee.

29 You must present the entire offering due the LORD from all your gifts. The best part of the tenth is to be consecrated.

29 Van al jul geskenke moet julle die hele opligoffer tot יהוה bring, van al die beste daarvan, die afgesonderde deel daarvan.’

30 “Tell them further: Once you have presented the best part of the tenth, and it is credited to you Levites as the produce of the threshing floor or the winepress,

30 Jy moet daarom vir hulle sê: ‘Wanneer julle die beste daarvan opgelig het, sal die res vir die Leviete gereken word as die opbrengs van die dorsvloer en as die opbrengs van die parskuip.

31 then you and your household may eat it anywhere. It is your wage in return for your work at the tent of meeting.

31 Julle mag dit op enige plek eet, julle en jul huise, want dit is julle beloning vir jul dienswerk by die Tent van Ontmoeting.

32 You will not incur guilt because of it once you have presented the best part of it, but you must not defile the Israelites’ holy offerings, so that you will not

die.”
32 Julle sal geen sonde dra as gevolg daarvan, as julle die beste deel daarvan geoffer het nie en julle mag nie die afgesonderde geskenke van die seuns van Yisra’el onteer nie sodat julle nie sterf nie.’”

Number19
1 The LORD spoke to Moses and Aaron,
1 הוהי het met Moshe en Aharon gepraat en gesê:
2 “This is the legal statute that the LORD has commanded: Instruct the Israelites to bring you an unblemished red cow that has no defect and has never been yoked.
2 “Hierdie is die instelling van die wet wat הוהי beveel het deur te sê: ‘Praat met die seuns van Yisra’el dat hulle vir jou ’n vlekkelose rooi verskalf bring wat geen gebrek het nie en waarop geen juk gekom het nie.
3 Give it to Eleazar the priest, and he will have it brought outside the camp and slaughtered in his presence.
3 Julle moet haar vir El’azar, die priester, gee en hy moet haar buitekant die kamp uitlei en dit moet voor hom geslag word.
4 Eleazar the priest is to take some of its blood with his finger and sprinkle it seven times toward the front of the tent of meeting.
4 El’azar, die priester, moet dan van haar bloed met sy vinger vat en van haar bloed sewe maal in die rigting van die voorkant van die Tent van Ontmoeting sprinkel.
5 The cow must be burned in his sight. Its hide, flesh, and blood, are to be burned along with its dung.
5 Dan moet die verskalf voor sy oë verbrand word; haar vel, haar vleis, haar bloed en haar mis moet verbrand word.
6 The priest is to take cedar wood, hyssop, and crimson yarn, and throw them onto the fire where the cow is burning.
6 Die priester moet sederhout, hisop en skarlaken materiaal vat en dit binne-in die brandende verskalf gooi.
7 Then the priest must wash his clothes and bathe his body in water; after that he may enter the camp, but he will remain ceremonially unclean until evening.
7 Dan moet die priester sy klere was en sy liggaam in water was en daarna mag hy in die kamp inkom. Die priester sal tot die aand toe onrein wees.
8 The one who burned the cow must also wash his clothes and bathe his body in water, and he will remain unclean until evening.
8 Ook die een wat haar verbrand het, moet sy klere in water was, sy liggaam in water was en hy sal tot die aand toe onrein wees.
9 “A man who is clean is to gather up the cow’s ashes and deposit them outside the camp in a ceremonially clean place. The ashes must be kept by the Israelite community for preparing the water to remove impurity; it is a sin

offering.
9 ’n Man wat rein is moet die as van die verskalf bymekaarmaak en dit buitekant die kamp op ’n rein plek sit; dit moet vir die vergadering van die seuns van Yisra’el bewaar word vir die water wat onreinheid verwyder: dit is ’n reiniging vir hulle sonde.
10 Then the one who gathers up the cow’s ashes must wash his clothes, and he will remain unclean until evening. This is a permanent statute for the Israelites and for the foreigner who resides among them.
10 Die een wat die as van die verskalf bymekaarmaak, moet sy klere was en sal tot die aand toe onrein wees. Dit moet vir die seuns van Yisra’el en vir die besoeker wat tussen hulle bly, ’n ewige instelling wees.
11 “The person who touches any human corpse will be unclean for seven days.
11 Die een wat ’n dooie mens aanraak, sal sewe dae lank onrein wees.
12 He is to purify himself with the water on the third day and the seventh day; then he will be clean. But if he does not purify himself on the third and seventh days, he will not be clean.
12 Hy moet homself daarvan reinig op die derde dag en op die sewende dag; dan sal hy rein wees, maar as hy hom nie op die derde dag en op die sewende dag reinig nie, sal hy nie rein wees nie.
13 Anyone who touches a body of a person who has died, and does not purify himself, defiles the tabernacle of the LORD. That person will be cut off from Israel. He remains unclean because the water for impurity has not been sprinkled on him, and his uncleanness is still on him.
13 Elkeen wat aan ’n dooie liggaam raak, aan ’n mens wat gesterf het en homself nie reinig nie, het die tabernakel van יהוה onrein gemaak en dié persoon moet uit Yisra’el uitgesny word. Hy sal onrein wees omdat die water vir onreinheid nie op hom gesprinkel is nie, sy onreinheid is nog op hom.
14 “This is the law when a person dies in a tent: everyone who enters the tent and everyone who is already in the tent will be unclean for seven days,
14 Hierdie is die wet as iemand in ’n tent sterf: almal wat in die tent kom en almal wat in die tent is, sal sewe dae lank onrein wees
15 and any open container without a lid tied on it is unclean.
15 en al die oop houers wat nie met ’n deksel toegebind is nie, is onrein.
16 Anyone in the open field who touches a person who has been killed by the sword or has died, or who even touches a human bone, or a grave, will be unclean for seven days.
16 Wie ook al in die oop veld aan iemand raak wat deur die swaard deurboor is, of wat gesterf het, of aan die been van ’n mens, of aan ’n graf, sal sewe dae lank onrein wees.
17 For the purification of the unclean person, they are to take some of the ashes of the burnt sin offering,
put them in a jar, and add fresh water to them.
17 Vir die onreine moet hulle van die as van die verskalf wat verbrand is vat

en saam met lopende water in 'n houer gooi.
18 A person who is clean is to take hyssop, dip it in the water, and sprinkle the tent, all the furnishings, and the people who were there. He is also to sprinkle the one who touched a bone, a grave, a corpse, or a person who had been killed.
18 'n Rein man moet hisop vat, dit in die water doop, op die tent sprinkel, op al die goedere en op die persone wat daar was, asook op hom wat aan 'n been, of aan een wat neergeslaan is, of aan 'n dooie, of aan 'n graf geraak het.
19 "The one who is clean is to sprinkle the unclean person on the third day and the seventh day. After he purifies the unclean person on the seventh day, the one being purified must wash his clothes and bathe in water, and he will be clean by evening.
19 Die rein persoon moet die onreine op die derde en op die sewende dag besprinkel en op die sewende dag moet hy homself rein maak, sy klere was en homself in water was en in die aand sal hy rein wees,
20 But a person who is unclean and does not purify himself, that person will be cut off from the assembly because he has defiled the sanctuary of the L**ORD**. The water for impurity has not been sprinkled on him; he is unclean.
20 maar die persoon wat onrein is en homself nie reinig nie, dié persoon moet uitgesny word uit die vergadering, want hy het die Afgesonderde plek van יהוה onrein gemaak. Die water vir onreinheid is nie op hom gesprinkel nie, hy is onrein.
21 This is a permanent statute for them. The person who sprinkles the water for impurity is to wash his clothes, and whoever touches the water for impurity will be unclean until evening.
21 Dit sal 'n ewige instelling vir hulle wees. Die een wat die water vir onreinheid sprinkel, moet sy klere was en die een wat aan die water vir onreinheid raak, sal tot die aand toe onrein wees.
22 Anything the unclean person touches will become unclean, and anyone who touches it will be unclean until evening."
22 Waaraan die onreine ook al raak, sal onrein wees en die persoon wat daaraan raak, sal tot die aand toe onrein wees.

Number20
1 The entire Israelite community entered the Wilderness of Zin in the first month, and they settled in Kadesh. Miriam died and was buried there.
1 Die seuns van Yisra'el, die hele vergadering, het in die wildernis van Tzin gekom, in die eerste maand en die volk het in Kadesh gebly. Miryam het daar gesterf en is daar begrawe.
2 There was no water for the community, so they assembled against Moses and Aaron.
2 Daar was geen water vir die vergadering nie, hulle het dus teen Moshe en

Aharon bymekaargekom.
3 The people quarreled with Moses and said, "If only we had perished when our brothers perished before the L**ORD**.
3 Die volk het met Moshe argumenteer en hulle het gepraat en gesê: "As ons tog maar gesterf het toe ons broers voor die Teenwoordigheid van הוהי gesterf het!
4 Why have you brought the L**ORD**'s assembly into this wilderness for us and our livestock to die here?
4 Hoekom het julle die vergadering van הוהי in hierdie wildernis ingebring sodat ons en ons vee hier sou sterf?
5 Why have you led us up from Egypt to bring us to this evil place? It's not a place of grain, figs, vines, and pomegranates, and there is no water to drink! "
5 Waarom het julle ons uit Mitzrayim laat optrek om ons in hierdie veragtelike plek te bring? Dit is geen plek om te saai nie, ook nie van vye of van wingerdstokke of van granate nie; ook is daar geen water om te drink nie."
6 Then Moses and Aaron went from the presence of the assembly to the doorway of the tent of meeting. They fell down with their faces to the ground, and the glory of the L**ORD** appeared to them.
6 Moshe en Aharon het van die vergadering af weggegaan na die ingang van die Tent van Ontmoeting en hulle het op hul gesigte geval en die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van הוהי het aan hulle verskyn.
7 The L**ORD** spoke to Moses,
7 הוהי het met Moshe gepraat en gesê:
8 "Take the staff and assemble the community. You and your brother Aaron are to speak to the rock while they watch, and it will yield its water. You will bring out water for them from the rock and provide drink for the community and their livestock."
8 "Vat die staf en laat die vergadering bymekaarkom, jy en jou broer Aharon. Praat met die rots voor hulle oë sodat dit water kan voortbring. So moet jy vir hulle water uit die rots laat kom en die vergadering en hulle vee laat drink."
9 So Moses took the staff from the L**ORD**'s presence just as He had commanded him.
9 Moshe het die staf van voor die aangesig van הוהי gevat soos Hy hom beveel het.
10 Moses and Aaron summoned the assembly in front of the rock, and Moses said to them, "Listen, you rebels! Must we bring water out of this rock for you? "
10 Moshe en Aharon het die vergadering voor die rots laat bymekaarkom en hy het vir hulle gesê: "Luister nou, julle rebelle! Moet ons vir julle water uit hierdie rots laat kom?"
29 Ek het vir julle gesê: ‘Moenie geskok wees of bang wees vir hulle nie,
30 The L**ORD** your God who goes before you will fight for you, just as you saw Him do for you in Egypt.
30 יהוה, julle God, wat voor julle uitgaan, Hy sal vir julle baklei net soos Hy voor julle oë vir julle in Mitzrayim gedoen het
31 And you saw in the wilderness how the L**ORD** your God carried you as a man carries his son all along the way you traveled until you reached this place.
31 en in die wildernis, waar julle gesien het hoe יהוה, julle God, jul gedra het soos ’n man sy seun dra, op die hele pad wat julle geloop het totdat julle tot by hierdie plek gekom het.’
32 But in spite of this you did not trust the L**ORD** your God,
32 Tog, na al hierdie dinge, het julle nie vertrou in יהוה, julle God,
33 who went before you on the journey to seek out a place for you to camp.

He went in the fire by night and in the cloud by day to guide you on the road you were to travel.
33 wat voor julle uit getrek het op die pad om vir julle 'n plek uit te soek om julle kamp op te slaan, om die pad vir julle te wys waar julle moet gaan, snags deur die vuur en bedags deur die wolk, nie.
34 "When the LORD heard your words, He grew angry and swore an oath:
34 יהוה het die klank van julle woorde gehoor en Hy was kwaad en het gesweer en gesê:
35 'None of these men in this evil generation will see the good land I swore to give your fathers,
35 'Nie een van die manne van hierdie bose geslag, sal daardie goeie land sien wat Ek met 'n eed beloof het om aan julle vaders te gee nie,
36 except Caleb the son of Jephunneh. He will see it, and I will give him and his descendants the land on which he has set foot, because he followed the LORD completely.'
36 behalwe Kalev, die seun van Y'funneh; hy sal dit sien en aan hom en sy kinders gee Ek die land waarop hy geloop het omdat hy יהוה ten volle gevolg het.'
37 "The LORD was angry with me also because of you and said: 'You will not enter there either.
37 יהוה was ook kwaad vir my as gevolg van julle en het gesê: 'Selfs jy sal nie daar ingaan nie.
38 Joshua son of Nun, who attends you, will enter it. Encourage him, for he will enable Israel to inherit it.
38 Y'hoshua, die seun van Nun, wat voor jou staan, hy sal daar ingaan; bemoedig hom, want hy sal Yisra'el dit laat erf.
39 Your little children, whom you said would be plunder, your sons who don't know good from evil, will enter there. I will give them the land, and they will take possession of it.
39 Meer nog, julle kleintjies en julle seuns, van wie julle gesê het: 'Hulle sal 'n buit word,' wat vandag geen kennis van goed of kwaad het nie, húlle sal daar ingaan, aan hulle sal Ek dit gee en húlle sal dit in besit neem,
40 But you are to turn back and head for the wilderness by way of the Red Sea.'
40 maar julle, draai om en vertrek na die wildernis op die pad na die Sufsee.'
41 "You answered me, 'We have sinned against the LORD. We will go up and fight just as the LORD our God commanded us.' Then each of you put on his weapons of war and thought it would be easy to go up into the hill country.
41 Toe antwoord julle en sê vir my: 'Ons het teen יהוה gesondig; ons sal opgaan en gaan veg, net soos יהוה, ons God, ons beveel het.' Elkeen het sy oorlogswapens aangegord en dit as maklik beskou om in die bergland op te gaan
42 "But the LORD said to me, 'Tell them: Don't go up and fight, for I am not

with you to keep you from being defeated by your enemies.'

42 en הוהי het vir my gesê: 'Sê vir hulle: Moenie optrek of veg nie, want Ek is nie tussen julle nie, anders sal julle voor julle vyande verslaan word.'

43 So I spoke to you, but you didn't listen. You rebelled against the LORD's command and defiantly went up into the hill country.

43 So het ek met julle gepraat, tog het julle nie geluister nie, maar het julle teen die opdrag van הוהי
gerebelleer en verwaand in die bergland opgetrek

44 Then the Amorites who lived there came out against you and chased you like a swarm of bees. They routed you from Seir as far as Hormah.

44 en die Emoriete wat in dié bergland gebly het, het uitgetrek teen julle en julle gejaag soos bye en julle aan stukke geslaan van Se'ir tot by Hormah.

45 When you returned, you wept before the LORD, but He didn't listen to your requests or pay attention to you.

45 Julle het teruggekom en voor הוהי gehuil, maar הוהי wou nie na julle stem luister nie en het geen gehoor aan julle gegee nie.

46 For this reason you stayed in Kadesh as long as you did.

46 So het julle baie dae in Kadesh gebly, volgens die dae wat julle daar gebly het.

Deuteronomy2

1 "Then we turned back and headed for the wilderness by way of the Red Sea, as the LORD had told me, and we traveled around the hill country of Seir for many days.

1 Toe het ons gedraai en vertrek na die wildernis, op die pad van die Sufsee, soos הוהי vir my gesê het en ons het vir baie dae lank om die berg Se'ir getrek.

2 The LORD then said to me,

2 הוהי het met my gepraat en gesê:

3 'You've been traveling around this hill country long enough; turn north.

3 'Julle het lank genoeg om hierdie berg getrek. Draai noordwaarts weg

4 Command the people: You are about to travel through the territory of your brothers, the descendants of Esau, who live in Seir. They will be afraid of you, so you must be very careful.

4 en beveel die volk en sê: 'Julle is op die punt om te trek deur die grondgebied van julle broers, die seuns van Esav, wat in Se'ir bly en hulle sal bang wees vir julle. Wees daarom baie versigtig.

5 Don't fight with them, for I will not give you any of their land, not even an inch of it, because I have given Esau the hill country of Seir as his possession.

5 Moet hulle nie uittart nie, want Ek gee aan julle niks van hulle land nie, nie

eers ’n plek om jou voetsool neer te sit nie, want Ek het die berg Se’ir vir Esav as ’n besitting gegee.
6 You may purchase food from them with silver, so that you may eat, and buy water from them to drink.
6 Julle moet kos van hulle koop met geld sodat julle kan eet en julle moet ook water van hulle koop vir geld sodat julle kan drink,
7 For the L**ORD** your God has blessed you in all the work of your hands. He has watched over your journey through this immense wilderness. The L**ORD** your God has been with you this past 40 years, and you have lacked nothing.’
7 want יהוה, jou God, het jou geseën in alles wat jy gedoen het. Hy het jou trek deur hierdie groot wildernis geken. Vir veertig jaar lank was יהוה, jou God, met jou, jy het geen tekort gehad nie.’
8 “So we bypassed our brothers, the descendants of Esau, who live in Seir. We turned away from the Arabah road and from Elath and Ezion-geber. We traveled along the road to the Wilderness of Moab.
8 Toe ons verby ons broers getrek het, die seuns van Esav, wat in Se’ir bly, weg van die vlakte se pad af, weg van Eilat en `Etzyon-Gever af, het ons weggedraai en verby getrek op die pad van die wildernis van Mo’av.
9 The L**ORD** said to me, ‘Show no hostility toward Moab, and do not provoke them to battle, for I will not give you any of their land as a possession, since I have given Ar as a possession to the descendants of
Lot.’ ”
9 יהוה het vir my gesê: ‘Moenie vyandskap teenoor Mo’av wys nie en begeef jou nie in oorlog teen hulle nie, want Ek sal niks van sy land vir jou as besitting gee nie omdat Ek Ar aan die seuns van Lot as ’n besitting gegee het.’
10 The Emim, a great and numerous people as tall as the Anakim, had previously lived there.
10 Die Emiete het vroeër daar gebly, ’n volk groot en talryk en lank van gestalte soos die `Anakiete.
11 They were also regarded as Rephaim, like the Anakim, though the Moabites called them Emim.
11 Hulle word ook as reuse beskou, soos die `Anakiete, maar die Mo’aviete het hulle Emiete genoem.
12 The Horites had previously lived in Seir, but the descendants of Esau drove them out, destroying them completely and settling in their place, just as Israel did in the land of its possession the L**ORD** gave them.
12 Die Horiete het vroeër in Se’ir gebly, maar die seuns van Esav het hulle onteien en hulle voor hulle uit vernietig en in hulle plek gaan bly, net soos Yisra’el gedoen het met die land van sy besitting, wat יהוה
aan hulle gegee het.)
13 “The L**ORD** said, ‘Now get up and cross the Zered Valley.’ So we crossed the Zered Valley.
13 Staan nou op en trek oor die spruit Zered. Ons het dus oor die spruit Zered

getrek.
14 The time we spent traveling from Kadesh-barnea until we crossed the Zered Valley was 38 years until the entire generation of fighting men had perished from the camp, as the LORD had sworn to them.
14 Die tyd wat verbygegaan het vandat ons van Kadesh-Barnea af getrek het totdat ons oor die spruit Zered gegaan het, was agt en dertig jaar totdat die hele geslag van soldate uit die kamp dood is soos
יהוה vir hulle gesweer het,
15 Indeed, the LORD's hand was against them, to eliminate them from the camp until they had all perished.
15 want die hand van יהוה was waarlik teen hulle om hulle uit die kamp te vernietig totdat hulle almal vergaan het.
16 "When all the fighting men had died among the people,
16 So was dit, toe al die soldate volkome onder die volk uit weggesterf het,
17 the LORD spoke to me,
17 het יהוה met my gepraat en gesê:
18 'Today you are going to cross the border of Moab at Ar.
18 'Op hierdie dag trek jy oor die grens van Mo'av by Ar
19 When you get close to the Ammonites, don't show any hostility to them or fight with them, for I will not give you any of the Ammonites' land as a possession; I have given it as a possession to the descendants of Lot.' "
19 en wanneer jy naby die seuns van `Ammon kom, moenie vyandigheid teenoor hulle wys of in stryd met hulle gaan nie, want Ek sal niks van die seuns van `Ammon se land vir jou as besitting gee nie omdat Ek dit aan die seuns van Lot as besitting gegee het.
20 This too used to be regarded as the land of the Rephaim. The Rephaim lived there previously, though the Ammonites called them Zamzummim,
20 Dit word ook as 'n land van reuse beskou; reuse het vroeër daar gebly, maar die `Ammoniete noem hulle Zamzumiete,
21 a great and numerous people, tall as the Anakim. The LORD destroyed the Rephaim at the advance of the Ammonites, so that they drove them out and settled in their place.
21 'n volk groot, talryk en lank van gestalte soos die `Anakiete, maar יהוה het dié voor hulle uit vernietig en hulle het hul onteien en in hulle plek gaan bly,
22 This was just as He had done for the descendants of Esau who lived in Seir, when He destroyed the Horites before them; they drove them out and have lived in their place until now.
22 net soos Hy vir die seuns van Esav gedoen het wat in Se'ir bly, toe Hy die Horiete voor hulle uit vernietig het, hulle dié onteien het en in hulle plek gaan bly het tot vandag toe
23 The Caphtorim, who came from Caphtor, destroyed the Avvim, who lived in villages as far as Gaza, and settled in their place.

23 en die `Aviete wat in die dorpies gebly het so ver as Gaza; die Kaftoriete wat uit Kaftor afkomstig was, het hulle vernietig en in hulle plek gaan bly.)
24 “The L**ORD** also said, ‘Get up, move out, and cross the Arnon Valley. See, I have handed Sihon the Amorite, king of Heshbon, and his land over to you. Begin to take possession of it; engage him in battle.
24 Staan op, vertrek en gaan deur die Arnonvallei. Let op, Ek het Sigon, die koning van Heshbon, die Emoriet en sy land in jou hand gegee. Begin om dit in besit te neem en begeef jou in oorlog teen hom.
25 Today I will begin to put the fear and dread of you on the peoples everywhere under heaven. They will hear the report about you, tremble, and be in anguish because of you.’
25 Op hierdie dag sal Ek begin om die angs en die vrees vir jou op die volke, onder al die hemele, se gesigte te sit, wat die tyding aangaande jou sal hoor en in angs en bewing oor jou sal wees.
26 “So I sent messengers with an offer of peace to Sihon king of Heshbon from the Wilderness of
Kedemoth, saying,
26 Ek het boodskappers gestuur uit die wildernis van K’demot na Sigon, die koning van Hesbon, met woorde van vrede en gesê:
27 ‘Let us travel through your land; we will keep strictly to the highway. We will not turn to the right or the left.
27 ‘Laat my deur jou land gaan; ek sal direk op die pad deurgaan; ek sal nie regs of links uitdraai nie.
28 You can sell us food in exchange for silver so we may eat, and give us water for silver so we may drink. Only let us travel through on foot,
28 Jy moet kos aan my verkoop vir geld sodat ek kan eet en vir my water gee vir geld sodat ek kan drink; laat my net te voet deurtrek,
29 just as the descendants of Esau who live in Seir did for us, and the Moabites who live in Ar, until we cross the Jordan into the land the L**ORD** our God is giving us.’
29 soos die seuns van Esav wat in Se’ir bly en die Mo’aviete wat in `Ar bly vir my gedoen het totdat ek deur die Yarden trek, in die land in wat הוהי, ons God, vir ons gee.’
30 But Sihon king of Heshbon would not let us travel through his land, for the LORD your God had made his spirit stubborn and his heart obstinate in order to hand him over to you, as has now taken place.
30 Sigon, die koning van Heshbon, wou ons egter nie laat deurtrek nie, want הוהי, julle God, het sy gees hardkoppig gemaak en sy wil, emosie en verstand verhard sodat Hy hom in julle hand kon oorgee, soos dit vandag is.
31 “Then the L**ORD** said to me, ‘See, I have begun to give Sihon and his land to you. Begin to take possession of it.’
31 הוהי het vir my gesê: ‘Let op, Ek het begin om Sigon en sy land aan jou oor te gee. Begin om dit in te neem sodat jy sy land kan besit.’

32 So Sihon and his whole army came out against us for battle at Jahaz.
32 Sigon en al sy mense het teen ons uitgetrek, om by Yahatz te veg.
33 The L**ORD** our God handed him over to us, and we defeated him, his sons, and his whole army.
33 הוהי, ons God, het hom aan ons oorgegee sodat ons hom, sy seuns en al sy mense verslaan het.
34 At that time we captured all his cities and completely destroyed the people of every city, including the women and children. We left no survivors.
34 Ons het in dié tyd al sy stede ingeneem en al sy manne, vroue en kinders totaal vernietig in elke stad;
ons het niemand laat oorbly nie.
35 We took only the livestock and the spoil from the cities we captured as plunder for ourselves.
35 Ons het net die vee vir onsself as buit gevat en die buit van die stede wat ons ingeneem het.
36 There was no city that was inaccessible to us, from Aroer on the rim of the Arnon Valley, along with the city in the valley, even as far as Gilead. The L**ORD** our God gave everything to us.
36 Vanaf `Aro'er, wat op die kant van die Arnonvallei lê en vanaf die stad in die vallei, tot by Gil'ad, was daar nie een stad te sterk vir ons nie; הוהי, ons God, het alles aan ons oorgegee.
37 But you did not go near the Ammonites' land, all along the bank of the Jabbok River, the cities of the hill country, or any place that the L**ORD** our God had forbidden.
37 Alleenlik naby die land van die seuns van `Ammon het ons nie gekom nie; al langs die Yabbokrivier en die stede van die bergland en oral waar הוהי, ons God, ons beveel het.

Deuteronomy3

1 "Then we turned and went up the road to Bashan, and Og king of Bashan came out against us with his whole army to do battle at Edrei.
1 Daarna het ons weggedraai en op die pad na Bashan opgetrek en `Og, die koning van Bashan, het teen ons uitgekom, hy en al sy mense, om by Edre'i te veg.
2 But the L**ORD** said to me, 'Do not fear him, for I have handed him over to you along with his whole army and his land. Do to him as you did to Sihon king of the Amorites, who lived in Heshbon.'
2 הוהי het vir my gesê: "Moenie vir hom bang wees nie, want Ek het hom, al sy mense en sy land in jou hand gegee. Jy sal met hom doen soos jy gedoen het met Sigon, die koning van die Emoriete, wat in Heshbon gebly het."

3 So the LORD our God also handed over Og king of Bashan and his whole army to us. We struck him until there was no survivor left.

3 So het יהוה, ons God, ook vir `Og, die koning van Bashan en al sy mense in ons hand oorgegee sodat ons hom verslaan het totdat daar van hom geen oorlewendes oor was nie.

4 We captured all his cities at that time. There wasn't a city that we didn't take from them: 60 cities, the entire region of Argob, the kingdom of Og in Bashan.

4 Ons het in dié tyd al sy stede ingeneem; daar was geen stad wat ons nie van hulle afgeneem het nie: sestig stede, die hele Argov landstreek, die koninkryk van `Og, in Bashan.

5 All these were fortified with high walls, gates, and bars, besides a large number of rural villages.

5 Al hierdie stede was versterk met hoë mure, poorte en grendels en nog 'n groot menigte ongemuurde dorpies.

6 We completely destroyed them, as we had done to Sihon king of Heshbon, destroying the men, women, and children of every city.

6 Ons het hulle volledig vernietig soos ons met Sigon, die koning van Heshbon, gedoen het, deur elke man, vrou en kind in elke stad geheel en al te vernietig

7 But we took all the livestock and the spoil from the cities as plunder for ourselves.

7 en al die vee en die buit van die stede het ons vir onsself gebuit.

8 "At that time we took the land from the two Amorite kings across the Jordan, from the Arnon Valley as far as Mount Hermon,

8 So het ons in dié tyd die land uit die hand van die twee konings van die Emoriete oorkant die Yarden gevat, vanaf die Arnonrivier tot by die berg Hermon,

9 which the Sidonians call Sirion, but the Amorites call Senir,

9 die Tzidoniete noem Hermon, Siryon en die Emoriete noem dit S'nir,)

10 all the cities of the plateau, Gilead, and Bashan as far as Salecah and Edrei, cities of Og's kingdom in Bashan.

10 al die stede van die vlakte, die hele Gil'ad, die hele Bashan tot by Salkhah en Edre'i, stede van die koninkryk van `Og, in Bashan.

11 Only Og king of Bashan was left of the remnant of the Rephaim. His bed was made of iron. Isn't it in Rabbah of the Ammonites? It is 13 feet six inches long and six feet wide by a standard measure.)

11 Net `Og, die koning van Bashan, het alleen oorgebly van die reuse. Let op, sy bedkatel was 'n ysterbedkatel. Is dit nie in Rabbah van die seuns van `Ammon nie? Sy lengte is nege el en sy breedte vier el, volgens die el van 'n man.)

12 "At that time we took possession of this land. I gave to the Reubenites and Gadites the area extending from Aroer by the Arnon Valley, and half the hill country of Gilead along with its cities.

12 Ons het besit geneem van hierdie land, in dié tyd: vanaf `Aro'er, by die Arnonvallei en die helfte van die bergland van Gil'ad met sy stede, wat ek aan die Re'uveniete en die Gadiete gegee het.
13 I gave to half the tribe of Manasseh the rest of Gilead and all Bashan, the kingdom of Og. The entire region of Argob, the whole territory of Bashan, used to be called the land of the Rephaim.
13 Die res van Gil'ad saam met die hele Bashan, die koninkryk van `Og, het ek vir die halwe stam van Ma'nasheh gegee. Die hele Argov landstreek, met die hele Bashan, word die land van die reuse genoem.
14 Jair, a descendant of Manasseh, took over the entire region of Argob as far as the border of the Geshurites and Maacathites. He called Bashan by his own name, Jair's Villages, as it is today.
14 Ya'ir, die seun van M'nasheh, het die hele Argov landstreek tot by die grens van die G'shuriete en die Ma'akhatiete gevat en Bashan, na sy eie naam, Havot-Ya'ir, genoem tot vandag toe.
15 I gave Gilead to Machir,
15 Ek het Gil'ad vir Makhir gegee
16 and I gave to the Reubenites and Gadites the area extending from Gilead to the Arnon Valley (the middle of the valley was the border) and up to the Jabbok River, the border of the Ammonites.
16 en aan die Re'uveniete en die Gadiete het ek van Gil'ad af tot by die Arnonvallei gegee, met die middel van die vallei as grens, tot by die Yabbokrivier, die grens van die seuns van `Ammon,
17 The Arabah and Jordan are also borders from Chinnereth as far as the Sea of the Arabah, the Dead Sea, under the slopes of Pisgah on the east.
17 asook die vlakte, met die Yarden as grens, van Kinneret af tot by die See van die vlakte, die Soutsee, by die voet van die hange van Pisgah, in die ooste.
18 "I commanded you at that time: The L**ORD** your God has given you this land to possess. All your fighting men will cross over in battle formation ahead of your brothers the Israelites.
18 Toe het ek julle bevel gegee in daardie tyd en gesê: 'יהוה, julle God, het aan julle hierdie land gegee, om dit in besit te neem; al die manne wat kan oorlog maak moet gewapend voor jul broers, die seuns van Yisra'el, oortrek,
19 But your wives, young children, and livestock — I know that you have a lot of livestock — will remain in the cities I have given you
19 maar julle vroue, julle kinders en julle vee; ek weet dat julle baie vee het; moet in julle stede bly, wat ek vir julle gegee het
20 until the L**ORD** gives rest to your brothers as He has to you, and they also take possession of the land the L**ORD** your God is giving them across the Jordan. Then each of you may return to his possession that I have given you.
20 totdat יהוה aan julle broers rus gegee het, soos aan julle en hulle ook die land besit wat יהוה, julle God, aan hulle oorkant die Yarden gee; dan kan

elkeen van julle teruggaan na sy besitting wat ek vir julle gegee het.'
21 "I commanded Joshua at that time: Your own eyes have seen everything the LORD your God has done to these two kings. The LORD will do the same to all the kingdoms you are about to enter.
21 Ek het ook vir Y'hoshua in dié tyd beveel en gesê: 'Jou oë het alles gesien wat הוהי, julle God, aan hierdie twee konings gedoen het. So sal הוהי aan al die koninkryke doen waardeur jy trek.
22 Don't be afraid of them, for the LORD your God fights for you.
22 Julle moenie vir hulle bang wees nie, want הוהי, julle God, baklei self vir julle.'
23 "At that time I begged the LORD:
23 Ek het in dié tyd tot הוהי gebid en gesê:
24 Lord GOD, You have begun to show Your greatness and power to Your servant, for what god is there in heaven or on earth who can perform deeds and mighty acts like Yours?
24 'O, Meester, הוהי, U het begin om aan U dienskneg U grootheid en U magtige hand te wys, want watter god is daar in die hemele en op die aarde wat werke en magtige dade soos U s'n kan doen?
25 Please let me cross over and see the beautiful land on the other side of the Jordan, that good hill country and Lebanon.
25 Ek bid, laat my asseblief oortrek en die mooi land sien, wat oorkant die Yarden lê, daardie goeie
bergland en L'vanon,'
26 "But the LORD was angry with me on account of you and would not listen to me. The LORD said to me, 'That's enough! Do not speak to Me again about this matter.
26 maar הוהי was kwaad vir my, as gevolg van julle en wou nie na my luister nie. הוהי het vir my gesê: 'Genoeg! Moenie verder met My oor hierdie saak praat nie.
27 Go to the top of Pisgah and look to the west, north, south, and east, and see it with your own eyes, for you will not cross this Jordan.
27 Klim op na die top van Pisgah en slaan jou oë op na die weste, na die noorde, na die suide en na die ooste en neem dit waar met jou oë, want jy sal nie oor hierdie Yarden gaan nie,
28 But commission Joshua and encourage and strengthen him, for he will cross over ahead of the people and enable them to inherit this land that you will see.'
28 maar stel Y'hoshua aan, bemoedig en versterk hom, want hy sal voor hierdie volk uit deurtrek en hy sal hulle die land wat jy sal sien, as erfenis gee.
29 So we stayed in the valley facing Beth-peor.
29 So het ons gebly in die vallei oorkant Beit-P'or.

Deuteronomy4

1 “Now, Israel, listen to the statutes and ordinances I am teaching you to follow, so that you may live, enter, and take possession of the land Yahweh, the God of your fathers, is giving you.
1 Luister nou, Yisra’el, na die reëls en die wette wat ek julle leer om te doen sodat julle mag lewe en ingaan en die land wat יהוה, die God van julle vaders, aan julle gee, in besit neem.
2 You must not add anything to what I command you or take anything away from it, so that you may keep the commands of the LORD your God I am giving you.
2 Julle mag by die boodskap wat ek julle beveel, niks byvoeg nie en ook niks wegvat nie, om die opdragte van יהוה, julle God, te onderhou, wat ek julle beveel.
3 Your eyes have seen what the LORD did at Baal-peor, for the LORD your God destroyed every one of you who followed Baal of Peor.
3 Julle oë het gesien wat יהוה in die geval van Ba’al-P’or gedoen het, want יהוה, jou God, het al die manne wat agter Ba’al-P’or aangeloop het, onder julle uit vernietig,
4 But you who have remained faithful to the LORD your God are all alive today.
4 maar julle wat aan יהוה, julle God, vasgehou het, lewe vandag nog almal.
5 Look, I have taught you statutes and ordinances as the LORD my God has commanded me, so that you may follow them in the land you are entering to possess.
5 Let op, ek het vir julle reëls en wette geleer, net soos יהוה, my God, my beveel het, vir julle om so te doen in die land waarheen julle gaan, om dit te besit.
6 Carefully follow them, for this will show your wisdom and understanding in the eyes of the peoples. When they hear about all these statutes, they will say, ‘This great nation is indeed a wise and understanding people.’
6 Bewaar en doen hulle, want dit is julle wysheid en julle begrip voor die oë van die mense wat al hierdie reëls sal hoor en sê: “Waarlik, hierdie groot nasie is ’n wyse en begripvolle volk,’
7 For what great nation is there that has a god near to it as the LORD our God is to us whenever we call to Him?
7 want watter groot nasie is daar wie se god so naby aan hulle is soos יהוה, ons God, aan ons is, wanneer ons ook al na Hom roep?
8 And what great nation has righteous statutes and ordinances like this entire law I set before you today?
8 Watter groot nasie is daar wat sulke reëls en regverdige wette het soos hierdie hele wet wat ek vandag voor julle hou?

9 “Only be on your guard and diligently watch yourselves, so that you don’t forget the things your eyes have seen and so that they don’t slip from your mind as long as you live. Teach them to your children and your grandchildren.
9 Nogtans, let op na jouself en hou jou lewe ywerig sodat jy die dinge nie vergeet wat jou oë gesien het nie en dat hulle nie uit jou verstand weggaan al die dae van jou lewe nie en maak hulle bekend aan jou kinders en jou kleinkinders.
10 The day you stood before the LORD your God at Horeb, the LORD said to me, ‘Assemble the people before Me, and I will let them hear My words, so that they may learn to fear Me all the days they live on the earth and may instruct their children.’
10 Onthou die dag toe jy voor יהוה, jou God, by Horev gestaan het en יהוה vir my gesê het: ‘Vergader die volk by My sodat Ek hulle My boodskappe kan laat hoor sodat hulle kan leer om My respekvol te vrees al die dae wat hulle op die aarde lewe en hulle hul kinders kan leer.’
11 You came near and stood at the base of the mountain, a mountain blazing with fire into the heavens and enveloped in a dense, black cloud.
11 Julle het nader gekom en by die voet van die berg gaan staan en die berg het met vuur gebrand tot in die middel van die hemele, met duisternis, wolke en dik somberheid
12 Then the LORD spoke to you from the fire. You kept hearing the sound of the words, but didn’t see a form; there was only a voice.
12 en יהוה het met julle vanuit die middel van die vuur gepraat; julle het die klank van die woorde gehoor, maar geen vorm gesien nie, net ’n Stem.
13 He declared His covenant to you. He commanded you to follow the Ten Commandments, which He wrote on two stone tablets.
13 Hy het vir julle Sy verbond aangekondig, wat Hy julle beveel het om te doen, dit is, die tien opdragte en dit op twee kliptafels geskryf.
14 At that time the LORD commanded me to teach you statutes and ordinances for you to follow in the land you are about to cross into and possess.
14 יהוה het my in daardie tyd beveel om vir julle reëls en wette te leer sodat julle dit kan doen in die land waarin julle oortrek, om dit te besit.
15 “For your own good, be extremely careful — because you did not see any form on the day the LORD spoke to you out of the fire at Horeb —
15 Pas jouself versigtig op, want julle het géén vorm gesien op die dag dat יהוה by Horev vanuit die vuur met julle gepraat het nie
16 not to act corruptly and make an idol for yourselves in the shape of any figure: a male or female form,
16 sodat julle nie korrup optree en vir julle ’n gekerfde beeld maak in die vorm van enige afbeelding, man of vrou,
17 or the form of any beast on the earth, any winged creature that flies in the

sky,
17 die afbeelding van enige dier op die aarde, of die afbeelding van enige voël wat in die lug vlieg,
18 any creature that crawls on the ground, or any fish in the waters under the earth.
18 ’n afbeelding van enigiets wat op die aarde kruip, ’n afbeelding van enige vis wat in die water onder die aarde is, nie
19 When you look to the heavens and see the sun, moon, and stars — all the array of heaven — do not be led astray to bow down and worship them. The LORD your God has provided them for all people everywhere under heaven.
19 en pas op dat jy nie jou oë na die hemele opslaan en as jy die son, die maan, die sterre en die hele leër van die hemel sien, jy nie weggedryf word en voor hulle neerbuig en hulle dien nie, dinge wat הוהי, jou God, aan al die mense onder die ganse hemele toegedeel het.
20 But the LORD selected you and brought you out of Egypt’s iron furnace to be a people for His inheritance, as you are today.
20 הוהי het julle gevat en julle uitgehaal uit die yster-smeltoond, uit Mitzrayim, om ’n volk te wees, as Sy eie besitting, soos dit vandag is.
21 “The LORD was angry with me on your account. He swore that I would not cross the Jordan and enter the good land the LORD your God is giving you as an inheritance.
21 Nou, הוהי was kwaad vir my, as gevolg van julle en Hy het gesweer dat ek nie oor die Yarden sal gaan en nie sal kom in die goeie land wat הוהי, julle God, jul as erfenis gee nie,
22 I won’t be crossing the Jordan because I am going to die in this land. But you are about to cross over and take possession of this good land.
22 want ek sal in hierdie land sterf, ek sal nie oor die Yarden gaan nie, maar julle sal oorgaan en hierdie goeie land in besit neem.
23 Be careful not to forget the covenant of the LORD your God that He made with you, and make an idol for yourselves in the shape of anything He has forbidden you.
23 Pas julleself op sodat julle die verbond van הוהי, julle God, wat Hy met julle gesluit het, nie vergeet nie en vir julle ’n gekerfde beeld maak in die vorm van enigiets wat הוהי, jou God, jou verbied het,
24 For the LORD your God is a consuming fire, a jealous God.
24 want הוהי, jou God, is ’n verterende vuur, ’n jaloerse God.
25 “When you have children and grandchildren and have been in the land a long time, and if you act corruptly, make an idol in the form of anything, and do what is evil in the sight of the LORD your God, provoking Him to anger,
25 Wanneer jy die vader word van kinders en kleinkinders en julle lank in die land bly en korrup optree en julle ’n afgod maak in die vorm van enigiets en enige iets gedoen het wat boos is in die oë van הוהי, jou God, om Hom

kwaad te maak,
26 I call heaven and earth as witnesses against you today that you will quickly perish from the land you are about to cross the Jordan to possess. You will not live long there, but you will certainly be destroyed.
26 dan roep ek die hemele en die aarde vandag as getuies teen julle dat julle sekerlik gou vernietig sal word uit die land, waarheen julle oor die Yarden trek, om dit in besit te neem. Julle sal nie lank daarop lewe nie, maar sal vernietig word tot uitwissing.
27 The L**ORD** will scatter you among the peoples, and you will be reduced to a few survivors among the nations where the L**ORD** your God will drive you.
27 הוהי sal julle onder die volke verstrooi en 'n klein klompie van julle sal onder die nasies oorbly waarheen הוהי julle sal uitdryf
28 There you will worship man-made gods of wood and stone, which cannot see, hear, eat, or smell.
28 en daar sal julle gode dien, die werk van mensehande, hout en klip, wat nie sien, hoor, eet of ruik nie.
29 But from there, you will search for the L**ORD** your God, and you will find Him when you seek Him with all your heart and all your soul.
29 Van daar af sal jy הוהי, jou God, soek en jy sal Hom vind as jy Hom met jou hele wil, emosie en verstand en jou hele gees en lewe soek.
30 When you are in distress and all these things have happened to you, you will return to the L**ORD** your God in later days and obey Him.
30 Wanneer jy in nood is en al hierdie dinge oor jou kom, sal jy aan die einde van die dae na הוהי, jou God, terugkeer en na Sy stem luister,
31 He will not leave you, destroy you, or forget the covenant with your fathers that He swore to them by oath, because the L**ORD** your God is a compassionate God.
31 want הוהי, jou God, is 'n Magtige God wat omgee; Hy sal jou nie in die steek laat, jou nie vernietig nie en Hy sal die verbond met jou vaders, wat Hy aan hulle gesweer het, nie vergeet nie.
32 "Indeed, ask about the earlier days that preceded you, from the day God created man on the earth and from one end of the heavens to the other: Has anything like this great event ever happened, or has anything like it been heard of?
32 Inderdaad, doen nou navraag oor die vroeëre dae wat voor jou was, van die dag af dat God die mens op die aarde geskep het en vra van die een einde van die hemele tot by die ander, of iets so groots gebeur het of iets soortgelyks gehoor is.
33 Has a people heard God's voice speaking from the fire as you have, and lived?
33 Het enige volk ooit die stem van God vanuit vuur hoor praat, soos jy gehoor het en bly lewe?
34 Or has a god attempted to go and take a nation as his own out of another

nation, by trials, signs, wonders, and war, by a strong hand and an outstretched arm, by great terrors, as the LORD your God did for you in Egypt before your eyes?
34 Of het ’n god ooit probeer om vir hom ’n nasie uit ’n ander nasie te gaan vat deur toetsinge, tekens, wonders, deur oorlog, deur ’n magtige hand en ’n uitgestrekte arm en deur groot verskrikkinge, soos wat הוהי, julle God, vir julle, voor julle oë, in Mitzrayim gedoen het?
35 You were shown these things so that you would know that the LORD is God; there is no other besides Him.
35 Dit is vir jou gewys sodat jy kan weet dat הוהי God is; daar is geen ander buiten Hom nie.
36 He let you hear His voice from heaven to instruct you. He showed you His great fire on earth, and you heard His words from the fire.
36 Uit die hemele het Hy jou Sy stem laat hoor om jou te onderrig en op die aarde het Hy jou Sy groot vuur laat sien en jy het Sy boodskappe vanuit die vuur gehoor
37 Because He loved your fathers, He chose their descendants after them and brought you out of Egypt by His presence and great power,
37 en omdat Hy julle vaders liefgehad het, het Hy hulle saad na hulle gekies en Hy Persoonlik het julle met Sy magtige krag uit Mitzrayim uitgebring,
38 to drive out before you nations greater and stronger than you and to bring you in and give you their land as an inheritance, as is now taking place.
38 om nasies groter en magtiger as jyself voor jou uit te verdryf, jou in te bring en hulle land aan jou as erfenis te gee, soos dit vandag is.
39 Today, recognize and keep in mind that the LORD is God in heaven above and on earth below; there is no other.
39 Weet daarom vandag en neem dit ter harte: הוהי, Hy is God, bo in die hemel en onder op die aarde; daar is geen ander nie.
40 Keep His statutes and commands, which I am giving you today, so that you and your children after you may prosper and so that you may live long in the land the LORD your God is giving you for all time.”
40 Jy sal daarom Sy reëls en Sy wette hou, wat ek jou vandag beveel sodat dit met jou en jou kinders ná jou goed mag gaan en dat jy lank mag leef in die land wat הוהי, jou God, vir jou gee, vir alle tye.”
41 Then Moses set apart three cities across the Jordan to the east.
41 Toe het Moshe drie stede afgesonder aan die oostekant van die Yarden
42 Someone could flee there who committed manslaughter, killing his neighbor accidentally without previously hating him. He could flee to one of these cities and stay alive:
42 sodat hy wat manslag begaan het, daarheen kon vlug, wat sy naaste sonder opset doodgeslaan het terwyl hy in vroeëre tye nie teenoor hom vyandig was nie sodat hy na een van hierdie stede kan vlug en bly lewe.
43 Bezer in the wilderness on the plateau land, belonging to the Reubenites;

Ramoth in Gilead, belonging to the Gadites; or Golan in Bashan, belonging to the Manassites.
43 Betzer, in die wildernis, op die plato, vir die Re'uveniete; Ramot in Gil'ad vir die Gadiete en Golan in Bashan vir die M'nashiete.
44 This is the law Moses gave the Israelites.
44 Nou hierdie is die wet wat Moshe voor die seuns van Yisra'el gehou het.
45 These are the decrees, statutes, and ordinances Moses proclaimed to them after they came out of Egypt,
45 Hierdie is die getuienisse, die reëls en die wette wat Moshe vir die seuns van Yisra'el meegedeel het na hulle uittog uit Mitzrayim,
46 across the Jordan in the valley facing Beth-peor in the land of Sihon king of the Amorites. He lived in Heshbon, and Moses and the Israelites defeated him after they came out of Egypt.
46 oorkant die Yarden, in die vallei oorkant Beit-P'or, in die land van Sigon, die koning van die Emoriete, wat in Heshbon gebly het, wat deur Moshe en die seuns van Yisra'el verslaan is, toe hulle uit Mitzrayim gekom het
47 They took possession of his land and the land of Og king of Bashan, the two Amorite kings who were across the Jordan to the east,
47 en hulle het sy land in besit geneem en die land van `Og, die koning van Bashan; die twee konings van
die Emoriete, wat oorkant die Yarden was, aan die oostekant;
48 from Aroer on the rim of the Arnon Valley as far as Mount Sion (that is, Hermon)
48 van `Aro'er af, wat op die kant van die Arnonvallei lê, tot by die berg Siryon, dit is Hermon
49 and all the Arabah on the east side of the Jordan as far as the Dead Sea below the slopes of Pisgah.
49 en die hele vlakte oos van die Yarden, na die ooste, tot by die See van die Vlakte (Arabah), aan die voet van die hange van Pisgah.

Deuteronomy5

1 Moses summoned all Israel and said to them, "Israel, listen to the statutes and ordinances I am proclaiming as you hear them today. Learn and follow them carefully.
1 Moshe het die hele Yisra'el laat roep en vir hulle gesê: "Luister, Yisra'el, na die reëls en die wette wat ek vandag voor julle ore uitspreek sodat julle dit moet leer en dit sorgvuldig moet doen.
2 The L**ORD** our God made a covenant with us at Horeb.
2 יהוה, ons God, het by Horev met ons 'n verbond gesluit.
3 He did not make this covenant with our fathers, but with all of us who are alive here today.

3 יהוה het nie hierdie verbond met ons vaders gesluit nie, maar met ons, met almal van ons wat vandag hier lewe.
4 The LORD spoke to you face to face from the fire on the mountain.
4 יהוה het van oog tot oog op die berg, vanuit die vuur, met julle gepraat.
5 At that time I was standing between the LORD and you to report the word of the LORD to you, because you were afraid of the fire and did not go up the mountain. And He said:
5 In dié tyd het ek tussen יהוה en julle gestaan om aan julle die boodskap van יהוה bekend te maak, want julle was bang as gevolg van die vuur en het nie op die berg opgegaan nie. Hy het gesê:
6 I am the LORD your God, who brought you out of the land of Egypt, out of the place of slavery.
6 'Ek is יהוה, jou God, wat jou uit die land van Mitzrayim, uit die huis van slawerny, uitgelei het.
7 Do not have other gods besides Me.
7 Jy mag geen ander gode in My Teenwoordigheid hê nie.
8 Do not make an idol for yourself in the shape of anything in the heavens above or on the earth below or in the waters under the earth.
8 Jy mag vir jou geen afgod of enige afbeelding maak van wat bo in die hemele is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie.
9 You must not bow down to them or worship them, because I, the LORD your God, am a jealous God, punishing the children for the fathers' sin to the third and fourth generations of those who hate Me,
9 Jy mag jou nie voor hulle neerbuig of hulle dien nie, want Ek, יהוה, jou God, is 'n jaloerse, Magtige God wat die oortredinge van die vaders die kinders laat beïnvloed tot by die derde en die vierde geslag van dié wat My haat,
10 but showing faithful love to a thousand generations of those who love Me and keep My commands.
10 maar wat liefdevol omgee vir duisende; dié wat My liefhet en My opdragte uitvoer.
11 Do not misuse the name of the LORD your God, because the LORD will not leave anyone unpunished who misuses His name.
11 Jy mag die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה, jou God, nie valslik gebruik nie, want יהוה sal die een wat Sy Naam valslik gebruik, nie ongestraf laat bly nie.
12 Be careful to remember the Sabbath day, to keep it holy as the LORD your God has commanded you.
12 Onderhou die Shabbatdag, deur dit af te sonder soos יהוה, jou God, jou beveel het.
13 You are to labor six days and do all your work,

13 Ses dae moet jy werk en al jou besigheid doen,
14 but the seventh day is a Sabbath to the LORD your God. You must not do any work — you, your son or daughter, your male or female slave, your ox or donkey, any of your livestock, or the foreigner who lives within your gates, so that your male and female slaves may rest as you do.

14 maar die sewende dag is ’n Shabbat van יהוה, jou God; dan mag jy géén besigheid doen nie; nie jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou os of jou donkie of enige van jou beeste, of die besoeker wat by jou bly nie sodat jou dienskneg en jou diensmaagd kan rus saam met jou.
15 Remember that you were a slave in the land of Egypt, and the LORD your God brought you out of there with a strong hand and an outstretched arm. That is why the LORD your God has commanded you to keep the Sabbath day.

15 Onthou dat jy in die land van Mitzrayim ’n slaaf was en dat יהוה, jou God, jou daarvandaan uitgelei het deur ’n magtige hand en ’n uitgestrekte arm; daarom het יהוה, jou God, jou beveel om die Shabbatdag te hou.
16 Honor your father and your mother, as the LORD your God has commanded you, so that you may live long and so that you may prosper in the land the LORD your God is giving you.

16 Eer jou vader en jou moeder soos יהוה, jou God, jou beveel het sodat jou dae verleng mag word en dat dit met jou goed mag gaan in die land wat יהוה, jou God, aan jou gee.
17 Do not murder.
17 Jy mag nie moord pleeg nie.
18 Do not commit adultery.
18 Jy mag nie egbreuk pleeg nie.
19 Do not steal.
19 Jy mag nie steel nie.
20 Do not give dishonest testimony against your neighbor.
20 Jy mag nie vals getuienis teen jou naaste bring nie.
21 Do not covet your neighbor’s wife or desire your neighbor’s house, his field, his male or female slave, his ox or donkey, or anything that belongs to your neighbor.
21 Jy mag jou nie verlustig in jou naaste se vrou nie en jy mag nie jou naaste se huis begeer nie, nie sy landerye of sy dienskneg of sy diensmaagd, sy os of sy esel of enige iets wat aan jou naaste behoort nie.’
22 “The LORD spoke these commands in a loud voice to your entire assembly from the fire, cloud, and thick darkness on the mountain; He added nothing more. He wrote them on two stone tablets and gave them to me.

22 Hierdie woorde het יהוה tot julle hele vergadering op die berg, uit die vuur, die wolk en die dik duisternis met ’n groot stem gepraat en Hy het niks

verder bygevoeg nie. Hy het dit op twee kliptafels geskryf en dit vir my gegee.
23 All of you approached me with your tribal leaders and elders when you heard the voice from the darkness and while the mountain was blazing with fire.
23 Toe julle die stem uit die duisternis hoor terwyl die berg met vuur brand, het julle na my toe gekom, al die hoofde van julle stamme en julle oudstes
24 You said, 'Look, the LORD our God has shown us His glory and greatness, and we have heard His voice from the fire. Today we have seen that God speaks with a person, yet he still lives.
24 en gesê: 'Let op, יהוה, ons Magtige God, het ons Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid en Sy Grootheid laat sien en ons het Sy stem uit die vuur gehoor. Vandag het ons gesien dat God met die mens praat en tog lewe hy nog.
25 But now, why should we die? This great fire will consume us and we will die if we hear the voice of the LORD our God any longer.
25 Waarom moet ons nou sterf? Want hierdie groot vuur sal ons verteer. As ons die stem van יהוה, ons God, nog langer hoor, sal ons sterf,
26 For who out of all mankind has heard the voice of the living God speaking from the fire, as we have, and lived?
26 want wie is daar van alle vlees wat die stem van die lewende God uit die vuur hoor praat het soos ons en steeds lewe?
27 Go near and listen to everything the LORD our God says. Then you can tell us everything the LORD our God tells you; we will listen and obey.'
27 Gaan ú nader en luister na alles wat יהוה, ons God, sal sê; sê u dan alles vir ons wat יהוה, ons God, vir u sal sê en ons sal luister en dit doen.'
28 "The LORD heard your words when you spoke to me. He said to me, 'I have heard the words that these people have spoken to you. Everything they have said is right.
28 יהוה het die klank van julle woorde gehoor toe julle met my gepraat het en יהוה sê vir my: 'Ek het die klank van die woorde van hierdie volk, wat hulle met jou gepraat het, gehoor; dit is alles goed wat hulle gesê het.
29 If only they had such a heart to fear Me and keep all My commands always, so that they and their children will prosper forever.
29 Ag, as hulle so 'n wil, emosie en verstand in hulle gehad het om My respekvol te vrees en al My opdragte altyd te doen sodat dit met hulle en hul seuns vir ewig goed kan gaan!
30 Go and tell them: Return to your tents.
30 Gaan sê vir hulle: Gaan terug na julle tente toe,
31 But you stand here with Me, and I will tell you every command — the statutes and ordinances — you are to teach them, so that they may follow them in the land I am giving them to possess.'
31 maar jy, bly hier by My staan sodat Ek aan jou al die opdragte, die reëls en

die wette wat jy hulle moet leer, kan meedeel sodat hulle dit kan doen in die land wat Ek hulle gee, om te besit.
32 "Be careful to do as the LORD your God has commanded you; you are not to turn aside to the right or the left.
32 Let op dat julle daarom doen net soos הוהי, julle God, julle beveel het; julle mag nie regs of links afwyk nie.
33 Follow the whole instruction the LORD your God has commanded you, so that you may live, prosper, and have a long life in the land you will possess.
33 Julle moet loop op al die paaie wat הוהי, julle God, julle beveel het sodat julle kan lewe en dit met julle goed kan gaan en julle jul dae kan verleng in die land wat julle sal besit.

Deuteronomy6

1 "This is the command — the statutes and ordinances — the LORD your God has instructed me to teach you, so that you may follow them in the land you are about to enter and possess.
1 Hierdie is die opdragte, die reëls en die wette wat הוהי, julle God, my beveel het om julle te leer sodat julle dit kan doen in die land waarheen julle oortrek, om dit te besit;
2 Do this so that you may fear the LORD your God all the days of your life by keeping all His statutes and commands I am giving you, your son, and your grandson, and so that you may have a long life.
2 dat jy הוהי, jou God, respekvol kan vrees om al Sy reëls en Sy opdragte, wat ek jou beveel, te doen, jy en jou kinders en jou kleinkinders, al die dae van jou lewe en dat jou dae verleng mag word.
3 Listen, Israel, and be careful to follow them, so that you may prosper and multiply greatly, because Yahweh, the God of your fathers, has promised you a land flowing with milk and honey.
3 O, Yisra'el, jy moet luister en wees versigtig om dit te doen sodat dit met jou goed mag gaan en dat julle baie kan vermenigvuldig soos הוהי, die God van jou vaders, jou beloof het, in 'n land wat vloei met melk en heuning.
4 "Listen, Israel: The LORD our God, the LORD is One.
4 Luister, hoor en doen Yisra'el, הוהי is ons God; הוהי is Een.
5 Love the LORD your God with all your heart, with all your soul, and with all your strength.
5 Jy moet הוהי, jou God, liefhê met jou hele verstand en wil en met jou hele lewe en met al jou vermoëns.
6 These words that I am giving you today are to be in your heart.
6 Hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou verstand, wil en emosie wees.

7 Repeat them to your children. Talk about them when you sit in your house and when you walk along the road, when you lie down and when you get up.
7 Jy moet dit ywerig vir jou kinders leer en daaroor praat as jy in jou huis sit, as jy op pad is, as jy gaan lê en as jy opstaan.
8 Bind them as a sign on your hand and let them be a symbol on your forehead.
8 Jy moet dit as 'n teken bind op jou hand en dit moet as 'n voorkopband tussen jou oë wees.
9 Write them on the doorposts of your house and on your gates.
9 Jy moet dit op die kosyne van jou huis en op jou hekke skryf,
10 "When the LORD your God brings you into the land He swore to your fathers Abraham, Isaac, and Jacob
that He would give you — a land with large and beautiful cities that you did not build,
10 dan sal dit gebeur, wanneer יהוה, jou God, jou inbring in die land, wat Hy aan jou vaders, Avraham, Yitz'gak en Ya'akov met 'n eed beloof het sodat Hy vir jou groot en mooi stede sal gee wat jy nie gebou het nie,
11 soos 'n arend wat Sy nes opbreek, oor Sy kleintjies sweef, Sy vlerke oopsprei en hulle vang; hulle dra op Sy vlerke.
12 The LORD alone led him, with no help from a foreign god.
12 יהוה alleen het hom gelei en daar was geen vreemde god by hom nie.
13 He made him ride on the heights of the land and eat the produce of the field. He nourished him with honey from the rock and oil from flint-like rock,
13 Hy het hom laat ry op die hoë plekke van die aarde en hy het die opbrengs van die veld geëet; Hy het hom heuning uit die rots laat suig en olie uit die

harde rots;
14 cream from the herd and milk from the flock, with the fat of lambs, rams from Bashan, and goats, with the choicest grains of wheat; you drank wine from the finest grapes.
14 dikmelk vanaf beeste en melk vanaf kleinvee, met die vet van lammers, ramme van Bashan en bokke, met die fynste van die koring en van die bloed van druiwe het jy wyn gedrink,
15 Then Jeshurun became fat and rebelled — you became fat, bloated, and gorged. He abandoned the God who made him and scorned the Rock of his salvation.
15 maar Yeshurun het vet geword en geskop; hy het vet, dik en blink geword; toe het hy die God verwerp wat hom gemaak het en die Rots van sy verlossing geminag.
16 They provoked His jealousy with foreign gods; they enraged Him with detestable practices.
16 Hulle het Hom jaloers gemaak met vreemde gode; deur verwerplikhede het hulle Hom uitgetart tot woede.
17 They sacrificed to demons, not God, to gods they had not known, new gods that had just arrived, which your fathers did not fear.
17 Hulle het aan demone geoffer, wat nie God is nie, aan gode wat hulle nie geken het nie; nuwes wat onlangs gekom het, vir wie julle vaders nie bang was nie.
18 You ignored the Rock who gave you birth; you forgot the God who gave birth to you.
18 Die Rots wat jou verwek het, het jy verwaarloos en jy het die Magtige God vergeet wat aan jou
geboorte gegee het.
19 When the LORD saw this, He despised them, provoked to anger by His sons and daughters.
19 הוהי het dit gesien en Hy het hulle verwerp as gevolg van die uittarting van Sy seuns en dogters.
20 He said: “I will hide My face from them; I will see what will become of them, for they are a perverse generation — unfaithful children.
20 Toe het Hy gesê: “Ek sal My gesig vir hulle wegsteek, Ek sal sien wat hulle einde sal wees, want hulle is ’n verdorwe geslag, seuns in wie geen vertrouenswaardigheid is nie.
21 They have provoked My jealousy with their so-called gods; they have enraged Me with their worthless idols. So I will provoke their jealousy with an inferior people; I will enrage them with a foolish nation.
21 Hulle het My jaloers gemaak met wat nie God is nie, My uitgetart tot woede met hulle afgode. Ék sal hulle dus jaloers maak met dié wat nie ’n volk is nie, deur ’n dwase nasie sal Ek hulle uittart tot woede,
22 For fire has been kindled because of My anger and burns to the depths of Sheol; it devours the land and its produce, and scorches the foundations of

the mountains.
22 want 'n vuur is aangesteek in My woede en brand tot in die laagste dele van Sh'ol, dit het die aarde met sy opbrengs verteer en die fondamente van die berge aan die brand gesteek.
23 "I will pile disasters on them; I will use up My arrows against them.
23 Ek sal booshede op hulle ophoop; My pyle sal Ek op hulle gebruik.
24 They will be weak from hunger, ravaged by pestilence and bitter plague; I will unleash on them wild beasts with fangs, as well as venomous snakes that slither in the dust.
24 Hulle sal uitgeput wees van honger en verteer deur plae en bitter vernietiging. Ek sal die tande van wilde diere teen hulle stuur met die gif van dinge wat in die stof kruip.
25 Outside, the sword will take their children, and inside, there will be terror; the young man and the young woman will be killed, the infant and the gray-haired man.
25 Buitekant sal die swaard beroof en binne die angs; die jongman, sowel as die maagd, die suigeling saam met die grysaard.
26 "I would have said: I will cut them to pieces and blot out the memory of them from mankind,
26 Ek sou gesê het: 'Ek sal hulle aan stukke sny, hulle gedagtenis onder die mense verwyder,'
27 if I had not feared insult from the enemy, or feared that these foes might misunderstand and say: 'Our own hand has prevailed; it wasn't the LORD who did all this.' "
27 as dit nie was dat die woede van die vyand sal sê dat hy sterk geword het nie en die teëstanders sal sê: 'Ons hand was triomfantlik en הוהי het dit nie alles gedoen nie,' sou ek hulle vernietig het,
28 Israel is a nation lacking sense with no understanding at all.
28 want hulle is 'n nasie sonder planne en daar is geen begrip in hulle nie.
29 If only they were wise, they would figure it out; they would understand their fate.
29 Was hulle maar wys dat hulle hierdie sou verstaan dat hulle hul toekoms kon onderskei.
30 How could one man pursue a thousand, or two put ten thousand to flight, unless their Rock had sold them, unless the LORD had given them up?
30 Hoe kan een 'n duisend jaag en twee tien duisend laat vlug, was dit nie dat hul Rots hulle verkoop en הוהי hulle oorgelewer het nie?
31 But their "rock" is not like our Rock; even our enemies concede.
31 Inderdaad is hulle rots nie soos ons Rots nie; selfs ons vyande oordeel so,
32 For their vine is from the vine of Sodom and from the fields of Gomorrah. Their grapes are poisonous; their clusters are bitter.
32 want hulle wingerdstok is van die wingerdstok van S'dom en uit die veld van `Amorra. Hulle druiwe is druiwe van gif, hulle trosse bitter.
33 Their wine is serpents' venom, the deadly poison of cobras.

33 Hulle wyn is die gif van slange en dodelike gif van kobras.
34 “Is it not stored up with Me, sealed up in My vaults?
34 Is dit nie by My gestoor, in My skatkamers verseël nie?
35 Vengeance belongs to Me; I will repay. In time their foot will slip, for their day of disaster is near, and their doom is coming quickly.”
35 Wraak en die terugbetaling is Myne. Kort voor lank sal hulle voet gly, want die dag van hulle ondergang is naby en wat oor hulle moet kom, haas op hulle af,
36 The L**ORD** will indeed vindicate His people and have compassion on His servants when He sees that their strength is gone and no one is left — slave or free.
36 want הוהי sal Sy volk vryspreek en Hy sal omgee hê vir Sy diensknegte wanneer Hy sien dat hulle krag weg is en daar niemand, gebind of vry, oor is nie.
37 He will say: “Where are their gods, the ‘rock’ they found refuge in?
37 Dan sal Hy sê: “Waar is hulle gode, die rots waar hulle skuiling gesoek het?
38 Who ate the fat of their sacrifices and drank the wine of their drink offerings? Let them rise up and help you; let it be a shelter for you.
38 Wie het die vet van hulle slagoffers geëet en die wyn van hulle drankoffer gedrink? Laat hulle opstaan en julle help, laat hulle julle skuilplek wees!
39 See now that I alone am He; there is no God but Me. I bring death and I give life; I wound and I heal. No one can rescue anyone from My hand.
39 Sien nou, Ek Is Hy en daar is geen god naas My nie. Dit is Ek wat doodmaak en lewe gee. Ek het gewond en dit is Ek wat genees en daar is niemand wat uit My hand kan red nie.
40 I raise My hand to heaven and declare: As surely as I live forever,
40 Inderdaad, Ek lig My hand op na die hemele en sê: ‘So waar as wat Ek ewig leef,
41 when I sharpen My flashing sword, and My hand takes hold of judgment, I will take vengeance on My adversaries and repay those who hate Me.
41 as Ek My glinsterende swaard skerp maak en My hand na regverdige oordeel gryp, sal Ek wraak uitoefen op My teëstanders en My haters terugbetaal.
42 I will make My arrows drunk with blood while My sword devours flesh — the blood of the slain and the captives, the heads of the enemy leaders.”
42 Ek sal My pyle dronk maak met bloed en My swaard sal vlees verteer met die bloed van die verslaande en die gevangene, vanaf die langhaar leiers van die vyand.’
43 Rejoice, you nations, concerning His people, for He will avenge the blood of His servants. He will take vengeance on His adversaries; He will purify His land and His people.
43 Skreeu uit van vreugde, O nasies, saam met Sy volk, want Hy sal die bloed van sy diensknegte vergeld, wraak uitoefen op Sy teëstanders en toedekking doen vir Sy land en Sy volk.”

44 Moses came with Joshua son of Nun and recited all the words of this song in the presence of the people.
44 Toe het Moshe gekom en al die woorde van hierdie lied gesê waar die volk kon hoor, hy, saam met Y'hoshua, die seun van Nun.
45 After Moses finished reciting all these words to all Israel,
45 Toe Moshe al hierdie woorde klaar vir die hele Yisra'el gesê het,
46 he said to them, "Take to heart all these words I am giving as a warning to you today, so that you may
command your children to carefully follow all the words of this law.
46 het hy vir hulle gesê: "Gee ag op al die woorde waarmee ek julle vandag waarsku, wat julle vir jul seuns moet beveel om versigtig na te kom, al die woorde van hierdie wet,
47 For they are not meaningless words to you but they are your life, and by them you will live long in the land you are crossing the Jordan to possess."
47 want dit is nie 'n leë woord vir julle nie, inderdaad is dit julle lewe en deur hierdie woord sal julle jul dae verleng in die land waarheen julle deur die Yarden trek, om dit te besit.
48 On that same day the L**ORD** spoke to Moses,
48 הוהי het op dieselfde dag met Moshe gepraat en gesê:
49 "Go up Mount Nebo in the Abarim range in the land of Moab, across from Jericho, and view the land of Canaan I am giving the Israelites as a possession.
49 "Gaan op die berg N'vo, in hierdie `Avarim bergreeks, wat in die land van Mo'av is, oorkant Yerigo en kyk na die land Kena'an, wat Ek vir die seuns van Yisra'el as besitting gee
50 Then you will die on the mountain that you go up, and you will be gathered to your people, just as your brother Aaron died on Mount Hor and was gathered to his people.
50 en sterf op die berg waarheen jy opklim en word bymekaargemaak by jou volksgenote, soos jou broer Aharon gesterf het op die berg Hor en by sy volksgenote bymekaar gemaak is
51 For both of you broke faith with Me among the Israelites at the waters of Meribath-kadesh in the Wilderness of Zin by failing to treat Me as holy in their presence.
51 omdat julle onder die seuns van Yisra'el vertroue met My gebreek het by die waters van M'rivat- Kadesh, in die wildernis van Tzin omdat julle My nie as afgesonderd behandel het tussen die kinders van Yisra'el nie,
52 Although from a distance you will view the land that I am giving the Israelites, you will not go there."
52 want jy sal die land op 'n afstand sien, maar jy sal nie daarheen gaan nie, na die land wat Ek aan die seuns van Yisra'el gee."

Deuteronomy33

1 This is the blessing that Moses, the man of God, gave the Israelites before his death.
1 Hierdie is die seën waarmee Moshe, die man van God, die seuns van Yisra'el geseën het voor sy dood.
2 He said: The LORD came from Sinai and appeared to them from Seir; He shone on them from Mount Paran and came with ten thousand holy ones, with lightning from His right hand for them.
2 Hy het gesê: "יהוה het vanaf Sinai gekom en geskyn oor ons vanaf Se'ir; Hy het opgestaan vanaf die berg Pa'ran en gekom met tien duisende afgesonderdes aan Sy regterhand.
3 Indeed He loves the people. All Your holy ones are in Your hand, and they assemble at Your feet. Each receives Your words.
3 Inderdaad, Hy het in hulle behoeftes voorsien en hulle geliefd gemaak onder die nasies. Hy het al Sy afgesonderdes geseën en hulle het naby, in U voetspore, gevolg; elkeen het U boodskappe ontvang.
4 Moses gave us instruction, a possession for the assembly of Jacob.
4 Moshe het aan ons die wet oorgedra, 'n besitting vir die vergadering van Ya'akov.
5 So He became King in Jeshurun when the leaders of the people gathered with the tribes of Israel.
5 Hy is koning in Yeshurun, toe die hoofde van die volk bymekaargekom het, die stamme van Yisra'el saam.
6 Let Reuben live and not die though his people become few.
6 Mag Re'uven leef en nie sterf nie en sy manne ook nie min wees nie."
7 He said this about Judah: LORD, hear Judah's cry and bring him to his people. He fights for his cause with his own hands, but may You be a help against his foes.
7 Hierdie is die seën vir Y'hudah: "Hoor, O יהוה, die stem van Y'hudah en bring hom naby sy mense; met sy hande het hy vir hulle baklei en mag U vir hom 'n Hulp wees teen sy teëstanders."
8 He said about Levi: Your Thummim and Urim belong to Your faithful one; You tested him at Massah and contended with him at the waters of Meribah.
8 Van Levi het hy gesê: "Laat U afsondering en U lig behoort aan die regverdige een, wat U bewys het deur toetsinge en wat U getoets het by die waters van M'rivah;
9 He said about his father and mother, "I do not regard them." He disregarded his brothers and didn't acknowledge his sons, for they kept Your word and maintained Your covenant.
9 wat van sy vader en sy moeder gesê het: 'Ek het hulle nie in ag geneem nie' en sy broers nie erken het en sy seuns nie geag het nie, want hulle het U woord bewaar en U verbond gehou.

10 They will teach Your ordinances to Jacob and Your instruction to Israel; they will set incense before You and whole burnt offerings on Your altar.
10 Hulle sal U reëls vir Ya'akov leer en U wet vir Yisra'el. Hulle sal reukwerk voor U plaas as U kwaad is en heel brandoffers op U altaar.
11 L**ORD**, bless his possessions, and accept the work of his hands. Smash the loins of his adversaries and enemies, so that they cannot rise again.
11 O, הוהי, seën sy wese en aanvaar die werk van sy hande; verpletter die lendene van die wat teen hom opstaan en die wat hom haat sodat hulle nie weer kan opstaan nie."
12 He said about Benjamin: The L**ORD**'s beloved rests securely on Him. He shields him all day long, and he rests on His shoulders.
12 Van Binyamin het hy gesê: "Mag die een waarvoor הוהי lief is, veilig by Hom loop, wat die hele dag 'n skild om hom sit en woon tussen Sy skouers."
13 He said about Joseph: May his land be blessed by the L**ORD** with the dew of heaven's bounty and the watery depths that lie beneath;
13 Van Yosef het hy gesê: "Laat sy land geseënd wees deur הוהי met die keur van die hemel, met die dou en vanuit die diep wat onder lê,
14 with the bountiful harvest from the sun and the abundant yield of the seasons;
14 met die keur wat deur die son voortgebring word, met die keur lewering van die maande,
15 with the best products of the ancient mountains and the bounty of the eternal hills;
15 met die beste dinge van die antieke berge, met die keur van die ewige heuwels,
16 with the choice gifts of the land and everything in it; and with the favor of Him who appeared in the burning bush. May these rest on the head of Joseph, on the crown of the prince of his brothers.
16 met die beste dinge van die aarde en sy volheid en die guns van Hom wat in die bos gebly het. Laat dit kom op die kop van Yosef en op die kroon van die een wat uitgestaan het onder sy broers.
17 His firstborn bull has splendor, and horns like those of a wild ox; he gores all the peoples with them to the ends of the earth. Such are the ten thousands of Ephraim, and such are the thousands of Manasseh.
17 Soos die eersgeborene van sy stier is majesteit syne en sy horings is die horings van die wilde bul Aurogs); daarmee sal hy die volke stoot, almal gelyk, na die eindes van die aarde. Hulle is die tien duisende van Efrayim en dit is die duisende van M'nasheh!"
18 He said about Zebulun: Rejoice, Zebulun, in your journeys, and Issachar, in your tents.
18 Van Z'vulun het hy gesê: "Verheug jou, Z'vulun, as jy uitgaan en Yissakhar, in jou tente.
19 They summon the peoples to a mountain; there they offer acceptable

sacrifices. For they draw from the wealth of the seas and the hidden treasures of the sand.
19 Hulle sal volke na die berg roep; daar sal hulle offers van onpartydige opregtheid offer, want hulle sal die oorvloed van die see optrek en die weggesteekte skatte van die sand."
20 He said about Gad: The one who enlarges Gad's territory will be blessed. He lies down like a lion and tears off an arm or even a head.
20 Van Gad het hy gesê: "Geseënd is Hy wat Gad groter maak; hy gaan lê soos 'n leeu en verskeur die arm en die kroon van die kop.
21 He chose the best part for himself, because a ruler's portion was assigned there for him. He came with the leaders of the people; he carried out the LORD's justice and His ordinances for Israel.
21 Toe het hy die eerste deel vir homself voorsien, want daar was die heerser se deel gereserveer en hy het gekom met die leiers van die volk, hy het die regverdige oordeel van יהוה uitgevoer en Sy oordele met Yisra'el."
22 He said about Dan: Dan is a young lion, leaping out of Bashan.
22 Van Dan het hy gesê: "Dan is 'n leeuwelpie wat uitspring uit Bashan."
23 He said about Naphtali: Naphtali, enjoying approval, full of the LORD's blessing, take possession to the west and the south.
23 Van Naftali het hy gesê: "O Naftali, versadig met guns en vol van die seën van יהוה, neem besit van die see en die suide!"
24 He said about Asher: May Asher be the most blessed of the sons; may he be the most favored among his brothers and dip his foot in olive oil.
24 Van Asher het hy gesê: "Asher is meer geseënd as seuns; laat hy die gunsteling van sy broers wees en mag hy sy voet in olie insteek.
25 May the bolts of your gate be iron and bronze, and your strength last as long as you live.
25 Jou skoene sal yster en koper wees en volgens jou dae, so sal jou kragte wees.
26 There is none like the God of Jeshurun, who rides the heavens to your aid, the clouds in His majesty.
26 Daar is niemand soos die God van Yeshurun, wat die hemele ry tot jou hulp en deur die lug in Sy majesteit, nie.
27 The God of old is your dwelling place, and underneath are the everlasting arms. He drives out the enemy before you and commands, "Destroy! "
27 In die hemel van hemele is die blyplek van God van ewigheid af en benede skep Hy die mens. Hy sal
die vyand voor jou uit vernietig, want Hy het gesê: 'Vernietig!'
28 So Israel dwells securely; Jacob lives untroubled in a land of grain and new wine; even his skies drip with dew.
28 Yisra'el sal alleen in veiligheid loop, die fontein van Ya'akov in afsondering, in 'n land van graan, wyn en olie; Sy hemele laat ook dou afdrup.
29 How happy you are, Israel! Who is like you, a people saved by the LORD? He is the shield that protects you, the sword you boast in. Your enemies will

cringe before you, and you will tread on their backs.
29 Geseënd is jy, O Yisra’el! Wie is soos jy? ’n Volk wie se redding deur יהוה volgehou word. God is jou hulp en jou trots is nie in die swaard nie. Jou vyande sal valslik teenoor jou optree, maar jy sal op hulle nekke trap.”

Deuteronomy34

1 Then Moses went up from the plains of Moab to Mount Nebo, to the top of Pisgah, which faces Jericho, and the LORD showed him all the land: Gilead as far as Dan,
1 Moshe het opgegaan uit die vlaktes van Mo’av na die berg N’vo, na die top van Pisgah, wat oorkant Yerigo lê en יהוה het hom die hele land, van Gil’ad tot so ver as Dan laat sien,
2 all of Naphtali, the land of Ephraim and Manasseh, all the land of Judah as far as the Mediterranean Sea,
2 die hele Naftali, die land van Efrayim en M’nasheh en die hele land van Y’hudah tot by die Westelike See,
3 the Negev, and the region from the Valley of Jericho, the City of Palms, as far as Zoar.
3 die Negev (Suidland) en die vlakte in die vallei van Yerigo, die Palmstad, tot by Zoar.
4 The LORD then said to him, “This is the land I promised Abraham, Isaac, and Jacob, ‘I will give it to your descendants.’ I have let you see it with your own eyes, but you will not cross into it.”
4 Toe sê יהוה vir hom: “Hierdie is die land wat Ek aan Avraham, Yitz’gak en Ya’akov met ’n eed beloof het met die woorde: ‘Ek sal dit aan jou nageslag gee;’ Ek het jou dit met jou oë laat sien, maar jy sal nie daarheen gaan nie.”
5 So Moses the servant of the LORD died there in the land of Moab, as the LORD had said.
5 Moshe, die dienskneg van יהוה, het daar gesterf, in die land van Mo’av, volgens die woord van יהוה.
6 He buried him in the valley in the land of Moab facing Beth-peor, and no one to this day knows where his grave is.
6 Hy het hom in die vallei, in die land van Mo’av, oorkant Beit-P’or, begrawe, maar niemand ken die plek waar hy begrawe is, tot vandag toe nie.
7 Moses was 120 years old when he died; his eyes were not weak, and his vitality had not left him.
7 Alhoewel Moshe een honderd en twintig jaar oud was toe hy dood is, was sy oog nie dof nie en sy fisiese krag en gesondheid het nie afgeneem nie.
8 The Israelites wept for Moses in the plains of Moab 30 days. Then the days of weeping and mourning for Moses came to an end.

8 Die seuns van Yisra'el het oor Moshe gehuil in die vlaktes van Mo'av vir dertig dae lank en toe het die dae van die gehuil en van rou oor Moshe ten einde gekom.
9 Joshua son of Nun was filled with the spirit of wisdom because Moses had laid his hands on him. So the Israelites obeyed him and did as the LORD had commanded Moses.
9 Y'hoshua, die seun van Nun, was vol van die Gees van wysheid, want Moshe het hom die hande opgelê

en die seuns van Yisra'el het na hom geluister en gedoen soos יהוה Moshe beveel het.
10 No prophet has arisen again in Israel like Moses, whom the LORD knew face to face.
10 Sedert daardie tyd, het daar geen profeet soos Moshe, in Yisra'el opgestaan, vir wie יהוה van gesig tot gesig geken het nie,
11 He was unparalleled for all the signs and wonders the LORD sent him to do against the land of Egypt — to Pharaoh, to all his officials, and to all his land,
11 vir al die tekens en wonders wat יהוה hom gestuur het om in die land van Mitzrayim aan Farao en aan al sy dienaars en sy hele land te doen
12 and for all the mighty acts of power and terrifying deeds that Moses performed in the sight of all Israel.
12 en vir al die magtige krag en al die groot, verskriklike dade wat Moshe voor die oë van die hele Yisra'el gedoen het.

Joshua

Joshua1

1 After the death of Moses the LORD's servant, the LORD spoke to Joshua son of Nun, who had served Moses:
1 Nou het dit gebeur, ná die dood van Moshe, die kneg van יהוה, dat יהוה met Y'hoshua, die seun van Nun, die dienaar van Moshe, gepraat en gesê het:
2 "Moses My servant is dead. Now you and all the people prepare to cross over the Jordan to the land I am giving the Israelites.
2 "My kneg Moshe is dood; staan daarom op, trek deur hierdie Yarden, jy en al hierdie mense, na die land wat Ek aan hulle, aan die seuns van Yisra'el, gee.
3 I have given you every place where the sole of your foot treads, just as I promised Moses.
3 Elke plek waarop die sool van jou voet trap, dit gee Ek aan jou, net soos Ek

met Moshe gepraat het.
4 Your territory will be from the wilderness and Lebanon to the great Euphrates River — all the land of the Hittites — and west to the Mediterranean Sea.
4 Vanaf die wildernis en hierdie L'vanon, selfs tot by die groot rivier, die Eufraatrivier, die hele land van die Hittiete en so ver as die Groot See, waar die son ondergaan, sal julle grondgebied wees.
5 No one will be able to stand against you as long as you live. I will be with you, just as I was with Moses. I will not leave you or forsake you.
5 Niemand sal voor jou kan staan, al die dae van jou lewe, nie; net soos Ek met Moshe was, sal Ek met jou wees; Ek sal jou nie in die steek laat en jou nie verlaat nie.
6 "Be strong and courageous, for you will distribute the land I swore to their fathers to give them as an inheritance.
6 Wees onveranderlik sterk en dapper, want jy sal aan hierdie volk die land as besitting gee wat Ek aan hulle vaders met 'n eed beloof het om aan hulle te gee.
7 Above all, be strong and very courageous to carefully observe the whole instruction My servant Moses commanded you. Do not turn from it to the right or the left, so that you will have success wherever you go.
7 Wees net onveranderlik sterk en baie dapper. Wees versigtig om te doen volgens die hele wet wat Moshe, My kneg, jou beveel het; moenie regs of links daarvan afdraai nie sodat jy sukses kan hê, waar jy ook al mag gaan.
8 This book of instruction must not depart from your mouth; you are to recite it day and night so that you may carefully observe everything written in it. For then you will prosper and succeed in whatever you do.
8 Hierdie boek van die wet mag nie uit jou mond uitgaan nie, maar jy moet dit dag en nag bedink sodat jy versigtig kan wees om volgens alles wat daarin geskryf staan te doen, want dan sal jy jou paaie voorspoedig maak en dan sal jy sukses hê.
9 Haven't I commanded you: be strong and courageous? Do not be afraid or discouraged, for the LORD your God is with you wherever you go."
9 Het Ek jou nie beveel nie? Wees onveranderlik sterk en dapper, moenie bewe of mismoedig wees nie, want יהוה, jou God, is met jou, waar jy ook al heengaan."
10 Then Joshua commanded the officers of the people:
10 Toe het Y'hoshua aan die offisiere van die volk bevel gegee en gesê:
11 "Go through the camp and tell the people, 'Get provisions ready for yourselves, for within three days you will be crossing the Jordan to go in and take possession of the land the L**ORD** your God is giving you to inherit.' "
11 "Gaan deur die kamp en beveel die volk en sê: 'Berei vir julle padkos voor, want binne drie dae moet julle deur hierdie Yarden trek om in te gaan om die land in besit te neem wat יהוה, julle God, aan julle gee, om dit in besit te neem.'"

12 Joshua said to the Reubenites, the Gadites, and half the tribe of Manasseh:
12 Aan die Re'uveniete en Gadiete en die halwe stam van M'nasheh het Y'hoshua gesê:
13 "Remember what Moses the LORD's servant commanded you when he said, 'The LORD your God will give you rest, and He will give you this land.'
13 "Onthou die woord wat Moshe, die kneg van יהוה, julle beveel het toe hy gesê het: 'יהוה, julle God, gee aan julle rus en sal hierdie land aan julle gee.'
14 Your wives, young children, and livestock may remain in the land Moses gave you on this side of the Jordan. But your fighting men must cross over in battle formation ahead of your brothers and help them
14 Julle vroue, julle kinders en julle vee moet in die land wat Moshe julle oorkant die Yarden gegee het, bly, maar julle, al die onverskrokke soldate, moet gewapend voor julle broers deurtrek en hulle help
15 until the LORD gives your brothers rest, as He has given you, and they too possess the land the LORD your God is giving them. You may then return to the land of your inheritance and take possession of what Moses the LORD's servant gave you on the east side of the Jordan."
15 totdat יהוה aan julle broers, soos aan julle, rus gee en hulle ook die land in besit neem wat יהוה, julle God, aan hulle gee; dan moet julle teruggaan na die land van julle besitting en dit as erfenis ontvang, die land wat Moshe, die kneg van יהוה, julle gegee het oorkant die Yarden, waar die son opkom."
16 They answered Joshua, "Everything you have commanded us we will do, and everywhere you send us we will go.
16 Hulle het Y'hoshua geantwoord en gesê: "Alles wat u ons beveel het, sal ons doen en oral waarheen u
ons stuur, sal ons gaan.
17 We will obey you, just as we obeyed Moses in everything. And may the LORD your God be with you, as He was with Moses.
17 Net soos ons Moshe gehoorsaam het in alles, so sal ons u gehoorsaam; mag יהוה, u God, net met u wees soos Hy met Moshe was.
18 Anyone who rebels against your order and does not obey your words in all that you command him, will be put to death. Above all, be strong and courageous! "
18 Enige een wat teen u bevel rebelleer en u woorde nie gehoorsaam in alles wat u hom beveel nie, sal doodgemaak word; wees net onveranderlik sterk en dapper."

Joshua2

1 Joshua son of Nun secretly sent two men as spies from the Acacia Grove, saying, “Go and scout the land, especially Jericho.” So they left, and they came to the house of a woman, a prostitute named Rahab, and stayed there.
1 Toe het Y’hoshua, die seun van Nun, in die geheim twee manne as verkenners uit Shitteem uitgestuur en gesê: “Gaan kyk na die land en veral Yerigo.” Hulle het gegaan en in die huis van ’n hoer, met die naam van Ragav, ingekom en daar gebly.
2 The king of Jericho was told, “Look, some of the Israelite men have come here tonight to investigate the land.”
2 Dit is aan die koning van Yerigo vertel en gesê: “Let op, manne uit die seuns van Yisra’el het vannag hierheen gekom om die land te verken.”
3 Then the king of Jericho sent word to Rahab and said, “Bring out the men who came to you and entered your house, for they came to investigate the entire land.”
3 Die koning van Yerigo het na Ragav gestuur om te sê: “Bring die manne uit wat na jou toe gekom het, wat in jou huis ingegaan het, want hulle het gekom om die hele land te verken.”
4 But the woman had taken the two men and hidden them. So she said, “Yes, the men did come to me, but I didn’t know where they were from.
4 Die vrou het egter die twee manne gevat en hulle weggesteek en sy het gesê: “Ja, die manne het na my toe gekom, maar ek het nie geweet waar hulle vandaan was nie.
5 At nightfall, when the gate was about to close, the men went out, and I don’t know where they were going. Chase after them quickly, and you can catch up with them! ”
5 Dit het gebeur dat toe die poort met donker gesluit moes word, die manne uitgegaan het; ek weet nie waarheen die manne gegaan het nie; agtervolg hulle gou, want julle sal hulle inhaal.”
6 But she had taken them up to the roof and hidden them among the stalks of flax that she had arranged on the roof.
6 Sy het hulle egter opgevat na die dak toe en hulle weggesteek onder die vlasstingels wat sy op haar dak oopgegooi het.
7 The men pursued them along the road to the fords of the Jordan, and as soon as they left to pursue them, the gate was shut.
7 Die manne het hulle toe agternagejaag in die rigting van die Yarden, na die driwwe; dadelik nadat hulle agtervolgers uitgegaan het, het hulle die hek gesluit.
8 Before the men fell asleep, she went up on the roof
8 Voordat hulle gaan slaap het, het sy op die dak geklim na hulle toe
9 and said to them, “I know that the LORD has given you this land and that the terror of you has fallen on us, and everyone who lives in the land is panicking because of you.
9 en vir die manne gesê: “Ek weet dat יהוה die land aan julle gegee het en dat die verskrikking van julle op ons geval het en dat al die inwoners van die

land weggesmelt het voor julle,
10 For we have heard how the LORD dried up the waters of the Red Sea before you when you came out of Egypt, and what you did to Sihon and Og, the two Amorite kings you completely destroyed across the Jordan.
10 want ons het gehoor hoe יהוה die water van die Sufsee voor julle laat opdroog het toe julle uit Mitzrayim gekom het en wat julle aan die twee konings van die Emoriete, Sigon en `Og, oorkant die Yarden gedoen het, wat julle heeltemal uitgewis het.
11 When we heard this, we lost heart, and everyone's courage failed because of you, for the LORD your God is God in heaven above and on earth below.
11 Toe ons dit hoor, het ons binneste gesmelt en geen moed het in enige man oorgebly as gevolg van julle nie, want יהוה, julle God: Hy is God bo in die hemel en onder op die aarde;
12 Now please swear to me by the LORD that you will also show kindness to my family, because I showed kindness to you. Give me a sure sign
12 daarom dan, sweer asseblief vir my by יהוה terwyl ek goedgunstig teenoor julle opgetree het, julle ook teenoor my vader se huishouding goedgunstig sal wees en vir my 'n teken van waarheid gee
13 that you will spare the lives of my father, mother, brothers, sisters, and all who belong to them, and save us from death."
13 dat julle die lewe van my vader, moeder, broers en susters en almal wat aan hulle behoort, sal spaar en ons lewens sal red van die dood."
14 The men answered her, "We will give our lives for yours. If you don't report our mission, we will show kindness and faithfulness to you when the LORD gives us the land."
14 Die manne sê vir haar: "Ons lewe vir julle s'n, as julle nie hierdie saak van ons bekend maak nie en dit sal wees wanneer יהוה aan ons die land gee, ons gunstig en getrou teenoor julle sal wees."
15 Then she let them down by a rope through the window, since she lived in a house that was built into the wall of the city.
15 Toe het sy hulle met 'n tou deur die venster laat afsak, want haar huis was op die stadsmuur; dus het sy op die muur gebly.
16 "Go to the hill country so that the men pursuing you won't find you," she said to them. "Hide yourselves there for three days until they return; afterward, go on your way."
16 Sy het vir hulle gesê: "Gaan na die bergland sodat julle agtervolgers julle nie raakloop nie en steek julle daar vir drie dae lank weg totdat die agtervolgers terugkom; daarna kan julle verder gaan."
17 The men said to her, "We will be free from this oath you made us swear,
17 Die manne sê vir haar: "Ons sal ontslae wees van hierdie eed aan jou wat jy ons laat sweer het,
18 unless, when we enter the land, you tie this scarlet cord to the window through which you let us down. Bring your father, mother, brothers, and all

your father's family into your house.
18 as jy nie, wanneer ons die land inkom, hierdie koord van rooi lyn waarmee jy ons laat afsak het, aan die venster vasbind nie; jy moet ook jou vader, moeder, broers en jou vader se hele huishouding by jou in die huis versamel.
19 If anyone goes out the doors of your house, his blood will be on his own head, and we will be innocent. But if anyone with you in the house should be harmed, his blood will be on our heads.
19 Dit sal wees dat elkeen wat by die deure van jou huis na die straat toe uitgaan, dié se bloed sal op sy eie kop wees en ons onskuldig, maar elkeen wat by jou in die huis is, dié se bloed sal op ons kop wees, as 'n hand op hom is,
20 And if you report our mission, we are free from the oath you made us swear."
20 maar as jy hierdie saak van ons bekend maak, sal ons vry wees van die eed wat jy ons laat sweer het."
21 "Let it be as you say," she replied, and she sent them away. After they had gone, she tied the scarlet cord to the window.
21 Sy antwoord: "Volgens julle woorde, laat dit so wees." Sy het hulle weggestuur en hulle het vertrek en sy het die rooi lyn aan die venster vasgebind.
22 So the two men went into the hill country and stayed there three days until the pursuers had returned. They searched all along the way, but did not find them.
22 Hulle het vertrek en in die bergland gekom en drie dae lank daar gebly totdat die agtervolgers teruggekom het. Nou, die agtervolgers het hulle oral op die pad gesoek, maar nie gekry nie.
23 Then the men returned, came down from the hill country, and crossed the Jordan. They went to Joshua son of Nun and reported everything that had happened to them.
23 Toe het die twee manne teruggegaan en van die bergland afgekom en oorgegaan en by Y'hoshua, die seun van Nun, gekom en hom alles vertel wat met hulle gebeur het.
24 They told Joshua, "The LORD has handed over the entire land to us. Everyone who lives in the land is also panicking because of us."
24 Hulle het vir Y'hoshua gesê: "Sekerlik het יהוה die hele land in ons hand gegee, meer nog, al die inwoners van die land smelt voor ons weg."

Joshua3

1 Joshua started early the next morning and left the Acacia Grove with all the Israelites. They went as far as the Jordan and stayed there before crossing.
1 Toe het Y'hoshua die oggend vroeg opgestaan en hy en al die seuns van Yisra'el het van Shitteem af weggetrek en by die Yarden gekom en daar oorgebly voordat hulle deurgetrek het.

2 After three days the officers went through the camp
2 Aan die einde van drie dae het die offisiere deur die kamp gegaan
3 and commanded the people: "When you see the ark of the covenant of the LORD your God carried by the Levitical priests, you must break camp and follow it.
3 en die volk beveel en gesê: "Wanneer julle die verbondsark van הוהי, julle God, sien en die Levitiese priesters wat hom dra, moet julle van jul plek af opbreek en agter hom aangaan.
4 But keep a distance of about 1,000 yards between yourselves and the ark. Don't go near it, so that you can see the way to go, for you haven't traveled this way before."
4 Daar moet egter 'n afstand van omtrent twee duisend el tussen julle en hom wees. Moenie naby dit kom nie sodat julle die pad kan ken waarlangs julle moet trek, want julle het nie vroeër met dié pad getrek nie."
5 Joshua told the people, "Consecrate yourselves, because the LORD will do wonders among you tomorrow."
5 Toe het Y'hoshua vir die volk gesê: "Sonder julleself af, want môre sal הוהי wonders onder julle doen."
6 Then he said to the priests, "Take the ark of the covenant and go on ahead of the people." So they carried the ark of the covenant and went ahead of them.
6 Y'hoshua het met die priesters gepraat en gesê: "Tel die verbondsark op en gaan oor, voor die volk uit." Hulle het die verbondsark opgetel en voor die volk uit getrek.
7 The LORD spoke to Joshua: "Today I will begin to exalt you in the sight of all Israel, so they will know that I will be with you just as I was with Moses.
7 Nou, הוהי het vir Y'hoshua gesê: "Vandag sal Ek begin om jou op te lig voor die oë van die hele Yisra'el sodat hulle kan weet dat Ek met jou sal wees net soos Ek met Moshe was.
8 Command the priests carrying the ark of the covenant: When you reach the edge of the waters, stand in the Jordan."
8 Jy moet ook die priesters wat die verbondsark dra beveel en sê: 'Wanneer julle aan die kant van die water van die Yarden kom, moet julle in die Yarden bly staan.'"
9 Then Joshua told the Israelites, "Come closer and listen to the words of the LORD your God."
9 Toe sê Y'hoshua aan die seuns van Yisra'el: "Kom hier en hoor, luister en doen die woorde van הוהי, julle God."
10 He said: "You will know that the living God is among you and that He will certainly dispossess before you the Canaanites, Hittites, Hivites, Perizzites, Girgashites, Amorites, and Jebusites
10 Y'hoshua het gesê: "Hieraan sal julle weet dat daar 'n lewende God tussen julle is en dat Hy sekerlik die Kena'aniete, die Hittiete, die Hiviete, die

P’riziete, die Girgashiete, die Emoriete en die Y’vusiete voor julle uit sal verdrywe:
11 when the ark of the covenant of the Lord of all the earth goes ahead of you into the Jordan.
11 let op, die ark van die verbond van die Meester van die hele aarde trek voor julle uit die Yarden in.
12 Now choose 12 men from the tribes of Israel, one man for each tribe.
12 Vat nou vir julle twaalf manne uit die stamme van Yisra’el, een man uit elke stam.
13 When the feet of the priests who carry the ark of the LORD, the Lord of all the earth, come to rest in the Jordan’s waters, its waters will be cut off. The water flowing downstream will stand up in a mass.”
13 Dit sal wees, wanneer die voetsole van die priesters wat die ark van הוהי, die Meester van die hele aarde, dra, in die water van die Yarden rus, die water van die Yarden afgesny sal word; die water wat van die bokant afkom sal op een hoop bly staan.”
14 When the people broke camp to cross the Jordan, the priests carried the ark of the covenant ahead of the people.
14 Toe die volk wegtrek uit hulle tente om deur die Yarden te gaan, met die priesters wat die ark van die verbond dra, voor die volk
15 Now the Jordan overflows its banks throughout the harvest season. But as soon as the priests carrying the ark reached the Jordan, their feet touched the water at its edge
15 en die draers van die ark by die Yarden kom en die priesters wat die ark dra, hulle voete aan die kant van die water insteek, want die Yarden oorvloei beide sy walle, al die dae van die oes, het dit gebeur dat
16 and the water flowing downstream stood still, rising up in a mass that extended as far as Adam, a city next to Zarethan. The water flowing downstream into the Sea of the Arabah (the Dead Sea) was completely cut off, and the people crossed opposite Jericho.
16 die water wat van die bokant afvloei bly staan het en opgerys het in een hoop, baie ver weg by Adam, wat langs Tzartan lê en die wat afvloei na die See van die Vlakte (`Aravah), die Soutsee, is heeltemal afgesny. Die volk het oorkant Yerigo oorgetrek.
17 The priests carrying the ark of the LORD’s covenant stood firmly on dry ground in the middle of the Jordan, while all Israel crossed on dry ground until the entire nation had finished crossing the Jordan.
17 Die priesters wat die ark van die verbond van הוהי gedra het, het stewig op droë grond in die middel van die Yarden bly staan terwyl die hele Yisra’el op droë grond deurgetrek het totdat die hele volk klaar deur die Yarden getrek het.

Joshua4

1 After the entire nation had finished crossing the Jordan, the LORD spoke to Joshua:

1 Toe die hele volk klaar deur die Yarden getrek het, het יהוה met Y'hoshua gepraat en gesê:

2 "Choose 12 men from the people, one man for each tribe,

2 "Vat vir julle twaalf manne vanuit die volk, een man uit elke stam,

3 and command them: Take 12 stones from this place in the middle of the Jordan where the priests are standing, carry them with you, and set them down at the place where you spend the night."

3 en beveel hulle en sê: 'Vat vir julle van hier, uit die middel van die Yarden, vanaf die plek waar die voete van die priesters stewig bly staan het, twaalf klippe en dra hulle saam met julle deur en sit dit neer in die blyplek waar julle vannag gaan oorbly.'"

4 So Joshua summoned the 12 men he had selected from the Israelites, one man for each tribe,

4 Y'hoshua het die twaalf manne geroep wat hy uit die seuns van Yisra'el, een man uit elke stam, aangestel het

5 and said to them, "Go across to the ark of the LORD your God in the middle of the Jordan. Each of you lift a stone onto his shoulder, one for each of the Israelite tribes,

5 en Y'hoshua het vir hulle gesê: "Gaan weer oor na die ark van יהוה, julle God, binne-in die Yarden en tel elkeen 'n klip op op sy skouer, volgens die getal van die stamme van die seuns van Yisra'el.

6 so that this will be a sign among you. In the future, when your children ask you, 'What do these stones mean to you? '

6 Laat dit 'n teken onder julle wees sodat wanneer julle kinders later vra en sê: 'Wat beteken hierdie klippe vir julle?'

7 you should tell them, 'The waters of the Jordan were cut off in front of the ark of the LORD's covenant. When it crossed the Jordan, the Jordan's waters were cut off.' Therefore these stones will always be a memorial for the Israelites."

7 dan moet julle vir hulle sê: 'Die water van die Yarden is afgesny voor die ark van die verbond van יהוה; toe ons deur die Yarden gegaan het, is die water van die Yarden afgesny.' Hierdie klippe is 'n herinnering vir die seuns van Yisra'el vir ewig."

8 The Israelites did just as Joshua had commanded them. The 12 men took stones from the middle of the Jordan, one for each of the Israelite tribes, just as the LORD had told Joshua. They carried them to the camp and set them down there.

8 Die seuns van Yisra'el het gedoen soos Y'hoshua beveel het en het twaalf klippe uit die middel van die Yarden opgetel soos יהוה met Y'hoshua

gepraat het, volgens die getal van die stamme van die seuns van Yisra'el en hulle het dit saam met hulle oorgedra na die plek waar hulle oorgebly het en dit daar neergesit.
9 Joshua also set up 12 stones in the middle of the Jordan where the priests who carried the ark of the covenant were standing. The stones are there to this day.
9 Toe het Y'hoshua die twaalf klippe opgerig, wat hulle uit die middel van die Yarden gevat het, op die plek waar die voete van die priesters, wat die verbondsark gedra het, gestaan het en dit is daar tot vandag toe.
10 The priests carrying the ark continued standing in the middle of the Jordan until everything was completed that the LORD had commanded Joshua to tell the people, in keeping with all that Moses had commanded Joshua. The people hurried across,
10 Die priesters, wat die ark gedra het, het bly staan in die middel van die Yarden totdat alles voltooi was wat יהוה Y'hoshua beveel het om aan die volk te sê, volgens alles wat Moshe Y'hoshua beveel het en die volk het gou gemaak en deurgetrek
11 and after everyone had finished crossing, the priests with the ark of the LORD crossed in the sight of the people.
11 en toe die hele volk klaar deurgetrek het, het die ark van יהוה en die priesters voor die oë van die volk deurgegaan.
12 The Reubenites, Gadites, and half the tribe of Manasseh went in battle formation in front of the Israelites, as Moses had instructed them.
12 Die seuns van Re'uven, die seuns van Gad en die halwe stam van M'nasheh het in volle wapenrusting voor die seuns van Yisra'el deurgetrek, net soos Moshe aan hulle gesê het.
13 About 40,000 equipped for war crossed to the plains of Jericho in the LORD's presence.
13 Omtrent veertig duisend wat vir oorlog gewapen was, het voor die aangesig van יהוה na die vlaktes van Yerigo toe deurgetrek om te veg.
14 On that day the LORD exalted Joshua in the sight of all Israel, and they revered him throughout his life, as they had revered Moses.
14 Op dié dag het יהוה Y'hoshua groot gemaak voor die oë van die hele Yisra'el sodat hulle hom respekvol gevrees het soos hulle Moshe respekvol gevrees het al die dae van sy lewe.
15 The LORD told Joshua,
15 Nou het יהוה vir Y'hoshua gesê:
16 "Command the priests who carry the ark of the testimony to come up from the Jordan."
16 "Beveel die priesters wat die ark van die Getuienis dra dat hulle uit die Yarden uit opklim."
17 So Joshua commanded the priests, "Come up from the Jordan."
17 Y'hoshua het daarop die priesters beveel en gesê: "Klim op uit die Yarden."

18 When the priests carrying the ark of the LORD's covenant came up from the middle of the Jordan, and their feet stepped out on solid ground, the waters of the Jordan resumed their course, flowing over all the banks as before.

18 Dit het gebeur dat, toe die priesters wat die ark van die verbond van יהוה gedra het, opklim uit die middel van die Yarden en die priesters se voetsole uitgelig is op droë grond, die water van die Yarden na hulle plek teruggekeer en soos vroeër oor albei sy walle geloop het.

19 The people came up from the Jordan on the tenth day of the first month, and camped at Gilgal on the eastern limits of Jericho.

19 Die volk het op die tiende van die eerste maand uit die Yarden uit opgetrek en kamp opgeslaan by Gilgal, aan die oostelike grens van Yerigo.

20 Then Joshua set up in Gilgal the 12 stones they had taken from the Jordan,

20 Daardie twaalf klippe wat hulle uit die Yarden gevat het, het Y'hoshua by Gilgal opgerig.

21 and he said to the Israelites, "In the future, when your children ask their fathers, 'What is the meaning of these stones? '

21 Hy het vir die seuns van Yisra'el gesê: "Wanneer julle kinders in die toekoms hulle vaders vra en sê: 'Wat beteken hierdie klippe?'

22 you should tell your children, 'Israel crossed the Jordan on dry ground.'

22 dan moet julle julle kinders inlig en sê: 'Op droë grond het Yisra'el deur hierdie Yarden getrek,

23 For the LORD your God dried up the waters of the Jordan before you until you had crossed over, just as the LORD your God did to the Red Sea, which He dried up before us until we had crossed over.

23 want יהוה, julle God, het die water van die Yarden voor julle uit laat opdroog totdat julle deurgetrek het, net soos יהוה, julle God, gedoen het met die Sufsee wat Hy voor ons uit opgedroog het totdat ons deurgetrek het

24 This is so that all the people of the earth may know that the LORD's hand is mighty, and so that you may always fear the LORD your God."

24 sodat al die volke van die aarde kan weet dat die hand van יהוה magtig is sodat julle יהוה, julle God, ewig respekvol mag vrees.'"

Joshua5

1 When all the Amorite kings across the Jordan to the west and all the Canaanite kings near the sea heard how the LORD had dried up the waters of the Jordan before the Israelites until they had crossed over, they lost heart and their courage failed because of the Israelites.

1 Dit het gebeur dat, toe al die konings van die Emoriete wat anderkant die Yarden na die weste was en al die konings van die Kena'aniete wat by die see bly, gehoor het dat יהוה die water van die Yarden voor die seuns van

Yisra’el uit opgedroog het totdat hulle deurgetrek het, hulle binneste versmelt en daar in hulle geen gees meer was vanweë die seuns van Yisra’el nie.
2 At that time the LORD said to Joshua, “Make flint knives and circumcise the Israelite men again.”
2 In daardié tyd het יהוה vir Y’hoshua gesê: “Maak vir jou klipmesse en besny weer die seuns van Yisra’el vir die tweede keer.”
3 So Joshua made flint knives and circumcised the Israelite men at Gibeath-haaraloth.
3 Y’hoshua het vir hom klipmesse gemaak en die seuns van Yisra’el besny by Giv’atHa’Aralot (die heuwel van die voorhuide).
4 This is the reason Joshua circumcised them: All the people who came out of Egypt who were males — all the men of war — had died in the wilderness along the way after they had come out of Egypt.
4 Hierdie is die rede waarom Y’hoshua hulle besny het: die hele volk wat uit Mitzrayim uitgetrek het, wat mans was, al die krygsmanne, het op pad in die wildernis gesterf nadat hulle uit Mitzrayim gekom het,
5 Though all the people who came out were circumcised, none of the people born in the wilderness along the way were circumcised after they had come out of Egypt.
5 want die hele volk wat uitgetrek het, is besny, maar al die mense wat op pad in die wildernis gebore is, soos hulle uit Mitzrayim gekom het, is nie besny nie,
5 The LORD your God will force them back on your account and drive them out before you so that you can take possession of their land, as the LORD your God promised you.
5 יהוה, julle God, Hy sal hulle voor julle uitgooi en hulle voor julle uit verdryf en julle sal hulle land in besit neem soos יהוה, julle God, julle beloof het.
6 “Be very strong and continue obeying all that is written in the book of the law of Moses, so that you do not turn from it to the right or left
6 Wees onveranderlik daarin om alles te hou en te doen wat geskryf is in die boek van die wet van Moshe sodat julle daar nie regs of links van afdraai nie
7 and so that you do not associate with these nations remaining among you. Do not call on the names of their gods or make an oath to them; do not worship them or bow down to them.
7 sodat julle nie met hierdie nasies wat tussen julle oorgebly het, assosieer of die naam van hulle gode noem nie, of enige een by hulle laat sweer of hulle dien of voor hulle neerbuig nie,
8 Instead, remain faithful to the LORD your God, as you have done to this day.
8 maar julle moet aan יהוה, julle God, vashou soos julle tot vandag toe gedoen het,
9 “The LORD has driven out great and powerful nations before you, and no one is able to stand against you to this day.
9 want יהוה het groot en magtige nasies voor julle uit verdryf en wat julle betref, niemand kon tot vandag toe voor julle staan nie.
10 One of you routed a thousand because the LORD your God was fighting for you, as He promised.
10 Een man uit julle het ’n duisend laat vlug, want יהוה, julle God, is Hy wat vir julle veg, net soos Hy julle beloof het.

11 So be very diligent to love the LORD your God for your own well-being.
11 Let ywerig op na jullesef om יהוה, julle God, lief te hê,
12 For if you turn away and cling to the rest of these nations remaining among you, and if you intermarry or associate with them and they with you,
12 want as julle ooit mag teruggaan en aan die res van hierdie nasies vashou, die wat nog saam met julle oorgebly het en ondertrou met hulle sodat julle met hulle en hulle met julle assosieer,
13 know for certain that the LORD your God will not continue to drive these nations out before you. They will become a snare and a trap for you, a scourge for your sides and thorns in your eyes, until you disappear from this good land the LORD your God has given you.
13 weet dan met sekerheid dat יהוה, julle God, nie sal voortgaan om hierdie nasies voor julle uit te verdryf nie, maar hulle sal vir julle ’n vangnet en ’n strik wees en ’n sweep op julle sye en dorings in julle oë totdat julle omkom in hierdie goeie land wat יהוה, julle God, aan julle gegee het.
14 “I am now going the way of all the earth, and you know with all your heart and all your soul that none of the good promises the LORD your God made to you has failed. Everything was fulfilled for you; not one promise has failed.
14 Nou, let op, ek gaan vandag die pad van die hele aarde en julle weet met julle hele verstand, wil en emosie en met jul hele gees dat nie een woord van al die goeie woorde wat יהוה, julle God, aangaande julle gepraat het, onvervuld gebly het nie; alles is vir julle vervul, nie een woord daarvan het onvervuld gebly nie.
15 Since every good thing the LORD your God promised you has come about, so He will bring on you every bad thing until He has annihilated you from this good land the LORD your God has given you.
15 Dit sal gebeur dat net soos al die goeie woorde oor julle gekom het wat יהוה, julle God, oor julle gepraat het, so sal יהוה oor julle al die dreigemente laat kom totdat Hy julle vernietig het uit hierdie goeie land wat יהוה, julle God, aan julle gegee het,
16 If you break the covenant of the LORD your God, which He commanded you, and go and worship other gods, and bow down to them, the LORD’s anger will burn against you, and you will quickly disappear from this good land He has given you.”
16 as julle die verbond van יהוה, julle God, wat Hy julle beveel het, oortree en ander gode gaan dien en julle voor hulle neerbuig, dan sal die woede van יהוה teen julle opvlam en julle sal gou omkom in die goeie land wat Hy aan julle gegee het.”

Joshua24

1 Joshua assembled all the tribes of Israel at Shechem and summoned Israel's elders, leaders, judges, and officers, and they presented themselves before God.
1 Toe het Y'hoshua al die stamme van Yisra'el bymekaar laat kom by Sh'khem en die oudstes van Yisra'el, hulle hoofde, regters en hulle leiers laat roep en hulle het hulself voor God aangebied.
2 Joshua said to all the people, "This is what the LORD, the God of Israel, says: 'Long ago your ancestors, including Terah, the father of Abraham and Nahor, lived beyond the Euphrates River and worshiped other gods.
2 Y'hoshua het vir al die mense gesê: "So sê יהוה, die God van Yisra'el: 'Van antieke tye af het julle vaders oorkant die Rivier (Eufraat) gebly; Terag, die vader van Avraham en die vader van Nagor en hulle het ander gode gedien.
3 But I took your father Abraham from the region beyond the Euphrates River, led him throughout the land of Canaan, and multiplied his descendants. I gave him Isaac,
3 Toe het Ek julle vader Avraham, van oorkant die Rivier af, gevat en hom deur die hele land Kena'an laat trek en sy nageslag vermeerder en Yitz'gak vir hom gegee.
4 and to Isaac I gave Jacob and Esau. I gave the hill country of Seir to Esau as a possession, but Jacob and his sons went down to Egypt.
4 Aan Yitz'gak het Ek Ya'akov en `Esav gegee en aan `Esav het Ek die Se'ir gebergte gegee, om dit te besit, maar Ya'akov en sy seuns het afgegaan na Mitzrayim.
5 " 'Then I sent Moses and Aaron; I plagued Egypt by what I did there and afterward I brought you out.
5 Toe het Ek Moshe en Aharon gestuur en Mitzrayim met 'n plaag getref in sy midde en daarna het Ek julle uitgebring.
6 When I brought your fathers out of Egypt and you reached the Red Sea, the Egyptians pursued your fathers with chariots and horsemen as far as the sea.
6 Ek het julle vaders uit Mitzrayim uitgebring en julle het by die see gekom en die Mitzrayiete het julle vaders met strydwaens en perderuiters na die Sufsee toe agterna gejaag,
7 Your fathers cried out to the LORD, so He put darkness between you and the Egyptians, and brought the sea over them, engulfing them. Your own eyes saw what I did to Egypt. After that, you lived in the wilderness a long time.
7 maar toe julle vaders uitgeroep het na יהוה, het Hy duisternis gesit tussen julle en die Mitzrayiete en toe het יהוה die see laat verdeel en julle vaders daar deur laat kom en die see oor die Mitzrayiete laat kom en hulle oordek en julle eie oë het gesien wat Ek in Mitzrayim gedoen het. Julle het in die wildernis gebly vir 'n lang tyd.
8 " 'Later, I brought you to the land of the Amorites who lived beyond the Jordan. They fought against

you, but I handed them over to you. You possessed their land, and I annihilated them before you.
8 Toe het Ek julle gebring in die land van die Emoriete wat oorkant die Yarden gebly het en hulle het teen julle geveg en Ek het hulle in julle hand gegee en julle het hul land in besit geneem toe Ek hulle voor julle uit vernietig het.
9 Balak son of Zippor, king of Moab, set out to fight against Israel. He sent for Balaam son of Beor to curse you,
9 Toe het Balak, die seun van Tzippor, die koning van Mo'av, opgestaan en teen Yisra'el geveg en hy het gestuur en Bil'am, die seun van B'or, geroep om julle te vervloek,
10 but I would not listen to Balaam. Instead, he repeatedly blessed you, and I delivered you from his hand.
10 maar Ek was nie gewillig om na Bil'am te luister nie. Hy moes julle seën en Ek het julle uit sy hand gered.
11 " 'You then crossed the Jordan and came to Jericho. The people of Jericho — as well as the Amorites, Perizzites, Canaanites, Hittites, Girgashites, Hivites, and Jebusites — fought against you, but I handed them over to you.
11 Julle het oor die Yarden getrek en by Yerigo gekom en die burgers van Yerigo het teen julle geveg, asook die Emoriete, P'riziete, Kena'aniete, Hittiete, Girgashiete, Hiviete en Y'vusiete. So het Ek hulle in julle hand gegee.
12 I sent the hornet ahead of you, and it drove out the two Amorite kings before you. It was not by your sword or bow.
12 Toe het Ek die perdebye voor julle uit gestuur en die twee konings van die Emoriete voor julle uit verdryf, nie deur jou swaard of jou boog nie.
13 I gave you a land you did not labor for, and cities you did not build, though you live in them; you are eating from vineyards and olive groves you did not plant.'
13 Ek het vir julle 'n land gegee wat julle nie bewerk het nie en stede wat julle nie gebou het nie en julle het daarin gebly; julle eet van wingerde en olyfbome wat julle nie geplant het nie.'
14 "Therefore, fear the L**ORD** and worship Him in sincerity and truth. Get rid of the gods your fathers worshiped beyond the Euphrates River and in Egypt, and worship Yahweh.
14 Vrees יהוה daarom respekvol en dien Hom in opregtheid en waarheid en verwyder die gode wat julle vaders oorkant die Eufraatrivier en in Mitzrayim gedien het en dien יהוה.
15 But if it doesn't please you to worship Yahweh, choose for yourselves today the one you will worship: the gods your fathers worshiped beyond the Euphrates River or the gods of the Amorites in whose land you are living. As for me and my family, we will worship Yahweh."
15 As dit onaanvaarbaar is in julle oë om יהוה te dien, kies dan vir julle vandag wie julle wil dien: òf die gode wat julle vaders oorkant die Eufraatrivier gedien het, òf die gode van die Emoriete in wie se land julle

woon, maar ek en my huis, ons sal הוהי dien."

16 The people replied, "We will certainly not abandon the LORD to worship other gods!

16 Die volk antwoord en sê: "Dit is ver van ons dat ons הוהי sou verlaat om ander gode te dien,

17 For the LORD our God brought us and our fathers out of the land of Egypt, out of the place of slavery, and performed these great signs before our eyes. He also protected us all along the way we went and among all the peoples whose lands we traveled through.

17 want הוהי, ons God, is Hy wat ons en ons vaders uit die land van Mitzrayim uit die huis van slawerny gebring het en wat voor ons oë hierdie groot tekens gedoen het en ons bewaar het op die hele pad wat ons gegaan en tussen al die volke waardeur ons getrek het.

18 The LORD drove out before us all the peoples, including the Amorites who lived in the land. We too will worship the LORD, because He is our God."

18 הוהי het al die volke voor ons uit verdryf, selfs die Emoriete wat in die land gebly het. Ook ons sal הוהי dien, want Hy is ons God."

19 But Joshua told the people, "You will not be able to worship Yahweh, because He is a holy God. He is a jealous God; He will not remove your transgressions and sins.

19 Toe sê Y'hoshua vir die volk: "Julle sal nie in staat wees om הוהי te dien nie, want Hy is 'n afgesonderde God. Hy is 'n jaloerse God; Hy sal julle oortredinge en julle sondes nie vergewe nie.

20 If you abandon the LORD and worship foreign gods, He will turn against you, harm you, and completely destroy you, after He has been good to you."

20 As julle הוהי verlaat en vreemde gode dien, sal Hy omdraai en julle kwaad aandoen en julle verteer nadat Hy aan julle goed gedoen het."

21 "No! " the people answered Joshua. "We will worship the LORD."

21 Die volk het vir Y'hoshua gesê: "Nee, maar ons sal הוהי dien."

22 Joshua then told the people, "You are witnesses against yourselves that you yourselves have chosen to worship Yahweh." "We are witnesses," they said.

22 Y'hoshua het vir die volk gesê: "Julle is getuies teen julleself dat julle vir julleself הוהי gekies het om Hom te dien." Hulle sê: "Ons is getuies."

23 "Then get rid of the foreign gods that are among you and offer your hearts to the LORD, the God of Israel."

23 "Nou daarom, verwyder die vreemde gode wat tussen julle is en reik uit met julle verstand, wil en emosie tot הוהי, die God van Yisra'el."

24 So the people said to Joshua, "We will worship the LORD our God and obey Him."

24 Die volk het vir Y'hoshua gesê: "Ons sal הוהי, ons God, dien en ons sal Sy

stem gehoorsaam."
25 On that day Joshua made a covenant for the people at Shechem and established a statute and ordinance for them.
25 Y'hoshua het op dié dag met die volk 'n verbond gesluit en vir hulle die vasgestelde wet en oordele in Sh'khem geleer.
26 Joshua recorded these things in the book of the law of God; he also took a large stone and set it up there under the oak next to the sanctuary of the L**ORD**.
26 Y'hoshua het hierdie woorde in die boek van die wet van God geskryf en 'n groot klip gevat en dit daar opgerig onder die eikeboom wat by die Afgesonderde Plek van יהוה was.
27 And Joshua said to all the people, "You see this stone — it will be a witness against us, for it has heard all the words the L**ORD** said to us, and it will be a witness against you, so that you will not deny your God."
27 Y'hoshua het vir die hele volk gesê: "Let op, hierdie klip sal as 'n getuie teen ons wees, want dit het al die woorde van יהוה gehoor wat Hy met ons gepraat het; so sal dit as 'n getuie teen julle wees sodat julle jul God nie ontken nie."
28 Then Joshua sent the people away, each to his own inheritance.
28 Toe het Y'hoshua die volk laat gaan, elkeen na sy erfenis toe.
29 After these things, the L**ORD**'s servant, Joshua son of Nun, died at the age of 110.
29 Dit het gebeur na hierdie dinge dat Y'hoshua, die seun van Nun, die dienskneg van יהוה, gesterf het, een honderd en tien jaar oud.
30 They buried him in his allotted territory at Timnath-serah, in the hill country of Ephraim north of Mount Gaash.
30 Hulle het hom op die grondgebied van sy erfenis begrawe in Timnat-Serag, wat op die Bergland van Efrayim lê, noord van die berg Ga'ash.
31 Israel worshiped Yahweh throughout Joshua's lifetime and during the lifetimes of the elders who outlived Joshua and who had experienced all the works Yahweh had done for Israel.
31 Yisra'el het יהוה gedien al die dae van Y'hoshua en al die dae van die oudstes wat Y'hoshua oorleef het en al die werke van יהוה geken het wat Hy vir Yisra'el gedoen het.
32 Joseph's bones, which the Israelites had brought up from Egypt, were buried at Shechem in the parcel of land Jacob had purchased from the sons of Hamor, Shechem's father, for 100 *qesitahs*. It was an inheritance for Joseph's descendants.
32 Nou, hulle het die bene van Yosef, wat die seuns van Yisra'el uit Mitzrayim gebring het, by Sh'khem, op die stuk grond wat Ya'akov van die seuns van Hamor, die vader van Sh'khem, vir honderd geldstukke gekoop het en wat die erfenis van die seuns van Yosef geword het, begrawe.
33 And Eleazar son of Aaron died, and they buried him at Gibeah, which had

been given to his son Phinehas in the hill country of Ephraim.
33 El'azar, die seun van Aharon, het gesterf en hulle het hom by Giv'on, van sy seun Pingas, wat aan hom gegee is, op die Bergland van Efrayim, begrawe.

Judges

Judges1

1 After the death of Joshua, the Israelites inquired of the LORD, "Who will be the first to fight for us against the Canaanites? "

1 Nou, dit het gebeur na die dood van Y'hoshua dat die seuns van Yisra'el יהוה geraadpleeg en gesê het: "Wie van ons moet eerste optrek teen die Kena'aniete om teen hulle te veg?"
2 The LORD answered, "Judah is to go. I have handed the land over to him."
2 יהוה het gesê: "Y'hudah moet optrek; let op, Ek het die land in sy hand gegee."
3 Judah said to his brother Simeon, "Come with me to my territory, and let us fight against the Canaanites. I will also go with you to your territory." So Simeon went with him.
3 Toe sê Y'hudah aan sy broer Shim'on: "Trek saam met my op in die gebied wat aan my toegestaan is dat ons teen die Kena'aniete kan veg en ek sal op my beurt saam met jou optrek in die gebied wat aan jou toegestaan is." Shim'on het saam met hom gegaan.
4 When Judah attacked, the LORD handed the Canaanites and Perizzites over to them. They struck down 10,000 men in Bezek.
4 Y'hudah het opgetrek en יהוה het die Kena'aniete en P'riziete in hulle hand gegee en hulle het tien duisend man by Bezek verslaan.
5 They found Adoni-bezek in Bezek, fought against him, and struck down the Canaanites and Perizzites.
5 Hulle het vir Adoni-Bezek in Bezek gekry en teen hom geveg en die Kena'aniete en P'riziete verslaan,
6 When Adoni-bezek fled, they pursued him, seized him, and cut off his thumbs and big toes.
6 maar Adoni-Bezek het gevlug en hulle het hom agtervolg en hom gevang en sy duime en sy groottone afgesny.
7 Adoni-bezek said, "Seventy kings with their thumbs and big toes cut off used to pick up scraps under my table. God has repaid me for what I have done." They brought him to Jerusalem, and he died there.
7 Adoni-Bezek het gesê: "Sewentig konings met hulle duime en groottone afgekap, het onder my tafel stukkies opgetel; soos ek gedoen het, so het God

my vergeld." Hulle het hom na Yerushalayim gebring en daar is hy dood.
8 The men of Judah fought against Jerusalem and captured it. They put the city to the sword and set it on fire.
8 Die seuns van Y'hudah het teen Yerushalayim geveg en dit ingeneem en dit met die skerpte van die swaard verslaan en die stad aan die brand gesteek.
9 Afterward, the men of Judah marched down to fight against the Canaanites who were living in the hill country, the Negev, and the Judean foothills.
9 Daarna het die seuns van Y'hudah afgetrek om te veg teen die Kena'aniete wat op die Bergland, in die Suidland en in die Laagland gewoon het.
10 Judah also marched against the Canaanites who were living in Hebron (Hebron was formerly named Kiriath-arba). They struck down Sheshai, Ahiman, and Talmai.
10 So het Y'hudah teen die Kena'aniete uitgetrek wat in Hevron gebly het (die naam van Hevron was vroeër Kiryat-Arba) en hulle het Sheshai, Agiman en Talmai verslaan.
11 From there they marched against the residents of Debir (Debir was formerly named Kiriath-sepher).
11 Toe het hy van daar teen die inwoners van D'vir opgetrek (die naam van D'vir was vroeër Kiryat-Sefer).
12 Caleb said, "Whoever strikes down and captures Kiriath-sepher, I will give my daughter Achsah to him as a wife."
12 Kalev het gesê: "Die een wat Kiryat-Sefer aanval en inneem, aan hom sal ek my dogter `Akhsah as vrou gee."
13 So Othniel son of Kenaz, Caleb's youngest brother, captured it, and Caleb gave his daughter Achsah to him as his wife.
13 `Otni'el, die seun van K'naz, Kalev se jonger broer, het dit ingeneem; hy het sy dogter `Akhsah vir hom as vrou gegee.
14 When she arrived, she persuaded Othniel to ask her father for a field. As she got off her donkey, Caleb asked her, "What do you want? "
14 Toe sy by hom aankom, het sy hom oortuig om van haar vader 'n stuk grond te vra. Sy het van die donkie afgeklim en Kalev vra vir haar: "Wat wil jy hê?"
15 She answered him, "Give me a blessing. Since you have given me land in the Negev, give me springs of water also." So Caleb gave her both the upper and lower springs.
15 Toe sê sy: "Gee vir my 'n seën, aangesien u vir my die Suidland (Negev) gegee het, gee ook vir my waterfonteine." Hy het vir haar die boonste en die onderste fonteine gegee.
16 The descendants of the Kenite, Moses' father-in-law, had gone up with the men of Judah from the City of Palms to the Wilderness of Judah, which was in the Negev of Arad. They went to live among the people.
16 Die nageslag van die Keiniete, van Moshe se skoonvader, het saam met die seuns van Y'hudah opgegaan vanaf die Palmstad na die wildernis van Y'hudah wat in die suide van `Arad lê en hulle het gegaan en saam met die volk gebly.

17 Judah went with his brother Simeon, struck the Canaanites who were living in Zephath, and completely destroyed the town. So they named the town Hormah.
17 Toe het Y'hudah saam met sy broer Shim'on gegaan en hulle het die Kena'aniete verslaan wat in Tz'fat gebly het en dit volkome vernietig; daarom is die stad Hormah genoem.
18 Judah captured Gaza and its territory, Ashkelon and its territory, and Ekron and its territory.
18 Y'hudah het `Azah met sy grondgebied, Ashkelon met sy grondgebied en `Ekron met sy grondgebied ingeneem.
19 The LORD was with Judah and enabled them to take possession of the hill country, but they could not drive out the people who were living in the valley because those people had iron chariots.
19 הוהי was by Y'hudah en hulle het die Bergland in besit geneem, maar hulle kon nie die inwoners van die vallei uitdryf nie omdat hulle ysterwaens gehad het.
20 Judah gave Hebron to Caleb, just as Moses had promised. Then Caleb drove out the three sons of Anak who lived there.
20 Toe het hulle Hevron aan Kalev gegee, soos Moshe belowe het en hy het die drie seuns van `Anak daar uitgedryf,
21 At the same time the Benjaminites did not drive out the Jebusites who were living in Jerusalem. The Jebusites have lived among the Benjaminites in Jerusalem to this day.
21 maar die seuns van Binyamin het nie die Y'vusiete uitgedryf wat in Yerushalayim gebly het nie; die Y'vusiete het saam met die seuns van Binyamin in Yerushalayim gebly tot vandag toe.
22 The house of Joseph also attacked Bethel, and the LORD was with them.
22 Net so het die huis van Yosef opgegaan teen Beit-El en הוהי was by hulle.
23 They sent spies to Bethel (the town was formerly named Luz).
23 Die huis van Yosef het Beit-El verken (die naam van die stad was vroeër Luz).
24 The spies saw a man coming out of the town and said to him, "Please show us how to get into town, and we will treat you well."
24 Die spioene het 'n man uit die stad sien uitkom en hulle sê vir hom: "Wys ons asseblief 'n ingang in die stad in en ons sal jou goed behandel."
25 When he showed them the way into the town, they put the town to the sword but released the man and his entire family.
25 Hy wys hulle toe die ingang na die stad en hulle het die stad verslaan met die skerpte van die swaard, maar die man en sy hele familie het hulle vry laat gaan.
26 Then the man went to the land of the Hittites, built a town, and named it Luz. That is its name to this
day.

26 Die man het na die land van die Hittiete gegaan en 'n stad gebou en dit Luz genoem, wat sy naam tot vandag toe is.
27 At that time Manasseh failed to take possession of Beth-shean and its villages, or Taanach and its villages, or the residents of Dor and its villages, or the residents of Ibleam and its villages, or the residents of Megiddo and its villages; the Canaanites refused to leave this land.
27 M'nasheh het egter nie besit geneem van Beit-Sh'an en sy dorpe, of Ta'anakh met sy dorpe, of die inwoners van Dor met sy dorpe, of die inwoners van Yivle'am met sy dorpe, of die inwoners van Megiddo met sy dorpe nie; die Kena'aniete het voortgegaan om in daardie land te bly.
28 When Israel became stronger, they made the Canaanites serve as forced labor but never drove them out completely.
28 Dit het gebeur dat toe Yisra'el sterk word, hulle die Kena'aniete dwangarbeiders gemaak het, maar hulle het hulle nie volkome uitgedryf nie.
29 At that time Ephraim failed to drive out the Canaanites who were living in Gezer, so the Canaanites have lived among them in Gezer.
29 Efrayim het nie die Kena'aniete wat in Gezer gebly het verdryf nie; die Kena'aniete het in Gezer tussen hulle gebly.
30 Zebulun failed to drive out the residents of Kitron or the residents of Nahalol, so the Canaanites lived among them and served as forced labor.
30 Z'vulun het nie die inwoners van Kitron of die inwoners van Nahalol uitgedryf nie; die Kena'aniete het tussen hulle gebly en is onderwerp aan dwangarbeid.
31 Asher failed to drive out the residents of Acco or of Sidon, or Ahlab, Achzib, Helbah, Aphik, or Rehob.
31 Asher het nie die inwoners van `Akko of die inwoners van Tzidon, Aglav, Akhziv, Helbah, Afik of Regov uitgedryf nie;
32 The Asherites lived among the Canaanites who were living in the land, because they failed to drive them out.
32 die Asheriete het tussen die Kena'aniete, die bevolking van die land, gebly, want hulle het hulle nie uitgedryf nie.
33 Naphtali did not drive out the residents of Beth-shemesh or the residents of Beth-anath. They lived among the Canaanites who were living in the land, but the residents of Beth-shemesh and Beth-anath served as their forced labor.
33 Naftali het nie die inwoners van Beit-Shemesh of die inwoners van Beit-`Anat uitgedryf nie, maar tussen die Kena'aniete, die inwoners van die land gebly en die inwoners van Beit-Shemesh en Beit-`Anat
het vir hulle dwangarbeid geword.
34 The Amorites forced the Danites into the hill country and did not allow them to go down into the valley.
34 Toe het die Emoriete die seuns van Dan in die Bergland in geforseer, want hulle het hul nie toegelaat om na die vallei toe af te kom nie;
35 The Amorites refused to leave Har-heres, Aijalon, and Shaalbim. When the

house of Joseph got the upper hand, the Amorites were made to serve as forced labor.
35 tog het die Emoriete voortgegaan om op die berg Heres, in Ayalon en in Sha'alvim te bly, maar toe die krag van die huis van Yosef sterk word, het hulle dwangarbeid geword.
36 The territory of the Amorites extended from the Ascent of Akrabbim, that is from Sela upward.
36 Die grens van die Emoriete het geloop vanaf die opgaan na `Akrabbim, vanaf Selah af en verder op.

Judges2

1 The Angel of the LORD went up from Gilgal to Bochim and said, "I brought you out of Egypt and led you into the land I had promised to your fathers. I also said: I will never break My covenant with you.
1 Die engel van הוהי het van Gilgal af opgekom na Bokhim en gesê: "Ek het julle uit Mitzrayim uitgebring en julle in die land ingelei wat Ek julle vaders met 'n eed beloof het en gesê: 'Ek sal nooit My verbond met julle verbreek nie,
2 You are not to make a covenant with the people who are living in this land, and you are to tear down their altars. But you have not obeyed Me. What is this you have done?
2 maar wat julle betref, julle mag geen verbond met die inwoners van hierdie land sluit nie; julle moet hulle altare afbreek.' Maar julle het My nie gehoorsaam nie; wat is hierdie wat julle gedoen het?
3 Therefore, I now say: I will not drive out these people before you. They will be thorns in your sides, and their gods will be a trap for you."
3 Ek het daarom ook gesê: 'Ek sal hulle nie voor julle uit verdryf nie, maar hulle sal soos dorings in julle sye wees en hulle gode vir julle 'n valstrik."
4 When the Angel of the LORD had spoken these words to all the Israelites, the people wept loudly.
4 Toe die engel van הוהי al hierdie woorde met die seuns van Yisra'el praat, het al die mense hulle stemme opgelig en gehuil.
5 So they named that place Bochim and offered sacrifices there to the LORD.
5 Hulle het dié plek Bokhim genoem en daar aan הוהי geoffer.
6 Joshua sent the people away, and the Israelites went to take possession of the land, each to his own inheritance.
6 Toe Y'hoshua die volk laat gaan het, het die seuns van Yisra'el elkeen na sy erfenis gegaan om die land in besit te neem.
7 The people worshiped the LORD throughout Joshua's lifetime and during the lifetimes of the elders who outlived Joshua. They had seen all the LORD's great works He had done for Israel.
7 Die volk het הוהי gedien al die dae van Y'hoshua en al die dae van die

oudstes, wat Y'hoshua oorleef het, wat al die groot werke van יהוה gesien het wat Hy vir Yisra'el gedoen het.
8 Joshua son of Nun, the servant of the LORD, died at the age of 110.
8 Toe is Y'hoshua, die seun van Nun, die dienskneg van יהוה, dood op die ouderdom van honderd en tien jaar
9 They buried him in the territory of his inheritance, in Timnath-heres, in the hill country of Ephraim, north
of Mount Gaash.
9 en hulle het hom begrawe in die gebied van sy erfenis in Timnat-Serag, op die gebergte van Efrayim, noord van die berg Ga'ash.
10 That whole generation was also gathered to their ancestors. After them another generation rose up who did not know the LORD or the works He had done for Israel.
10 Daardie hele geslag is ook by hulle vaders versamel en 'n ander geslag het ná hulle opgestaan wat יהוה en ook die werk wat Hy vir Yisra'el gedoen het, nie geken het nie.
11 The Israelites did what was evil in the LORD's sight. They worshiped the Baals
11 Toe het die seuns van Yisra'el boosheid in die oë van יהוה gedoen en die Ba'als gedien
12 and abandoned the LORD, the God of their fathers, who had brought them out of Egypt. They went after other gods from the surrounding peoples and bowed down to them. They infuriated the LORD,
12 en יהוה, die God van hulle vaders, wat hulle uit die land van Mitzrayim uitgebring het verlaat en ander gode gevolg, van die gode van die volke wat rondom hulle was en hulle voor hulle neergebuig; só het hulle יהוה tot woede uitgetart.
13 for they abandoned Him and worshiped Baal and the Ashtoreths.
13 Só het hulle יהוה verlaat en die Ba'al en die `Ashtarot gedien.
14 The LORD's anger burned against Israel, and He handed them over to marauders who raided them. He sold them to the enemies around them, and they could no longer resist their enemies.
14 Die woede van יהוה het gebrand teen Yisra'el en Hy het hulle oorgegee in die hand van plunderaars wat hulle beroof het en Hy het hulle verkoop in die hand van hulle vyande rondom sodat hulle nie langer kon standhou voor hulle vyande nie.
15 Whenever the Israelites went out, the LORD was against them and brought disaster on them, just as He had promised and sworn to them. So they suffered greatly.
15 Waarheen hulle ook al gaan, was die hand van יהוה teen hulle ten kwade, soos יהוה gesê het en soos יהוה vir hulle gesweer het sodat hulle

erg benoud was.
16 The LORD raised up judges, who saved them from the power of their marauders,
16 Toe het יהוה rigters opgewek wat hulle bevry het uit die hande van hulle wat hulle geplunder het.
17 but they did not listen to their judges. Instead, they prostituted themselves with other gods, bowing down to them. They quickly turned from the way of their fathers, who had walked in obedience to the
LORD's commands. They did not do as their fathers did.
17 Tog het hulle nie na hulle rigters geluister nie, want hulle het agter ander gode aan gehoereer en hulleself voor hulle neergebuig. Hulle het gou van die pad wat hulle vaders, in gehoorsaamheid aan die opdragte van יהוה, geloop het, afgedraai; hulle het nie gedoen soos hulle nie.
18 Whenever the LORD raised up a judge for the Israelites, the LORD was with him and saved the people from the power of their enemies while the judge was still alive. The LORD was moved to pity whenever they groaned because of those who were oppressing and afflicting them.
18 Wanneer יהוה vir hulle rigters opwek, was יהוה saam met die rigter en het Hy hulle bevry uit die hand van hul vyande al die dae van die rigter, want יהוה was beweeg tot omgee deur hulle gekerm oor hulle onderdrukkers en hulle teisteraars,
19 Whenever the judge died, the Israelites would act even more corruptly than their fathers, going after other gods to worship and bow down to them. They did not turn from their evil practices or their obstinate ways.
19 maar dit het gebeur dat wanneer die rigter sterf, hulle terugdraai en nog meer korrup optree as hulle vaders, deur agter ander gode aan te loop, om hulle te dien en voor hulle neer te buig; hulle het nie hulle gebruike of hulle hardnekkige maniere laat vaar nie.
20 The LORD's anger burned against Israel, and He declared, "Because this nation has violated My covenant that I made with their fathers and disobeyed Me,
20 Die woede van יהוה het teen Yisra'el gebrand en Hy het gesê: "Omdat hierdie nasie My verbond, wat Ek hulle vaders beveel het, oortree het en nie na My stem geluister het nie,
21 I will no longer drive out before them any of the nations Joshua left when he died.
21 sal Ek ook verder geeneen van die nasies wat Y'hoshua by sy dood laat agterbly het, voor hulle uit wegdryf nie,
22 I did this to test Israel and to see whether they would keep the LORD's way by walking in it, as their fathers had."
22 om Yisra'el deur hulle te toets, of hulle die pad van יהוה sal hou deur daarin te loop soos hulle vaders, of nie.

23 The LORD left these nations and did not drive them out immediately. He did not hand them over to Joshua.

23 יהוה het toegelaat dat daardie nasies bly en hulle nie gou uitgedryf nie en Hy het hulle nie in die hand van Y'hoshua gegee nie.

Judges3

1 These are the nations the LORD left in order to test Israel, since the Israelites had fought none of these in any of the wars with Canaan.

1 Hierdie is die nasies wat יהוה laat oorbly het om Yisra'el te toets (almal wat nie enige van die oorloë van Kena'an ondervind het nie;

2 This was to teach the future generations of the Israelites how to fight in battle, especially those who had not fought before.

2 net sodat die geslagte van die seuns van Yisra'el oorlog geleer kan word, hulle wat dit nie vroeër ervaar het nie):

3 These nations included: the five rulers of the Philistines and all of the Canaanites, the Sidonians, and the Hivites who lived in the Lebanese mountains from Mount Baal-hermon as far as the entrance to Hamath.

3 die vyf meesters van die F'lishtyne en al die Kena'aniete, Tzidoniete en Hiviete wat in die L'vanongebergte gebly het, van die berg Ba'al-Hermon af tot by Levo-Hamat.

4 The LORD left them to test Israel, to determine if they would keep the LORD's commands He had given their fathers through Moses.

4 Hulle was daar om Yisra'el te toets, om uit te vind of hulle die opdragte van יהוה, wat Hy hulle vaders deur Moshe beveel het, sou gehoorsaam.

5 But they settled among the Canaanites, Hittites, Amorites, Perizzites, Hivites, and Jebusites.

5 Die seuns van Yisra'el het tussen die Kena'aniete, Hittiete, Emoriete, P'riziete, Hiviete en Y'vusiete gebly;

6 The Israelites took their daughters as wives for themselves, gave their own daughters to their sons, and worshiped their gods.

6 hulle dogters as hulle vroue gevat en hulle eie dogters aan húl seuns gegee en hul gode gedien.

7 The Israelites did what was evil in the LORD's sight; they forgot the LORD their God and worshiped the Baals and the Asherahs.

7 Die seuns van Yisra'el het gedoen wat boos was in die oë van יהוה en יהוה, hulle God, vergeet en die Ba'als en die `Asherot gedien.

8 The LORD's anger burned against Israel, and He sold them to Cushan-rishathaim king of Aram-naharaim, and the Israelites served him eight years.

8 Toe het die woede van יהוה teen Yisra'el ontvlam sodat Hy hulle verkoop het in die hand van Kushan- Rish'atayim, koning van Aram-Naharayim (Mesopotamië) en die seuns van Yisra'el het Kushan- Rish'atayim agt jaar lank

gedien.
9 The Israelites cried out to the L**ORD**. So the L**ORD** raised up Othniel son of Kenaz, Caleb's youngest
brother, as a deliverer to save the Israelites.
9 Toe die seuns van Yisra'el na יהוה uitgeroep het, het יהוה 'n bevryder vir die seuns van Yisra'el opgewek, wat hulle bevry het: `Otni'el, die seun van K'naz, die jonger broer van Kalev.
10 The Spirit of the L**ORD** came on him, and he judged Israel. Othniel went out to battle, and the L**ORD** handed over Cushan-rishathaim king of Aram to him, so that Othniel overpowered him.
10 Die Gees van יהוה het op hom gekom en hy het Yisra'el gerig. Wanneer hy uitgegaan het om oorlog te maak, het יהוה Kushan-Rish'atayim, die koning van Aram-Naharayim, in sy hand gegee sodat hy geseëvier het oor Kushan-Rish'atayim.
11 Then the land was peaceful 40 years, and Othniel son of Kenaz died.
11 Toe het die land rus gehad vir veertig jaar lank en `Otni'el, die seun van K'naz, het gesterf.
12 The Israelites again did what was evil in the L**ORD**'s sight. He gave Eglon king of Moab power over Israel, because they had done what was evil in the L**ORD**'s sight.
12 Nou het die seuns van Yisra'el weer boos gedoen in die oë van יהוה. יהוה het `Eglon, die koning van Mo'av, versterk teen Yisra'el omdat hulle boosheid gedoen het in die oë van יהוה.
13 After Eglon convinced the Ammonites and the Amalekites to join forces with him, he attacked and defeated Israel and took possession of the City of Palms.
13 Hy het by homself die seuns van `Ammon en `Amalek bymekaar gemaak en hy het gegaan en Yisra'el verslaan en hulle het die Palmstad in besit geneem.
14 The Israelites served Eglon king of Moab 18 years.
14 Die seuns van Yisra'el het `Eglon, koning van Mo'av, agttien jaar lank gedien,
15 Then the Israelites cried out to the L**ORD**, and He raised up Ehud son of Gera, a left-handed Benjaminite, as a deliverer for them. The Israelites sent him to Eglon king of Moab with tribute money.
15 maar toe die seuns van Yisra'el uitroep na יהוה, het יהוה vir hulle 'n bevryder opgewek: Ehud, die seun van Gera, die Binyaminiet, 'n linkshandige man en die seuns van Yisra'el het deur hom 'n bydrae aan `Eglon, koning van Mo'av gestuur.
16 Ehud made himself a double-edged sword 18 inches long. He strapped it to his right thigh under his clothes
16 Ehud het vir homself 'n swaard gemaak, aan twee kante skerp, een el lank

en dit onder sy klere aan sy regterheup vasgebind.
17 and brought the tribute to Eglon king of Moab, who was an extremely fat man.
17 Hy het die bydrae vir `Eglon, die koning van Mo'av, aangebied. (Eglon was 'n baie vet man.)
18 When Ehud had finished presenting the tribute, he dismissed the people who had carried it.
18 Dit het gebeur dat, toe hy klaar die bydrae afgelewer het, hy die mense wat die bydrae gedra het, weggestuur het,
19 At the carved images near Gilgal he returned and said, "King Eglon, I have a secret message for you." The king called for silence, and all his attendants left him.
19 maar hyself het omgedraai by die afgode wat by Gilgal was en gesê: "Ek het 'n geheime boodskap vir u, o koning!" Die koning sê toe: "Bly stil!" Almal wat hom bedien, het van hom af weggegaan.
20 Then Ehud approached him while he was sitting alone in his room upstairs where it was cool. Ehud said, "I have a word from God for you," and the king stood up from his throne.
20 Ehud het na hom toe gekom terwyl hy alleen in sy koel dakkamer sit en Ehud sê: "Ek het 'n boodskap vanaf God vir u!" Hy het van sy stoel af opgestaan.
21 Ehud reached with his left hand, took the sword from his right thigh, and plunged it into Eglon's belly.
21 Ehud het sy linkerhand uitgesteek, die swaard van sy regterheup af gevat en dit in sy maag ingedruk.
22 Even the handle went in after the blade, and Eglon's fat closed in over it, so that Ehud did not withdraw the sword from his belly. And Eglon's insides came out.
22 Die hef het ook agter die lem ingegaan en die vet het om die lem toegemaak, want hy het nie die swaard uit sy maag uitgetrek nie en die vullis het uitgekom.
23 Ehud escaped by way of the porch, closing and locking the doors of the upstairs room behind him.
23 Toe gaan Ehud uit op die gallery en maak die deure van die dakkamer agter hom toe en sluit hulle.
24 Ehud was gone when Eglon's servants came in. They looked and found the doors of the upstairs room locked and thought he was relieving himself in the cool room.
24 Nadat hy uitgegaan het, kom sy diensknegte en kyk en let op, die deure van die dakkamer was gesluit en hulle het gesê: "Hy verlig homself seker in die koel kamer."
25 The servants waited until they became worried and saw that he had still not opened the doors of the upstairs room. So they took the key and opened the doors — and there was their lord lying dead on the floor!

25 Hulle het gewag totdat hulle angstig geword het, maar let op, hy het nie die deure van die dakkamer oopgemaak nie! Hulle het daarom die sleutel gevat en oopgemaak en let op, hulle meester was dood, neergeval op die grond!
26 Ehud escaped while the servants waited. He crossed over the Jordan near the carved images and reached Seirah.
26 Nou, Ehud het ontvlug terwyl hulle talm en by die afgode verbygegaan en na Se'irah ontsnap.
27 After he arrived, he sounded the ram's horn throughout the hill country of Ephraim. The Israelites came down with him from the hill country, and he became their leader.
27 Dit het gebeur nadat hy arriveer het dat hy die ramshoring in die Bergland van Efrayim geblaas het en die seuns van Yisra'el het saam met hom van die Bergland afgetrek en hy voor hulle.
28 He told them, "Follow me, because the L**ORD** has handed over your enemies, the Moabites, to you." So they followed him, captured the fords of the Jordan leading to Moab, and did not allow anyone to cross over.
28 Hy het vir hulle gesê: "Volg my, want הוהי het julle vyande, die Mo'aviete, in julle hand gegee." Hulle het afgegaan agter hom aan en die driwwe van die Yarden oorkant Mo'av gevat en niemand toegelaat om oor te gaan nie.
29 At that time they struck down about 10,000 Moabites, all strong and able-bodied men. Not one of them escaped.
29 Hulle het in daardie tyd omtrent tien duisend Mo'aviete verslaan, almal geharde en dapper manne en nie een het ontsnap nie.
30 Moab became subject to Israel that day, and the land was peaceful 80 years.
30 Mo'av is op daardie dag onderwerp onder die hand van Yisra'el en die land was vir tagtig jaar lank onversteurd.
31 After Ehud, Shamgar son of Anath became judge. He delivered Israel by striking down 600 Philistines with an oxgoad.
31 Ná hom het Shamgar, die seun van `Anat, gekom wat ses honderd F'lishtyne met 'n osprik verslaan het en ook hy het Yisra'el gered.

Judges4

1 The Israelites again did what was evil in the sight of the L**ORD** after Ehud had died.
1 Toe het die seuns van Yisra'el weer boos gedoen in die oë van הוהי nadat Ehud dood is
2 So the L**ORD** sold them into the hand of Jabin king of Canaan, who reigned in Hazor. The commander of his forces was Sisera who lived in Harosheth of the Nations.

2 en יהוה het hulle verkoop in die hand van Yavin, die koning van Kena’an, wat in Hatzor regeer het en die bevelvoerder van sy leërmag was Sisra, wat in Haroshet-HaGoyim gebly het.
3 Then the Israelites cried out to the LORD, because Jabin had 900 iron chariots, and he harshly oppressed them 20 years.
3 Die seuns van Yisra’el het na יהוה uitgeroep, want hy het nege honderd ysterwaens gehad en die kinders van Yisra’el twintig jaar lank onderdruk.
4 Deborah, a woman who was a prophetess and the wife of Lappidoth, was judging Israel at that time.
4 D’vorah, ’n profetes, die vrou van Lappidot, het Yisra’el in daardie tyd gerig.
5 It was her custom to sit under the palm tree of Deborah between Ramah and Bethel in the hill country of Ephraim, and the Israelites went up to her for judgment.
5 Sy was gewoond om onder die palmboom van D’vorah te sit, tussen Ramah en Beit-El, in die Bergland van Efrayim en die seuns van Yisra’el het na haar toe opgekom vir uitspraak.
6 She summoned Barak son of Abinoam from Kedesh in Naphtali and said to him, “Hasn’t the LORD, the God of Israel, commanded you: ‘Go, deploy the troops on Mount Tabor, and take with you 10,000 men from the Naphtalites and Zebulunites?
6 Sy het gestuur en vir Barak, die seun van Avino’am, uit Kedesh in Naftali, laat roep en vir hom gesê: “Let op, יהוה, die God van Yisra’el, het beveel: “Gaan en marsjeer na die berg Tavor en vat tien duisend man van die seuns van Naftali en van die seuns van Z’vulun saam met jou.
7 Then I will lure Sisera commander of Jabin’s forces, his chariots, and his army at the Wadi Kishon to fight against you, and I will hand him over to you.’ ”
7 Ek sal dat Sisra, die bevelvoerder van Yavin se leermag, met sy strydwaens en sy menigte na jou toe uittrek by die Kishonrivier en Ek sal hom in jou hand gee”.”
8 Barak said to her, “If you will go with me, I will go. But if you will not go with me, I will not go.”
8 Toe sê Barak vir haar: “As u saam met my sal gaan, sal ek gaan, maar as u nie saam met my gaan nie, sal ek nie gaan nie.”
9 “I will go with you,” she said, “but you will receive no honor on the road you are about to take, because the LORD will sell Sisera into a woman’s hand.” So Deborah got up and went with Barak to Kedesh.
9 Sy het gesê: “Ek sal sekerlik saam met jou gaan; daarom sal die eer nie joune wees op die reis wat jy op die punt staan om op te gaan nie, want יהוה sal Sisra in die hand van ’n vrou verkoop.” Toe staan D’vorah op en gaan saam met Barak na Kedesh.
10 Barak summoned Zebulun and Naphtali to Kedesh; 10,000 men followed him, and Deborah also went with him.

10 Barak het Z'vulun en Naftali na Kedesh toe bymekaargeroep en tien duisend man het saam met hom opgegaan; D'vorah het ook saam met hom opgegaan.
11 Now Heber the Kenite had moved away from the Kenites, the sons of Hobab, Moses' father-in-law, and pitched his tent beside the oak tree of Zaanannim, which was near Kedesh.
11 Hever, die Keiniet, het homself afgeskei van die res van Keiniete, die nageslag van Hovav, seun van die skoonvader van Moshe en hy het sy tent opgeslaan so ver as by die eikeboom in Tza'anamim, wat naby Kedesh is.
12 It was reported to Sisera that Barak son of Abinoam had gone up Mount Tabor.
12 Toe het hulle vir Sisra vertel dat Barak, die seun van Avino'am, opgegaan het na die berg Tavor.
13 Sisera summoned all his 900 iron chariots and all the people who were with him from Harosheth of the Nations to the Wadi Kishon.
13 Sisra het al sy strydwaens, nege honderd ysterwaens en al die manne wat by hom was, uit Haroshet- HaGoyim bymekaargeroep na die Kishonrivier.
14 Then Deborah said to Barak, "Move on, for this is the day the L**ORD** has handed Sisera over to you. Hasn't the L**ORD** gone before you? " So Barak came down from Mount Tabor with 10,000 men following him.
14 D'vorah het vir Barak gesê: "Staan op, want hierdie is die dag waarop יהוה Sisra in jou hand gegee het; let op, יהוה het voor jou uitgegaan." Barak het afgegaan vanaf die berg Tavor met tien duisend man wat hom volg.
15 The L**ORD** threw Sisera, all his charioteers, and all his army into confusion with the sword before Barak. Sisera left his chariot and fled on foot.
15 יהוה het Sisra met al sy waens en sy hele leër met die skerpte van die swaard uitmekaar gejaag voor Barak en Sisra het van sy wa afgeklim en te voet gevlug,
16 Barak pursued the chariots and the army as far as Harosheth of the Nations, and the whole army of Sisera fell by the sword; not a single man was left.
16 maar Barak het die waens en die leër agtervolg tot by Haroshet-HaGoyim en die hele leër van Sisra het deur die skerpte van die swaard geval; selfs nie een het oorgebly nie.
17 Meanwhile, Sisera had fled on foot to the tent of Jael, the wife of Heber the Kenite, because there was peace between Jabin king of Hazor and the family of Heber the Kenite.
17 Sisra het te voet gevlug na die tent van Ya'el, die vrou van Hever, die Keiniet, want daar was vrede tussen Yavin, die koning van Hatzor en die huis van Hever, die Keiniet.
18 Jael went out to greet Sisera and said to him, "Come in, my lord. Come in with me. Don't be afraid." So he went into her tent, and she covered him with a rug.

18 Ya'el het uitgegaan om Sisra te ontmoet en vir hom gesê: "Draai af, my meester, draai af na my toe! Moenie bang wees nie!" Hy het na haar toe afgedraai, na haar tent en sy het hom met 'n kombers bedek.
19 He said to her, "Please give me a little water to drink for I am thirsty." She opened a container of milk, gave him a drink, and covered him again.
19 Hy het vir haar gesê: "Gee vir my asseblief 'n bietjie water om te drink, want ek is dors." Sy maak toe die bokvelsak oop en laat hom daaruit drink; toe maak sy hom weer toe.
20 Then he said to her, "Stand at the entrance to the tent. If a man comes and asks you, 'Is there a man here? ' say, 'No.' "
20 Hy sê vir haar: "Staan in die ingang van die tent en as dit gebeur dat iemand kom en vir jou vra en sê: "Is daar iemand hier?" dat jy sal sê: "Nee."
21 While he was sleeping from exhaustion, Heber's wife Jael took a tent peg, grabbed a hammer, and went silently to Sisera. She hammered the peg into his temple and drove it into the ground, and he died.
21 Ya'el, die vrou van Hever, het egter 'n tentpen en hamer in haar hand gevat en stilletjies na hom toe gegaan en die pen in sy slaap ingeslaan en dit het deurgegaan in die grond in, want hy was vas aan die slaap en uitgeput. So het hy gesterf.
22 When Barak arrived in pursuit of Sisera, Jael went out to greet him and said to him, "Come and I will show you the man you are looking for." So he went in with her, and there was Sisera lying dead with a tent peg through his temple!
22 Terwyl Barak Sisra agtervolg, let op, het Ya'el uitgekom om hom te ontmoet en vir hom gesê: "Kom en ek sal vir u die man wys wat u soek." Hy het saam met haar ingegaan en let op, Sisra lê daar dood, met die tentpen in sy slaap!
23 That day God subdued Jabin king of Canaan before the Israelites.
23 So het God op daardie dag vir Yavin, die koning van Kena'an, voor die seuns van Yisra'el onderwerp.
24 The power of the Israelites continued to increase against Jabin king of Canaan until they destroyed him.
24 Die hand van die seuns van Yisra'el het swaarder en swaarder gedruk op Yavin, die koning van Kena'an totdat hulle Yavin, die koning van Kena'an, vernietig het.

Judges5

1 On that day Deborah and Barak son of Abinoam sang:
1 Toe het D'vorah en Barak, die seun van Avino'am, op daardie dag gesing en gesê:
2 When the leaders lead in Israel, when the people volunteer, praise the LORD.
2 "Dat die leiers in Yisra'el gelei het en dat die volk gewillig was; lofprys

יהוה!

3 Listen, kings! Pay attention, princes! I will sing to the LORD; I will sing praise to the LORD God of Israel.

3 Hoor, o konings! Luister, o heersers! Ek sal sing tot יהוה; ek sal met instrumente tot יהוה, die God van Yisra'el, speel.

4 LORD, when You came from Seir, when You marched from the fields of Edom, the earth trembled, the heavens poured rain, and the clouds poured water.

4 יהוה, toe U uitgegaan het uit Se'ir; toe U marsjeer het uit die veld van Edom; het die aarde gebewe, ook die hemele het gedrup, selfs die wolke het water gedrup.

5 The mountains melted before the LORD, even Sinai before the LORD, the God of Israel.

5 Die berge het geskud in die Teenwoordigheid van יהוה; hierdie Sinai in die Teenwoordigheid van יהוה, die God van Yisra'el.

6 In the days of Shamgar son of Anath, in the days of Jael, the main ways were deserted because travelers kept to the side roads.

6 In die dae van Shamgar, die seun van `Anat; in die dae van Ya'el, was die hoofpaaie verlate en die reisigers het langs ompaaie gegaan.

7 Villages were deserted, they were deserted in Israel, until I, Deborah, arose, a mother in Israel.

7 Leierskap het opgehou, dit het opgehou in Yisra'el totdat ek, D'vorah, opgestaan het; totdat ek, 'n moeder in Yisra'el, opgestaan het.

8 Israel chose new gods, then war was in the gates. Not a shield or spear was seen among 40,000 in Israel.

8 Nuwe gode is gekies; toe is daar oorlog in die poorte. Daar was nie 'n skild of spies te sien onder veertig duisend in Yisra'el nie.

9 My heart is with the leaders of Israel, with the volunteers of the people. Praise the LORD!

9 My diepste binneste gaan uit na die bevelvoerders van Yisra'el; die vrywilligers onder die volk; lofprys יהוה!

10 You who ride on white donkeys, who sit on saddle blankets, and who travel on the road, give praise!

10 Julle wat op wit donkies ry; julle wat op die hoogte bly; julle wat reis op die pad,

11 Let them tell the righteous acts of the LORD, the righteous deeds of His warriors in Israel, with the voices of the singers at the watering places. Then the LORD's people went down to the gates.

11 oordink die woorde van die navraers, wat tussen die leermeesters is; hulle sal die onpartydige opregtheid van יהוה uitvoer, die onpartydige opregtheid wat Hy in Yisra'el vermenigvuldig het. Dan sal die volk van יהוה na die poorte toe marsjeer.

12 “Awake! Awake, Deborah! Awake! Awake, sing a song! Arise, Barak, and take hold of your captives, son of Abinoam! ”
12 Word wakker, word wakker, D’vorah! Word wakker, word wakker, sing ’n lied! Staan op, Barak en voer jou gevangenes weg, seun van Avino’am!
13 The survivors came down to the nobles; the L**ORD**’s people came down to me with the warriors.
13 Toe het die bevryder afgekom om lofprysing tot יהוה te sing; U het vir my oorwinning gegee deur die hand van ’n man uit Efrayim.
14 Those with their roots in Amalek came from Ephraim; Benjamin came with your people after you. The leaders came down from Machir, and those who carry a marshal’s staff came from Zebulun.
14 Barak se woorde is bekend in `Amalek; na jou, trek Binyamin, wat omgee vir jou; vanuit Makhir kom ’n bevelvoerder en vanaf Z’vulun dié wat skryf met die pen van ’n skrywer
15 The princes of Issachar were with Deborah; Issachar was with Barak. They set out at his heels in the valley. There was great searching of heart among the clans of Reuben.
15 en die prinse van Yissakhar was by D’vorah; soos Yissakhar, so was Barak tussen die mense: hy is per voet na ’n gedeelte van Re’uven gestuur; groot is hulle wat Godsopenbarings vir die verstand, wil en emosie gee.
16 Why did you sit among the sheepfolds listening to the playing of pipes for the flocks? There was great searching of heart among the clans of Reuben.
16 Waarom het jy tussen die veekrale gesit; om die fluitspel vir die troppe te hoor? Tussen die afdelings van Re’uven was die ondersoeke van die verstand, wil en emosie groot.
17 Gilead remained beyond the Jordan. Dan, why did you linger at the ships? Asher remained at the seashore and stayed in his harbors.
17 Gil’ad het anderkant die Yarden gebly en hoekom het Dan in skepe gebly? Asher het by die seestrand gesit en by sy baaie gebly.
18 Zebulun was a people risking their lives, Naphtali also, on the heights of the battlefield.
18 Z’vulun is ’n volk wat hulle lewens verag tot die dood toe; ook Naftali, op die hoë plekke van die veld.
19 Kings came and fought. Then the kings of Canaan fought at Taanach by the waters of Megiddo, but they took no spoil of silver.
19 Die konings het gekom en geveg; toe het die konings van Kena’an geveg by Ta’anakh, naby die waters van Megiddo; hulle het geen plunder of silwer gevat nie.
20 The stars fought from the heavens; the stars fought with Sisera from their courses.
20 Die sterre het vanuit die hemel geveg; vanaf hulle bane het hulle teen Sisra geveg by die rivier van Kishon.
21 The river Kishon swept them away, the ancient river, the river Kishon. March on, my soul, in strength!

21 Die Kishon en Karminriviere het hulle weggedryf! O my lewe, jy het ’n leërmag verslaan!
22 The horses’ hooves then hammered — the galloping, galloping of his stallions.
22 Toe het die perdepote geklap van die gejaag, die gejaag van hulle dapper gevegte.
23 “Curse Meroz,” says the Angel of the L**ORD**, “Bitterly curse her inhabitants, for they did not come to help the L**ORD**, to help the L**ORD** against the mighty warriors.”
23 “Vloek Meroz,” het die boodskapper van יהוה gesê; “vervloek sy inwoners volkome omdat hulle יהוה nie tot hulp gekom het nie, tot die hulp van יהוה teen die kragtige soldate nie.”
24 Jael is most blessed of women, the wife of Heber the Kenite; she is most blessed among tent-dwelling women.
24 Mees geseënde onder vroue is Ya’el, die vrou van Hever, die Keiniet; mees geseënd is sy onder vroue in die tent!
25 He asked for water; she gave him milk. She brought him curdled milk in a majestic bowl.
25 Water het hy gevra, melk het sy vir hom gegee; in ’n fantastiese kom het sy vir hom dikmelk gebring.
26 She reached for a tent peg, her right hand, for a workman’s mallet. Then she hammered Sisera — she crushed his head; she shattered and pierced his temple.
26 Sy steek haar hand uit na die tentpen en haar regterhand na die werker se hamer; dan tref sy vir Sisra, sy verpletter sy kop en sy verbrysel en deurboor sy slaap.
27 He collapsed, he fell, he lay down at her feet; he collapsed, he fell at her feet; where he collapsed, there he fell — dead.
27 Tussen haar voete buig hy neer, hy val, lê daar! Tussen haar voete buig hy neer, hy val; waar hy neergebuig het, daar het hy dood neergeval.
28 Sisera’s mother looked through the window; she peered through the lattice, crying out: “Why is his chariot so long in coming? Why don’t I hear the hoofbeats of his horses? ”
28 Sy kyk by die venster uit en weeklaag, die moeder van Sisra, deur die vensterraam: “Waarom vertoef sy wa om te kom? Waarom talm die klop van die hoewe van sy waens?
29 Her wisest princesses answer her; she even answers herself:
29 Haar wyse prinsesse sal haar antwoord; inderdaad, sy herhaal haar woorde vir haarself:
30 “Are they not finding and dividing the spoil — a girl or two for each warrior, the spoil of colored garments for Sisera, the spoil of an embroidered garment or two for my neck? ”
30 ‘Het hulle nie gevind nie, verdeel hulle nie die buit nie? ’n Jong meisie,

twee meisies vir elke soldaat; 'n buit van gekleurde klere vir Sisra, 'n buit van gekleurde klere, geborduur; gekleurde werk van dubbel borduurwerk op die nek van die buiter.

31 L**ORD**, may all your enemies perish as Sisera did. But may those who love Him be like the rising of the sun in its strength. And the land was peaceful 40 years.

31 Laat al U vyande, הוהי, so omkom! Maar laat die wat Hom liefhet, wees soos die opkoms van die son in Sy krag." Die land was veertig jaar lank onverstoord.

Judges6

1 The Israelites did what was evil in the sight of the L**ORD**. So the L**ORD** handed them over to Midian seven years,

1 Toe het die seuns van Yisra'el gedoen wat boos was in die oë van הוהי en הוהי het hulle vir sewe jaar lank in die hand van Midyan oorgegee.

2 and they oppressed Israel. Because of Midian, the Israelites made hiding places for themselves in the mountains, caves, and strongholds.

2 Die krag van Midyan het die oorhand oor Yisra'el gekry. As gevolg van Midyan het die seuns van Yisra'el vir hulle skuilings, wat in die berge, die grotte en die vestings is, gemaak,

3 Whenever the Israelites planted crops, the Midianites, Amalekites, and the Qedemites came and attacked them.

3 want dit was wanneer Yisra'el gesaai het dat die Midyaniete, saam met die `Amalekiete en die seuns van die Ooste teen hulle opgetrek het.

4 They encamped against them and destroyed the produce of the land, even as far as Gaza. They left nothing for Israel to eat, as well as no sheep, ox or donkey.

4 Só het hulle teen hulle gekamp en die opbrengs van die land verwoes so ver as tot by `Azah en geen lewensmiddele, sowel as geen skaap, bees of donkie, in Yisra'el gelos nie,

5 For the Midianites came with their cattle and their tents like a great swarm of locusts. They and their camels were without number, and they entered the land to waste it.

5 want hulle het met hulle vee en hul tente opgetrek en gekom soos sprinkane in getal; beide hulle en hul kamele was ontelbaar en hulle het in die land ingekom om dit te verwoes.

6 So Israel became poverty-stricken because of Midian, and the Israelites cried out to the L**ORD**.

6 Yisra'el is verneder as gevolg van Midyan en die seuns van Yisra'el het na הוהי uitgeroep.

7 When the Israelites cried out to Him because of Midian,

7 Nou, dit het gebeur toe die seuns van Yisra'el uitgeroep het na הוהי vanweë Midyan
8 the L**ORD** sent a prophet to them. He said to them, "This is what the L**ORD** God of Israel says: 'I brought you out of Egypt and out of the place of slavery.
8 dat הוהי 'n profeet na die seuns van Yisra'el gestuur het en hy het vir hulle gesê: "So sê הוהי, die God van Yisra'el: 'Dit was Ek wat julle gebring het vanuit Mitzrayim en julle uit die huis van slawerny uitgebring het.
9 I delivered you from the power of Egypt and the power of all who oppressed you. I drove them out before you and gave you their land.
9 Ek het julle bevry uit die hand van die Mitzrayiete en uit die hand van al julle onderdrukkers en hulle voor julle uit onteien en hulle land vir julle gegee
10 I said to you: I am Yahweh your God. Do not fear the gods of the Amorites whose land you live in. But you did not obey Me.' "
10 en Ek het vir julle gesê: 'Ek is הוהי, julle God; julle mag die gode van die Emoriete, in wie se land julle bly, nie vrees nie, maar julle het My nie gehoorsaam nie.'"
11 The Angel of the L**ORD** came, and He sat under the oak that was in Ophrah, which belonged to Joash, the Abiezrite. His son Gideon was threshing wheat in the wine vat in order to hide it from the Midianites.
11 Toe het die boodskapper van הוהי gekom en gaan sit onder die eikeboom wat by `Ofrah staan, wat aan Yo'ash, die Avi'ezriet, behoort het terwyl sy seun Gid'on koring uitgeslaan het in die parskuip om dit te red van die Midyaniete.
12 Then the Angel of the L**ORD** appeared to him and said: "The L**ORD** is with you, mighty warrior."
12 Die engel van הוהי het aan hom verskyn en vir hom gesê: "הוהי is met jou, dapper soldaat!"
13 Gideon said to Him, "Please Sir, if the L**ORD** is with us, why has all this happened? And where are all His wonders that our fathers told us about? They said, 'Hasn't the L**ORD** brought us out of Egypt? ' But now the L**ORD** has abandoned us and handed us over to Midian."
13 Toe sê Gid'on vir Hom: "Ag, my meester, as הוהי met ons is, waarom het al hierdie dinge met ons gebeur? Waar is al Sy wonderwerke waarvan ons vaders ons vertel het, deur te sê: 'Het הוהי ons nie opgebring uit Mitzrayim uit nie?' Nou het הוהי ons egter alleen gelos en ons oorgegee in die hand van Midyan."
14 The L**ORD** turned to him and said, "Go in the strength you have and deliver Israel from the power of Midian. Am I not sending you? "
14 הוהי het na hom gekyk en gesê: "Gaan in hierdie krag van jou en bevry Yisra'el uit die hand van Midyan. Het Ek jou nie gestuur nie?"
15 He said to Him, "Please, Lord, how can I deliver Israel? Look, my family is

the weakest in Manasseh, and I am the youngest in my father's house."
15 Hy sê vir Hom: "Ag, יהוה, hoe sal ek Yisra'el bevry? Let op, my familie is die minste in M'nasheh en ek is die jongste in my vader se huis."
16 "But I will be with you," the LORD said to him. "You will strike Midian down as if it were one man."
16 יהוה sê egter vir hom: "Ek sal sekerlik by jou wees en jy sal Midyan soos een man verslaan."
17 Then he said to Him, "If I have found favor in Your sight, give me a sign that You are speaking with me.
17 Gid'on sê vir Hom: "As ek nou guns in U oë gevind het, wys vir my 'n teken dat dit U is wat met my praat.
18 Please do not leave this place until I return to You. Let me bring my gift and set it before You." And He said, "I will stay until you return."
18 Gaan asseblief nie hiervandaan weg voordat ek by U kom en my offer uitbring en voor U neersit nie." Hy sê: "Ek sal bly totdat jy terugkom."
19 So Gideon went and prepared a young goat and unleavened bread from a half bushel of flour. He placed the meat in a basket and the broth in a pot. He brought them out and offered them to Him under the oak.
19 Toe het Gid'on ingegaan en 'n jong bokkie en ongesuurde brood, van 'n efa meel, voorberei; hy het die vleis in 'n mandjie en die sous in 'n pot gesit en hy het dit na Hom toe uitgebring onder die eikeboom en dit aangebied.
20 The Angel of God said to him, "Take the meat with the unleavened bread, put it on this stone, and pour the broth on it." And he did so.
20 Die engel van God het vir hom gesê: "Vat die vleis en die ongesuurde brood en sit dit op hierdie rots neer en gooi die sous uit." Hy het so gedoen.
21 The Angel of the LORD extended the tip of the staff that was in His hand and touched the meat and the unleavened bread. Fire came up from the rock and consumed the meat and the unleavened bread. Then the Angel of the LORD vanished from his sight.
21 Toe steek die engel van יהוה die punt van die staf, wat in Sy hand was, uit en raak die vleis en die ongesuurde brood aan en vuur spring op uit die rots en verteer die vleis en die ongesuurde brood. Toe het die engel van יהוה verdwyn voor sy oë.
22 When Gideon realized that He was the Angel of the LORD, he said, "Oh no, Lord GOD! I have seen the Angel of the LORD face to face! "
22 Toe Gid'on sien dat Hy die engel van יהוה was, sê hy: "Helaas, Meester יהוה, want nou het ek die engel van יהוה gesien van gesig tot gesig!"
23 But the LORD said to him, "Peace to you. Don't be afraid, for you will not die."
23 יהוה sê vir hom: "Vrede, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid vir jou! Moenie vrees nie! Jy sal nie sterf nie."
24 So Gideon built an altar to the LORD there and called it Yahweh Shalom. It

is in Ophrah of the Abiezrites until today.

24 Toe bou Gid'on daar 'n altaar vir יהוה en noem dit: "יהוה is (Shalom) Vrede, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid!" Dit is vandag nog daar by `Ofrah van die Avi'ezriete.

25 On that very night the LORD said to him, "Take your father's young bull and a second bull seven years old. Then tear down the altar of Baal that belongs to your father and cut down the Asherah pole beside it.

25 In dieselfde nag het יהוה vir hom gesê: "Vat jou vader se jong bul en 'n tweede bul van sewe jaar oud en trek die altaar van Ba'al om wat aan jou vader behoort en kap die Asherah (afgesonderde paal) af wat langs dit is

26 Build a well-constructed altar to the LORD your God on the top of this rock. Take the second bull and offer it as a burnt offering with the wood of the Asherah pole you cut down."

26 en bou vir יהוה, jou God, 'n altaar bo-op die top van hierdie vesting op 'n ordelike wyse en vat die tweede bul en offer 'n brandoffer met die hout van die Asherah wat jy moet afkap."

27 So Gideon took 10 of his male servants and did as the LORD had told him. But because he was too afraid of his father's household and the men of the city to do it in the daytime, he did it at night.

27 Toe het Gid'on tien man van sy diensknegte gevat en gedoen soos יהוה vir hom gesê het en omdat hy te bang was vir sy vader se huishouding en vir die manne van die stad, om dit in die dag te doen, het hy dit in die nag gedoen.

28 When the men of the city got up in the morning, they found Baal's altar torn down, the Asherah pole beside it cut down, and the second bull offered up on the altar that had been built.

28 Toe die manne van die stad die oggend vroeg opstaan, let op, die altaar van Ba'al is omgegooi en die Asherah wat langs dit was, is afgekap en die tweede bul is geoffer op die altaar wat daar gebou is!

29 They said to each other, "Who did this? " After they made a thorough investigation, they said, "Gideon son of Joash did it."

29 Hulle het vir mekaar gesê: "Wie het hierdie ding gedoen?" Toe hulle ondersoek doen en uitvra, sê hulle: "Gid'on, die seun van Yo'ash het hierdie ding gedoen!"

30 Then the men of the city said to Joash, "Bring out your son. He must die, because he tore down Baal's altar and cut down the Asherah pole beside it."

30 Toe sê die manne van die stad vir Yo'ash: "Bring jou seun uit, hy moet sterf omdat hy die altaar van Ba'al omgegooi het en inderdaad omdat hy die afgesonderde boomstam wat langs dit was, afgekap het."

31 But Joash said to all who stood against him, "Would you plead Baal's case for him? Would you save him? Whoever pleads his case will be put to death by morning! If he is a god, let him plead his own case because someone tore down his altar."

31 Yo’ash sê egter vir almal wat teenoor hom staan: “Wil júlle vir Ba’al veg, of wil julle hom bevry? Wie
ook al vir hom pleit, sal teen die oggend doodgemaak word. As hy ’n god is, laat hy vir homself veg omdat iemand sy altaar afgebreek het.”
32 That day, Gideon’s father called him Jerubbaal, saying, “Let Baal plead his case with him,” because he tore down his altar.
32 Hy het hom daarom op daardie dag Yeruba’al genoem, dit is te sê: “Laat Ba’al teen hom veg” omdat hy sy altaar afgebreek het.
33 All the Midianites, Amalekites, and Qedemites gathered together, crossed over the Jordan, and camped in the Valley of Jezreel.
33 Toe het al die Midyaniete, die `Amalekiete en die seuns van die Ooste hulleself bymekaargebring en oorgetrek en in die vallei van Yizre’el gekamp.
34 The Spirit of the L**ORD** took control of Gideon, and he blew the ram’s horn and the Abiezrites rallied behind him.
34 Die Gees van יהוה het op Gid’on gekom en hy het op die ramshoring geblaas en Yizre’el het sy goedkeuring uitgeskreeu.
35 He sent messengers throughout all of Manasseh, who rallied behind him. He also sent messengers throughout Asher, Zebulun, and Naphtali, who also came to meet him.
35 Hy het boodskappers regdeur M’nasheh gestuur en hulle is ook bymekaar geroep om hom te volg; hy het ook boodskappers na Asher, Z’vulun en Naftali gestuur en hulle het opgekom om hom te ontmoet.
36 Then Gideon said to God, “If You will deliver Israel by my hand, as You said,
36 Toe sê Gid’on vir God: “As U Yisra’el deur my sal bevry, soos U gesê het,
37 I will put a fleece of wool here on the threshing floor. If dew is only on the fleece, and all the ground is dry, I will know that You will deliver Israel by my strength, as You said.”
37 let op, ek sal ’n wolvlies op die dorsvloer neerlê. As daar net op die vlies dou is en al die grond droog is, dan sal ek weet dat U Yisra’el deur my sal bevry, soos U gesê het.”
38 And that is what happened. When he got up early in the morning, he squeezed the fleece and wrung dew out of it, filling a bowl with water.
38 Dit was so. Toe hy vroeg die volgende oggend opstaan en die vlies uitwring het hy ’n kom vol water van die dou uit die vlies uitgedruk.
39 Gideon then said to God, “Don’t be angry with me; let me speak one more time. Please allow me to make one more test with the fleece. Let it remain dry, and the dew be all over the ground.”
39 Toe sê Gid’on vir God: “Laat U woede nie teen my ontvlam nie dat ek nog ’n keer mag praat; laat my asseblief nog ’n toets doen met die vlies; laat dit nou op die vlies alleen droog wees en laat daar oral op
al die grond dou wees.”
40 That night God did as Gideon requested: only the fleece was dry, and dew was all over the ground.
40 יהוה het so gedoen daardie nag: dit was droog op die vlies alleen en

oral op die grond was daar dou.

Judges7

1 Jerubbaal (that is, Gideon) and everyone who was with him, got up early and camped beside the spring of Harod. The camp of Midian was north of them, below the hill of Moreh, in the valley.

1 Toe het Yeruba'al, (dit is Gid'on) en al die manne wat by hom was, vroeg opgestaan en langs `Ein-Harod gekamp en die kamp van Midyan was aan hulle noordekant by die heuwel Moreh, in die vallei.

2 The L**ORD** said to Gideon, "You have too many people for Me to hand the Midianites over to you, or else Israel might brag: 'I did it myself.'

2 הוהי sê vir Gid'on: "Die manne wat by jou is, is te veel vir My om Midyan in hulle hand te gee, want Yisra'el sal roem deur te sê: 'My eie krag het my bevry.'

3 Now announce in the presence of the people: 'Whoever is fearful and trembling may turn back and leave Mount Gilead.' " So 22,000 of the people turned back, but 10,000 remained.

3 Kom daarom, verklaar ten aanhore van die manne en sê: 'Wie ook al bang is en bewe, laat hulle teruggaan en wegdraai van die berg Gil'ad af.'" Twee en twintig duisend manne het teruggegaan, maar tien duisend het oorgebly.

4 Then the L**ORD** said to Gideon, "There are still too many people. Take them down to the water, and I will test them for you there. If I say to you, 'This one can go with you,' he can go. But if I say about anyone, 'This one cannot go with you,' he cannot go."

4 Toe sê הוהי vir Gid'on: "Die manne is nog te veel; bring hulle af na die water en Ek sal hulle daar vir jou toets. Dit sal daarom wees dat hy van wie Ek vir jou sê: 'Hierdie een moet saam met jou gaan,' hy moet saam met jou gaan, maar elkeen van wie Ek vir jou sê: 'Hierdie een moenie saam met jou gaan nie,' hy moenie gaan nie."

5 So he brought the people down to the water, and the L**ORD** said to Gideon, "Separate everyone who laps water with his tongue like a dog. Do the same with everyone who kneels to drink."

5 Hy bring toe die manne af na die water en הוהי sê vir Gid'on: "Elkeen wat met sy tong die water oplek soos wat 'n hond lek, moet jy bymekaar laat staan; sowel as elkeen wat kniel om te drink, moet bymekaar staan."

6 The number of those who lapped with their hands to their mouths was 300 men, and all the rest of the people knelt to drink water.

6 Nou, die aantal van die wat opgelek het deur hulle hand na hulle mond toe te bring, was drie honderd man, maar al die res van die manne het gekniel om te drink.

7 The L**ORD** said to Gideon, "I will deliver you with the 300 men who lapped and hand the Midianites over to you. But everyone else is to go home."

7 יהוה sê vir Gid'on: "Deur die drie honderd man wat gelek het, sal Ek julle bevry en die Midyaniete in julle hande gee; laat dus al die ander manne gaan, elkeen na sy huis toe."
8 So Gideon sent all the Israelites to their tents but kept the 300, who took the people's provisions and their trumpets. The camp of Midian was below him in the valley.
8 Die 300 man vat die manne se kosvoorraad en hulle ramshorings in hul hand en Gid'on het al die ander manne van Yisra'el weggestuur, elkeen na sy tent, maar die drie honderd man het hy behou en die kamp van Midyan was onder hom in die vallei.
9 That night the LORD said to him, "Get up and go into the camp, for I have given it into your hand.
9 Nou dieselfde nag het dit gebeur dat יהוה vir hom gesê het: "Staan op, gaan af teen die kamp, want Ek het dit in jou hand gegee,
10 But if you are afraid to go to the camp, go with Purah your servant.
10 maar as jy bang is om af te gaan, gaan saam met jou dienskneg Purah af na die kamp toe
11 Listen to what they say, and then you will be strengthened to go to the camp." So he went with Purah his servant to the outpost of the troops who were in the camp.
11 en jy sal hoor wat hulle sê en daarna sal jou hande sterk gemaak word sodat jy teen die kamp kan aftrek." Hy gaan toe af saam met Purah, sy dienskneg, tot by die buiteposte van die leër wat in die kamp was.
12 Now the Midianites, Amalekites, and all the Qedemites had settled down in the valley like a swarm of locusts, and their camels were as innumerable as the sand on the seashore.
12 Nou die Midyaniete, `Amalekiete en al die seuns van die Ooste het in die laagte gelê, soveel soos sprinkane en hulle kamele was ontelbaar soos die sand aan die seestrand.
13 When Gideon arrived, there was a man telling his friend about a dream. He said, "Listen, I had a dream: a loaf of barley bread came tumbling into the Midianite camp, struck a tent, and it fell. The loaf turned the tent upside down so that it collapsed."
13 Toe Gid'on aankom, let op, 'n man het sy droom vir 'n ander vertel en hy het gesê: "Let op, ek het 'n droom gehad: 'n garsbrood het in die kamp van Midyan ingetuimel en gekom tot by die tent en dit geslaan sodat dit omval en onderstebo draai en die tent plat lê!"
14 His friend answered: "This is nothing less than the sword of Gideon son of Joash, the Israelite. God has handed the entire Midianite camp over to him."
14 Sy vriend het geantwoord: "Dit is niks minder as die swaard van Gid'on, die seun van Yo'ash, die Yisra'eliet, nie; God het Midyan en die hele kamp in sy hand gegee."
15 When Gideon heard the account of the dream and its interpretation, he bowed in worship. He returned to Israel's camp and said, "Get up, for the

LORD has handed the Midianite camp over to you."
15 Toe Gid'on die verhaal van die droom en sy uitleg hoor, het hy neergebuig in aanbidding. Hy het teruggegaan na die kamp van Yisra'el en gesê: "Staan op, want יהוה het die kamp van Midyan in julle hand gegee."
16 Then he divided the 300 men into three companies and gave each of the men a trumpet in one hand and an empty pitcher with a torch inside it in the other.
16 Hy het die drie honderd man verdeel in drie afdelings en ramshorings en leë kruike in almal se hande gesit, met fakkels binne-in die kruike.
17 "Watch me," he said, "and do the same. When I come to the outpost of the camp, do as I do.
17 Hy het vir hulle gesê: "Kyk na my en maak net so en let op, wanneer ek by die buitelyn van die kamp kom, moet julle maak net soos ek maak.
18 When I and everyone with me blow our trumpets, you are also to blow your trumpets all around the camp. Then you will say, 'For Yahweh and for Gideon! ' "
18 Wanneer ek en almal wat by my is, op die ramshoring blaas, moet julle ook op die ramshorings blaas reg rondom die kamp en sê: "Vir יהוה en vir Gid'on!"
19 Gideon and the 100 men who were with him went to the outpost of the camp at the beginning of the middle watch after the sentries had been stationed. They blew their trumpets and broke the pitchers that were in their hands.
19 Gid'on en die honderd man wat by hom was, het by die buitelyn van die kamp gekom, aan die begin van die middelste nagwaak, toe hulle net die wagte uitgesit het. Hulle het die ramshorings geblaas en die kruike stukkend geslaan wat in hul hande was.
20 The three companies blew their trumpets and shattered their pitchers. They held their torches in their left hands, their trumpets in their right hands, and shouted, "A sword for Yahweh and for Gideon! "
20 Toe die drie afdelings op die ramshorings blaas en die kruike breek, hou hulle die fakkels in hul linkerhand en die ramshorings in hulle regterhand om te blaas terwyl hulle uitroep: "'n Swaard vir יהוה en vir Gid'on!"
21 Each Israelite took his position around the camp, and the entire Midianite army fled, and cried out as they ran.
21 Elkeen het op sy plek bly staan rondom die kamp terwyl die hele leër al skreeuend hardloop in hulle vlug.
22 When Gideon's men blew their 300 trumpets, the LORD set the swords of each man in the army against each other. They fled to Beth-shittah in the direction of Zererah as far as the border of Abel-meholah near Tabbath.
22 Toe hulle drie honderd ramshorings blaas, het יהוה die swaard van die een teen die ander gerig, deur die hele leër en die leër het gevlug sover as Beit-Sheetah, in die rigting van Tz'rerah, so ver as tot by die grens van Avel-

M'golah by Tabbat.
23 Then the men of Israel were called from Naphtali, Asher, and Manasseh, and they pursued the Midianites.
23 Die manne van Yisra'el uit Naftali, Asher en uit die hele M'nasheh is opgeroep en hulle het Midyan agtervolg.
24 Gideon sent messengers throughout the hill country of Ephraim with this message: "Come down to intercept the Midianites and take control of the watercourses ahead of them as far as Beth-barah and the Jordan." So all the men of Ephraim were called out, and they took control of the watercourses as far as Beth-barah and the Jordan.
24 Gid'on het boodskappers deur die hele Bergland van Efrayim gestuur en gesê: "Kom af teen Midyan en beset die waterpunte voor hulle, so ver as tot by Beit-Barah en die Yarden." So is al die manne van Efrayim bymekaargeroep en hulle het die waterpunte beset tot by Beit-Barah en die Yarden.
25 They captured Oreb and Zeeb, the two princes of Midian; they killed Oreb at the rock of Oreb and Zeeb at the winepress of Zeeb, while they were pursuing the Midianites. They brought the heads of Oreb and Zeeb to Gideon across the Jordan.
25 Hulle het die twee leiers van Midyan gevang, `Orev en Ze'ev en hulle het `Orev by die rots van `Orev doodgemaak en Ze'ev by die parskuip van Ze'ev terwyl hulle Midyan agtervolg het en hulle het die koppe van `Orev en Ze'ev van oorkant die Yarden af, na Gid'on toe gebring.

Judges8

1 The men of Ephraim said to him, "Why have you done this to us, not calling us when you went to fight against the Midianites? " And they argued with him violently.
1 Toe sê die manne van Efrayim vir hom: "Wat is dit wat u ons aangedoen het dat u ons nie geroep het toe u teen Midyan gaan veg het nie?" Hulle het heftig met hom baklei,
2 So he said to them, "What have I done now compared to you? Is not the gleaning of Ephraim better than the vintage of Abiezer?
2 maar hy sê vir hulle: "Wat het ek nou gedoen in vergelyking met julle? Is die na-oes van Efrayim nie beter as die wynoes van Avi'ezer nie?
3 God handed over to you Oreb and Zeeb, the two princes of Midian. What was I able to do compared to you? " When he said this, their anger against him subsided.
3 God het die leiers van Midyan, `Orev en Ze'ev, in julle hand gegee en wat kon ek doen in vergelyking met julle?" Toe bedaar hulle woede teenoor hom toe hy dit gesê het.
4 Gideon and the 300 men came to the Jordan and crossed it. They were exhausted but still in pursuit.
4 Toe het Gid'on by die Yarden gekom, hy en die drie honderd man wat by

hom was en oorgetrek, moeg en tog besig om te agtervolg.
5 He said to the men of Succoth, “Please give some loaves of bread to the people who are following me, because they are exhausted, for I am pursuing Zebah and Zalmunna, the kings of Midian.”
5 Hy sê vir die manne van Sukkot: “Gee asseblief brood vir die manne wat my volg, want hulle is moeg en ek is besig om Zevag en Tzalmuna, die konings van Midyan, te agtervolg.
6 But the princes of Succoth asked, “Are Zebah and Zalmunna now in your hands that we should give bread to your army? ”
6 Die leiers van Sukkot sê: “Is die hande van Zevag en Tzalmuna reeds in u hande dat ons aan u leër brood moet gee?”
7 Gideon replied, “Very well, when the LORD has handed Zebah and Zalmunna over to me, I will trample your flesh on thorns and briers from the wilderness! ”
7 Gid’on het gesê: “Goed, wanneer יהוה vir Zevag en Tzalmuna in my hand gee, dan sal ek julle liggame met woestyndorings en distels slaan.”
8 He went from there to Penuel and asked the same thing from them. The men of Penuel answered just as the men of Succoth had answered.
8 Hy het daarvandaan opgegaan na P’nu’el en dieselfde vir hulle gesê en die manne van P’nu’el het hom geantwoord net soos die manne van Sukkot geantwoord het.
9 He also told the men of Penuel, “When I return in peace, I will tear down this tower! ”
9 Hy het ook met die mense van P’nu’el gepraat en gesê: “As ek veilig terugkom, sal ek hierdie toring afbreek.”
10 Now Zebah and Zalmunna were in Karkor, and with them was their army of about 15,000 men, who were all those left of the entire army of the Qedemites. Those who had been killed were 120,000 warriors.
10 Nou, Zevag en Tzalmuna was in Karkor en hulle leërs by hulle, omtrent vyftien duisend man, al wat oor was van die hele leër van die seuns van die Ooste, want die gesneuweldes was honderd en twintig duisend swaard soldate.
11 Gideon traveled on the caravan route east of Nobah and Jogbehah and attacked their army while the army was unsuspecting.
11 Gid’on het opgegaan met die pad van die wat in tente bly, oos van Novag en Yogbehah en die kamp aangeval toe die kamp dit nie verwag het nie.
12 Zebah and Zalmunna fled, and he pursued them. He captured these two kings of Midian and routed the entire army.
12 Toe Zevag en Tzalmuna vlug, het hy hulle agternagejaag en die twee konings van Midyan, Zevag en Tzalmuna, gevang en die hele leër uitmekaargejaag.
13 Gideon son of Joash returned from the battle by the Ascent of Heres.
13 Toe het Gid’on, die seun van Yo’ash, by die opdraand na Heres teruggekom van die geveg af,

14 He captured a youth from the men of Succoth and interrogated him. The youth wrote down for him the names of the 77 princes and elders of Succoth.
14 ’n jongman vanaf Sukkot gevang en hom uitgevra. Toe skryf die jongman vir hom die prinse van Sukkot en sy oudstes se name neer, sewe en sewentig man.
15 Then he went to the men of Succoth and said, “Here are Zebah and Zalmunna. You taunted me about them, saying, ‘Are Zebah and Zalmunna now in your power that we should give bread to your exhausted men? ’ ”
15 Hy kom by die mense van Sukkot en sê: “Let op, hier is Zevag en Tzalmuna oor wie julle my gespot het deur te sê: ‘Is die hande van Zevag en Tzalmuna reeds in u hand dat ons brood moet gee vir u manne wat moeg is.’”
16 So he took the elders of the city, and he took some thorns and briers from the wilderness, and he disciplined the men of Succoth with them.
16 Hy het die oudstes van die stad oor die woestyndorings en die distels getrek en so die manne van Sukkot gedissiplineer.
17 He also tore down the tower of Penuel and killed the men of the city.
17 Hy het die toring van P’nu’el afgebreek en die manne van die stad doodgemaak.
18 He asked Zebah and Zalmunna, “What kind of men did you kill at Tabor? ” “They were like you,” they said. “Each resembled the son of a king.”
18 Toe vra hy vir Zevag en Tzalmuna: “Watter manne was dit wat julle by Tabor doodgemaak het?” Hulle antwoord: “Hulle was soos u, elkeen het gelyk soos die seun van ’n koning.”
19 So he said, “They were my brothers, the sons of my mother! As the L**ORD** lives, if you had let them live, I would not kill you.”
19 Hy het gesê: “Dit was my broers, die seuns van my moeder. So waar as יהוה leef, as julle hulle net laat leef het, sou ek julle nie doodgemaak het nie.”
20 Then he said to Jether, his firstborn, “Get up and kill them.” The youth did not draw his sword, for he was afraid because he was still a youth.
20 Hy sê toe vir Yeter, sy eersgeborene: “Staan op, maak hulle dood!” Die jongman het egter nie sy swaard uitgetrek nie omdat hy bang was, want hy was nog ’n seun.
21 Zebah and Zalmunna said, “Get up and kill us yourself, for a man is judged by his strength.” So Gideon got up, killed Zebah and Zalmunna, and took the crescent ornaments that were on the necks of their camels.
21 Toe sê Zevag en Tzalmuna: “Staan u self op en val op ons, want soos die man is, so is sy krag.” Gid’on het toe opgestaan en Zevag en Tzalmuna doodgemaak en die maanornamente, wat aan die nekke van hulle kamele was, gevat.
22 Then the Israelites said to Gideon, “Rule over us, you as well as your sons and your grandsons, for you delivered us from the power of Midian.”
22 Toe sê die manne van Yisra’el vir Gid’on: “Heers oor ons, u sowel as u seun en u kleinseun, want u het ons bevry uit die hand van Midyan.”

23 But Gideon said to them, "I will not rule over you, and my son will not rule over you; the LORD will rule over you."
23 Gid'on sê egter vir hulle: "Ek sal nie oor julle heers nie en my seun sal ook nie oor julle heers nie; יהוה sal oor julle heers."
24 Then he said to them, "Let me make a request of you: Everyone give me an earring from his plunder." Now the enemy had gold earrings because they were Ishmaelites.
24 Tog het Gid'on vir hulle gesê: "Ek wil van julle versoek dat elkeen van julle vir my 'n oorring gee uit sy buit!" (Want hulle het goue oorringe gehad omdat hulle Yishma'eliete was.)
25 They said, "We agree to give them." So they spread out a mantle, and everyone threw an earring from his plunder on it.
25 Hulle het gesê: "Ons sal dit sekerlik gee." Hulle het toe 'n mantel uitgesprei en elkeen het 'n oorring van sy buit daarop gegooi.
26 The weight of the gold earrings he requested was about 43 pounds of gold, in addition to the crescent ornaments and ear pendants, the purple garments on the kings of Midian, and the chains on the necks of their camels.
26 Die gewig van die goue oorringe wat hy gevra het, was een duisend sewe honderd sikkels goud, behalwe die maanornamente, die hangertjies en purper klere wat die konings van Midyan gedra het en behalwe die nekbande wat aan die nekke van hulle kamele was.
27 Gideon made an ephod from all this and put it in Ophrah, his hometown. Then all Israel prostituted themselves with it there, and it became a snare to Gideon and his household.
27 Gid'on het 'n skouerkleed daarvan gemaak en dit in sy stad, `Ofrah, gesit en die hele Yisra'el het agter dit aan hoereer sodat dit vir Gid'on en sy huis 'n valstrik geword het.
28 So Midian was subdued before the Israelites, and they were no longer a threat. The land was peaceful 40 years during the days of Gideon.
28 So is Midyan onderwerp voor die seuns van Yisra'el en hulle het nie weer hulle koppe opgetel nie. Die land was onversteurd in die dae van Gid'on vir veertig jaar lank.
29 Jerubbaal (that is, Gideon) son of Joash went back to live at his house.
29 Toe het Yeruba'al, die seun van Yo'ash, gegaan en in sy huis gaan bly.
30 Gideon had 70 sons, his own offspring, since he had many wives.
30 Gid'on het sewentig seuns gehad wat sy direkte nageslag was, want hy het baie vroue gehad.
31 His concubine who was in Shechem also bore him a son, and he named him Abimelech.
31 Sy byvrou wat in Sh'khem was, het ook vir hom geboorte gegee aan 'n seun en hy het hom die naam Avimelekh gegee.
32 Then Gideon son of Joash died at a ripe old age and was buried in the tomb of his father Joash in Ophrah of the Abiezrites.
32 Gid'on, die seun van Yo'ash, het gesterf op 'n gevorderde ouderdom en is

begrawe in die graf van sy vader Yo’ash, in `Ofrah van die Avi’ezriete.
33 When Gideon died, the Israelites turned and prostituted themselves with the Baals and made Baal- berith their god.
33 Dit het gebeur toe Gid’on dood is dat die seuns van Yisra’el weer agter die Ba’als aan hoereer en Ba’al- B’rit hulle god gemaak het.
34 The Israelites did not remember the L**ORD** their God who had delivered them from the power of the enemies around them.
34 Dus het die seuns van Yisra’el nie יהוה, hulle God, onthou, wat hulle bevry het uit die hand van al hul vyande, aan elke kant, nie;
35 They did not show kindness to the house of Jerubbaal (that is, Gideon) for all the good he had done for Israel.
35 hulle het ook geen omgee bewys aan die huis van Yeruba’al, (dit is Gid’on), vir al die goed wat hy aan Yisra’el gedoen het nie.

Judges9

1 Abimelech son of Jerubbaal went to his mother's brothers at Shechem and spoke to them and to all his maternal grandfather's clan, saying,

1 Avimelekh, die seun van Yeruba'al, het na Sh'khem, na die familie van sy moeder gegaan en hy het met hulle en met die hele geslag van sy moeder se familie gepraat en gesê:

2 "Please speak in the presence of all the lords of Shechem, 'Is it better for you that 70 men, all the sons of Jerubbaal, rule over you or that one man rule over you? ' Remember that I am your own flesh and blood."

2 "Praat, nou, voor die ore van al die leiers van Sh'khem: wat is vir julle beter: dat sewentig man, al die seuns van Yeruba'al, oor julle heers, of dat een man oor julle heers? Onthou ook dat ek julle vlees en bloed is."

3 His mother's relatives spoke all these words about him in the presence of all the lords of Shechem, and they were favorable to Abimelech, for they said, "He is our brother."

3 Sy moeder se familie het namens hom al hierdie woorde ten aanhore van al die leiers van Sh'khem gepraat en hulle was geneig om Avimelekh te volg, want hulle het gesê: "Hy is ons familie."

4 So they gave him 70 pieces of silver from the temple of Baal-berith. Abimelech hired worthless and reckless men with this money, and they followed him.

4 Hulle het vir hom sewentig sikkels silwer uit die huis van Ba'al-B'rit gegee, waarmee Avimelekh waardelose en ligsinnige manne gehuur het en hulle het hom gevolg.

5 He went to his father's house in Ophrah and killed his 70 brothers, the sons of Jerubbaal, on top of a large stone. But Jotham, the youngest son of Jerubbaal, survived, because he hid himself.

5 Toe het hy na die huis van sy vader gegaan, in `Ofrah en sy broers, die seuns van Yeruba'al, sewentig man, op een klip vermoor, maar Yotam, die jongste seun van Yeruba'al, het oorgebly, want hy het weggekruip.

6 Then all the lords of Shechem and of Beth-millo gathered together and proceeded to make Abimelech king at the oak of the pillar in Shechem.

6 Al die manne van Sh'khem en die hele Beit-Millo het saam vergader en Avimelekh gaan koning maak by die eikeboom van die pilaar wat by Sh'khem is.

7 When they told Jotham, he climbed to the top of Mount Gerizim, raised his voice, and called to them: Listen to me, lords of Shechem, and may God listen to you:

7 Toe hulle dit vir Yotam vertel, het hy gegaan en op die top van berg G'rizim gaan staan en sy stem opgelig en uitgeroep en so het hy vir hulle gesê: "Luister na my, manne van Sh'khem sodat God na julle kan luister.

8 The trees set out to anoint a king over themselves. They said to the olive tree, "Reign over us."

8 Eendag het die bome gegaan om ’n koning oor hulle te salf en vir die olyfboom gesê: ‘Heers oor ons!’
9 But the olive tree said to them, “Should I stop giving my oil that honors both God and man, and rule over the trees? ”
9 Die olyfboom het egter vir hulle gesê: ‘Sou ek my vettigheid opgee waarmee hulle gode en mense vereer en oor die bome gaan swewe?’
10 Then the trees said to the fig tree, “Come and reign over us.”
10 Toe sê die bome vir die vyeboom: ‘Kom jy, heers oor ons!’
11 But the fig tree said to them, “Should I stop giving my sweetness and my good fruit, and rule over trees? ”
11 Die vyeboom het egter vir hulle gesê: ‘Sou ek my soetigheid en my goeie vrugte opgee en oor die bome gaan swewe?’
12 Later, the trees said to the grapevine, “Come and reign over us.”
12 Toe sê die bome vir die wingerdstok: ‘Kom jy, heers oor ons!’
13 But the grapevine said to them, “Should I stop giving my wine that cheers both God and man, and rule over trees? ”
13 Die wingerdstok het egter vir hulle gesê: ‘Sou ek my nuwe wyn opgee waarin God en die mense hulle verheug en oor die bome gaan swewe?’
14 Finally, all the trees said to the bramble, “Come and reign over us.”
14 Ten einde sê al die bome vir die doringboom: ‘Kom jy, heers oor ons!’
15 The bramble said to the trees, “If you really are anointing me as king over you, come and find refuge in my shade. But if not, may fire come out from the bramble and consume the cedars of Lebanon.”
15 Die doringboom het vir die bome gesê: ‘As julle my in waarheid as koning oor julle salf, kom dan, neem skuiling in my skaduwee, maar so nie, mag daar vuur uitgaan uit die doringboom en die seders van L’vanon verteer;
16 “Now if you have acted faithfully and honestly in making Abimelech king, if you have done well by Jerubbaal and his family, and if you have rewarded him appropriately for what he did —
16 daarom dan, as julle in waarheid en integriteit gehandel het deur Avimelekh koning te maak en as julle goed gedoen het aan Yeruba’al en sy huis en aan hom gedoen het volgens sy verdienste,
17 for my father fought for you, risked his life, and delivered you from the hand of Midian,
17 want my vader het vir julle geveg en sy lewe gewaag en julle bevry uit die hand van Midyan,
18 and now you have attacked my father’s house today, killed his 70 sons on top of a large stone, and made Abimelech, the son of his slave, king over the lords of Shechem ‘because he is your brother’ —
18 maar julle het vandag opgestaan teen die huis van my vader en sy seuns; sewentig man op een klip vermoor en Avimelekh, die seun van sy slavin, koning gemaak oor die manne van Sh’khem omdat hy julle familie is;
19 if then you have acted faithfully and honestly with Jerubbaal and his house this day, rejoice in Abimelech and may he also rejoice in you.

19 as julle dan vandag in waarheid en integriteit gehandel het met Yeruba'al en sy huis, verheug julle in Avimelekh en laat hy hom ook verheug oor julle,
20 But if not, may fire come from Abimelech and consume the lords of Shechem and Beth-millo, and may fire come from the lords of Shechem and Beth-millo and consume Abimelech."
20 maar indien nie, laat daar dan vuur uitgaan uit Avimelekh en die manne van Sh'khem en Beit-Millo verteer en laat daar vuur uitgaan uit die manne van Sh'khem en Beit-Millo en Avimelekh verteer."
21 Then Jotham fled, escaping to Beer, and lived there because of his brother Abimelech.
21 Toe het Yotam ontsnap en weggevlug en na Be'er gegaan en daar gebly as gevolg van Avimelekh, sy broer.
22 When Abimelech had ruled over Israel three years,
22 Avimelekh het drie jaar lank oor Yisra'el geheers.
23 God sent an evil spirit between Abimelech and the lords of Shechem. They treated Abimelech deceitfully,
23 Toe het God 'n bose gees gestuur tussen Avimelekh en die manne van Sh'khem en die manne van Sh'khem het valslik gehandel met Avimelekh
24 so that the crime against the 70 sons of Jerubbaal might come to justice and their blood would be avenged on their brother Abimelech, who killed them, and on the lords of Shechem, who had helped him kill his brothers.
24 sodat die geweld teen die sewentig seuns van Yeruba'al sou uitkom en hulle bloed op hul broer Avimelekh, wat hulle vermoor het, gelê mag word en op die manne van Sh'khem wat sy hande versterk het om sy broers te vermoor.
25 The lords of Shechem rebelled against him by putting people on the tops of the mountains to ambush and rob everyone who passed by them on the road. So this was reported to Abimelech.
25 Die manne van Sh'khem het manne in hinderlae teen hom opgestel bo-op die berge en almal beroof wat op die pad by hulle verbykom en dit is aan Avimelekh vertel.
26 Gaal son of Ebed came with his brothers and crossed into Shechem, and the lords of Shechem trusted him.
26 Ga'al, die seun van `Eved, het met sy familielede gekom en oorgetrek na Sh'khem en die manne van Sh'khem het hulle vertroue in hom geplaas.
27 So they went out to the countryside and harvested grapes from their vineyards. They trampled the grapes and held a celebration. Then they went to the house of their god, and as they ate and drank, they cursed Abimelech.
27 Hulle het uitgegaan in die veld en hulle wingerde afgeoes, uitgetrap en 'n fees gehou en hulle het in die huis van hulle god ingegaan en geëet en gedrink en Avimelekh gevloek.
28 Gaal son of Ebed said, "Who is Abimelech and who is Shechem that we should serve him? Isn't he the son of Jerubbaal, and isn't Zebul his officer? You are to serve the men of Hamor, the father of Shechem. Why should we

serve Abimelech?
28 Toe sê Ga’al, die seun van `Eved: “Wie is Avimelekh en wie is Sh’khem dat ons hom sou dien? Is hy nie die seun van Yeruba’al en is Z’vul nie sy luitenant nie? Dien die manne van Hamor, die vader van Sh’khem, maar waarom moet ons hóm dien?
29 If only these people were in my power, I would remove Abimelech.” So he said to Abimelech, “Gather your army and come out.”
29 Was hierdie volk maar onder my outoriteit, dan sou ek Avimelekh verwyder het!” Vir Avimelekh het hy gesê: “Vermeerder jou weermag en kom uit!”
30 When Zebul, the ruler of the city, heard the words of Gaal son of Ebed, he was angry.
30 Toe Z’vul, die heerser van die stad, die woorde van Ga’al, die seun van `Eved, hoor, het sy woede opgevlam.
31 So he sent messengers secretly to Abimelech, saying, “Look, Gaal son of Ebed, with his brothers, have come to Shechem and are turning the city against you.
31 Hy het boodskappers misleidend na Avimelekh gestuur om te sê: “Let op, Ga’al, die seun van `Eved en sy familielede het na Sh’khem gekom en let op, hulle steek die stad teen u op.
32 Now tonight, you and the people with you are to come wait in ambush in the countryside.
32 Nou, daarom, staan in die nag op, u en die manne wat by u is en lê en wag in die veld.
33 Then get up early, and at sunrise charge the city. When he and the people who are with him come out against you, do to him whatever you can.”
33 In die oggend, sodra die son op is, moet u vroeg opstaan en teen die stad aanstorm en let op, wanneer hy en die manne wat by hom is, teen u uittrek, sal u met hom doen net waartoe u in staat is.”
34 So Abimelech and all the people with him got up at night and waited in ambush for Shechem in four units.
34 Avimelekh en al die manne wat by hom was, het in die nag opgestaan en in vier groepe gelê en wag teen Sh’khem.
35 Gaal son of Ebed went out and stood at the entrance of the city gate. Then Abimelech and the people who were with him got up from their ambush.
35 Ga’al, die seun van `Eved, het uitgegaan en by die ingang van die stadspoort gaan staan en Avimelekh en al die manne wat by hom was, het uit die hinderlaag uit opgestaan.
36 When Gaal saw the people, he said to Zebul, “Look, people are coming down from the mountaintops! ” But Zebul said to him, “The shadows of the mountains look like men to you.”
5 Toe kom die meesters van die F’lishtyne na haar toe op en sê vir haar: “Verlei hom en vind uit waarin sy groot krag lê en hoe ons hom kan oorweldig om hom vas te bind en te teister, dan sal ons jou elkeen elf honderd sikkels silwer gee.”
6 So Delilah said to Samson, “Please tell me, where does your great strength come from? How could someone tie you up and make you helpless? ”
6 D’lilah vra vir Shimshon: “Vertel my asseblief waarin jou groot krag is en waarmee jy vasgebind kan word om jou te pla.”
7 Samson told her, “If they tie me up with seven fresh bowstrings that have not been dried, I will become weak and be like any other man.”
7 Shimshon sê vir haar: “As hulle my bind met sewe vars koorde wat nie uitgedroog is nie, dan sal ek swak word en wees soos enige man.”
8 The Philistine leaders brought her seven fresh bowstrings that had not been dried, and she tied him up with them.
8 Toe het die meesters van die F’lishtyne vir haar sewe vars koorde gebring wat nie uitgedroog was nie en sy het hom daarmee vasgebind.
9 While the men in ambush were waiting in her room, she called out to him, “Samson, the Philistines are here! ” But he snapped the bowstrings as a strand of yarn snaps when it touches fire. The secret of his strength remained unknown.
9 Sy het manne in die binnekamer laat wag en sy sê vir hom: “Die F’lishtyne is op jou, Shimshon!” Hy breek egter die koorde, soos ’n vlastou breek as dit aan vuur raak. Sy krag is nie uitgevind nie.
10 Then Delilah said to Samson, “You have mocked me and told me lies! Won’t you please tell me how you can be tied up? ”
10 Toe sê D’lilah vir Shimshon: “Let op, jy het my mislei en vir my leuens vertel; vertel my nou asseblief hoe jy vasgebind kan word.”

11 He told her, “If they tie me up with new ropes that have never been used, I will become weak and be like any other man.”
11 Hy antwoord haar: “As hulle my stewig vasbind met nuwe toue wat nie gebruik is nie, dan sal ek swak word en wees soos enige man.”
12 Delilah took new ropes, tied him up with them, and shouted, “Samson, the Philistines are here! ” But while the men in ambush were waiting in her room, he snapped the ropes off his arms like a thread.
12 D’lilah het nuwe toue gevat en hom daarmee vasgebind en vir hom gesê: “Die F’lishtyne is op jou, Shimshon,” want die manne het in die binnekamer gewag, maar hy het die toue soos ’n garingdraad van sy arms afgebreek.”
13 Then Delilah said to Samson, “You have mocked me all along and told me lies! Tell me how you can be tied up.” He told her, “If you weave the seven braids on my head with the web of a loom — ”
13 Toe sê D’lilah vir Shimshon: “Tot nou toe het jy my mislei en vir my leuens vertel; vertel my hoe jy vasgebind kan word.” Hy antwoord haar: “As jy die sewe lokke van my hare saam met die weefnet invleg en met ’n pen vasmaak.”
14 She fastened the braids with a pin and called to him, “Samson, the Philistines are here! ” He awoke from his sleep and pulled out the pin, with the loom and the web.
14 Terwyl hy slaap, vat D’lilah die sewe lokke van sy hare, weef dit in die weefnet, steek dit vas met die pen en sê vir hom: “Die F’lishtyne is op jou, Shimshon!” Hy het wakker geword uit sy slaap en die weefpen met die weefnet uitgeruk.
15 “How can you say, ‘I love you,’ ” she told him, “when your heart is not with me? This is the third time you have mocked me and not told me what makes your strength so great! ”
15 Toe sê sy vir hom: “Hoe kan jy sê: ‘Ek het jou lief!’ terwyl jou binneste nie met my is nie? Jy het my nou hierdie drie keer mislei en my nie vertel waar jou groot krag is nie”.
16 Because she nagged him day after day and pleaded with him until she wore him out,
16 Dit het gebeur toe sy hom daagliks met haar woorde gedruk en by hom aangedring het dat sy gees vies was tot die dood toe.
17 he told her the whole truth and said to her, “My hair has never been cut, because I am a Nazirite to God from birth. If I am shaved, my strength will leave me, and I will become weak and be like any other man.”
17 Hy het vir haar alles vertel wat in sy gemoed was en vir haar gesê: “Daar het nooit ’n skeermes oor my kop gekom nie, want ek is ’n Natzir tot God van my moeder se baarmoeder af. As ek geskeer word, sou my krag my verlaat en ek sal swak word en wees soos enige man.”
18 When Delilah realized that he had told her the whole truth, she sent this message to the Philistine leaders: “Come one more time, for he has told me the whole truth.” The Philistine leaders came to her and brought the money

with them.
18 Toe D’lilah sien dat hy haar alles vertel het wat in sy binneste was, stuur sy en laat die meesters van die F’lishtyne roep en sê: “Kom weer ’n keer op, want hy het vir my alles wat in sy binneste was, vertel.” Toe kom die meesters van die F’lishtyne op na haar toe en bring die geld in hulle hande.
19 Then she let him fall asleep on her lap and called a man to shave off the seven braids on his head. In this way, she made him helpless, and his strength left him.
19 Sy het hom op haar skoot laat slaap en ’n man geroep en hom die sewe haarlokke laat afskeer. Toe het sy hom begin lastig val en sy krag het hom verlaat.
20 Then she cried, “Samson, the Philistines are here! ” When he awoke from his sleep, he said, “I will escape as I did before and shake myself free.” But he did not know that the LORD had left him.
20 Sy het gesê: “Die F’lishtyne is op jou, Shimshon!” Hy het uit sy slaap wakker geword en gesê: “Ek sal uitgaan soos die vorige kere en myself losruk.” Hy het egter nie geweet dat הוהי van hom af weggegaan het nie.
21 The Philistines seized him and gouged out his eyes. They brought him down to Gaza and bound him with bronze shackles, and he was forced to grind grain in the prison.
21 Die F’lishtyne het hom gegryp, sy oë uitgesteek, hom afgebring na `Azah en hom met koperkettings vasgebind en hy was ’n maler in die gevangenis.
22 But his hair began to grow back after it had been shaved.
22 Die hare van sy kop het egter weer begin groei nadat dit afgeskeer is.
23 Now the Philistine leaders gathered together to offer a great sacrifice to their god Dagon. They rejoiced and said: Our god has handed over our enemy Samson to us.
23 Die meesters van die F’lishtyne het bymekaargekom om ’n groot offer te bring aan hulle god Dagon en om hulle te verbly, want hulle het gesê: “Ons god het ons vyand, Shimshon, in ons hand gegee.”
24 When the people saw him, they praised their god and said: Our god has handed over to us our enemy who destroyed our land and who multiplied our dead.
24 Toe die mense hom sien, het hulle hul god geprys, want hulle het gesê: “Ons god het ons vyand, die vernietiger van ons land, wat baie van ons doodgeslaan het, in ons hand gegee.”
25 When they were drunk, they said, “Bring Samson here to entertain us.” So they brought Samson from prison, and he entertained them. They had him stand between the pillars.
25 Dit het so gebeur dat toe hulle gees opgelig was, hulle sê: “Laat Shimshon haal sodat hy ons kan vermaak.” Hulle het Shimshon uit die gevangenis laat haal en hy het hulle vermaak. Hulle het hom tussen die pilare laat staan.
26 Samson said to the young man who was leading him by the hand, “Lead me where I can feel the pillars supporting the temple, so I can lean against

them."

26 Toe sê Shimshon vir die jongman wat sy hand vasgehou het: "Laat my die pilare voel waarop die huis rus dat ek teen hulle kan leun."

27 The temple was full of men and women; all the leaders of the Philistines were there, and about 3,000 men and women were on the roof watching Samson entertain them.

27 Nou, die huis was vol manne en vroue en al die meesters van die F'lishtyne was daar en omtrent drie duisend manne en vroue was op die dak wat gekyk het hoe Shimshon hulle vermaak.

28 He called out to the LORD: "Lord GOD, please remember me. Strengthen me, God, just once more. With one act of vengeance, let me pay back the Philistines for my two eyes."

28 Toe roep Shimshon uit na יהוה en sê: "Meester, יהוה, onthou my asseblief en versterk my asseblief net hierdie keer, o God, sodat ek in 'n oomblik vir my twee oë gewreek mag word teen die F'lishtyne!"

29 Samson took hold of the two middle pillars supporting the temple and leaned against them, one on his right hand and the other on his left.

29 Shimshon het sy arms om die twee middelste pilare waarop die huis gerus het, geslaan en homself teen hulle gedruk, die een met sy regter en die ander met sy linkerhand.

30 Samson said, "Let me die with the Philistines." He pushed with all his might, and the temple fell on the leaders and all the people in it. And the dead he killed at his death were more than those he had killed in his life.

30 Shimshon het gesê: "Laat my sterf saam met die F'lishtyne!" Hy het met al sy krag gebuig sodat die huis ingeval het op die meesters en op al die mense wat daarin was. So was die dooies wat hy met sy sterwe gedood het, meer as die wat hy in sy lewe gedood het.

31 Then his brothers and his father's family came down, carried him back, and buried him between Zorah and Eshtaol in the tomb of his father Manoah. So he judged Israel 20 years.

31 Toe het sy broers en sy vader se hele huishouding afgekom en hom opgevat en hom begrawe tussen Tzor'ah en Eshta'ol, in die graf van sy vader Manoag. So het hy Yisra'el vir twintig jaar lank gerig.

Judges17

1 There was a man from the hill country of Ephraim named Micah.

1 Daar was 'n man van die bergland van Efrayim met die naam van Mikhay'hu.

2 He said to his mother, "The 1,100 pieces of silver taken from you, and that I heard you utter a curse about — here, I have the silver with me. I took it. So now I return it to you." Then his mother said, "My son, you are blessed by the LORD! "

2 Hy het vir sy moeder gesê: "Die elf honderd sikkels silwer wat van u gevat is

en waaroor u ’n vloek uitgespreek het voor my ore, let op, die geld is by my, ék het dit gevat.” Sy moeder sê: “Geseënd is my seun deur יהוה!”
3 He returned the 1,100 pieces of silver to his mother, and his mother said, “I personally consecrate the silver to the LORD for my son’s benefit to make a carved image overlaid with silver.”
3 Hy het toe die elf honderd sikkels silwer aan sy moeder teruggegee en sy moeder het gesê: “Ek sonder die geld ten volle uit my hand uit af aan יהוה sodat my seun ’n gesnede en ’n gegote beeld kan maak; daarom sal ek dit nou aan jou teruggee.”
4 So he returned the silver to his mother, and she took five pounds of silver and gave it to a silversmith. He made it into a carved image overlaid with silver, and it was in Micah’s house.
4 Toe hy die silwer aan sy moeder teruggegee het, vat sy moeder twee honderd sikkels silwer en gee dit aan ’n silwersmid, wat dit in ’n gesnede en ’n gegote beeld gemaak het wat in die huis van Mikhay’hu was.
5 This man Micah had a shrine, and he made an ephod and household idols, and installed one of his sons to be his priest.
5 Die man Mikhay’hu het ’n huistempel gehad en hy het ’n skouerkleed en huisafgode gemaak en een van sy seuns afgesonder om vir hom ’n priester te wees.
6 In those days there was no king in Israel; everyone did whatever he wanted.
6 In daardie dae was daar geen koning in Yisra’el nie: elke man het gedoen wat reg was in sy eie oë.
7 There was a young man, a Levite from Bethlehem in Judah, who resided within the clan of Judah.
7 Daar was ’n jongman van Beit-Legem in Y’hudah, uit die familie van Y’hudah, wat ’n Leviet was en hy het daar gebly.
8 The man left the town of Bethlehem in Judah to settle wherever he could find a place. On his way he came to Micah’s home in the hill country of Ephraim.
8 Toe het die man uit die stad, uit Beit-Legem in Y’hudah, getrek om te bly waar hy ook al plek kon kry en op sy reis het hy in die bergland van Efrayim gekom, by die huis van Mikhay’hu.
9 “Where do you come from? ” Micah asked him. He answered him, “I am a Levite from Bethlehem in Judah, and I’m going to settle wherever I can find a place.”
9 Mikhay’hu vra vir hom: “Waar kom u vandaan?” Hy sê vir hom: “Ek is ’n Leviet, uit Beit-Legem in Y’hudah en ek gaan bly waar ek ook al ’n plek kan kry.”
10 Micah replied, “Stay with me and be my father and priest, and I will give you four ounces of silver a year, along with your clothing and provisions.” So the Levite went in
10 Mikhay’hu sê toe vir hom: “Bly by my en wees vir my soos ’n vader en ’n priester en ek sal vir u jaarliks tien sikkels silwer en ’n stel klere en u

versorging gee." Die Leviet het ingegaan.
11 and agreed to stay with the man, and the young man became like one of his sons.
11 Die Leviet het ingewillig om by die man te bly en die jongman het vir hom geword soos een van sy seuns.
12 Micah consecrated the Levite, and the young man became his priest and lived in Micah's house.
12 Mikhay'hu het die Leviet afgesonder en die jongman het sy priester geword en in die huis van Mikhay'hu gebly.
13 Then Micah said, "Now I know that the LORD will be good to me, because a Levite has become my priest."
13 Toe sê Mikhay'hu: "Nou weet ek dat יהוה my voorspoedig sal laat wees omdat ek 'n Leviet as priester het.

Judges18

1 In those days, there was no king in Israel, and the Danite tribe was looking for territory to occupy. Up to that time no territory had been captured by them among the tribes of Israel.
1 In daardie dae was daar geen koning in Yisra'el nie en in dié dae het die stam van die Daniete vir hulleself 'n erfenis gesoek om in te bly, want tot daardie dag toe is al hulle erfenis nog nie aan hulle toegestaan tussen die stamme van Yisra'el nie.
2 So the Danites sent out five brave men from all their clans, from Zorah and Eshtaol, to scout out the land and explore it. They told them, "Go and explore the land." They came to the hill country of Ephraim as far as the home of Micah and spent the night there.
2 Die seuns van Dan het vanuit al die getalle van hulle familie vyf manne, dapper manne uit Tzor'ah en Eshta'ol gestuur om die land te verken en dit te deursoek en vir hulle gesê: "Gaan deursoek die land." Hulle het in die Bergland van Efrayim gekom en in die huis van Mikhay'hu gebly.
3 While they were near Micah's home, they recognized the speech of the young Levite. So they went over to him and asked, "Who brought you here? What are you doing in this place? What is keeping you here? "
3 Terwyl hulle naby die huis van Mikhay'hu was, het hulle die stem van die jongman, die Leviet, herken en hulle het daar afgedraai en vir hom gesê: "Wie het jou hierheen gebring, wat maak jy hier en wat het jy hier?"
4 He told them what Micah had done for him and that he had hired him as his priest.
4 Hy sê vir hulle: "So en so het Mikhay'hu aan my gedoen en hy het my gehuur en ek het sy priester geword."
5 Then they said to him, "Please inquire of God so we will know if we will have a successful journey."
5 Hulle vra vir hom: "Raadpleeg God asseblief sodat ons kan weet of ons pad

waarop ons gaan, voorspoedig sal wees."
6 The priest told them, "Go in peace. The LORD is watching over the journey you are going on."
6 Die priester sê vir hulle: "Gaan in vrede; die pad waarop julle gaan het יהוה se goedkeuring.
7 The five men left and came to Laish. They saw that the people who were there were living securely, in the same way as the Sidonians, quiet and unsuspecting. There was nothing lacking in the land and no oppressive ruler. They were far from the Sidonians, having no alliance with anyone.
7 Toe gaan die vyf manne weg en hulle kom by Layish en sien dat die mense wat daarin is, in veiligheid bly volgens die lewenswyse van die Tzidoniete, stil en veilig, want daar was geen heerser wat hulle verneder het vir enige iets in die land nie en hulle was ver van die Tzidoniete af en het geen transaksies met enige mens gehad nie.
8 When the men went back to their clans at Zorah and Eshtaol, their people asked them, "What did you find out? "
8 Toe hulle by hul broers terugkom in Tzor'ah en Eshta'ol, sê hul broers vir hulle: "Wat rapporteer julle?"
9 They answered, "Come on, let's go up against them, for we have seen the land, and it is very good. Why wait? Don't hesitate to go and invade and take possession of the land!
9 Hulle antwoord: "Staan op en laat ons teen hulle optrek, want ons het die land gesien en let op, dit is baie goed. Moenie twyfel of uitstel om in te gaan en die land in besit te neem nie.
10 When you get there, you will come to an unsuspecting people and a spacious land, for God has handed it over to you. It is a place where nothing on earth is lacking."
10 As julle ingaan, sal julle by 'n gemaksveilige volk kom met 'n uitgestrekte land, want God het dit in julle hand gegee, 'n plek wat niks te kort het aan enige iets op die aarde nie."
11 Six hundred Danites departed from Zorah and Eshtaol armed with weapons of war.
11 Toe het ses honderd man, bewapen met oorlogswapens, uit die familie van die Daniete, uit Tzor'ah en Eshta'ol, weggetrek.
12 They went up and camped at Kiriath-jearim in Judah. This is why the place is called the Camp of Dan to this day; it is west of Kiriath-jearim.
12 Hulle het opgetrek en kamp opgeslaan by Kiryat-Ye'arim in Y'hudah. Hulle noem daarom dié plek Maganeh-Dan tot vandag toe; let op, dit lê wes van KiryatYe'arim.
13 From there they traveled to the hill country of Ephraim and arrived at Micah's house.
13 Hulle het van daar oorgegaan na die Bergland van Efrayim en gekom by die huis van Mikhay'hu.
14 The five men who had gone to scout out the land of Laish told their

brothers, “Did you know that there are an ephod, household gods, and a carved image overlaid with silver in these houses? Now think about what you should do.”
14 Toe het die vyf man, wat gegaan het om die land van Layish te verken, aan hulle bloedverwante gesê: “Weet julle dat in hierdie huise ’n skouerkleed, huisafgode, ’n gesnede en ’n gegote beeld is? Nou dan, oorweeg wat julle moet doen!”
15 So they detoured there and went to the house of the young Levite at the home of Micah and greeted him.
15 Hulle het daar afgedraai en by die huis van die jongman, die Leviet, die huis van Mikhay’hu gekom en hom na sy welstand gevra.
16 The 600 Danite men were standing by the entrance of the gate, armed with their weapons of war.
16 Die ses honderd man, met hulle oorlogswapens, uit die seuns van Dan, het by die ingang van die poort gestaan.
17 Then the five men who had gone to scout out the land went in and took the carved image overlaid with silver, the ephod, and the household idols, while the priest was standing by the entrance of the gate with the 600 men armed with weapons of war.
17 Die vyf man wat gegaan het om die land te verken, het opgegaan, daar ingegaan en die gesnede beeld, die skouerkleed, die huisgode en die gegote beeld gevat terwyl die priester by die ingang van die poort gaan staan het saam met die ses honderd man wat met oorlogswapens bewapen is.
18 When they entered Micah’s house and took the carved image overlaid with silver, the ephod, and the household idols, the priest said to them, “What are you doing? ”
18 Toe daardie manne in die huis van Mikhay’hu ingegaan en die gesnede beeld, die skouerkleed, die huisgode en die gegote beeld gevat het, vra die priester vir hulle: “Wat maak julle?”
19 They told him, “Be quiet. Keep your mouth shut. Come with us and be a father and a priest to us. Is it better for you to be a priest for the house of one person or for you to be a priest for a tribe and family in Israel? ”
19 Hulle sê vir hom: “Bly stil, sit jou hand oor jou mond, kom saam met ons en wees vir ons ’n vader en ’n priester. Is dit vir jou beter om priester te wees vir die huis van een man of om priester te wees vir ’n stam en ’n familie in Yisra’el?”
20 So the priest was pleased and took his ephod, household idols, and carved image, and went with the people.
20 Die priester se verstand, wil en emosie was bly en hy vat die skouerkleed, die huisgode en die gesnede beeld en gaan tussen die mense in.
21 They prepared to leave, putting their small children, livestock, and possessions in front of them.
21 Toe het hulle gedraai en weggegaan en die vee, die waardevolle goed en die beeste voor hulle gesit.

22 After they were some distance from Micah's house, the men who were in the houses near it mobilized and caught up with the Danites.
22 Nadat hulle 'n ent weg was van Mikhay'hu se huis af, is die manne van die huise wat naby Mikhay'hu se huis staan, bymekaargeroep en hulle het die seuns van Dan ingehaal.
23 They called to the Danites, who turned to face them, and said to Micah, "What's the matter with you that you mobilized the men? "
23 Hulle het uitgeroep na die seuns van Dan, wat omgedraai en vir Mikhay'hu gesê het: "Wat is dit met jou dat julle bymekaargekom het?"
24 He said, "You took the gods I had made and the priest, and went away. What do I have left? How can you say to me, 'What's the matter with you? ' "
24 Hy het gesê: "Julle het my gode, wat ek gemaak het, weggevat saam met die priester en julle het weggegaan; wat het ek behalwe dit? Hoe kan julle vir my sê: 'Wat is dit met jou?'"
25 The Danites said to him, "Don't raise your voice against us, or angry men will attack you, and you and your family will lose your lives."
25 Die seuns van Dan sê vir hom: "Moenie jou stem tussen ons laat hoor nie, anders sal woeste en wrede manne julle oorval en jy sal jou lewe en die lewe van jou huishouding verloor."
26 The Danites went on their way, and Micah turned to go back home, because he saw that they were stronger than he was.
26 Die seuns van Dan het aangegaan op hul pad en toe Mikhay'hu sien dat hulle te sterk was vir hom, het hy omgedraai en teruggegaan na sy huis.
27 After they had taken the gods Micah had made and the priest that belonged to him, they went to Laish, to a quiet and unsuspecting people. They killed them with their swords and burned down the city.
27 Toe het hulle gevat wat Mikhay'hu gemaak het en die priester wat aan hom behoort het en hulle het by Layish, 'n rustige en gemaksveilige volk, gekom en hulle met die skerpte van die swaard verslaan en die stad met vuur verbrand.
28 There was no one to rescue them because it was far from Sidon and they had no alliance with anyone. It was in a valley that belonged to Beth-rehob. They rebuilt the city and lived in it.
28 Daar was niemand om hulle te bevry nie, want dit was ver van Tzidon af en hulle het met niemand transaksies aangegaan nie. Dit was in die vallei naby Beit-Regov. Hulle het die stad herbou en daarin gebly.
29 They named the city Dan, after the name of their ancestor Dan, who was born to Israel. The city was formerly named Laish.
29 Hulle het die stad Dan genoem, volgens die naam van hulle vader Dan wat vir Yisra'el gebore is, maar tevore was die naam van die stad Layish.
30 The Danites set up the carved image for themselves. Jonathan son of Gershom, son of Moses, and his sons were priests for the Danite tribe until the time of the exile from the land.
30 Die seuns van Dan het vir hulle die gesnede beeld opgerig en Y'honatan,

die seun van Gershom, die seun van M’nasheh, hy en sy seuns was priesters vir die stam van die Daniete tot op die dag dat die land oorgeneem is.
31 So they set up for themselves Micah’s carved image that he had made, and it was there as long as the house of God was in Shiloh.
31 So het hulle vir hulleself die gesnede beeld van Mikhay’hu opgerig wat hy gemaak het, al die dae dat die huis van God in Shiloh was.

Judges19

1 In those days, when there was no king in Israel, a Levite living in a remote part of the hill country of Ephraim acquired a woman from Bethlehem in Judah as his concubine.
1 Nou het dit gebeur in daardie dae, toe daar geen koning in Yisra’el was nie, dat ’n sekere Leviet in die Bergland van Efrayim gebly het, wat vir homself ’n byvrou gevat het uit Beit-Legem in Y’hudah.
2 But she was unfaithful to him and left him for her father’s house in Bethlehem in Judah. She was there for a period of four months.
2 Sy byvrou het egter teen hom hoereer en van hom af weggegaan na haar vader se huis in Beit-Legem, Y’hudah en sy was daar vir ’n tydperk van vier maande.
3 Then her husband got up and went after her to speak kindly to her and bring her back. He had his servant with him and a pair of donkeys. So she brought him to her father’s house, and when the girl’s father saw him, he gladly welcomed him.
3 Toe staan haar man op en gaan agter haar aan om sag met haar te praat en haar terug te bring en vat sy dienskneg saam met hom, met ’n paar donkies. Sy het hom in haar vader se huis ingebring en toe die jong vrou se vader hom sien, was hy bly om hom te ontmoet.
4 His father-in-law, the girl’s father, detained him, and he stayed with him for three days. They ate, drank, and spent the nights there.
4 Sy skoonvader, die vader van die jong vrou, het hom teruggehou sodat hy drie dae by hom gebly het. Hulle het geëet en gedrink en daar oorgebly.
5 On the fourth day, they got up early in the morning and prepared to go, but the girl’s father said to his son-in-law, “Have something to eat to keep up your strength and then you can go.”
5 Op die vierde dag het hulle vroeg in die oggend opgestaan en hy het klaargemaak om te gaan en die vader van die jong vrou sê vir sy skoonseun: “Versterk jouself met ’n stukkie brood en daarna kan julle gaan.”
6 So they sat down and the two of them ate and drank together. Then the girl’s father said to the man, “Please agree to stay overnight and enjoy yourself.”
6 Albei het gaan sit en saam geëet en gedrink en die vader van die jong vrou sê aan die man: “Wees asseblief gewillig om die nag te bly en laat jou gemoed vrolik wees.”

7 The man got up to go, but his father-in-law persuaded him, so he stayed and spent the night there again.
7 Toe het die man opgestaan om te gaan, maar sy skoonvader het by hom aangedring sodat hy weer die nag daar oorgebly het.
8 He got up early in the morning of the fifth day to leave, but the girl's father said to him, "Please keep up your strength." So they waited until late afternoon and the two of them ate.
8 Op die vyfde dag het hy opgestaan om vroeg in die oggend te gaan en die vader van die jong vrou sê: "Verkwik jouself en wag tot namiddag." Beide van hulle het geëet.
9 The man got up to go with his concubine and his servant, when his father-in-law, the girl's father, said to him, "Look, night is coming. Please spend the night. See, the day is almost over. Spend the night here, enjoy yourself, then you can get up early tomorrow for your journey and go home."
9 Toe die man opstaan om saam met sy byvrou en sy dienskneg weg te gaan, sê sy skoonvader, die vader van die jong vrou, vir hom: "Let nou op, die dag is op sy einde; bly asseblief die nag oor sodat jou gemoed vrolik kan wees, dan, môre, kan julle vroeg opstaan vir julle reis sodat julle huis toe kan gaan.
10 But the man was unwilling to spend the night. He got up, departed, and arrived opposite Jebus (that is, Jerusalem). The man had his two saddled donkeys and his concubine with him.
10 Die man was egter nie gewillig om die nag oor te bly nie en hy het opgestaan en vertrek en saam met 'n paar opgesaalde donkies en sy byvrou by 'n plek oorkant Y'vus (dit is Yerushalayim) aangekom.
11 When they were near Jebus and the day was almost gone, the servant said to his master, "Please, why not let us stop at this Jebusite city and spend the night here? "
11 Toe hulle Y'vus nader, was die dag amper verby en die dienskneg sê vir sy meester: "Kom, asseblief en laat ons uitdraai na hierdie stad van die Y'vusiete en daarin oornag."
12 But his master replied to him, "We will not stop at a foreign city where there are no Israelites. Let's move on to Gibeah."
12 Sy meester sê egter vir hom: "Ons sal nie uitdraai na 'n stad van vreemdelinge wat nie van die seuns van Yisra'el is nie, maar ons sal aangaan so ver as Giv'ah.
13 "Come on," he said, "let's try to reach one of these places and spend the night in Gibeah or Ramah."
13 Hy sê vir sy dienskneg: "Kom, laat ons nader gaan na een van hierdie plekke en in Giv'ah of Ramah oornag.
14 So they continued on their journey, and the sun set as they neared Gibeah in Benjamin.
14 Hulle het verbygetrek en op hulle pad gegaan en die son het oor hulle ondergegaan naby Giv'ah wat aan Binyamin behoort.
15 They stopped to go in and spend the night in Gibeah. The Levite went in

and sat down in the city square, but no one took them into their home to spend the night.
15 Hulle het daar afgedraai om in Giv'ah in te gaan en te bly. Toe hulle ingegaan het, het hulle in die oop plein van die stad gaan sit, want niemand het hulle in sy huis ingeneem om te oornag nie.
16 In the evening, an old man came in from his work in the field. He was from the hill country of Ephraim but was residing in Gibeah, and the men of that place were Benjaminites.
16 Let op, 'n ou man het uit die veld van sy werk af gekom teen sonsondergang. Die man was vanaf die Bergland van Efrayim afkomstig en het in Giv'ah gebly, maar die manne van die plek was Binyaminiete.
17 When he looked up and saw the traveler in the city square, the old man asked, "Where are you going, and where do you come from? "
17 Hy het sy oë opgelig en die reisiger op die oop plein van die stad gesien en die ou man vra: "Waar gaan u heen en waar kom u vandaan?"
18 He answered him, "We're traveling from Bethlehem in Judah to the remote hill country of Ephraim, where I am from. I went to Bethlehem in Judah, and now I'm going to the house of the LORD. No one has taken me into his home,
18 Hy sê vir hom: "Ons gaan deur van Beit-Legem in Y'hudah tot by die afgeleë deel van die Bergland van Efrayim, want ek is van daar en ek het na Beit-Legem in Y'hudah gereis, maar ek gaan na my huis toe en niemand wil my in sy huis inneem nie.
19 although we have both straw and feed for our donkeys, and bread and wine for me, your female servant, and the young man with your servant. There is nothing we lack."
19 Tog is daar beide strooi en voer vir ons donkies en brood en wyn vir my, vir u diensmaagd en vir die jongman wat by u diensknegte is; daar is aan niks gebrek nie."
20 "Peace to you," said the old man. "I'll take care of everything you need. Only don't spend the night in the square."
20 Die ou man sê: "Vrede, voorspoed, gesondheid en vergenoegdheid vir jou! Laat my net vir al u behoeftes sorg; moet egter net nie op die oop plein oornag nie."
21 So he brought him to his house and fed the donkeys. Then they washed their feet and ate and drank.
21 Hy het hom in sy huis ingebring en aan die donkies voer gegee en hulle het hul voete gewas en geëet en gedrink.
22 While they were enjoying themselves, all of a sudden, perverted men of the city surrounded the house and beat on the door. They said to the old man who was the owner of the house, "Bring out the man who came to your house so we can have sex with him! "
22 Terwyl hulle feesvier, let op, het die manne van die stad, sekere waardelose manne, die huis omsingel en hard aan die deur geklop en hulle

het met die ou man gepraat, die eienaar van die huis en gesê: “Bring die man uit wat in jou huis ingekom het dat ons met hom gemeenskap kan hê.”
23 The owner of the house went out and said to them, “No, don’t do this evil, my brothers. After all, this man has come into my house. Don’t do this horrible thing.
23 Toe het die man, die eienaar van die huis, uitgegaan na hulle toe en vir hulle gesê: “Nee, my manne, moet asseblief nie so boos optree nie; aangesien hierdie man in my huis ingekom het, moenie hierdie daad van skande doen nie.
24 Here, let me bring out my virgin daughter and the man’s concubine now. Use them and do whatever you want to them. But don’t do this horrible thing to this man.”
24 Hier is my maagdelike dogter en sy byvrou. Laat ek hulle asseblief uitbring, onteer hulle en maak met hulle wat julle ook al wil, maar moenie so ’n daad van skande teen hierdie man doen nie,”
25 But the men would not listen to him, so the man seized his concubine and took her outside to them. They raped her and abused her all night until morning. At daybreak they let her go.
25 maar die manne wou nie na hom luister nie. Die man gryp toe sy byvrou en bring haar uit na hulle toe en hulle het haar verkrag en haar die hele nag deur misbruik tot die oggend toe en haar laat gaan met die aanbreek van die dag.
26 Early that morning, the woman made her way back, and as it was getting light, she collapsed at the doorway of the man’s house where her master was.
26 Met dagbreek het die vrou gekom en neergeval by die ingang van die man se huis waar haar meester was, tot daglig toe.
27 When her master got up in the morning, opened the doors of the house, and went out to leave on his journey, there was the woman, his concubine, collapsed near the doorway of the house with her hands on the threshold.
27 Toe haar meester die oggend opstaan en die deure van die huis oopmaak en uitgaan om verder te gaan, let op, het sy byvrou by die ingang van die huis gelê met haar hande op die drumpel.
28 “Get up,” he told her. “Let’s go.” But there was no response. So the man put her on his donkey and set out for home.
28 Hy sê vir haar: “Staan op en laat ons gaan,” maar daar was geen antwoord nie. Toe sit hy haar op die donkie en die man het opgestaan en na sy huis toe gegaan.
29 When he entered his house, he picked up a knife, took hold of his concubine, cut her into 12 pieces, limb by limb, and then sent her throughout the territory of Israel.
29 Toe hy sy huis binnegaan, het hy ’n mes gevat en sy byvrou vasgehou en haar in twaalf stukke gesny; ledemaat vir ledemaat en haar deur die hele grondgebied van Yisra’el gestuur.

30 Everyone who saw it said, “Nothing like this has ever happened or has been seen since the day the Israelites came out of the land of Egypt to this day. Think it over, discuss it, and speak up! ”
30 Almal wat dit gesien het, het gesê: “So iets het nog nooit gebeur nie en is nie gesien van die dag af dat die seuns van Yisra’el uit die land van Mitzrayim opgetrek het tot vandag toe nie. Oorweeg dit, beraadslaag en praat!”

Judges20

1 All the Israelites from Dan to Beer-sheba and from the land of Gilead came out, and the community assembled as one body before the LORD at Mizpah.
1 Toe het al die seuns van Yisra’el vanaf Dan tot Be’er-Sh’va, insluitende die land van Gil’ad, uitgekom en die vergadering het soos een man in Mitzpah vergader by יהוה.
2 The leaders of all the people and of all the tribes of Israel presented themselves in the assembly of God’s people: 400,000 armed foot soldiers.
2 Die leiers van die hele volk, van al die stamme van Yisra’el, het hulle plek ingeneem in die vergadering van die volk van God, vier honderd duisend voetsoldate wat die swaard uittrek.
3 The Benjaminites heard that the Israelites had gone up to Mizpah. The Israelites asked, “Tell us, how did this outrage occur? ”
3 Die seuns van Binyamin het gehoor dat die seuns van Yisra’el opgegaan het na Mitzpah. Die seuns van Yisra’el het gesê: “Vertel hoe hierdie boosheid gedoen is.”
4 The Levite, the husband of the murdered woman, answered: “I went to Gibeah in Benjamin with my concubine to spend the night.
4 Die Leviet, die man van die vermoorde vrou, antwoord en sê: “Ek en my byvrou het in Giv’ah, wat aan Binyamin behoort, gekom, om te oornag,
5 Citizens of Gibeah ganged up on me and surrounded the house at night. They intended to kill me, but they raped my concubine, and she died.
5 maar die manne van Giv’ah het teen my opgestaan en die huis omsingel in die nag as gevolg van my. Hulle het beplan om my dood te maak; in plaas daarvan, het hulle my byvrou onteer sodat sy gesterf het.
6 Then I took my concubine and cut her in pieces, and sent her throughout Israel’s territory, because they committed a horrible shame in Israel.
6 Ek het my byvrou gevat en haar in stukke opgesny en haar rondgestuur in die hele gebied van die erfenis van Yisra’el omdat hulle ’n gruwel en ’n skandelike daad in Yisra’el gepleeg het.
7 Look, all of you are Israelites. Give your judgment and verdict here and now.”
7 Let op, al julle seuns van Yisra’el, gee julle aanbeveling en raad!”
8 Then all the people stood united and said, “None of us will go to his tent or return to his house.
8 Toe staan die hele volk op soos een man en sê: “Geeneen van ons sal na sy

tent toe gaan of enige een van ons sal teruggaan na sy huis toe nie,
9 Now this is what we will do to Gibeah: we will go against it by lot.
9 maar dit is nou die ding wat ons aan Giv'ah sal doen: gaan op teen hom volgens die lot!
10 We will take 10 men out of every 100 from all the tribes of Israel, and 100 out of every 1,000, and 1,000 out of every 10,000 to get provisions for the people when they go to Gibeah in Benjamin to punish them for all the horror they did in Israel."
10 Ons sal tien man vat uit elke honderd van al die stamme van Yisra'el, 'n honderd uit 'n duisend en 'n duisend uit tien duisend, om kos vir die manne te voorsien sodat wanneer hulle by Giv'ah van Binyamin kom, hulle hul mag straf vir die skandelike dade wat hulle in Yisra'el gepleeg het."
11 So all the men of Israel gathered united against the city.
11 Dus was al die manne van Yisra'el vergader teen die stad, eensgesind soos een man.
12 Then the tribes of Israel sent men throughout the tribe of Benjamin, saying, "What is this outrage that has occurred among you?
12 Toe stuur die stamme van Yisra'el manne deur die hele stam van Binyamin en sê: "Wat is hierdie boosheid wat tussen julle gebeur het?
13 Hand over the perverted men in Gibeah so we can put them to death and eradicate evil from Israel." But the Benjaminites would not obey their fellow Israelites.
13 Nou dan, lewer die waardelose manne uit wat in Giv'ah is dat ons hulle kan doodmaak en hierdie boosheid uit Yisra'el uitroei." Die Binyaminiete wou egter nie na die stem van hulle broers, die seuns van Yisra'el, luister nie.
14 Instead, the Benjaminites gathered together from their cities to Gibeah to go out and fight against the Israelites.
14 Die seuns van Binyamin het uit die stede in Giv'ah bymekaargekom om uit te trek in oorlog teen die seuns van Yisra'el.
15 On that day the Benjaminites rallied 26,000 armed men from their cities, besides 700 choice men rallied by the inhabitants of Gibeah.
15 Die seuns van Binyamin, vanuit die stede, is op dié dag getel: ses en twintig duisend man wat die swaard uittrek, behalwe die inwoners van Giv'ah wat getel is: sewe honderd uitgesoekte manne.
16 There were 700 choice men who were left-handed among all these people; all could sling a stone at a hair and not miss.
16 Uit al hierdie manne was daar sewe honderd uitgesoekte manne wat links was; elkeen kon 'n klip na 'n haar slinger sonder om te mis.
17 The Israelites, apart from Benjamin, rallied 400,000 armed men, every one an experienced warrior.
17 Toe is die manne van Yisra'el, behalwe Binyamin, getel: vier honderd duisend man wat die swaard uittrek, hulle almal was soldate.
18 They set out, went to Bethel, and inquired of God. The Israelites asked, "Who is to go first to fight for us against the Benjaminites? " And the L**ORD**

answered, “Judah will be first.”
18 Die seuns van Yisra’el het opgestaan, opgegaan na Beit-El en God geraadpleeg en gesê: “Wie van ons moet eerste optrek om te veg teen die seuns van Binyamin?” Toe sê יהוה: “Y’hudah eerste.”
19 In the morning, the Israelites set out and camped near Gibeah.
19 Die seuns van Yisra’el het die oggend opgestaan en teen Giv’ah gekamp.
20 The men of Israel went out to fight against Benjamin and took their battle positions against Gibeah.
20 Die manne van Yisra’el het uitgegaan om te veg teen Binyamin en die manne van Yisra’el het opgestel vir die geveg by Giv’ah.
21 The Benjaminites came out of Gibeah and slaughtered 22,000 men of Israel on the field that day.
21 Toe kom die seuns van Binyamin uit Giv’ah uit en hulle het op dié dag twee en twintig duisend man van Yisra’el teen die grond geslaan,
22 But the Israelite army rallied and again took their battle positions in the same place where they positioned themselves on the first day.
22 maar die volk, die manne van Yisra’el, het hulleself bemoedig en hulle weer opgestel op die plek waar hulle die eerste dag opgestel het.
23 They went up, wept before the LORD until evening, and inquired of Him: “Should we again fight against our brothers the Benjaminites? ” And the LORD answered: “Fight against them.”
23 Die seuns van Yisra’el het opgegaan en gehuil voor יהוה tot die aand toe en יהוה geraadpleeg en gesê: “Moet ons weer optrek om te veg teen die seuns van my broer, Binyamin?” יהוה sê: “Trek teen hom op!”
24 On the second day the Israelites advanced against the Benjaminites.
24 Toe kom die seuns van Yisra’el teen die seuns van Binyamin die tweede dag.
25 That same day the Benjaminites came out from Gibeah to meet them and slaughtered an additional 18,000 Israelites on the field; all were armed men.
25 Binyamin het uit Giv’ah op die tweede dag teen hulle uitgegaan en van die seuns van Yisra’el nog agttien duisend man wat almal die swaard uittrek, teen die grond geslaan.
26 The whole Israelite army went to Bethel where they wept and sat before the LORD. They fasted that day until evening and offered burnt offerings and fellowship offerings to the LORD.
26 Toe het al die seuns van Yisra’el en die hele volk opgegaan na Beit-El en gehuil; daar het hulle gebly voor die Teenwoordigheid van יהוה en dié dag gevas tot die aand toe en brandoffers en vredesoffers voor die Teenwoordigheid van יהוה geoffer.
27 Then the Israelites inquired of the LORD. In those days, the ark of the covenant of God was there,
27 Die seuns van Yisra’el het יהוה geraadpleeg (want die ark van die

verbond van God was in dié dae daar,
28 and Phinehas son of Eleazar, son of Aaron, was serving before it. The Israelites asked: “Should we again fight against our brothers the Benjaminites or should we stop? ” The L**ORD** answered: “Fight, because I will hand them over to you tomorrow.”
28 en Pingas, die seun van El’azar, die seun van Aharon, het in dié dae voor dit gestaan) en gesê: “Moet ek weereens uitgaan in geveg teen die seuns van my broer, Binyamin, of moet ek ophou?” הוהי sê: “Gaan op, want môre sal Ek hulle in jou hand gee.”
29 So Israel set up an ambush around Gibeah.
29 Yisra’el het rondom Giv’ah manne in hinderlaag opgestel.
30 On the third day the Israelites fought against the Benjaminites and took their battle positions against Gibeah as before.
30 Die seuns van Yisra’el het op die derde dag teen die seuns van Binyamin opgegaan en hulle teen Giv’ah opgestel soos die vorige kere.
31 Then the Benjaminites came out against the people and were drawn away from the city. They began to attack the people as before, killing about 30 men of Israel on the highways, one of which goes up to Bethel and the other to Gibeah through the open country.
31 Die seuns van Binyamin het uitgegaan teen die manne en is weggelok van die stad af en het soos die vorige kere begin om sommige van die manne op die grootpaaie, waarvan die een opgaan na Beit-El en die ander na Giv’ah en in die veld te slaan en te dood; omtrent dertig man van Yisra’el.
32 The Benjaminites said, “We are defeating them as before.” But the Israelites said, “Let’s flee and draw them away from the city to the highways.”
32 Die seuns van Binyamin het gesê: “Hulle is voor ons verslaan soos die eerste keer,” maar die seuns van Yisra’el het gesê: “Laat ons vlug om hom van die stad af weg te trek na die grootpaaie toe.”
33 So all the men of Israel got up from their places and took their battle positions at Baal-tamar, while the Israelites in ambush charged out of their places west of Geba.
33 Toe staan al die manne van Yisra’el op uit hulle plekke en neem stelling in by Ba’al-Tamar en die manne van Yisra’el wat in hinderlaag was ruk op uit hulle plekke, uit die grotte van Giv’ah.
34 Then 10,000 choice men from all Israel made a frontal assault against Gibeah, and the battle was fierce, but the Benjaminites did not know that disaster was about to strike them.
34 Toe tien duisend uitgesoekte manne uit die hele Yisra’el teen Giv’ah aankom, het die geveg hewig geword, maar Binyamin het nie geweet dat die ramp naby hulle was nie.
35 The L**ORD** defeated Benjamin in the presence of Israel, and on that day the Israelites slaughtered 25,100 men of Benjamin; all were armed men.
35 הוהי het Binyamin voor Yisra’el verslaan sodat die seuns van Yisra’el op dié dag vyf en twintig duisend een honderd man, wat almal die swaard

uittrek, van Binyamin vernietig het.
36 Then the Benjaminites realized they had been defeated. The men of Israel had retreated before Benjamin, because they were confident in the ambush they had set against Gibeah.
36 Die seuns van Binyamin het gesien dat hulle verslaan is. Toe die manne van Yisra'el ruimte vir Binyamin gee omdat hulle vertrou het op die manne in die hinderlaag wat hulle teen Giv'ah opgestel het,
37 The men in ambush had rushed quickly against Gibeah; they advanced and put the whole city to the sword.
37 het die manne in die hinderlaag vinnig teen Giv'ah gestorm; die manne in die hinderlaag het ook ontplooi en die hele stad met die skerpte van die swaard verslaan.
38 The men of Israel had a prearranged signal with the men in ambush: when they sent up a great cloud of smoke from the city,
38 Die gegewe teken tussen die manne van Yisra'el en die manne in die hinderlaag was dat hulle 'n groot rookwolk uit die stad sal laat optrek.
39 the men of Israel would return to the battle. When Benjamin had begun to strike them down, killing about 30 men of Israel, they said, "They're defeated before us, just as they were in the first battle."
39 Toe het die manne van Yisra'el omgedraai in die geveg en Binyamin het begin om ongeveer dertig man van Yisra'el neer te slaan, want hulle het gedink: "Hulle is sekerlik voor ons verslaan soos in die eerste geveg."
40 But when the column of smoke began to go up from the city, Benjamin looked behind them, and the whole city was going up in smoke.
40 Toe die wolk egter begin optrek uit die stad in 'n rookpilaar het Binyamin agter hom gekyk en let op, die hele stad het in rook opgegaan na die hemel!
41 Then the men of Israel returned, and the men of Benjamin were terrified when they realized that disaster had struck them.
41 Toe het die manne van Yisra'el omgedraai en die manne van Binyamin was vreesbevange, want hulle het gesien dat die ramp naby hulle was;
42 They retreated before the men of Israel toward the wilderness, but the battle overtook them, and those who came out of the cities slaughtered those between them.
42 daarom het hulle hul rûe op die manne van Yisra'el gedraai in die rigting van die wildernis, maar die geveg het hulle ingehaal terwyl die wat uit die stede kom, hulle tussen hulle vernietig.
43 They surrounded the Benjaminites, pursued them, and easily overtook them near Gibeah toward the east.
43 Hulle het Binyamin omsingel, hulle agtervolg sonder rus en hulle vertrap oorkant Giv'ah, aan die oostekant.
44 There were 18,000 men who died from Benjamin; all were warriors.
44 So het daar agttien duisend man van Binyamin geval en almal was dapper soldate.
45 Then Benjamin turned and fled toward the wilderness to the rock of

Rimmon, and Israel killed 5,000 men on the highways. They overtook them at Gidom and struck 2,000 more dead.
45 Die res het omgedraai en na die wildernis gevlug, na die rots van Rimmon, maar hulle het vyf duisend van hulle op die grootpaaie gevang en hulle ingehaal by Gid'om en twee duisend van hulle doodgemaak.
46 All the Benjaminites who died that day were 25,000 armed men; all were warriors.
46 Al die gesneuweldes van Binyamin op dié dag was vyf en twintig duisend man wat die swaard uittrek en almal van hulle was dapper soldate,
47 But 600 men escaped into the wilderness to the rock of Rimmon and stayed there four months.
47 maar ses honderd man het omgedraai en gevlug na die wildernis, na die rots van Rimmon en vier maande by die rots van Rimmon gebly.
48 The men of Israel turned back against the other Benjaminites and killed them with their swords — the entire city, the animals, and everything that remained. They also burned down all the cities that remained.
48 Die manne van Yisra'el draai toe terug teen die seuns van Binyamin en verslaan hulle met die skerpte van die swaard, beide die hele stad, met die beeste en alles wat hulle gevind het; hulle het ook al die stede wat hulle gevind het, aan die brand gesteek.

Judges21

1 The men of Israel had sworn an oath at Mizpah: "None of us will give his daughter to a Benjaminite in marriage."
1 Die manne van Yisra'el het in Mitzpah gesweer en gesê: "Niemand van ons mag sy dogter aan 'n Binyaminiet as vrou gee nie."
2 So the people went to Bethel and sat there before God until evening. They wept loudly and bitterly,
2 Die manne het in Beit-El gekom en daar voor die Teenwoordigheid van God gesit en hulle stem opgelig en bitterlik gehuil
3 and cried out, "Why, L**ORD** God of Israel, has it occurred that one tribe is missing in Israel today? "
3 en gesê: "Waarom, O יהוה, God van Yisra'el, het dit in Yisra'el gebeur dat daar vandag een stam uit Yisra'el weg is?"
4 The next day the people got up early, built an altar there, and offered burnt offerings and fellowship offerings.
4 Dit het die volgende oggend gebeur dat die manne vroeg opgestaan, daar 'n altaar gebou en brandoffers en vredesoffers gebring het.
5 The Israelites asked, "Who of all the tribes of Israel didn't come to the L**ORD** with the assembly? " For a great oath had been taken that anyone who had not come to the L**ORD** at Mizpah would certainly be put to death.
5 Toe sê die seuns van Yisra'el: "Wie is daar van al die stamme van Yisra'el wat

nie opgegaan het na die vergadering tot יהוה nie?" Omdat hulle 'n plegtige eed geneem het teen die een wat nie opgegaan het na יהוה in Mitzpah nie en gesê het: "Hy sal sekerlik gedood word."
6 But the Israelites had compassion on their brothers, the Benjaminites, and said, "Today a tribe has been cut off from Israel.
12 So David took the spear and the water jug by Saul's head, and they went their way. No one saw them, no one knew, and no one woke up; they all remained asleep because a deep sleep from the LORD came over them.

12 Dawid het die spies en die waterkruik van langs Sha'ul se kop gevat en hulle het weggegaan, maar niemand het dit gesien of daarvan geweet nie en ook het niemand wakker geword nie, want hulle was almal aan die slaap omdat 'n diepe slaap van יהוה op hulle geval het.
13 David crossed to the other side and stood on top of the mountain at a distance; there was a considerable space between them.
13 Toe het Dawid oorgegaan na die anderkant en bo-op die top van die berg, op 'n afstand, gaan staan met 'n groot area tussen hulle.
14 Then David shouted to the troops and to Abner son of Ner: "Aren't you going to answer, Abner? " "Who are you who calls to the king? " Abner asked.
14 Dawid het uitgeroep na die manne en na Avner, die seun van Ner en gevra: "Antwoord jy nie, Avner?" Toe antwoord Avner: "Wie is jy wat na die koning roep?"
15 David called to Abner, "You're a man, aren't you? Who in Israel is your equal? So why didn't you protect your lord the king when one of the people came to destroy him?
15 Dawid vra vir Avner: "Is jy nie 'n man nie en wie is soos jy in Yisra'el? Waarom het jy dan nie jou meester, die koning, bewaak nie? Iemand het gekom om die koning, jou meester, te vernietig.
16 What you have done is not good. As the LORD lives, all of you deserve to die since you didn't protect your lord, the LORD's anointed. Now look around; where are the king's spear and water jug that were by his head? "
16 Hierdie ding wat jy gedoen het, is nie goed nie! So waar as יהוה leef, almal van julle verdien die dood omdat julle nie julle meester, die gesalfde van יהוה, bewaak het nie. Kyk nou, waar is die spies van die koning en die waterkruik wat by sy kop was!"
17 Saul recognized David's voice and asked, "Is that your voice, my son David? " "It is my voice, my lord and king," David said.
17 Toe herken Sha'ul Dawid se stem en vra: "Is dit jou stem, my seun Dawid?" Dawid sê: "Dit is my stem, my meester, die koning!"
18 Then he continued, "Why is my lord pursuing his servant? What have I done? What evil is in my hand?
18 Hy het ook gesê: "Waarom agtervolg my meester dan sy dienskneg? Want wat het ek gedoen of watter boosheid is in my hand?
19 Now, may my lord the king please hear the words of his servant: If it is the LORD who has incited you against me, then may He accept an offering. But if it is people, may they be cursed in the presence of the LORD, for today they have driven me away from sharing in the inheritance of the LORD saying, 'Go and worship other gods.'
19 Laat my meester, die koning asseblief luister na die woorde van sy dienskneg. As יהוה u teen my aangehits het, laat Hom 'n offer aanvaar, maar as dit mense is: vervloek is hulle voor die Teenwoordigheid van יהוה, want hulle het my vandag uitgedryf sodat ek geen verbintenis met die erfenis

van יהוה het nie deurdat hulle sê: “Gaan, dien ander gode!”
20 So don’t let my blood fall to the ground far from the LORD’s presence, for the king of Israel has come out to search for a flea, like one who pursues a partridge in the mountains.”
20 Nou dan, moenie my bloed op die grond laat val ver van die Teenwoordigheid van יהוה nie, want die koning van Yisra’el het uitgekom om een vlooi te soek, net soos ’n man ’n patrys in die berge agtervolg.”
21 Saul responded, “I have sinned. Come back, my son David, I will never harm you again because today you considered my life precious. I have been a fool! I’ve committed a grave error.”
21 Toe sê Sha’ul: “Ek het gesondig; kom terug, my seun Dawid, want ek sal jou nie weer kwaad aandoen nie omdat my lewe vandag kosbaar was in jou oë; let op, ek het dwaas gehandel en ’n groot fout gemaak.”
22 David answered, “Here is the king’s spear; have one of the young men come over and get it.
22 Dawid antwoord: “Let op, die spies van die koning! Laat nou een van die jongmanne oorkom en dit haal.
23 May the LORD repay every man for his righteousness and his loyalty. I wasn’t willing to lift my hand against the LORD’s anointed, even though the LORD handed you over to me today.
23 יהוה sal elkeen terugbetaal vir sy onpartydige opregtheid en vir sy getrouheid, want יהוה het u vandag in my hand oorgegee, maar ek het geweier om my hand teen die gesalfde van יהוה uit te steek.
24 Just as I considered your life valuable today, so may the LORD consider my life valuable and rescue me from all trouble.”
24 Let nou op, soos u lewe vandag in my oë as kosbaar beskou is, mag so my lewe kosbaar geag word in die oë van יהוה en mag Hy my bevry uit elke benoudheid.”
25 Saul said to him, “You are blessed, my son David. You will certainly do great things and will also prevail.” Then David went on his way, and Saul returned home.
25 Toe sê Sha’ul vir Dawid: “Geseënd is jy, my seun Dawid! Jy sal baie verrig en sekerlik seëvier.” Dawid het op sy pad gegaan en Sha’ul het na sy plek toe teruggekeer.

1Samuel27

1 David said to himself, “One of these days I’ll be swept away by Saul. There is nothing better for me than to escape immediately to the land of the Philistines. Then Saul will stop searching for me everywhere in Israel, and I’ll escape from him.”
1 Toe het Dawid by homself gesê: “Nou, ek sal eendag omkom deur die hand

van Sha’ul. Daar is vir my niks beter as om te ontsnap na die land van die F’lishtyne nie. Sha’ul sal dan hoop opgee in sy soeke na my in die hele grondgebied van Yisra’el en ek sal uit sy hand ontsnap.”
2 So David set out with his 600 men and went to Achish son of Maoch, the king of Gath.
2 Dawid en die ses honderd man wat by hom was, het opgestaan en oorgegaan na Akhish, die seun van Ma’okh, die koning van Gat.
3 David and his men stayed with Achish in Gath. Each man had his family with him, and David had his two wives: Ahinoam of Jezreel and Abigail of Carmel, Nabal’s widow.
3 Dawid het by Akhish, in Gat, gebly, hy en sy manne, elkeen met sy huishouding; Dawid met sy twee vroue, Agino’am uit Yizre’el en Avigayil, die weduwee van Naval, van Karmel.
4 When it was reported to Saul that David had fled to Gath, he no longer searched for him.
4 Dit is aan Sha’ul vertel dat Dawid na Gat gevlug het. Hy het dus nie verder na hom gesoek nie.
5 Now David said to Achish, “If I have found favor with you, let me be given a place in one of the outlying towns, so I can live there. Why should your servant live in the royal city with you? ”
5 Toe het Dawid vir Akhish gesê: “As ek guns in u oë gevind het, laat hulle vir my ’n plek gee in een van die plattelandse stede dat ek daar kan woon, want waarom sou u dienskneg in die koninklike stad by u woon?”
6 That day Achish gave Ziklag to him, and it still belongs to the kings of Judah today.
6 Akhish het vir hom Ziklag gegee op dié dag; daarom het Ziklag aan die konings van Y’hudah behoort tot vandag toe.
7 The time that David stayed in the Philistine territory amounted to a year and four months.
7 Die hoeveelheid dae wat Dawid in die land van die F’lishtyne gebly het, was ’n jaar en vier maande.
8 David and his men went up and raided the Geshurites, the Girzites, and the Amalekites. From ancient times they had been the inhabitants of the region through Shur as far as the land of Egypt.
8 Dawid en sy manne het opgegaan en die G’shuriete, die Gizriete en die `Amalekiete aangeval, want hulle was van ouds af die bewoners van die land, soos jy by Shur kom en so ver as die land van Mitzrayim.
9 Whenever David attacked the land, he did not leave a single person alive, either man or woman, but he took flocks, herds, donkeys, camels, and clothing. Then he came back to Achish,
9 Dawid het die land aangeval en nie ’n man of vrou laat lewe nie en hy het die skape, beeste, donkies, kamele en klere weggevat. Toe het hy teruggegaan en by Akhish gekom.
10 who inquired, “Where did you raid today? ” David replied, “The south

country of Judah," "The south country of the Jerahmeelites," or "Against the south country of the Kenites."

10 Akhish het gesê: "Waar het julle vandag 'n aanval geloots?" Dawid het gesê: "Teen die Suidland Negev) van Y'hudah, teen die Suidland van die Yeragme'eliete en teen die Suidland van die Keiniete.

11 David did not let a man or woman live to be brought to Gath, for he said, "Or they will inform on us and say, 'This is what David did.' " This was David's custom during the whole time he stayed in the Philistine territory.

11 Dawid het nie 'n man of vrou laat lewe om dié na Gat te bring nie, want hy het gedink: "Anders sal hulle aangaande ons vertel en sê: 'So het Dawid gedoen en dit was sy manier al die dae wat hy in die land van die F'lishtyne gebly het.'"

12 So Achish trusted David, thinking, "Since he has made himself detestable to his people Israel, he will be my servant forever."

12 Akhish het Dawid vertrou en gesê: "Hy het homself sekerlik gehaat gemaak by sy mense, Yisra'el; daarom sal hy vir altyd my dienskneg word."

1Samuel28

1 At that time, the Philistines brought their military units together into one army to fight against Israel. So Achish said to David, “You know, of course, that you and your men must march out in the army with me.”
1 Nou, dit het gebeur in daardie dae dat die F’lishtyne hulle gewapende leërs bymekaargemaak het vir oorlog, om teen Yisra’el te veg en Akhish het vir Dawid gesê: “Weet verseker dat jy saam met my sal uitgaan in die kamp, jy en jou manne.”
2 David replied to Achish, “Good, you will find out what your servant can do.” So Achish said to David, “Very well, I will appoint you as my permanent bodyguard.”
2 Dawid sê vir Akhish: “Goed, u sal weet wat u dienskneg kan doen.” Akhish sê vir Dawid: “Goed, ek sal jou lewenslank my lyfwag maak.”
3 By this time Samuel had died, and all Israel had mourned for him and buried him in Ramah, his city, and Saul had removed the mediums and spiritists from the land.
3 Sh’mu’el was dood en die hele Yisra’el het oor hom gerou en hom begrawe in Ramah, sy eie stad. Sha’ul het die mediums en die waarsêers uit die land verwyder.
4 The Philistines came together and camped at Shunem. So Saul gathered all Israel, and they camped at Gilboa.
4 Die F’lishtyne het bymekaargekom en gekom en gekamp in Shunem. Sha’ul het die hele Yisra’el bymekaargemaak en hulle het in Gilboa gekamp.
5 When Saul saw the Philistine camp, he was afraid and trembled violently.
5 Toe Sha’ul die kamp van die F’lishtyne sien, het hy bang geword en sy binneste het baie gebewe.
6 He inquired of the LORD, but the LORD did not answer him in dreams or by the Urim or by the prophets.
6 Toe Sha’ul יהוה geraadpleeg het, het יהוה hom nie geantwoord nie, nie deur drome nie, ook nie deur die Urim nie en ook nie deur die profete nie.
7 Saul then said to his servants, “Find me a woman who is a medium, so I can go and consult her.” His servants replied, “There is a woman at En-dor who is a medium.”
7 Toe sê Sha’ul vir sy diensknegte: “Soek vir my ’n vrou wat ’n medium is dat ek na haar toe kan gaan en haar raadpleeg.” Sy dienaars sê vir hom: “Let op, daar is ’n vrou wat ’n medium is in `Ein-Dor.”
8 Saul disguised himself by putting on different clothes and set out with two of his men. They came to the woman at night, and Saul said, “Consult a spirit for me. Bring up for me the one I tell you.”
8 Toe het Sha’ul hom vermom deur ander klere aan te trek en gegaan, hy en twee manne saam met hom en in die nag by die vrou aangekom en hy het gesê: “Roep asseblief vir my op en laat vir my opkom die een wat ek vir jou

sal noem."
9 But the woman said to him, "You surely know what Saul has done, how he has killed the mediums and spiritists in the land. Why are you setting a trap for me to get me killed? "
9 Die vrou sê egter vir hom: "Let op, jy weet wat Sha'ul gedoen het; hoe hy die mediums en waarsêers uitgesny het uit die land uit. Waarom stel jy dan 'n val vir my lewe om my dood te maak?"
10 Then Saul swore to her by the LORD: "As surely as the LORD lives, nothing bad will happen to you because of this."
10 Sha'ul het vir haar by הוהי gesweer en gesê: "So waar as הוהי leef, geen straf sal oor jou kom hiervoor nie!"
11 "Who is it that you want me to bring up for you? " the woman asked. "Bring up Samuel for me," he answered.
11 Toe vra die vrou: "Wie moet ek vir jou laat opkom?" Hy het gesê: "Laat Sh'mu'el vir my opkom."
12 When the woman saw Samuel, she screamed, and then she asked Saul, "Why did you deceive me? You are Saul! "
12 Toe die vrou Sh'mu'el sien, skreeu sy hardop en die vrou het met Sha'ul gepraat en gesê: "Waarom het u my bedrieg? Want u is Sha'ul."
13 But the king said to her, "Don't be afraid. What do you see? " "I see a spirit form coming up out of the earth," the woman answered.
13 Die koning antwoord haar: "Moenie bang wees nie, maar wat sien jy?" Die vrou sê vir Sha'ul: "Ek sien 'n goddelike wese uit die aarde opkom."
14 Then Saul asked her, "What does he look like? " "An old man is coming up," she replied. "He's wearing a robe." Then Saul knew that it was Samuel, and he bowed his face to the ground and paid homage.
14 Hy vra haar toe: "Hoe is sy voorkoms?" Sy antwoord: "'n Ou man kom op met 'n mantel om." Sha'ul het geweet dat dit Sh'mu'el was en hy buig met sy gesig na die grond toe en betoon respek.
15 "Why have you disturbed me by bringing me up? " Samuel asked Saul. "I'm in serious trouble," replied Saul. "The Philistines are fighting against me and God has turned away from me. He doesn't answer me anymore, either through the prophets or in dreams. So I've called on you to tell me what I should do."
15 Toe sê Sh'mu'el vir Sha'ul: "Waarom steur jy my deur my te laat opkom?" Sha'ul antwoord: "Ek is baie benoud, want die F'lishtyne voer oorlog teen my en God het van my af weggegaan en antwoord my nie meer nie, nie deur profete nie en ook nie deur drome nie; daarom het ek u geroep om aan my bekend te maak wat ek moet doen."
16 Samuel answered, "Since the LORD has turned away from you and has become your enemy, why are you asking me?
16 Sh'mu'el het gesê: "Waarom vra jy my dan, aangesien הוהי van jou af weggegaan het en jou Teëstander geword het?
17 The LORD has done exactly what He said through me: The LORD has torn

the kingship out of your hand and given it to your neighbor David.
17 יהוה het gedoen soos wat Hy deur my gepraat het, want יהוה het die koningskap uit jou hand geskeur en dit vir jou naaste, vir Dawid, gegee.
18 You did not obey the LORD and did not carry out His burning anger against Amalek; therefore the LORD has done this to you today.
18 Omdat jy nie na die stem van יהוה geluister en Sy intense wraak teen `Amalek uitgevoer het nie; daarom het יהוה vandag hierdie ding aan jou gedoen.
19 The LORD will also hand Israel over to the Philistines along with you. Tomorrow you and your sons will be with me, and the LORD will hand Israel's army over to the Philistines."
19 Meer nog sal יהוה Yisra'el ook saam met jou in die hand van die F'lishtyne gee; daarom sal jy en jou seuns môre by my wees. Inderdaad sal יהוה die leër van Yisra'el in die hand van die F'lishtyne gee."
20 Immediately, Saul fell flat on the ground. He was terrified by Samuel's words and was also weak because he hadn't had any food all day and all night.
20 Sha'ul het dadelik in sy volle lengte op die grond geval en was baie bang as gevolg van die woorde van Sh'mu'el; daar was ook geen krag in hom nie, want hy het die hele dag en die hele nag geen kos geëet nie.
21 The woman came over to Saul, and she saw that he was terrified and said to him, "Look, your servant has obeyed you. I took my life in my hands and did what you told me to do.
21 Die vrou het na Sha'ul toe gekom en gesien dat hy baie beangs was en sy sê vir hom: "Let op, u dienares het u gehoorsaam en my lewe gewaag en na u woorde geluister wat u met my gepraat het.
22 Now please listen to your servant. Let me set some food in front of you. Eat and it will give you strength so you can go on your way."
22 Luister nou ook na die stem van u dienares en laat ek vir u 'n stukkie brood voorsit dat u kan eet en krag hê wanneer u gaan."
23 He refused, saying, "I won't eat," but when his servants and the woman urged him, he listened to them. He got up off the ground and sat on the bed.
23 Hy het egter geweier en gesê: "Ek sal nie eet nie." Sy diensknegte en die vrou het egter by hom aangedring en hy het na hulle geluister, opgestaan van die grond af en op die bed gaan sit.
24 The woman had a fattened calf at her house, and she quickly slaughtered it. She also took flour, kneaded it, and baked unleavened bread.
24 Die vrou het 'n vetgemaakte kalf in die huis gehad en dit gou geslag en sy het meel gevat, dit geknie en ongesuurde brood daarvan gebak.
25 She served it to Saul and his servants, and they ate. Afterward, they got up and left that night.
25 Sy het dit voor Sha'ul en sy diensknegte gebring en hulle het geëet. Toe het

hulle opgestaan en daardie nag weggegaan.

1Samuel29

1 The Philistines brought all their military units together at Aphek while Israel was camped by the spring in Jezreel.
1 Die F'lishtyne het al hulle leërmagte by Afek versamel terwyl Yisra'el gekamp het by die fontein wat in Yizre'el is.
2 As the Philistine leaders were passing in review with their units of hundreds and thousands, David and his men were passing in review behind them with Achish.
2 Die meesters van die F'lishtyne het opgetrek in honderde en in duisende en Dawid en sy manne het in die agterhoede saam met Akhish opgetrek.
3 Then the Philistine commanders asked, "What are these Hebrews doing here? " Achish answered the Philistine commanders, "That is David, servant of King Saul of Israel. He has been with me a considerable period of time. From the day he defected until today, I've found no fault with him."
3 Toe vra die bevelvoerders van die F'lishtyne: "Wat soek hierdie Hebreërs?" Akhish sê vir die bevelvoerders van die F'lishtyne: "Is dit nie Dawid, die dienskneg van Sha'ul, die koning van Yisra'el, wat al 'n jaar en 'n paar maande by my is nie, sonder dat ek iets fout in hom gevind het van die dag af dat hy oorgeloop het, tot vandag toe?"
4 The Philistine commanders, however, were enraged with Achish and told him, "Send that man back and let him return to the place you assigned him. He must not go down with us into battle only to become our adversary during the battle. What better way could he regain his master's favor than with the heads of our men?
4 Die bevelvoerders van die F'lishtyne was kwaad vir hom en die bevelvoerders van die F'lishtyne het vir hom gesê: "Laat die man teruggaan sodat hy kan teruggaan na die plek wat u vir hom gegee het en laat hom nie saam met ons in die geveg afgaan nie, of hy sal in die geveg ons teëstander word, want waarmee kan hierdie man hom aanvaarbaar maak by sy meester? Sal dit nie wees met die koppe van hierdie manne nie?
5 Isn't this the David they sing about during their dances: Saul has killed his thousands, but David his tens of thousands? "
5 Is dit nie Dawid nie, van wie hulle in die koordanse gesing en gesê het: "Sha'ul het sy duisende verslaan, maar Dawid sy tienduisende?"
6 So Achish summoned David and told him, "As the LORD lives, you are an honorable man. I think it is good to have you working with me in the camp, because I have found no fault in you from the day you came to me until today. But the leaders don't think you are reliable.
6 Toe het Akhish vir Dawid geroep en vir hom gesê: "So waar as יהוה leef, jy was opreg en jou uitgang en jou ingang in die leër saam met my, is goed in my oë, want ek het geen kwaad in jou gevind van die dag af dat jy na my

gekom het tot vandag toe nie. Nogtans, is u nie aanvaarbaar in die oë van die bevelvoerders nie.
7 Now go back quietly and you won't be doing anything the Philistine leaders think is wrong."
7 Draai daarom nou terug en gaan in vrede dat u nie die bevelvoerders van die F'lishtyne ontevrede maak nie."
8 "But what have I done? " David replied to Achish. "From the first day I was with you until today, what have you found against your servant to keep me from going along to fight against the enemies of my lord the king? "
8 Dawid sê vir Akhish: "Maar wat het ek gedoen? Of wat het u in u dienskneg gevind van die dag af dat ek voor u gekom het tot vandag toe dat ek nie mag gaan veg teen die vyande van my meester die koning nie?"
9 Achish answered David, "I'm convinced that you are as reliable as the Angel of God. But the Philistine commanders have said, 'He must not go into battle with us.'
9 Akhish het Dawid egter geantwoord: "Ek weet dat jy goed is in my oë soos 'n engel van God, nogtans het die bevelvoerders van die F'lishtyne gesê: 'Hy mag nie saam met ons opgaan in die geveg nie.'
10 So get up early in the morning, you and your masters' servants who came with you. When you've all gotten up early, go as soon as it's light."
10 Nou dan, staan vroeg op saam met die diensknegte van jou meester wat saam met jou gekom het en vertrek met dagbreek."
11 So David and his men got up early in the morning to return to the land of the Philistines. And the Philistines went up to Jezreel.
11 Dawid het vroeg opgestaan, hy en sy manne, om in die oggend weg te gaan, om terug te gaan na die land van die F'lishtyne. Die F'lishtyne het opgegaan na Yizre'el.

1Samuel30

1 David and his men arrived in Ziklag on the third day. The Amalekites had raided the Negev and attacked and burned down Ziklag.
1 Toe het dit gebeur toe Dawid en sy manne op die derde dag by Ziklag aankom, dat die `Amalekiete 'n inval in die Negev en in Ziklag geloots het en hulle het Ziklag verslaan en dit met vuur verbrand.
2 They also had kidnapped the women and everyone in it from the youngest to the oldest. They had killed no one but had carried them off as they went on their way.
2 Hulle het die vroue en almal wat daarin was, gevange geneem, beide klein en groot, sonder om enige iemand dood te maak, hulle weggevoer en verder gegaan.
3 When David and his men arrived at the town, they found it burned down. Their wives, sons, and daughters had been kidnapped.
3 Toe Dawid en sy manne by die stad kom, let op, was dit met vuur verbrand

en hulle vroue, hulle seuns en hulle dogters is gevange geneem.
4 David and the troops with him wept loudly until they had no strength left to weep.
4 Toe het Dawid en die manne wat by hom was, hulle stem verhef en gehuil totdat daar geen krag meer in hulle was om te huil nie.
5 David's two wives, Ahinoam the Jezreelite and Abigail the widow of Nabal the Carmelite, had also been kidnapped.
5 Dawid se twee vroue, Agino'am uit Yizre'el en Avigayil, die weduwee van Naval, van Karmel, is gevange geneem.
6 David was in a difficult position because the troops talked about stoning him, for they were all very bitter over the loss of their sons and daughters. But David found strength in the LORD his God.
6 Meer nog, Dawid was baie benoud, want die manne het gepraat daarvan om hom te stenig, want al die manne was verbitterd, elkeen oor sy seuns en sy dogters, maar Dawid het homself versterk in יהוה, sy God.
7 David said to Abiathar the priest, son of Ahimelech, "Bring me the ephod." So Abiathar brought it to him,
7 Toe sê Dawid vir Avyatar, die priester, die seun van Agimelekh: "Bring asseblief vir my die skouerkleed." Avyatar het die skouerkleed na Dawid toe gebring.
8 and David asked the LORD: "Should I pursue these raiders? Will I overtake them? " The LORD replied to him, "Pursue them, for you will certainly overtake them and rescue the people."
8 Dawid het יהוה geraadpleeg en gesê: "Sal ek hierdie bende agtervolg? Sal ek hulle inhaal?" Hy sê vir hom: "Agtervolg, want jy sal hulle sekerlik inhaal en jy sal sekerlik almal red."
9 David and the 600 men with him went as far as the Wadi Besor, where 200 men who were to remain behind would stop.
9 Dawid het gegaan, hy en die ses honderd man wat by hom was en by die spruit B'sor gekom, waar sommige agtergebly het.
10 They stopped because they were too exhausted to cross the Wadi Besor. David and 400 of the men continued in pursuit.
10 Dawid het agtervolg, hy en vier honderd man, want twee honderd man, wat te moeg was om deur die spruit B'sor te trek, het agtergebly.
11 They found an Egyptian in the open country and brought him to David. They gave him some bread to eat and water to drink.
11 Hulle het 'n Mitzrayiet in die veld gevind wat hulle na Dawid gebring het, vir hom brood gegee wat hy geëet het en water om te drink.
12 Then they gave him some pressed figs and two clusters of raisins. After he ate he revived, for he hadn't eaten food or drunk water for three days and three nights.
12 Hulle het vir hom 'n stuk vyekoek en twee rosynekoeke gegee en hy het geëet; toe het sy gees ontwaak, want hy het geen brood geëet of water gedrink vir drie dae en drie nagte nie.

13 Then David said to him, “Who do you belong to? Where are you from? ” “I’m an Egyptian, the slave of an Amalekite man,” he said. “My master abandoned me when I got sick three days ago.
13 Dawid vra vir hom: “Aan wie behoort jy en waar kom jy vandaan? Hy sê: “Ek is ’n jongman van Mitzrayim, die slaaf van ’n Amalekiet en my meester het my laat agterbly toe ek drie dae gelede siek geword het.
14 We raided the south country of the Cherethites, the territory of Judah, and the south country of Caleb, and we burned down Ziklag.”
14 Ons het ’n inval gedoen in die Suidland van die K’retiërs, in dié van Y’hudah, in die Suidland van Kalev en Ziklag met vuur verbrand.
15 David then asked him, “Will you lead me to these raiders? ” He said, “Swear to me by God that you won’t kill me or turn me over to my master, and I will lead you to them.”
15 Toe vra Dawid vir hom: “Sal jy my afbring na hierdie bende toe?” Hy sê: “Sweer vir my by God dat u my nie sal doodmaak en my nie sal uitlewer in die hand van my meester nie en ek sal u afbring na hierdie bende toe.”
16 So he led him, and there were the Amalekites, spread out over the entire area, eating, drinking, and celebrating because of the great amount of plunder they had taken from the land of the Philistines and the land of Judah.
16 Toe hy hom afgebring het, let op, is hulle oor die hele land verstrooi, besig om te eet, te drink en te dans as gevolg van die groot buit wat hulle uit die land van die F’lishtyne en uit die land van Y’hudah gevat het.
17 David slaughtered them from twilight until the evening of the next day. None of them escaped, except 400 young men who got on camels and fled.
17 Dawid het hulle verslaan van die aandskemer af tot die aand van die volgende dag en nie een man van hulle het ontsnap nie, behalwe vier honderd jongmanne wat op kamele gery en gevlug het.
18 David recovered everything the Amalekites had taken; he also rescued his two wives.
18 So het Dawid alles herwin wat die Amalekiete gevat het en sy twee vroue gered.
19 Nothing of theirs was missing from the youngest to the oldest, including the sons and daughters, of all the plunder the Amalekites had taken. David got everything back.
19 Niks van hulle was weg nie, klein of groot, seuns of dogters, buit of niks van alles wat hulle vir hulleself gevat het nie; Dawid het alles teruggebring.
20 He took all the sheep and cattle, which were driven ahead of the other livestock, and the people shouted, “This is David’s plunder! ”
20 Dawid het al die kleinvee en beeste afgevat. Hulle het hul voor die ander vee uitgedryf en gesê: “Dit is Dawid se buit.”
21 When David came to the 200 men who had been too exhausted to go with him and had been left at the Wadi Besor, they came out to meet him and to meet the troops with him. When David approached the men, he greeted them,

21 Toe Dawid by die twee honderd man kom wat te moeg was om agter Dawid aan te gaan, wat hulle by die spruit B'sor laat agterbly het, kom hulle uit om vir Dawid en die manne wat by hom was, te ontmoet. Dawid het met die manne nadergekom en hulle gegroet.
22 but all the corrupt and worthless men among those who had gone with David argued, "Because they didn't go with us, we will not give any of the plunder we recovered to them except for each man's wife and children. They may take them and go."
22 Toe het al die slegte mense en deugniete uit die manne wat saam met Dawid gegaan het, gesê: "Omdat hulle nie saam met ons gegaan het nie, sal ons nie vir hulle enige van die buit gee wat ons afgeneem het nie, behalwe vir elke man sy vrou en sy kinders sodat hy hulle kan wegvat."
23 But David said, "My brothers, you must not do this with what the LORD has given us. He protected us and handed over to us the raiders who came against us.
23 Toe sê Dawid: "Julle moenie so maak met wat יהוה vir ons gegee het nie, my broers, Hy het ons bewaar en die bende wat ons oorval het, in ons hand gegee.
24 Who can agree to your proposal? The share of the one who goes into battle is to be the same as the share of the one who remains with the supplies. They will share equally."
24 Wie sal in hierdie saak na julle luister? Want soos die gedeelte is van dié wat in die geveg aftrek, so is ook die gedeelte van die wat by die pakgoed bly; hulle sal gelykop deel."
25 And it has been so from that day forward. David established this policy as a law and an ordinance for Israel and it continues to this very day.
25 So is dit dan van dié dag af aan gewees. Hy het dit as 'n instelling en 'n verordening vir Yisra'el gemaak tot vandag toe.
26 When David came to Ziklag, he sent some of the plunder to his friends, the elders of Judah, saying, "Here is a gift for you from the plunder of the LORD's enemies."
26 Toe Dawid in Ziklag kom, het hy buit aan die oudstes van Y'hudah, sy vriende, gestuur en gesê: "Let op, 'n geskenk vir julle uit die buit van die vyande van יהוה:
27 He sent gifts to those in Bethel, in Ramoth of the Negev, and in Jattir;
27 aan dié wat in Beit-El is; aan dié wat in Ramot van die Suidland is; aan dié wat in Yattir is;
28 to those in Aroer, in Siphmoth, and in Eshtemoa;
28 aan dié wat in \`Aro'er is; aan dié wat in Sifmot is; aan dié wat in Esht'moa is;
29 to those in Racal, in the towns of the Jerahmeelites, and in the towns of the Kenites;
29 aan dié wat in Rakhal is; aan dié wat in die stede van die Yeragme'eliete is; aan dié wat in die stede van die Keiniete is;

30 to those in Hormah, in Bor-ashan, and in Athach;
30 aan dié wat in Hormah is; aan dié wat in Kor-`Ashan is; aan dié wat in Atag is;
31 to those in Hebron, and to those in all the places where David and his men had roamed.
31 aan dié wat in Hevron is en aan al die plekke waar Dawid self en sy manne, gewoond was om te gaan.

1Samuel31

1 The Philistines fought against Israel, and Israel's men fled from them. Many were killed on Mount Gilboa.
1 Die F'lishtyne het teen Yisra'el geveg en die manne van Yisra'el het voor die F'lishtyne weggevlug en neergeslaan gelê op die berg Gilboa.
2 The Philistines overtook Saul and his sons and killed his sons, Jonathan, Abinadab, and Malchishua.
2 Die F'lishtyne het Sha'ul en sy seuns ingehaal en die F'lishtyne het Y'honatan, Avinadav en Malkishua, die seuns van Sha'ul, doodgemaak.
3 When the battle intensified against Saul, the archers caught up with him and severely wounded him.
3 Die geveg het hewig teen Sha'ul verloop en die boogskutters het hom getref en hy is ernstig deur hulle gewond.
4 Then Saul said to his armor-bearer, "Draw your sword and run me through with it, or these uncircumcised men will come and run me through and torture me." But his armor-bearer would not do it because he was terrified. Then Saul took his sword and fell on it.
4 Toe sê Sha'ul vir sy wapendraer: "Trek jou swaard uit en deurboor my daarmee, anders kom die onbesnedenes en deurboor my en skeer gek met my." Sy wapendraer wou egter nie omdat hy baie bang was. Sha'ul vat toe sy swaard en val daarin.
5 When his armor-bearer saw that Saul was dead, he also fell on his own sword and died with him.
5 Toe sy wapendraer sien dat Sha'ul dood is, het hy ook in sy swaard geval en saam met hom gesterf.
6 So on that day, Saul died together with his three sons, his armor-bearer, and all his men.
6 So het Sha'ul met sy drie seuns, sy wapendraer en al sy manne op dieselfde dag gesterf.
7 When the men of Israel on the other side of the valley and on the other side of the Jordan saw that Israel's men had run away and that Saul and his sons were dead, they abandoned the cities and fled. So the Philistines came and settled in them.
7 Toe die manne van Yisra'el wat aan die anderkant van die vallei was en dié wat anderkant die Yarden was, sien dat die manne van Yisra'el gevlug het en

dat Sha'ul en sy seuns dood is, het hulle die stede verlaat en gevlug. Toe het die F'lishtyne gekom en daarin gaan woon.
8 The next day when the Philistines came to strip the dead, they found Saul and his three sons dead on Mount Gilboa.
8 Dit het gebeur op die volgende dag, toe die F'lishtyne gekom het om dié wat dood is te plunder, dat hulle Sha'ul en sy drie seuns dood op die berg Gilboa kry.
9 They cut off Saul's head, stripped off his armor, and sent messengers throughout the land of the
Philistines to spread the good news in the temples of their idols and among the people.
9 Hulle het sy kop afgekap en sy wapens afgestroop en dit in die land van die F'lishtyne rondgestuur om die blye boodskap te bring in die huise van hulle afgode en aan die volk.
10 Then they put his armor in the temple of the Ashtoreths and hung his body on the wall of Beth-shan.
10 Hulle het sy wapens in die tempel van `Ashtarot gesit en sy lyk teen die muur van Beit-Yashan vasgeslaan.
11 When the residents of Jabesh-gilead heard what the Philistines had done to Saul,
11 Toe die inwoners van Yavesh-Gil'ad hoor wat die F'lishtyne aan Sha'ul gedoen het,
12 all their brave men set out, journeyed all night, and retrieved the body of Saul and the bodies of his sons from the wall of Beth-shan. When they arrived at Jabesh, they burned the bodies there.
12 het al die dapper manne opgestaan en die hele nag deur geloop en die liggame van Sha'ul en die liggame van sy seuns van die muur van Beit-Shan afgehaal en by Yavesh gekom en hulle daar verbrand.
13 Afterward, they took their bones and buried them under the tamarisk tree in Jabesh and fasted seven days.
13 Hulle het hul bene gevat en hulle onder die eikeboom in Yavesh begrawe en sewe dae lank gevas.

2Samuel

2Samuel1

1 After the death of Saul, David returned from defeating the Amalekites and stayed at Ziklag two days.
1 Dit het gebeur ná die dood van Sha'ul, toe Dawid terug was nadat die `Amalekiete verslaan is, dat Dawid twee dae in Ziklag gebly het.

2 On the third day a man with torn clothes and dust on his head came from Saul's camp. When he came to David, he fell to the ground and paid homage.
2 Let op, op die derde dag kom 'n man uit Sha'ul se kamp, met geskeurde klere en stof op sy kop. Dit het gebeur dat, toe hy by Dawid kom, hy op die grond neerval en op sy gesig gaan lê.
3 David asked him, "Where have you come from? " He replied to him, "I've escaped from the Israelite camp."
3 Toe vra Dawid vir hom: "Van waar af kom jy? Hy antwoord hom: "Ek het ontsnap uit die kamp van Yisra'el."
4 "What was the outcome? Tell me," David asked him. "The troops fled from the battle," he answered. "Many of the troops have fallen and are dead. Also, Saul and his son Jonathan are dead."
4 Dawid sê vir hom: "Hoe het dit gegaan? Vertel my asseblief." Hy antwoord: "Die manne het van die geveg af gevlug en baie van die manne het geval en is dood en Sha'ul en sy seun Y'honatan is ook dood."
5 David asked the young man who had brought him the report, "How do you know Saul and his son Jonathan are dead? "
5 Dawid vra die jongman wat vir hom die boodskap gebring het: "Hoe weet jy dat Sha'ul en sy seun Y'honatan dood is?"
6 "I happened to be on Mount Gilboa," he replied, "and there was Saul, leaning on his spear. At that very moment the chariots and the cavalry were closing in on him.
6 Die jongman wat vir hom die boodskap gebring het, antwoord: "Ek was toevallig op die berg Gilboa en let op, Sha'ul het op sy spies geleun en die strydwaens en perderuiters was op hom.
7 When he turned around and saw me, he called out to me, so I answered: I'm at your service.
7 Toe hy omkyk, het hy my gesien en na my geroep." Ek het gesê: "Hier is ek."
8 He asked me, 'Who are you? ' I told him: I'm an Amalekite.
8 Hy het vir my gevra: "Wie is jy?" Ek het hom geantwoord: "Ek is 'n `Amalekiet."
9 Then he begged me, 'Stand over me and kill me, for I'm mortally wounded, but my life still lingers.'
9 Toe sê hy vir my: 'Staan asseblief langs my en maak my dood, want 'n beangstheid het my beetgepak omdat my lewe nog in my talm.'
10 So I stood over him and killed him because I knew that after he had fallen he couldn't survive. I took the crown that was on his head and the armband that was on his arm, and I've brought them here to my lord."
10 Ek het langs hom gaan staan en hom doodgemaak, want ek het geweet dat hy nie ná sy val sou kon leef nie. Ek het die kroon wat op sy kop was en die armband wat om sy arm was, gevat en dit hier na my meester toe gebring."
11 Then David took hold of his clothes and tore them, and all the men with him did the same.
11 Toe gryp Dawid sy klere en skeur dit en so ook al die manne wat by hom

was.
12 They mourned, wept, and fasted until the evening for those who died by the sword — for Saul, his son Jonathan, the LORD's people, and the house of Israel.
12 Hulle het tot die aand toe oor Sha'ul en oor sy seun Y'honatan en vir die volk van הוהי en vir die huis van Yisra'el gerou, gehuil en gevas omdat hulle deur die swaard geval het.
13 David inquired of the young man who had brought him the report, "Where are you from? " "I'm the son of a foreigner," he said. "I'm an Amalekite."
13 Dawid vra vir die jongman wat hom vertel het: "Waar kom jy vandaan?" Hy antwoord: "Ek is die seun van 'n vreemdeling, 'n `Amalekiet."
14 David questioned him, "How is it that you were not afraid to lift your hand to destroy the LORD's anointed? "
14 Toe sê Dawid vir hom: "Hoe is dit dat jy nie bang was om jou hand uit te steek om die gesalfde van הוהי dood te maak nie?"
15 Then David summoned one of his servants and said, "Come here and kill him! " The servant struck him, and he died.
15 Dawid roep een van die jongmanne en sê: "Gaan, slaan hom neer!" Hy het hom neergeslaan en hy is dood.
16 For David had said to the Amalekite, "Your blood is on your own head because your own mouth testified against you by saying, 'I killed the LORD's anointed.' "
16 Dawid het vir hom gesê: "Jou bloed is op jou kop, want jou mond het teen jou getuig omdat jy sê: "Ek het die gesalfde van הוהי doodgemaak."
17 David sang the following lament for Saul and his son Jonathan,
17 Toe het Dawid hierdie klaaglied geneurie oor Sha'ul en sy seun Y'honatan
18 and he ordered that the Judahites be taught The Song of the Bow. It is written in the Book of Jashar:
18 en hy het beveel dat 'die Lied van die Boog' vir die seuns van Y'hudah geleer moet word; let op, dit is geskryf in die Boek van Yashar.
19 The splendor of Israel lies slain on your heights. How the mighty have fallen!
19 Jou eer en lof, o Yisra'el, lê dood op jou hoë plekke. Hoe het die helde geval!
20 Do not tell it in Gath, don't announce it in the marketplaces of Ashkelon, or the daughters of the Philistines will rejoice, and the daughters of the uncircumcised will gloat.
20 Moenie daarvan praat in Gat nie; moet dit nie verkondig op die strate van Ashkelon nie, anders sal die dogters van die F'lishtyne hulle verheug, die dogters van die onbesnedenes sal juig!
21 Mountains of Gilboa, let no dew or rain be on you, or fields of offerings, for there the shield of the mighty was defiled — the shield of Saul, no longer anointed with oil.

21 Berge van Gilboa, mag daar op julle geen dou, geen reën en geen velde van offergawes wees nie, want daar is die skild van die magtiges beswadder, die skild van Sha'ul nie met olie gesalf nie!
22 Jonathan's bow never retreated, Saul's sword never returned unstained, from the blood of the slain, from the bodies of the mighty.
22 Vanaf die bloed van die gesneuweldes, vanaf die vet van die magtiges het die boog van Y'honatan nie teruggedraai nie en die swaard van Sha'ul het nie leeg teruggekeer nie.
23 Saul and Jonathan, loved and delightful, they were not parted in life or in death. They were swifter than eagles, stronger than lions.
23 Sha'ul en Y'honatan, geliefdes en aangenaam in hulle lewe en in hulle dood is hulle nie geskei nie. Vinniger as arende was hulle, sterker as leeus.
24 Daughters of Israel, weep for Saul, who clothed you in scarlet, with luxurious things, who decked your garments with gold ornaments.
24 Dogters van Yisra'el, huil oor Sha'ul wat julle weelderig met skarlaken beklee het, wat goue versiersels op julle klere gesit het.
25 How the mighty have fallen in the thick of battle! Jonathan lies slain on your heights.
25 Hoe het die helde geval te midde van die geveg! Y'honatan lê verslaan op jou hoë plekke.
26 I grieve for you, Jonathan, my brother. You were such a friend to me. Your love for me was more wonderful than the love of women.
26 Ek is ontsteld oor jou, my broer Y'honatan! Jy was baie aangenaam vir my; jou liefde vir my was
wonderliker as die liefde van vroue.
27 How the mighty have fallen and the weapons of war have perished!
27 Hoe het die magtiges geval en is die oorlogswapens vernietig!

2Samuel2

1 Some time later, David inquired of the LORD: "Should I go to one of the towns of Judah? " The LORD answered him, "Go." Then David asked, "Where should I go? " "To Hebron," the LORD replied.
1 Daarna het dit gebeur dat Dawid יהוה geraadpleeg en gevra het: "Sal ek opgaan na een van die stede van Y'hudah?" יהוה het hom geantwoord: "Gaan op." Dawid sê toe: "Waarheen moet ek opgaan?" Hy antwoord: "Na Hevron."
2 So David went there with his two wives, Ahinoam the Jezreelite and Abigail, the widow of Nabal the Carmelite.
2 Dawid het daarheen opgegaan, asook sy twee vroue, Agino'am uit Yizre'el en Avigayil, die weduwee van Naval, van Karmel.
3 In addition, David brought the men who were with him, each one with his household, and they settled in the towns near Hebron.

3 Dawid het sy manne wat by hom was, laat opkom, elkeen met sy huishouding en hulle het in die stede van Hevron gebly.
4 Then the men of Judah came, and there they anointed David king over the house of Judah. They told David: "It was the men of Jabesh-gilead who buried Saul."
4 Toe het die manne van Y'hudah gekom en Dawid daar as koning oor die huis van Y'hudah gesalf en vir Dawid vertel en gesê: "Dit was die manne van Javesh-Gil'ad wat Sha'ul begrawe het."
5 David sent messengers to the men of Jabesh-gilead and said to them, "The LORD bless you, because you have shown this kindness to Saul your lord when you buried him.
5 Dawid het boodskappers na die manne van Javesh-Gil'ad gestuur en vir hulle gesê: "Mag julle geseënd wees deur יהוה omdat julle hierdie omgee bewys het aan Sha'ul, julle meester en hom begrawe het.
6 Now, may the LORD show kindness and faithfulness to you, and I will also show the same goodness to you because you have done this deed.
6 Mag יהוה julle nou liefdevolle omgee en waarheid bewys en ek self sal ook hierdie goedheid aan julle bewys omdat julle hierdie ding gedoen het;
7 Therefore, be strong and courageous, for though Saul your lord is dead, the house of Judah has anointed me king over them."
7 daarom, laat julle hande onveranderlik sterk wees en wees dapper, want Sha'ul, julle meester is dood en ook het die huis van Y'hudah my as koning oor hulle gesalf."
8 Abner son of Ner, commander of Saul's army, took Saul's son Ish-bosheth and moved him to Mahanaim.
8 Avner, die seun van Ner, die bevelvoerder van Sha'ul se leër, het egter vir Ish-Boshet, Sha'ul se seun,
gevat en hom oorgebring na Maganayim.
9 He made him king over Gilead, Asher, Jezreel, Ephraim, Benjamin — over all Israel.
9 Hy het hom koning gemaak oor Gil'ad, oor die Ashuriete, oor Yizra'el, oor Efrayim, oor Binyamin en oor die hele Yisra'el.
10 Saul's son Ish-bosheth was 40 years old when he began his reign over Israel; he ruled for two years. The house of Judah, however, followed David.
10 Ish-Boshet, Sha'ul se seun, was veertig jaar oud toe hy koning geword het oor Yisra'el en hy was koning vir twee jaar. Die huis van Y'hudah het egter vir Dawid gevolg.
11 The length of time that David was king in Hebron over the house of Judah was seven years and six months.
11 Die tyd wat Dawid koning was in Hevron oor die huis van Y'hudah, was sewe jaar en ses maande.
12 Abner son of Ner and soldiers of Ish-bosheth son of Saul marched out from Mahanaim to Gibeon.
12 Avner, die seun van Ner, met die diensknegte van Ish-Boshet, die seun van

Sha’ul, het vanuit Maganayim na Giv’on gegaan.
13 So Joab son of Zeruiah and David’s soldiers marched out and met them by the pool of Gibeon. The two groups took up positions on opposite sides of the pool.
13 Yo’av, die seun van Tz’ruyah, met die diensknegte van Dawid het uitgegaan en hulle ontmoet by die poel van Giv’on en hulle het gaan sit, een aan die een kant van die poel en een aan die ander kant.
14 Then Abner said to Joab, “Let’s have the young men get up and compete in front of us.” “Let them get up,” Joab replied.
14 Toe sê Avner vir Yo’av: “Laat die jongmanne nou opstaan en ’n kompetisie voor ons hou.” Yo’av sê: “Laat hulle opstaan.”
15 So they got up and were counted off — 12 for Benjamin and Ish-bosheth son of Saul, and 12 from David’s soldiers.
15 Toe het hulle opgestaan en volgens getal oorgegaan: twaalf is vir Binyamin en Ish-Boshet, die seun van Sha’ul, afgetel en twaalf van die diensknegte van Dawid.
16 Then each man grabbed his opponent by the head and thrust his sword into his opponent’s side so that they all died together. So this place, which is in Gibeon, is named Field of Blades.
16 Elkeen van hulle het die ander aan die kop gegryp en sy swaard in sy opponent se sy gesteek sodat hulle saam geval het; daarom noem hulle dié plek Helkat-Hatzurim, wat by Giv’on is.
17 The battle that day was extremely fierce, and Abner and the men of Israel were defeated by David’s soldiers.
17 Daardie dag was die geveg baie hewig en Avner en die manne van Yisra’el is verslaan voor die diensknegte van Dawid.
18 The three sons of Zeruiah were there: Joab, Abishai, and Asahel. Asahel was a fast runner, like one of the wild gazelles.
18 Die drie seuns van Tz’ruyah was daar: Yo’av, Avishai en `Asah’el. `Asah’el was so vlugvoetig soos een van die bokke wat in die veld is.
19 He chased Abner and did not turn to the right or the left in his pursuit of him.
19 `Asah’el het Avner agtervolg en het nie regs of links afgedraai om Avner te agtervolg nie.
20 Abner glanced back and said, “Is that you, Asahel? ” “Yes it is,” Asahel replied.
20 Toe kyk Avner agter hom om en sê: “Is dit jy, `Asah’el?” Hy antwoord: “Dit is ek.”
21 Abner said to him, “Turn to your right or left, seize one of the young soldiers, and take whatever you can get from him.” But Asahel would not stop chasing him.
21 Avner sê vir hom: “Draai uit na jou regter- of linkerhand en gryp vir jou een van die jongmanne vir jouself en vat sy buit vir jouself.” `Asah’el was egter nie gewillig om weg te draai daarvan om hom te volg nie.

22 Once again, Abner warned Asahel, “Stop chasing me. Why should I strike you to the ground? How could I ever look your brother Joab in the face? ”
22 Avner herhaal weer vir `Asah’el: “Draai weg daarvan om my te volg. Hoekom moet ek jou teen die grond slaan? Hoe kan ek dan my gesig oplig om jou broer Yo’av in die gesig te kyk?”
23 But Asahel refused to turn away, so Abner hit him in the stomach with the end of his spear. The spear went through his body, and he fell and died right there. When all who came to the place where Asahel had fallen and died, they stopped,
23 Hy het egter geweier om weg te draai; daarom het Avner hom met die agterkant van die spies in die onderlyf gesteek sodat die spies agter hom uitgekom het en hy daar neergeval en op die plek gesterf het. Dit het gebeur dat almal wat aangekom het by die plek waar `Asah’el geval en gesterf het, stilgestaan het,
24 but Joab and Abishai pursued Abner. By sunset, they had gone as far as the hill of Ammah, which is opposite Giah on the way to the wilderness of Gibeon.
24 maar Yo’av en Avishai het Avner agtervolg en toe die son ondergaan het hulle by die heuwel van Ammah gekom wat voor Giag lê, op die wildernispad van Giv’on.
25 The Benjaminites rallied to Abner; they formed a single unit and took their stand on top of a hill.
25 Die seuns van Binyamin het agter Avner bymekaargekom en een groep geword en hulle het op die top van ’n sekere heuwel gestaan.
26 Then Abner called out to Joab: “Must the sword devour forever? Don’t you realize this will only end in bitterness? How long before you tell the troops to stop pursuing their brothers? ”
26 Toe roep Avner na Yo’av en sê: “Moet die swaard vir ewig verteer? Weet jy nie dat dit bitter sal wees aan die einde nie? Hoe lank gaan jy terughou om aan die manne te sê dat hulle moet terugdraai daarvan om hulle broers te volg?”
27 “As God lives,” Joab replied, “if you had not spoken up, the troops wouldn’t have stopped pursuing their brothers until morning.”
27 Yo’av antwoord: “So waar as God leef, as jy nie gepraat het nie, sou die manne sekerlik in die oggend weggegaan het, elkeen daarvan om sy broer te volg.”
28 Then Joab blew the ram’s horn, and all the troops stopped; they no longer pursued Israel or continued to fight.
28 Toe blaas Yo’av op die ramshoring en al die manne het stilgestaan en Yisra’el nie langer gevolg nie en ook nie aangehou veg nie.
29 So Abner and his men marched through the Arabah all that night. They crossed the Jordan, marched all morning, and arrived at Mahanaim.
29 Avner en sy manne het toe daardie hele nag deur die Vlakte gegaan en deur die Yarden getrek, die hele oggend geloop en by Maganayim gekom.

5 When this was reported to David, he sent someone to meet them, since they were deeply humiliated. The king said, “Stay in Jericho until your beards grow back; then return.”
5 Toe hulle dit vir Dawid vertel, het hy gestuur om hulle tegemoet te gaan, want die manne was baie verneder. Die koning het gesê: “Bly in Yerigo totdat julle baarde gegroei het en kom dan terug.
6 When the Ammonites realized they had become repulsive to David, they hired 20,000 foot soldiers from the Arameans of Beth-rehob and Zobah, 1,000 men from the king of Maacah, and 12,000 men from Tob.
6 Toe die seuns van `Ammon sien dat hulle gehaat geword het by Dawid, het die seuns van `Ammon gestuur en die Arameërs van Beit-Regov en die

Arameërs van Zobah gehuur, twintig duisend voetsoldate en die koning van Ma'akhah met een duisend man en die manne van Tov met twaalf duisend man.
7 David heard about it and sent Joab and all the fighting men.
7 Toe Dawid dit hoor, het hy Yo'av met die hele leër, die magtige manne, gestuur.
8 The Ammonites marched out and lined up in battle formation at the entrance to the city gate while the Arameans of Zobah and Rehob and the men of Tob and Maacah were in the field by themselves.
8 Die seuns van `Ammon het uitgekom en in gevegsorde opgestel by die ingang van die poort terwyl die
Arameërs van Zobah en Regov en die manne van Tov en Ma'akhah by hulleself in die veld was.
9 When Joab saw that there was a battle line in front of him and another behind him, he chose some men out of all the elite troops of Israel and lined up in battle formation to engage the Arameans.
9 Toe Yo'av sien dat die geveg opgestel is teen hom van voor sowel as van agter, het hy uit al die uitgesoektes in Yisra'el gekies en hulle opgestel teen die Arameërs,
10 He placed the rest of the forces under the command of his brother Abishai who lined up in battle formation to engage the Ammonites.
10 maar die oorblewende manskappe het hy onder bevel van sy broer Avishai gesit en dié het hy opgestel teen die seuns van `Ammon.
11 "If the Arameans are too strong for me," Joab said, "then you will be my help. However, if the Ammonites are too strong for you, I'll come to help you.
11 Hy het gesê: "As die Arameërs vir my te sterk is, dan moet jy my help, maar as die seuns van `Ammon te sterk is vir jou, sal ek kom om jou te help.
12 Be strong! We must prove ourselves strong for our people and for the cities of our God. May the LORD's will be done."
12 Wees onveranderlik sterk en laat ons onsself dapper wys aan ons mense en aan die stede van ons God. Mag יהוה dan doen wat goed is in Sy oë!"
13 Joab and his troops advanced to fight against the Arameans, and they fled before him.
13 Yo'av en die manne wat by hom was, het nadergegaan aan die geveg met die Arameërs en hulle het voor hom gevlug.
14 When the Ammonites saw that the Arameans had fled, they too fled before Abishai and entered the city. So Joab withdrew from the attack against the Ammonites and went to Jerusalem.
14 Toe die seuns van `Ammon sien dat die Arameërs vlug, het hulle ook voor Avishai gevlug en die stad ingegaan. Toe het Yo'av teruggekom van die geveg met die seuns van `Ammon en in Yerushalayim gekom.
15 When the Arameans saw that they had been defeated by Israel, they regrouped.
15 Toe die Arameërs sien dat hulle deur Yisra'el verslaan is, het hulle hulself

bymekaar gebring.
16 Hadadezer sent messengers to bring the Arameans who were across the Euphrates River, and they came to Helam with Shobach, commander of Hadadezer's army, leading them.
16 Hadad'ezer het gestuur en die Arameërs van oorkant die Rivier (Eufraat) laat bring en hulle het na Heilam gekom. Shovakh, die bevelvoerder van Hadad'ezer se leër, het hulle gelei.
17 When this was reported to David, he gathered all Israel, crossed the Jordan, and went to Helam. Then the Arameans lined up in formation to engage David in battle and fought against him.
17 Nou toe dit vir Dawid vertel is, het hy die hele Yisra'el bymekaargemaak, deur die Yarden gegaan en by Heilam gekom en die Arameërs het hulleself opgestel om Dawid te ontmoet en teen hom baklei,
18 But the Arameans fled before Israel, and David killed 700 of their charioteers and 40,000 foot soldiers. He also struck down Shobach commander of their army, who died there.
18 maar die Arameërs het voor Yisra'el gevlug en Dawid het een duisend sewe honderd strydwadrywers en veertig duisend ruiters van die Arameërs gedood en Shovakh, die bevelvoerder van hul leër, neergeslaan en hy het daar gesterf.
19 When all the kings who were Hadadezer's subjects saw that they had been defeated by Israel, they made peace with Israel and became their subjects. After this, the Arameans were afraid to ever help the Ammonites again.
19 Toe al die konings, onderhorig aan Hadad'ezer, sien dat hulle voor Yisra'el verslaan is, het hulle met Yisra'el vrede gesluit en hulle gedien. Die Arameërs was bang om weer die seuns van `Ammon te help.

2Samuel11

1 In the spring when kings march out to war, David sent Joab with his officers and all Israel. They destroyed the Ammonites and besieged Rabbah, but David remained in Jerusalem.
1 Toe het dit in die lente, wanneer die konings uittrek, gebeur dat Dawid vir Yo'av, sy diensknegte saam met hom en die hele Yisra'el uitstuur en hulle het die seuns van `Ammon vernietig en Rabbah beleër, maar Dawid het in Yerushalayim gebly.
2 One evening David got up from his bed and strolled around on the roof of the palace. From the roof he saw a woman bathing — a very beautiful woman.
2 Met sonsondergang het Dawid van sy bed af opgestaan en op die dak van die paleis rondgeloop en van die dak af het hy 'n vrou gesien wat besig was om te bad en die vrou was baie mooi in voorkoms.
3 So David sent someone to inquire about her, and he reported, "This is Bathsheba, daughter of Eliam and wife of Uriah the Hittite."
3 Dawid het gestuur en navraag gedoen na die vrou en een het gesê: "Is dit nie BatSh'va, die dogter van Eli'am, die vrou van Uriyah, die Hittiet, nie?
4 David sent messengers to get her, and when she came to him, he slept with her. Now she had just been purifying herself from her uncleanness. Afterward, she returned home.
4 Dawid het boodskappers gestuur en haar laat haal en toe sy by hom kom, het hy by haar gelê en nadat sy haar van haar onreinheid gereinig het, het sy teruggekeer na haar huis.
5 The woman conceived and sent word to inform David: "I am pregnant."
5 Die vrou het swanger geword, gestuur en Dawid vertel en gesê: "Ek is swanger."
6 David sent orders to Joab: "Send me Uriah the Hittite." So Joab sent Uriah to David.
6 Toe het Dawid na Yo'av gestuur: "Stuur Uriyah, die Hittiet, na my toe." Yo'av het vir Uriyah na Dawid toe gestuur.
7 When Uriah came to him, David asked how Joab and the troops were doing and how the war was going.
7 Toe Uriyah by hom kom, vra Dawid of dit goed gaan met Yo'av, die manskappe en die stand van die oorlog.
8 Then he said to Uriah, "Go down to your house and wash your feet." So Uriah left the palace, and a gift from the king followed him.
8 Toe sê Dawid vir Uriyah: "Gaan af na jou huis toe en was jou voete." Uriyah het uit die paleis uitgegaan en 'n geskenk van die koning is agter hom aan gestuur.
9 But Uriah slept at the door of the palace with all his master's servants; he did not go down to his house.
9 Uriyah het egter by die deur van die paleis geslaap saam met al die

diensknegte van sy meester en nie na sy huis afgegaan nie.
10 When it was reported to David, “Uriah didn’t go home,” David questioned Uriah, “Haven’t you just come from a journey? Why didn’t you go home? ”
10 Toe het hulle Dawid vertel en gesê: “Uriyah het nie na sy huis afgegaan nie.” Dawid vra toe vir Uriyah: “Kom jy nie van ’n reis af nie? Waarom gaan jy nie af na jou huis toe nie?”
11 Uriah answered David, “The ark, Israel, and Judah are dwelling in tents, and my master Joab and his soldiers are camping in the open field. How can I enter my house to eat and drink and sleep with my wife? As surely as you live and by your life, I will not do this! ”
11 Uriyah sê vir Dawid: “Die ark, Yisra’el en Y’hudah bly in tydelike skuilings en my meester Yo’av en die diensknegte van my meester kamp in die oop veld. Sou ek dan na my huis toe gaan om te eet en te drink en by my vrou te lê? So waar as u leef en lewe in u is, ek sal dit nie doen nie!”
12 “Stay here today also,” David said to Uriah, “and tomorrow I will send you back.” So Uriah stayed in Jerusalem that day and the next.
12 Dawid sê vir Uriyah: “Bly vandag ook hier en môre sal ek jou laat gaan.” Uriyah het daardie dag en die volgende in Yerushalayim gebly.
13 Then David invited Uriah to eat and drink with him, and David got him drunk. He went out in the evening to lie down on his cot with his master’s servants, but he did not go home.
13 Dawid het hom geroep en hy het voor hom geëet en gedrink en hy het hom dronk gemaak en met sonsondergang het hy uitgegaan om op sy slaapplek by die diensknegte van sy meester te gaan slaap, maar hy het nie afgegaan na sy huis toe nie.
14 The next morning David wrote a letter to Joab and sent it with Uriah.
14 In die oggend skryf Dawid ’n brief aan Yo’av en stuur dit saam met Uriyah.
15 In the letter he wrote: Put Uriah at the front of the fiercest fighting, then withdraw from him so that he is struck down and dies.
15 Hy het in die brief geskryf en gesê: “Sit Uriyah op die voorpunt van die hewigste geveg en onttrek van hom af sodat hy neergeslaan kan word en sterf.”
16 When Joab was besieging the city, he put Uriah in the place where he knew the best enemy soldiers were.
16 So was dit dat terwyl Yo’av die stad verken, hy Uriyah op ’n plek sit waar hy geweet het daar dapper manne is.
17 Then the men of the city came out and attacked Joab, and some of the men from David’s soldiers fell
in battle; Uriah the Hittite also died.
17 Die manne van die stad het uitgegaan en teen Yo’av geveg en sommige van die manne, van die diensknegte van Dawid, het geval en Uriyah, die Hittiet, het ook gesterf.
18 Joab sent someone to report to David all the details of the battle.
18 Toe stuur Yo’av om aan Dawid die hele verloop van die geveg te

rapporteer.
19 He commanded the messenger, “When you’ve finished telling the king all the details of the battle —
19 Hy het die boodskapper beveel en gesê: “Wanneer jy klaar die hele verloop van die geveg aan die koning vertel het
20 if the king’s anger gets stirred up and he asks you, ‘Why did you get so close to the city to fight? Didn’t you realize they would shoot from the top of the wall?
20 en dit gebeur dat die woede van die koning opkom en hy vir jou sê: ‘Waarom het julle so naby die stad gegaan om te veg? Het julle dan nie geweet dat hulle bo van die muur af sou skiet nie?
21 At Thebez, who struck Abimelech son of Jerubbesheth? Didn’t a woman drop an upper millstone on him from the top of the wall so that he died? Why did you get so close to the wall? ’ — then say, ‘Your servant Uriah the Hittite is dead also.’ ”
21 Wie het Avimelekh, die seun van Yerubbeshet, verslaan? Het ’n vrou nie ’n boonste meulsteen van bo van die muur af op hom gegooi sodat hy in Tevetz gesterf het nie? Waarom het julle so naby die muur gekom?’ Dan moet jy sê: ‘U dienskneg Uriyah, die Hittiet, is ook dood!’”
22 Then the messenger left. When he arrived, he reported to David all that Joab had sent him to tell.
22 Die boodskapper het gegaan en gekom en aan Dawid alles rapporteer wat Yo’av vir hom gestuur het om te vertel.
23 The messenger reported to David, “The men gained the advantage over us and came out against us in the field, but we counterattacked right up to the entrance of the gate.
23 Die boodskapper het vir Dawid gesê: “Die manne was vir ons te sterk en het teen ons uitgekom in die veld, maar ons het hulle teruggedruk tot by die ingang van die poort.
24 However, the archers shot down on your soldiers from the top of the wall, and some of the king’s soldiers died. Your servant Uriah the Hittite is also dead.”
24 Meer nog, die boogskutters het bo van die muur af op u diensknegte geskiet; sommige van die koning se diensknegte is dood en u dienskneg, Uriyah, die Hittiet, is ook dood.”
25 David told the messenger, “Say this to Joab: ‘Don’t let this matter upset you because the sword devours all alike. Intensify your fight against the city and demolish it.’ Encourage him.”
25 Toe het Dawid vir die boodskapper gesê: “So moet jy vir Yo’av sê: ‘Moenie dat hierdie saak jou ontevrede stel nie, want die swaard verteer die een sowel as die ander; maak jou geveg teen die stad onveranderlik sterker en verwoes dit.’ So moet jy hom bemoedig.”
26 When Uriah’s wife heard that her husband Uriah had died, she mourned for him.

26 Toe die vrou van Uriyah hoor dat Uriyah, haar man, dood is, het sy oor haar man gerou.
27 When the time of mourning ended, David had her brought to his house. She became his wife and bore him a son. However, the LORD considered what David had done to be evil.
27 Toe die routyd verby was, het Dawid gestuur en haar na sy huis toe gebring en sy het sy vrou geword. Toe het sy vir hom geboorte gegee aan ’n seun, maar die ding wat Dawid gedoen het, was boos in die oë van יהוה.

2Samuel12

1 So the LORD sent Nathan to David. When he arrived, he said to him: There were two men in a certain city, one rich and the other poor.
1 Toe stuur יהוה Natan na Dawid toe en hy het by hom gekom en gesê: “Daar was twee manne in ’n stad, die een was ryk en die ander arm.
2 The rich man had a large number of sheep and cattle,
2 Die ryk man het ’n groot menigte kleinvee en beeste gehad,
3 but the poor man had nothing except one small ewe lamb that he had bought. He raised it, and it grew up, living with him and his children. It shared his meager food and drank from his cup; it slept in his arms, and it was like a daughter to him.
3 maar die arm man het niks gehad nie, behalwe een klein ooilammetjie wat hy gekoop en versorg het en wat saam met hom en sy kinders groot geword het. Dit het van sy brood geëet en uit sy beker gedrink en aan sy bors gelê en dit was vir hom soos ’n dogter.
4 Now a traveler came to the rich man, but the rich man could not bring himself to take one of his own sheep or cattle to prepare for the traveler who had come to him. Instead, he took the poor man’s lamb and prepared it for his guest.
4 ’n Reisiger het by die ryk man gekom en hy was onwillig om van sy eie kleinvee of beeste te vat om vir die reisiger, wat by hom gekom het, iets voor te berei; hy het eerder die arm man se ooilam gevat en dit vir die man wat by hom gekom het voorberei.”
5 David was infuriated with the man and said to Nathan: “As the LORD lives, the man who did this deserves to die!
5 Toe het Dawid se woede ontvlam teen die man en hy het vir Natan gesê: “So waar as יהוה leef, die man wat dit gedoen het, verdien om te sterf!
6 Because he has done this thing and shown no pity, he must pay four lambs for that lamb.”
6 Hy moet viervoudig restitusie doen vir die lam omdat hy hierdie ding gedoen het en geen omgee gehad het nie.”
7 Nathan replied to David, “You are the man! This is what the LORD God of Israel says: ‘I anointed you king over Israel, and I delivered you from the hand

of Saul.

7 Natan sê toe vir Dawid: "U is die man! So sê יהוה, die God van Yisra'el: 'Dit is Ék wat jou as koning gesalf het oor Yisra'el en dit is Ék wat jou bevry het uit die hand van Sha'ul.

8 I gave your master's house to you and your master's wives into your arms, and I gave you the house of Israel and Judah, and if that was not enough, I would have given you even more.

8 Ek het ook die huis van jou meester vir jou gegee en die vroue van jou meester onder jou sorg en Ek
het die huis van Yisra'el en van Y'hudah vir jou gegee en as dit te min was, sou Ek baie meer dinge soos hierdie byvoeg.'

9 Why then have you despised the command of the LORD by doing what I consider evil? You struck down Uriah the Hittite with the sword and took his wife as your own wife — you murdered him with the Ammonite's sword.

9 Waarom het jy die boodskap van יהוה verag deur te doen wat verkeerd is in Sy oë? Jy het Uriyah, die Hittiet, met die swaard neergeslaan, sy vrou het jy vir jou as vrou gevat en hom deur die swaard van die seuns van `Ammon vermoor.

10 Now therefore, the sword will never leave your house because you despised Me and took the wife of Uriah the Hittite to be your own wife.'

10 Nou, daarom sal die swaard nooit van jou huis af weggaan nie, omrede jy My verag het en die vrou van Uriyah, die Hittiet, gevat het om jou vrou te wees.

11 "This is what the LORD says, 'I am going to bring disaster on you from your own family: I will take your wives and give them to another before your very eyes, and he will sleep with them publicly.

11 So sê יהוה: 'Let op, Ek sal boosheid opwek teen jou vanuit jou eie huishouding; Ek sal selfs jou vroue voor jou oë vat en aan jou naaste gee en hy sal in helder daglig by jou vroue lê.

12 You acted in secret, but I will do this before all Israel and in broad daylight.' "

12 Jy het dit weliswaar in die geheim gedoen, maar Ek sal hierdie ding doen voor die hele Yisra'el en in die helder daglig.'"

13 David responded to Nathan, "I have sinned against the LORD." Then Nathan replied to David, "The LORD has taken away your sin; you will not die.

13 Toe sê Dawid vir Natan: "Ek het gesondig teen יהוה!" Natan sê vir Dawid: "So het יהוה dan ook u sonde verwyder; u sal nie sterf nie,

14 However, because you treated the LORD with such contempt in this matter, the son born to you will die."

14 maar omdat u die vyande van יהוה deur hierdie saak geleentheid gegee het om kwaad te praat, sal die kind wat vir u gebore is, sekerlik sterf."

15 Then Nathan went home. The LORD struck the baby that Uriah's wife had borne to David, and he became ill.

15 Natan het na sy huis toe gegaan. Toe het יהוה die seun, waaraan die weduwee van Uriyah vir Dawid geboorte gegee het, getref sodat hy ernstig siek was.
16 David pleaded with God for the boy. He fasted, went home, and spent the night lying on the ground.
16 Dawid het daarom navraag gedoen by God vir die kind en Dawid het gevas en gegaan en die hele nag op die grond gelê.
17 The elders of his house stood beside him to get him up from the ground, but he was unwilling and would not eat anything with them.
17 Die oudstes van sy huishouding het langs hom gestaan om hom van die grond af op te tel, maar hy wou nie en het ook nie kos saam met hulle geëet nie.
18 On the seventh day the baby died. But David's servants were afraid to tell him the baby was dead. They said, "Look, while the baby was alive, we spoke to him, and he wouldn't listen to us. So how can we tell him the baby is dead? He may do something desperate."
18 Toe het dit op die sewende dag gebeur dat die seun sterf. Dawid se diensknegte was bang om hom te vertel dat die seun dood is, want hulle het gesê: "Let op, toe die seun nog gelewe het, het ons met hom gepraat en hy het nie na ons stem geluister nie. Hoe kan ons dan vir hom sê: 'Die seun is dood,' aangesien hy homself skade kan aandoen.'"
19 When David saw that his servants were whispering to each other, he guessed that the baby was dead. So he asked his servants, "Is the baby dead? " "He is dead," they replied.
19 Toe Dawid egter sien dat sy diensknegte onder mekaar fluister, het Dawid verstaan dat die seun dood is. Dawid vra vir sy diensknegte: "Is die seun dood?" Hulle antwoord: "Hy is dood."
20 Then David got up from the ground. He washed, anointed himself, changed his clothes, went to the LORD's house, and worshiped. Then he went home and requested something to eat. So they served him food, and he ate.
20 Dawid het van die grond af opgestaan, hom gewas en gesalf en ander klere aangetrek, in die huis van יהוה ingegaan en aanbid. Toe het hy na sy eie huis gekom en toe hy gevra het, het hulle kos voor hom gesit en hy het geëet.
21 His servants asked him, "What did you just do? While the baby was alive, you fasted and wept, but when he died, you got up and ate food."
21 Toe vra sy dienaars vir hom: "Wat is die ding wat u gedoen het? Terwyl die seun lewend was, het u gevas en gehuil, maar toe die seun sterf, het u opgestaan en kos geëet."
22 He answered, "While the baby was alive, I fasted and wept because I thought, 'Who knows? The LORD may be gracious to me and let him live.'
22 Hy antwoord: "Toe die seun nog gelewe het, het ek gevas en gehuil, want

ek het gedink: 'Wie weet, הוהי mag onverdiende guns aan my bewys dat die seun mag leef,'
23 But now that he is dead, why should I fast? Can I bring him back again? I'll go to him, but he will never return to me."
23 maar nou is hy dood; hoekom sou ek vas? Kan ek hom weer terugbring? Ek sal na hom toe gaan, maar hy sal nie na my toe terugkeer nie."
24 Then David comforted his wife Bathsheba; he went and slept with her. She gave birth to a son and named him Solomon. The LORD loved him,
24 Toe het Dawid sy vrou Bat-Sh'va vertroos en by haar ingegaan en by haar gelê en sy het geboorte gegee aan 'n seun en hy het hom Shlomo genoem. הוהי het hom liefgehad
25 and He sent a message through Nathan the prophet, who named him Jedidiah, because of the LORD.
25 en 'n boodskap deur Natan, die profeet, gestuur en hy het hom Y'didyah laat noem, ter wille van הוהי.
26 Joab fought against Rabbah of the Ammonites and captured the royal fortress.
26 Yo'av het teen Rabbah van die seuns van `Ammon geveg en die koninklike stad oorgeneem.
27 Then Joab sent messengers to David to say, "I have fought against Rabbah and have also captured the water supply.
27 Yo'av het boodskappers na Dawid toe gestuur om te sê: "Ek het teen Rabbah geveg, ek het die koninklike stad oorgeneem;
28 Now therefore, assemble the rest of the troops, lay siege to the city, and capture it. Otherwise I will be the one to capture the city, and it will be named after me."
28 daarom, maak die res van die manne bymekaar en beleër die stad en neem dit oor, of ék sal die stad self oorneem en dit sal na my vernoem word."
29 So David assembled all the troops and went to Rabbah; he fought against it and captured it.
29 Dawid maak al die manne bymekaar en gaan na Rabbah, veg daarteen en neem dit oor.
30 He took the crown from the head of their king, and it was placed on David's head. The crown weighed 75 pounds of gold, and it had a precious stone in it. In addition, David took away a large quantity of plunder from the city.
30 Toe vat hy die kroon van hulle koning van sy kop af en die gewig daarvan was 'n talent goud, met 'n kosbare steen daarin en dit is op Dawid se kop gesit en hy het die buit van die stad in groot hoeveelhede uitgebring.
31 He removed the people who were in the city and put them to work with saws, iron picks, and iron axes, and to labor at brickmaking. He did the same to all the Ammonite cities. Then he and all his troops returned to Jerusalem.
31 Hy het ook die manne wat daarin was, uitgebring en laat werk by die sae,

skerp ysterinstrumente, ysterbyle en hulle laat oorgaan na die steenoonde en so het hy met al die stede van die seuns van `Ammon gedoen. Toe het Dawid en al die manne na Yerushalayim teruggekeer.

2Samuel13

1 Some time passed. David's son Absalom had a beautiful sister named Tamar, and David's son Amnon was infatuated with her.
1 Avshalom, die seun van Dawid, het 'n mooi suster gehad met die naam van Tamar en dit was hierna dat Amnon, die seun van Dawid, haar liefgehad het.
2 Amnon was frustrated to the point of making himself sick over his sister Tamar because she was a virgin, but it seemed impossible to do anything to her.
2 Amnon was so gefrustreerd oor sy suster Tamar dat hy homself siek gemaak het, want sy was 'n maagd en dit was in Amnon se oë moeilik om iets aan haar te doen,
3 Amnon had a friend named Jonadab, a son of David's brother Shimeah. Jonadab was a very shrewd man,
3 maar Amnon het 'n vriend gehad, met die naam van Yonadav, die seun van Dawid se broer Shim'ah en Yonadav was 'n baie skerpsinnige man.
4 and he asked Amnon, "Why are you, the king's son, so miserable every morning? Won't you tell me? " Amnon replied, "I'm in love with Tamar, my brother Absalom's sister."
4 Hy vra vir hom: "O, seun van die koning, waarom lyk jy so bedruk, oggend na oggend? Sal jy my nie vertel nie?" Toe sê Amnon vir hom: "Ek is lief vir Tamar, die suster van my broer Avshalom."
5 Jonadab said to him, "Lie down on your bed and pretend you're sick. When your father comes to see you, say to him, 'Please let my sister Tamar come and give me something to eat. Let her prepare food in my presence so I can watch and eat from her hand.' "
5 Toe sê Yonadav vir hom: "Lê op jou bed en maak of jy siek is. Wanneer jou vader kom om jou te sien, moet jy vir hom sê: 'Laat my suster Tamar asseblief kom en vir my iets gee om te eet en die ete voor my oë voorberei dat ek dit kan sien en uit haar hand uit eet.'"
6 So Amnon lay down and pretended to be sick. When the king came to see him, Amnon said to him, "Please let my sister Tamar come and make a couple of cakes in my presence so I can eat from her hand."
6 Amnon het gaan lê en gemaak of hy siek is. Toe die koning kom om hom te sien, sê Amnon vir die koning: "Laat my suster Tamar asseblief kom en 'n paar koeke voor my oë maak dat ek uit haar hand kan eet."
7 David sent word to Tamar at the palace: "Please go to your brother Amnon's house and prepare a meal for him."
7 Toe het Dawid na Tamar se huis gestuur en gesê: "Gaan nou na die huis van jou broer Amnon en berei vir hom ete voor."

8 Then Tamar went to his house while Amnon was lying down. She took dough, kneaded it, made cakes in his presence, and baked them.
8 Tamar gaan toe na die huis van haar broer Amnon en hy het gelê en sy het deeg gevat, dit geknie en koeke voor sy oë gemaak en die koeke gebak.
9 She brought the pan and set it down in front of him, but he refused to eat. Amnon said, “Everyone leave me! ” And everyone left him.
9 Sy het die pan gevat en dit voor hom uitgegooi, maar hy het geweier om te eet. Amnon het gesê: “Laat almal uitgaan van my af!” Almal het van hom af uitgegaan.
10 “Bring the meal to the bedroom,” Amnon told Tamar, “so I can eat from your hand.” Tamar took the cakes she had made and went to her brother Amnon’s bedroom.
10 Toe sê Amnon vir Tamar: “Bring die kos in die slaapkamer dat ek uit jou hand kan eet.” Tamar het die koeke wat sy gemaak het, gevat en vir haar broer Amnon in die slaapkamer gebring.
11 When she brought them to him to eat, he grabbed her and said, “Come sleep with me, my sister! ”
11 Toe sy dit na hom toe bring om te eet, het hy haar gegryp en vir haar gesê: “Kom lê by my, my suster!”
12 “Don’t, my brother! ” she cried. “Don’t humiliate me, for such a thing should never be done in Israel. Don’t do this horrible thing!
12 Sy antwoord hom egter: “Nee, my broer, onteer my nie, want so iets word nie in Yisra’el gedoen nie; moenie so ’n skandelike ding doen nie.
13 Where could I ever go with my disgrace? And you — you would be like one of the immoral men in Israel! Please, speak to the king, for he won’t keep me from you.”
13 Wat van my? Waar sou ék van my skande ontslae raak? Wat van jou? Jy sal wees soos een van die dwase in Yisra’el. Praat daarom asseblief met die koning, want hy sal my nie van jou terughou nie.”
14 But he refused to listen to her, and because he was stronger than she was, he raped her.
14 Hy wou egter nie na haar luister nie en aangesien hy sterker was as sy, het hy haar onteer en by haar gelê.
15 After this, Amnon hated Tamar with such intensity that the hatred he hated her with was greater than the love he had loved her with. “Get out of here! ” he said.
15 Toe het Amnon haar gehaat met ’n baie groot haat, want die haat waarmee hy haar gehaat het, was groter as die liefde waarmee hy haar liefgehad het. Amnon sê vir haar: “Staan op, gaan weg!”
16 “No,” she cried, “sending me away is much worse than the great wrong you’ve already done to me! ” But he refused to listen to her.
16 Sy sê egter vir hom: “Nee, want die verkeerde om my weg te stuur, is groter as die ander wat jy aan my gedoen het.” Tog wou hy nie na haar luister nie.

17 Instead, he called to the servant who waited on him: “Throw this woman out and bolt the door behind her! ”
17 Toe roep hy die jongman wat hom bedien en sê: “Gooi hierdie vrou uit my teenwoordigheid uit en sluit die deur agter haar toe.”
18 Amnon’s servant threw her out and bolted the door behind her. Now Tamar was wearing a long- sleeved garment, because this is what the king’s virgin daughters wore.
18 Sy het ’n rok met lang moue aangehad, want so het die maagdelike dogters van die koning aangetrek. Toe het sy bediende haar buitentoe gevat en die deur agter haar toegesluit.
19 Tamar put ashes on her head and tore the long-sleeved garment she was wearing. She put her hand on her head and went away crying out.
19 Tamar het as op haar kop gesit en haar rok met lang moue aan haar geskeur en sy het haar hand op haar kop gesit en al huilende weggegaan.
20 Her brother Absalom said to her: “Has your brother Amnon been with you? Be quiet for now, my sister. He is your brother. Don’t take this thing to heart.” So Tamar lived as a desolate woman in the house of her brother Absalom.
20 Toe het Avshalom, haar broer, vir haar gesê: “Was jou broer Amnon by jou? Swyg egter nou, my suster! Hy is jou broer, sit jou hart nie op hierdie saak nie.” So het Tamar as ’n verlatene in die huis van haar broer Avshalom gebly.
21 When King David heard about all these things, he was furious.
21 Toe koning Dawid van al hierdie dinge hoor, was hy baie kwaad,
22 Absalom didn’t say anything to Amnon, either good or bad, because he hated Amnon since he disgraced his sister Tamar.
22 maar Avshalom het nie met Amnon kwaad of goed gepraat nie, want Avshalom het Amnon gehaat omdat hy sy suster Tamar onteer het.
23 Two years later, Absalom’s sheepshearers were at Baal-hazor near Ephraim, and Absalom invited all the king’s sons.
23 Dit het gebeur na twee volle jare dat Avshalom skaapskeerders gehad het in Ba’al-Hatzor wat naby Efrayim is en Avshalom het al die koning se seuns genooi.
24 Then he went to the king and said, “Your servant has just hired sheepshearers. Will the king and his servants please come with your servant? ”
24 Avshalom het by die koning gekom en gesê: “Let op, u dienskneg het skaapskeerders. Laat die koning en sy diensknegte asseblief saam met u dienskneg gaan.”
25 The king replied to Absalom, “No, my son, we should not all go, or we would be a burden to you.” Although Absalom urged him, he wasn’t willing to go, though he did bless him.
25 Die koning sê egter vir Avshalom: “Nee, my seun, ons moenie almal gaan nie, want ons sal lastig wees vir jou.” Alhoewel hy by hom aangehou het, wou

hy nie gaan nie, maar het hom geseën.
26 “If not,” Absalom said, “please let my brother Amnon go with us.” The king asked him, “Why should he go with you? ”
26 Toe sê Avshalom: “So nie, laat my broer Amnon saam met ons gaan.” Die koning sê vir hom: “Waarom moet hy saam met jou gaan?”
27 But Absalom urged him, so he sent Amnon and all the king’s sons.
27 Toe Avshalom egter by hom aanhou, het hy Amnon en al die seuns van die koning saam met hom laat gaan.
28 Now Absalom commanded his young men, “Watch Amnon until he is in a good mood from the wine. When I order you to strike Amnon, then kill him. Don’t be afraid. Am I not the one who has commanded you? Be strong and courageous! ”
28 Avshalom het sy diensknegte beveel en gesê: “Kyk nou, wanneer Amnon se binneste vrolik is met wyn en wanneer ek vir julle sê: ‘Slaan Amnon dood,’ dan moet julle hom doodmaak. Moenie bang wees nie; het ékself julle nie beveel nie? Wees vol moed en dapper.”
29 So Absalom’s young men did to Amnon just as Absalom had commanded. Then all the rest of the king’s sons got up, and each fled on his mule.
29 Die diensknegte van Avshalom het met Amnon gedoen net soos Avshalom beveel het. Toe het al die seuns van die koning opgestaan en elkeen het op sy muil geklim en gevlug.
30 While they were on the way, a report reached David: “Absalom struck down all the king’s sons; not even one of them survived! ”
30 Nou dit was terwyl hulle op pad was dat die verslag by Dawid uitgekom het wat sê: “Avshalom het al die seuns van die koning doodgeslaan en nie een van hulle is oor nie.”
31 In response the king stood up, tore his clothes, and lay down on the ground, and all his servants stood by with their clothes torn.
31 Toe staan die koning op, skeur sy klere en gaan lê op die grond en al sy diensknegte het bygestaan met geskeurde klere.
32 But Jonadab, son of David’s brother Shimeah, spoke up: “My lord must not think they have killed all the young men, the king’s sons, because only Amnon is dead. In fact, Absalom has planned this ever since the day Amnon disgraced his sister Tamar.
32 Yonadav, die seun van Dawid se broer, Shim’ah, het geantwoord: “My meester moenie dink dat hulle al die jongmanne, die seuns van die koning, doodgemaak het nie, want Amnon alleen is dood omdat dit in Avshalom se beplanning bepaal is sedert die dag wat hy sy suster Tamar onteer het;
33 So now, my lord the king, don’t take seriously the report that says all the king’s sons are dead. Only Amnon is dead.”
33 daarom nou, my meester die koning moenie die verslag ‘al die koning se seuns is dood,’ ernstig opneem nie, want net Amnon is dood.
34 Meanwhile, Absalom had fled. When the young man who was standing watch looked up, there were many people coming from the road west of him

from the side of the mountain.
34 Avshalom het gevlug. Die jongman wat op wag was, lig sy oë op en kyk en let op, baie mense kom van die pad agter hom af, aan die kant van die berg.
35 Jonadab said to the king, “Look, the king’s sons have come! It’s exactly like your servant said.”
35 Yonadav sê vir die koning: “Let op, die seuns van die koning het gekom; volgens die woord van u dienskneg, so het dit gebeur.”
36 Just as he finished speaking, the king’s sons entered and wept loudly. Then the king and all his servants also wept bitterly.
36 Net toe hy klaar gepraat het, let op, kom die seuns van die koning en verhef hulle stemme en huil en ook die koning en al sy diensknegte het hard gehuil.
37 Now Absalom fled and went to Talmai son of Ammihud, king of Geshur. And David mourned for his son every day.
37 Avshalom het gevlug en na Talmai, die seun van `Ammihud, die koning van G’shur, gegaan. Dawid het elke dag oor sy seun gerou.
38 Absalom had fled and gone to Geshur where he stayed three years.
38 Avshalom het gevlug en na G’shur gegaan en was drie jaar lank daar.
39 Then King David longed to go to Absalom, for David had finished grieving over Amnon’s death.
39 Koning Dawid het verlang om na Avshalom uit te gaan, want hy was getroos aangaande Amnon, aangesien hy dood is.

2Samuel14

1 Joab son of Zeruiah observed that the king’s mind was on Absalom.
1 Yo’av, die seun van Tz’ruyah, het gesien dat die koning se verstand, wil en emosie na Avshalom uitgegaan het.
2 So Joab sent someone to Tekoa to bring a clever woman from there. He told her, “Pretend to be in mourning: dress in mourning clothes and don’t put on any oil. Act like a woman who has been mourning for the dead for a long time.
2 Yo’av het na T’koa gestuur en ’n wyse vrou van daar af laat haal en vir haar gesê: “Hou asseblief voor om een te wees wat rou en trek rouklere aan en moet jouself nie met olie salf nie, maar wees soos ’n vrou wat al baie dae rou oor ’n dooie.
3 Go to the king and speak these words to him.” Then Joab told her exactly what to say.
3 Gaan dan na die koning toe en praat so met hom.” Yo’av het die woorde in haar mond gelê.
4 When the woman from Tekoa came to the king, she fell with her face to the ground in homage and said, “Help me, my king! ”
4 Nou, toe die vrou uit T’koa met die koning praat, val sy op haar gesig op die grond en lê op die grond en het gesê: “Help, o koning!”

5 “What’s the matter? ” the king asked her. “To tell the truth, I am a widow; my husband died,” she said.
5 Die koning het vir haar gevra: “Wat is jou moeilikheid?” Sy het geantwoord: “Waarlik, ek is ’n weduwee, want my man is dood.
6 “Your servant had two sons. They were fighting in the field with no one to separate them, and one struck the other and killed him.
6 U dienares het twee seuns gehad, maar die twee van hulle het met mekaar geveg in die veld en daar was niemand om hulle uitmekaar te maak nie sodat een die ander geslaan en hom gedood het.
7 Now the whole clan has risen up against your servant and said, ‘Hand over the one who killed his brother so we may put him to death for the life of the brother he murdered. We will destroy the heir! ’ They would extinguish my one remaining ember by not preserving my husband’s name or posterity on earth.”
7 Nou let op, die hele familie het teen u dienares opgestaan en hulle sê: ‘Gee hom wat sy broer doodgeslaan het oor sodat ons hom kan doodmaak vir die lewe van sy broer wat hy vermoor het en die erfgenaam ook vernietig.’ So wil hulle dan my kool wat oorgebly het, uitdoof, om vir my man geen naam of oorblyfsel op die aardbodem te laat bly nie.”
8 The king told the woman, “Go home. I will issue a command on your behalf.”
8 Toe sê die koning vir die vrou: “Gaan na jou huis toe en ek sal aangaande jou bevele gee.”
9 Then the woman of Tekoa said to the king, “My lord the king, may any blame be on me and my father’s house, and may the king and his throne be innocent.”
9 Die vrou uit T’koa sê vir die koning: “My meester, die koning; die wetsoortreding is op my en my vader se huis, maar die koning en sy troon is skuldloos.”
10 “Whoever speaks to you,” the king said, “bring him to me. He will not trouble you again! ”
10 Die koning het gesê: “Wie ook al met jou praat, bring hom na my toe en hy sal nie weer aan jou raak nie.”
11 She replied, “Please, may the king invoke the LORD your God, so that the avenger of blood will not increase the loss, and they will not eliminate my son! ” “As the LORD lives,” he vowed, “not a hair of your son will fall to the ground.”
11 Toe sê sy: “Laat die koning asseblief יהוה, u God, onthou sodat die bloedwreker nie sal aanhou vernietig nie, anders sal hulle my seun vernietig.” Hy sê: “So waar as יהוה leef, nie een haar van jou seun sal op die grond val nie!”
12 Then the woman said, “Please, may your servant speak a word to my lord the king? ” “Speak,” he replied.
12 Toe sê die vrou: “Laat asseblief u dienares ’n woord met my meester die

koning praat." Hy antwoord: "Praat."
13 The woman asked, "Why have you devised something similar against the people of God? When the king spoke as he did about this matter, he has pronounced his own guilt. The king has not brought back his own banished one.
13 Die vrou sê: "Waarom het u dan so iets beplan teen die volk van God? Want deur hierdie woord te sê, is die koning, soos een wat skuldig is, deurdat die koning nie sy verstote een laat terugkom nie,
14 We will certainly die and be like water poured out on the ground, which can't be recovered. But God would not take away a life; He would devise plans so that the one banished from Him does not remain banished.
14 want ons sal sekerlik sterf en is soos water wat uitgegooi word op die grond, wat 'n mens nie weer kan bymekaarmaak nie. Tog vat God nie die lewe weg nie, maar beplan metodes dat die verstote een nie van Hom af weggegooi sal word nie.
15 "Now therefore, I've come to present this matter to my lord the king because the people have made me afraid. Your servant thought: I must speak to the king. Perhaps the king will grant his servant's request.
15 Die rede hoekom ek hierdie boodskap vir my meester die koning gebring het, is omdat die mense my bang gemaak het. U dienares het gedink: 'Laat ek nou met die koning praat, miskien sal die koning die versoek van sy dienares toestaan,
16 The king will surely listen in order to rescue his servant from the hand of this man who would eliminate both me and my son from God's inheritance.
16 want die koning sal luister en sy dienares bevry uit die hand van die man wat probeer om beide my en my seun te vernietig uit die erfenis van God.'
17 Your servant thought: May the word of my lord the king bring relief, for my lord the king is able to discern the good and the bad like the Angel of God. May the LORD your God be with you."
17 Toe het u dienares gesê: 'Laat die woord van my meester die koning asseblief vertroostend wees, want soos die boodskapper van God, so is my meester die koning om goed en boos te onderskei en mag
יהוה, u God, by u wees!'"
18 Then the king answered the woman, "I'm going to ask you something; don't conceal it from me! " "Let my lord the king speak," the woman replied.
18 Toe antwoord die koning en sê vir die vrou: "Moet asseblief nie enige iets vir my wegsteek wat ek jou sal vra nie." Die vrou het gesê: "Laat my meester die koning asseblief praat."
19 The king asked, "Did Joab put you up to all this? " The woman answered. "As you live, my lord the king, no one can turn to the right or left from all my lord the king says. Yes, your servant Joab is the one who gave orders to me; he told your servant exactly what to say.
19 Die koning het gevra: "Is Yo'av se hand saam met jou in dit alles?" Die vrou antwoord: "So waar as wat u leef, my meester die koning, niemand kan regs

of links afwyk van enige iets wat my meester die koning gesê het nie. Inderdaad, dit was u dienskneg Yo'av wat my beveel het en dit is hy wat al hierdie woorde in u dienares se mond gelê het.
20 Joab your servant has done this to address the issue indirectly, but my lord has wisdom like the wisdom of the Angel of God, knowing everything on earth."
20 Om dinge anders te laat lyk, het u dienskneg Yo'av hierdie ding gedoen, maar my meester is wys, soos die wysheid van die boodskapper van God, om alles te weet wat op die aarde is."
21 Then the king said to Joab, "I hereby grant this request. Go, bring back the young man Absalom."
21 Toe sê die koning vir Yo'av: "Nou let op, ek sal dit doen. Gaan daarom, bring die jongman Avshalom terug."
22 Joab fell with his face to the ground in homage and praised the king. "Today," Joab said, "your servant knows I have found favor with you, my lord the king, because the king has granted the request of your servant."
22 Yo'av het op sy gesig op die grond neergeval, uitgestrek op die grond gelê en die koning geseën. Toe sê Yo'av: "My meester die koning, vandag weet u dienskneg dat ek guns in u oë gevind het omdat die koning die versoek van sy dienskneg uitgevoer het."
23 So Joab got up, went to Geshur, and brought Absalom to Jerusalem.
23 Yo'av het opgestaan, na G'shur gegaan en vir Avshalom na Yerushalayim gebring.
24 However, the king added, "He may return to his house, but he may not see my face." So Absalom returned to his house, but he did not see the king.
24 Die koning het egter gesê: "Laat hom na sy eie huis gaan en nie my gesig sien nie." Avshalom het na sy eie huis gegaan en nie die gesig van die koning gesien nie.
25 No man in all Israel was as handsome and highly praised as Absalom. From the sole of his foot to the top of his head, he did not have a single flaw.
25 Nou, in die hele Yisra'el was daar geen man so aantreklik soos Avshalom en so hoog geprys nie; van sy voetsool af tot by die kroon van sy kop, was daar geen gebrek aan hom nie.
26 When he shaved his head — he shaved it every year because his hair got so heavy for him that he had to shave it off — he would weigh the hair from his head and it would be five pounds according to the royal standard.
26 Wanneer hy die hare van sy kop laat skeer het, (dit was aan die einde van elke jaar dat hy dit geskeer het), want dit was swaar op hom; daarom het hy dit geskeer; het hy die hare van sy kop teen twee honderd sikkels geweeg volgens die koninklike gewig.
27 Three sons were born to Absalom, and a daughter named Tamar, who was a beautiful woman.
27 Vir Avshalom is drie seuns gebore en een dogter met die naam van Tamar, sy was 'n vrou van pragtige voorkoms.

28 Absalom resided in Jerusalem two years but never saw the king.
28 Avshalom het twee volle jare in Yerushalayim gebly en hy het nie die gesig van die koning gesien nie.
29 Then Absalom sent for Joab in order to send him to the king, but Joab was unwilling to come. So he sent again, a second time, but he still wouldn't come.
29 Toe het Avshalom Yo'av laat roep, om hom na die koning te stuur, maar hy wou nie na hom toe kom nie. Hy het vir 'n tweede keer gestuur, maar hy wou nie kom nie.
30 Then Absalom said to his servants, "See, Joab has a field right next to mine, and he has barley there. Go and set fire to it! " So Absalom's servants set the field on fire.
30 Hy sê daarom vir sy diensknegte: "Kyk, Yo'av se land is langs myne en hy het gars daarop; gaan steek dit aan die brand." Avshalom se diensknegte het die land aan die brand gesteek.
31 Then Joab came to Absalom's house and demanded, "Why did your servants set my field on fire? "
31 Toe staan Yo'av op, kom by Avshalom in sy huis en vra vir hom: "Waarom het jou diensknegte my land aan die brand gesteek?"
32 "Look," Absalom explained to Joab, "I sent for you and said, 'Come here. I want to send you to the king to ask: Why have I come back from Geshur? I'd be better off if I were still there.' So now, let me see the king. If I am guilty, let him kill me."
32 Avshalom antwoord Yo'av: "Let op, ek het na jou gestuur en gesê: 'Kom hier dat ek jou na die koning kan stuur om te vra: "Waarvoor het ek van G'shur af gekom? Dit sou vir my beter wees om nog daar te wees".' Nou, daarom, laat my die gesig van die koning sien en as daar oortreding by my is, laat hy my doodmaak."
33 Joab went to the king and told him. So David summoned Absalom, who came to the king and bowed down with his face to the ground before him. Then the king kissed Absalom.
33 Toe Yo'av by die koning kom en hom vertel, het hy Avshalom laat roep. Dus het hy na die koning gegaan en plat op die grond voor die koning op sy gesig gaan lê en die koning het Avshalom gesoen.

2Samuel15

1 After this, Absalom got himself a chariot, horses, and 50 men to run before him.
1 Hierna het dit gebeur dat Avshalom vir hom 'n strydwa, perde en vyftig man as hardlopers voor hom uit, voorsien het.
2 He would get up early and stand beside the road leading to the city gate. Whenever anyone had a grievance to bring before the king for settlement, Absalom called out to him and asked, "What city are you from? " If he

replied, “Your servant is from one of the tribes of Israel,”
2 Avshalom het vroeg opgestaan en langs die pad na die poort gaan staan en Avshalom het elkeen wat ’n saak van regspraak gehad het om na die koning te bring, geroep en gesê: “Vanaf watter stad is jy?” Hy sal antwoord: “U dienaar is uit een van die stamme van Yisra’el,”
3 Absalom said to him, “Look, your claims are good and right, but the king does not have anyone to listen to you.”
3 dan sal Avshalom vir hom sê: “Kyk, jou eise is goed en reg, maar van die koning se kant sal niemand na jou luister nie.”
4 He added, “If only someone would appoint me judge in the land. Then anyone who had a grievance or dispute could come to me, and I would make sure he received justice.”
4 Meer nog, Avshalom sal sê: “O, dat een my sou aanstel as regter in die land, dan sou elkeen wat ’n regsaak of rede het, na my toe kan kom en ek sal aan hom gee wat reg is.”
5 When a person approached to bow down to him, Absalom reached out his hand, took hold of him, and kissed him.
5 As ’n man naderkom om voor hom op die grond te lê, steek hy sy hand uit en gryp hom en soen hom.
6 Absalom did this to all the Israelites who came to the king for a settlement. So Absalom stole the hearts of the men of Israel.
6 Op dié manier het Avshalom met al die Yisra’eliete gehandel wat vir regspraak na die koning gekom het; so het Avshalom die verstand, wil en emosie van die manne van Yisra’el gesteel.
7 When four years had passed, Absalom said to the king, “Please let me go to Hebron to fulfill a vow I made to the LORD.
7 Dit het gebeur aan die einde van vier jaar dat Avshalom vir die koning gesê het: “Laat my asseblief gaan en in Hevron my gelofte, wat ek aan הוהי gedoen het, betaal,
8 For your servant made a vow when I lived in Geshur of Aram, saying: If the LORD really brings me back to Jerusalem, I will worship the LORD in Hebron.”
8 want u dienskneg het ’n gelofte gemaak terwyl ek in G’shur in Aram gebly het en gesê: “As הוהי my werklik na Yerushalayim toe sal terugbring, dan sal ek הוהי dien.”
9 “Go in peace,” the king said to him. So he went to Hebron.
9 Die koning het vir hom gesê: “Gaan in vrede!” Hy het opgestaan en na Hevron gegaan.
10 Then Absalom sent messengers throughout the tribes of Israel with this message: “When you hear the sound of the ram’s horn, you are to say, ‘Absalom has become king in Hebron! ’ ”
10 Avshalom het egter spioene uitgestuur regdeur al die stamme van Yisra’el om te sê: “Sodra julle die geluid van die ramshoring hoor, moet julle sê:

‘Avshalom is koning in Hevron!’”
11 Two hundred men from Jerusalem went with Absalom. They had been invited and were going innocently, for they knew nothing about the whole matter.
11 Toe het twee honderd man wat genooi was, in onskuld saam met Avshalom vanaf Yerushalayim gegaan, sonder om iets te weet.
12 While he was offering the sacrifices, Absalom sent for David’s adviser Ahithophel the Gilonite, from his city of Giloh. So the conspiracy grew strong, and the people supporting Absalom continued to increase.
12 Avshalom het ook terwyl hy die offers bring, vir Agitofel, die Gilohniet, Dawid se raadgewer, uit sy stad, uit Giloh, laat roep. Die sameswering was sterk, want die mense by Avshalom het voortdurend vermeerder.
13 Then an informer came to David and reported, “The hearts of the men of Israel are with Absalom.”
13 Toe kom daar ’n boodskapper by Dawid wat sê: “Die verstand, wil en emosie van die manne van Yisra’el is met Avshalom.”
43 The men of Israel answered the men of Judah: “We have 10 shares in the king, so we have a greater claim to David than you. Why then do you despise us? Weren’t we the first to speak of restoring our king? ” But the words of the men of Judah were harsher than those of the men of Israel.
43 Die manne van Yisra’el het egter die manne van Y’hudah geantwoord en gesê: “Ons het tien aandele aan die koning; daarom het ons ook meer reg op Dawid as julle. Waarom het julle ons met minagting behandel? Was dit nie ons advies eerste om ons koning terug te bring nie?” Tog was die woorde van die manne van Y’hudah heftiger as die woorde van die manne van Yisra’el.

2Samuel20

1 Now a wicked man, a Benjaminite named Sheba son of Bichri, happened to be there. He blew the ram’s horn and shouted: We have no portion in David, no inheritance in Jesse’s son. Each man to his tent, Israel!
1 ’n Deugniet met die naam van Sh’va, die seun van Bikhri, ’n Binyaminiet was daar en hy het op die ramshoring geblaas en gesê: “Ons het geen deel aan Dawid en ook het ons geen erfenis in die seun van Yishai nie; elke man na sy tent toe, o Yisra’el!”
2 So all the men of Israel deserted David and followed Sheba son of Bichri, but the men of Judah from the Jordan all the way to Jerusalem remained loyal to their king.
2 Al die manne van Yisra’el het daarvan onttrek om David te volg en Sh’va (Ar. Sh’moa), die seun van Bikhri, gevolg, maar die manne van Y’hudah het standvastig tot hulle koning gebly, van die Yarden af tot by Yerushalayim.
3 When David came to his palace in Jerusalem, he took the 10 concubines he had left to take care of the palace and placed them under guard. He provided for them, but he was not intimate with them. They were confined until the day of their death, living as widows.
3 Toe kom Dawid by sy huis in Yerushalayim en die koning het die tien vroue, die byvroue wat hy laat agterbly het om die huis te versorg, gevat en onder bewaking gesit en aan hulle middele voorsien, maar nie by hulle ingegaan nie. Hulle was opgesluit tot die dag van hulle dood en het gelewe as weduwees.

4 The king said to Amasa, "Summon the men of Judah to me within three days and be here yourself."
4 Toe sê die koning vir `Amasa: "Roep vir my die manne van Y'hudah binne drie dae byeen en wees jyself ook hier teenwoordig."
5 Amasa went to summon Judah, but he took longer than the time allotted him.
5 `Amasa het gegaan om Y'hudah byeen te roep, maar hy het langer as die bepaalde tyd gevat wat hy vir hom vasgestel het.
6 So David said to Abishai, "Sheba son of Bichri will do more harm to us than Absalom. Take your lord's soldiers and pursue him, or he will find fortified cities and elude us."
6 Dawid het vir Avishai gesê: "Nou sal Sh'va, die seun van Bikhri, ons meer kwaad doen as Avshalom; vat jou meester se diensknegte en jaag hom agterna sodat hy nie miskien vir homself versterkte stede vind en uit ons oog ontsnap nie."
7 So Joab's men, the Cherethites, the Pelethites, and all the warriors marched out under Abishai's command; they left Jerusalem to pursue Sheba son of Bichri.
7 Yo'av se manne het uitgegaan agter hom aan, saam met die persoonlike wagte, die boodskappers en al die magtige manne en hulle het vanuit Yerushalayim gegaan om Sh'va, die seun van Bikhri, agterna te jaag.
8 They were at the great stone in Gibeon when Amasa joined them. Joab was wearing his uniform and over it was a belt around his waist with a sword in its sheath. As he approached, the sword fell out.
8 Toe hulle by die groot klip was, wat in Gib'on is, kom `Amasa hulle tegemoet. Yo'av was aangetrek in sy pantser en oor dit was 'n gordel met 'n swaard in sy skede wat by sy dy vasgemaak was en terwyl `Amasa verskyn, plaas Yo'av sy hand op sy swaard.
9 Joab asked Amasa, "Are you well, my brother? " Then with his right hand Joab grabbed Amasa by the beard to kiss him.
9 Yo'av sê vir `Amasa: "Gaan dit goed met jou, my broer?" Yo'av het `Amasa met die regterhand aan die baard gegryp om hom te soen,
10 Amasa was not on guard against the sword in Joab's hand, and Joab stabbed him in the stomach with it and spilled his intestines out on the ground. Joab did not stab him again for Amasa was dead. Joab and his brother Abishai pursued Sheba son of Bichri.
10 maar `Amasa was nie op sy hoede vir die swaard wat in Yo'av se hand was nie. Toe steek hy hom daarmee in die maag en stort sy ingewande op die grond uit en hy het hom nie 'n tweede keer gesteek nie en hy is dood. Toe het Yo'av en sy broer, Avishai, vir Sh'va, die seun van Bikhri, agternagejaag.
11 One of Joab's young men had stood over Amasa saying, "Whoever favors Joab and whoever is for David, follow Joab! "
11 Daar het by hom een van Yo'av se jongmanne gestaan en gesê: "Wie ook al vir Yo'av kies en wie ook al vir Dawid is, volg vir Yo'av!"

12 Now Amasa was writhing in his blood in the middle of the highway, and the man had seen that all the people stopped. So he moved Amasa from the highway to the field and threw a garment over him because he realized that all those who encountered Amasa were stopping.
12 `Amasa het egter in die middel van die hoofpad in sy bloed rondgerol en toe die man sien dat elkeen van die manne stil staan wanneer hulle by hom verbykom, het hy `Amasa uit die pad uit verwyder in die veld in en ’n kleed oor hom gegooi.
13 When he was removed from the highway, all the men passed by and followed Joab to pursue Sheba son of Bichri.
13 Sodra hy van die hoofpad af verwyder is, het al die manne verbygegaan agter Yo’av aan om Sh’va, die seun van Bikhri, agterna te jaag.
14 Sheba passed through all the tribes of Israel to Abel of Beth-maacah. All the Berites came together and followed him.
14 Hy het deur al die stamme van Yisra’el getrek na Avel, Beit-Ma’akhah en die hele Berim en hulle is bymekaargemaak en het ook agter hom aan gegaan.
15 Joab’s troops came and besieged Sheba in Abel of Beth-maacah. They built an assault ramp against the outer wall of the city. While all the troops with Joab were battering the wall to make it collapse,
15 Hulle het gekom en hom in Abel-Beit-Ma’akhah beleër en ’n wal teen die stad opgegooi, wat teen die skanse opgerys het. Al die manskappe wat by Yo’av was, het verwoesting gesaai om die muur te laat val.
16 a wise woman called out from the city, “Listen! Listen! Please tell Joab to come here and let me speak with him.”
16 Toe roep ’n wyse vrou vanuit die stad: “Luister, luister! Sê asseblief vir Yo’av: ‘Kom hier dat ek met u kan praat.’”
17 When he had come near her, the woman asked, “Are you Joab? ” “I am,” he replied. “Listen to the words of your servant,” she said to him. He answered, “I’m listening.”
17 Hy het haar genader en die vrou sê: “Is u Yo’av?” Hy antwoord: “Ek is.” Toe sê sy vir hom: “Hoor die woorde van u dienares.” Hy antwoord: “Ek luister.”
18 She said, “In the past they used to say, ‘Seek counsel in Abel,’ and that’s how they settled disputes.
18 Toe praat sy en sê: “Vroeër was hulle gewoond om te sê: ‘Hulle sal sekerlik advies soek by Avel!’ en so het hulle ’n verskil afgehandel.
19 I am a peaceful person, one of the faithful in Israel, but you’re trying to destroy a city that is like a mother in Israel. Why would you devour the LORD’s inheritance? ”
19 Ek is een van die vredeliewendes en getroues in Yisra’el. U is daarop uit om ’n stad te vernietig, selfs ’n moeder in Yisra’el. Waarom wil u die erfenis van יהוה verteer?”
20 Joab protested: “Never! I do not want to destroy!
20 Yo’av antwoord: “Dit is ver, ver van my dat ek sou verslind of vernietig!

21 That is not my intention. There is a man named Sheba son of Bichri, from the hill country of Ephraim, who has rebelled against King David. Deliver this one man, and I will withdraw from the city." The woman replied to Joab, "All right. His head will be thrown over the wall to you."
21 Die saak is nie so nie, maar 'n man van die bergland van Efrayim, Sh'va, die seun van Bikhri, het sy hand opgelig teen koning Dawid. Lewer hom slegs uit, dan sal ek van die stad af wegtrek." Die vrou sê vir Yo'av: "Let op, sy kop sal oor die muur na u toe gegooi word."
22 The woman went to all the people with her wise counsel, and they cut off the head of Sheba son of Bichri and threw it to Joab. So he blew the ram's horn, and they dispersed from the city, each to his own tent. Joab returned to the king in Jerusalem.
22 Toe het die vrou in wysheid na die hele volk gekom en hulle het die kop van Sh'va, die seun van Bikhri, afgekap en dit na Yo'av gegooi. Toe het hy die ramshoring geblaas en hulle het uitmekaar gespat, weg van die stad af, elkeen na sy tent. Yo'av het ook na Yerushalayim, na die koning toe teruggegaan.
23 Joab commanded the whole army of Israel; Benaiah son of Jehoiada was over the Cherethites and Pelethites;
23 Yo'av was oor die hele leër van Yisra'el en B'nayah, die seun van Y'hoyada, oor die persoonlike wagte en oor die boodskappers
24 Adoram was in charge of forced labor; Jehoshaphat son of Ahilud was court historian;
24 en Adoram was oor die dwangarbeid en Y'hoshafat, die seun van Agilud, was die griffier.
25 Sheva was court secretary; Zadok and Abiathar were priests;
25 Sh'va was skrywer en Tzadok en Avyatar priesters
26 and in addition, Ira the Jairite was David's priest.
26 en `Ira, die Ya'iriet, was 'n bedienaar by Dawid.

2Samuel21

1 During David's reign there was a famine for three successive years, so David inquired of the LORD. The LORD answered, "It is because of the blood shed by Saul and his family when he killed the Gibeonites."
1 In die dae van Dawid was daar 'n hongersnood vir drie jaar lank; jaar ná jaar het Dawid die Teenwoordigheid van הוהי gesoek en הוהי het gesê: "Dit is vir Sha'ul en sy bebloede huis omdat hy die Giv'oniete doodgemaak het."
2 The Gibeonites were not Israelites but rather a remnant of the Amorites. The Israelites had taken an oath concerning them, but Saul had tried to kill them in his zeal for the Israelites and Judah. So David summoned the Gibeonites and spoke to them.
2 Die koning het die Giv'oniete geroep en met hulle gepraat. Die Giv'oniete was nie van die seuns van Yisra'el nie, maar van die oorblyfsel van die

Emoriete en die seuns van Yisra'el het 'n verbond met hulle gesluit, maar Sha'ul het probeer om hulle dood te maak in sy ywer vir die seuns van Yisra'el en Y'hudah.
3 He asked the Gibeonites, "What should I do for you? How can I make atonement so that you will bring a blessing on the LORD's inheritance? "
3 So het Dawid aan die Giv'oniete gesê: "Wat moet ek vir julle doen en waarmee moet ek toedekking doen dat julle die erfenis van יהוה kan seën?"
4 The Gibeonites said to him, "We are not asking for money from Saul or his family, and we cannot put anyone to death in Israel." "Whatever you say, I will do for you," he said.
4 Toe sê die Giv'oniete vir hom: "Dit is nie silwer en goud wat die huis van Sha'ul ons skuld nie en dit is ook nie ons begeerte om enige iemand in Yisra'el dood te maak nie." Hy sê: "Ek sal vir julle doen wat julle ook al sê?"
5 They replied to the king, "As for the man who annihilated us and plotted to destroy us so we would not exist within the whole territory of Israel,
5 Hulle sê toe vir die koning: "Die man wat ons verteer het en beplan het om ons uit te wis binne enige grense van Yisra'el,
6 let seven of his male descendants be handed over to us so we may hang them in the presence of the LORD at Gibeah of Saul, the LORD's chosen." The king answered, "I will hand them over."
6 laat sewe manne van sy seuns aan ons gegee word en ons sal hulle voor יהוה hang in Giv'ah van Sha'ul, die gekose van יהוה!" Die koning het gesê: "Ek sal gee."
7 David spared Mephibosheth, the son of Saul's son Jonathan, because of the oath of the LORD that was between David and Jonathan, Saul's son.
7 Die koning het egter vir M'fivoshet, die seun van Y'honatan, die seun van Sha'ul, gespaar vanweë die eed van יהוה wat tussen hulle was, tussen Dawid en Y'honatan, die seun van Sha'ul.
8 But the king took Armoni and Mephibosheth, who were the two sons whom Rizpah daughter of Aiah had borne to Saul, and the five sons whom Merab daughter of Saul had borne to Adriel son of Barzillai the Meholathite
8 Die koning vat toe die twee seuns van Ritzpah, die dogter van Ayah, Armoni en M'fivoshet, wat vir Sha'ul gebore is en die vyf seuns van Merav, die dogter van Sha'ul, wat vir Adri'el, die seun van Barzillai, die Megolatiet, gebore is
9 and handed them over to the Gibeonites. They hanged them on the hill in the presence of the LORD; the seven of them died together. They were executed in the first days of the harvest at the beginning of the barley harvest.
9 en hy het hulle oorgegee in die hand van die Giv'oniete en hulle het hul opgehang in die berg voor die Teenwoordigheid van יהוה sodat al sewe saam geval het en hulle is gedood tydens die eerste dae van die oes, in die eerste dae van die gars oes.

10 Rizpah, Aiah's daughter, took sackcloth and spread it out for herself on the rock from the beginning of the harvest until the rain poured down from heaven on the bodies. She kept the birds of the sky from them by day and the wild animals by night.
10 Ritzpah, die dogter van Ayah, het 'n sak gevat en dit vir haarself uitgesprei op die rots, van die begin van die oes af totdat daar water uit die hemel daarop gereën het en sy het nie die voëls van die hemel oordag en ook nie die diere van die veld in die nag toegelaat om op hulle te sit nie.
11 When it was reported to David what Saul's concubine Rizpah, daughter of Aiah, had done,
11 Toe aan Dawid vertel is wat Ritzpah, die dogter van Ayah, die byvrou van Sha'ul, gedoen het,
12 he went and got the bones of Saul and his son Jonathan from the leaders of Jabesh-gilead. They had stolen them from the public square of Beth-shan where the Philistines had hung the bodies the day the Philistines killed Saul at Gilboa.
12 het Dawid gegaan en die bene van Sha'ul en die bene van sy seun Y'honatan van die manne van Javesh-Gil'ad gaan haal, wat dit van die oop plein van Beit-Shan gesteel het, waar die F'lishtyne hulle opgehang het op die dag toe die F'lishtyne Sha'ul op Gilboa verslaan het.
13 David had the bones brought from there. They gathered up the bones of Saul's family who had been hung
13 Hy het die bene van Sha'ul en die bene van sy seun Y'honatan daarvandaan gebring en hulle het die bene van dié wat opgehang is, bymekaargemaak.
14 and buried the bones of Saul and his son Jonathan at Zela in the land of Benjamin in the tomb of Saul's father Kish. They did everything the king commanded. After this, God answered prayer for the land.
14 Hulle het die bene van Sha'ul en sy seun Y'honatan in die land van Binyamin, in Tzela, in die graf van sy vader Kish begrawe; so het hulle alles gedoen wat die koning beveel het en daarna is God deur gebed beweeg vir die land.
15 The Philistines again waged war against Israel. David went down with his soldiers, and they fought the Philistines, but David became exhausted.
15 Toe die F'lishtyne weer in oorlog was met Yisra'el, het Dawid afgegaan en sy diensknegte saam met hom en terwyl hulle teen die F'lishtyne geveg het, het Dawid moeg geword.
16 Then Ishbi-benob, one of the descendants of the giant, whose bronze spear weighed about eight pounds and who wore new armor, intended to kill David.
16 Toe het Yishbi-B'nov, wat onder die nageslag van die reuse was, wie se spies se gewig drie honderd sikkels koper in gewig was en omgord was met 'n nuwe swaard, gedink om Dawid dood te maak,
17 But Abishai son of Zeruiah came to his aid, struck the Philistine, and killed

him. Then David's men swore to him: "You must never again go out with us to battle. You must not extinguish the lamp of Israel."
17 maar Avishai, die seun van Tz'ruyah, het hom gehelp en die F'lishtyn verslaan en hom doodgemaak. Toe het die manne van Dawid tot hom gesweer en gesê: "U sal nie weer saam met ons uitgaan na die geveg nie sodat u nie die lamp van Yisra'el uitblus nie."
18 After this, there was another battle with the Philistines at Gob. At that time Sibbecai the Hushathite killed Saph, who was one of the descendants of the giant.
18 Dit het gebeur na hierdie dat daar weer oorlog was met die F'lishtyne in Gov. Toe het Sibkhai, die Hushatiet, vir Saf, wat onder die nageslag van die reuse was, verslaan.
19 Once again there was a battle with the Philistines at Gob, and Elhanan son of Jaare-oregim the Bethlehemite killed Goliath the Gittite. The shaft of his spear was like a weaver's beam.
19 Daar was weer oorlog met die F'lishtyne in Gov en Elganan, die seun van Ya'arei-Orgim, uit Beit- Legem, het Golyat, die Gittiet, wie se spiessteel soos 'n wewersbalk was, verslaan.
20 At Gath there was still another battle. A huge man was there with six fingers on each hand and six toes on each foot — 24 in all. He, too, was descended from the giant.
20 Daar was weer oorlog in Gat; waar daar 'n baie groot man was, wat ses vingers aan elke hand en ses tone aan elke voet, vier en twintig in getal, gehad het en ook hy is vir die reuse gebore.
21 When he taunted Israel, Jonathan, son of David's brother Shimei, killed him.
21 Toe hy Yisra'el geminag het, het Y'honatan, die seun van Shim'ah, die broer van Dawid, hom verslaan.
22 These four were descended from the giant in Gath and were killed by David and his soldiers.
22 Hierdie vier is gebore vir die reuse in Gat en hulle het geval deur die hand van Dawid en deur die hand van sy diensknegte.

2Samuel22

1 David spoke the words of this song to the LORD on the day the LORD rescued him from the hand of all his enemies and from the hand of Saul.
1 Dawid het die woorde van hierdie lied tot הוהי gespreek op die dag toe הוהי hom gered het uit die hand van al sy vyande en uit die hand van Sha'ul.
2 He said: The LORD is my rock, my fortress, and my deliverer,
2 Hy het gesê: "הוהי is my Rots en my Vesting en my Bevryder;
3 my God, my mountain where I seek refuge. My shield, the horn of my

salvation, my stronghold, my refuge, and my Savior, You save me from violence.
3 my God, my Rots, by wie ek skuil; my Skild en die Horing van my verlossing, my Vesting en my Skuilplek; my Verlosser, U red my van geweld.
4 I called to the LORD, who is worthy of praise, and I was saved from my enemies.
4 Ek roep הוהי aan wat waardig is om geloof te word en ek word van my vyande gered,
5 For the waves of death engulfed me; the torrents of destruction terrified me.
5 want die golwe van die dood het my omring, strome van wettelose manne het my bang gemaak
6 The ropes of Sheol entangled me; the snares of death confronted me.
6 Die bande van Sh'ol het my omring; die strikke van die dood het my gekonfronteer.
7 I called to the LORD in my distress; I called to my God. From His temple He heard my voice, and my cry for help reached His ears.
7 In my benoudheid, het ek הוהי aangeroep, ja, ek het geroep tot my God en vanaf Sy tempel het Hy my stem gehoor en my hulpgeroep, in Sy ore.
8 Then the earth shook and quaked; the foundations of the heavens trembled; they shook because He burned with anger.
8 Toe het die aarde geskud en gebewe, die fondamente van die hemel het gesidder en is geskud omdat Hy woedend was.
9 Smoke rose from His nostrils, and consuming fire came from His mouth; coals were set ablaze by it.
9 Rook het opgegaan vanuit Sy neusgate, vuur vanuit Sy mond het verteer; kole is daardeur aan die brand gesteek.
10 He parted the heavens and came down, a dark cloud beneath His feet.
10 Hy het die hemel neergebuig en afgekom, met dik duisternis onder Sy voete.
11 He rode on a cherub and flew, soaring on the wings of the wind.
11 Hy het op 'n gérub gery en gevlieg; Hy het op die vlerke van die wind verskyn.
12 He made darkness a canopy around Him, a gathering of water and thick clouds.
12 Hy het duisternis as afdakke rondom Hom gesit, massas van waters, dik wolke van die lug.
13 From the radiance of His presence, flaming coals were ignited.
13 Vanuit die helderheid voor Hom is kole voor Hom aan die brand gesteek.
14 The LORD thundered from heaven; the Most High projected His voice.
14 הוהי het vanuit die hemel gedonder en die Allerhoogste het Sy stem laat hoor.
15 He shot arrows and scattered them; He hurled lightning bolts and routed

them.
15 Hy het pyle uitgestuur en hulle verstrooi, weerligstrale en hulle op die vlug laat slaan.
16 The depths of the sea became visible, the foundations of the world were exposed at the rebuke of the LORD, at the blast of the breath of His nostrils.
16 Toe het die kanale van die see sigbaar geword, die fondasies van die wêreld is blootgelê, deur die bestraffing van הוהי, by die blaas van die asem vanuit Sy neusgate.
17 He reached down from heaven and took hold of me; He pulled me out of deep waters.
17 Hy het vanuit die hoogte gestuur, Hy het my gegryp, Hy het my uit baie waters getrek.
18 He rescued me from my powerful enemy and from those who hated me, for they were too strong for me.
18 Hy het my bevry van my sterk vyand, van die wat my haat, want hulle was te sterk vir my.
19 They confronted me in the day of my distress, but the LORD was my support.
19 Hulle het my gekonfronteer op die dag van my nood, maar הוהי was my ondersteuning.
20 He brought me out to a spacious place; He rescued me because He delighted in me.
20 Hy het my ook uitgebring in 'n ruim plek in, Hy het my gered omdat Hy behae in my gehad het.
21 The LORD rewarded me according to my righteousness; He repaid me according to the cleanness of my
hands.
21 הוהי het my beloon volgens my onpartydige opregtheid; volgens die reinheid van my hande het Hy my vergoed,
22 For I have kept the ways of the LORD and have not turned from my God to wickedness.
22 want ek het al die lewenswyses van הוהי gehou en nie boos opgetree teenoor my God nie,
23 Indeed, I have kept all His ordinances in mind and have not disregarded His statutes.
23 want al Sy instellings was voor my en van Sy voorskrifte het ek nie afgewyk nie.
24 I was blameless before Him and kept myself from sinning.
24 Ek was ook skuldloos teenoor Hom en ek het myself weerhou van oortreding van die wet;
25 So the LORD repaid me according to my righteousness, according to my cleanness in His sight.
25 daarom het הוהי my vergoed volgens my onpartydige opregtheid,

volgens my reinheid voor Sy oë.
26 With the faithful You prove Yourself faithful; with the blameless man You prove Yourself blameless;
26 By die wat omgee, wys U Uself as een wat omgee, by die skuldlose wys U Uself skuldloos,
27 with the pure You prove Yourself pure, but with the crooked You prove Yourself shrewd.
27 by die reine, wys U Uself rein en by die perverse, wys U Uself uitgeslape.
28 You rescue an afflicted people, but Your eyes are set against the proud — You humble them.
28 U verlos ’n verdrukte volk, maar U oë is op die hoogmoediges; U verneder hulle,
29 LORD, You are my lamp; the LORD illuminates my darkness.
29 want U is my Lamp, o הוהי en הוהי verlig my duisternis,
30 With You I can attack a barrier, and with my God I can leap over a wall.
30 want met U loop ek ’n bende storm, met die hulp van my God kan ek oor ’n muur spring.
31 God — His way is perfect; the word of the LORD is pure. He is a shield to all who take refuge in Him.
31 Wat God betref, Sy pad is volmaak; die woord van הוהי is getoets; Hy is ’n Skild vir almal wat by Hom skuil,
32 For who is God besides the LORD? And who is a rock? Only our God.
32 want wie is God buiten הוהי en wie is ’n Rots buiten ons God?
33 God is my strong refuge; He makes my way perfect.
33 God is my sterk Vesting en Hy plaas die skuldlose op Sy pad.
34 He makes my feet like the feet of a deer and sets me securely on the heights.
34 Hy maak my voete soos dié van hertooie, en laat my staan op my hoë plekke.
35 He trains my hands for war; my arms can bend a bow of bronze.
35 Hy oefen my hande vir die geveg sodat my arms ’n koper boog kan span.
36 You have given me the shield of Your salvation; Your help exalts me.
36 U het ook vir my die skild van U verlossing gegee en U hulp maak my groot.
37 You widen a place beneath me for my steps, and my ankles do not give way.
37 U vergroot my treë onder my en my voete het nie gegly nie.
38 I pursue my enemies and destroy them; I do not turn back until they are wiped out.
38 Ek het my vyande agtervolg en hulle vernietig en ek het nie teruggedraai voordat hulle verteer is nie.
39 I wipe them out and crush them, and they do not rise; they fall beneath my feet.
39 Ek het hulle verteer en hulle verbrysel sodat hulle nie opstaan nie en hulle

het onder my voete geval,
40 You have clothed me with strength for battle; You subdue my adversaries beneath me.
40 want U het my met krag omgord vir die geveg, U het hulle wat teen my opstaan aan my onderwerp.
41 You have made my enemies retreat before me; I annihilate those who hate me.
41 U het ook my vyande hulle rug na my laat draai en ek het dié vernietig wat my haat.
42 They look, but there is no one to save them — they look to the LORD, but He does not answer them.
42 Hulle het gekyk, maar daar was niemand om te red nie; selfs na יהוה, maar Hy het hulle nie geantwoord nie.
43 I pulverize them like dust of the earth; I crush them and trample them like mud in the streets.
43 Toe het ek hulle gemaal soos die stof van die aarde, ek het hulle fyn gebreek en vertrap soos die vuilgoed van die strate.
44 You have freed me from the feuds among my people; You have appointed me the head of nations; a people I had not known serve me.
44 U het my ook bevry van die twiste van my mense; U het my bewaar as hoof van die nasies; ’n volk wat ek nie geken het nie, dien my.
45 Foreigners submit to me grudgingly; as soon as they hear, they obey me.
45 Uitlanders maak asof hulle my gehoorsaam sodra hulle hoor, gehoorsaam hulle my.
46 Foreigners lose heart and come trembling from their fortifications.
46 Uitlanders verloor moed en kom bewend uit hulle vestings uit.
47 The LORD lives — may my rock be praised! God, the rock of my salvation, is exalted.
47 יהוה leef! Geseënd is my Rots. Laat God verhewe wees, die Rots van my verlossing;
48 God — He gives me vengeance and casts down peoples under me.
48 die God wat die wraak vir my uitoefen en volke onder my onderwerp,
49 He frees me from my enemies. You exalt me above my adversaries; You rescue me from violent men.
49 wat my ook uitbring onder my vyande; U lig my selfs op bo dié wat teen my opstaan; U red my van die man van geweld;
50 Therefore I will praise You, LORD, among the nations; I will sing about Your name.
50 daarom sal ek aan U, o יהוה, dank bring tussen die nasies en ek sal lofprysing sing tot U Naam Karakter en Outoriteit);
51 He is a tower of salvation for His king; He shows loyalty to His anointed, to David and his descendants forever.
51 Hy is ’n toring van bevryding vir Sy koning en wys sagte omgee aan Sy

gesalfde, aan Dawid en sy nageslag vir ewig."

2Samuel23

1 These are the last words of David: The declaration of David son of Jesse, the declaration of the man raised on high, the one anointed by the God of Jacob, the favorite singer of Israel:
1 Nou, hierdie is die laaste woorde van Dawid: "Dawid, die seun van Yishai, verklaar, die man wat hoog opgelig is, verklaar, die gesalfde van die God van Ya'akov en die soet psalmis van Yisra'el:
2 The Spirit of the LORD spoke through me, His word was on my tongue.
2 die Gees van הוהי praat deur my en Sy woord is op my tong.
3 The God of Israel spoke; the Rock of Israel said to me, "The one who rules the people with justice, who rules in the fear of God,
3 Die God van Yisra'el het gesê, die Rots van Yisra'el het met my gepraat: 'Hy wat regverdig oor mense heers, wie heers in die respekvolle vrees van God,
4 is like the morning light when the sun rises on a cloudless morning, the glisten of rain on sprouting grass."
4 is soos die oggendlig by sonsopkoms, 'n oggend sonder wolke, wanneer grasspruitjies opkom uit die aarde, deur die sonskyn ná die reën.'
5 Is it not true my house is with God? For He has established an everlasting covenant with me, ordered and secured in every detail. Will He not bring about my whole salvation and my every desire?
5 Waarlik, is my huis nie so by God nie? Want Hy het 'n ewige verbond met my gesluit, vasgestel in alle dinge en verseker, want al my redding en begeertes, sal Hy dit nie inderdaad laat groei nie?
6 But all the wicked are like thorns raked aside; they can never be picked up by hand.
6 Maar die deugniete, elkeen van hulle sal weggegooi word soos dorings, want hulle kan nie aan die hand gevat word nie,
7 The man who touches them must be armed with iron and the shaft of a spear. They will be completely burned up on the spot.
7 maar die man wat hulle aanraak moet bewapen wees met yster en die steel van 'n spies en hulle sal volkome verbrand word met vuur waar hulle is."
8 These are the names of David's warriors: Josheb-basshebeth the Tahchemonite was chief of the officers. He wielded his spear against 800 men that he killed at one time.
8 Hierdie is die name van die magtige manne wat Dawid gehad het: Yoshev-Bashevet, 'n Tag'kmoniet, die hoof van die bevelvoerders; hy is `Adino die Etzniet, genoem omdat hy agt honderd op een slag doodgemaak het;
9 After him, Eleazar son of Dodo son of an Ahohite was among the three warriors with David when they
defied the Philistines. The men of Israel retreated in the place they had gathered for battle,

9 ná hom was El'azar, die seun van Dodo, die Agogiet, een van die drie magtige manne by Dawid toe hulle die F'lishtyne geminag het wat daar bymekaar was om te veg en die manne van Yisra'el teruggetrek het.
10 but Eleazar stood his ground and attacked the Philistines until his hand was tired and stuck to his sword. The L**ORD** brought about a great victory that day. Then the troops came back to him, but only to plunder the dead.
10 Hy het opgestaan en die F'lishtyne geslaan totdat sy hand moeg geword en aan die swaard vasgekleef het en יהוה daardie dag 'n groot oorwinning bewerk het en die manne het teruggekom ná hom net om te buit.
11 After him was Shammah son of Agee the Hararite. The Philistines had assembled in formation where there was a field full of lentils. The troops fled from the Philistines,
11 Ná hom was Shammah, die seun van Age, die Harariet. Die F'lishtyne het bymekaargekom in 'n eenheid waar daar 'n stuk grond was vol lensies en die mense het vir die F'lishtyne gevlug,
12 but Shammah took his stand in the middle of the field, defended it, and struck down the Philistines. So the L**ORD** brought about a great victory.
12 maar hy het gaan staan in die middel van die stuk grond, dit verdedig en die F'lishtyne verslaan en יהוה het 'n groot oorwinning bewerk.
13 Three of the 30 leading warriors went down at harvest time and came to David at the cave of Adullam, while a company of Philistines was camping in the Valley of Rephaim.
13 Drie van die dertig hoofde het afgegaan en teen die oestyd by Dawid, by die grot van `Adullam, gekom terwyl 'n groep F'lishtyne gekamp het in die vallei van Refa'im.
14 At that time David was in the stronghold, and a Philistine garrison was at Bethlehem.
14 Dawid was toe in die vesting terwyl die garnisoen van die F'lishtyne in Beit-Legem was.
15 David was extremely thirsty and said, "If only someone would bring me water to drink from the well at the city gate of Bethlehem! "
15 Dawid het 'n begeerte gehad en het gesê: "O, dat iemand vir my water sou gee om te drink uit die put van Beit-Legem wat by die poort is?"
16 So three of the warriors broke through the Philistine camp and drew water from the well at the gate of Bethlehem. They brought it back to David, but he refused to drink it. Instead, he poured it out to the L**ORD**.
16 Die drie magtige manne breek toe deur die kamp van die F'lishtyne en skep water uit die put van Beit-
Legem wat by die poort was en vat dit na Dawid toe. Nogtans wou hy dit nie drink nie, maar het dit uitgegooi tot eer van יהוה
17 David said, "L**ORD**, I would never do such a thing! Is this not the blood of men who risked their lives? " So he refused to drink it. Such were the exploits of the three warriors.

17 en hy het gesê: “Mag dit ver van my wees, יהוה, dat ek dit sou doen! Sou ek die bloed drink van die manne wat in lewensgevaar gegaan het?” Hy wou dit daarom nie drink nie. Hierdie dinge het die drie magtige manne gedoen.
18 Abishai, Joab’s brother and son of Zeruiah, was leader of the Three. He raised his spear against 300 men and killed them, gaining a reputation among the Three.
18 Avishai, die broer van Yo’av, die seun van Tz’ruyah, was hoof van die dertig. Hy het sy spies teen drie honderd geswaai en hulle doodgemaak en het ’n naam saam met die drie gehad.
19 Was he not more honored than the Three? He became their commander even though he did not become one of the Three.
19 Hy was die mees geëerde onder die dertig; daarom het hy hulle bevelvoerder geword, maar hy het nie by die eerste drie gekom nie.
20 Benaiah son of Jehoiada was the son of a brave man from Kabzeel, a man of many exploits. Benaiah killed two sons of Ariel of Moab, and he went down into a pit on a snowy day and killed a lion.
20 Dan B’nayah, die seun van Y’hoyada, die seun van ’n dapper man van Kavtze’el, wat magtige dade gedoen het, het die twee seuns van `Ari’el van Mo’av doodgemaak. Hy het ook afgegaan en ’n leeu binne-in ’n gat doodgemaak op ’n dag wat dit gesneeu het.
21 He also killed an Egyptian, a huge man. Even though the Egyptian had a spear in his hand, Benaiah went down to him with a club, snatched the spear out of the Egyptian’s hand, and then killed him with his own spear.
21 Hy het ’n Mitzrayiet doodgemaak, ’n indrukwekkende man. Die Mitzrayiet het ’n spies in die hand gehad, maar hy het na hom toe afgegaan met ’n staf en die spies uit die hand van die Mitzrayiet geruk en hom met sy eie spies doodgemaak.
22 These were the exploits of Benaiah son of Jehoiada, who had a reputation among the three warriors.
22 Hierdie dinge het B’nayah, die seun van Y’hoyada, gedoen en hy het ’n naam gehad saam met die drie magtige manne.
23 He was the most honored of the Thirty, but he did not become one of the Three. David put him in charge of his bodyguard.
23 Hy was geëerd onder die dertig, maar hy het nie by die eerste drie gekom nie en Dawid het hom aangestel oor sy lyfwag.
24 Among the Thirty were: Joab’s brother Asahel, Elhanan son of Dodo of Bethlehem,
24 `Asah’el, die broer van Yo’av, was onder die dertig; Elganan, die seun van Dodo, uit Beit-Legem;
25 Shammah the Harodite, Elika the Harodite,
25 Shammah, die Harodiet; Elika, die Harodiet;
26 Helez the Paltite, Ira son of Ikkesh the Tekoite,
26 Heletz, die Paltiet; `Ira, die seun van `Ikesh, van T’koa;

27 Abiezer the Anathothite, Mebunnai the Hushathite,
27 Avi'ezer, van `Anatot; M'vunai, die Hushatiet;
28 Zalmon the Ahohite, Maharai the Netophathite,
28 Tzalmon, die Agogiet; Mahrai, die N'tofatiet;
29 Heleb son of Baanah the Netophahite, Ittai son of Ribai from Gibeah of the Benjaminites,
29 Helev, die seun van Ba'anah, die N'tofatiet; Ittai, die seun van Rivai, uit Giv'ah, van die seuns van Binyamin;
30 Benaiah the Pirathonite, Hiddai from the wadis of Gaash,
30 B'nayahu, die Pir'atoniet; Hiddai, van die spruite van Ga'ash;
31 Abi-albon the Arbathite, Azmaveth the Barhumite,
31 Avi-`Alvon, die `Arvatiet; `Azmavet, die Bagarumiet;
32 Eliahba the Shaalbonite, the sons of Jashen, Jonathan son of
32 Elyagba, die Sha'alvoniet, van die seuns van Yashen; Y'honatan;
33 Shammah the Hararite, Ahiam son of Sharar the Hararite,
33 Shammah, die Harariet; Agi'am, die seun van Sharar, die Arariet;
34 Eliphelet son of Ahasbai son of the Maacathite, Eliam son of Ahithophel the Gilonite,
34 Elifelet, die seun van Agashbai, die seun van die Ma'akhatiet; Eli'am, die seun van Agitofel, die Gilohniet;
35 Hezro the Carmelite, Paarai the Arbite,
35 Hetzrai, die Karmeliet; Pa'arai, die Arbiet;
36 Igal son of Nathan from Zobah, Bani the Gadite,
36 Yig'al, die seun van Natan, van Tzovah; Bani, die Gadiet;
37 Zelek the Ammonite, Naharai the Beerothite, the armor-bearer for Joab son of Zeruiah,
37 Tzelek, die `Ammoniet en Nagrai, die Be'erotiet, die wapendraers van Yo'av, die seun van Tz'ruyah;
38 Ira the Ithrite, Gareb the Ithrite,
38 `Ira, die Yitriet; Garev, die Yitriet
39 and Uriah the Hittite. There were 37 in all.
39 Uriyah, die Hittiet; almal saam sewe en dertig.

2Samuel24

1 The L**ORD**'s anger burned against Israel again, and He stirred up David against them to say: "Go, count the people of Israel and Judah."

1 Die woede van הוהי het weer teen Yisra'el opgevlam. Dawid is teen hulle aangehits en daar is vir hom gesê: "Gaan tel Yisra'el en Y'hudah."
2 So the king said to Joab, the commander of his army, "Go through all the tribes of Israel from Dan to Beer-sheba and register the troops so I can know their number."
2 Die koning het vir Yo'av, die bevelvoerder van die leër, wat by hom was, gesê: "Gaan deur al die stamme van Yisra'el, van Dan tot by Be'er-Sh'va en tel

die volk sodat ek die getal mense kan weet."
3 Joab replied to the king, "May the LORD your God multiply the troops 100 times more than they are — while my lord the king looks on! But why does my lord the king want to do this? "
3 Yo'av het egter vir die koning gesê: "Nou, mag יהוה, u God, by die volk honderd maal meer byvoeg as wat hulle is terwyl die oë van my meester die koning sien, maar waarom het my meester die koning behae in hierdie saak?"
4 Yet the king's order prevailed over Joab and the commanders of the army. So Joab and the commanders of the army left the king's presence to register the troops of Israel.
4 Nogtans het die woord van die koning gestaan teenoor Yo'av en die bevelvoerders van die leër. Yo'av en die bevelvoerders van die leër het uitgegaan vanaf die teenwoordigheid van die koning om die mense van Yisra'el te tel.
5 They crossed the Jordan and camped in Aroer, south of the town in the middle of the valley, and then proceeded toward Gad and Jazer.
5 Hulle het deur die Yarden gegaan en kamp opgeslaan in `Aro'er, regs van die stad wat in die middel van die vallei van Gad lê en in die rigting van Ya'zer.
6 They went to Gilead and to the land of the Hittites and continued on to Dan-jaan and around to Sidon.
6 Toe het hulle in Gil'ad gekom en by die land van Tagtim-Hodshi en hulle het by Dan-Ya'an gekom en rondom na Tzidon
7 They went to the fortress of Tyre and all the cities of the Hivites and Canaanites. Afterward, they went to the Negev of Judah at Beer-sheba.
7 en gekom by die vesting van Tzor en by al die stede van die Hiviete en Kena'aniete en hulle het uitgekom na die suide van Y'hudah in Be'er-Sh'va.
8 When they had gone through the whole land, they returned to Jerusalem at the end of nine months and 20 days.
8 Toe hulle rondgegaan het deur die hele land, het hulle in Yerushalayim aangekom aan die einde van
nege maande en twintig dae.
9 Joab gave the king the total of the registration of the troops. There were 800,000 fighting men from Israel and 500,000 men from Judah.
9 Yo'av het die getal van die getelde mense aan die koning gegee en daar was in Yisra'el agt honderd duisend weerbare manne wat die swaard uittrek en die manne van Y'hudah was vyf honderd duisend man.
10 David's conscience troubled him after he had taken a census of the troops. He said to the LORD, "I have sinned greatly in what I've done. Now, LORD, because I've been very foolish, please take away Your servant's guilt."
10 Dawid se gewete het hom gepla nadat hy die volk getel het. Dawid het vir יהוה gesê: "Ek het baie gesondig deur wat ek gedoen het, maar nou, יהוה, vat asseblief die skuld van U dienskneg weg, want ek het baie dwaas opgetree."

11 When David got up in the morning, a revelation from the L**ORD** had come to the prophet Gad, David's seer:

11 Toe Dawid in die oggend opstaan, het die woord van הוהי tot die profeet Gad, die siener van Dawid, gekom en gesê:
12 "Go and say to David, 'This is what the L**ORD** says: I am offering you three choices. Choose one of them, and I will do it to you.' "

12 "Gaan en praat met Dawid: "So sê הוהי: 'Ek bied vir jou drie dinge aan, wat Ek aan jou sal doen; kies vir jouself een van hulle.'"
13 So Gad went to David, told him the choices, and asked him, "Do you want three years of famine to come on your land, to flee from your foes three months while they pursue you, or to have a plague in your land three days? Now, think it over and decide what answer I should take back to the One who sent me."
13 Gad het by Dawid gekom en hom vertel en vir hom gesê: "Sal daar sewe jaar lank hongersnood in jou land kom, of wil jy drie maande lank vlug voor jou teëstanders terwyl hulle jou agtervolg, of moet daar drie dae lank pes wees in jou land? Oorweeg nou en sien watter antwoord ek aan Hom wat my gestuur het, moet bring."
14 David answered Gad, "I have great anxiety. Please, let us fall into the L**ORD**'s hands because His mercies are great, but don't let me fall into human hands."

14 Toe sê Dawid vir Gad: "Ek is baie benoud; laat ons nou val in die hand van הוהי, want Sy onverdiende guns en omgee is groot, maar laat my nie in die hand van mense val nie."
15 So the L**ORD** sent a plague on Israel from that morning until the appointed time, and from Dan to Beer- sheba 70,000 men died.

15 הוהי het 'n pes onder Yisra'el gestuur vanaf die oggend tot op die bepaalde tyd en van Dan tot Be'er- Sh'va het daar van die mense sewentig duisend man gesterf.
16 Then the angel extended his hand toward Jerusalem to destroy it, but the L**ORD** relented concerning the destruction and said to the angel who was destroying the people, "Enough, withdraw your hand now! " The angel of the L**ORD** was then at the threshing floor of Araunah the Jebusite.

16 Toe die engel sy hand uitsteek na Yerushalayim om dit te vernietig, het הוהי teruggetrek van die katastrofe en aan die engel wat die mense vernietig het gesê: "Dit is genoeg, ontspan nou jou hand!" Die engel van הוהי was by die dorsvloer van Aravnah, die Y'vusiet.
17 When David saw the angel striking the people, he said to the L**ORD**, "Look, I am the one who has sinned; I am the one who has done wrong. But these sheep, what have they done? Please, let Your hand be against me and my father's family."

17 Toe het Dawid met הוהי gepraat toe hy die engel sien wat die mense doodslaan en gesê: "Let op, dit is ék wat gesondig het en ék wat verkeerd gedoen het, maar hierdie skape, wat het hulle gedoen? Laat u hand asseblief teen my en my vader se huis wees."
18 Gad came to David that day and said to him, "Go up and set up an altar to the LORD on the threshing floor of Araunah the Jebusite."
18 Gad kom dieselfde dag by Dawid en sê vir hom: "Gaan op, bou vir הוהי 'n altaar op die dorsvloer van Aravnah, die Y'vusiet."
19 David went up in obedience to Gad's command, just as the LORD had commanded.
19 Dawid het opgegaan volgens die woord van Gad, net soos הוהי beveel het.
20 Araunah looked down and saw the king and his servants coming toward him, so he went out and bowed to the king with his face to the ground.
20 Aravnah het afgekyk en die koning en sy diensknegte na hom toe sien oorkom en Aravnah het uitgegaan en sy gesig na die grond toe neergebuig voor die koning.
21 Araunah said, "Why has my lord the king come to his servant? " David replied, "To buy the threshing floor from you in order to build an altar to the LORD, so the plague on the people may be halted."
21 Toe het Aravnah gesê: "Waarom kom my meester die koning na sy dienskneg?" Dawid antwoord: "Om die dorsvloer van jou te koop, om vir הוהי 'n altaar te bou sodat die plaag teruggehou kan word van die mense."
22 Araunah said to David, "My lord the king may take whatever he wants and offer it. Here are the oxen for a burnt offering and the threshing sledges and ox yokes for the wood.
22 Aravnah sê vir Dawid: "My meester die koning kan vat en offer wat goed is in sy oë. Kyk, die beeste vir die brandoffer, die dorssleë en die jukke van die beeste vir die hout.
23 My king, Araunah gives everything here to the king." Then he said to the king, "May the LORD your God accept you."
23 Aravnah gee alles, o koning, aan die koning." Aravnah het ook vir die koning gesê: "Mag הוהי, u God, u aanvaar."
24 The king answered Araunah, "No, I insist on buying it from you for a price, for I will not offer to the LORD my God burnt offerings that cost me nothing." David bought the threshing floor and the oxen for 20 ounces of silver.
24 Die koning het egter vir Aravnah gesê: "Nee, maar ek wil dit verseker van jou koop vir 'n prys, want ek wil nie aan הוהי, my God, brandoffers bring wat my niks kos nie." Dawid het die dorsvloer en die beeste gekoop vir vyftig sikkels silwer."
25 He built an altar to the LORD there and offered burnt offerings and fellowship offerings. Then the LORD answered prayer on behalf of the land,

and the plague on Israel ended.

25 Dawid het daar vir הוהי ’n altaar gebou en brandoffers en vredesoffers gebring. So is הוהי deur gebed vir die land beweeg en die plaag is van Yisra’el af teruggehou.

1Kings

1Kings 1

1 Now King David was old and getting on in years. Although they covered him with bedclothes, he could not get warm.
1 Koning Dawid was oud en ver gevorderd in jare en hulle het hom met klere toegemaak, maar hy kon nie warm word nie.
2 So his servants said to him: “Let us search for a young virgin for my lord the king. She is to attend the king and be his caregiver. She is to lie by your side so that my lord the king will get warm.”
2 Sy diensknegte sê vir hom: “Laat hulle vir my meester die koning ’n jong maagd soek en laat sy die koning versorg en sy verpleegster word en laat haar in u skoot lê sodat my meester die koning warm kan bly.”
3 They searched for a beautiful girl throughout the territory of Israel; they found Abishag the Shunammite and brought her to the king.
3 Hulle het in die hele grondgebied van Yisra’el ’n mooi meisie gesoek en Avishag, die Shunamiet, gevind en haar na die koning toe gebring.
4 The girl was of unsurpassed beauty, and she became the king’s caregiver. She served him, but he was not intimate with her.
4 Die meisie was baie mooi en sy was vir die koning ’n verpleegster en het hom bedien, maar die koning het geen gemeenskap met haar gehad nie.
5 Adonijah son of Haggith kept exalting himself, saying, “I will be king! ” He prepared chariots, cavalry, and 50 men to run ahead of him.
5 Nou, Adoniyah, die seun van Haggit, het homself verhoog en gesê: “Ek sal koning wees!” Hy het vir homself strydwaens en perderuiters voorberei en vyftig man om voor hom uit te hardloop.
6 But his father had never once reprimanded him by saying, “Why do you act this way? ” In addition, he was quite handsome and was born after Absalom.
6 Sy vader het hom nooit te eniger tyd teëgegaan deur te vra: “Waarom het jy so gemaak?” nie. Hy was ook altyd ’n baie aantreklike man en hy is ná Avshalom gebore.
7 He conspired with Joab son of Zeruiah and with Abiathar the priest. They supported Adonijah,
7 Hy het met Yo’av, die seun van Tz’ruyah, beraadslag, asook met Evyatar, die priester en deur hom te volg het hulle Adoniyah gehelp.
8 but Zadok the priest, Benaiah son of Jehoiada, Nathan the prophet, Shimei, Rei, and David’s warriors did not side with Adonijah.
8 Tzadok, die priester, B’nayah, die seun van Y’hoyada, Natan, die profeet, Shim’i, Re’i en die magtige manne van Dawid was nie by Adoniyah nie.
9 Adonijah sacrificed sheep, oxen, and fattened cattle near the stone of Zoheleth, which is next to En- rogel. He invited all his royal brothers and all the men of Judah, the servants of the king,
9 Adoniyah het kleinvee, beeste en vetgemaakte vee geslag by die klip van Zogelet wat langs `Ein-Rogel staan en al sy broers, die seuns van die koning en al die manne van Y’hudah, die diensknegte van die koning, genooi,

10 but he did not invite Nathan the prophet, Benaiah, the warriors, or his brother Solomon.
10 maar vir Natan, die profeet, B'nayah, die magtige manne en vir sy broer Shlomo, het hy nie genooi nie.
11 Then Nathan said to Bathsheba, Solomon's mother, "Have you not heard that Adonijah son of Haggith has become king and our lord David does not know it?
11 Toe praat Natan met Bat-Sh'va, die moeder van Shlomo en sê: "Het u nie gehoor dat Adoniyah, die seun van Haggit, koning geword het en dat ons meester Dawid dit nie weet nie?
12 Now please come and let me advise you. Save your life and the life of your son Solomon.
12 Kom dan nou, laat ek u asseblief raad gee dat u u lewe en die lewe van u seun Shlomo kan red.
13 Go, approach King David and say to him, 'My lord the king, did you not swear to your servant: Your son Solomon is to become king after me, and he is the one who is to sit on my throne? So why has Adonijah become king? '
13 Gaan dadelik na koning Dawid en sê vir hom: "Het ú nie, my meester die koning, vir u dienares gesweer en gesê: 'Jou seun Shlomo sal sekerlik koning wees ná my en hy sal op my troon sit,' nie? Waarom het Adoniyah dan koning geword?
14 At that moment, while you are still there speaking with the king, I'll come in after you and confirm your words."
14 Let op, terwyl u nog daar is en met die koning praat, sal ék agter u inkom en u woorde bevestig."
15 So Bathsheba went to the king in his bedroom. Since the king was very old, Abishag the Shunammite was serving him.
15 Bat-Sh'va het ingegaan by die koning in die slaapkamer. Nou, die koning was baie oud en Avishag, die Shunamiet, het die koning bedien.
16 Bathsheba bowed down and paid homage to the king, and he asked, "What do you want? "
16 Toe het Bat-Sh'va gebuig en op die grond gaan lê voor die koning. Die koning het gesê: "Wat wil jy hê?"
17 She replied, "My lord, you swore to your servant by the LORD your God, 'Your son Solomon is to become king after me, and he is the one who is to sit on my throne.'
17 Sy antwoord hom: "My meester, ú het by יהוה u God vir u dienares gesweer en gesê: 'U seun Shlomo sal sekerlik ná my koning wees en hy sal op my troon sit.'
18 Now look, Adonijah has become king. And, my lord the king, you didn't know it.
14 Let op, vuur het van die hemel af afgekom en die eerste twee bevelvoerders oor vyftig, met hulle vyftig, verteer, maar laat my lewe nou kosbaar wees in u oë!”
15 The angel of the LORD said to Elijah, “Go down with him. Don’t be afraid of him.” So he got up and went down with him to the king.
15 Die boodskapperengel van יהוה sê vir Eliyahu: “Gaan saam met hom af, moenie bang wees vir hom nie.” Hy het daarom opgestaan en saam met hom afgegaan na die koning toe.
16 Then Elijah said to King Ahaziah, “This is what the LORD says: ‘Because you have sent messengers to inquire of Baal-zebub, the god of Ekron — is it because there is no God in Israel for you to inquire of His will? — you will not get up from your sickbed; you will certainly die.’ ”

16 Toe het hy vir hom gesê: “So sê יהוה: ‘Omdat jy boodskappers gestuur het om navraag te doen by Ba’al-Z’vuv, die god van `Ekron; (is dit omdat daar geen God in Yisra’el is om navraag te doen na Sy woord nie?) daarom sal jy nie afkom van die bed waarop jy geklim het nie, maar jy sal sekerlik sterf.”
17 Ahaziah died according to the word of the LORD that Elijah had spoken. Since he had no son, Joram became king in his place. This happened in the second year of Judah’s King Jehoram son of Jehoshaphat.

17 Agazyah het gesterf volgens die woord van יהוה, dit wat Eliyahu gesê het en omdat hy geen seun gehad het nie, het Y’horam in sy plek koning geword in die tweede jaar van Y’horam, die seun van Y’hoshafat, koning van Y’hudah.
18 The rest of the events of Ahaziah’s reign, along with his accomplishments, are written in the Historical Record of Israel’s Kings.
18 Die res van die dade van Agazyah, wat hy gedoen het, is dit nie opgeskryf in ‘Die Boek van die Kronieke van die konings van Yisra’el’ nie?

2Kings 2
1 The time had come for the LORD to take Elijah up to heaven in a whirlwind. Elijah and Elisha were traveling from Gilgal,

1 Dit het gebeur toe יהוה op die punt was om Eliyahu in ’n warrelwind na die hemel op te vat dat Eliyahu saam met Elisha vanaf Gilgal gegaan het.
2 and Elijah said to Elisha, “Stay here; the LORD is sending me on to Bethel.” But Elisha replied, “As the LORD lives and as you yourself live, I will not leave you.” So they went down to Bethel.

2 Eliyahu het vir Elisha gesê: “Bly asseblief hier, want יהוה het my sover as Beit-El gestuur.” Elisha het egter gesê: “So waar as יהוה leef en uself leef, ek sal u nie verlaat nie!” Hulle het afgegaan na Beit-El.
3 Then the sons of the prophets who were at Bethel came out to Elisha and said, “Do you know that the LORD will take your master away from you today? ” He said, “Yes, I know. Be quiet.”
3 Toe kom die profete-seuns wat in Beit-El was na Elisha toe uit en vra vir hom: “Weet u dat יהוה vandag u meester, wat oor u is, sal wegvat?” Hy antwoord: “Ja, ek weet; bly stil.”
4 Elijah said to him, “Elisha, stay here; the LORD is sending me to Jericho.” But Elisha said, “As the LORD lives and as you yourself live, I will not leave you.” So they went to Jericho.

4 Eliyahu sê vir hom: “Elisha, bly asseblief hier, want יהוה het my na Yerigo gestuur.” Hy het egter gesê: “Sowaar as יהוה leef en uself leef, ek sal u nie verlaat nie!” Hulle het in Yerigo aangekom.
5 Then the sons of the prophets who were in Jericho came up to Elisha and said, “Do you know that the LORD will take your master away from you today? ” He said, “Yes, I know. Be quiet.”

5 Die profete-seuns wat in Yerigo was, het na Elisha toe gekom en vir hom gevra: "Weet u dat יהוה
vandag u meester, wat oor u is, sal wegvat?" Hy antwoord: "Ja ek weet; bly stil."
6 Elijah said to him, "Stay here; the LORD is sending me to the Jordan." But Elisha said, "As the LORD lives and as you yourself live, I will not leave you." So the two of them went on.
6 Toe sê Eliyahu vir hom: "Bly asseblief hier, want יהוה het my na die Yarden toe gestuur." Hy sê: "Sowaar as יהוה leef en uself leef, ek sal u nie verlaat nie!" Die twee van hulle het voortgegaan.
7 Fifty men from the sons of the prophets came and stood facing them from a distance while the two of them stood by the Jordan.
7 Vyftig man van die profete-seuns het gegaan en op 'n afstand oorkant hulle gaan staan terwyl hulle twee by die Yarden staan.
8 Elijah took his mantle, rolled it up, and struck the waters, which parted to the right and left. Then the two of them crossed over on dry ground.
8 Eliyahu vat sy mantel en vou dit bymekaar en slaan op die water en dit is na weerskante verdeel sodat hulle twee op droë grond oorgegaan het.
9 After they had crossed over, Elijah said to Elisha, "Tell me what I can do for you before I am taken from you." So Elisha answered, "Please, let me inherit two shares of your spirit."
9 Nadat hulle oorgegaan het, sê Eliyahu vir Elisha: "Vra wat ek vir jou moet doen voordat ek van jou af weggevat word." Elisha antwoord: "Laat asseblief 'n dubbele deel van u gees op my wees."
10 Elijah replied, "You have asked for something difficult. If you see me being taken from you, you will have it. If not, you won't."
10 Hy het gesê: "Jy het 'n harde ding gevra. Nogtans, as jy my sien wanneer ek van jou af weggevat word, sal dit so vir jou wees, maar indien nie, dan sal dit nie wees nie."
11 As they continued walking and talking, a chariot of fire with horses of fire suddenly appeared and separated the two of them. Then Elijah went up into heaven in the whirlwind.
11 Terwyl hulle loop en praat, let op: 'n strydwa van vuur, met perde van vuur, wat skeiding tussen hulle twee maak en Eliyahu het in 'n warrelwind na die hemel opgegaan.
12 As Elisha watched, he kept crying out, "My father, my father, the chariots and horsemen of Israel! " Then he never saw Elijah again. He took hold of his own clothes and tore them into two pieces.
12 Elisha het dit gesien en uitgeroep: "My vader, my vader, die strydwa van Yisra'el en sy ruiters!" Hy het Eliyahu nie meer gesien nie. Toe het hy sy klere gegryp en dit in twee stukke geskeur.
13 Elisha picked up the mantle that had fallen off Elijah and went back and stood on the bank of the Jordan.

13 Hy het ook die mantel van Eliyahu, wat van hom afgeval het, opgetel en teruggegaan en op die wal van die Yarden gestaan.
14 Then he took the mantle Elijah had dropped and struck the waters. “Where is the LORD God of Elijah? ” he asked. He struck the waters himself, and they parted to the right and the left, and Elisha crossed over.
14 Hy het die mantel van Eliyahu gevat wat van hom afgeval het en die water geslaan en gesê: “Waar is יהוה, die God van Eliyahu?” Ook toe hy die water geslaan het, is dit na weerskante verdeel en Elisha het oorgegaan.
15 When the sons of the prophets from Jericho who were facing him saw him, they said, “The spirit of Elijah rests on Elisha.” They came to meet him and bowed down to the ground in front of him.
15 Toe die profete-seuns wat by Yerigo, oorkant hom was, hom sien, het hulle gesê: “Die gees van Eliyahu rus op Elisha!” Hulle het gekom om hom te ontmoet en voor hom na die grond toe gebuig.
16 Then the sons of the prophets said to Elisha, “Since there are 50 strong men here with your servants, please let them go and search for your master. Maybe the Spirit of the LORD has carried him away and put him on one of the mountains or into one of the valleys.” He answered, “Don’t send them.”
16 Hulle het vir hom gesê: “Let op, daar is by u diensknegte vyftig sterk manne; laat hulle asseblief u meester gaan soek; miskien het die Gees van יהוה hom opgevat en hom op een of ander berg of in ’n sekere vallei gesit.” Hy het gesê: “Julle sal nie stuur nie!”
17 However, they urged him to the point of embarrassment, so he said, “Send them.” They sent 50 men, who looked for three days but did not find him.
17 Toe hulle egter aanhou tot hy verleë was, sê hy: “Stuur.” Hulle het daarom vyftig man gestuur en hulle het drie dae lank gesoek, maar hom nie gekry nie.
18 When they returned to him in Jericho where he was staying, he said to them, “Didn’t I tell you not to go? ”
18 Hulle het na hom toe teruggekom terwyl hy nog in Yerigo bly en hy vra vir hulle: “Het ek nie vir julle gesê nie: ‘Moenie gaan nie?’”
19 Then the men of the city said to Elisha, “Even though our lord can see that the city’s location is good, the water is bad and the land unfruitful.”
19 Toe het die manne van die stad vir Elisha gesê: “Let op, die ligging van die stad is gunstig, soos my meester sien, maar die water is sleg en die grond onvrugbaar.”
20 He replied, “Bring me a new bowl and put salt in it.” After they had brought him one,
20 Hy het gesê: “Bring vir my ’n nuwe houer en gooi sout daarin.” Hulle het dit na hom toe gebring.
21 Elisha went out to the spring of water, threw salt in it, and said, “This is what the LORD says: ‘I have healed this water. No longer will death or unfruitfulness result from it.’ ”

21 Hy gaan uit na die fontein van die water, gooi sout daarin en sê: “So sê יהוה: “Ek het dié water gereinig; daar sal nie langer dood of onvrugbaarheid van kom nie.”
22 Therefore, the water remains healthy to this very day according to the word that Elisha spoke.
22 Die water is gereinig tot vandag toe volgens die woord van Elisha wat hy gepraat het.
23 From there Elisha went up to Bethel. As he was walking up the path, some small boys came out of the city and harassed him, chanting, “Go up, baldy! Go up, baldy! ”
23 Toe het hy daarvandaan opgegaan na Beit-El en terwyl hy met die pad opgaan, kom daar jong seuns uit die stad uit en spot hom en sê: “Gaan op, jou kaalkop! Gaan op, jou kaalkop!”
24 He turned around, looked at them, and cursed them in the name of the LORD. Then two female bears
came out of the woods and mauled 42 of the children.
24 Toe hy agter hom kyk en hulle sien, vervloek hy hulle in die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה. Toe kom twee wyfie bere uit die woud uit en verskeur twee en veertig van die seuns.
25 From there Elisha went to Mount Carmel, and then he returned to Samaria.
25 Hy het daarvandaan na die berg Karmel gegaan en van daar af na Shomron teruggegaan.

2Kings 3

1 Joram son of Ahab became king over Israel in Samaria during the eighteenth year of Judah’s King Jehoshaphat and reigned 12 years.
1 Y’horam, die seun van Ag’av, het koning geword oor Yisra’el in Shomron in die agttiende jaar van Y’hoshafat, koning van Y’hudah en hy het twaalf jaar regeer.
2 He did what was evil in the LORD’s sight, but not like his father and mother, for he removed the sacred pillar of Baal his father had made.
2 Hy het boos gedoen in die oë van יהוה, alhoewel nie soos sy vader en sy moeder nie, want hy het die pilaar van Ba’al verwyder wat sy vader gemaak het.
3 Nevertheless, Joram clung to the sins that Jeroboam son of Nebat had caused Israel to commit. He did not turn away from them.
3 Nogtans het hy vasgehou aan die sondes van Yarov’am, die seun van N’vat, waarmee hy Yisra’el laat sondig het; hy het nie van hulle afgewyk nie.
4 King Mesha of Moab was a sheep breeder. He used to pay the king of Israel 100,000 lambs and the wool of 100,000 rams,
4 Mesha, die koning van Mo’av, was ’n skaapboer en het aan die koning van Yisra’el ’n honderd duisend lammers en ’n honderd duisend ramme se wol

betaal.
5 but when Ahab died, the king of Moab rebelled against the king of Israel.
5 Toe Ag’av gesterf het, het die koning van Mo’av egter teen die koning van Yisra’el rebelleer.
6 So King Joram marched out from Samaria at that time and mobilized all Israel.
6 Koning Y’horam het in daardie tyd uit Shomron uitgegaan en die hele Yisra’el opgeroep.
7 Then he sent a message to King Jehoshaphat of Judah: “The king of Moab has rebelled against me. Will you go with me to fight against Moab? ” Jehoshaphat said, “I will go. I am as you are, my people as your people, my horses as your horses.”
7 Toe het hy woord gestuur na Y’hoshafat, koning van Y’hudah, en gesê: “Die koning van Mo’av het teen my gerebelleer. Sal u saam met my teen Mo’av gaan veg?” Hy antwoord: “Ek sal opgaan; ek is soos u is, my volk soos u volk, my perde soos u perde.”
8 Then he asked, “Which route should we take? ” Joram replied, “The route of the Wilderness of Edom.”
8 Hy vra: “Met watter pad sal ons opgaan?” Hy antwoord: “Die pad van die wildernis van Edom.”
9 So the king of Israel, the king of Judah, and the king of Edom set out. After they had traveled their indirect route for seven days, they had no water for the army or their animals.
9 So het die koning van Yisra’el saam met die koning van Y’hudah en die koning van Edom gegaan en
hulle het ’n roete van sewe dae gereis en daar was geen water vir die leër of vir die beeste wat hulle gevolg het nie.
10 Then the king of Israel said, “Oh no, the LORD has summoned three kings, only to hand them over to Moab.”
10 Toe sê die koning van Yisra’el: “Helaas, הוהי het hierdie drie konings geroep om hulle in die hand van Mo’av te gee!”
11 But Jehoshaphat said, “Isn’t there a prophet of the LORD here? Let’s inquire of Yahweh through him.” One of the servants of the king of Israel answered, “Elisha son of Shaphat, who used to pour water on Elijah’s hands, is here.”
11 Y’hoshafat vra egter: “Is hier nie ’n profeet van הוהי dat ons deur hom by הוהי navraag kan doen nie?” Een van die koning van Yisra’el se diensknegte antwoord en sê: “Elisha, die seun van Shafat, wat water op die hande van Eliyahu gegooi het, (hom gedien het) is hier.”
12 Jehoshaphat affirmed, “The LORD’s words are with him.” So the king of Israel and Jehoshaphat and the king of Edom went to him.
12 Y’hoshafat sê: “Die woord van הוהי is by hom.” So het die koning van Yisra’el, Y’hoshafat en die koning van Edom na hom toe afgegaan.

13 However, Elisha said to King Joram of Israel, "We have nothing in common. Go to the prophets of your father and your mother! " But the king of Israel replied, "No, because it is the LORD who has summoned these three kings to hand them over to Moab."
13 Elisha het vir die koning van Yisra'el gesê: "Wat het ek met u te doen? Gaan na die profete van u vader en die profete van u moeder!" Die koning van Yisra'el antwoord hom: "Nee, want יהוה het hierdie drie konings geroep om hulle in die hand van Mo'av te gee."
14 Elisha responded, "As the LORD of Hosts lives, I stand before Him. If I did not have respect for King Jehoshaphat of Judah, I would not look at you; I wouldn't take notice of you.
14 Elisha sê: "So waar as יהוה-Tzva'ot leef voor wie se Teenwoordigheid ek staan, as dit nie was dat ek die teenwoordigheid van Y'hoshafat, die koning van Y'hudah, geag het nie, sou ek nie na u gekyk of u raakgesien het nie,
15 Now, bring me a musician." While the musician played, the LORD's hand came on Elisha.
15 maar bring nou vir my 'n musikant." Dit het gebeur toe die musikant speel dat die hand van יהוה op hom gekom het.
16 Then he said, "This is what the LORD says: 'Dig ditch after ditch in this wadi.'
16 Hy het gesê: "So sê יהוה: 'Maak hierdie vallei vol slote,'
17 For the LORD says, 'You will not see wind or rain, but the wadi will be filled with water, and you will drink — you and your cattle and your animals.'
17 want so sê יהוה: 'Julle sal geen wind of reën sien nie; tog sal hierdie vallei gevul word met water sodat julle sal drink, beide julle, julle beeste en julle ander diere.
18 This is easy in the LORD's sight. He will also hand Moab over to you.
18 Hierdie is maar 'n geringe ding in die oë van יהוה; Hy sal ook die Mo'aviete in julle hand gee.
19 Then you must attack every fortified city and every choice city. You must cut down every good tree and stop up every spring of water. You must ruin every good piece of land with stones."
19 Dan moet julle elke versterkte stad en elke uitgesoekte stad slaan en elke goeie boom afkap, al die waterfonteine toestop en elke goeie stuk grond met klippe bederf.'"
20 About the time for the grain offering the next morning, water suddenly came from the direction of Edom and filled the land.
20 Dit het die volgende oggend omtrent die tyd dat hulle die offer bring, gebeur dat, let op, water van die kant van Edom af kom en die land is gevul met water.
21 All Moab had heard that the kings had come up to fight against them. So all who could bear arms, from the youngest to the oldest, were summoned

and took their stand at the border.
21 Al die Mo’aviete het gehoor dat die konings opgekom het om teen hulle te veg en almal wat in staat was om die wapenrusting aan te trek en ouer, is opgeroep en hulle het op die grens gestaan.
22 When they got up early in the morning, the sun was shining on the water, and the Moabites saw that the water across from them was red like blood.
22 Hulle het vroeg die oggend opgestaan en die son het op die water geskyn en die Mo’aviete het die water oorkant hulle so rooi soos bloed gesien.
23 “This is blood! ” they exclaimed. “The kings have clashed swords and killed each other. So, to the spoil, Moab! ”
23 Toe sê hulle: “Dit is bloed; die konings het sekerlik teen mekaar baklei en die een het die ander neergeslaan. Nou, daarom, Mo’av na die buit!”
24 However, when the Moabites came to Israel’s camp, the Israelites attacked them, and they fled from them. So Israel went into the land and struck down the Moabites.
24 Toe hulle egter by die kamp van Yisra’el kom, het die Yisra’eliete opgestaan en die Mo’aviete verslaan sodat hulle voor hul gevlug het en hulle het vorentoe gegaan, in die land in en die Mo’aviete neergeslaan.
25 They destroyed the cities, and each of them threw stones to cover every good piece of land. They stopped up every spring of water and cut down every good tree. In the end, only the buildings of Kir- hareseth were left. Then men with slings surrounded the city and attacked it.
25 So het hulle die stede vernietig en elkeen het op elke goeie stuk grond ’n klip gegooi en dit vol gemaak. So het hulle elke waterfontein toegestop en elke goeie boom afgekap totdat hulle in Kir-Hareset die mure gelos het; die slingeraars het egter om dit gegaan en dit getref.
26 When the king of Moab saw that the battle was too fierce for him, he took 700 swordsmen with him to try to break through to the king of Edom, but they could not do it.
26 Toe die koning van Mo’av sien dat die geveg vir hom te swaar is, het hy sewe honderd man wat die swaard uittrek, saam met hom gevat om na die koning van Edom deur te breek, maar hulle kon nie.
27 So he took his firstborn son, who was to become king in his place, and offered him as a burnt offering on the city wall. Great wrath was on the Israelites, and they withdrew from him and returned to their land.
27 Toe vat hy sy eersgebore seun, wat in sy plek moes heers en offer hom as brandoffer op die muur. Daar het ’n groot toorn teen Yisra’el gekom en hulle het van hom af weggetrek en na hulle land teruggekeer.

2Kings 4
1 One of the wives of the sons of the prophets cried out to Elisha, “Your servant, my husband, has died. You know that your servant feared the LORD. Now the creditor is coming to take my two children as his slaves.”
1 ’n Sekere vrou vanuit die vroue van die profete-seuns het na Elisha

uitgeroep: “U dienskneg, my man, is dood en u weet dat u dienskneg, הוהי respekvol gevrees het en die skuldeiser het gekom om my twee seuns te vat om sy slawe te wees.”
2 Elisha asked her, “What can I do for you? Tell me, what do you have in the house? ” She said, “Your servant has nothing in the house except a jar of oil.”
2 Elisha het vir haar gesê: “Wat kan ek vir jou doen? Vertel my, wat het jy in die huis?” Sy antwoord: “U dienares het niks in die huis nie, behalwe ’n fles met olie.”
3 Then he said, “Go and borrow empty containers from everyone — from all your neighbors. Do not get just a few.
3 Toe sê hy: “Gaan, leen vir jou baie leë houers van al jou bure; moenie min kry nie.
4 Then go in and shut the door behind you and your sons, and pour oil into all these containers. Set the full ones to one side.”
4 Gaan dan in en sluit die deur agter jou en jou seuns toe, gooi dit in al daardie houers en sit dit wat vol is eenkant.
5 So she left. After she had shut the door behind her and her sons, they kept bringing her containers, and she kept pouring.
5 Sy het van hom af weggegaan en die deur agter haar en haar seuns toegesluit; hulle het die houers vir haar gebring en sy het gegooi.
6 When they were full, she said to her son, “Bring me another container.” But he replied, “There aren’t any more.” Then the oil stopped.
6 Toe die houers vol was, sê sy vir haar seun: “Bring vir my nog ’n houer.” Hy antwoord haar: “Daar is nie meer een houer nie.” Die olie het opgehou.
7 She went and told the man of God, and he said, “Go sell the oil and pay your debt; you and your sons can live on the rest.”
7 Toe kom sy en vertel die man van God en hy sê: “Gaan, verkoop die olie en betaal jou skuld; jy en jou seuns kan van die res leef.”
8 One day Elisha went to Shunem. A prominent woman who lived there persuaded him to eat some food. So whenever he passed by, he stopped there to eat.
8 Daar het ’n dag gekom wat Elisha oorgegaan het na Shunem, waar daar ’n prominente vrou was en sy het hom oortuig om ’n maaltyd te eet. So was dit, so dikwels as wat hy verbygaan, het hy daar ingedraai om ’n maaltyd te eet.
9 Then she said to her husband, “I know that the one who often passes by here is a holy man of God,
9 Sy het vir haar man gesê: “Let nou op, ek sien dat hierdie ’n afgesonderde man van God is wat voortdurend by ons verbygaan.
10 so let’s make a small room upstairs and put a bed, a table, a chair, and a lamp there for him. Whenever he comes, he can stay there.”
10 Laat ons asseblief ’n klein gemuurde bo-kamer maak en laat ons daar vir hom ’n bed, ’n tafel, ’n stoel en ’n lampstaander neersit; dit sal wees wanneer hy na ons toe kom hy daar kan bly.”
11 One day he came there and stopped and went to the room upstairs to lie

down.
11 Eendag het hy daar gekom, in die bo-kamer gegaan en gerus.
12 He ordered his attendant Gehazi, “Call this Shunammite woman.” So he called her and she stood before him.
12 Toe het hy vir Geigazi, sy dienskneg, gesê: “Roep hierdie Shunamitiese vrou.” Toe hy haar geroep het, het sy voor hom gestaan.
13 Then he said to Gehazi, “Say to her, ‘Look, you’ve gone to all this trouble for us. What can we do for you? Can we speak on your behalf to the king or to the commander of the army? ’ ” She answered, “I am living among my own people.”
13 Hy het vir hom gesê: “Vra haar nou: ‘Let op, jy was vol sorg teenoor ons met al hierdie omgee; wat kan ek vir jou doen? Moet daar vir jou ’n goeie woord gedoen word by die koning of by die bevelvoerder van die leër?” Sy antwoord: “Ek leef onder my eie mense.”
14 So he asked, “Then what should be done for her? ” Gehazi answered, “Well, she has no son, and her husband is old.”
14 Hy sê: “Wat kan dan vir haar gedoen word?” Geigazi antwoord: “Dit is waar, sy het geen seun nie en haar man is oud.”
15 “Call her,” Elisha said. So Gehazi called her, and she stood in the doorway.
15 Hy het gesê: “Roep haar.” Toe hy haar geroep het, het sy in die deur gestaan.
16 Elisha said, “At this time next year you will have a son in your arms.” Then she said, “No, my lord. Man of God, do not deceive your servant.”
16 Toe sê hy: “Tydens hierdie seisoen volgende jaar sal jy ’n seun vashou.” Sy sê: “Nee, my meester, o, man van God, moenie vir u dienares lieg nie!”
17 The woman conceived and gave birth to a son at the same time the following year, as Elisha had promised her.
17 Die vrou het swanger geword en geboorte gegee aan ’n seun in daardie seisoen die volgende jaar, soos Elisha vir haar gesê het.
18 The child grew and one day went out to his father and the harvesters.
18 Toe die seun opgegroei het, het die dag gekom dat hy uitgegaan het na sy vader, na die maaiers.
19 Suddenly he complained to his father, “My head! My head! ” His father told his servant, “Carry him to his mother.”
19 Hy het vir sy vader gesê: “My kop, my kop!” Dié sê toe vir sy dienskneg: “Dra hom na sy moeder toe.”
20 So he picked him up and took him to his mother. The child sat on her lap until noon and then died.
20 Toe hy hom gevat en na sy moeder gebring het, het hy op haar skoot gesit tot die middag toe en gesterf.
21 Then she went up and laid him on the bed of the man of God, shut him in, and left.
21 Sy het opgegaan en hom op die bed van die man van God neergelê en agter hom toegesluit en uitgegaan.

22 She summoned her husband and said, “Please send me one of the servants and one of the donkeys, so I can hurry to the man of God and then come back.”
22 Toe roep sy haar man en sê: “Stuur asseblief vir my een van die diensknegte en een van die donkies sodat ek gou na die man van God kan gaan en terugkom.”
23 But he said, “Why go to him today? It’s not a New Moon or a Sabbath.” She replied, “Everything is all right.”
23 Hy sê: “Waarom sal jy vandag na hom toe gaan? Dit is nie nuwemaan of Shabbat nie.” Sy antwoord: “Shalom (Vrede, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid)!”
24 Then she saddled the donkey and said to her servant, “Hurry, don’t slow the pace for me unless I tell you.”
24 Toe saal sy die donkie op en sê vir haar dienskneg: “Jaag aan en gaan vooruit; moenie die pas verslap, behalwe as ek jou sê nie.”
25 So she set out and went to the man of God at Mount Carmel. When the man of God saw her at a distance, he said to his attendant Gehazi, “Look, there’s the Shunammite woman.
25 Sy het gegaan en by die man van God by die berg Karmel gekom. Toe die man van God haar op ’n afstand sien, sê hy vir sy dienskneg Geigazi: “Let op, daar is dié Shunamiet!
26 Run out to meet her and ask, ‘Are you all right? Is your husband all right? Is your son all right? ’ ” And she answered, “Everything’s all right.”
26 Hardloop nou om haar te ontmoet en sê vir haar: “Gaan dit goed met u? Gaan dit goed met u man? Gaan dit goed met die seun?” Sy antwoord: “Dit is goed.”
27 When she came up to the man of God at the mountain, she clung to his feet. Gehazi came to push her away, but the man of God said, “Leave her alone — she is in severe anguish, and the LORD has hidden it from me. He hasn’t told me.”
27 Toe sy by die man van God by die berg kom, het sy sy voete vasgegryp en Geigazi het nadergekom om haar weg te stoot, maar die man van God sê: “Laat haar staan, want haar lewe is verbitterd in haar en הוהי het dit vir my verberg en my nie vertel nie.”
28 Then she said, “Did I ask my lord for a son? Didn’t I say, ‘Do not deceive me? ’ ”
28 Toe het sy gesê: “Het ek van my meester ’n seun gevra? Het ek nie gesê: ‘Moet my nie mislei nie?’”
29 So Elisha said to Gehazi, “Tuck your mantle under your belt, take my staff with you, and go. If you meet anyone, don’t stop to greet him, and if a man greets you, don’t answer him. Then place my staff on the boy’s face.”
29 Toe sê hy vir Geigazi: “Gord vas jou heupe en vat my staf in jou hand en gaan heen; as jy iemand teëkom, moet hom nie groet nie en as iemand jou groet, antwoord hom nie en lê my staf op die gesig van die seun.”

30 The boy’s mother said to Elisha, “As the LORD lives and as you yourself live, I will not leave you.” So he got up and followed her.

30 Die moeder van die seun het gesê: “Sowaar as יהוה leef en uself leef, ek sal u nie verlaat nie!” Hy het opgestaan en haar gevolg.

31 Gehazi went ahead of them and placed the staff on the boy’s face, but there was no sound or sign of life, so he went back to meet Elisha and told him, “The boy didn’t wake up.”

31 Geigazi het voor hulle uit gegaan en die staf op die gesig van die seun gelê, maar daar was geen klank of reaksie nie. Hy het teruggekom na hom toe en vir hom gesê: “Die jongman het nie wakker geword nie.”

32 When Elisha got to the house, he discovered the boy lying dead on his bed.

32 Toe Elisha in die huis inkom, let op, was die jongman dood en het op sy bed gelê!

33 So he went in, closed the door behind the two of them, and prayed to the LORD.

33 Hy het ingegaan en die deur agter hulle twee toegesluit en tot יהוה gebid.

34 Then he went up and lay on the boy: he put mouth to mouth, eye to eye, hand to hand. While he bent down over him, the boy’s flesh became warm.

34 Hy het opgegaan en op die seun gaan lê en sy mond op sy mond gesit, sy oë op sy oë en sy hande op sy hande en homself op hom uitgestrek en die vlees van die seun het warm geword.

35 Elisha got up, went into the house, and paced back and forth. Then he went up and bent down over him again. The boy sneezed seven times and opened his eyes.

35 Toe het hy teruggekom en in die huis een keer heen en weer geloop en weer opgegaan en homself op hom uitgestrek en die jongman het sewe maal genies en sy oë oopgemaak.

36 Elisha called Gehazi and said, “Call the Shunammite woman.” He called her and she came. Then Elisha said, “Pick up your son.”

36 Toe roep hy Geigazi en sê: “Roep hierdie Shunamiet.” Hy het haar geroep en toe sy by hom gekom het, sê hy: “Tel jou seun op.”

37 She came, fell at his feet, and bowed to the ground; she picked up her son and left.

37 Toe het sy ingekom en voor sy voete geval en na die grond toe neergebuig en sy het haar seun opgetel en uitgegaan.

38 When Elisha returned to Gilgal, there was a famine in the land. The sons of the prophets were sitting at his feet. He said to his attendant, “Put on the large pot and make stew for the sons of the prophets.”

38 Toe Elisha teruggegaan het na Gilgal, was daar hongersnood in die land. Terwyl die profete-seuns voor hom sit, sê hy vir sy dienskneg: “Sit die groot pot op en maak ’n bredie vir die profete-seuns.”

39 One went out to the field to gather herbs and found a wild vine from

which he gathered as many wild gourds as his garment would hold. Then he came back and cut them up into the pot of stew, but they were unaware of what they were.
39 Toe gaan een uit in die veld om kruie te versamel en hy het wilde ranke gekry en sy kleed vol wilde pampoene gepluk en gekom en dit in die pot bredie ingesny, want hulle het dit nie geken nie.
40 They served some for the men to eat, but when they ate the stew they cried out, “There’s death in the pot, man of God! ” And they were unable to eat it.
40 Hulle het vir die manne opgeskep om te eet en net toe hulle van die bredie eet, skreeu hulle en roep: “Man van God, daar is dood in die pot!” Hulle kon dit nie eet nie.
41 Then Elisha said, “Get some meal.” He threw it into the pot and said, “Serve it for the people to eat.” And there was nothing bad in the pot.
41 Hy sê egter: “Bring meel.” Hy gooi dit in die pot en sê: “Skep uit vir die mense sodat hulle kan eet.” Toe was daar niks verkeerd in die pot nie.
42 A man from Baal-shalishah came to the man of God with his sack full of 20 loaves of barley bread from the first bread of the harvest. Elisha said, “Give it to the people to eat.”
42 ’n Man het van Ba’al-Shalishah af gekom en vir die man van God brood van die eersteling vrugte gebring; twintig garsbrode en vars graan in sy sak. Hy het gesê: “Gee vir die mense sodat hulle kan eet.”
43 But Elisha’s attendant asked, “What? Am I to set 20 loaves before 100 men? ” “Give it to the people to eat,” Elisha said, “for this is what the LORD says: ‘They will eat, and they will have some left over.’ ”
43 Sy dienskneg antwoord: “Wat? Sal ek dit aan ’n honderd man voorsit?” Hy sê egter: “Gee vir die mense sodat hulle kan eet, want so sê הוהי: ‘Hulle sal eet en oorhou.’”
44 So he gave it to them, and as the LORD had promised, they ate and had some left over.
44 Hy sit dit voor hulle neer en hulle het geëet en oorgehou volgens die woord van הוהי.

2Kings 5
1 Naaman, commander of the army for the king of Aram, was a great man in his master’s sight and highly regarded because through him, the LORD had given victory to Aram. The man was a brave warrior, but he had a skin disease.
1 Na’aman, die bevelvoerder van die leër van die koning van Aram, was ’n groot man voor sy meester en hoogs gerespekteerd, want deur hom het הוהי aan die Arameërs oorwinning gegee. Die man was ook ’n dapper soldaat, maar melaats.
2 Aram had gone on raids and brought back from the land of Israel a young

girl who served Naaman's wife.
2 Die Arameërs het in bendes uitgegaan en 'n klein meisie uit die land van Yisra'el gevange weggevoer; sy het Na'aman se vrou bedien.
3 She said to her mistress, "If only my master would go to the prophet who is in Samaria, he would cure him of his skin disease."
3 Sy het vir haar meesteres gesê: "Ek wens my meester was by die profeet wat in Shomron is, dan sou hy hom van sy melaatsheid genees.
4 So Naaman went and told his master what the girl from the land of Israel had said.
4 Na'aman het ingegaan en vir sy meester vertel en gesê: "So en so het die meisie gesê wat uit die land van Yisra'el is.
5 Therefore, the king of Aram said, "Go and I will send a letter with you to the king of Israel." So he went and took with him 750 pounds of silver, 150 pounds of gold, and 10 changes of clothes.
5 Toe sê die koning van Aram: "Gaan nou en ek sal 'n brief aan die koning van Yisra'el stuur." Hy het gegaan en tien talente silwer, ses duisend sikkels goud en tien stelle klere saam met hom gevat.
6 He brought the letter to the king of Israel, and it read: When this letter comes to you, note that I have sent you my servant Naaman for you to cure him of his skin disease.
6 Hy het die brief vir die koning van Yisra'el gebring wat sê: "Nou, wanneer hierdie brief by u kom, let op, ek het vir Na'aman, my dienskneg, na u toe gestuur sodat u hom kan genees van sy melaatsheid."
7 When the king of Israel read the letter, he tore his clothes and asked, "Am I God, killing and giving life that this man expects me to cure a man of his skin disease? Think it over and you will see that he is only picking a fight with me."
7 Toe die koning van Yisra'el die brief gelees het, skeur hy sy klere en sê: "Is ek God, om dood en lewend te maak dat hierdie man na my stuur om 'n man se melaatsheid te genees? Oorweeg dit nou en sien hoe hy 'n stryd met my soek."
8 When Elisha the man of God heard that the king of Israel tore his clothes, he sent a message to the king, "Why have you torn your clothes? Have him come to me, and he will know there is a prophet in
Israel."
8 Dit het gebeur toe Elisha, die man van God, hoor dat die koning van Yisra'el sy klere geskeur het, hy woord vir die koning stuur en sê: "Waarom het u u klere geskeur? Laat hom nou na my toe kom en hy sal weet dat daar 'n profeet in Yisra'el is."
9 So Naaman came with his horses and chariots and stood at the door of Elisha's house.
9 So het Na'aman gekom met sy perde en met sy waens en by die ingang van Elisha se huis gestaan.
10 Then Elisha sent him a messenger, who said, "Go wash seven times in the Jordan and your flesh will be restored and you will be clean."

10 Elisha stuur ’n boodskapper na hom toe om te sê: “Gaan en was sewe maal in die Yarden en jou vlees sal aan jou herstel word en jy sal rein wees.”
11 But Naaman got angry and left, saying, “I was telling myself: He will surely come out, stand and call on the name of Yahweh his God, and will wave his hand over the spot and cure the skin disease.
11 Na’aman was egter woedend en het weggegaan en gesê: “Let op, ek het gedink: ‘Hy sal sekerlik uitkom om my te sien en staan en die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה, sy God, aanroep en sy hand oor die plek waai en die melaatsheid genees.
12 Aren’t Abana and Pharpar, the rivers of Damascus, better than all the waters of Israel? Could I not wash in them and be clean? ” So he turned and left in a rage.
12 Is Abanah en Farpar, die riviere van Dammesek, nie beter as al die waters van Yisra’el nie? Kon ek my nie daarin was en rein wees nie?” Hy het omgedraai en in woede weggery.
13 But his servants approached and said to him, “My father, if the prophet had told you to do some great thing, would you not have done it? How much more should you do it when he tells you, ‘Wash and be clean’? ”
13 Toe kom sy diensknegte nader en praat met hom en sê: “My vader, as die profeet u gevra het om ’n groot ding te doen, sou u dit nie gedoen het nie? Hoeveel te meer dan, wanneer hy vir u sê: ‘Was en wees rein?’”
14 So Naaman went down and dipped himself in the Jordan seven times, according to the command of the man of God. Then his skin was restored and became like the skin of a small boy, and he was clean.
14 Hy het afgegaan en homself sewe maal in die Yarden gewas volgens die woord van die man van God en sy vlees is herstel soos die vlees van ’n jong seun en hy was rein.
15 Then Naaman and his whole company went back to the man of God, stood before him, and declared, “I know there’s no God in the whole world except in Israel. Therefore, please accept a gift from your servant.”
15 Toe hy terugkom by die man van God met sy hele gevolg, het hy gekom en voor hom gaan staan en
gesê: “Let op, nou weet ek dat daar geen God op die hele aarde is nie, behalwe in Yisra’el; vat asseblief nou ’n geskenk vanaf u dienskneg.”
16 But Elisha said, “As the LORD lives, I stand before Him. I will not accept it.” Naaman urged him to accept it, but he refused.
16 Hy sê egter: “Sowaar as יהוה leef voor wie ek staan, ek sal niks vat nie!” Hy het by hom aangedring om dit te vat, maar hy het geweier.
17 Naaman responded, “If not, please let your servant be given as much soil as a pair of mules can carry, for your servant will no longer offer a burnt offering or a sacrifice to any other god but Yahweh.
17 Na’aman het gesê: “Indien nie, laat daar asseblief twee muilvragte grond vir my gegee word, want u dienskneg sal nie langer brandoffers offer, of aan

ander gode offer nie, maar net aan יהוה.
18 However, in a particular matter may the LORD pardon your servant: When my master, the king of Aram, goes into the temple of Rimmon to worship and I, as his right-hand man, bow in the temple of Rimmon — when I bow in the temple of Rimmon, may the LORD pardon your servant in this matter."
18 Mag יהוה in hierdie saak u dienskneg vergewe: wanneer my meester in die huis van Rimmon ingaan om hom daar neer te buig terwyl hy op my hand leun en ek my in die huis van Rimmon neerbuig; wanneer ek my neerbuig in die huis van Rimmon, mag יהוה u dienskneg in hierdie saak vergewe."
19 So he said to him, "Go in peace." After Naaman had traveled a short distance from Elisha,
19 Hy sê vir hom: "Gaan in vrede, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid!" Hy het 'n ent van hom af weggegaan,
20 Gehazi, the attendant of Elisha the man of God, thought: My master has let this Aramean Naaman off lightly by not accepting from him what he brought. As the LORD lives, I will run after him and get something from him.
20 maar Geigazi, die dienaar van Elisha, die man van God, het gedink: "Let op, my meester het hierdie Na'aman, die Arameër, gespaar deur nie uit sy hand aan te neem wat hy gebring het nie. So waar as יהוה leef, ek sal agter hom aan hardloop en iets van hom af vat."
21 So Gehazi pursued Naaman. When Naaman saw someone running after him, he got down from the chariot to meet him and asked, "Is everything all right? "
21 Geigazi het Na'aman dus agternagesit. Toe Na'aman een agter hom aan sien hardloop, het hy van die wa afgeklim om hom te ontmoet en gesê: "Vrede, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid."
22 Gehazi said, "It's all right. My master has sent me to say, 'I have just now discovered that two young men from the sons of the prophets have come to me from the hill country of Ephraim. Please give them 75 pounds of silver and two changes of clothes.' "
22 Hy antwoord: "Vrede, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid, my meester het my gestuur om te sê: 'Let op, daar het nou net twee jongmanne van die profeteseuns, van die bergland van Efrayim af, na my toe gekom. Gee asseblief vir hulle 'n talent silwer en twee stelle klere.'"
23 But Naaman insisted, "Please, accept 150 pounds." He urged Gehazi and then packed 150 pounds of silver in two bags with two changes of clothes. Naaman gave them to two of his young men who carried them ahead of Gehazi.
23 Na'aman het gesê: "Wees vry om twee talente te vat!" Hy het by hom aangedring en twee talente silwer in twee sakke toegebind en dit saam met twee stelle klere aan twee van sy dienaars gegee, wat dit voor hom uit gedra het.
24 When Gehazi came to the hill, he took the gifts from them and stored

them in the house. Then he dismissed the men, and they left.
24 Toe hy by die heuwel aankom, het hy dit uit hulle hand geneem en in die huis gesit en die manne weggestuur en hulle het vertrek.
25 Gehazi came and stood by his master. “Where did you go, Gehazi? ” Elisha asked him. “Your servant didn’t go anywhere,” he replied.
25 Hy het egter ingegaan en voor sy meester gestaan en Elisha sê vir hom: “Waar was jy, Geigazi?” Hy antwoord: “U dienskneg het nêrens heen gegaan nie.”
26 But Elisha questioned him, “Wasn’t my spirit there when the man got down from his chariot to meet you? Is it a time to accept money and clothes, olive orchards and vineyards, sheep and oxen, and male and female slaves?
26 Toe sê hy vir hom: “Het my gees nie saamgegaan toe ’n man van sy wa af omgedraai het jou tegemoet nie? Is dit ’n tyd om geld en klere, olyfboorde, wingerde, kleinvee, beeste, slawe en slavinne te ontvang?
27 Therefore, Naaman’s skin disease will cling to you and your descendants forever.” So Gehazi went out from his presence diseased — white as snow.
27 Die melaatsheid van Na’aman sal daarom vir ewig aan jou en jou nageslag vaskleef.” Hy het uit sy teenwoordigheid uit weggegaan, melaats soos sneeu.

2Kings 6
1 The sons of the prophets said to Elisha, “Please notice that the place where we live under your supervision is too small for us.
1 Die profete-seuns het vir Elisha gesê: “Let nou op, die plek voor u waar ons bly, is te beperk vir ons.
2 Please let us go to the Jordan where we can each get a log and can build ourselves a place to live there.” “Go,” he said.
2 Laat ons asseblief na die Yarden gaan en elkeen ’n balk daarvandaan gaan haal sodat ons daarvan vir ons ’n plek kan maak waar ons bly. Hy het gesê: “Gaan.”
3 Then one said, “Please come with your servants.” “I’ll come,” he answered.
3 Toe sê een: “Gaan asseblief saam met u diensknegte.” Hy antwoord: “Ek sal gaan.”
4 So he went with them, and when they came to the Jordan, they cut down trees.
4 Hy het saam met hulle gegaan en toe hulle by die Yarden kom, het hulle bome afgekap,
5 As one of them was cutting down a tree, the iron ax head fell into the water, and he cried out, “Oh, my master, it was borrowed! ”
5 maar terwyl een ’n balk kap, val die bylkop in die water en hy roep uit en sê: “Ag, my meester, dit was geleen!”
6 Then the man of God asked, “Where did it fall? ” When he showed him the place, the man of God cut a stick, threw it there, and made the iron float.
6 Toe vra die man van God: “Waar het dit geval?” Toe hy hom die plek wys, het hy ’n stok afgesny en dit daar gegooi en die yster bo laat dryf.

7 Then he said, “Pick it up.” So he reached out and took it.
7 Hy het gesê: “Haal dit self uit!” Hy het sy hand uitgesteek en dit gevat.
8 When the king of Aram was waging war against Israel, he conferred with his servants, “My camp will be at such and such a place.”
8 Die koning van Aram het oorlog gevoer teen Yisra’el en hy het met sy diensknegte beraadslaag en gesê: “Op dié en dié plek sal my kamp wees.”
9 But the man of God sent word to the king of Israel: “Be careful passing by this place, for the Arameans are going down there.”
9 Die man van God het die koning van Yisra’el laat weet: “Pas op dat u nie deur daardie plek trek nie, want die Arameërs kom daar deur.”
10 Consequently, the king of Israel sent word to the place the man of God had told him about. The man
of God repeatedly warned the king, so the king would be on his guard.
10 Die koning van Yisra’el het na die plek gestuur waaroor die man van God met hom gepraat het; so het hy hom meer as een of twee keer gewaarsku sodat hy daar op sy hoede was.
11 The king of Aram was enraged because of this matter, and he called his servants and demanded of them, “Tell me, which one of us is for the king of Israel? ”
11 Die verstand, wil en emosie van die koning van Aram was briesend hieroor en hy roep sy diensknegte en sê vir hulle: “Kan julle my vertel wie van ons vir die koning van Yisra’el is?”
12 One of his servants said, “No one, my lord the king. Elisha, the prophet in Israel, tells the king of Israel even the words you speak in your bedroom.”
12 Een van sy diensknegte antwoord: “Nee, my meester, o koning, Elisha, die profeet wat in Yisra’el is, vertel aan die koning van Yisra’el die woorde wat u in u slaapkamer praat.”
13 So the king said, “Go and see where he is, so I can send men to capture him.” When he was told, “Elisha is in Dothan,”
13 Hy het gesê: “Gaan kyk waar hy is sodat ek kan stuur en hom laat vang.” Dit is vir hom vertel en gesê: “Let op, hy is in Dotan.”
14 he sent horses, chariots, and a massive army there. They went by night and surrounded the city.
14 Hy het perde, strydwaens en ’n groot leër daarheen gestuur en hulle het in die nag gekom en die stad omsingel.
15 When the servant of the man of God got up early and went out, he discovered an army with horses and chariots surrounding the city. So he asked Elisha, “Oh, my master, what are we to do? ”
15 Toe die lyfbediende van die man van God vroeg opgestaan en uitgegaan het, let op, het ’n leër met perde en strydwaens om die stad beweeg. Sy dienskneg sê vir hom: “Ag, my meester, wat sal ons doen?”
16 Elisha said, “Don’t be afraid, for those who are with us outnumber those who are with them.”
16 Hy antwoord: “Moenie vrees nie, want dié wat by ons is, is meer as dié wat

by hulle is."
17 Then Elisha prayed, "LORD, please open his eyes and let him see." So the LORD opened the servant's eyes. He looked and saw that the mountain was covered with horses and chariots of fire all around Elisha.

17 Toe het Elisha gebid en gesê: "יהוה, ek bid, maak sy oë oop sodat hy kan sien." יהוה het die dienskneg se oë oopgemaak en hy het gesien en let op, die berg was vol perde en strydwaens van vuur reg rondom Elisha.
18 When the Arameans came against him, Elisha prayed to the LORD, "Please strike this nation with
blindness." So He struck them with blindness, according to Elisha's word.

18 Toe hulle na hom toe afkom, het Elisha tot יהוה gebid en gesê: "Ek bid, slaan hierdie mense met blindheid." Hy het hulle volgens die woord van Elisha met blindheid geslaan.
19 Then Elisha said to them, "This is not the way, and this is not the city. Follow me, and I will take you to the man you're looking for." And he led them to Samaria.
19 Toe sê Elisha vir hulle: "Dit is nie die pad nie en ook nie die stad nie; volg my en ek sal julle na die man toe bring wat julle soek." Hy het hulle na Shomron gebring.
20 When they entered Samaria, Elisha said, "LORD, open these men's eyes and let them see." So the LORD opened their eyes. They looked and discovered they were in Samaria.

20 Toe hulle Shomron ingekom het, sê Elisha: "יהוה, maak hulle oë oop sodat hulle kan sien." יהוה het hulle oë oopgemaak en hulle het gesien en let op, hulle was binne-in Shomron!
21 When the king of Israel saw them, he said to Elisha, "My father, should I kill them? I will kill them."
21 Toe hy hulle sien, vra die koning van Yisra'el vir Elisha: "My vader, moet ek hulle doodmaak? Moet ek hulle doodmaak?"
22 Elisha replied, "Don't kill them. Do you kill those you have captured with your sword or your bow? Set food and water in front of them so they can eat and drink and go to their master."
22 Hy antwoord: "U mag nie doodmaak nie. Sou u hulle doodmaak wat u met u swaard en u boog as gevangenes weggevoer het? Sit aan hulle brood en water voor sodat hulle kan eet en drink en na hulle meester toe gaan."
23 So he prepared a great feast for them. When they had eaten and drunk, he sent them away, and they went to their master. The Aramean raiders did not come into Israel's land again.
23 Hy het 'n groot fees vir hulle voorberei en nadat hulle geëet en gedrink het, stuur hy hulle weg en hulle het na hul meester gegaan. Die plunderende bendes van die Arameërs het nie weer in die land van Yisra'el ingekom nie.
24 Some time later, King Ben-hadad of Aram brought all his military units together and marched up to besiege Samaria.

24 Dit het later gebeur dat Ben-Hadad, die koning van Aram, sy hele leër bymekaargemaak en opgegaan en Shomron beleër het.
25 So there was a great famine in Samaria, and they continued the siege against it until a donkey's head sold for 80 silver shekels, and a cup of dove's dung sold for five silver shekels.
25 Daar was 'n groot hongersnood in Shomron en let op, hulle het dit beleër totdat 'n donkiekop verkoop het vir tagtig sikkels silwer en 'n kwart-kab duiwemis vir vyf sikkels silwer.
26 As the king of Israel was passing by on the wall, a woman cried out to him, "My lord the king, help! "
26 Terwyl die koning op die muur verbygaan, roep 'n vrou uit na hom en sê: "Help, my meester, o koning!"
27 He answered, "If the LORD doesn't help you, where can I get help for you? From the threshing floor or the winepress? "
27 Hy antwoord: "As יהוה jou nie help nie, waarvandaan sal ek jou help? Van die dorsvloer of van die parskuip?"
28 Then the king asked her, "What's the matter? " She said, "This woman said to me, 'Give up your son, and we will eat him today. Then we will eat my son tomorrow.'
28 Die koning sê vir haar: "Wat is jou probleem?" Sy antwoord: "Hierdie vrou het vir my gesê: 'Gee jou seun sodat ons hom vandag kan eet en ons sal môre my seun eet.'
29 So we boiled my son and ate him, and I said to her the next day, 'Give up your son, and we will eat him,' but she has hidden her son."
29 Ons het dus my seun gekook en hom geëet en ek het die volgende dag vir haar gesê: 'Gee jou seun sodat ons hom kan eet,' maar sy het haar seun weggesteek."
30 When the king heard the woman's words, he tore his clothes. Then, as he was passing by on the wall, the people saw that there was sackcloth under his clothes next to his skin.
15 want ons is soos die spreekwoord van die wasem en die pottebakker en is vreemdelinge voor U en 'n klein volkie in die wêreld, maar U het van ouds af oor ons vaders geheers en U het hulle beveel hoe om te leef.

16 Yahweh our God, all this wealth that we've provided for building You a house for Your holy name comes from Your hand; everything belongs to You.

16 יהוה, ons God, aan U bring ons lofprysing sodat U ons kan red van almal wat ons kwaad aandoen, want die nasies verag ons en sê: 'Waar is die God wat julle aanbid?'

17 I know, my God, that You test the heart and that You are pleased with what is right. I have willingly given all these things with an upright heart, and now I have seen Your people who are present here giving joyfully and willingly to

You.
17 Ek weet ook, my God, dat U die verstand, wil en emosie toets en behae het in opregtheid. Wat my betref, ek het al hierdie lofprysinge gesing uit die opregtheid van my verstand, wil en emosie. Nou het ek gesien dat U volk wat hier bymekaar is, U met ’n groot blydskap lofprys en sê:
18 LORD God of Abraham, Isaac, and Israel, our ancestors, keep this desire forever in the thoughts of the hearts of Your people, and confirm their hearts toward You.
18 “O יהוה, God van Avraham, Yitz’gak en Yisra’el, ons vaders het alles bewaar wat U ons vir ewig belowe het. Draai nou ons verstand, wil en emosie weg van boosheid dat ons nie voor U sal sondig nie en berei ons verstand, wil en emosie voor om U te aanbid.”
19 Give my son Solomon a whole heart to keep and to carry out all Your commands, Your decrees, and Your statutes, and to build the temple for which I have made provision.
19 Ek, Dawid het geantwoord en gesê: “O יהוה, my God, gee aan my seun Shlomo ’n volmaakte verstand, wil en emosie, om U opdragte, U getuienisse en U instellings te hou en om al hierdie dinge te doen wat ek beveel het en om die tempel te bou waarvoor ek voorsien het, want U groot Naam (Karakter en Outoriteit) sal afgesonder en geprys word in die wêreld wat U geskep het in die teenwoordigheid van hulle wat U aanbid.”
20 Then David said to the whole assembly, “Praise the LORD your God.” So the whole assembly praised the LORD God of their ancestors. They bowed down and paid homage to the LORD and the king.
20 Toe het Dawid aan die hele vergadering gesê: “Praat goed van יהוה, julle God.” Die hele vergadering het יהוה, die God van hulle vaders, geseën en hulle het neergebuig en יהוה aanbid en ook vir koning Dawid geseën.
21 The following day they offered sacrifices to the LORD and burnt offerings to the LORD: 1,000 bulls, 1,000 rams, and 1,000 lambs, along with their drink offerings, and sacrifices in abundance for all Israel.
21 Hulle het offers en brandoffers aan יהוה geoffer en die volgende dag ’n duisend bulle, ’n duisend ramme en ’n duisend lammers geoffer saam met hulle drankoffers en in oorvloed vir die hele Yisra’el geoffer.
22 They ate and drank with great joy in the LORD’s presence that day. Then, for a second time, they made David’s son Solomon king; they anointed him as the LORD’s ruler, and Zadok as the priest.
22 Hulle het dié dag met groot blydskap geëet en gedrink in die Teenwoordigheid van יהוה en hulle het Shlomo, die seun van Dawid, koning gemaak en Tzadok as priester aangestel.
23 Solomon sat on the LORD’s throne as king in place of his father David. He prospered, and all Israel obeyed him.
23 Toe het Shlomo op die troon van die koninkryk van יהוה gaan sit as

koning in die plek van sy vader Dawid en hy was voorspoedig en die hele Yisra'el het hom gehoorsaam.
24 All the leaders and the mighty men, and all of King David's sons as well, pledged their allegiance to King Solomon.
24 Al die magtige manne en die seuns van koning Dawid het hulle aan koning Shlomo onderwerp
25 The LORD highly exalted Solomon in the sight of all Israel and bestowed on him such royal majesty as had not been bestowed on any king over Israel before him.
25 en יהוה het Shlomo buitengewoon groot gemaak voor die oë van die hele Yisra'el en so 'n groot koninklike majesteit op hom gelê soos wat nog op geen koning van Yisra'el voor hom was nie.
26 David son of Jesse was king over all Israel.
26 So het Dawid, die seun van Yishai, Shlomo, sy seun, koning gemaak oor die hele Yisra'el.
27 The length of his reign over Israel was 40 years; he reigned in Hebron for seven years and in Jerusalem for 33.
27 Die tyd wat Dawid oor die hele Yisra'el regeer het, was veertig jaar. Hy het sewe jaar in Hevron regeer en drie en dertig jaar in Yerushalayim oor die hele Yisra'el en Y'hudah.
28 He died at a ripe old age, full of days, riches, and honor, and his son Solomon became king in his place.
28 Dawid, die seun van Yishai het in 'n goeie ouderdom gesterf, oud en groot in wêreldse rykdom en eer en sy seun Shlomo het in sy plek geheers.
29 As for the events of King David's reign, from beginning to end, note that they are written in the Events of Samuel the Seer, the Events of Nathan the Prophet, and the Events of Gad the Seer,
29 Die dade van koning Dawid, van die eerste tot die laaste, let op, hulle is opgeskryf in die boekrol van Sh'mu'el, die profeet en in die boekrol van Natan, die profeet en in die boekrol van Gad, die profeet,
30 along with all his reign, his might, and the incidents that affected him and Israel and all the kingdoms of the surrounding lands.
30 saam met sy hele regering en sy mag en die tye wat oor hom en oor Yisra'el en oor al die koninkryke van die lande verbygegaan het. Dawid het gedoen wat goed was in die Teenwoordigheid van יהוה en in niks van Sy opdragte aan hom, oortree nie.

2 Chronicles

2 Chronicles 1

1 Solomon son of David strengthened his hold on his kingdom. The LORD his God was with him and highly exalted him.

1 Shlomo, die seun van Dawid, is onveranderlik versterk in sy koninkryk en יהוה, sy God, was by hom en het hom uitermate opgelig bo al die konings van die aarde.

2 Then Solomon spoke to all Israel, to the commanders of thousands and of hundreds, to the judges, and to every leader in all Israel — the heads of the families.

2 Toe het Shlomo met die hele Yisra'el gepraat, met die bevelvoerders oor 'n duisend en oor 'n honderd en met die regters en met al die prinse, die familiehoofde.

3 Solomon and the whole assembly with him went to the high place that was in Gibeon because God's tent of meeting, which the LORD's servant Moses had made in the wilderness, was there.

3 Shlomo en almal wat by hom was, het na 'n groot feesmaal gegaan by die dorp Giv'on, want die Tent van Bymekaarkoms van יהוה, wat Moshe, die kneg van יהוה, in die woestyn gemaak, het was daar.

4 Now David had brought the ark of God from Kiriath-jearim to the place he had set up for it, because he had pitched a tent for it in Jerusalem,

4 Dawid het die ark van יהוה uit Kiryat-Ye'arim laat bring na die plek wat Dawid daarvoor voorberei het, want hy het 'n tent in Yerushalayim daarvoor opgeslaan.

5 but he put the bronze altar, which Bezalel son of Uri, son of Hur, had made, in front of the LORD's tabernacle. Solomon and the assembly inquired of Him there.

5 Die koper altaar wat B'tzal'el, die seun van Uri, die seun van Hur, gemaak het, was ook daar voor die tabernakel van יהוה en Shlomo en die hele vergadering van Yisra'el het daarheen gegaan.

6 Solomon offered sacrifices there in the LORD's presence on the bronze altar at the tent of meeting; he offered 1,000 burnt offerings on it.

6 Shlomo het daar op die koper altaar, wat by die Tent van Ontmoeting was, 'n duisend brandoffers gebring.

7 That night God appeared to Solomon and said to him: "Ask. What should I give you? "

7 Daardie nag het יהוה aan Shlomo verskyn in 'n visioen en vir hom gesê: "Vra wat Ek aan jou moet gee."

8 And Solomon said to God: "You have shown great and faithful love to my

father David, and You have made me king in his place.
8 Shlomo het vir יהוה gesê: "U het aan my vader, Dawid, groot onverdiende guns bewys en my in sy plek laat heers.
9 L**ORD** God, let Your promise to my father David now come true. For You have made me king over a people as numerous as the dust of the earth.
9 O יהוה, my God, laat U belofte aan my vader, Dawid, bevestig word, want U het my koning gemaak oor hierdie volk, talryk soos die stof van die aarde.
10 Now grant me wisdom and knowledge so that I may lead these people, for who can judge this great people of Yours? "
10 Gee nou vir my wysheid en kennis sodat ek voor hierdie volk kan uit- en ingaan, want wie kan hierdie groot volk van U regeer?"
11 God said to Solomon, "Since this was in your heart, and you have not requested riches, wealth, or glory, or for the life of those who hate you, and you have not even requested long life, but you have requested for yourself wisdom and knowledge that you may judge My people over whom I have made you king,
11 Toe sê God aan Shlomo: "Omdat dít in jou gedagtes was en jy nie rykdom, eer en die lewe van jou vyande of 'n lang lewe begeer het nie, maar wysheid en kennis vir jouself gevra het om My volk, waaroor Ek jou koning gemaak het, te kan regeer,
12 wisdom and knowledge are given to you. I will also give you riches, wealth, and glory, unlike what was given to the kings who were before you, or will be given to those after you."
12 gee Ek ook aan jou die dinge wat jy nie gevra het nie. Ek sal vir jou wysheid, kennis, rykdom, skatte en eer gee soos wat die konings wat voor jou was, nie gehad het nie en niemand ná jou ook sal hê nie.
13 So Solomon went to Jerusalem from the high place that was in Gibeon in front of the tent of meeting, and he reigned over Israel.
13 Shlomo het vanaf sy reis, na die groot feesmaal van voor die Tent van Ontmoeting, wat by die dorp Giv'on, oos van Yerushalayim, was, gekom en oor die hele Yisra'el regeer.
14 Solomon accumulated 1,400 chariots and 12,000 horsemen, which he stationed in the chariot cities and with the king in Jerusalem.
14 Shlomo het strydwaens en perderuiters bymekaargemaak en hy het een duisend vier honderd waens en twaalf duisend perderuiters gehad, wat hy in die stede vir strydwaens en sommige by die koning in Yerushalayim gesit het.
15 The king made silver and gold as common in Jerusalem as stones, and he made cedar as abundant as sycamore in the Judean foothills.
15 Die koning het silwer in Yerushalayim so algemeen gemaak soos klippe en seders so volop soos wildevyebome wat in die Laagland is.
16 Solomon's horses came from Egypt and Kue. The king's traders would get them from Kue at the going
price.
16 Die koning se handelaars het vir Shlomo perde gekoop vanaf Mitzrayim en

vanaf die stede van Keveh vir ’n prys.
17 A chariot could be imported from Egypt for 15 pounds of silver and a horse for about four pounds. In the same way, they exported them to all the kings of the Hittites and to the kings of Aram through their agents.
17 Hulle het gegaan en ’n strydwa uit Mitzrayim gebring vir ses honderd sikkels silwer en ’n perd vir ’n honderd en vyftig en so het hulle deur die koning se handelaars perde gebring vir al die konings van die Hittiete en die konings van Aram.

2 Chronicles 2

1 Solomon decided to build a temple for the name of Yahweh and a royal palace for himself,
1 Shlomo het bevel gegee om vir die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה ’n tempel te bou en ’n huis vir sy koninkryk.
2 so he assigned 70,000 men as porters, 80,000 men as stonecutters in the mountains, and 3,600 as supervisors over them.
2 Shlomo het sewentig duisend mans aangestel om vragte te dra en tagtig duisend klipkappers in die berge en drie duisend ses honderd om oor hulle toesig te hou.
3 Then Solomon sent word to King Hiram of Tyre: Do for me what you did for my father David. You sent him cedars to build him a house to live in.
3 Shlomo het na Hiram, die koning van Tzor gestuur en gesê: “Soos wat u groot guns aan my vader, Dawid, bewys het deur aan hom seders te stuur, om vir hom ’n huis te bou om in te woon,
4 Now I am building a temple for the name of Yahweh my God in order to dedicate it to Him for burning fragrant incense before Him, for displaying the rows of the bread of the Presence continuously, and for sacrificing burnt offerings for the morning and the evening, the Sabbaths and the New Moons, and the appointed festivals of the L**ORD** our God. This is ordained for Israel forever.
4 let op, ek bou ’n huis vir die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה, my God, om dit tot Hom af te sonder, om soet wierook voor Hom te brand, om ’n lamp voortdurend voor Hom te laat brand en om brandoffers, oggend en aand, op die Shabbat en Nuwemane, op die vasgestelde feeste van יהוה, ons God, te bring. Dit is ’n ewige instelling vir Yisra’el.
5 The temple that I am building will be great, for our God is greater than any of the gods.
5 Die huis wat ek gaan bou, sal groot wees, want ons God is groter as al die konings,
6 But who is able to build a temple for Him, since even heaven and the highest heaven cannot contain Him? Who am I then that I should build a temple for Him except as a place to burn incense before Him?

6 maar wie is in staat om vir Hom ’n huis te bou aangesien die hemel en die hoogste hemele Hom nie kan bevat nie? Wie is ek dan, dat ek vir Hom ’n huis kan bou, of om voor Hom soet wierook te brand?
7 Therefore, send me a craftsman who is skilled in engraving to work with gold, silver, bronze, and iron, and with purple, crimson, and blue yarn. He will work with the craftsmen who are with me in Judah and Jerusalem, appointed by my father David.
7 Stuur dan nou vir my ’n bekwame man om met goud, silwer, koper, yster, purper, fyn linne en bloedrooi en blou stowwe te werk en wat bekwaam is om te graveer, saam met die bekwame manne wat by my in Y’hudah en Yerushalayim is, wat my vader, Dawid, voorsien het.
8 Also, send me cedar, cypress, and algum logs from Lebanon, for I know that your servants know how to cut the trees of Lebanon. Note that my servants will be with your servants
8 Stuur ook vir my seder-, sipres- en sandelhout vanuit die L’vanon, want ek weet dat u diensknegte weet hoe om die seders van L’vanon te kap en let op, my diensknegte sal saam met u diensknegte wees
9 to prepare logs for me in abundance because the temple I am building will be great and wonderful.
9 en vir my hout in oorvloed bring, want die huis wat ek gaan bou, sal groot en wonderbaar wees.
10 I will give your servants, the woodcutters who cut the trees, 100,000 bushels of wheat flour, 100,000 bushels of barley, 110,000 gallons of wine, and 110,000 gallons of oil.
10 Ek sal skrynwerkers, wat bekwaam is in houtwerk, voorsien en kos vir u diensknegte, twintig duisend kor koring en twintig duisend kor gars en twintig duisend bat wyn en twintig duisend bat olie.”
11 Then King Hiram of Tyre wrote a letter and sent it to Solomon: Because the L**ORD** loves His people, He set you over them as king.
11 Hiram, koning van Tzor, het Shlomo in ’n brief geantwoord en gesê: “Omdat יהוה sy volk liefhet, het Hy u koning oor hulle gemaak.”
12 Hiram also said: May the L**ORD** God of Israel, who made the heavens and the earth, be praised! He gave King David a wise son with insight and understanding, who will build a temple for the L**ORD** and a royal palace for himself.
12 Verder het Hiram gesê: “Geseënd is יהוה, die God van Yisra’el, wat die hemel en die aarde gemaak het, wat aan koning Dawid ’n wyse seun gegee het, begaafd met versigtigheid en begrip, wat besluit het om ’n huis vir יהוה en ’n huis vir sy koninkryk te bou.
13 I have now sent Huram-abi, a skillful man who has understanding.
13 Ek het nou vir jou ’n bekwame man met insig gestuur, Hiram,
14 He is the son of a woman from the daughters of Dan. His father is a man of Tyre. He knows how to work with gold, silver, bronze, iron, stone, and wood,

with purple, blue, crimson yarn, and fine linen. He knows how to do all kinds of engraving and to execute any design that may be given him. I have sent him to be with your craftsmen and the craftsmen of my lord, your father David.
14 die seun van 'n weduwee uit die huis van Dan en sy vader was 'n bekwame man. Hy weet hoe om te werk in goud, silwer, koper, yster, klippe, hout, purperrooi en blou stowwe, fyn linne en bloedrooi stowwe en om allerhande sleutels vir die deure te maak en om enige kunswerk te beplan wat aan hom opgedra word deur יהוה, saam met u kunstenaars en die kunstenaars van ons meester, u vader, Dawid;
15 Now, let my lord send the wheat, barley, oil, and wine to his servants as promised.
15 daarom, laat my meester dan nou die koring, die gars, die olie en die wyn, wat hy aan sy dienskneg belowe het, stuur
16 We will cut logs from Lebanon, as many as you need, and bring them to you as rafts by sea to Joppa. You can then take them up to Jerusalem.
16 en óns sal sederbome uit die L'vanon kap, net soveel as wat u begeer en ons sal dit na u toe bring as vlotte per see na Yafo; ú kan dit dan na Yerushalayim laat dra.
17 Solomon took a census of all the foreign men in the land of Israel, after the census that his father David had conducted, and the total was 153,600.
17 Toe het Shlomo al die proseliete bymekaargemaak wat in die land van Yisra'el was, volgens die telling van sy vader, Dawid en daar is een honderd drie en vyftig duisend ses honderd gevind.
18 Solomon made 70,000 of them porters, 80,000 stonecutters in the mountains, and 3,600 supervisors to make the people work.
18 Koning Shlomo het sewentig duisend van hulle vragdraers gemaak en tagtig duisend klipkappers in die berge en drie duisend drie honderd toesighouers om die mense te laat werk.

2 Chronicles 3

1 Then Solomon began to build the LORD's temple in Jerusalem on Mount Moriah where the LORD had appeared to his father David, at the site David had prepared on the threshing floor of Ornan the Jebusite.
1 Toe het Shlomo die gebou van יהוה begin bou in Yerushalayim op die berg Moriyah waar sy vader, Dawid, voorberei het op die dorsvloer van Aravnah, die Y'vusiet.
2 He began to build on the second day of the second month in the fourth year of his reign.
2 Hy het begin om die tempel te bou in die tweede maand van die vierde jaar van sy regering.
3 These are Solomon's foundations for building God's temple: the length was

90 feet, and the width 30 feet.

3 Hierdie is die mates wat Shlomo gemeet het vir die bou van die gebou van יהוה: die lengte van die gebou volgens die standaard mate, was sestig el, die hoogte dertig el en die breedte twintig el.

4 The portico, which was across the front extending across the width of the temple, was 30 feet wide; its height was 30 feet; he overlaid its inner surface with pure gold.

4 Die stoep wat hy vooraan gemaak het, so lank soos die breedte van die gebou, twintig el en die hoogte twintig el en hy het dit aan die binnekant met suiwer goud oorgetrek.

5 The larger room he paneled with cypress wood, overlaid with fine gold, and decorated with palm trees and chains.

5 Die groot vertrek het hy met sipreshout, wat hy met fyn goud oorgetrek het, bedek en die beelde van palmbome en kettings daarop uitgegraveer.

6 He adorned the temple with precious stones for beauty, and the gold was the gold of Parvaim.

6 Hy het die gebou met kosbare stene versier vir mooiheid en dit alles met fyn goud oorgetrek.

7 He overlaid the temple — the beams, the thresholds, its walls and doors — with gold, and he carved cherubim on the walls.

7 Hy het ook die gebou, vanaf die voorkant van die stoep, sy mure en die deurkosyne met fyn goud oorgetrek en beelde van palmbome en blomme daarop gegraveer.

8 Then he made the most holy place; its length corresponded to the width of the temple, 30 feet, and its width was 30 feet. He overlaid it with 45,000 pounds of fine gold.

8 Hy het die Mees Afgesonderde Plek se vertrek gemaak; die lengte daarvan was dieselfde as die breedte van die gebou, twintig el en sy breedte, twintig el. Hy het dit oorgetrek met fyn goud van ses honderd talente.

9 The weight of the nails was 20 ounces of gold, and he overlaid the ceiling with gold.

9 Hy het ook die bo-vertrekke met goud oorgetrek.

10 He made two cherubim of sculptured work, for the most holy place, and he overlaid them with gold.

10 In die Mees Afgesonderde Plek het hy twee gérubs gemaak van soliede materiaal en dit met fyn goud oorgetrek.

11 The overall length of the wings of the cherubim was 30 feet: the wing of one was 7 1/2 feet, touching the wall of the room; its other wing was 7 1/2 feet, touching the wing of the other cherub.

11 Die vlerke van die gérubs was twintig el lank; een vlerk van een gerub was vyf el en het geraak aan die muur van die gebou en die ander vlerk, ook vyf el, het geraak aan die ander gerub se vlerk.

12 The wing of the other cherub was 7 1/2 feet, touching the wall of the room; its other wing was 7 1/2 feet, reaching the wing of the other cherub.

12 Die vlerk van die ander gerub van vyf el het geraak aan die muur van die vertrek en die ander vlerk van vyf el was vas teen die vlerk van die ander gerub.
13 The wingspan of these cherubim was 30 feet. They stood on their feet and faced the larger room.
13 Hierdie gérubs se vlerke het twintig el uitgesprei en hulle het op hul voete gestaan met hul gesigte na die binnekant toe.
14 He made the veil of blue, purple, and crimson yarn and fine linen, and he wove cherubim into it.
14 Hy het die bedekkingsgordyn van blou, purper, donkerrooi en fyn linne gemaak met gérubs daarop aangebring. Hy het die ark daarbinne gesit.
15 In front of the temple he made two pillars, each 27 feet high. The capital on top of each was 7 1/2 feet high.
15 Verder het hy twee groot pilare voor die gebou gemaak; agtien el lank met die pilaar kopstuk bo-op elkeen, vyf el hoog.
16 He had made chainwork in the inner sanctuary and also put it on top of the pillars. He made 100 pomegranates and fastened them into the chainwork.
16 Hy het ook kettings gemaak van vyftig el lank en hulle op die bokant van die pilare gesit. Hy het ’n honderd granate gemaak en op die ketting gesit.
17 Then he set up the pillars in front of the sanctuary, one on the right and one on the left. He named the one on the right Jachin and the one on the left Boaz.
17 Hy het die twee pilare voor die tempel opgerig, die een aan die regterkant en die ander, links. Hy het die een aan die regterkant Yakhin genoem en die een aan die linkerkant Bo’az.

2 Chronicles 4

1 He made a bronze altar 30 feet long, 30 feet wide, and 15 feet high.
1 Verder het hy ’n altaar van koper gemaak; twintig el was sy lengte, twintig el sy breedte en tien el sy hoogte.
2 Then he made the cast metal reservoir, 15 feet from brim to brim, perfectly round. It was 7 1/2 feet high and 45 feet in circumference.
2 Hy het ook ’n gegote see gemaak; van rand tot rand was dit tien el, rond in vorm en die hoogte daarvan was vyf el en sy omtrek dertig el.
3 The likeness of oxen was below it, completely encircling it, 10 every half yard, completely surrounding the reservoir. The oxen were cast in two rows when the reservoir was cast.
3 Dit het gestaan op twaalf beeste: drie wat kyk na die noorde, drie wat kyk na die suide, drie wat kyk na die weste en drie wat kyk na die ooste toe en die see was bo-op hulle en al hulle agterstewes was binnekant toe.
4 It stood on 12 oxen, three facing north, three facing west, three facing south, and three facing east. The reservoir was on top of them and all their

hindquarters were toward the center.
4 Die dikte daarvan was ’n handbreedte en sy rand was rond soos die rand van ’n beker, baie mooi.
5 The reservoir was three inches thick, and its rim was fashioned like the brim of a cup or a lily blossom. It could hold 11,000 gallons.
5 Hy het tien pale gemaak en vyf aan die regterkant en vyf aan die linkerkant gesit om die altaar vir die brandoffer mee te dra.
6 He made 10 basins for washing and he put five on the right and five on the left. The parts of the burnt offering were rinsed in them, but the reservoir was used by the priests for washing.
6 Hy het tien waskomme gemaak van koper en vyf regs en vyf links gesit vir die priesters om hulle hande en voete in te was.
7 He made the 10 gold lampstands according to their specifications and put them in the sanctuary, five on the right and five on the left.
7 Hy het tien goue kandelare gemaak, volgens die voorskrif daarvan en dit in die tempel gesit, vyf aan die regterkant en vyf aan die linkerkant.
8 He made 10 tables and placed them in the sanctuary, five on the right and five on the left. He also made 100 gold bowls.
8 Hy het ook tien tafels gemaak en hulle in die tempel gesit, vyf aan die regterkant en vyf aan die linkerkant en hy het ’n honderd goue komme gemaak.
9 He made the courtyard of the priests and the large court, and doors for the court. He overlaid the doors with bronze.
9 Hy het ook ’n groot ruimte gemaak vir die priesters en die Leviete en die deure en die balke met koper oorgetrek.
10 He put the reservoir on the right side, toward the southeast.
10 Hy het die see aan die regterkant van die noordelike end gesit, teenoor die suide.
11 Then Huram made the pots, the shovels, and the bowls. So Huram finished doing the work that he was doing for King Solomon in God’s temple:
11 Hiram het die potte, die grawe en die komme gemaak en Hiram het die werk voltooi wat hy vir koning Shlomo in die huis van God gedoen het:
12 two pillars; the bowls and the capitals on top of the two pillars; the two gratings for covering both bowls of the capitals that were on top of the pillars;
12 twee pilare met die knoppe en die pilaarkoppe bo-op die top van die twee pilare en die twee stukke vlegwerk om die twee bolle van die pilaarkoppe, wat op die top van die pilare was, te bedek
13 the 400 pomegranates for the two gratings (two rows of pomegranates for each grating covering both capitals’ bowls on top of the pillars).
13 en die vier honderd granate op die twee stukke vlegwerk, twee rye granate vir elke vlegwerk om die twee bolle van die pilaarkoppe bo-op die pilare te oordek.
14 He also made the water carts and the basins on the water carts.

14 Hy het ook basisse gemaak met komme op die basisse;
15 The one reservoir and the 12 oxen underneath it,
15 een see en die twaalf beeste daaronder;
16 the pots, the shovels, the forks, and all their utensils — Huram-abi made them for King Solomon for the LORD's temple. All these were made of polished bronze.
16 die potte, die grawe en die vleishake en al hulle gereedskap het Hiram van gepoleerde koper vir koning Shlomo gemaak, vir die huis van הוהי.
17 The king had them cast in clay molds in the Jordan Valley between Succoth and Zeredah.
17 In die Yardenvlakte, in die kleigrond tussen Sukkot en Tz'redah, het die koning dit gegiet.
18 Solomon made all these utensils in such great abundance that the weight of the bronze was not
determined.
18 Shlomo het al hierdie voorwerpe in oorvloed gemaak, want die gewig van hierdie koper houers wat Shlomo gemaak het, was onberekenbaar.
19 Solomon also made all the equipment in God's temple: the gold altar; the tables on which to put the bread of the Presence;
19 Shlomo het al die voorwerpe vir die huis van God van suiwer goud gemaak, asook die goue altaar en die tafels waarop die brode van die Teenwoordigheid neergesit is
20 the lampstands and their lamps of pure gold to burn in front of the inner sanctuary according to specifications;
20 en die kandelare met hulle lampe om volgens voorskrif voor die binneste vertrek te brand
21 the flowers, lamps, and gold tongs — of purest gold;
21 en die blomwerk, die lampe en die tange het hy van goud gemaak; van die suiwerste goud
22 the wick trimmers, sprinkling basins, ladles, and firepans — of purest gold; and the entryway to the temple, its inner doors to the most holy place, and the doors of the temple sanctuary — of gold.
22 en die snuiters, komme, lepels en vuurpanne van suiwer goud. Wat die ingang van die huis betref, die binnedeure na die Mees Afgesonderde plek en die deure van die vertrek van die tempel was van goud.

2 Chronicles 5

1 So all the work Solomon did for the LORD's temple was completed. Then Solomon brought the consecrated things of his father David — the silver, the gold, and all the utensils — and put them in the treasuries of God's temple.
1 Al die werk wat Shlomo vir die huis van הוהי gedoen het, was klaar en Shlomo het al die dinge ingebring wat sy vader, Dawid, afgesonder het en die

silwer, die goud en al die voorwerpe het hy in die skatkamers van die huis van יהוה neergesit.
2 At that time Solomon assembled at Jerusalem the elders of Israel — all the tribal heads, the ancestral chiefs of the Israelites — in order to bring the ark of the covenant of the LORD up from the city of David, that is, Zion.
2 Toe het Shlomo al die oudstes van Yisra'el, die stamhoofde en die familiehoofde van die seuns van Yisra'el, in Yerushalayim bymekaar laat kom om die ark van die verbond van יהוה uit die stad van Dawid, dit is Tziyon, te bring,
3 So all the men of Israel were assembled in the king's presence at the festival; this was in the seventh month.
3 waarby al die manne van Yisra'el hulle by die koning in Yerushalayim vergader het op die fees van Sukkot, wat in die sewende maand is.
4 All the elders of Israel came, and the Levites picked up the ark.
4 Al die oudstes van Yisra'el het gekom en die priesters het die ark opgetel
5 They brought up the ark, the tent of meeting, and the holy utensils that were in the tent. The priests and the Levites brought them up.
5 en die ark, die tent van ontmoeting en al die afgesonderde voorwerpe wat in die tent was, dit het die Leviete en die priesters gebring.
6 King Solomon and the entire congregation of Israel who had gathered around him were in front of the ark sacrificing sheep and cattle that could not be counted or numbered because there were so many.
6 Koning Shlomo en die hele vergadering van Yisra'el wat by hom bymekaar was voor die ark, het hulle kleinvee en beeste geoffer wat vanweë die menigte nie getel of bereken kon word nie.
7 The priests brought the ark of the LORD's covenant to its place, into the inner sanctuary of the temple, to the most holy place, beneath the wings of the cherubim.
7 Toe het die priesters die ark van die verbond van יהוה na sy plek in die Mees Afgesonderde Plek gebring, onder die vlerke van die gérubs,
8 And the cherubim spread their wings over the place of the ark so that the cherubim formed a cover above the ark and its poles.
8 want die gérubs het hulle vlerke uitgesprei oor die plek van die ark en die gérubs het die ark en sy draagbalke van bo af bedek.
9 The poles were so long that their ends were seen from the holy place in front of the inner sanctuary, but they were not seen from outside; they are there to this very day.
9 Die draagbalke was so lank dat die punte van die draagbalke, van onder die ark, uit die binneste vertrek gesien kon word, maar hulle was nie sigbaar van buite af nie en daar het hulle gebly tot vandag toe.
10 Nothing was in the ark except the two tablets that Moses had put in it at Horeb, where the LORD had made a covenant with the Israelites when they came out of Egypt.

10 Daar was niks in die ark nie behalwe die twee tafels wat Moshe daar ingesit het, wat hy vanaf Horev gebring het, dieselfde verbond wat הוהי met die seuns van Yisra'el gesluit het toe hulle uit Mitzrayim uitgekom het.
11 Now all the priests who were present had consecrated themselves regardless of their divisions. When the priests came out of the holy place,
11 Dit het gebeur toe die priesters uit die Afgesonderde Plek uitgaan, want al die priesters wat daar was, het in die Afgesonderde Plek ingegaan,
12 the Levitical singers dressed in fine linen and carrying cymbals, harps, and lyres were standing east of the altar, and with them were 120 priests blowing trumpets. The Levitical singers were descendants of Asaph, Heman, and Jeduthun and their sons and relatives.
12 ook die Leviete wat sangers was, van Asaf, Heman en Y'dutun, met hulle seuns en hulle broers, aangetrek in wit linne, met simbale, instrumente en harpe, aan die oostekant van die altaar en saam met hulle 'n honderd en twintig priesters wat op die trompette blaas;
13 The trumpeters and singers joined together to praise and thank the L**ORD** with one voice. They raised their voices, accompanied by trumpets, cymbals, and musical instruments, in praise to the L**ORD**: For He is good; His faithful love endures forever. The temple, the L**ORD**'s temple, was filled with a cloud.
13 die trompetblasers en die sangers was saam soos een sodat een klank gehoor is om הוהי te prys en te dank; toe hulle hul stemme oplig saam met die trompette, die simbale en die musiekinstrumente, om
הוהי te loof en te sê: "Hy is goed, Sy onverdiende guns duur vir ewig," is die huis van הוהי gevul met 'n wolk.
14 And because of the cloud, the priests were not able to continue ministering, for the glory of the L**ORD** filled God's temple.
14 Die priesters kon nie staan om te bedien as gevolg van die wolk nie, want die huis van הוהי was gevul met die helderheid van Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid.

2 Chronicles 6

1 Then Solomon said: The L**ORD** said He would dwell in thick darkness,
1 Toe het Shlomo gesê: "הוהי, U het verklaar dat U in die digte wolk sal bly,
2 but I have built an exalted temple for You, a place for Your residence forever.
2 maar ek het vir U 'n blyplek gebou en 'n plek vir U om ewig in te bly."
3 Then the king turned and blessed the entire congregation of Israel while they were standing.
3 Toe draai die koning sy gesig om en seën die hele vergadering van Yisra'el terwyl die hele vergadering van Yisra'el staan.
4 He said: May the L**ORD** God of Israel be praised! He spoke directly to my

father David, and He has fulfilled the promise by His power. He said,

4 Hy het gesê: "Geseënd is הוהי, die God van Yisra'el, wat met Sy eie mond met my vader, Dawid, gepraat het en met Sy woord vervul het wat Hy belowe en gesê het:

5 "Since the day I brought My people Israel out of the land of Egypt, I have not chosen a city to build a temple in among any of the tribes of Israel, so that My name would be there, and I have not chosen a man to be ruler over My people Israel.

5 'Vanaf die dag dat Ek My volk uit die land van Mitzrayim uitgebring het, het Ek geen stad gekies uit al die stamme van Yisra'el om 'n huis te bou sodat My Naam (Karakter en Outoriteit) daar sou wees nie,

6 But I have chosen Jerusalem so that My name will be there, and I have chosen David to be over My people Israel."

6 maar Ek het Yerushalayim gekies sodat My Naam (Karakter en Outoriteit) daar sou wees en Ek het Dawid gekies om koning oor My volk Yisra'el te wees.'

7 Now it was in the heart of my father David to build a temple for the name of Yahweh, the God of Israel.

7 Dit was in die verstand, wil en emosie van my vader, Dawid, om 'n huis te bou vir die Naam (Karakter en Outoriteit) van הוהי, die God van Yisra'el,

8 However, Yahweh said to my father David, "Since it was your desire to build a temple for My name, you have done well to have this desire.

8 maar הוהי het vir my vader, Dawid, gesê: 'Dat dit in jou verstand, wil en emosie was om vir My Naam Karakter en Outoriteit) 'n huis te bou, dit was goed dat dit in jou verstand, wil en emosie was,

9 Yet, you are not the one to build the temple, but your son, your own offspring, will build the temple for My name."

9 nogtans sal jy nie die huis vir My Naam (Karakter en Outoriteit) bou nie, maar jou seun wat uit jou
lendene sal voortkom, hy sal vir My Naam (Karakter en Outoriteit) die huis bou.'

10 So Yahweh has fulfilled what He promised. I have taken the place of my father David and I sit on the throne of Israel, as Yahweh promised. I have built the temple for the name of Yahweh, the God of Israel.

10 הוהי het volgens Sy woord, wat Hy gesê het, gedoen, want ek het opgestaan in die plek van Dawid, my vader en ek sit op die troon van Yisra'el, soos הוהי belowe het en ek het die huis gebou vir die Naam Karakter en Outoriteit) van הוהי, die God van Yisra'el

11 I have put the ark there, where Yahweh's covenant is that He made with the Israelites.

11 en 'n plek vir die ark voorberei waarin die verbond van הוהי is, wat Hy met ons vaders gesluit het, toe Hy hulle uit die land van Mitzrayim uitgebring

het."
12 Then Solomon stood before the altar of the LORD in front of the entire congregation of Israel and spread out his hands.
12 Shlomo het opgestaan voor die altaar van יהוה in die teenwoordigheid van die hele vergadering van Yisra'el en sy hande uitgesprei na die hemel,
13 For Solomon had made a bronze platform 7 1/2 feet long, 7 1/2 feet wide, and 4 1/2 feet high and put it in the court. He stood on it, knelt down in front of the entire congregation of Israel, and spread out his hands toward heaven.
13 want Shlomo het 'n koper verhoog gemaak en dit in die middel van die oopte opgestel; vyf el lank, vyf el breed en drie el hoog; hy het daarop gaan staan en op sy knieë neergebuig voor die hele vergadering van Yisra'el en sy hande na die hemel uitgesprei in gebed
14 He said: LORD God of Israel, there is no God like You in heaven or on earth, keeping His gracious covenant with Your servants who walk before You with their whole heart.
14 en gesê: "יהוה, God van Yisra'el, daar is niemand soos U nie, U is יהוה wat in die hemele daar bo bly en U wil word op die aarde, hier onder, uitgevoer, wat U verbond hou en onverdiende guns bewys aan U diensknegte wat met hulle hele verstand, wil en emosie opreg voor U lewe,
15 You have kept what You promised to Your servant, my father David. You spoke directly to him, and You fulfilled Your promise by Your power, as it is today.
15 U wat vir U kneg, my vader, Dawid, U belofte nagekom het; U het met U mond gepraat en met U wil volbring, soos dit vandag is;
16 Therefore, LORD God of Israel, keep what You promised to Your servant, my father David: "You will never fail to have a man to sit before Me on the throne of Israel, if only your sons guard their way to walk in My Law as you have walked before Me."
16 daarom, nou, יהוה, God van Yisra'el, hou ook U belofte wat U aan U dienskneg, my vader, Dawid, gedoen het, deur te sê: 'Daar sal vir jou nooit 'n man voor My ontbreek om te sit op die troon van Yisra'el nie, as jou seuns net sal oplet op hulle lewenswyse om te leef in My wet soos wat jy voor My geleef het.
17 Now, LORD God of Israel, please confirm what You promised to Your servant David.
17 Laat dan nou, יהוה, God van Yisra'el, U woord bevestig word wat U vir U dienskneg, Dawid, gesê het,
18 But will God indeed live on earth with man? Even heaven, the highest heaven, cannot contain You, much less this temple I have built.
18 want in waarheid het יהוה Sy blyplek by Sy volk, Yisra'el gemaak op aarde. Let op, die hemel, ja, die hoogste hemel kan U nie bevat nie, hoeveel minder hierdie huis wat ek gebou het!
19 Listen to Your servant's prayer and his petition, LORD my God, so that You

may hear the cry and the prayer that Your servant prays before You,
19 Gee dus aandag aan die gebed van U kneg en aan sy smeking, הוהי, my God, deur te luister na die gebed en smeking wat U kneg op hierdie dag voor U bid
20 so that Your eyes watch over this temple day and night, toward the place where You said You would put Your name; and so that You may hear the prayer Your servant prays toward this place.
20 dat hierdie huis in U Teenwoordigheid mag bly, dat U sal hoor en luister na die gebed van wie ook al tot U sal bid in hierdie huis, dag of nag, die plek waar U gesê het dat U sal bly.
21 Hear the petitions of Your servant and Your people Israel, which they pray toward this place. May You hear in Your dwelling place in heaven. May You hear and forgive.
21 Hoor en luister dan na die gebed van U dienskneg en van U volk Yisra'el wat hulle in U Teenwoordigheid, in hierdie plek sal bid; hoor vanaf U blyplek, vanuit die hemel en wanneer U hoor, vergewe.
22 If a man sins against his neighbor and is forced to take an oath and he comes to take an oath before Your altar in this temple,
22 As iemand sy naaste te na sou kom en hulle hom 'n eed laat aflê en hy kom en sweer voor U altaar in hierdie huis,
23 may You hear in heaven and act. May You judge Your servants, condemning the wicked man by bringing what he has done on his own head and providing justice for the righteous by rewarding him according to his righteousness.
23 hoor dan uit die hemel sy gebed, tree op en oordeel U diensknegte, deur die skuldige te vergeld deur sy skuld op sy eie kop af te bring en die regverdige onskuldig te verklaar deur hom te beloon volgens sy onpartydige opregtheid.
24 If Your people Israel are defeated before an enemy, because they have sinned against You, and they return to You and praise Your name, and they pray and plead for mercy before You in this temple,
24 As U volk, Yisra'el, verslaan word voor 'n vyand omdat hulle teen U gesondig het en hulle keer terug na U en bely U groot Naam (Karakter en Outoriteit) en bid en smeek voor U Teenwoordigheid in hierdie huis,
25 may You hear in heaven and forgive the sin of Your people Israel. May You restore them to the land You gave them and their ancestors.
25 hoor dan uit die hemel en vergewe die sonde van U volk Yisra'el en bring hulle terug na die land wat U aan hulle en hulle vaders gegee het.
26 When the skies are shut and there is no rain because they have sinned against You, and they pray toward this place and praise Your name, and they turn from their sins because You are afflicting them,
26 Wanneer die hemel toegesluit is en daar geen reën is nie omdat hulle teen U gesondig het en hulle tog in U Teenwoordigheid in hierdie plek tot U bid en U groot Naam (Karakter en Outoriteit) bely en wegdraai van hulle sonde

wanneer U hulle teister,
27 may You hear in heaven and forgive the sin of Your servants and Your people Israel, so that You may teach them the good way they should walk in. May You send rain on Your land that You gave Your people for an inheritance.
27 hoor dan vanuit die hemel hulle gebed en vergewe die sondes van U diensknegte en van U volk Yisra'el, wanneer U hulle die goeie pad leer waarin hulle moet loop en reën van seën stuur op die land wat U aan U volk gegee het as 'n erfenis.
28 When there is famine on the earth, when there is pestilence, when there is blight, mildew, locust, or grasshopper, when their enemies besiege them in the region of their fortified cities, when there is any plague or illness,
28 As daar hongersnood in die land is, as daar pes is, as daar brandkoring of heuningdou, sprinkane of ruspes is, as hulle vyande hul beleër in die stede in hulle land, watter probleem of watter siekte daar ook al is,
29 whatever prayer or petition anyone from your people Israel might have — each man knowing his own affliction and suffering, and spreading out his hands toward this temple —
29 dan, watter gebed, watter smeking ook al deur enige mens of deur U hele volk Yisra'el gedoen sal word, wanneer elkeen sy eie probleem sal verklaar en sal kom en sy hande in hierdie huis uitsprei,
30 may You hear in heaven, Your dwelling place, and may You forgive and repay the man according to all his ways, since You know his heart, for You alone know the human heart,
30 hoor dan vanuit die hemel hulle gebed en vergewe hulle sonde en gee aan elke mens volgens al sy
wandel, wie se verstand, wil en emosie U ken, want U alleen ken die verstand, wil en emosie van al die mensekinders
31 so that they may fear You and walk in Your ways all the days they live on the land You gave our ancestors.
31 sodat hulle U respekvol kan vrees om voor U te lewe in U lewenswyse, solank hulle leef in die land wat U aan ons vaders gegee het.
32 Even for the foreigner who is not of Your people Israel but has come from a distant land because of Your great name and Your mighty hand and outstretched arm: when he comes and prays toward this temple,
32 Verder, wat die vreemdelinge betref wat nie deel van U volk Yisra'el is nie, maar uit 'n ver land kom ter wille van U groot Naam (Karakter en Outoriteit), U sterke hand en U uitgestrekte arm, as hulle kom en op daardie dag in U Teenwoordigheid in hierdie huis bid,
33 may You hear in heaven in Your dwelling place, and do all the foreigner asks You. Then all the peoples of the earth will know Your name, to fear You as Your people Israel do and know that this temple I have built is called by Your name.
33 hoor dan vanuit U blyplek, vanuit die hemel en doen volgens alles wat die vreemdeling voor U bid sodat al die volke van die aarde U Naam (Karakter en

Outoriteit) mag ken en U aanbid soos U volk Yisra'el en dat hulle mag weet dat hierdie huis wat ek gebou het, in U Naam (Karakter en Outoriteit) genoem word.
34 When Your people go out to fight against their enemies, wherever You send them, and they pray to You in the direction of this city You have chosen and the temple that I have built for Your name,
34 As U volk uitgaan in oorlog teen hulle vyande op die pad waarop U hulle sal stuur en hulle bid tot U in die rigting van hierdie land wat U aan hulle vaders gegee het, of na hierdie stad wat U gekies het, of na hierdie huis wat ek vir U Naam (Karakter en Outoriteit) gebou het,
35 may You hear their prayer and petition in heaven and uphold their cause.
35 hoor dan vanuit die hemel hulle gebed en hulle smeking en bepleit hulle saak.
36 When they sin against You — for there is no one who does not sin — and You are angry with them and hand them over to the enemy, and their captors deport them to a distant or nearby country,
36 As hulle teen U sondig, want daar is geen mens wat nie sondig nie en U is kwaad vir hulle en gee hulle oor aan hulle vyande en hulle vat hulle weg as gevangenes na 'n land, ver of naby
37 and when they come to their senses in the land where they were deported and repent and petition You in their captors' land, saying: "We have sinned and done wrong; we have been wicked,"
37 en as hulle tog terugdraai na U en in die land waarheen hulle weggevat is bid en sê: 'Ons het gesondig,
ons het U getart tot woede en boos opgetree'
38 and when they return to You with their whole mind and heart in the land of their captivity where they were taken captive, and when they pray in the direction of their land that You gave their ancestors, and the city You have chosen, and toward the temple I have built for Your name,
38 en hulle in die land van hul gevangeskap, waarheen hulle weggevat is, na U toe terugdraai met hul hele verstand, wil en emosie en met hul hele lewe en hulle bid in die rigting van hulle land wat U aan hulle vaders gegee het en van die stad wat U gekies het en van die huis wat ek vir U Naam (Karakter en Outoriteit) gebou het,
39 may You hear their prayer and petitions in heaven, Your dwelling place, and uphold their cause. May You forgive Your people who sinned against You.
39 hoor dan uit die hemel, uit U blyplek, hulle gebed en hulle smekinge en erken hulle saak en vergewe U volk wat teen U gesondig het.
40 Now, my God, please let Your eyes be open and Your ears attentive to the prayer of this place.
40 Nou, o my God, laat U oë oop wees en U ore luister na die gebed wat in hierdie plek gemaak word.
41 Now therefore: Arise, LORD God, come to Your resting place, You and Your powerful ark. May Your priests, LORD God, be clothed with salvation, and

may Your godly people rejoice in goodness.

41 Staan nou op, יהוה-God, in U rusplek, U en die ark van U sterkte! Laat U priesters, יהוה-God, met verlossing aangetrek wees en laat U regverdige manne hulle verheug in U goedheid.

42 L**ORD** God, do not reject Your anointed one; remember the loyalty of Your servant David.

42 יהוה-God, draai nie die gesig van U gesalfde een weg nie; onthou die onverdiende guns aan U dienskneg, Dawid!"

2 Chronicles 7

1 When Solomon finished praying, fire descended from heaven and consumed the burnt offering and the sacrifices, and the glory of the L**ORD** filled the temple.

1 Net toe Shlomo klaar gebid het, het die vuur uit die hemel afgekom en die brandoffer en die hout verteer en die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה het die huis gevul

2 The priests were not able to enter the L**ORD**'s temple because the glory of the L**ORD** filled the temple of the L**ORD**.

2 en die priesters kon nie in die huis van יהוה ingaan nie, want die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה het die huis van יהוה gevul.

3 All the Israelites were watching when the fire descended and the glory of the L**ORD** came on the temple. They bowed down on the pavement with their faces to the ground. They worshiped and praised the L**ORD**: For He is good, for His faithful love endures forever.

3 Toe al die kinders van Yisra'el sien hoe die vuur afkom en die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה die huis vul, het hulle neergebuig op die plaveisel met hulle gesigte op die grond en het aanbid en vir mekaar gesê: "Lofprys יהוה, want Hy is goed, Sy liefdevolle goedheid duur vir ewig."

4 The king and all the people were offering sacrifices in the L**ORD**'s presence.

4 Toe het die koning en die hele volk offers gebring in die Teenwoordigheid van יהוה.

5 King Solomon offered a sacrifice of 22,000 cattle and 120,000 sheep. In this manner the king and all the people dedicated God's temple.

5 Koning Shlomo het 'n offer gebring van twee en twintig duisend beeste en 'n honderd en twintig duisend kleinvee. So het die koning en die hele volk die huis van God ingewy,

6 The priests and the Levites were standing at their stations. The Levites had the musical instruments of the L**ORD**, which King David had made to praise the L**ORD** — "for His faithful love endures forever" — when he offered praise

with them. Across from the Levites, the priests were blowing trumpets, and all the people were standing.
6 terwyl die priesters op hulle poste was en die Leviete met musiekinstrumente הוהי geloof het en dit is wat hulle in hulle lofprysing gesê het, deur die liedere van Dawid: “Loof הוהי met uitgestrekte hande, want Hy is goed, Sy liefdevolle goedheid duur vir ewig.” Die priesters het met gedraaide en reguit trompette geblaas en die hele Yisra’el het gestaan.
7 Since the bronze altar that Solomon had made could not accommodate the burnt offering, the grain offering, and the fat of the fellowship offerings, Solomon first consecrated the middle of the courtyard that was in front of the L**ORD**’s temple and then offered the burnt offerings and the fat of the fellowship offerings there.
7 Shlomo het die middel van die ruimte afgesonder wat voor die huis van הוהי was, want daar het hy brandoffers en die vetstukke van die vredesoffers geoffer omdat die koper altaar wat Shlomo gemaak het, te klein was om die brandoffer, die graanoffer en die vet te hou.
8 So Solomon and all Israel with him — a very great assembly, from the entrance to Hamath to the Brook of Egypt — observed the festival at that time for seven days.
8 Shlomo het ook in daardie tyd die fees gehou vir sewe dae en die hele Yisra’el saam met hom, ’n baie groot vergadering. Die mense het vanaf Hamat tot by die spruit van Mitzrayim, voor הוהי, ons God, vergader.
9 On the eighth day they held a sacred assembly, for the dedication of the altar lasted seven days and the festival seven days.
9 Sewe dae is gegee vir die fees en sewe dae vir die inwyding, die lengte van die geleentheid was veertien dae.
10 On the twenty-third day of the seventh month he sent the people away to their tents, rejoicing and with happy hearts for the goodness the L**ORD** had done for David, for Solomon, and for His people Israel.
10 Op die vyftiende dag het die koning die volk laat gaan en die volk het die koning geseën en na hulle dorpe gegaan, bly en vrolik en het lof en dank gegee aan הוהי vir al die goedheid wat Hy aan Dawid, Sy dienskneg, Shlomo, sy seun en aan Sy volk, Yisra’el, bewys het.
11 So Solomon finished the L**ORD**’s temple and the royal palace. Everything that had entered Solomon’s heart to do for the L**ORD**’s temple and for his own palace succeeded.
11 Dit het gebeur dat Shlomo die huis van הוהי en die huis van die koning klaar gebou het en alles wat Shlomo in sy gedagtes beplan het om in die huis van הוהי en in die koning se huis te doen, het hy suksesvol uitgevoer.
12 Then the L**ORD** appeared to Solomon at night and said to him: I have heard your prayer and have chosen this place for Myself as a temple of sacrifice.

12 יהוה het in daardie nag aan Shlomo verskyn en vir hom gesê: "Ek het jou gebed gehoor en hierdie plek vir Myself gekies as 'n plek van offers.
13 If I close the sky so there is no rain, or if I command the grasshopper to consume the land, or if I send pestilence on My people,
13 As Ek die hemel toesluit, dat daar geen reën is nie, of as Ek die sprinkaan beveel om die land af te eet, of as Ek peste onder My volk stuur;
14 and My people who are called by My name humble themselves, pray and seek My face, and turn from their evil ways, then I will hear from heaven, forgive their sin, and heal their land.
14 as My volk, wat in My Naam (Karakter en Outoriteit) geroep is, hulleself verneder (vas), bid, My Teenwoordigheid soek en wegdraai van hul verkeerde lewenswyses, dan sal Ek vanuit die hemel hoor, hulle sondes vergewe en hulle land genees.
15 My eyes will now be open and My ears attentive to prayer from this place.
15 Nou sal My oë oop wees en My ore luister na die gebed wat in hierdie plek gemaak word,
16 And I have now chosen and consecrated this temple so that My name may be there forever; My eyes and My heart will be there at all times.
16 want nou het Ek hierdie huis gekies vir Myself, dat My Gemanifesteerde Teenwoordigheid vir ewig daarin sal wees en dat My goeie werke en My wil vir altyd daarin gedoen sal word.
17 As for you, if you walk before Me as your father David walked, doing everything I have commanded you, and if you keep My statutes and ordinances,
17 Wat jou betref, as jy in My Teenwoordigheid loop soos jou vader, Dawid, geloop het, met onskuld van verstand, wil en emosie en met opregtheid, om alles te doen wat Ek jou beveel het en My opdragte en instellings nakom,
18 I will establish your royal throne, as I promised your father David: You will never fail to have a man ruling in Israel.
18 dan sal Ek die troon van jou koninkryk vir ewig bevestig, soos wat Ek 'n verbond gesluit het met jou vader deur te sê: 'Daar sal vir jou nie 'n seun kortkom in My Teenwoordigheid, om te sit op die troon van Yisra'el nie,'
19 However, if you turn away and abandon My statutes and My commands that I have set before you and if you go and serve other gods and worship them,
19 maar as julle wegdraai van My lewenswyses, beide jy en jou kinders en nie My opdragte en My instellings hou wat Ek voor julle gesit het nie, maar gaan en die afgode van ander nasies dien en hulle aanbid,
20 then I will uproot Israel from the soil that I gave them, and this temple that I have sanctified for My name I will banish from My presence; I will make it an object of scorn and ridicule among all the peoples.
20 dan sal Ek hulle verstrooi uit hierdie land wat Ek aan hulle gegee het en hierdie huis wat Ek vir My Naam (Karakter en Outoriteit) afgesonder het, sal Ek voor My gesig ontwortel en Yisra'el sal 'n spreekwoord en 'n bespotting

wees onder al die nasies.
21 As for this temple, which was exalted, everyone who passes by will be appalled and will say: Why did the LORD do this to this land and this temple?
21 Hierdie huis sal in puin wees en elkeen wat verbygaan, sal staan en sy kop skud in verwondering en vra: "Waarom het יהוה so gedoen aan hierdie groot stad en aan hierdie huis?'
22 Then they will say: Because they abandoned the LORD God of their ancestors who brought them out of the land of Egypt. They clung to other gods and worshiped and served them. Because of this, He brought all this ruin on them.
22 Hulle sal sê: "Omdat hulle die verbond van יהוה, die God van hulle vaders, wat hulle uit die land van Mitzrayim uitgebring het, verlaat het en hulle gegaan en die gode van die ander nasies respekvol gevrees, hulle gedien en aanbid het, het יהוה hierdie boosheid oor hulle gebring.

2 Chronicles 8

1 At the end of 20 years during which Solomon had built the LORD's temple and his own palace —
1 Dit het gebeur aan die einde van die twintig jaar waarin Shlomo die huis van יהוה en die paleis gebou het,
2 Solomon had rebuilt the cities Hiram gave him and settled Israelites there —
2 dat Shlomo die stede wat Hiram aan hom gegee het, herbou en die seuns van Yisra'el daar laat bly het.
3 Solomon went to Hamath-zobah and seized it.
3 Shlomo het na Hamat-Tzovah gegaan, dit aangeval en vernietig.
4 He built Tadmor in the wilderness along with all the storage cities that he built in Hamath.
4 Hy het Tadmor, wat woes gelaat is soos die wildernis, asook al die voorraadstede gebou
5 He built Upper Beth-horon and Lower Beth-horon — fortified cities with walls, gates, and bars —
5 en vir Beit-Horon-Bo en Beit-Horon-Onder gebou
6 Baalath, all the storage cities that belonged to Solomon, all the chariot cities, the cavalry cities, and everything Solomon desired to build in Jerusalem, Lebanon, or anywhere else in the land of his dominion.
6 en al die voorraadstede wat Shlomo gehad het, asook al die strydwa-stede en die stede vir die perderuiters. Alles wat Shlomo begeer het om te bou in Yerushalayim en in L'vanon en in die hele land van sy heerskappy, het hy gebou.
7 As for all the peoples who remained of the Hittites, Amorites, Perizzites, Hivites, and Jebusites, who were not from Israel —

7 Al die mense wat oorgebly het van die Hittiete, Emoriete, P'riziete, Hiviete en Y'vusiete, wat nie van Yisra'el was nie,
8 their descendants who remained in the land after them, those the Israelites had not completely destroyed — Solomon imposed forced labor on them; it is this way today.
8 van hulle seuns wat ná hulle oorgebly het in die land, wat die seuns van Yisra'el nie uitgewis het nie, dié het Shlomo arbeiders vir homself gemaak sowel as werkers en belastingpligtiges, tot vandag toe,
9 But Solomon did not consign the Israelites to be slaves for his work; they were soldiers, commanders of his captains, and commanders of his chariots and his cavalry.
9 maar van die seuns van Yisra'el het Shlomo geen slawe gemaak in sy koninkryk nie, maar hulle was krygsmanne en bevelvoerders van sy strydwaens en sy perderuiters.
10 These were King Solomon's deputies: 250 who ruled over the people.
10 Hierdie was die goewerneurs en toesighouers van koning Shlomo, vyf honderd en vyftig, wat outoriteit oor die mense, wat die werk gedoen het, uitgevoer het.
11 Solomon brought the daughter of Pharaoh from the city of David to the house he had built for her, for he said, "My wife must not live in the house of David king of Israel because the places the ark of the L**ORD** has come into are holy."
11 Shlomo het die dogter van Farao uit die stad van Dawid gebring na die huis wat hy vir haar gebou het, want hy het gesê: "Geen vrou sal saam met my bly in die huis van Dawid, die koning van Yisra'el, nie, want die plek waarin die ark van יהוה gekom het, is afgesonderd."
12 At that time Solomon offered burnt offerings to the L**ORD** on the L**ORD**'s altar he had made in front of the portico.
12 Toe het Shlomo brandoffers en vredesoffers aan יהוה gebring op die altaar van יהוה wat hy voor die stoep gebou het.
13 He followed the daily requirement for offerings according to the commandment of Moses for Sabbaths, New Moons, and the three annual appointed festivals: the Festival of Unleavened Bread, the Festival of Weeks, and the Festival of Booths.
13 Volgens die voorskrifte van elke dag, het hy geoffer volgens die opdrag van Moshe, op die Shabbatte en op die nuwemane en op die vasgestelde feeste, drie maal per jaar, tydens die Fees van Ongesuurde brode, die Fees van Weke en op die Fees van Hutte.
14 According to the ordinances of his father David, he appointed the divisions of the priests over their service, of the Levites over their responsibilities to offer praise and to minister before the priests following the daily requirement, and of the gatekeepers by their divisions with respect to each gate, for this had been the command of David, the man of God.

14 Hy het volgens die voorskrif van sy vader, Dawid, die afdelings van die priesters vir hulle dienswerk ingedeel, die Leviete vir hulle ampspligte, om voor die priesters te prys en te dien, volgens wat elke dag vereis en vir die poortwagters volgens hulle afdelings om die poorte elke dag te bewaak, want so het Dawid, die man wat God koning gemaak het, beveel.
15 They did not turn aside from the king's command regarding the priests and the Levites concerning any matter or concerning the treasuries.
15 Hy het van niks afgewyk wat koning Dawid hom beveel het aangaande die priesters, die Leviete en ten opsigte van al die dienste van die huis, nie.
16 All of Solomon's work was carried out from the day the foundation was laid for the LORD's temple until it was finished. So the LORD's temple was completed.
16 So is al die werk van Shlomo in volgorde gedoen vanaf die dag dat die fondasies van die huis van

יהוה gelê is totdat al sy werk voltooi is.
17 At that time Solomon went to Ezion-geber and to Eloth on the seashore in the land of Edom.
17 Toe het Shlomo na `Etzyon-Gever gegaan, die dorp oorkant Elot, aan die seekus in die land van Edom.
18 So Hiram sent ships to him by his servants along with crews of experienced seamen. They went with Solomon's servants to Ophir, took from there 17 tons of gold, and delivered it to King Solomon.
18 Hiram het sy diensknegte per skip gestuur, bekwame seemanne wat weet hoe om skepe in die see te navigeer en hulle het saam met Shlomo se diensknegte na die stad van Ofir gegaan en omtrent vier honderd talente goud gevat en na koning Shlomo gebring.

2 Chronicles 9

1 The queen of Sheba heard of Solomon's fame, so she came to test Solomon with difficult questions at Jerusalem with a very large entourage, with camels bearing spices, gold in abundance, and precious stones. She came to Solomon and spoke with him about everything that was on her mind.
1 Toe die koningin van Sh'va hoor van die beroemdheid van Shlomo, het sy gekom om Shlomo met raaisels te toets. Sy het na Yerushalayim gekom met 'n baie groot trek: met kamele wat speserye, goud in oorvloed en edelgesteentes gedra het en toe sy by Shlomo kom, het sy vir hom alles vertel wat in haar verstand, wil en emosie was.
2 So Solomon answered all her questions; nothing was too difficult for Solomon to explain to her.
2 Koning Shlomo het aan haar al die geheime in haar binneste vertel en daar was niks verborge vir die koning wat hy nie vir haar kon vertel nie.
3 When the queen of Sheba observed Solomon's wisdom, the palace he had built,

3 Toe die koningin van Sh'va die wysheid van Shlomo sien en die huis wat hy gebou het,
4 the food at his table, his servants' residence, his attendants' service and their attire, his cupbearers and their attire, and the burnt offerings he offered at the LORD's temple, it took her breath away.
4 die voedsel van sy tafel en hoe sy diensknegte sit en sy ministers se teenwoordigheid en hulle klere, sy skinkers en hulle klere en die offers wat hy in die huis van הוהי geoffer het, was daar geen gees in haar oor (begeerte) om meer te sien nie.
5 She said to the king, "The report I heard in my own country about your words and about your wisdom is true.
5 Sy het vir koning Shlomo gesê: "Dit was 'n waar verslag wat ek in my eie land gehoor het aangaande u dade en u wysheid.
6 But I didn't believe their reports until I came and saw with my own eyes. Indeed, I was not even told half of your great wisdom! You far exceed the report I heard.
6 Nieteenstaande het ek hulle woorde nie geglo nie totdat ek gekom en my oë dit gesien het en let op, die helfte van die grootheid van u wysheid is my nie vertel nie, want u oortref die verslag wat ek gehoor het.
7 How happy are your men. How happy are these servants of yours, who always stand in your presence hearing your wisdom.
7 Gelukkig is u diensknegte, wat voortdurend voor u staan en u wysheid hoor!
8 May the LORD your God be praised! He delighted in you and put you on His throne as king for the LORD your God. Because Your God loved Israel enough to establish them forever, He has set you over them as king to carry out justice and righteousness."
8 Geseënd is הוהי, u God, wat u gekies en u op die troon van die koninkryk van Yisra'el laat sit het. Omdat הוהי Yisra'el liefhet, het Hy u vir ewig oor hulle koning gemaak om te oordeel en reg te laat geskied."
9 Then she gave the king four and a half tons of gold, a great quantity of spices, and precious stones. There never were such spices as those the queen of Sheba gave to King Solomon.
9 Sy het aan die koning 'n honderd en twintig talente goud en 'n oorvloed speserye en edelgesteentes gegee. Daar was nie sulke speserye in die wêreld soos die wat die koningin van Sh'va aan koning Shlomo gegee het nie.
10 In addition, Hiram's servants and Solomon's servants who brought gold from Ophir also brought algum wood and precious stones.
10 Die diensknegte van Hiram en die diensknegte van Shlomo het ook goud uit Ofir gebring,
11 The king made the algum wood into walkways for the LORD's temple and for the king's palace and into lyres and harps for the singers. Never before had anything like them been seen in the land of Judah.

11 asook sandelhout vir stoele vir die huis van יהוה en vir die huis van koning Shlomo en harpe vir die sangers. Daar was nog nooit sulkes gesien in die land van Y'hudah nie.
12 King Solomon gave the queen of Sheba her every desire, whatever she asked — far more than she had brought the king. Then she, along with her servants, returned to her own country.
12 Koning Shlomo het vir die koningin van Sh'va alles gegee wat sy gevra het, behalwe wat hy reeds gegee het en vir haar alles vertel wat in haar verstand, wil en emosie is. Sy het teruggekeer na haar eie land, sy en haar diensknegte.
13 The weight of gold that came to Solomon annually was 25 tons,
13 Die gewig van Shlomo se inkomste aan goud in een jaar was ses honderd ses en sestig talente goud;
14 besides what was brought by the merchants and traders. All the Arabian kings and governors of the land also brought gold and silver to Solomon.
14 behalwe vir die belastings uit die stede en die handel wat die handelaars gebring het. Al die konings van Arabië en die goewerneurs van die land het goud en silwer vir Shlomo gebring.
15 King Solomon made 200 large shields of hammered gold; 15 pounds of hammered gold went into each shield.
15 Koning Shlomo het twee honderd groot skilde van geslaande goud gemaak; ses honderd sikkels 6,8kg) goud het in elke groot skild gegaan;
16 He made 300 small shields of hammered gold; about eight pounds of gold went into each shield. The
king put them in the House of the Forest of Lebanon.
16 asook drie honderd klein skilde van geslaande goud; drie honderd sikkels goud het in elke klein skild gegaan en die koning het hulle in die huis van die L'vanon-woud gesit.
17 The king also made a large ivory throne and overlaid it with pure gold.
17 Verder het die koning ook 'n groot troon van ivoor gemaak en dit met suiwer goud oorgetrek.
18 The throne had six steps; there was a footstool covered in gold for the throne, armrests on either side of the seat, and two lions standing beside the armrests.
18 Die troon het ses trappe gehad en die rand het van agteraf ingekrul met armleunings aan elke kant van die sitplek, met twee leeus wat agter die armleunings staan.
19 Twelve lions were standing there on the six steps, one at each end. Nothing like it had ever been made in any other kingdom.
19 Twaalf leeus het weerskante op die ses trappe gestaan. Die gelyke is nooit in enige koninkryk gemaak nie.
20 All of King Solomon's drinking cups were gold, and all the utensils of the House of the Forest of Lebanon were pure gold. There was no silver, since it was considered as nothing in Solomon's time,
20 Al die houers van die diens van koning Shlomo was van goud en al die

voorwerpe van die koning se skatkamers was van suiwer goud; silwer is nie in die dae van Shlomo as iets gereken nie.
21 for the king's ships kept going to Tarshish with Hiram's servants, and once every three years the ships of Tarshish would arrive bearing gold, silver, ivory, apes, and peacocks.
21 Die koning het skepe gehad wat na Tarsis gevaar het, saam met die diensknegte van Hiram; een maal elke drie jaar het die Tarsis-skepe ingekom, gelaai met goud, silwer, olifante, ape en poue.
22 King Solomon surpassed all the kings of the world in riches and wisdom.
22 Koning Shlomo het groter geword as al die konings van die aarde in rykdom en wysheid.
23 All the kings of the world wanted an audience with Solomon to hear the wisdom God had put in his heart.
23 Al die konings van die aarde het die teenwoordigheid van Shlomo opgesoek om die wysheid te hoor wat God in sy binneste gegee het,
24 Each of them would bring his own gift — items of silver and gold, clothing, weapons, spices, and horses and mules — as an annual tribute.
24 terwyl elkeen sy geskenk saamgebring het: silwer voorwerpe en goue voorwerpe, klere, mirre, speserye, perde en muile, 'n vaste hoeveelheid, elke jaar.
25 Solomon had 4,000 stalls for horses and chariots, and 12,000 horsemen. He stationed them in the chariot cities and with the king in Jerusalem.
25 Shlomo het veertig duisend stalle gehad vir perde en strydwaens asook twaalf duisend ruiters, wat hy in die stede vir strydwaens en by die koning in Yerushalayim gesit het.
26 He ruled over all the kings from the Euphrates River to the land of the Philistines and as far as the border of Egypt.
26 Shlomo het geheers oor al die konings vanaf die Eufraat tot by die land van die F'lishtyne en tot by die grens van Mitzrayim.
27 The king made silver as common in Jerusalem as stones, and he made cedar as abundant as sycamore in the Judean foothills.
27 Koning Shlomo het silwer in Yerushalayim so volop gemaak soos klippe en die seders so volop soos wildevyebome wat in die Laagland is.
28 They were bringing horses for Solomon from Egypt and from all the countries.
28 Hulle het vir Shlomo perde uit Mitzrayim en uit al die lande gebring.
29 The remaining events of Solomon's reign, from beginning to end, are written in the Events of Nathan the Prophet, the Prophecy of Ahijah the Shilonite, and the Visions of Iddo the Seer concerning Jeroboam son of Nebat.
29 Die res van die dade van Shlomo, die vroeëre sowel as die latere, is dit nie opgeskryf in die boek van die profeet Natan, in die profesie van Agiyah, die Shiloniet en in die visioene van die siener Ye'do oor Yarov'am, die seun van N'vat, nie?

30 Solomon reigned in Jerusalem over all Israel for 40 years.
30 Shlomo het vir veertig jaar lank in Yerushalayim oor die hele Yisra'el regeer.
31 Solomon rested with his fathers and was buried in the city of his father David. His son Rehoboam became king in his place.
31 Shlomo is by sy vaders neergelê en hulle het hom in die stad van sy vader, Dawid, begrawe en sy seun, Regav'am het in sy plek geheers.

2 Chronicles 10

1 Then Rehoboam went to Shechem, for all Israel had gone to Shechem to make him king.
1 Regav'am het na Sh'khem gegaan, want die hele Yisra'el het na Sh'khem gekom om hom koning te maak.
2 When Jeroboam son of Nebat heard about it — for he was in Egypt where he had fled from King Solomon's presence — Jeroboam returned from Egypt.
2 Dit het gebeur, toe Yarov'am, die seun van N'vat en die hele Yisra'el, dit hoor,
3 So they summoned him. Then Jeroboam and all Israel came and spoke to Rehoboam:
3 hulle gekom het en vir Regav'am, die seun van Shlomo, gesê het:
4 "Your father made our yoke difficult. Therefore, lighten your father's harsh service and the heavy yoke he put on us, and we will serve you."
4 "U vader het ons juk hard gemaak, verlig nou ietwat hierdie harde reëls van u vader en sy swaar juk wat hy op ons gelê het en ons sal u dien."
5 Rehoboam replied, "Return to me in three days." So the people left.
5 Hy het vir hulle gesê: "Gaan weg en kom oor drie dae terug na my toe." Die mense het weggegaan.
6 Then King Rehoboam consulted with the elders who had served his father Solomon when he was alive, asking, "How do you advise me to respond to these people? "
6 Koning Regav'am het beraadslaag met die oudstes wat sy vader, Shlomo, gedurende sy lewe gedien het en hy vra: "Watter raad gee julle my om 'n antwoord aan hierdie mense te gee?"
7 They replied, "If you will be kind to these people and please them by speaking kind words to them, they will be your servants forever."
7 Hulle het met hom gepraat en gesê: "As u hierdie mense goedgunstig sal antwoord en hulle tevrede stel en goeie woorde met hulle praat, sal hulle vir ewig u diensknegte wees."
8 But he rejected the advice of the elders who had advised him, and he consulted with the young men who had grown up with him, the ones serving him.
8 Hy het egter die raad wat die oudstes hom gegee het, verwerp en beraadslaag met die jongmanne wat saam met hom groot geword en in sy diens gestaan het.

9 He asked them, “What message do you advise we send back to these people who said to me, ‘Lighten the yoke your father put on us’? ”
9 Hy het vir hulle gevra: “Watter raad gee julle my dat ons hierdie mense kan antwoord wat met my gepraat en gesê het: ‘Maak die juk ligter wat u vader op ons gelê het en ons sal u dien.’?”
10 Then the young men who had grown up with him told him, “This is what you should say to the people who said to you, ‘Your father made our yoke heavy, but you, make it lighter on us! ’ This is what you should say to them: ‘My little finger is thicker than my father’s loins.
10 Die jongmanne wat saam met hom in die straat grootgeword het, antwoord hom en sê: “Só moet u die mense antwoord wat met u gepraat en gesê het: ‘U vader het ons juk swaar gemaak, maar u maak dit ietwat ligter oor ons,’ só moet u hulle antwoord: ‘My pinkie is dikker as my vader se duim.
11 Now therefore, my father burdened you with a heavy yoke, but I will add to your yoke; my father disciplined you with whips, but I, with barbed whips.’ ”
11 Nou, waar my vader ’n swaar juk op julle gelaai het, ék sal by julle juk bysit; het my vader julle met swepe getugtig, ék sal julle met skerpioene tugtig.’”
12 So Jeroboam and all the people came to Rehoboam on the third day, just as the king had ordered, saying, “Return to me on the third day.”
12 Yarov’am en al die mense het op die derde dag na Regav’am gekom soos die koning hulle gevra en gesê het: “Kom oor drie dae terug na my toe.”
13 Then the king answered them harshly. King Rehoboam rejected the elders’ advice
13 Die koning het hulle met harde woorde geantwoord en koning Regav’am het die raad van die oudstes verwerp
14 and spoke to them according to the young men’s advice, saying, “My father made your yoke heavy, but I will add to it; my father disciplined you with whips, but I, with barbed whips.”
14 en met hulle gepraat volgens die raad van die jongmanne en gesê: “My vader het julle juk swaar gemaak, maar ék sal daarby bysit; my vader het julle met swepe getugtig, ék sal julle met skerpioene tugtig.”
15 The king did not listen to the people because the turn of events came from God, in order that the LORD might carry out His word that He had spoken through Ahijah the Shilonite to Jeroboam son of Nebat.
15 Die koning het nie na die volk geluister nie, want God het dit voorgeskryf sodat יהוה die woord van Agiyah, die Shiloniet, die profeet, aangaande Yarov’am, die seun van N’vat, waar kon maak.
16 When all Israel saw that the king had not listened to them, the people answered the king: What portion do we have in David? We have no inheritance in the son of Jesse. Israel, each man to your tent; David, look after your own house now! So all Israel went to their tents.
16 Toe die hele Yisra’el sien dat die koning nie na hulle luister nie, het die volk die koning geantwoord en gesê: “Ons het geen deel aan Dawid of aan ’n

erfenis vir die seun van Yishai nie! Gaan elkeen na sy huis toe, Yisra'el en nou, Dawid, sorg vir jou eie huis!" Yisra'el het na hulle huise teruggekeer,
17 But as for the Israelites living in the cities of Judah, Rehoboam reigned over them.
17 maar oor die seuns van Yisra'el wat in die stede van Y'hudah gebly het, oor hulle het Regav'am regeer.
18 Then King Rehoboam sent Hadoram, who was in charge of the forced labor, but the Israelites stoned him to death. However, King Rehoboam managed to get into his chariot to flee to Jerusalem.
18 Toe stuur koning Regav'am vir Adoram, wat in beheer van belasting was, maar die seuns van Yisra'el het hom gestenig sodat hy gesterf het, maar koning Regav'am het haastig op sy strydwa geklim, om na Yerushalayim te vlug.
19 Israel is in rebellion against the house of David until today.
19 So het Yisra'el gerebelleer teen die huis van Dawid, tot vandag toe.

2 Chronicles 11

1 When Rehoboam arrived in Jerusalem, he mobilized the house of Judah and Benjamin — 180,000 choice warriors — to fight against Israel to restore the reign to Rehoboam.
1 Toe Regav'am in Yerushalayim kom, het hy van die huise van Y'hudah en Binyamin, honderd en tagtig duisend gekose manne, wat die swaard dra, bymekaargemaak wat soldate was, om teen Yisra'el te veg en die koninkryk te herstel aan Regav'am, die seun van Shlomo.
2 But the word of the L**ORD** came to Shemaiah, the man of God:
2 Die woord van הוהי het egter tot Sh'ma'yah gekom en gesê:
3 "Say to Rehoboam son of Solomon, king of Judah, to all Israel in Judah and Benjamin, and to the rest of the people:
3 "Praat met Regav'am, die seun van Shlomo, koning van Y'hudah en met die huis van Binyamin en die hele Yisra'el en die ander mense en sê:
4 'This is what the L**ORD** says: You are not to march up and fight against your brothers. Each of you must return home, for this incident has come from Me.' " So they listened to what the L**ORD** said and turned back from going against Jeroboam.
4 'So sê הוהי: Julle mag nie optrek of baklei nie, gaan elkeen terug na sy huis, want hierdie saak kom van My af.'" Hulle het die woord van הוהי gehoorsaam en omgedraai, elkeen na sy huis toe.
5 Rehoboam stayed in Jerusalem, and he fortified cities in Judah.
5 Yarov'am het Sh'khem gebou op die berg van die stam van Efrayim en daarin gebly. Hy het daarvandaan uitgegaan en P'nu'el gebou.
6 He built up Bethlehem, Etam, Tekoa,
6 Yarov'am het in sy binneste gesê: "Die koninkryk sal terugkeer na die huis

van Dawid
7 Beth-zur, Soco, Adullam,
7 as hierdie volk opgaan om offers te bring in die huis van יהוה in Yerushalayim, dan sal die verstand, wil en emosie van die volk weer na יהוה toe draai en hulle sal my doodmaak en die koninkryk tot Regav'am, die seun van Shlomo, herstel;"
8 Gath, Mareshah, Ziph,
8 daarom het die koning beraadslaag en twee kalwers van goud gemaak en vir die volk gesê: "Dit is te veel vir julle om op te gaan na Yerushalayim, waarom sou julle opgaan na Yerushalayim en weer terugkom?" Toe het hy gesê: "Hierdie is jou gode, o Yisra'el, wat jou uit die land van Mitzrayim gebring het."
9 Adoraim, Lachish, Azekah,
9 Hy het die een in Beit-El opgestel en die ander in Dan.
10 Zorah, Aijalon, and Hebron, which are fortified cities in Judah and in Benjamin.
10 Hierdie ding het 'n sonde geword, want die mense het voor die kalf gaan neerval, selfs tot by Dan en dit het 'n sonde, tot ontworteling en vernietiging van die aarde af, geword in die hele huis van Yarov'am.
11 He strengthened their fortifications and put leaders in them with supplies of food, oil, and wine.
11 In daardie tyd het Aviyah, die seun van Yarov'am, siek geword en Yarov'am sê vir sy vrou: "Staan op en vermom jouself, wees soos 'n eenvoudige vrou sodat jy nie herken word as die vrou van Yarov'am nie en gaan na Shiloh, let op, Agiyah, die profeet is daar, wat vir my gesê het dat ek koning oor hierdie volk moet wees,
12 He also put large shields and spears in each and every city to make them very strong. So Judah and Benjamin were his.
12 gaan na hom toe, hy sal jou vertel wat gaan van hierdie kind word."
13 The priests and Levites from all their regions throughout Israel took their stand with Rehoboam,
13 יהוה het aan Agiyah gesê: "Let op, die vrou van Yarov'am kom na jou toe om jou te vra aangaande haar seun, want hy is siek. So en so moet jy vir haar sê, want dit sal wees dat wanneer sy inkom, sy haarself sal vermom."
14 for the Levites left their pasturelands and their possessions and went to Judah and Jerusalem, because Jeroboam and his sons refused to let them serve as priests of Yahweh.
14 Dit het gebeur toe hy haar voete by die deur hoor dat hy vir haar sê: "Kom in, vrou van Yarov'am, waarom het jy jou vermom, want ek is gestuur om vir jou harde woorde te bring?
15 Jeroboam appointed his own priests for the high places, the goat-demons, and the golden calves he had made.
15 Gaan sê vir Yarov'am: 'So sê יהוה, die God van Yisra'el: Ek het jou opgelig

van tussen die mense en jou koning oor My volk, Yisra'el, gemaak
16 Those from every tribe of Israel who had determined in their hearts to seek Yahweh their God followed the Levites to Jerusalem to sacrifice to Yahweh, the God of their ancestors.
16 en die koninkryk weggevat van die huis van Dawid en dit aan jou gegee en tog was jy nie soos My dienskneg, Dawid, wat My opdragte gehoorsaam het en in My instellings geleef het met sy hele verstand, wil en emosie, om te doen wat reg is in My Teenwoordigheid, nie,
17 So they strengthened the kingdom of Judah and supported Rehoboam son of Solomon for three
years, because they walked in the way of David and Solomon for three years.
17 maar jy het boos gedoen bo alle konings wat voor jou was, want jy het gegaan en vir jou afgode vir die nasie gemaak en beelde om voor My te laster en My aanbidding agter jou rug gegooi."
18 Rehoboam married Mahalath, daughter of David's son Jerimoth and of Abihail daughter of Jesse's son Eliab.
18 Regav'am het vir Magalat, die dogter van Yerimot, die seun van Dawid, vir hom as vrou gevat en vir Avigayil, die dogter van Eli'av, die seun van Yishai,
19 She bore sons to him: Jeush, Shemariah, and Zaham.
19 wat vir hom geboorte gegee het aan seuns: Ye'ush, Sh'maryah en Zaham.
20 After her, he married Maacah daughter of Absalom. She bore Abijah, Attai, Ziza, and Shelomith to him.
20 Ná haar het hy vir Ma'akhah, die dogter van Avshalom, gevat, wat vir hom geboorte gegee het aan Aviyah, `Atai, Ziza en Shlomit.
21 Rehoboam loved Maacah daughter of Absalom more than all his wives and concubines. He acquired 18 wives and 60 concubines and was the father of 28 sons and 60 daughters.
21 Regav'am het vir Ma'akhah, die dogter van Avshalom, meer liefgehad as al sy vroue en sy byvroue, want hy het agttien vroue en sestig byvroue gevat en hy het agt en twintig seuns en sestig dogters gehad.
22 Rehoboam appointed Abijah son of Maacah as chief, leader among his brothers, intending to make him king.
22 Regav'am het Aviyah, die seun van Ma'akhah, kroonprins gemaak, om te heers tussen sy broers, want hy het beplan om hom koning te maak.
23 Rehoboam also showed discernment by dispersing some of his sons to all the regions of Judah and Benjamin and to all the fortified cities. He gave them plenty of provisions and sought many wives for them.
23 Hy het verstandig opgetree en al sy seuns versprei in al die streke van Y'hudah en Binyamin, in al die versterkte stede en aan hulle kos in oorvloed gegee. Hy het baie vrouens begeer.

2 Chronicles 12

1 When Rehoboam had established his sovereignty and royal power, he

abandoned the law of the LORD — he and all Israel with him.
1 Dit het gebeur toe Regav'am die koningskap gevestig en homself versterk het dat hy die wet van יהוה
verlaat het en die hele Yisra'el saam met hom.
2 Because they were unfaithful to the LORD, in the fifth year of King Rehoboam, Shishak king of Egypt went to war against Jerusalem
2 Dit het gebeur in die vyfde jaar van koning Regav'am dat Shishak, koning van Mitzrayim, teen Yerushalayim opgetrek het omdat hulle oortree het teen יהוה,
3 with 1,200 chariots, 60,000 cavalrymen, and countless people who came with him from Egypt — Libyans, Sukkiim, and Cushites.
3 met een duisend tweehonderd strydwaens en sestig duisend perderuiters en die manskappe wat saam met hom uit Mitzrayim gekom het, was ontelbaar: Luvimiete, Sukki'iete en Kushiete.
4 He captured the fortified cities of Judah and came as far as Jerusalem.
4 Hy het die versterkte stede van Y'hudah ingeneem en tot by Yerushalayim gekom.
5 Then Shemaiah the prophet went to Rehoboam and the leaders of Judah who were gathered at Jerusalem because of Shishak. He said to them: "This is what the LORD says: 'You have abandoned Me; therefore, I have abandoned you into the hand of Shishak.' "
5 Toe kom Sh'ma'yah, die profeet, na Regav'am en die prinse van Y'hudah wat as gevolg van Shishak in Yerushalayim bymekaargekom het en sê vir hulle: "So sê יהוה: 'Julle het My verlaat, Ek het julle daarom oorgegee in die hand van Shishak.'"
6 So the leaders of Israel and the king humbled themselves and said, "Yahweh is righteous."
6 Hierop het die prinse van Yisra'el en die koning hulleself verneder en gesê: "יהוה is regverdig."
7 When the LORD saw that they had humbled themselves, the LORD's message came to Shemaiah: "They have humbled themselves; I will not destroy them but will grant them a little deliverance. My wrath will not be poured out on Jerusalem through Shishak.
7 Toe יהוה sien dat hulle hul verneder, kom die woord van יהוה tot Sh'ma'yah en sê: "Hulle het hulself verneder, Ek sal hulle daarom nie vernietig nie, maar vir hulle 'n bevryding voorsien en My woede sal nie deur middel van Shishak oor Yerushalayim uitgestort word nie.
8 However, they will become his servants so that they may recognize the difference between serving Me and serving the kingdoms of other lands."
8 Nogtans sal hulle sy diensknegte word sodat hulle My diens en die diens van die koninkryke van die
lande kan leer ken!"

9 So King Shishak of Egypt went to war against Jerusalem. He seized the treasuries of the LORD's temple and the treasuries of the royal palace. He took everything. He took the gold shields that Solomon had made.
9 Shishak, koning van Mitzrayim, het teen Yerushalayim opgetrek en die skatte van die huis van הוהי en die skatte van die huis van die koning weggevat; hy het alles weggevat; hy het ook die skilde van goud, wat Shlomo gemaak het, weggevat.
10 King Rehoboam made bronze shields in their place and committed them into the care of the captains of the royal escorts who guarded the entrance to the king's palace.
10 In die plek hiervan het koning Regav'am koper skilde gemaak en dit aan die bevelvoerder van die wag toevertrou wat die ingang van die koning se huis bewaak.
11 Whenever the king entered the LORD's temple, the royal escorts would carry the shields and take them back to the royal escorts' armory.
11 Wanneer die koning in die huis van הוהי ingaan, het die wag gekom en dit kom haal en dan weer teruggevat na die wagkamer.
12 When Rehoboam humbled himself, the LORD's anger turned away from him, and He did not destroy him completely. Besides that, conditions were good in Judah.
12 Toe hy homself verneder het, het הוהי se woede van hom af weggedraai sodat Hy hom nie geheel en al vernietig het nie en ook in Y'hudah het dit goed gegaan.
13 King Rehoboam established his royal power in Jerusalem. Rehoboam was 41 years old when he became king and reigned 17 years in Jerusalem, the city the LORD had chosen from all the tribes of Israel to put His name. Rehoboam's mother's name was Naamah the Ammonite.
13 Koning Regav'am het homself in Yerushalayim versterk en regeer, want Regav'am was een en veertig jaar oud toe hy begin heers het en hy het sewentien jaar lank regeer in Yerushalayim, die stad wat הוהי
uit al die stamme van Yisra'el verkies het om Sy Naam (Karakter en Outoriteit) daar te vestig en die naam van sy moeder was Na'amah, die `Ammoniet.
14 Rehoboam did what was evil, because he did not determine in his heart to seek the LORD.
14 Hy was boos voor הוהי, want hy het nie sy verstand, wil en emosie voorberei om הוהי te dien en met sy hele wese te soek nie.
15 The events of Rehoboam's reign, from beginning to end, are written in the Events of Shemaiah the Prophet and of Iddo the Seer concerning genealogies. There was war between Rehoboam and Jeroboam throughout their reigns.
15 Hierdie is die die vroeëre en die latere geskiedenis van Regav'am, wat boos gedoen het voor הוהי, God van Yisra'el en daar was gedurigdeur oorloë

tussen Regav’am, die seun van Shlomo en Yarov’am, seun van N’vat.
16 Rehoboam rested with his fathers and was buried in the city of David. His son Abijah became king in his place.
16 Regav’am is neergelê by sy vaders en is begrawe in die stad van Dawid en sy seun Aviyah het in sy plek geheers.

2 Chronicles 13

1 In the eighteenth year of Israel’s King Jeroboam, Abijah became king over Judah
1 In die agttiende jaar van koning Yarov’am, die seun van N’vat, het Aviyah begin heers oor die stam van Y’hudah.
2 and reigned three years in Jerusalem. His mother’s name was Micaiah daughter of Uriel; she was from Gibeah. There was war between Abijah and Jeroboam.
2 Hy het drie jaar lank in Yerushalayim regeer. Die naam van sy moeder was Ma’akhah, die dogter van Uri’el uit Giv’ah.
3 Abijah set his army of warriors in order with 400,000 choice men. Jeroboam arranged his mighty army of 800,000 choice men in battle formation against him.
3 Aviyah het ’n leër van dapper krygsmanne gemobiliseer, vier honderd duisend jong manskappe, wat op hulleself geneem het om teen Yarov’am, die seun van N’vat te gaan veg. Yarov’am het ook ’n leër gemobiliseer en het gekom om teen hom te veg met agt honderd duisend jong manskappe, magtige helde.
4 Then Abijah stood on Mount Zemaraim, which is in the hill country of Ephraim, and said, “Jeroboam and all Israel, hear me.
4 Aviyah het bo-op die berg Z’maraim gaan staan, wat aan die kant is van die Efrayimgebergte en gesê: “Luister na my, Yarov’am, seun van N’vat en die hele Yisra’el!
5 Don’t you know that the LORD God of Israel gave the kingship over Israel to David and his descendants forever by a covenant of salt?
5 Miskien weet julle dat יהוה, die God van Yisra’el, die koninkryk oor Yisra’el aan Dawid gegee het vir ewig, aan hom en aan sy seuns, deur ’n verbond aangaande die koningskap,
6 But Jeroboam son of Nebat, a servant of Solomon son of David, rose up and rebelled against his lord.
6 nogtans het Yarov’am, die seun van N’vat, die dienskneg van Shlomo, seun van Dawid, opgestaan en teen sy meester gerebelleer
7 Then worthless and wicked men gathered around him to resist Rehoboam son of Solomon when Rehoboam was young, inexperienced, and unable to assert himself against them.
7 en sekere bose manne by hom bymekaar gemaak en hulle sterk gemaak teen Regav’am, seun van Shlomo toe Regav’am jonk en onervare was en nie

geweet het wat om te sê nie en nie die mense vertroos het aangaande die swaar las wat sy vader, Shlomo, op hulle gelê het nie.
8 “And now you are saying you can assert yourselves against the LORD’s kingdom, which is in the hand of one of David’s sons. You are a vast number and have with you the golden calves that Jeroboam made for you as gods.
8 Selfs nou, wat kan julle sê? Julle het weggegaan en die koninkryk van die huis van Dawid verwerp en
dooie gode gaan aanbid. Ek heers oor ’n enkele stam, maar julle oor baie stamme en daar is goue kalwers by julle wat Yarov’am, seun van N’vat, vir julle gemaak het.
9 Didn’t you banish the priests of Yahweh, the descendants of Aaron and the Levites, and make your own priests like the peoples of other lands do? Whoever comes to ordain himself with a young bull and seven rams may become a priest of what are not gods.
9 Julle het die priesters, die seuns van Aharon en die Leviete uitgegooi en vir julleself priesters gemaak uit die volke van die lande. Wie ook al kom om ’n offer te bring, van hom vat julle ’n jong bul en sewe ramme en hy word ’n priester van wat nie gode is nie,
10 “But as for us, Yahweh is our God. We have not abandoned Him; the priests ministering to the LORD are descendants of Aaron, and the Levites serve at their tasks.
10 maar ons, ons het יהוה, ons God, nie verlaat nie en die priesters wat tot יהוה dien is seuns van Aharon en die Leviete dien soos hulle moet.
11 They offer a burnt offering and fragrant incense to the LORD every morning and every evening, and they set the rows of the bread of the Presence on the ceremonially clean table. They light the lamps of the gold lampstand every evening. We are carrying out the requirements of Yahweh our God, while you have abandoned Him.
11 Hulle offer brandoffers tot יהוה elke oggend en elke aand, asook soet wierook en stel die brode van die Teenwoordigheid op op die rein tafel. Die goue kandelaar met sy lampe word elke aand opgesteek deur ’n jongman wat beheer het daaroor. So hou ons wag oor die instellings van יהוה, ons God.
12 Look, God and His priests are with us at our head. The trumpets are ready to sound the charge against you. Israelites, don’t fight against the LORD God of your ancestors, for you will not succeed.”
12 Julle het Hom verlaat en agter dooie gode aangegaan en dien hulle en aanbid hulle en het יהוה, die God van julle vaders, verlaat; daarom sal julle nie voorspoedig wees in hierdie wêreld nie.”
13 Now Jeroboam had sent an ambush around to advance from behind them. So they were in front of Judah, and the ambush was behind them.
13 Yarov’am het egter ’n hinderlaag agter hulle laat omgaan sodat hulle voor Y’hudah was en die hinderlaag agter hulle.
14 Judah turned and discovered that the battle was in front of them and

behind them, so they cried out to the LORD. Then the priests blew the trumpets,
14 Toe Y'hudah agtertoe kyk, let op, was die geveg meteens voor en agter hulle en hulle het na יהוה
uitgeroep en die priesters het op die trompette geblaas.
15 and the men of Judah raised the battle cry. When the men of Judah raised the battle cry, God routed
Jeroboam and all Israel before Abijah and Judah.
15 Dit het gebeur toe die manne van Y'hudah skreeu, het יהוה vir Yarov'am, seun van N'vat en die hele Yisra'el voor Aviyah en Y'hudah verslaan.
16 So the Israelites fled before Judah, and God handed them over to them.
16 Die seuns van Yisra'el het gevlug voor Y'hudah.
17 Then Abijah and his people struck them with a mighty blow, and 500,000 choice men of Israel were killed.
17 Aviyah het hulle met 'n groot slag doodgemaak sodat van Yisra'el vyf honderd duisend jongmanne gesneuwel gelê het,
18 The Israelites were subdued at that time. The Judahites succeeded because they depended on the LORD, the God of their ancestors.
18 dus is die seuns van Yisra'el in dié tyd verslaan en die seuns van Y'hudah het oorwin omdat hulle gesê het: "Ons vertrou op יהוה, die God van ons vaders."
19 Abijah pursued Jeroboam and captured some cities from him: Bethel and its villages, Jeshanah and its villages, and Ephron and its villages.
19 Aviyah het Yarov'am agternagesit en groot stede van hom afgeneem: Beit-El met sy weivelde, Y'shanah met sy weivelde en `Efrayim met sy weivelde.
20 Jeroboam no longer retained his power during Abijah's reign; ultimately, the LORD struck him and he died.
20 Yarov'am het ook nie weer sterk geword in die dae van Aviyah nie en יהוה het hom geslaan en hy het gesterf.
21 However, Abijah grew strong, acquired 14 wives, and fathered 22 sons and 16 daughters.
21 Aviyah het sterk geword en hy het veertien vroue getrou en daar is twee en twintig seuns en sestien dogters vir hom gebore.
22 The rest of the events of Abijah's reign, along with his ways and his sayings, are written in the Writing of the Prophet Iddo.
22 Die res van die dade en lewe van Aviyah, let op, is opgeskryf in die gedigte van die profeet `Iddo.

2 Chronicles 14

1 Abijah rested with his fathers and was buried in the city of David. His son Asa became king in his place. During his reign the land experienced peace for

10 years.
1 Aviyah is neergelê by sy vaders en hulle het hom begrawe in die stad van Dawid en sy seun Asa het in sy plek geheers. In sy dae was die land stil vir tien jaar lank.
2 Asa did what was good and right in the sight of the LORD his God.
2 Asa het gedoen wat goed en reg was in die Teenwoordigheid van יהוה, sy God,
3 He removed the pagan altars and the high places. He shattered their sacred pillars and chopped down their Asherah poles.
3 want hy het die altare van die vreemde gode en die hoogtes verwyder en die beelde stukkend gebreek en die pilare afgekap
4 He told the people of Judah to seek the LORD God of their ancestors and to carry out the instruction and the commands.
4 en vir Y'hudah gesê: "Kom, laat ons bid tot יהוה, die God van ons vaders."
5 He also removed the high places and the incense altars from all the cities of Judah, and the kingdom experienced peace under him.
5 Hy het ook in al die stede van Y'hudah die plekke van aanbidding op die hoë plekke en die afgodsbeelde ontwortel en die koninkryk het gerus onder hom en hy het geen vyande op al sy grense gehad nie.
6 Because the land experienced peace, Asa built fortified cities in Judah. No one made war with him in those days because the LORD gave him rest.
6 Hy het versterkte stede in Y'hudah gebou, want die land het gerus en daar was niemand wat oorlog teen hom gevoer het in daardie jare nie omdat יהוה hom rus gegee het.
7 So he said to the people of Judah, "Let's build these cities and surround them with walls and towers, with doors and bars. The land is still ours because we sought the LORD our God. We sought Him and He gave us rest on every side." So they built and succeeded.
7 Hy het daarom aan Y'hudah gesê: "Kom, laat ons hierdie stede bou en hulle met mure, torings, poorte en grendels omring terwyl die land nog stil is van oorlog, want ons het יהוה, ons God, gesoek en Hy vir ons en Hy het aan ons rus gegee van almal rondom ons, ons vertroos en bevry.
8 Asa had an army of 300,000 from Judah bearing large shields and spears, and 280,000 from Benjamin bearing regular shields and drawing the bow. All these were brave warriors.
8 Asa het 'n leër gehad van magtige dapper manne wat skild en spies dra: uit Y'hudah, drie honderd duisend man en uit Binyamin, wat die borsplaat dra en die boog span, twee honderd en tagtig duisend.
9 Then Zerah the Cushite came against them with an army of one million men and 300 chariots. They came as far as Mareshah.
9 Zerag, die Kushiet, het teen hulle uitgetrek met 'n groot leër van 'n miljoen manne en dertig duisend strydwaens en na Mareshah gekom.
10 So Asa marched out against him and lined up in battle formation in the

Valley of Zephathah at Mareshah.
10 Asa het uitgegaan teen hom en hy het teen hom baklei in die vallei van Mareshah.
11 Then Asa cried out to the LORD his God: “LORD, there is no one besides You to help the mighty and those without strength. Help us, LORD our God, for we depend on You, and in Your name we have come against this large army. Yahweh, You are our God. Do not let a mere mortal hinder You.”
11 Asa het tot יהוה, sy God, gebid en gesê: “U is ons Meester, יהוה, die Hulp van U volk en as U ’n groot leërmag oorgee in die hand van ’n klein mag, sal die hele wêreld weet dat dit goed is om op U te vertrou. Help ons, יהוה, ons God, want ons het in U Naam (Karakter en Outoriteit) teen hierdie groot leërmag gekom. יהוה, ons God, vertraag nie U mag aan ons nie.”
12 So the LORD routed the Cushites before Asa and before Judah, and the Cushites fled.
12 Toe Asa klaar gebid het, het die engel van יהוה die Kushiete voor Asa en Y’hudah vernietig en die Kushiete het gevlug.
7 They gave money to the stonecutters and artisans, and gave food, drink, and oil to the people of Sidon and Tyre, so they could bring cedar wood from Lebanon to Joppa by sea, according to the authorization given them by King Cyrus of Persia.
7 Hulle het geld gegee aan die klipkappers en die skrynwerkers en aan die manne van Tzidon en Tzor het hulle kos, drank en olie gegee om sederhout per see vanaf die L'vanon te bring, na Yafo, volgens die toegewing van Koresh, koning van Perse, aan hulle.
8 In the second month of the second year after they arrived at God's house in Jerusalem, Zerubbabel son of Shealtiel, Jeshua son of Jozadak, and the rest of their brothers, including the priests, the Levites, and all who had returned to Jerusalem from the captivity, began to build. They appointed the Levites who were 20 years old or more to supervise the work on the LORD's house.
8 In die tweede jaar van hulle aankoms by die huis van God in Yerushalayim, in die tweede maand, het Z'rubavel, die seun van Sh'alti'el en Yeshua, die seun van Yotzadak, die res van hulle broers, die priesters en die Leviete en almal wat uit die gevangeskap na Yerushalayim gekom het, begin om die Leviete van twintig jaar oud en ouer aan te stel om toesig te hou oor die werk aan die huis van יהוה in die dag.
9 Jeshua with his sons and brothers, Kadmiel with his sons, and the sons of Judah and of Henadad, with their sons and brothers, the Levites, joined together to supervise those working on the house of God.

9 Toe het Yeshua, met sy seuns en sy broers, Kadmi'el met sy seuns en die seuns van Y'hudah, saam opgestaan soos een man, om die werk aan die huis van יהוה te doen; asook die seuns van Henadad, hulle seuns en hulle broers, die Leviete.
10 When the builders had laid the foundation of the LORD's temple, the priests, dressed in their robes and holding trumpets, and the Levites descended from Asaph, holding cymbals, took their positions to praise the LORD, as King David of Israel had instructed.
10 Toe die bouers die fondamente van die gebou van die Tempel van יהוה gelê het, het die priesters in hulle ampsdrag, met ramshorings en die Leviete, die seuns van Asaf, met groot ramshorings opgestel om
יהוה helder en duidelik te prys volgens die instelling van Dawid, koning van Yisra'el.
11 They sang with praise and thanksgiving to the LORD: "For He is good; His faithful love to Israel endures forever." Then all the people gave a great shout of praise to the LORD because the foundation of the LORD's house had been laid.
11 Hulle het in eenheid saam gesing met lofprysing en danksegging aan יהוה, want Hy is goed, want Sy omgee teenoor Yisra'el duur vir ewig! Die hele volk het uitgeroep met 'n harde geskreeu toe hulle יהוה geloof het omdat die fondament van die huis van יהוה gelê is,
12 But many of the older priests, Levites, and family leaders, who had seen the first temple, wept loudly when they saw the foundation of this house, but many others shouted joyfully.
12 maar baie van die priesters, die Leviete en die hoofde van die vaders, van die oues wat die eerste tempel in sy lof gesien het, het hardop gehuil toe die fondament van hierdie huis voor hulle oë gelê is terwyl baie hulle stemme verhef het met ramshorings en vreugde
13 The people could not distinguish the sound of the joyful shouting from that of the weeping, because the people were shouting so loudly. And the sound was heard far away.
13 sodat die volk nie die geluid van ramshorings kon onderskei van die gehuil van die mense nie, want die volk het ramshorings geblaas met 'n harde geblaas en die gehuil is ver gehoor.

Ezra 4

1 When the enemies of Judah and Benjamin heard that the returned exiles were building a temple for Yahweh, the God of Israel,
1 Toe die teëstanders van Y'hudah en Binyamin hoor dat die ballinge 'n tempel bou vir יהוה, die God van Yisra'el,
2 they approached Zerubbabel and the leaders of the families and said to

them, “Let us build with you, for we also worship your God and have been sacrificing to Him since the time King Esar-haddon of Assyria brought us here.”
2 het hulle na Z’rubavel en die hoofde van die vaders gekom en vir hulle gesê: “Laat ons ook saam met julle bou, want ons soek julle God net soos julle en ons het aan Hom geoffer vanaf die dae van Esar- Haddon, koning van Ashur, wat ons hierheen gebring het.”
3 But Zerubbabel, Jeshua, and the other leaders of Israel’s families answered them, “You may have no part with us in building a house for our God, since we alone must build it for Yahweh, the God of Israel, as King Cyrus, the king of Persia has commanded us.”
3 Z’rubavel, Yeshua en die ander hoofde van die vaders van Yisra’el het egter vir hulle gesê: “Julle het niks met ons te doen om vir ons God ’n huis te bou nie, want ons saam sal self vir יהוה, die God van Yisra’el ’n huis bou soos wat Koresh, koning van Perse, ons beveel het.”
4 Then the people who were already in the land discouraged the people of Judah and made them afraid to build.
4 Toe het die ander nasies van die land die hande van die volk van Y’hudah verswak en hulle vreesbevange gemaak dat hulle nie kon bou nie
5 They also bribed officials to act against them to frustrate their plans throughout the reign of King Cyrus of Persia and until the reign of King Darius of Persia.
5 en raadgewers teen hulle gehuur om hulle doel te frustreer al die dae van Koresh, koning van Perse, selfs tot by die regering van Daryavesh, koning van Perse.
6 At the beginning of the reign of Ahasuerus, the people who were already in the land wrote an accusation against the residents of Judah and Jerusalem.
6 Aan die begin van die regering van Agashverosh, het hulle ’n aanklag geskryf teen die inwoners van Y’hudah en Yerushalayim
7 During the time of King Artaxerxes of Persia, Bishlam, Mithredath, Tabeel and the rest of his colleagues wrote to King Artaxerxes. The letter was written in Aramaic and translated.
7 en in die dae van Artag’shashtra het Bishlam, Mitr’dat, Tav’el en hulle bondgenote, aan Artag’shashtra, koning van Perse geskryf. Die brief is in Aramese skrif geskryf en in die Aramese taal vertaal.
8 Rehum the chief deputy and Shimshai the scribe wrote a letter to King Artaxerxes concerning Jerusalem as follows:
8 Regum, die kanselier en Shimshai, die skrywer, het ’n brief geskryf teen Yerushalayim aan Artag’shashtra, die koning, volgens die gewoonte.
9 From Rehum the chief deputy, Shimshai the scribe, and the rest of their colleagues — the judges and magistrates from Tripolis, Persia, Erech, Babylon, Susa (that is, the people of Elam),
9 Toe skryf Regum, die kanselier en Shimshai, die skrywer en hulle bondgenote, die Dinaïete, die Afarsat’khiete, die Tarp’liete, die Afarsiete, die

Ark'wiete, die Baveloniërs, die Shushan'khiete, die Dehayiete, die `Eilamiete
10 and the rest of the peoples whom the great and illustrious Ashurbanipal deported and settled in the cities of Samaria and the region west of the Euphrates River.
10 en die ander nasies wat die groot en beroemde Osnappar weggevoer en in die stede van Shomron gevestig het en die ander wat aan hierdie kant van die Eufraat is, in daardie tyd.
11 This is the text of the letter they sent to him: To King Artaxerxes from your servants, the men from the region west of the Euphrates River:
11 Hierdie is 'n afskrif van die brief wat hulle aan hom gestuur het, aan koning Artag'shashtra: "U dienskneгte, die manne wes van die Eufraat, as volg:
12 Let it be known to the king that the Jews who came from you have returned to us at Jerusalem. They are rebuilding that rebellious and evil city, finishing its walls, and repairing its foundations.
12 laat dit aan die koning bekend wees dat die Y'hudahiete wat van u af na ons opgetrek het, in Yerushalayim aangekom het en dat hulle die rebelse en bose stad bou. Die mure is voltooi en die fondasies gegrawe.
13 Let it now be known to the king that if that city is rebuilt and its walls are finished, they will not pay tribute, duty, or land tax, and the royal revenue will suffer.
13 Laat dit nou aan die koning bekend wees dat, as hierdie stad gebou en die mure voltooi is, u geen belasting, opbrengs of tol sal ontvang nie en u die inkomste van die konings in gevaar sal stel.
14 Since we have taken an oath of loyalty to the king, and it is not right for us to witness his dishonor, we have sent to inform the king
14 Aangesien ons nou die sout van die paleis geëet het en dit ons nie pas om die oneer van die koning te aanskou nie, stuur ons en laat die koning weet
15 that a search should be made in your fathers' record books. In these record books you will discover and verify that the city is a rebellious city, harmful to kings and provinces. There have been revolts in it since ancient times. That is why this city was destroyed.
15 dat die boek van die kronieke van u vaders gelees mag word en u sal vind in die boek van kronieke dat dié stad 'n rebelse stad is en skadelik vir konings en provinsies en dat van ouds af daarin groot stryd plaasgevind het; daarom is dié stad verwoes.
16 We advise the king that if this city is rebuilt and its walls are finished, you will not have any possession west of the Euphrates.
16 Ons maak dit aan die koning bekend dat, as dié stad gebou en die mure voltooi word, u daardeur geen outoriteit sal hê wes van die Eufraat nie."
17 The king sent a reply to his chief deputy Rehum, Shimshai the scribe, and the rest of their colleagues living in Samaria and elsewhere in the region west of the Euphrates River: Greetings.
17 Toe het die koning 'n antwoord gestuur: "Aan Regum, die kanselier en Shimshai, die skrywer en hulle bondgenote wat in Shomron en in die ander

gebied wes van die Eufraat bly: vrede, vreugde, vergenoegdheid, gesondheid en voorspoed.
18 The letter you sent us has been translated and read in my presence.
18 Toe die brief wat julle aan ons gestuur het, aangekom het, is dit duidelik voor my gelees.
19 I issued a decree and a search was conducted. It was discovered that this city has had uprisings against kings since ancient times, and there have been rebellions and revolts in it.
19 Ek het beveel en hulle het gesoek en gevind dat dié stad van ouds af hom teen konings verset en dat rebellie en oproer daarin verwek is.
20 Powerful kings have also ruled over Jerusalem and exercised authority over the whole region, and tribute, duty, and land tax were paid to them.
20 Daar was ook magtige konings oor Yerushalayim wat geheers het oor al die lande wes van die Eufraat en hulle het niks vir die antieke konings omgegee nie;
21 Therefore, issue an order for these men to stop, so that this city will not be rebuilt until a further decree has been pronounced by me.
21 daarom, maak nou ’n verordening wat die manne laat ophou sodat hierdie stad nie gebou mag word totdat ek ’n bevel gegee het nie.
22 See that you not neglect this matter. Otherwise, the damage will increase and the royal interests will suffer.
22 Gee aandag dat jy nie faal om dit te doen nie sodat die skade nie groter sal word tot skade van die konings nie.”
23 As soon as the text of King Artaxerxes’ letter was read to Rehum, Shimshai the scribe, and their colleagues, they immediately went to the Jews in Jerusalem and forcibly stopped them.
23 Toe die afskrif van die brief vanaf Artag’shashtra, die koning, aan Regum, die kanselier, Shimshai, die skrywer en hulle bondgenote voorgelees is, het hulle haastig na Yerushalayim, teen die Y’hudahiete opgegaan en hulle met ’n sterk weermag laat ophou bou.
24 Now the construction of God’s house in Jerusalem had stopped and remained at a standstill until the second year of the reign of King Darius of Persia.
24 Toe het die werk aan die huis van God, wat in Yerushalayim is, opgehou en dit is gestaak tot in die tweede jaar van die regering van Daryavesh, koning van Perse.

Ezra 5

1 But when the prophets Haggai and Zechariah son of Iddo prophesied to the Jews who were in Judah and Jerusalem, in the name of the God of Israel who was over them,
1 Toe het die profete, Haggai en Z’kharyah, die seun van `Iddo, vir die Y’hudahiete, wat in Y’hudah en Yerushalayim was, aangaande hulle

geprofeteer in die Karakter en Outoriteit (Naam) van die God van Yisra'el.
2 Zerubbabel son of Shealtiel and Jeshua son of Jozadak began to rebuild God's house in Jerusalem. The prophets of God were with them, helping them.
2 Toe het Z'rubavel, die seun van Sh'alti'el en Y'hoshua, die seun van Yotzadak, opgestaan en begin om die huis van God, wat in Yerushalayim is, te bou en saam met hulle was die profete van God wat hulle gehelp het.
3 At that time Tattenai the governor of the region west of the Euphrates River, Shethar-bozenai, and their colleagues came to the Jews and asked, "Who gave you the order to rebuild this temple and finish this structure? "
3 In daardie tyd het Tattenai, die kanselier wes van die Eufraat en Sh'tar-Boznai en hulle bondgenote na hulle gekom en só vir hulle en die res van die mense gesê: "Wie het aan julle die bevel gegee om hierdie huis te bou en hierdie muur op te rig?"
4 They also asked them, "What are the names of the workers who are constructing this building? "
4 Toe het hulle met hul gepraat volgens die wet en gesê: "Wat is die name van die manne wat hierdie bouwerk doen?"
5 But God was watching over the Jewish elders. These men wouldn't stop them until a report was sent to Darius, so that they could receive written instructions about this matter.
5 Die oog van hulle God was egter op die bannelinge van Yisra'el en hulle het nie opgehou totdat die saak na Daryavesh gebring is nie en toe het hulle 'n antwoord teruggestuur aangaande die saak.
6 This is the text of the letter that Tattenai the governor of the region west of the Euphrates River, Shethar-bozenai, and their colleagues, the officials in the region, sent to King Darius.
6 Die afskrif van die brief wat Tattenai, die kanselier wes van die Eufraat en Sh'tar-Boznai en hul bondgenote, wat wes van die Eufraat was, aan koning Daryavesh gestuur het;
7 They sent him a report, written as follows: To King Darius: All greetings.
7 hulle het aan hom 'n brief gestuur waarin so geskryf is: "Aan Daryavesh, die koning, alle vrede, voorspoed, vergenoegdheid, gesondheid en vreugde!
8 Let it be known to the king that we went to the house of the great God in the province of Judah. It is being built with cut stones, and its beams are being set in the walls. This work is being done diligently and succeeding through the people's efforts.
8 Laat dit aan die koning bekend wees dat ons na die provinsie Y'hudah, na die stad van die groot God, gegaan het wat met groot klippe gebou word en baie hout word in die mure gelê; 'n groot werk word daar gedoen en die groot werk is voorspoedig in hulle hande.
9 So we questioned the elders and asked, "Who gave you the order to rebuild this temple and finish this structure? "
9 Toe het ons daardie oudstes gevra en só vir hulle gesê: 'Wie het aan julle

die bevel gegee om hierdie huis te bou en hierdie muur op te rig?’
10 We also asked them for their names, so that we could write down the names of their leaders for your information.
10 Ons het ook vir hulle hul name gevra dat ons u kan inlig en dat ons die name van die manne wat hul leiers is, kan skryf.
11 This is the reply they gave us: We are the servants of the God of heaven and earth and are rebuilding the temple that was built many years ago, which a great king of Israel built and finished.
11 Dit is die antwoord wat hulle ons gegee het: ‘Ons is diensknegte van die God van die hemel en aarde en hierdie huis wat ons bou is baie jare gelede gebou en is voltooi deur ’n koning van Yisra’el en sy prinse,
12 But since our fathers angered the God of heaven, He handed them over to King Nebuchadnezzar of Babylon, the Chaldean, who destroyed this temple and deported the people to Babylon.
12 maar omdat ons vaders die God van die hemel getart het tot woede, het Hy hulle oorgegee in die hand van N’vukadnetzar, koning van die Kasdeërs, wat hierdie huis vernietig en die volk na Bavel weggevoer het.
13 However, in the first year of Cyrus king of Babylon, he issued a decree to rebuild the house of God.
13 In die eerste jaar van Koresh, koning van Perse, het Koresh egter ’n bevel gegee dat hierdie huis van God herbou moet word.
14 He also took from the temple in Babylon the gold and silver articles of God’s house that Nebuchadnezzar had taken from the temple in Jerusalem and carried them to the temple in Babylon. He released them from the temple in Babylon to a man named Sheshbazzar, the governor by the appointment of King Cyrus.
14 Ook die goue en silwer voorwerpe van die huis van God wat N’vukadnetzsar uit die tempel in Yerushalayim weggevat en in die tempel van Bavel gesit het, daardie voorwerpe het Koresh, die koning uit die tempel van Bavel gevat en dit oorhandig aan een met die naam van Sheshbatzar, wat hy goewerneur gemaak het
15 Cyrus told him, “Take these articles, put them in the temple in Jerusalem, and let the house of God be
rebuilt on its original site.”
15 en hy het vir hom gesê: ‘Vat hierdie voorwerpe, gaan sit dit in die tempel in Yerushalayim en laat die tempel van God herbou word op sy plek.
16 Then this same Sheshbazzar came and laid the foundation of God’s house in Jerusalem. It has been under construction from that time until now, yet it has not been completed.
16 Toe het dieselfde Sheshbatzar gekom en die fondasies van die huis van God in Yerushalayim gelê en van toe af tot nou toe word daar gebou en nog is dit nie voltooi nie;’
17 So if it pleases the king, let a search of the royal archives in Babylon be conducted to see if it is true that a decree was issued by King Cyrus to rebuild

the house of God in Jerusalem. Let the king's decision regarding this matter be sent to us.
17 daarom, as dit vir die koning goed is, laat daar gesoek word in die skathuis van die koning, daar in Bavel, of dit so is dat daar 'n bevel deur koning Koresh uitgevaardig is om hierdie huis van God in Yerushalayim te bou en mag die koning sy wil aangaande hierdie saak aan ons stuur."

Ezra 6

1 King Darius gave the order, and they searched in the library of Babylon in the archives.
1 Toe het Daryavesh, die koning, 'n bevel uitgevaardig en hulle het gesoek in die boekrolle wat in die huis van skatte, in Bavel, was.
2 But it was in the fortress of Ecbatana in the province of Media that a scroll was found with this record written on it:
2 In die stad van Agm'ta, wat in die provinsie Médië lê, is 'n boekrol gevind en só was daarin geskrywe:
3 In the first year of King Cyrus, he issued a decree concerning the house of God in Jerusalem: Let the house be rebuilt as a place for offering sacrifices, and let its original foundations be retained. Its height is to be 90 feet and its width 90 feet,
3 in die eerste jaar van Koresh, die koning, het Koresh die koning 'n verordening uitgevaardig en beveel dat die huis van God, wat in Yerushalayim is, herbou moet word op die plek waar hulle offers bring en sy fondasies gegooi word; sy hoogte moet sestig el en sy breedte twintig el wees;
4 with three layers of cut stones and one of timber. The cost is to be paid from the royal treasury.
4 met drie lae groot klippe en deure van nuwe hout en laat die onkoste uit die huis van die koning betaal word.
5 The gold and silver articles of God's house that Nebuchadnezzar took from the temple in Jerusalem and carried to Babylon must also be returned. They are to be brought to the temple in Jerusalem where they belong and put into the house of God.
5 Laat ook die goue en silwer voorwerpe van die huis van God, wat N'vukadnetzar uit die tempel in Yerushalayim weggevat en na Bavel gebring het, teruggegee word en weer na die tempel, wat in Yerushalayim is, gebring word, elkeen na sy plek en jy moet hulle in die huis van God sit;
6 Therefore, you must stay away from that place, Tattenai governor of the region west of the Euphrates River, Shethar-bozenai, and your colleagues, the officials in the region.
6 daarom nou, laat Tattenai, kanselier wes van die Eufraat, Sh'tar-Boznai met hulle bondgenote, die kanseliers wes van die Eufraat, daar wegbly.
7 Leave the construction of the house of God alone. Let the governor and elders of the Jews rebuild this house of God on its original site.

7 Laat die werk aan die huis van God alleen; laat die Y'hudahiete en die bannelinge van Y'hudah die huis van God op sy plek bou.
8 I hereby issue a decree concerning what you must do, so that the elders of the Jews can rebuild the house of God: The cost is to be paid in full to these men out of the royal revenues from the taxes of the region west of the Euphrates River, so that the work will not stop.
8 Meer nog, die bevel is deur my uitgevaardig, waarom argumenteer julle dan met die Y'hudahiete van
die gevangeskap en verhinder julle hul om die huis van God te bou? Vanuit dit wat die koning se rykdom is en vanuit die belasting van die westelike gebied van die Eufraat, moet die uitgawes aan daardie manne betaal word sodat hulle nie verhinder sal word om te bou nie.
9 Whatever is needed — young bulls, rams, and lambs for burnt offerings to the God of heaven, or wheat, salt, wine, and oil, as requested by the priests in Jerusalem — let it be given to them every day without fail,
9 Wat hulle ook al wil hê, gee dit vir hulle en moet in niks hulle tekort laat nie, jong bulle, sowel as ramme en lammers vir die brandoffers aan die God van die hemel; koring, sout, wyn en olie moet aan hulle volgens verordening van die priesters in Yerushalayim, sonder versuim, dag vir dag, gegee word
10 so that they can offer sacrifices of pleasing aroma to the God of heaven and pray for the life of the king and his sons.
10 dat hulle offers kan bring aan die God van die hemel en kan bid vir die koning en sy seuns.
11 I also issue a decree concerning any man who interferes with this directive: Let a beam be torn from his house and raised up; he will be impaled on it, and his house will be made into a garbage dump because of this offense.
11 Ek het ook 'n verordening gemaak dat wie ook al hierdie bevel verander; laat 'n balk uit sy huis getrek word en vir hom 'n kruis gemaak word en laat hy daarop gekruisig word en van sy huis 'n mishoop gemaak word.
12 May the God who caused His name to dwell there overthrow any king or people who dares to harm or interfere with this house of God in Jerusalem. I, Darius, have issued the decree. Let it be carried out diligently.
12 Die God, Wie se Naam (Karakter en Outoriteit) ons gevind het dat dit daar is, sal daar bly en elke koning of volk wat sy hand uitsteek om hierdie bevel te oortree, of om die huis van God, wat in Yerushalayim is, te verwoes, Ek, Daryavesh, het beveel dat hy haastig vernietig sal word.
13 Then Tattenai governor of the region west of the Euphrates River, Shethar-bozenai, and their colleagues diligently carried out what King Darius had decreed.
13 Toe het Tattenai, kanselier wes van die Eufraat en Sh'tar-Boznai met hulle bondgenote gou gehandel volgens die bevel wat Daryavesh, die koning gestuur het.
14 So the Jewish elders continued successfully with the building under the prophesying of Haggai the prophet and Zechariah son of Iddo. They finished

the building according to the command of the God of Israel and the decrees of Cyrus, Darius, and King Artaxerxes of Persia.
14 Die Y'hudahiete het die werk gedoen en hulle was voorspoedig deur die profesieë van Haggai, die profeet en Z'kharyah, die seun van `Iddo en hulle het gebou en dit voltooi volgens die bevel van die God van Yisra'el en op bevel van Koresh, Daryavesh en Artag'shashta, konings van Perse.
15 This house was completed on the third day of the month of Adar in the sixth year of the reign of King Darius.
15 Hierdie huis was klaar op die derde dag van die maand Adar (12de maand), in die sesde jaar van die regering van koning Daryavesh.
16 Then the Israelites, including the priests, the Levites, and the rest of the exiles, celebrated the dedication of the house of God with joy.
16 Die seuns van Yisra'el, die priesters, die Leviete en die ander seuns van Y'hudah, het die inwyding van hierdie huis van God met vreugde gevier.
17 For the dedication of God's house they offered 100 bulls, 200 rams, and 400 lambs, as well as 12 male goats as a sin offering for all Israel — one for each Israelite tribe.
17 Hulle het by die inwyding van hierdie huis van God een honderd bulle, twee honderd ramme, vier honderd lammers en twaalf bokramme as sondoffer vir die hele Yisra'el geoffer, volgens die aantal stamme van Yisra'el.
18 They also appointed the priests by their divisions and the Levites by their groups to the service of God in Jerusalem, according to what is written in the book of Moses.
18 Hulle het die priesters in hulle afdelings aangestel en die Leviete volgens hulle afdelings, oor die diens van die huis van God, wat in Yerushalayim is, soos dit geskryf is in die die boek van die wet, van Moshe.
19 The exiles observed the Passover on the fourteenth day of the first month.
19 Die ballinge het die Pesag gehou op die veertiende dag van die eerste maand,
20 All of the priests and Levites were ceremonially clean, because they had purified themselves. They killed the Passover lamb for themselves, their priestly brothers, and all the exiles.
20 want die priesters en die Leviete het hulle soos een man gereinig, almal was rein en hulle het die lammers op die Pesagdag geslag vir al die mense van die ballingskap en vir hulle broers, die priesters en vir hulleself.
21 The Israelites who had returned from exile ate it, together with all who had separated themselves from the uncleanness of the Gentiles of the land in order to worship Yahweh, the God of Israel.
21 Die kinders van Yisra'el, wat van die ballingskap in Bavel teruggekeer het, almal wat hulleself afgesonder het van die onreinheid van die ander nasies van die land, om te bid tot יהוה, die God van Yisra'el, het geëet.
22 They observed the Festival of Unleavened Bread for seven days with joy, because the LORD had made them joyful, having changed the Assyrian king's attitude toward them, so that he supported them in the work on the house

of the God of Israel.
22 Hulle het ook die Fees van Ongesuurde Brood vir sewe dae met blydskap gehou, want יהוה het hulle vreugdevol gemaak en die verstand, wil en emosie van die koning van Ashur na hulle toe gedraai, om hul hande standvastig te versterk in die werk aan die huis van יהוה, God van Yisra'el.

Ezra 7

1 After these events, during the reign of King Artaxerxes of Persia, Ezra — Seraiah's son, Azariah's son, Hilkiah's son,
1 Ná al hierdie dinge, tydens die regering van Artag'shashta, koning van Perse, het `Ezra, 'n leier, die seun van S'rayah, die seun van `Azaryah, die seun van Hilkiyah,
2 Shallum's son, Zadok's son, Ahitub's son,
2 die seun van Shallum, die seun van Tzadok, die seun van Agituv,
3 Amariah's son, Azariah's son, Meraioth's son,
3 die seun van Amaryah, die seun van `Azaryah, die seun van M'rayot,
4 Zerahiah's son, Uzzi's son, Bukki's son,
4 die seun van Z'ragyah, die seun van `Uzi, die seun van Bukki,
5 Abishua's son, Phinehas's son, Eleazar's son, Aaron the chief priest's son
5 die seun van Avishua, die seun van Pingas, die seun van Eli'ezer, die seun van Aharon, die hoofpriester,
6 — came up from Babylon. He was a scribe skilled in the law of Moses, which Yahweh, the God of Israel, had given. The king had granted him everything he requested because the hand of Yahweh his God was on him.
6 opgegaan uit Bavel. Hy was 'n skrifgeleerde, geskool in die wet van Moshe wat יהוה, die God van Yisra'el, gegee het. Die koning het aan hom al sy versoeke toegestaan sodat hy kon lewe soos hy wou volgens die wet van יהוה, sy God.
7 Some of the Israelites, priests, Levites, singers, gatekeepers, and temple servants accompanied him to Jerusalem in the seventh year of King Artaxerxes.
7 Daar het ook sommige van die seuns van Yisra'el, van die priesters, die Leviete, die sangers, die poortwagters en die tempelknegte na Yerushalayim opgegaan in die sewende jaar van koning Artag'shashta.
8 Ezra came to Jerusalem in the fifth month, during the seventh year of the king.
8 Hulle het in Yerushalayim gekom in die vyfde maand van die sewende jaar van die koning.
9 He began the journey from Babylon on the first day of the first month and arrived in Jerusalem on the first day of the fifth month since the gracious hand of his God was on him.

9 In die eerste maand het hulle begin opgaan uit Bavel en op die eerste dag van die vyfde maand het hulle in Yerushalayim aangekom, volgens die hand van God wat goed was oor hulle,
10 Now Ezra had determined in his heart to study the law of the LORD, obey it, and teach its statutes and ordinances in Israel.
10 want `Ezra het sy verstand, wil en emosie daarop gerig om die wet van יהוה te ondersoek, dit te doen en in Yisra'el die instellings en oordele te onderrig.
11 This is the text of the letter King Artaxerxes gave to Ezra the priest and scribe, an expert in matters of the LORD's commands and statutes for Israel:
11 Hierdie is die afskrif van die brief wat koning Artag'shashta gegee het aan `Ezra, die priester en skrifgeleerde van die woorde, die opdragte en instellings van יהוה aan die hele Yisra'el:
12 Artaxerxes, king of kings, to Ezra the priest, an expert in the law of the God of heaven: Greetings.
12 "Artag'shashta, koning van die konings, aan die priester `Ezra, skrifgeleerde in die wet van die God van die hemel, alle vrede, voorspoed, vergenoegdheid, gesondheid en vreugde!
13 I issue a decree that any of the Israelites in my kingdom, including their priests and Levites, who want to go to Jerusalem, may go with you.
13 Ek het 'n bevel uitgevaardig en 'n reëling gemaak dat enige een van die volk van Yisra'el, sy priesters en Leviete, in my koninkryk, wat begeer om saam met jou op te gaan na Yerushalayim, mag gaan.
14 You are sent by the king and his seven counselors to evaluate Judah and Jerusalem according to the law of your God, which is in your possession.
14 Meer nog, ek het 'n bevel uitgevaardig en 'n reëling gemaak en sommige van my vriende gestuur om navraag te doen na die welstand van Y'hudah en Yerushalayim en om ook navraag te doen aangaande die wet van jou God wat in jou hand is
15 You are also to bring the silver and gold the king and his counselors have willingly given to the God of Israel, whose dwelling is in Jerusalem,
15 en om die koning se silwer en goud weg te bring wat ek vrywillig gegee het vir die huis van God, Wie se blyplek in Yerushalayim is
16 and all the silver and gold you receive throughout the province of Babylon, together with the freewill offerings given by the people and the priests to the house of their God in Jerusalem.
16 en al die silwer en goud wat in al die provinsies van Bavel te vinde is, sal saam met jou gaan en die priesters en die Leviete en almal wat saam met jou wil gaan, mag gaan na die huis van God, wat in Yerushalayim is.
17 Then you are to buy with this money as many bulls, rams, and lambs as needed, along with their grain and drink offerings, and offer them on the altar at the house of your God in Jerusalem.
17 Jy moet met hierdie geld wyslik bulle, ramme, lammers, saam met hulle

graanoffers en drankoffers, wat daarby saamgaan, koop en dit op die altaar van julle God, wat in Yerushalayim is, offer
18 You may do whatever seems best to you and your brothers with the rest of the silver and gold, according to the will of your God.
18 en wat jy en jou broers goed vind om met die orige geld te doen, doen dit volgens die wil van julle God.
19 You must deliver to the God of Jerusalem all the articles given to you for the service of the house of your God.
19 Die houers wat ook vir jou gegee word vir die diens van die huis van jou God, moet jy aflewer voor die God wat in Yerushalayim is
20 You may use the royal treasury to pay for anything else needed for the house of your God.
20 en die res van die houers wat jy mag benodig vir die diens in die huis van jou God, moet jy vat en gee uit die skathuis van die koning.
21 I, King Artaxerxes, issue a decree to all the treasurers in the region west of the Euphrates River: Whatever Ezra the priest, an expert in the law of the God of heaven, asks of you must be provided promptly,
21 Ek, Artag'shashta, die koning, vaardig 'n bevel uit aan al die skatmeesters wat wes van die Eufraat is, dat wat ook al `Ezra, die priester, die skrifgeleerde in die wet van die God van die hemel, van julle mag vra, julle dit haastig sal doen,
22 up to 7,500 pounds of silver, 500 bushels of wheat, 550 gallons of wine, 550 gallons of oil, and salt without limit.
22 tot en met 'n honderd talente silwer en tot 'n honderd kor koring en tot 'n honderd bat wyn en tot honderd bat olie en sout sonder beperking.
23 Whatever is commanded by the God of heaven must be done diligently for the house of the God of heaven, so that wrath will not fall on the realm of the king and his sons.
23 Alles wat volgens die bevel is sal gegee word en jy moet dit gee volgens die wet van die God van die hemel; laat dit gevat en gedoen word sodat daar nie 'n toorn kom oor die koninkryk van die koning en sy seuns nie.
24 Be advised that tribute, duty, and land tax must not be imposed on any priests, Levites, singers, doorkeepers, temple servants, or other servants of this house of God.
24 Ons stel julle ook in kennis dat dit onwettig is vir julle om die priesters, Leviete, sangers, poortwagters, tempelknegte of werkers van die huis van God aan te raak of lastig te val
25 And you, Ezra, according to God's wisdom that you possess, appoint magistrates and judges to judge
all the people in the region west of the Euphrates who know the laws of your God and to teach anyone who does not know them.
25 en jy, `Ezra, volgens jou wysheid wat jou God jou gegee het, stel owerhede en regters aan wat al die volke wat wes van die Eufraat is, kan regeer, almal wat die wette van jou God ken en vir hom wat dit nie ken nie, moet julle dit

leer.
26 Anyone who does not keep the law of your God and the law of the king, let a fair judgment be executed against him, whether death, banishment, confiscation of property, or imprisonment.
26 Wie ook al nie die wet van jou God en die wet van die koning doen nie, laat oordeel haastig oor hom uitgevoer word, hetsy ter dood of tot verbanning of konfiskering van goedere of tronkstraf."
27 Praise Yahweh the God of our fathers, who has put it into the king's mind to glorify the house of the LORD in Jerusalem,
27 Geseënd is U, o יהוה, God van ons vaders, want U het hierdie ding in die verstand, wil en emosie van die koning gesit, om die huis van יהוה wat in Yerushalayim is, te versier
28 and who has shown favor to me before the king, his counselors, and all his powerful officers. So I took courage because I was strengthened by Yahweh my God, and I gathered Israelite leaders to return with me.
28 en sy guns tot my uit te strek voor die koning en sy magtige prinse. Ek is versterk omdat die hand van יהוה, my God, op my was en ek het leiers uit Yisra'el gekies om saam met my op te gaan.

Ezra 8

1 These are the family leaders and the genealogical records of those who returned with me from Babylon during the reign of King Artaxerxes:
1 Hierdie is die name van die hoofde van die families en die geslagsregister van hulle wat saam met my opgegaan het vanaf Bavel onder die regering van Artag’shashta, die koning:
2 Gershom, from Phinehas’s descendants; Daniel, from Ithamar’s descendants; Hattush, from David’s descendants,
2 van die seuns van Pingas: Gershom; van die seuns van Itamar: Dani’el; van die seuns van Dawid: Hattush,
3 who was of Shecaniah’s descendants; Zechariah, from Parosh’s descendants, and 150 men with him who were registered by genealogy;
3 van die seuns van Sh’khanyah en die seuns van Par’osh: Z’kharyah en saam met hom is honderd en vyftig mans volgens nageslag gereken;
4 Eliehoenai son of Zerahiah from Pahath-moab’s descendants, and 200 men with him;
4 van die seuns van Pagat-Mo’av: Ely’ho`einai, die seun van Z’ragyah en twee honderd mans saam met hom;
5 Shecaniah son of Jahaziel from Zattu’s descendants, and 300 men with him;
5 van die seuns van Sh’khanyah: die seun van Yagazi’el en drie honderd mans saam met hom;
6 Ebed son of Jonathan from Adin’s descendants, and 50 men with him;
6 van die seuns van `Adin: `Eved, die seun van Yonatan en vyftig mans saam met hom;
7 Jeshaiah son of Athaliah from Elam’s descendants, and 70 men with him;
7 van die seuns van `Eilam: Yesha’yahu, die seun van `Atalyah en sewentig mans saam met hom;
8 Zebadiah son of Michael from Shephatiah’s descendants, and 80 men with him;
8 van die seuns van Sh’fatyah: Z’vadyah, die seun van Mikha’el en tagtig mans saam met hom;
9 Obadiah son of Jehiel from Joab’s descendants, and 218 men with him;
9 van die seuns van Yo’av: `Ovadyah, die seun van Yegi’el en twee honderd en agttien mans saam met hom;
10 Shelomith son of Josiphiah from Bani’s descendants, and 160 men with him;
10 van die seuns van Shlomit: die seun van Yosifyah en een honderd en sestig mans saam met hom;
11 Zechariah son of Bebai from Bebai’s descendants, and 28 men with him;
11 van die seuns van B’vai: Z’kharyah, die seun van B’vai en agt en twintig mans saam met hom;
12 Johanan son of Hakkatan from Azgad’s descendants, and 110 men with him;

12 van die seuns van `Azgad: Yoganan, die seun van HaKatan en een honderd en tien mans saam met hom;
13 these are the last ones, from Adonikam's descendants, and their names are: Eliphelet, Jeuel, and Shemaiah, and 60 men with them;
13 van die laaste seuns van Adonikam wie se name is: Elifelet, Ye'i'el en Sh'ma'yah en sestig mans saam met hulle;
14 Uthai and Zaccur from Bigvai's descendants, and 70 men with them.
14 van die seuns van Bigwai: `Utai en Zakur en sewentig mans saam met hulle.
15 I gathered them at the river that flows to Ahava, and we camped there for three days. I searched among the people and priests, but found no Levites there.
15 Ek het hulle bymekaar laat kom by die rivier wat na Ahawa loop en ons het drie dae daar gekamp en ek het gekyk na die volk en die priesters, maar geen van die seuns van Levi gekry nie;
16 Then I summoned the leaders: Eliezer, Ariel, Shemaiah, Elnathan, Jarib, Elnathan, Nathan, Zechariah, and Meshullam, as well as the teachers Joiarib and Elnathan.
16 daarom het ek vir Eli'ezer, Ari'el, Sh'ma'yah, Elnatan, Yariv, Eliatan, Natan, Z'kharyah en Meshullam, die leiers en vir Yoyariv en Eliatan, manne met insig, geroep
17 I sent them to Iddo, the leader at Casiphia, with a message for him and his brothers, the temple servants at Casiphia, that they should bring us ministers for the house of our God.
17 en hulle bevel gegee om na `Iddo, die hoof van die plek Kasifya, te gaan en ek het vir hulle gesê wat om vir `Iddo en vir sy broers, wat by Kasifya kamp, te sê, dat hulle vir ons bedienaars vir die huis van ons God moes bring.
18 Since the gracious hand of our God was on us, they brought us Sherebiah — a man of insight from the descendants of Mahli, a descendant of Levi son of Israel — along with his sons and brothers, 18 men,
18 Omdat die goeie guns van ons God oor ons was, het hulle vir ons 'n man van insig gebring vanuit die nageslag van Magli, die seun van Levi, die seun van Yisra'el, Sherevyah met sy seuns en sy broers, twaalf
19 plus Hashabiah, along with Jeshaiah, from the descendants of Merari, and his brothers and their sons,
20 men.
19 en Hashavyah en saam met hom Yesha'yah, van die seuns van M'rari, sy broers en hulle seuns, twintig
20 There were also 220 of the temple servants, who had been appointed by David and the leaders for the work of the Levites. All were identified by name.
20 en ook van die manne wat Dawid aangestel het vir die diens van die Leviete (wat afgesonderd was), twee honderd en twintig en almal is by hulle name uitgeken.

21 I proclaimed a fast by the Ahava River, so that we might humble ourselves before our God and ask Him for a safe journey for us, our children, and all our possessions.
21 Toe het ek hulle geroep en 'n vastyd uitgeroep by die rivier Ahawa, om ons te verneder voor ons God, om 'n regte pad vir ons te vind en vir ons families en al ons goed,
22 I did this because I was ashamed to ask the king for infantry and cavalry to protect us from enemies during the journey, since we had told him, "The hand of our God is gracious to all who seek Him, but His great anger is against all who abandon Him."
22 want ek was skaam om van die koning 'n leër en perderuiters te vra om ons te help teen vyande op die pad omdat ons met die koning gepraat en gesê het: "Die hand van ons God is met almal wat Hom ten goede soek, maar Sy krag en Sy woede is oor almal wat Hom verlaat."
23 So we fasted and pleaded with our God about this, and He granted our request.
23 Ons het gevas en dit van ons God gevra en Hy het na ons geluister.
24 I selected 12 of the leading priests, along with Sherebiah, Hashabiah, and 10 of their brothers.
24 Toe het ek twaalf van die oudstes van die priesters gekies: Sherevyah, Hashavyah en tien van hulle broers saam met hulle
25 I weighed out to them the silver, the gold, and the articles — the contribution for the house of our God that the king, his counselors, his leaders, and all the Israelites who were present had offered.
25 en vir hulle die silwer en die goud en die voorwerpe afgeweeg, selfs die geskenke aan die huis van ons God, wat die koning, sy edeles, sy prinse en die hele Yisra'el daar teenwoordig, geskenk het.
26 I weighed out to them 24 tons of silver, silver articles weighing 7,500 pounds, 7,500 pounds of gold,
26 Ek het in hulle hand afgetel: een honderd en vyftig talente silwer en silwer voorwerpe van 'n honderd talente en voorwerpe van goud, een honderd talente,
27 20 gold bowls worth 1,000 gold coins, and two articles of fine gleaming bronze, as valuable as gold.
27 twintig goue bekers van duisend darieke (10kg) en mooi voorwerpe van Korinthe koper, kosbaar soos goud.
28 Then I said to them, "You are holy to the LORD, and the articles are holy. The silver and gold are a freewill offering to the LORD God of your fathers.
28 Ek het vir hulle gesê: "Julle is afgesonder tot הוהי en ook die voorwerpe is afgesonder en die silwer en die goud is 'n vrywillige geskenk aan הוהי, die God van julle vaders.
29 Guard them carefully until you weigh them out in the chambers of the LORD's house before the leading priests, Levites, and heads of the Israelite families in Jerusalem."

29 Wees versigtig en bewaak hulle totdat julle dit oorhandig in die teenwoordigheid van die leiers van die priesters, die Leviete en die leiers van die families van Yisra'el in Yerushalayim, in die kamers van die huis van יהוה."
30 So the priests and Levites took charge of the silver, the gold, and the articles that had been weighed out, to bring them to the house of our God in Jerusalem.
30 Die priesters en die Leviete het dit op hulleself geneem om die silwer, die goud en die voorwerpe per gewig af te lewer en hulle na Yerushalayim, na die huis van ons God, te bring.
31 We set out from the Ahava River on the twelfth day of the first month to go to Jerusalem. We were strengthened by our God, and He protected us from the power of the enemy and from ambush along the way.
31 Daarna het ons weggegaan van die rivier Ahawa af op die twaalfde dag van die eerste maand, om na Yerushalayim te gaan en die hand van ons God was op ons en Hy het ons bevry uit die hand van ons vyande en van hulle wat langs die pad lê en wag
32 So we arrived at Jerusalem and rested there for three days.
32 en ons het in Yerushalayim aangekom en drie dae daar gebly.
33 On the fourth day the silver, the gold, and the articles were weighed out in the house of our God into the care of Meremoth the priest, son of Uriah. Eleazar son of Phinehas was with him. The Levites Jozabad son of Jeshua and Noadiah son of Binnui were also with them.
33 Op die vierde dag het ons die silwer, die goud en die voorwerpe in die huis van ons God afgeweeg en dit oorhandig aan M'remot, die seun van Uriyah, die priester en saam met hom was El'azar, die seun van Pingas en by hulle Yozavad, die seun van Yeshua en No'adyah, die seun van Binui, die Leviete,
34 Everything was verified by number and weight, and the total weight was recorded at that time.
34 volgens getal en gewig van alles en die gewig van alles is op daardie tyd opgeskryf.
35 The exiles who had returned from the captivity offered burnt offerings to the God of Israel: 12 bulls for all Israel, 96 rams, and 77 lambs, along with 12 male goats as a sin offering. All this was a burnt offering for the LORD.
35 Dit is die nageslag van hulle wat gevange weggevoer is en van die gevangeskap teruggekeer het, wat brandoffers gebring het aan die God van Yisra'el: twaalf bulle vir die hele Yisra'el, ses en negentig ramme, sewe en sewentig lammers, twaalf bokramme as 'n sondoffer; dit alles was 'n brandoffer aan יהוה
36 They also delivered the king's edicts to the royal satraps and governors of the region west of the Euphrates, so that they would support the people and the house of God.
36 en hulle het die verordeninge van die koning aan die koning se prinse

oorhandig en aan die goewerneurs wes van die Eufraat en hulle het respek betoon aan die volk en aan die huis van God.

Ezra 9

1 After these things had been done, the leaders approached me and said: “The people of Israel, the priests, and the Levites have not separated themselves from the surrounding peoples whose detestable practices are like those of the Canaanites, Hittites, Perizzites, Jebusites, Ammonites, Moabites, Egyptians, and Amorites.
1 Toe hierdie dinge afgehandel is, het die oudstes na my toe gekom en gesê: “Die volk van Yisra’el, die priesters en die Leviete het hulle nie afgesonder van die volke van die lande nie en gedoen volgens hulle verwerplikhede; selfs van die Kena’aniete, Hittiete, P’riziete, Y’vusiete, `Ammoniete, Mo’aviete, Mitzrayiete en Emoriete,
2 Indeed, the Israelite men have taken some of their daughters as wives for themselves and their sons, so that the holy seed has become mixed with the surrounding peoples. The leaders and officials have taken the lead in this unfaithfulness! ”
2 want hulle het van húlle dogters vir hulself en vir hul seuns gevat sodat die afgesonderde saad hom vermeng het met die volke van die lande en die hande van die oudstes en die Leviete was eerste in hierdie oortreding.
3 When I heard this report, I tore my tunic and robe, pulled out some of the hair from my head and beard, and sat down devastated.
3 Toe ek dit hoor, het ek my klere en my bo-kleed geskeur en die hare uit my kop en my baard uitgepluk en sprakeloos gaan sit.
4 Everyone who trembled at the words of the God of Israel gathered around me, because of the unfaithfulness of the exiles, while I sat devastated until the evening offering.
4 Toe het almal wat ywerig toegewyd was aangaande die boodskap van die God van Yisra’el, as gevolg van die oortredinge van die ballinge, by my bymekaargekom en ek het sprakeloos gesit tot die negende uur (die aandoffer) toe.
5 At the evening offering, I got up from my humiliation, with my tunic and robe torn. Then I fell on my knees and spread out my hands to Yahweh my God.
5 Op die negende uur het ek opgestaan uit my smart en met my kleed en my bo-kleed geskeur, het ek op my knieë neergeval en my hande uitgesprei in gebed voor יהוה, my God
6 And I said: My God, I am ashamed and embarrassed to lift my face toward You, my God, because our iniquities are higher than our heads and our guilt is as high as the heavens.
6 en gesê: “O, my God, ons voel te beskaamd om ons gesigte op te lig na U, ons God, want ons oortredinge is vermenigvuldig oor ons koppe en ons groot

sondes het selfs tot by die hemele gekom.
7 Our guilt has been terrible from the days of our fathers until the present. Because of our iniquities we have been handed over, along with our kings and priests, to the surrounding kings, and to the sword, captivity, plundering, and open shame, as it is today.
7 Sedert die dae van ons vaders tot vandag toe is ons in 'n groot skuld, want ons het meer sondes gedoen, beide ons, ons vaders, ons konings en ons priesters; daarom is ons oorgegee aan die swaard, tot buit, aan gevangeskap en aan verwarring van gesig en in die hande van die konings van die lande en in die hande van ons vyande, soos dit vandag is.
8 But now, for a brief moment, grace has come from Yahweh our God to preserve a remnant for us and give us a stake in His holy place. Even in our slavery, God has given us new life and light to our eyes.
8 Nou, vir 'n klein rukkie is onverdiende guns van יהוה, ons God, gewys om aan ons oorgeblewenes te laat en aan ons 'n plek in Sy afgesonderde land te gee sodat ons God ons oë kan verhelder en aan ons 'n bietjie verligting gee in ons slawerny,
9 Though we are slaves, our God has not abandoned us in our slavery. He has extended grace to us in the presence of the Persian kings, giving us new life, so that we can rebuild the house of our God and repair its ruins, to give us a wall in Judah and Jerusalem.
9 want ons is slawe; tog het ons God ons nie in die steek gelaat in ons slawerny nie, maar Hy het ons onverdiende guns laat vind in die oë van die konings van Perse en vir ons gesorg vandag, om die huis van ons God op te rig en sy puinhope te herstel en ons 'n veilige plek te gee in Y'hudah en in Yerushalayim.
10 Now, our God, what can we say in light of this? For we have abandoned the commands
10 Ons God, wat sal ons nou na al hierdie dinge sê? Want ons het U opdragte verlaat,
11 You gave through Your servants the prophets, saying: "The land you are entering to possess is an impure land. The surrounding peoples have filled it from end to end with their uncleanness by their impurity and detestable practices.
6 Hulle kon nie hul hande gebruik deur U bestraffing nie, o God van Ya’akov; die ruiters is in ’n dooie slaap gegooi.
7 And You — You are to be feared. When You are angry, who can stand before You?
7 U, ja U moet gevrees word; wie mag staan in U Teenwoordigheid wanneer U eers kwaad is?
8 From heaven You pronounced judgment. The earth feared and grew quiet
8 U het oordeel laat hoor vanaf die hemel; die aarde het dit gesien en gebewe
9 when God rose up to judge and to save all the lowly of the earth. **Selah**
9 toe God opgestaan het vir die oordeel, om al die saggeaardes van die aarde te red.
10 Even human wrath will praise You; You will clothe Yourself with their remaining wrath.

10 Die wysheid van die mens sal U loof met uitgestrekte hande; U sal die oorblyfsel van sy woede beperk.
11 Make and keep your vows to the LORD your God; let all who are around Him bring tribute to the awe- inspiring One.
11 Maak beloftes en vervul jou beloftes aan יהוה, julle God! Laat almal wat rondom Hom is, geskenke
bring aan Hom wat respekvol gevrees moet word.
12 He humbles the spirit of leaders; He is feared by the kings of the earth.
12 Hy sal die trots van die heersers verneder. Hy word gevrees deur die konings van die aarde.

Psalms 77

1 I cry aloud to God, aloud to God, and He will hear me.
1 Vir die musiekleier: op die wysie van "Y'dutun ('n Lofgedig)," 'n gedig van Asaf, met instrumentale musiek. Ek het uitgeroep tot God met my stem en Hy hoor my; ek het my stem tot Hom toe opgelig en Hy antwoord my.
2 I sought the Lord in my day of trouble. My hands were continually lifted up all night long; I refused to be comforted.
2 Op die dag van my moeilikheid het ek na יהוה gesoek; my foltering het deur die nag aangehou en nie opgehou nie; daar was geen trooster vir my lewe nie.
3 I think of God; I groan; I meditate; my spirit becomes weak. **Selah**
3 Toe ek onthou het, o God, was ek omgekrap; ek het dit deurdink en my gees was oorweldig.
4 You have kept me from closing my eyes; I am troubled and cannot speak.
4 My oë is verdof; ek is stom sodat ek nie kan praat nie.
5 I consider days of old, years long past.
5 Ek het die ou dae oordink, ek neem die jare van die ou tyd in ag.
6 At night I remember my music; I meditate in my heart, and my spirit ponders.
6 Ek oordink ver in die nag in, ek kommunikeer met my eie verstand, wil en emosie; ek het my lewe ondersoek en gesê:
7 "Will the Lord reject forever and never again show favor?
7 "Het יהוה my vir ewig in die steek gelaat en sal Hy nooit weer goedgunstig wees nie?
8 Has His faithful love ceased forever? Is His promise at an end for all generations?
8 Is Sy onverdiende guns vir ewig verby, faal Sy belofte ewiglik?
9 Has God forgotten to be gracious? Has He in anger withheld His compassion? " **Selah**
9 Het God vergeet om goedgunstig te wees? Het Hy Sy liefdevolle omgee toegesluit in Sy woede?"

10 So I say, “I am grieved that the right hand of the Most High has changed.”
10 Ek het ook gesê: “Dit is my kranklikheid; dit is nog ’n besoek van die krag van die Allerhoogste!”
11 I will remember the LORD’s works; yes, I will remember Your ancient wonders.
11 Ek sal die dade van Yah onthou; ek sal sekerlik die wonders van ouds onthou.
12 I will reflect on all You have done and meditate on Your actions.
12 Ek sal ook al U werk oordink en dink aan U bekwame dade.
13 God, Your way is holy. What god is great like God?
13 U werkswyse is afgesonderd, o God; daar is niemand so groot soos ons God nie.
14 You are the God who works wonders; You revealed Your strength among the peoples.
14 U is die God wat wonders doen; U het U sterkte onder die mense verklaar.
15 With power You redeemed Your people, the descendants of Jacob and Joseph. **Selah**
15 U het U volk met U arm verlos, die seuns van Ya’akov en van Yosef.
16 The waters saw You, God. The waters saw You; they trembled. Even the depths shook.
16 Die waters het U gesien, o God, die waters het U gesien; hulle was bang en die dieptes was ook omgekrap.
17 The clouds poured down water. The storm clouds thundered; Your arrows flashed back and forth.
17 Die wolke het water uitgegiet, die hemele het ’n klank laat hoor; U pyle het rondgevlieg.
18 The sound of Your thunder was in the whirlwind; lightning lit up the world. The earth shook and quaked.
18 Die stem van U donder was in die hemele; die weerligstrale het die wêreld verlig; die aarde het gebewe en geskud.
19 Your way went through the sea and Your path through the great waters, but Your footprints were unseen.
19 U manier van doen is in die see en U pad is in die groot waters, maar U voetspore word nie gesien nie.
20 You led Your people like a flock by the hand of Moses and Aaron.
20 U het U volk soos skape gelei deur die hand van Moshe en Aharon.

Psalms 78

1 My people, hear my instruction; listen to what I say.
1 ’n Onderriggewende gedig van Asaf. My volk, luister na My wet; draai julle ore na die woorde van My mond.
2 I will declare wise sayings; I will speak mysteries from the past —
2 Ek sal My mond oopmaak in vergelykende stories; Ek sal raaisels uit die ou

tyd uiter.
3 things we have heard and known and that our fathers have passed down to us.
3 Dit wat ons gehoor het en ken, wat ons vaders ons vertel het,
4 We must not hide them from their children, but must tell a future generation the praises of the LORD, His might, and the wonderful works He has performed.
4 sal ons nie vir hulle seuns wegsteek nie, maar aan die volgende geslag vertel van die lofprysinge van הוהי, Sy sterkte en die wonderlike dade wat Hy gedoen het,
5 He established a testimony in Jacob and set up a law in Israel, which He commanded our fathers to teach to their children
5 want Hy het ’n getuienis opgerig in Ya’akov en ’n wet aangestel in Yisra’el, wat Hy aan ons vaders beveel het, om dit aan hulle seuns bekend te maak
6 so that a future generation — children yet to be born — might know. They were to rise and tell their children
6 sodat die volgende geslag hulle kan ken, selfs die seuns wat nog gebore sal word, wat moet opstaan en dit aan hulle seuns vertel
7 so that they might put their confidence in God and not forget God’s works, but keep His commands.
7 dat hulle hul versekerde verwagting in God kan plaas en nie die dade van God vergeet nie, maar Sy opdragte kan uitvoer
8 Then they would not be like their fathers, a stubborn and rebellious generation, a generation whose heart was not loyal and whose spirit was not faithful to God.
8 en nie wees soos hulle vaders nie, ’n hardkoppige en rebelse geslag, ’n geslag wat nie hulle verstand, wil en emosie herstel het nie en wie se gees nie standvastig was teenoor God nie.
9 The Ephraimite archers turned back on the day of battle.
9 Die seuns van Efrayim, boogskutters bewapen met boë, het omgedraai op die dag van die geveg.
10 They did not keep God’s covenant and refused to live by His law.
10 Hulle het die verbond van God nie gehou nie en geweier om te leef in Sy wet.
11 They forgot what He had done, the wonderful works He had shown them.
11 Hulle het Sy dade en sy wonders vergeet wat Hy hulle voor die oë van hulle vaders gewys het.
12 He worked wonders in the sight of their fathers in the land of Egypt, the region of Zoan.
12 Hy het wonderlike dinge gedoen in die land van Mitzrayim, in die velde van Tzo’an.
13 He split the sea and brought them across; the water stood firm like a wall.
13 Hy het die see verdeel en hulle laat deurgaan en die waters laat staan soos in watersakke.

14 He led them with a cloud by day and with a fiery light throughout the night.
14 In die dag het Hy hulle ook gelei met ’n wolk en die hele nag met ’n lig van vuur.
15 He split rocks in the wilderness and gave them drink as abundant as the depths.
15 Hy het rotse gekloof in die woestyn en hulle laat drink soos uit groot dieptes.
16 He brought streams out of the stone and made water flow down like rivers.
16 Hy het strome ook uit die rots laat uitgaan en die waters laat afloop soos riviere,
17 But they continued to sin against Him, rebelling in the desert against the Most High.
17 maar die mense het voortgegaan om te sondig en om te murmureer teen die Allerhoogste in hulle dors na water
18 They deliberately tested God, demanding the food they craved.
18 en hulle het God getoets in hul verstand, wil en emosie deur kos te vra om hulle begeertes te vervul.
19 They spoke against God, saying, “Is God able to provide food in the wilderness?
19 Ja, hulle het teen God gekla. Hulle het gesê: “Kan God tafels met kos voorsien in die wildernis?
20 Look! He struck the rock and water gushed out; torrents overflowed. But can He also provide bread or furnish meat for His people? ”
20 Let op, Hy het die rots geslaan dat waters uitvloei en die strome oorvloei; kan Hy brood ook gee, kan Hy kos gee vir Sy mense?
21 Therefore, the LORD heard and became furious; then fire broke out against Jacob, and anger flared up against Israel
21 יהוה het dit gehoor en daarom kwaad geword; ’n vuur is dus aangesteek teen Ya’akov en woede het ook opgekom teen Yisra’el
22 because they did not believe God or rely on His salvation.
22 omdat hulle nie in God geglo en in Sy verlossing vertrou het nie
23 He gave a command to the clouds above and opened the doors of heaven.
23 alhoewel Hy die wolke daarbo beveel het en die deure van die hemel oopgemaak het
24 He rained manna for them to eat; He gave them grain from heaven.
24 en vir hulle ‘man hu’ laat reën het om te eet en vir hulle van die brood van die hemel gegee het;
25 People ate the bread of angels. He sent them an abundant supply of food.
25 die mens het die kos van engele geëet; en Hy het vir hulle oorvloediglik wild gestuur.
26 He made the east wind blow in the skies and drove the south wind by His might.

26 Hy het winde laat waai in die lug en deur Sy krag die Suidewind ingebring;
27 He rained meat on them like dust, and winged birds like the sand of the seas.
27 Hy het ook vleis soos stof op hulle laat reën en geveerde voëls soos die sand aan die see
28 He made them fall in His camp, all around His tent.
28 en Hy het hierdie binne-in hulle kamp laat val, rondom hulle tente.
29 They ate and were completely satisfied, for He gave them what they craved.
29 Hulle het geëet en was ten volle versadig, want Hy het aan hulle hul eie begeerte gegee.
30 Before they had satisfied their desire, while the food was still in their mouths,
30 Tog het hulle nie hul begeerte opgegee nie, maar terwyl hulle kos nog in hulle mond was,
31 God's anger flared up against them, and He killed some of their best men. He struck down Israel's choice young men.
31 het die woede van God teen hulle opgekom en die rykstes onder hulle neergeslaan en die gekose van Yisra'el laat buig.
32 Despite all this, they kept sinning and did not believe His wonderful works.
32 Nogtans het hulle steeds gesondig en nie in Sy wonderlike dade geglo nie;
33 He made their days end in futility, their years in sudden disaster.
33 daarom is hulle dae in sinnelose boosheid deurgebring en hulle jare in ongeduld.
34 When He killed some of them, the rest began to seek Him; they repented and searched for God.
34 Wanneer Hy hulle neergeslaan het, het hulle Hom gesoek en teruggedraai en nader aan Hom gekom
35 They remembered that God was their rock, the Most High God, their Redeemer.
35 en hulle het onthou dat God hulle Helper was en die Allerhoogste God hulle Verlosser.
36 But they deceived Him with their mouths, they lied to Him with their tongues,
36 Nogtans het hulle Hom liefgehad met hulle monde en vir Hom gelieg met hulle tonge,
37 their hearts were insincere toward Him, and they were unfaithful to His covenant.
37 want hulle verstand, wil en emosie was nie getrou aan Hom nie en ook was hulle nie standvastig in Sy verbond nie.
38 Yet He was compassionate; He atoned for their guilt and did not destroy them. He often turned His anger aside and did not unleash all His wrath.
38 Hy is vol onverdiende guns, die Vergewer van sonde en Hy vernietig nie; ja baie keer draai Hy Sy woede weg en wek nie Sy volle toorn op nie,

39 He remembered that they were only flesh, a wind that passes and does not return.
39 want Hy het onthou dat hulle slegs vlees is, 'n wind wat verbygaan en nie weer kom nie.
40 How often they rebelled against Him in the wilderness and grieved Him in the desert.
40 Hoe dikwels het hulle Hom kwaad gemaak in die wildernis, Hom gegrief in die woestyn.
41 They constantly tested God and provoked the Holy One of Israel.
41 Ja, hulle het teruggedraai en God getoets, die Afgesonderde Een van Yisra'el geïgnoreer.
42 They did not remember His power shown on the day He redeemed them from the foe,
42 Hulle het nie Sy hand onthou nie, of die dag toe Hy hulle van die onderdrukker bevry het nie,
43 when He performed His miraculous signs in Egypt and His wonders in the region of Zoan.
43 hoe Hy Sy tekens in Mitzrayim gedoen het en Sy wonders in die veld van Tzo'an,
44 He turned their rivers into blood, and they could not drink from their streams.
44 of hoe Hy hulle riviere en hulle stroompies in bloed verander het sodat hulle nie kon drink nie.
45 He sent among them swarms of flies, which fed on them, and frogs, which devastated them.
45 Hy het swerms insekte tussen hulle ingestuur wat hulle opgevreet het en paddas wat hulle vernietig het.
46 He gave their crops to the caterpillar and the fruit of their labor to the locust.
46 Hy het ook hulle oes aan die sprinkane gegee en hulle harde werk aan die rusper.
47 He killed their vines with hail and their sycamore fig trees with a flood.
47 Hy het hulle wingerde met hael verwoes en hulle vyebome deur ryp.
48 He handed over their livestock to hail and their cattle to lightning bolts.
48 Hy het ook hulle diere aan die hael oorgegee en hulle vee tot vernietiging.
49 He sent His burning anger against them: fury, indignation, and calamity — a band of deadly messengers.
49 Hy het die intensiteit van Sy woede oor hulle gestuur, woede, toorn en moeilikheid, deur die hand van 'n bose engel.
50 He cleared a path for His anger. He did not spare them from death but delivered their lives to the plague.
50 Hy het kragtige metodes gebruik, hulle lewens nie gespaar van die dood nie en hulle beeste oorgegee aan die pes
51 He struck all the firstborn in Egypt, the first progeny of the tents of Ham.

51 en al die eersgeborenes in Mitzrayim neergeslaan, die mooiste van hulle seuns in die tente van Gam,
52 He led His people out like sheep and guided them like a flock in the wilderness.
52 maar Hy het Sy eie volk laat uittrek soos skape en hulle begelei in die wildernis soos ’n kudde.
53 He led them safely, and they were not afraid; but the sea covered their enemies.
53 Hy het hulle veilig gelei sodat hulle nie bang was nie, maar die see het hulle vyande oorweldig
54 He brought them to His holy land, to the mountain His right hand acquired.
54 en Hy het hulle gebring na die grens van Sy Afgesonderde Plek, na hierdie berg, wat Sy regterhand besit het.
55 He drove out nations before them. He apportioned their inheritance by lot and settled the tribes of Israel in their tents.
55 Hy het die ander nasies voor hulle uit verdryf en aan hulle ’n erfenis gegee deur mate en die stamme van Yisra’el in hulle tente laat bly.
56 But they rebelliously tested the Most High God, for they did not keep His decrees.
56 Tog het hulle die Allerhoogste getoets en kwaad gemaak en nie Sy getuienisse onderhou nie,
57 They treacherously turned away like their fathers; they became warped like a faulty bow.
57 maar hulle het teruggedraai en misleidend opgetree, soos hulle vaders; hulle was verdraaid soos ’n gedraaide boog,
58 They enraged Him with their high places and provoked His jealousy with their carved images.
58 want hulle het Hom kwaad gemaak deur op hoë plekke te offer en deur hulle gesnede beelde Sy woede opgewek.
59 God heard and became furious; He completely rejected Israel.
59 Toe God dit gehoor het, was Hy woedend en het Hy Yisra’el gehaat
60 He abandoned the tabernacle at Shiloh, the tent where He resided among men.
60 sodat Hy die Tabernakel in Shiloh verlaat het, die Tent wat Hy opgeslaan het tussen mense
61 He gave up His strength to captivity and His splendor to the hand of a foe.
61 en Hy het Sy volk oorgegee in gevangeskap en Sy lof en eer in die hand van die onderdrukker.
62 He surrendered His people to the sword because He was enraged with His heritage.
62 Hy het Sy volk oorgelewer aan die swaard en Sy erfenis nie geag nie.
63 Fire consumed His chosen young men, and His young women had no wedding songs.

63 Die vuur het hulle jongmanne verteer en hulle jong dogters is geskend.
64 His priests fell by the sword, but the widows could not lament.
64 Hulle priesters het deur die swaard geval en hulle weduwees het nie getreur nie.
65 Then the Lord awoke as if from sleep, like a warrior from the effects of wine.
65 Toe het יהוה opgestaan soos een uit die slaap uit, soos ’n magtige een wat die effek van wyn afgeskud het
66 He beat back His foes; He gave them lasting shame.
66 en Hy het Sy teëstanders laat terugdeins, hulle in ’n ewige verwerping gesit.
67 He rejected the tent of Joseph and did not choose the tribe of Ephraim.
67 Meer nog, Hy het die tent van Yosef geweier en die stam van Efrayim het Hy nie gekies nie,
68 He chose instead the tribe of Judah, Mount Zion, which He loved.
68 maar Hy het die stam van Y’hudah gekies, die berg Tziyon wat Hy liefhet
69 He built His sanctuary like the heights, like the earth that He established forever.
69 en Sy Afgesonderde Plek gebou op ’n hoë plek en dit vir ewig op die aarde gevestig.
70 He chose David His servant and took him from the sheepfolds;
70 Hy het ook vir Dawid, Sy kneg, gekies en hom vanaf die skaapkrale gevat;
71 He brought him from tending ewes to be shepherd over His people Jacob — over Israel, His inheritance.
71 van om die voedende ooie te volg, het Hy hom gebring om Ya’akov, Sy volk en Yisra’el, Sy erfdeel, te voed.
72 He shepherded them with a pure heart and guided them with his skillful hands.
72 Hy het hulle versorg volgens die integriteit van sy verstand, wil en emosie en hulle gelei deur die bekwaamheid van sy hande.

Psalms 79

1 God, the nations have invaded Your inheritance, desecrated Your holy temple, and turned Jerusalem into ruins.
1 ’n Gedig van Asaf, met instrumentale musiek. O God, ander nasies het in U erfenis ingekom; hulle het U afgesonderde tempel onteer; hulle het Yerushalayim in puinhope gelaat.
2 They gave the corpses of Your servants to the birds of the sky for food, the flesh of Your godly ones to the beasts of the earth.
2 Hulle het die lyke van U diensknegte aan die voëls van die hemel as kos gegee, die vlees van U afgesonderdes aan die wilde diere van die land.
3 They poured out their blood like water all around Jerusalem, and there was no one to bury them.

3 Hulle het húlle bloed rondom Yerushalayim soos water uitgegooi en daar was niemand om hulle te begrawe nie.
4 We have become an object of reproach to our neighbors, a source of mockery and ridicule to those around us.
4 Ons het vir ons bure ’n bespotting geword, om voor te lag en ’n grap vir die wat rondom ons is.
5 How long, Yahweh? Will You be angry forever? Will Your jealousy keep burning like fire?
5 Hoe lank, הוהי, sal U woede brand soos vuur? Sal U vir ewig kwaad wees?
6 Pour out Your wrath on the nations that don’t acknowledge You, on the kingdoms that don’t call on Your name,
6 Gooi U woede uit oor die ander nasies wat U nie geken het nie en oor die koninkryke wat nie U Naam Karakter en Outoriteit) aangeroep het nie,
7 for they have devoured Jacob and devastated his homeland.
7 want hulle het Ya’akov verteer en sy blyplek verwoes.
8 Do not hold past sins against us; let Your compassion come to us quickly, for we have become weak.
8 Onthou nie ons vorige sondes teen ons nie; laat U liefdevolle goedheid ons gou inhaal, want ons is heeltemal nederig gemaak.
9 God of our salvation, help us — for the glory of Your name. Deliver us and atone for our sins, because of Your name.
9 Help ons, o God van ons verlossing, vir die lof en eer van U Naam en bevry ons en reinig ons van ons sondes ter wille van U Naam (Karakter en Outoriteit).
10 Why should the nations ask, “Where is their God? ” Before our eyes, let vengeance for the shed blood of Your servants be known among the nations.
10 Waarom sou die ander nasies sê: “Waar is hulle God?” Laat Hom voor ons oë aan die ander nasies bekend word deur die bloed van U diensknegte, wat vergiet is, te wreek.
11 Let the groans of the prisoners reach You; according to Your great power, preserve those condemned to die.
11 Laat die gesug van die gevangene voor U Teenwoordigheid kom; volgens die grootheid van U krag, bevry U hulle wat veroordeel is tot die dood
12 Pay back sevenfold to our neighbors the reproach they have hurled at You, Lord.
12 en vergeld ons bure sewevoudig teen hulle bors met die bespotting waarmee hulle U, o הוהי, gespot het.
13 Then we, Your people, the sheep of Your pasture, will thank You forever; we will declare Your praise to generation after generation.
13 Ons, U volk en die skape van U weivelde, sal U vir ewig loof en dank met uitgestrekte hande en aan alle geslagte U lofprysing wys.

Psalms 80

1 Listen, Shepherd of Israel, who leads Joseph like a flock; You who sit enthroned on the cherubim, rise up
1 Vir die musiekleier: op die wysie van “Lelies,” ’n gedig van Asaf, met instrumentale musiek. Luister, o Herder van Yisra’el, U wat Yosef soos ’n trop lei, U wat sit op die gérubs, gee lig!
2 before Ephraim, Benjamin, and Manasseh. Rally Your power and come to save us.
2 Wys U krag voor Efrayim, Binyamin en M’nasheh en kom en red ons!
3 Restore us, God; look on us with favor, and we will be saved.
3 Lei ons weer, o Magtige God en laat U gesig skyn en ons sal gered word.
4 LORD God of Hosts, how long will You be angry with Your people’s prayers?
4 O יהוה, God van die leërmagte, hoe lank sal U kwaad wees teen die gebed van U volk?
5 You fed them the bread of tears and gave them a full measure of tears to drink.
5 U voed hulle met die brood van trane en gee vir hulle trane in oorvloed om te drink.
6 You make us quarrel with our neighbors; our enemies make fun of us.
6 U het van ons ’n grap gemaak teenoor ons bure en ons vyande lag teenoor hulleself.
7 Restore us, God of Hosts; look on us with favor, and we will be saved.
7 Lei ons weer, o God van die leërmagte en laat U gesig skyn en ons sal gered word!
8 You uprooted a vine from Egypt; You drove out the nations and planted it.
8 U het ’n wingerdstok uit Mitzrayim gebring; U het die ander nasies verdrywe en hom geplant.
9 You cleared a place for it; it took root and filled the land.
9 U het die grond voorberei en dit diep laat wortelskiet en die land gevul.
10 The mountains were covered by its shade, and the mighty cedars with its branches.
10 Die berge was oordek met sy skaduwee en sy ranke was oor die seders van God.
11 It sent out sprouts toward the Sea and shoots toward the River.
11 Hy het sy wortels uitgestuur tot by die see en sy takke na die riviere toe.
12 Why have You broken down its walls so that all who pass by pick its fruit?
12 Waarom het U dan sy skanse stukkend gebreek sodat almal wat met die pad verbygaan, oor hom trap?
13 The boar from the forest tears it and creatures of the field feed on it.
13 Die wildevark uit die bos eet hom op en die wilde diere van die veld eet van hom.
14 Return, God of Hosts. Look down from heaven and see; take care of this

vine,
14 Ons smeek U om terug te kom, o God van die leërmagte, kyk vanaf die hemel en let op en besoek hierdie wingerdstok
15 the root Your right hand has planted, the shoot that You made strong for Yourself.
15 wat U regterhand geplant het en die tak wat U vir Uself sterk gemaak het.
16 It was cut down and burned up; they perish at the rebuke of Your countenance.
16 Dit is met vuur verbrand, dit is afgekap; hulle sterf weens die teregwysing van U Teenwoordigheid.
17 Let Your hand be with the man at Your right hand, with the son of man You have made strong for Yourself.
17 Laat U regterhand wees oor die man en die seun van 'n mens wat U vir Uself sterk gemaak het.
18 Then we will not turn away from You; revive us, and we will call on Your name.
18 Ons sal nie van U af teruggaan nie; herstel ons en ons sal U Naam (Karakter en Outoriteit) aanroep.
19 Restore us, Yahweh, the God of Hosts; look on us with favor, and we will be saved.
19 Lei ons weer, o יהוה, God van die leërmagte, laat U gesig skyn en ons sal gered word.

Psalms 81

1 Sing for joy to God our strength; shout in triumph to the God of Jacob.
1 Vir die musiekleier: op 'n Gittitiese harp, 'n gedig van Asaf, met instrumentale musiek. Sing van vreugde tot God, ons sterkte; roep uit van vreugde tot die God van Ya'akov!
2 Lift up a song — play the tambourine, the melodious lyre, and the harp.
2 Maak musiek met instrumente en bring die tamboeryn, die aangename harp en die lier.
3 Blow the horn on the day of our feasts during the new moon and during the full moon.
3 Blaas die ramshoring op die Nuwemaan en op die vasgestelde tye, op ons ernstige feesdae,
4 For this is a statute for Israel, a judgment of the God of Jacob.
4 want dit is 'n instelling vir Yisra'el en 'n wet van die God van Ya'akov.
5 He set it up as an ordinance for Joseph when He went throughout the land of Egypt. I heard an unfamiliar language:
5 Hy het dit ingestel as getuienis in Yosef toe hy uitgegaan het na die land van Mitzrayim, waar hy 'n taal gehoor het wat hy nie geken het nie.
6 "I relieved his shoulder from the burden; his hands were freed from carrying the basket.

6 Ek het die las van sy skouers af verwyder, Ek het sy hande losgemaak van die bande.
7 You called out in distress, and I rescued you; I answered you from the thundercloud. I tested you at the waters of Meribah. **Selah**
7 Hy het na My geroep in sy moeilikheid en Ek het hom bevry; Ek het hom onder My geheime bedekking gesit; Ek het hom getoets by die waters van M'rivah.
8 Listen, My people, and I will admonish you. Israel, if you would only listen to Me!
8 Luister, o My volk en Ek sal praat; o Yisra'el, Ek sal aangaande jou getuig, as jy na My sal luister!
9 There must not be a strange god among you; you must not bow down to a foreign god.
9 Daar mag geen vreemde god by jou wees nie en jy mag ook voor geen vreemde god neerbuig nie.
10 I am Yahweh your God, who brought you up from the land of Egypt. Open your mouth wide, and I will fill it.
10 Ek is יהוה, jou God, wat jou uit die land van Mitzrayim uitgebring het; maak jou mond wyd oop en Ek sal dit vul,
11 "But My people did not listen to Me; Israel did not obey Me.
11 maar My volk wou nie na My stem luister nie en Yisra'el wou niks van My weet nie.
12 So I gave them over to their stubborn hearts to follow their own plans.
12 Hulle het geleef volgens die begeertes van hulle eie verstand, wil en emosie en volgens hulle eie raad.
13 If only My people would listen to Me and Israel would follow My ways,
13 Ag, as My volk tog maar na My wou luister en hoor, Yisra'el in My lewenswyses wou leef!
14 I would quickly subdue their enemies and turn My hand against their foes."
14 Ek sou hul vyande gou vernietig het en My hand teen hul teëstanders gedraai het.
15 Those who hate the LORD would pretend submission to Him; their doom would last forever.
15 Die haters van יהוה het vir Hom gelieg, maar húlle sal vir ewig bewe.
16 But He would feed Israel with the best wheat. "I would satisfy you with honey from the rock."
16 Hy het hulle ook gevoed met die beste van die koring en met heuning uit die rots hulle versadig.

Psalms 82

1 God has taken His place in the divine assembly; He judges among the gods:

1 ’n Gedig van Asaf, met instrumentale musiek. God staan in die godsvergadering; Hy oordeel oor die gode.
2 “How long will you judge unjustly and show partiality to the wicked? **Selah**
2 Hoe lank sal julle onregverdig oordeel en partydig wees vir die bose?
3 Provide justice for the needy and the fatherless; uphold the rights of the oppressed and the destitute.
3 Verdedig die armes en die vaderlose; gee regverdigheid aan die siekes en die behoeftiges.
4 Rescue the poor and needy; save them from the power of the wicked.”
4 Bevry die armes en behoeftiges uit die hand van die bose.
5 They do not know or understand; they wander in darkness. All the foundations of the earth are shaken.
5 Hulle weet nie en sal ook nie verstaan nie; hulle loop aan in duisternis; al die fondasies van die aarde word geskud.
6 I said, “You are gods; you are all sons of the Most High.
6 Ek het gesê: “Julle is gode; almal van julle is seuns van die Allerhoogste.”
7 However, you will die like men and fall like any other ruler.”
7 Van nou af sal julle sterf soos mense en val soos een van die prinse.
8 Rise up, God, judge the earth, for all the nations belong to You.
8 Staan op, o God, oordeel die aarde, want U het ’n erfenis onder al die nasies.

Psalms 83

1 God, do not keep silent. Do not be deaf, God; do not be idle.
1 ’n Lied, ’n gedig van Asaf, met instrumentale musiek. O God, wie is soos U? Moenie swyg en stil wees nie, o God,
2 See how Your enemies make an uproar; those who hate You have acted arrogantly.
2 want let op, U vyande is rasend en hulle wat U haat het hulle kop opgelig teen U volk.
3 They devise clever schemes against Your people; they conspire against Your treasured ones.
3 Hulle het listige raad geneem en het beraadslaag teen hulle wat deur U gekies is.
4 They say, “Come, let us wipe them out as a nation so that Israel’s name will no longer be remembered.”
4 Hulle het gesê: “Kom, laat ons hulle vernietig vanuit tussen die nasies sodat die naam van Yisra’el nie meer onthou word nie,
5 For they have conspired with one mind; they form an alliance against You —
5 want hulle het saamgestem met een verstand, wil en emosie; hulle het saamgestaan teen U:
6 the tents of Edom and the Ishmaelites, Moab and the Hagrites,
6 die tente van Edom en die Yishma’eliete, Mo’av en die Hagrimiete,

7 Gebal, Ammon, and Amalek, Philistia with the inhabitants of Tyre.
7 G'val, `Ammon en `Amalek, P'leshet saam met die inwoners van Tzor.
8 Even Assyria has joined them; they lend support to the sons of Lot. **Selah**
8 Ashur het ook by hulle aangesluit; hulle help die seuns van Lot.
9 Deal with them as You did with Midian, as You did with Sisera and Jabin at the Kishon River.
9 Doen aan hulle soos aan Midyan, soos met Sisra en Yavin by die vallei van Kishon,
10 They were destroyed at En-dor; they became manure for the ground.
10 wat vernietig is by `Ein-dor; hulle het soos mis geword vir die grond.
11 Make their nobles like Oreb and Zeeb, and all their tribal leaders like Zebah and Zalmunna,
11 Vernietig hulle edeles, soos `Orev en Ze'ev; ja al hulle prinse soos Zevag en Tzalmuna,
12 who said, "Let us seize God's pastures for ourselves."
12 want hulle het gesê: "Laat ons die stad van God vir onsself erf!
13 Make them like tumbleweed, my God, like straw before the wind.
13 O, my God, maak hulle soos 'n draaiende wiel en soos stoppels voor die wind.
14 As fire burns a forest, as a flame blazes through mountains,
14 Soos vuur 'n bos brand en soos die vlam die berge aan die brand steek;
15 so pursue them with Your tempest and terrify them with Your storm.
15 vervolg hulle só met U hewige storm en maak hulle bang met U storm.
16 Cover their faces with shame so that they will seek Your name Yahweh.
16 Bedek hulle gesigte met skande sodat hulle U Naam (Karakter en Outoriteit) kan soek, o יהוה!
17 Let them be put to shame and terrified forever; let them perish in disgrace.
17 Laat hulle verward en gepla wees vir ewig; ja laat hulle tot skande kom en vergaan
18 May they know that You alone — whose name is Yahweh — are the Most High over all the earth.
18 sodat hulle kan weet dat U, wie se Naam (Karakter en Outoriteit) alleen יהוה is, die Allerhoogste is oor die hele aarde.

Psalms 84

1 How lovely is Your dwelling place, LORD of Hosts.
1 Vir die musiekleier: op 'n Gittitiese harp, 'n gedig van die seuns van Korag, met instrumentale musiek. Hoe lieflik is U tente, o יהוה-Tzva'ot!
2 I long and yearn for the courts of the LORD; my heart and flesh cry out for the living God.

2 My lewe verlang, ja, smag na die voorhowe van יהוה; my verstand, wil en emosie en my vlees roep uit van vreugde tot die lewende God.
3 Even a sparrow finds a home, and a swallow, a nest for herself where she places her young — near Your altars, LORD of Hosts, my King and my God.
3 Selfs die swaweltjie het ’n huis gevind en die duif ’n nes vir haarself, waar hulle hul kleintjies naby U altare grootmaak, יהוה-Tzva’ot, my Koning en my God!
4 How happy are those who reside in Your house, who praise You continually. **Selah**
4 Gelukkig is hulle wat in U huis bly; hulle sal U helder en duidelik loof vir ewig.
5 Happy are the people whose strength is in You, whose hearts are set on pilgrimage.
5 Gelukkig is die mens wie se hulp vanaf U is, in wie se verstand, wil en emosie U lewenswyse is.
6 As they pass through the Valley of Baca, they make it a source of springwater; even the autumn rain will cover it with blessings.
6 Hulle het deur die vallei van trane gegaan en dit ’n blyplek gemaak; die Wetgewer sal dit oordek met seëninge.
7 They go from strength to strength; each appears before God in Zion.
7 Hulle sal gaan van krag tot krag; die God van die gode sal in Tziyon gesien word.
8 LORD God of Hosts, hear my prayer; listen, God of Jacob. **Selah**
8 יהוה, God van die leërmagte, hoor my gebed; luister, o God van Ya’akov!
9 Consider our shield, God; look on the face of Your anointed one.
9 Let op, o God, ons Skild en kyk na die gesig van U gesalfde,
10 Better a day in Your courts than a thousand anywhere else. I would rather be at the door of the house of my God than to live in the tents of wicked people.
10 want ’n dag in U howe is beter as ’n duisend; ek sal eerder kies om te bly in die huis van my God as om te bly in die tente van die bose,
11 For the LORD God is a sun and shield. The LORD gives grace and glory; He does not withhold the good from those who live with integrity.
11 want יהוה-God is ons Voorsiener en ons Helper; יהוה sal onverdiende guns, lof en eer gee; Hy sal geen goeie ding terughou van hom wat opreg lewe nie.
12 Happy is the person who trusts in You, LORD of Hosts!
12 יהוה-Tzva’ot, gelukkig is die mens wat in U vertrou!

Psalms 85

1 LORD, You showed favor to Your land; You restored Jacob’s prosperity.

1 Vir die musiekleier: 'n gedig van die seuns van Korag, met instrumentale musiek. יהוה, U was goedgunstig tot U land; U het die gevangeskap van Ya'akov omgedraai.
2 You took away Your people's guilt; You covered all their sin. **Selah**
2 U het die oortredinge van U volk vergewe, al hulle sondes bedek.
3 You withdrew all Your fury; You turned from Your burning anger.
3 U het al U woede weggevat, U het die intensiteit van U woede teruggetrek.
4 Return to us, God of our salvation, and abandon Your displeasure with us.
4 Herstel ons, o God, ons Verlosser en laat U woede teen ons ophou!
5 Will You be angry with us forever? Will You prolong Your anger for all generations?
5 Wees nie vir ewig vir ons kwaad nie, hou nie U woede teen al die geslagte nie.
6 Will You not revive us again so that Your people may rejoice in You?
6 Herstel ons en wek ons op sodat U volk hulleself in U kan verheug.
7 Show us Your faithful love, LORD, and give us Your salvation.
7 Wys ons U onverdiende guns, o יהוה en gee aan ons U verlossing!
8 I will listen to what God will say; surely the LORD will declare peace to His people, His godly ones, and not let them go back to foolish ways.
8 Ek sal hoor wat יהוה, ons God, sal sê, want Hy sal vrede oor Sy volk en oor Sy afgesonderdes praat dat hulle nie weer tot dwaasheid sal draai nie!
9 His salvation is very near those who fear Him, so that glory may dwell in our land.
9 Sy verlossing is sekerlik naby aan die wat Hom respekvol vrees, laat Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid in ons land bly.
10 Faithful love and truth will join together; righteousness and peace will embrace.
10 Onverdiende guns en waarheid ontmoet mekaar; onpartydige opregtheid en vrede soen mekaar.
11 Truth will spring up from the earth, and righteousness will look down from heaven.
11 Waarheid sal uit die aarde uit opspring en onpartydige opregtheid sal uit die hemel uit neerkyk.
12 Also, the LORD will provide what is good, and our land will yield its crops.
12 Ja, יהוה sal Sy goedheid gee en die land sal sy opbrengs lewer
13 Righteousness will go before Him to prepare the way for His steps.
13 en die onpartydig opregte gaan voor Hom uit en Hy sal sy paaie vestig op die aarde.

Psalms 86

1 Listen, LORD, and answer me, for I am poor and needy.

1 ’n Gebed van Dawid. Draai U oor na my, o יהוה, hoor my, want ek is arm en behoeftig.
2 Protect my life, for I am faithful. You are my God; save Your servant who trusts in You.
2 Bewaar my lewe, want U is afgesonderd; o my God, red U dienskneg wat in U vertrou.
3 Be gracious to me, Lord, for I call to You all day long.
3 Wees my goedgunstig, o יהוה, want ek roep elke dag na U.
4 Bring joy to Your servant’s life, because I turn to You, Lord.
4 Verbly die lewe van U dienskneg, want tot U, o יהוה, lig ek my lewe op,
5 For You, Lord, are kind and ready to forgive, rich in faithful love to all who call on You.
5 want U, o יהוה, is goed en U liefdevolle goedheid is oorvloedig vir almal wat U aanroep.
6 LORD, hear my prayer; listen to my plea for mercy.
6 Luister na my gebed, o יהוה en gee aandag aan die stem van my smekinge.
7 I call on You in the day of my distress, for You will answer me.
7 In die dag van my moeilikheid het ek na U geroep en U het my geantwoord.
8 Lord, there is no one like You among the gods, and there are no works like Yours.
8 Daar is niemand soos U, o יהוה my God en daar is geen dade soos U s’n nie.
9 All the nations You have made will come and bow down before You, Lord, and will honor Your name.
9 Al die nasies wat deur U gemaak is, sal kom en voor U neerbuig, o יהוה en U volle Karakter en Outoriteit (Naam) loof en eer,
10 For You are great and perform wonders; You alone are God.
10 want U is groot en doen wonderlike dinge; U alleen is God.
11 Teach me Your way, Yahweh, and I will live by Your truth. Give me an undivided mind to fear Your name.
11 Wys my U lewenswyses, ek sal in U waarheid lewe; my verstand, wil en emosie sal bly wees saam met hulle wat U Naam (Karakter en Outoriteit) aanbid.
12 I will praise You with all my heart, Lord my God, and will honor Your name forever.
12 Ek sal U loof en dank met uitgestrekte hande, o יהוה, my God, met my hele verstand, wil en emosie en ek sal U Naam (Karakter en Outoriteit) vir ewig loof, eer en aanbid,
13 For Your faithful love for me is great, and You deliver my life from the depths of Sheol.
13 want U liefdevolle goedheid is groot teenoor my en U het my lewe uit die

dieptes van Sh’ol bevry.
14 God, arrogant people have attacked me; a gang of ruthless men seeks my life. They have no regard for You.
14 O God, die bose het teen my opgestaan en die vergadering van gewelddadige manne soek my lewe en hulle dink nie aan U nie,
15 But You, Lord, are a compassionate and gracious God, slow to anger and rich in faithful love and truth.
15 maar U, o יהוה-God, is vol liefdevolle omgee en onverdiende guns, lankmoedig en oorvloedig in goedheid en waarheid.
16 Turn to me and be gracious to me. Give Your strength to Your servant; save the son of Your female servant.
16 Draai na my toe en bewys aan my onverdiende guns; gee krag aan U dienskneg en red die seun van U diensmaagd.
17 Show me a sign of Your goodness; my enemies will see and be put to shame because You, LORD, have helped and comforted me.
17 Wys aan my ’n teken ten goede sodat hulle wat my haat dit kan sien en beskaamd kan staan omdat U, o יהוה, my gehelp en vertroos het.

Psalms 87

1 His foundation is on the holy mountains.
1 ’n Gedig van die seuns van Korag, met instrumentale musiek; ’n lied. Haar fondasies is op Sy afgesonderde berg.
2 The LORD loves the gates of Zion more than all the dwellings of Jacob.
2 יהוה het die poorte van Tziyon meer lief as al die blyplekke van Ya’akov.
3 Glorious things are said about you, city of God. **Selah**
3 Wonderlike dinge word van jou gesê, o stad van ons God!
4 “I will mention those who know Me: Rahab, Babylon, Philistia, Tyre, and Cush — each one was born there.”
4 Ek sal noem van Ragav en Bavel, want hulle ken my krag; let op P’leshet, Tzor en die mense van Kush, dit sal gesê word dat hierdie man daar gebore is
5 And it will be said of Zion, “This one and that one were born in her.” The Most High Himself will establish her.
5 en van Tziyon sal gesê word: “Hierdie magtige man is in haar gebore en hy sal haar in stand hou.”
6 When He registers the peoples, the LORD will record, “This one was born there.” **Selah**
6 יהוה sal Sy volk tel soos Hy hulle in die boek opskryf; hierdie man is daar gebore.
7 Singers and dancers alike will say, “My whole source of joy is in you.”
7 Die prinse wat in jou bly sal bly wees en almal wat in jou nederig gemaak is.

Psalms 88

1 LORD, God of my salvation, I cry out before You day and night.
1 ’n Lied, ’n gedig van die seuns van Korag, met instrumentale musiek; vir die musiekleier: op die wysie van “Máhalat leannot (Siekte van onderdrukking),” ’n onderwysing van Heman, die Ezrahiet. הוהי, God van my verlossing, ek het dag en nag voor U uitgeroep.
2 May my prayer reach Your presence; listen to my cry.
2 Laat my gebed voor U kom, draai U oor tot my smeking,
3 For I have had enough troubles, and my life is near Sheol.
3 want my lewe is vol moeilikhede en my lewe is naby Sh’ol.
4 I am counted among those going down to the Pit. I am like a man without strength,
4 Ek word gereken by hulle wat afgaan in die put; ek is soos ’n man sonder krag,
5 abandoned among the dead. I am like the slain lying in the grave, whom You no longer remember, and who are cut off from Your care.
5 soos ’n edelman verlate tussen die dooies, soos die wat neergeslaan is, wat in die graf lê, vir wie U nie meer onthou nie; hulle is verlore vir U.
6 You have put me in the lowest part of the Pit, in the darkest places, in the depths.
6 U het my in die diepste put neergelê, in duisternis, in die skadu van die dood.
7 Your wrath weighs heavily on me; You have overwhelmed me with all Your waves. **Selah**
7 U woede rus swaar op my en U het my neergedruk met al U golwe.
8 You have distanced my friends from me; You have made me repulsive to them. I am shut in and cannot go out.
8 U het hulle wat my ken ver van my af verwyder, my vir hulle verwerplik gemaak; ek is toegesluit en kan nie uitkom nie.
9 My eyes are worn out from crying. LORD, I cry out to You all day long; I spread out my hands to You.
9 My oë is verswak deur te huil. הוהי, ek het daagliks na U toe uitgeroep, ek het my hande uitgesteek na U toe.
10 Do You work wonders for the dead? Do departed spirits rise up to praise You? **Selah**
10 Let op, U sal wonders aan die dooies wys; die magtiges sal opstaan en U loof en dank met uitgestrekte hande.
11 Will Your faithful love be declared in the grave, Your faithfulness in Abaddon?
11 Hulle wat in die graf is sal U liefdevolle goedheid verkondig en U getrouheid in verwoesting.
12 Will Your wonders be known in the darkness or Your righteousness in the land of oblivion?

12 U wonders sal bekend wees in die duisternis en U onpartydige opregtheid in die land wat in die steek gelaat is.
13 But I call to You for help, LORD; in the morning my prayer meets You.
13 Ek het egter na U geroep, o יהוה en in die oggend sal my gebed vroeg voor U kom.
14 LORD, why do You reject me? Why do You hide Your face from me?
14 יהוה, verstoot nie my lewe en draai nie U gesig weg van my nie.
15 From my youth, I have been afflicted and near death. I suffer Your horrors; I am desperate.
15 Ek is arm en neergebuig van my jeug af; ek was trots, maar nou is ek verneder en vergruis.
16 Your wrath sweeps over me; Your terrors destroy me.
16 U intense woede gaan oor my; U verskrikkinge het my stil gemaak;
17 They surround me like water all day long; they close in on me from every side.
17 hulle het my elke dag omring soos water, hulleself opgestel rondom my.
18 You have distanced loved one and neighbor from me; darkness is my only friend.
18 U het vriende en naaste ver van my verwyder; die wat my ken, het U van my af weggehou.

Psalms 89

1 I will sing about the LORD's faithful love forever; I will proclaim Your faithfulness to all generations with my mouth.
1 'n Onderwysing van Eitan, die Ezrahiet. 2 Ek sal sing van die goedheid van יהוה vir ewig; ek sal U getrouheid van geslag tot geslag met my mond bekend maak,
2 For I will declare, "Faithful love is built up forever; You establish Your faithfulness in the heavens."
2 want ek het gesê: "Die wêreld sal opgebou word deur goedheid; U getrouheid word in die hemele bevestig."
3 The LORD said, "I have made a covenant with My chosen one; I have sworn an oath to David My servant:
3 Ek het 'n verbond gesluit met wie Ek gekies het; Ek het gesweer tot Dawid, My dienskneg:
4 'I will establish your offspring forever and build up your throne for all generations.' " **Selah**
4 "Tot in ewigheid sal Ek jou nageslag bevestig en jou troon opbou van geslag tot geslag."
5 LORD, the heavens praise Your wonders — Your faithfulness also — in the assembly of the holy ones.

5 Die hemele sal U wonders loof met uitgestrekte hande, o יהוה, U getrouheid ook in die vergadering van die afgesonderdes,
6 For who in the skies can compare with the LORD? Who among the heavenly beings is like the LORD?
6 want wie in die hemel kan met יהוה vergelyk word? Wie van die engele kan met יהוה vergelyk word?
7 God is greatly feared in the council of the holy ones, more awe-inspiring than all who surround Him.
7 God staan op in die raad van die afgesonderdes, groot en respekteerbaar bo almal wat rondom Hom is.
8 LORD God of Hosts, who is strong like You, LORD? Your faithfulness surrounds You.
8 O יהוה, God van die leërmagte, wie is magtig soos U? U getrouheid is rondom U!
9 You rule the raging sea; when its waves surge, You still them.
9 U heers oor die prag en praal van die see; U maak sy golwe stil.
10 You crushed Rahab like one who is slain; You scattered Your enemies with Your powerful arm.
10 U het die trotses verneder soos een wat verslaan is, U het U vyande met U sterk arm verstrooi.
11 The heavens are Yours; the earth also is Yours. The world and everything in it — You founded them.
11 Die hemele behoort aan U, ook die aarde is U s’n; wat die wêreld en sy volheid betref, U het dit begin.
12 North and south — You created them. Tabor and Hermon shout for joy at Your name.
12 Die noorde en die suide, U het hulle geskep; Tavor en Hermon sal in U Naam (Karakter en Outoriteit) sing van vreugde.
13 You have a mighty arm; Your hand is powerful; Your right hand is lifted high.
13 Dit is U arm en dit is U mag; U hand is sterk en U hand sal opgelig word.
14 Righteousness and justice are the foundation of Your throne; faithful love and truth go before You.
14 U troon word gebou op onpartydige opregtheid en regverdige oordeel; onverdiende guns en waarheid gaan voor U Teenwoordigheid uit.
15 Happy are the people who know the joyful shout; Yahweh, they walk in the light of Your presence.
15 Gelukkig is die volk wat U Gemanifesteerde Teenwoordigheid ken; o יהוה, hulle sal in die lig van U aangesig loop.
16 They rejoice in Your name all day long, and they are exalted by Your righteousness.
16 In U Naam (Karakter en Outoriteit) sal hulle die hele dag lank juig en deur

U onpartydige opregtheid opgelig word,
17 For You are their magnificent strength; by Your favor our horn is exalted.
17 want U is die Mooiheid van ons sterkte en deur U guns sal ons horing opgelig word,
18 Surely our shield belongs to the LORD, our king to the Holy One of Israel.
18 want יהוה is ons Versekerde Verwagting en die Afgesonderde Een van Yisra'el is ons Koning.
19 You once spoke in a vision to Your loyal ones and said: "I have granted help to a warrior; I have exalted one chosen from the people.
19 Toe het Hy in visioene gepraat met Sy regverdige en gesê: "Ek het hulp verleen aan 'n man, Ek het een opgelig wat vanuit die volk gekies is.
20 I have found David My servant; I have anointed him with My sacred oil.
20 Ek het Dawid, My dienskneg, gevind; met My afgesonderde olie het Ek hom gesalf.
21 My hand will always be with him, and My arm will strengthen him.
21 My hand het hom gehelp, My arm het hom ook versterk.
22 The enemy will not afflict him; no wicked man will oppress him.
22 Die vyand sal nie sterk wees teenoor hom nie, of die seuns van die bose hom lastig val nie
23 I will crush his foes before him and strike those who hate him.
23 en Ek sal sy vyande voor hom vernietig en die een wat hom haat, lastig val,
24 My faithfulness and love will be with him, and through My name his horn will be exalted.
24 maar My getrouheid en onverdiende guns sal by hom wees en in My Karakter en Outoriteit (Naam) sal sy horing opgelig word.
25 I will extend his power to the sea and his right hand to the rivers.
25 Ek sal sy hand ook op die see lê en sy regterhand op die riviere.
26 He will call to Me, 'You are my Father, my God, the rock of my salvation.'
26 Hy sal na My toe uitroep: 'U is my Vader, my God en my Magtige Verlosser!'
27 I will also make him My firstborn, greatest of the kings of the earth.
27 Ék sal hom My eersgeborene maak en hom verhoog bo die konings van die aarde.
28 I will always preserve My faithful love for him, and My covenant with him will endure.
28 Ek sal My goedheid vir ewig vir hom hou en My verbond sal vas staan met hom.
29 I will establish his line forever, his throne as long as heaven lasts.
29 Ek sal ook sy nageslag vir ewig laat duur en sy troon soos die dae van die hemel.
30 If his sons forsake My instruction and do not live by My ordinances,
30 As sy seuns My wet verlaat en nie in My oordele lewe nie,
11 On that day the Lord will extend His hand a second time to recover — from Assyria, Egypt, Pathros, Cush, Elam, Shinar, Hamath, and the coasts and islands of the west — the remnant of His people who survive.
11 Dan sal dit gebeur op daardie dag dat יהוה weer vir die tweede keer met Sy hand, dié wat oorbly van Sy volk, vanuit Ashur, Mitzrayim, Patros, Kush,

`Eilam, Shin’ar, Hamat en die eilande van die see, sal terugwen.
12 He will lift up a banner for the nations and gather the dispersed of Israel; He will collect the scattered of Judah from the four corners of the earth.
12 Hy sal ’n banier oplig vir die nasies, die uitgebandes van Yisra’el laat vergader en die verstrooides van Y’hudah bymekaarmaak uit die vier hoeke van die aarde.
13 Ephraim’s envy will cease; Judah’s harassment will end. Ephraim will no longer be envious of Judah, and Judah will not harass Ephraim.
13 Dan sal die jaloesie van Efrayim verdwyn en die wat Y’hudah lastig val sal afgesny word; Efrayim sal nie jaloers wees op Y’hudah nie en Y’hudah sal Efrayim nie lastig val nie.
14 But they will swoop down on the Philistine flank to the west. Together they will plunder the people of the east. They will extend their power over Edom and Moab, and the Ammonites will be their subjects.
14 Hulle sal afsweef op die hange van die F’lishtyne aan die weste; saam sal hulle die seuns van die Ooste plunder; hulle sal Edom en Mo’av besit en die seuns van `Ammon sal aan hulle onderdanig wees.
15 The L**ORD** will divide the Gulf of Suez. He will wave His hand over the Euphrates with His mighty wind and will split it into seven streams, letting people walk through on foot.
15 יהוה sal die seetong van Mitzrayim heeltemal vernietig en Hy sal Sy hand oor die Rivier swaai met Sy skroeiende wind en dit uitmekaar slaan tot sewe strome en mense droog laat oorloop.
16 There will be a highway for the remnant of His people who will survive from Assyria, as there was for Israel when they came up from the land of Egypt.
16 Daar sal ’n hoofpad wees vir die oorblywendes van Sy volk wat oorbly uit Ashur, net soos daar was vir Yisra’el op die dag toe hulle uit Mitzrayim uit opgekom het.

Isaiah 12

1 On that day you will say: “I will praise You, L**ORD**, although You were angry with me. Your anger has turned away, and You have had compassion on me.
1 Dan sal jy op daardie dag sê: “Ek sal U dank, יהוה, want alhoewel U kwaad was vir my, is U woede weggedraai en U vertroos my.
2 Indeed, God is my salvation; I will trust Him and not be afraid, for Yah, the L**ORD**, is my strength and my song. He has become my salvation.”
2 Let op, die Magtige God is my Verlossing, ek sal vertrou en nie bang wees nie, want Yah, יהוה, is my Krag en my Loflied en Hy het my Verlossing geword.”
3 You will joyfully draw water from the springs of salvation,
3 Julle sal daarom met vreugde water skep uit die fonteine van verlossing.

4 and on that day you will say: “Give thanks to Yahweh; proclaim His name! Celebrate His works among the peoples. Declare that His name is exalted.

4 In dié dag sal julle sê: “Gee dank aan יהוה, roep Sy Naam aan, maak Sy dade onder die volke bekend, laat hulle onthou dat Sy Naam (Karakter en Outoriteit) hoog opgelig is!

5 Sing to Yahweh, for He has done glorious things. Let this be known throughout the earth.

5 Lofprys יהוה deur sang, want Hy het uitstekende dinge gedoen; laat dit bekend wees regdeur die aarde.

6 Cry out and sing, citizen of Zion, for the Holy One of Israel is among you in His greatness.”

6 Jubel en skree uit van vreugde, o inwoners van Tziyon, want die Afgesonderde van Yisra’el is groot in julle midde.”

Isaiah 13

1 An oracle against Babylon that Isaiah son of Amoz saw:

1 Die profetiese gesig wat Yesha’yahu, die seun van Amotz, aangaande Bavel gesien het:

2 Lift up a banner on a barren mountain. Call out to them. Wave your hand, and they will go through the gates of the nobles.

2 Lig ’n banier op die kaal berg op; roep hulle hardop toe, waai met die hand sodat hulle die deure van die edeles kan binnegaan.

3 I have commanded My chosen ones; I have also called My warriors, who exult in My triumph, to execute My wrath.

3 Ek het My afgesonderdes opdrag gegee; Ek het selfs My magtige soldate geroep, My trots, jubelendes, om My woede uit te voer.

4 Listen, a tumult on the mountains, like that of a mighty people! Listen, an uproar among the kingdoms, like nations being gathered together! The L**ORD** of Hosts is mobilizing an army for war.

4 ’n Klank van opskudding op die berge soos die van baie mense; ’n klank van die oproer van die koninkryke van nasies wat bymekaargekom het! יהוה-Tzva’ot roep die leër op vir oorlog.

5 They are coming from a far land, from the distant horizon — the L**ORD** and the weapons of His wrath — to destroy the whole country.

5 Hulle kom vanaf ’n ver land, van die verste horisonne af, יהוה en Sy instrumente van Sy woede, om die hele land te verwoes.

6 Wail! For the day of the L**ORD** is near. It will come like destruction from the Almighty.

6 Huil, want die dag van יהוה is naby! Dit sal kom as die vernietiging deur die Almagtige;

7 Therefore everyone’s hands will become weak, and every man’s heart will

melt.
7 daarom val al die hande slap en elke mens se binneste sal smelt.
8 They will be horrified; pain and agony will seize them; they will be in anguish like a woman in labor. They will look at each other, their faces flushed with fear.
8 Hulle sal beangs wees, pyne en benoudheid sal hulle aangryp; hulle sal inmekaarkrimp soos ’n vrou wat geboorte gee; hulle sal na mekaar kyk in verbasing; hulle gesigte ontvlam.
9 Look, the day of the L**ORD** is coming — cruel, with rage and burning anger — to make the earth a desolation and to destroy the sinners on it.
9 Let op, die dag van יהוה kom, hardvogtig, met toorn en brandende woede, om die land verlate te maak en Hy sal die sondaars daarop uitwis,
10 Indeed, the stars of the sky and its constellations will not give their light. The sun will be dark when it rises, and the moon will not shine.
10 want die sterre van die hemel en sy konstelasies sal nie hulle lig laat skyn nie; die son sal donker wees as hy opkom en die maan sal nie sy lig laat skyn nie.
11 I will bring disaster on the world, and their own iniquity, on the wicked. I will put an end to the pride of the arrogant and humiliate the insolence of tyrants.
11 So sal Ek die wêreld vir sy boosheid en die morele bose vir sy permissiwiteit straf; Ek sal ook ’n einde maak aan die arrogansie van die trotses en die hoogmoed van die gewetenlose verneder.
12 I will make man scarcer than gold, and mankind more rare than the gold of Ophir.
12 Ek sal die sterflike mens skaarser maak as suiwer goud en die mensdom as die goud van Ofir.
13 Therefore I will make the heavens tremble, and the earth will shake from its foundations at the wrath of the L**ORD** of Hosts, on the day of His burning anger.
13 Ek sal daarom die hemel laat bewe en die aarde sal deur die toorn van יהוה-Tzva’ot uit sy plek geskud word in die dag van Sy brandende woede.
14 Like wandering gazelles and like sheep without a shepherd, each one will turn to his own people, each one will flee to his own land.
14 Dit sal wees soos ’n gasel wat gejag word, of soos kleinvee met niemand om hulle bymekaar te maak nie, hulle sal elkeen na sy eie volk toe draai en elkeen na sy land toe vlug.
15 Whoever is found will be stabbed, and whoever is caught will die by the sword.
15 Enige een wat gevind word, sal deurboor word en elkeen wat gevang word, val deur die swaard.
16 Their children will be smashed to death before their eyes; their houses will be looted, and their wives raped.

16 Hulle kinders sal in stukke geslaan word voor hulle oë, hul huise sal geplunder en hul vroue onteer word.
17 Look! I am stirring up the Medes against them, who cannot be bought off with silver and who have no desire for gold.
17 Let op, Ek gaan die Mede teen hulle opstook, wat silwer nie sal ag en geen behae in goud sal hê nie.
18 Their bows will cut young men to pieces. They will have no compassion on little ones; they will not look with pity on children.
18 Hulle boë sal die jongmanne afmaai, hulle sal nie eens omgee vir die vrug van die baarmoeder nie;
hulle oog sal ook nie jammer wees vir die kinders nie.
19 And Babylon, the jewel of the kingdoms, the glory of the pride of the Chaldeans, will be like Sodom and Gomorrah when God overthrew them.
19 Bavel, die skoonheid van die koninkryke, die lof en eer van die Kasdeërs se trots, sal wees soos toe God S'dom en `Amorra omgekeer het.
20 It will never be inhabited or lived in from generation to generation; a nomad will not pitch his tent there, and shepherds will not let their flocks rest there.
20 Van geslag tot geslag sal dit nooit bewoon word of in geleef word nie en die Arabier sal ook nie sy tent daar opslaan nie en ook sal geen herders hulle vee daar laat lê nie,
21 But desert creatures will lie down there, and owls will fill the houses. Ostriches will dwell there, and wild goats will leap about.
21 maar woestyn gediertes sal daar lê en hulle huise sal vol uile wees; volstruise sal ook daar leef en bokramme sal daar rondspring.
22 Hyenas will howl in the fortresses, and jackals, in the luxurious palaces. Babylon's time is almost up; her days are almost over.
22 Hiënas sal huil in hulle versterkte torings en jakkalse in hulle luukse paleise. Haar tyd sal ook gou kom en haar dae sal nie uitgerek word nie.

Isaiah 14

1 For the LORD will have compassion on Jacob and will choose Israel again. He will settle them on their own land. The foreigner will join them and be united with the house of Jacob.
1 Wanneer יהוה omgee sal wys oor Ya'akov en Yisra'el weer sal kies en hulle in hul eie land vestig, dan sal vreemdelinge hulle by hul voeg en hulleself verbind tot die huis van Ya'akov.
2 The nations will escort Israel and bring it to its homeland. Then the house of Israel will possess them as male and female slaves in the LORD's land. They will make captives of their captors and will rule over their oppressors.
2 Hulle sal die volke saamvat en na hul plek bring en die huis van Yisra'el sal hulle besit as 'n erfenis in die land van יהוה, as slawe en slavinne; hulle sal

dié gevange neem wat hulle as gevangenes weggevoer het en oor hulle onderdrukkers heers.
3 When the LORD gives you rest from your pain, torment, and the hard labor you were forced to do,
3 Dit sal wees op die dag wanneer יהוה jou rus gee van jou smart, jou rusteloosheid en van die harde diens waaraan julle verslaaf is
4 you will sing this song of contempt about the king of Babylon and say: How the oppressor has quieted down, and how the raging has become quiet!
4 dat jy hierdie spreuk teen die koning van Bavel sal begin en sê: “Hoe het die onderdrukker opgehou, die ywerige het opgehou!
5 The LORD has broken the staff of the wicked, the scepter of the rulers.
5 יהוה het die staf van die bose oortreder verbreek, die septer van die heersers,
6 It struck the peoples in anger with unceasing blows. It subdued the nations in rage with relentless persecution.
6 wat die volke in raserny met onophoudelike slae geslaan het, wat die nasies in woede onderdruk het met onbeteuelde vervolging.
7 All the earth is calm and at rest; people shout with a ringing cry.
7 Die hele aarde rus, is stil; hulle breek uit in uitroepe van blydskap.
8 Even the cypresses and the cedars of Lebanon rejoice over you: “Since you have been laid low, no woodcutter has come against us.”
8 Selfs die sipresbome en die seders van die L’vanon is bly oor jou en hulle sê: ‘Sedert jy afgebring is, kom geen snyer teen ons op nie.’
9 Sheol below is eager to greet your coming. He stirs up the spirits of the departed for you — all the
rulers of the earth. He makes all the kings of the nations rise from their thrones.
9 Sh’ol, onder, is opgewonde oor jou koms; dit wek al die leiers van die aarde en die konings van die nasies op wat jy onttroon het.
10 They all respond to you, saying: “You too have become as weak as we are; you have become like us!
10 Hulle sal almal antwoord en vir jou sê: ‘Selfs jy is swak gemaak soos ons; jy het soos ons geword.’
11 Your splendor has been brought down to Sheol, along with the music of your harps. Maggots are spread out under you, and worms cover you.”
11 Jou prag en praal en die musiek van jou harpe is afgebring na Sh’ol; maaiers is onder jou uitgesprei en wurms is jou bedekking.’
12 Shining morning star, how you have fallen from the heavens! You destroyer of nations, you have been cut down to the ground.
12 Hoe het jy geval uit die hemel, o môrester, seun van die sonsopkoms! Jy is na die aarde toe afgesny, jy wat die nasies swak gemaak het,
13 You said to yourself: “I will ascend to the heavens; I will set up my throne above the stars of God. I will sit on the mount of the gods’ assembly, in the remotest parts of the North.

13 maar jy het in jou verstand, wil en emosie gesê: ‘Ek wil opgaan na die hemel; ek sal my troon oplig bo die sterre van God en ek sal sit op die berg van ontmoeting, aan die noordelike uithoek.
14 I will ascend above the highest clouds; I will make myself like the Most High.”
14 Ek sal opgaan bo die hoogtes van die wolke; ek sal myself soos die Allerhoogste maak!’
15 But you will be brought down to Sheol into the deepest regions of the Pit.
15 Nogtans sal jy in Sh’ol neergewerp word, in die diepste plekke van die put!
16 Those who see you will stare at you; they will look closely at you: “Is this the man who caused the earth to tremble, who shook the kingdoms,
16 Die wat jou sien, sal jou aanstaar, hulle sal oor jou wonder en sê: ‘Is dit die man wat die aarde laat bewe het, wat koninkryke geskud het,
17 who turned the world into a wilderness, who destroyed its cities and would not release the prisoners to return home? ”
17 wat die wêreld soos ’n wildernis gemaak en sy stede verwoes het, wat nie sy gevangenes toegelaat het om huis toe te gaan nie?
18 All the kings of the nations lie in splendor, each in his own tomb.
18 Al die konings van die nasies lê in lof en eer, elkeen in sy eie graf,
19 But you are thrown out without a grave, like a worthless branch, covered by those slain with the sword and dumped into a rocky pit like a trampled corpse.
19 maar jy is uitgewerp uit jou graf, soos ’n verwerpte tak, aangetrek met die doodgemaaktes wat deurboor is met ’n swaard, wat afgaan na die klippe van die put, soos ’n vertrapte lyk.
20 You will not join them in burial, because you destroyed your land and slaughtered your own people. The offspring of evildoers will never be remembered.
20 Jy sal nie met hulle in die graf verenig word nie, want jy het jou land verwoes, jou volk doodgemaak. Mag die nageslag van die boosdoeners vir ewig nie genoem word nie.
21 Prepare a place of slaughter for his sons, because of the iniquity of their fathers. They will never rise up to possess a land or fill the surface of the earth with cities.
21 Berei ’n plek van slagting voor vir sy seuns, as gevolg van die oortredinge van hulle vaders. Hulle moenie opstaan en die aarde in besit neem en die oppervlak van die wêreld vol stede maak nie.”
22 “I will rise up against them” — this is the declaration of the L**ORD** of Hosts — “and I will cut off from Babylon her reputation, remnant, offspring, and posterity” — this is the L**ORD**’s declaration.
22 “Ek sal teen hulle opstaan,” verklaar יהוה-Tzva’ot, “en sal van Bavel af afsny: naam, oorblewene, nageslag en nakomeling,” verklaar יהוה.
23 “I will make her a swampland and a region for screech owls, and I will sweep her away with a broom of destruction.” This is the declaration of the

LORD of Hosts.
23 “Ek sal dit ’n besitting maak vir die krimpvarkie en moerasse van water en Ek sal dit wegvee met die besem van vernietiging,” verklaar יהוה-Tzva’ot.
24 The LORD of Hosts has sworn: As I have purposed, so it will be; as I have planned it, so it will happen.
24 יהוה-Tzva’ot het gesweer en gesê: “Waarlik, net soos Ek dit wou, so het dit gebeur en net soos Ek beplan het, so sal dit wees:
25 I will break Assyria in My land; I will tread him down on My mountain. Then his yoke will be taken from them, and his burden will be removed from their shoulders.
25 om Ashur te verbreek in My land en Ek sal hom op My berge vertrap. Dan sal sy juk van hulle af verwyder word en sy las van hulle skouer af.
26 This is the plan prepared for the whole earth, and this is the hand stretched out against all the nations.
26 Dit is die plan wat teen die hele aarde gemaak is en dit is die hand wat uitgestrek is oor al die nasies,
27 The LORD of Hosts Himself has planned it; therefore, who can stand in its way? It is His hand that is outstretched, so who can turn it back?
27 want יהוה-Tzva’ot het beplan, wie kan dit verydel? Sy hand is uitgestrek, wie kan dit terugdraai?”
28 In the year that King Ahaz died, this oracle came:
28 In die jaar wat koning Agaz dood is, het hierdie profetiese visie gekom:
29 Don’t rejoice, all of you in Philistia, because the rod of the one who struck you is broken. For a viper will come from the root of a snake, and from its egg comes a flying serpent.
29 “Wees nie bly, enige van julle in F’lishtia omdat die lat verbreek is wat jou geslaan het nie, want uit die wortel van die slang sal ’n adder uitkom en sy vrug sal ’n vlieënde slang wees.
30 Then the firstborn of the poor will be well fed, and the impoverished will lie down in safety, but I will kill your root with hunger, and your remnant will be slain.
30 Die wat die hulpeloosste is, sal eet en die behoeftiges sal in veiligheid lê. Ek sal jou wortel met hongersnood vernietig en dit sal dié van jou wat oorgebly het doodmaak.
31 Wail, you gates! Cry out, city! Tremble with fear, all Philistia! For a cloud of dust is coming from the north, and there is no one missing from the invader’s ranks.
31 Huil, o poort! Skree, o stad! O, F’lishtia, almal van julle is in verwarring, want rook sal uit die noorde kom en daar is niemand alleen in Sy aangestelde tye nie.
32 What answer will be given to the messengers from that nation? The LORD has founded Zion, and His afflicted people find refuge in her.
32 Hoe sal ’n mens die boodskappers van die nasies antwoord? Dat יהוה

Tziyon gestig het en die geteisterdes van Sy volk sal daarin skuiling soek."

Isaiah 15

1 An oracle against Moab: Ar in Moab is devastated, destroyed in a night. Kir in Moab is devastated, destroyed in a night.

1 Die profetiese visioen aangaande Mo'av: "Sekerlik is `Ar-Mo'av in 'n nag vernietig en verwoes! Sekerlik is Kir-Mo'av in 'n nag vernietig en verwoes!

2 Dibon went up to its temple to weep at its high places. Moab wails on Nebo and at Medeba. Every head is shaved; every beard is cut off.

2 Hulle het opgegaan na die tempel en na Dibon, na die hoë plekke om te huil; Mo'av huil oor N'vo en Meidva; almal se koppe is kaal, elke baard is afgesny.

3 In its streets they wear sackcloth; on its rooftops and in its public squares everyone wails, falling down and weeping.

3 Op hul strate het hulle rouklere aangegord; op hulle dakke en op hulle pleine, almal huil, deurdrenk in trane.

4 Heshbon and Elealeh cry out; their voices are heard as far away as Jahaz. Therefore the soldiers of Moab cry out, and they tremble.

4 Heshbon en El'aleh skree ook uit, hulle stem word gehoor al die pad tot by Yagatz; daarom skree die gewapende manne van Mo'av hardop; sy lewe sidder binne hom.

5 My heart cries out over Moab, whose fugitives flee as far as Zoar, to Eglath-shelishiyah; they go up the slope of Luhith weeping; they raise a cry of destruction on the road to Horonaim.

5 My verstand, wil en emosie skree uit oor Mo'av; sy vlugtelinge is sover as tot by Tzo'ar en Eglat- Sh'lishiyah, want hulle gaan die hoogte van Lugit uit met gehuil; op die pad na Horonayim skree hulle sekerlik 'n kreet van benoudheid uit oor die verwoesting,

6 The waters of Nimrim are desolate; the grass is withered, the foliage is gone, and the vegetation has vanished.

6 want die waters van Nimrim is verlate, die gras is verseker verlep, die grasspruitjies het doodgegaan, daar is geen groenigheid nie.

7 So they carry their wealth and belongings over the Wadi of the Willows.

7 Hulle dra daarom die oorvloed wat hulle bymekaargemaak en gestoor het oor die Wilgerspruit,

8 For their cry echoes throughout the territory of Moab. Their wailing reaches Eglaim; their wailing reaches Beer-elim.

8 want die uitroep van benoudheid het in die grondgebied van Mo'av rondgegaan, sy gehuil so ver as tot by Eglayim en sy huilery selfs tot by Be'er-Elim,

9 The waters of Dibon are full of blood, but I will bring on Dibon even more than this — a lion for those who escape from Moab, and for the survivors in the land.

9 want die waters van Dimon is vol bloed; Ek sal sekerlik meer oor Dimon bring, ’n leeu oor die vlugtelinge van Mo’av en oor die van die land wat oorgebly het.”

Isaiah 16

1 Send lambs to the ruler of the land, from Sela in the desert to the mountain of Daughter Zion.
1 Die profesie oor die res van die land: “Ek sal die seun van die regeerder van die land, vanaf Selah, (die Rotsstad) in die wildernis, na die berg van die dogter van Tziyon stuur,
2 Like a bird fleeing, forced from the nest, the daughters of Moab will be at the fords of the Arnon.
2 dan sal die dogters van Mo’av wees soos voëls wat vlug, ’n nes uitmekaar gejaag, by die driwwe van die Arnon.
3 Give us counsel and make a decision. Shelter us at noonday with shade that is as dark as night. Hide the refugees; do not betray the one who flees.
3 Gee advies, maak ’n besluit, gooi jou skaduwee soos die nag oor die middel van die dag, steek die uitgeworpenes weg, moenie die vlugteling verraai nie!
4 Let my refugees stay with you; be a refuge for Moab from the aggressor. When the oppressor has gone, destruction has ended, and marauders have vanished from the land.
4 Laat die uitgeworpenes van Mo’av by jou bly; wees ’n skuilplek vir hulle teen die vernietiger, want die afperser het tot ’n einde gekom, verwoesting het opgehou, onderdrukkers is heeltemal weg uit die land!
5 Then in the tent of David a throne will be established by faithful love. A judge who seeks what is right and is quick to execute justice will sit on the throne forever.
5 ’n Troon sal selfs opgerig word in liefdevolle omgee en ’n Regter sal in Dawid se tent in vertrouenswaardigheid daarop sit; meer nog, Hy sal regverdige oordeel soek en gou wees in onpartydige opregtheid.
6 We have heard of Moab’s pride — how very proud he is — his haughtiness, his pride, his arrogance, and his empty boasting.
6 Ons het gehoor van die trotsheid van Mo’av, ’n oormatige trots; van sy arrogansie, trotsheid en woede; sy ydele grootpratery is vals.
7 Therefore let Moab wail; let every one of them wail for Moab. Mourn, you who are completely devastated, for the raisin cakes of Kir-hareseth.
7 Mo’av sal daarom huil, almal sal oor Mo’av huil, want die fondasies van die mure is vernietig; sekerlik kerm hulle soos dié wat siek is,
8 For Heshbon’s terraced vineyards and the grapevines of Sibmah have withered. The rulers of the nations have trampled its choice vines that reached as far as Jazer and spread to the desert. Their shoots spread out and reached the Dead Sea.
8 want die velde van Heshbon het verwelk, die wingerde van Sivmah; die

meesters van die nasies het sy keurtrosse vertrap, wat so ver as Ya’zer gekom het en in die woestyne ingedwaal het; sy ranke het hulleself uitgesprei en oor die see gegaan;
9 So I join with Jazer to weep for the vines of Sibmah; I drench Heshbon and Elealeh with my tears. Triumphant shouts have fallen silent over your summer fruit and your harvest.
9 daarom sal Ek jou bitterlik laat huil met die huil van Ya’zer, vir die wingerd van Sibmah; Ek sal jou deurdrenk met jou trane, Heshbon en El’aleh, want die uitroepe oor jou somervrugte en jou oes het weggeval.
10 Joy and rejoicing have been removed from the orchard; no one is singing or shouting for joy in the vineyards. No one tramples grapes in the winepresses. I have put an end to the shouting.
10 Vreugde en blydskap word weggevat uit die vrugbare veld; in die wingerde sal daar ook nie uitroepe van vreugde of jubelende gejuig wees nie; geen trapper trap wyn uit in die parskuipe nie; Ek het die uitroepe van vreugde laat ophou.
11 Therefore I moan like the sound of a lyre for Moab, as does my innermost being for Kir-heres.
11 My verstand, wil en emosie weeklaag daarom soos ’n harp oor Mo’av en My binneste gevoelens oor die versterkte mure wat vernietig sal word.
12 When Moab appears on the high place, when he tires himself out and comes to his sanctuary to pray, it will do him no good.
12 So sal dit wees as Mo’av homself aanbied: wanneer hy homself moeg maak op die hoë plek en na sy afgesonderde plek kom om te bid, sal hy nie seëvier nie.”
13 This is the message that the L**ORD** previously announced about Moab.
13 Dit is die woord wat יהוה vroeër teen Mo’av gepraat het,
14 And now the L**ORD** says, “In three years, as a hired worker counts years, Moab’s splendor will become an object of contempt, in spite of a very large population. And those who are left will be few and weak.”
14 maar nou praat יהוה en sê: “Binne drie jaar, soos ’n huurling hulle sal tel, sal die lof en eer van Mo’av onteer word saam met sy hele groot populasie en dié wat oorbly van hom sal baie klein en magteloos wees.”

Isaiah 17

1 An oracle against Damascus: Look, Damascus is no longer a city. It has become a ruined heap.
1 Die profetiese visioen aangaande Dammesek: “Let op, Dammesek is op die punt om as stad verwyder te word en sal ’n gevalle puinhoop word.
2 The cities of Aroer are forsaken; they will be places for flocks. They will lie down without fear.
2 Die stede van `Aro’er is verlate; hulle sal vir die troppe vee wees om in te lê

en daar sal niemand wees om hulle bang te maak nie.
3 The fortress disappears from Ephraim, and a kingdom from Damascus. The remnant of Aram will be like the splendor of the Israelites. This is the declaration of the LORD of Hosts.
3 Die versterkte stad sal verdwyn uit Efrayim en koningskap uit Dammesek; die wat oorbly van Aram sal wees soos die lof en eer van die seuns van Yisra'el," verklaar הוהי-Tzva'ot.
4 On that day the splendor of Jacob will fade, and his healthy body will become emaciated.
4 "In daardie dag sal die lof en eer van Ya'akov wegkwyn en die vettigheid van sy vlees sal maer word.
5 It will be as if a reaper had gathered standing grain — his arm harvesting the heads of grain — and as if one had gleaned heads of grain in the Valley of Rephaim.
5 Dit sal wees soos wanneer die maaier die ongesnyde graan bymekaarvat en sy arm die are oes; of dit sal wees soos iemand wat are optel in die vallei van Refa'im.
6 Only gleanings will be left in Israel, as if an olive tree had been beaten — two or three berries at the very top of the tree, four or five on its fruitful branches. This is the declaration of the LORD, the God of Israel.
6 Tog sal 'n na-oes daarin gelos word soos by die skud van 'n olyfboom: twee, drie olywe aan die heelboonste tak; vier, vyf aan die takke van 'n vrugbare boom," verklaar הוהי, die God van Yisra'el.
7 On that day people will look to their Maker and will turn their eyes to the Holy One of Israel.
7 "In daardie dag sal die mens sy Maker in ag neem en sy oë sal kyk na die Afgesonderde Een van Yisra'el.
8 They will not look to the altars they made with their hands or to the Asherahs and incense altars they made with their fingers.
8 Hy sal nie die altare in ag neem nie, die werk van sy hande, of kyk na wat sy vingers gemaak het nie, selfs die Asherah en die wierook staanders.
9 On that day their strong cities will be like the abandoned woods and mountaintops that were abandoned because of the Israelites; there will be desolation.
9 In daardie dag sal hulle sterk stede soos verlate plekke in die woud wees, of soos takke wat hulle gelos
het voor die seuns van Yisra'el en die land sal 'n verlatenheid word,
10 For you have forgotten the God of your salvation, and you have failed to remember the rock of your strength; therefore you will plant beautiful plants and set out cuttings from exotic vines.
10 want jy het die God van jou verlossing vergeet en nie die Rots van jou toevlug onthou nie; daarom plant jy lieflike plante en lê dit uit met vreemde wingerdstokke.
11 On the day that you plant, you will help them to grow, and in the morning

you will help your seed to sprout, but the harvest will vanish on the day of disease and incurable pain.
11 Op die dag dat jy hulle plant, sal hul bloeisels voortbring en in die oggend sal jou saad uitspruit, maar die oes sal ’n mislukking wees in die dag van sieklikheid en desperate pyn.
12 Ah! The roar of many peoples — they roar like the roaring of the seas. The raging of the nations — they rage like the raging of mighty waters.
12 Helaas, die gedruis van baie volke, wat brul soos die gedruis van die seë en die geraas van nasies wat voortjaag soos die geraas van magtige waters!
13 The nations rage like the raging of many waters. He rebukes them, and they flee far away, driven before the wind like chaff on the hills and like tumbleweeds before a gale.
13 Die nasies druis voort soos die gedruis van baie waters, maar Hy sal hulle bestraf en hulle sal ver weg vlug en gejaag word soos kaf in die berge voor die wind of soos stof voor ’n stormwind.
14 In the evening — sudden terror! Before morning — it is gone! This is the fate of those who plunder us and the lot of those who ravage us.
14 In die aand, let op, is daar verskrikking! Voor die oggend is hulle nie meer nie. Dit is die deel van hulle wat ons plunder en die lot van hulle wat ons beroof.

Isaiah 18

1 Ah! The land of buzzing insect wings beyond the rivers of Cush
1 Wee jou, o land van suisende vlerke wat anderkant die riviere van Kush lê,
2 sends couriers by sea, in reed vessels on the waters. Go, swift messengers, to a nation tall and smooth- skinned, to a people feared far and near, a powerful nation with a strange language, whose land is divided by rivers.
2 wat afgevaardigdes per see stuur, in vaartuie van papirus, op die oppervlakte van die waters en sê: “Gaan, vinnige boodskappers, na ’n nasie wat geplunder en ontwortel sal word, na ’n nasie wie se sterkte tot nou toe van binne was; na ’n nasie wat onteer en verneder gaan word, wie se land deur riviere verwoes is.”
3 All you inhabitants of the world and you who live on the earth, when a banner is raised on the mountains, look! When a trumpet sounds, listen!
3 Al julle inwoners van die wêreld en bewoners van die aarde, as ’n banier opgelig word op die berge, sal julle dit sien! Sodra die ramshoring geblaas word, sal julle dit hoor,”
4 For, the LORD said to me: I will quietly look out from My place, like shimmering heat in sunshine, like a rain cloud in harvest heat.
4 want so het יהוה vir my gesê: “Ek sal stilweg van My blyplek af kyk, soos dansende hitte in die sonskyn, soos ’n wolk van dou in die hitte van die oestyd,”
5 For before the harvest, when the blossoming is over and the blossom

becomes a ripening grape, He will cut off the shoots with a pruning knife, and tear away and remove the branches.
5 want voor die oes sodra die knoppie blom en die blom ’n rypwordende druiwekorrel word, dan sal Hy die ranke afsny met snoeiskêre en die lote verwyder en wegkap.
6 They will all be left for the birds of prey on the hills and for the wild animals of the land. The birds will spend the summer on them, and all the animals, the winter on them.
6 Hulle sal saam gelos word vir die roofvoëls van die berge en vir die wilde diere van die aarde en die roofvoëls sal die somer daarop deurbring en al die wilde diere van die aarde sal die oestyd daarop deurbring.
7 At that time a gift will be brought to Yahweh of Hosts from a people tall and smooth-skinned, a people feared far and near, a powerful nation with a strange language, whose land is divided by rivers — to Mount Zion, the place of the name of Yahweh of Hosts.

7 In daardie tyd sal ’n geskenk van eerbetoon na die plek van die Naam van יהוה-Tzva’ot, die berg Tziyon, aan יהוה-Tzva’ot gebring word deur ’n nasie wat geplunder en ontwortel sal word, deur ’n nasie wie se sterkte tot nou toe van binne was; deur ’n nasie wat onteer en verneder gaan word, wie se land deur riviere verwoes is.

Isaiah 19

1 An oracle against Egypt: Look, the LORD rides on a swift cloud and is coming to Egypt. Egypt’s idols will tremble before Him, and Egypt’s heart will melt within it.

1 Die profesie aangaande die val van Mitzrayim: let op, יהוה ry op ’n vinnige wolk en is op die punt om na Mitzrayim te kom; die afgode van Mitzrayim sal bewe voor Sy Teenwoordigheid en die verstand, wil en emosie van die Mitzrayiete sal in hulle binneste wegsmelt.
2 I will provoke Egypt against Egypt; each will fight against his brother and each against his friend, city against city, kingdom against kingdom.
2 “Ek sal Mitzrayiet teen Mitzrayiet ophits en elkeen sal teen sy broer baklei en elkeen teen sy naaste, stad teen stad, koninkryk teen koninkryk.
3 Egypt’s spirit will be disturbed within it, and I will frustrate its plans. Then they will seek idols, ghosts, spirits of the dead, and spiritists.
3 Dan sal die gees van Mitzrayim gedemoraliseer wees in hulle en Ek sal sy strategie deurmekaar maak sodat hulle na afgode en geeste van die dooies en na mediums en spiritiste sal draai.
4 I will deliver Egypt into the hands of harsh masters, and a strong king will rule it. This is the declaration of the Lord GOD of Hosts.
4 Meer nog, Ek sal Mitzrayim oorgee in die hand van ’n wrede meester en ’n magtige koning sal oor hulle heers,” verklaar die Meester, יהוה-Tzva’ot.

5 The waters of the sea will dry up, and the river will be parched and dry.
5 Die waters sal vanuit die see opdroog en die rivier sal verskroei en droog lê.
6 The channels will stink; they will dwindle, and Egypt's canals will be parched. Reed and rush will die.
6 Die kanale sal 'n stank afgee; die strome van Mitzrayim sal uitdun en opdroog; die riete en biesies sal wegvrot.
7 The reeds by the Nile, by the mouth of the river, and all the cultivated areas of the Nile will wither, blow away, and vanish.
7 Die weivelde langs die Nyl, by die mond van die Nyl en al die saailande langs die Nyl sal droog word, weggedryf en nie meer wees nie.
8 Then the fishermen will mourn. All those who cast hooks into the Nile will lament, and those who spread nets on the water will shrivel up.
8 Die vissermanne sal kla en almal wat lyne in die Nyl uitgooi, sal rou en dié wat visnette uitsprei oor die waters, sal wegkwyn.
9 Those who work with flax will be dismayed; the combers and weavers will turn pale.
9 Meer nog, die vervaardigers van linne, gemaak van geborselde vlas en die wewers van wit stowwe, sal totaal mismoedig wees.
10 Egypt's weavers will be dejected; all her wage earners will be demoralized.
10 Die pilare sal vergruis word; al die loonarbeiders sal sielsbedroef wees.
11 The princes of Zoan are complete fools; Pharaoh's wisest advisers give stupid advice! How can you say to Pharaoh, "I am one of the wise, a student of eastern kings"?
11 Die prinse van Tzo'an is maar net dwase, die raad van Farao se slimste raadgewers het onnosel geword. Hoe kan julle vir Farao sê: 'Ek is 'n seun van die wyse, 'n seun van antieke konings?'
12 Where then are your wise men? Let them tell you and reveal what the L**ORD** of Hosts has planned against Egypt.
12 Wel, waar is jou wyse manne? Laat hulle jou asseblief vertel en laat hulle verstaan wat יהוה-Tzva'ot se doel teen Mitzrayim is.
13 The princes of Zoan have been fools; the princes of Memphis are deceived. Her tribal chieftains have led Egypt astray.
13 Die prinse van Tzo'an het dwaas opgetree, die prinse van Nof is mislei; Mitzrayim is op 'n dwaalweg gebring deur die hoeksteen van sy stamme.
14 The L**ORD** has mixed within her a spirit of confusion. The leaders have made Egypt stagger in all she does, as a drunkard staggers in his vomit.
14 יהוה het binne haar 'n gees van verdraaiing gemeng en die Mitzrayiet op 'n dwaalweg gebring in alles wat hy doen, soos 'n dronkaard steier in sy uitbraaksel.
15 No head or tail, palm or reed, will be able to do anything for Egypt.
15 Daar sal ook geen leier in Mitzrayim wees wat kop of stert, palmtak of biesie daarvan kan verstaan nie.
16 On that day Egypt will be like women. She will tremble with fear because of the threatening hand of the L**ORD** of Hosts when He raises it against her.

16 In dié dag sal die Mitzrayiet word soos vroue en hulle sal bewe en in angs wees vir die waai van die hand van יהוה-Tzva'ot wat Hy oor hulle gaan waai.
17 The land of Judah will terrify Egypt; whenever Judah is mentioned, Egypt will tremble because of what the L**ORD** of Hosts has planned against it.
17 Die land van Y'hudah sal vir die Mitzrayiete 'n verskrikking wees; elkeen aan wie dit genoem word sal in angs daaroor wees, vanweë die doel van יהוה-Tzva'ot wat Hy teen hulle beplan het.
18 On that day five cities in the land of Egypt will speak the language of Canaan and swear loyalty to the L**ORD** of Hosts. One of the cities will be called the City of the Sun.
18 In dié dag sal daar vyf stede in die land van Mitzrayim wees wat die taal van Kena'an praat en by יהוה-Tzva'ot sweer; een sal 'die Stad van vernietiging' genoem word.
19 On that day there will be an altar to the L**ORD** in the center of the land of Egypt and a pillar to the L**ORD** near her border.
19 In dié dag sal daar 'n altaar tot יהוה in die middel van die land van Mitzrayim wees en 'n pilaar vir יהוה naby sy grens.
20 It will be a sign and witness to the L**ORD** of Hosts in the land of Egypt. When they cry out to the L**ORD** because of their oppressors, He will send them a savior and leader, and he will rescue them.
20 Dit sal 'n teken en 'n getuie word vir יהוה-Tzva'ot in die land van Mitzrayim, want hulle sal uitroep na יהוה as gevolg van onderdrukkers en Hy sal vir hulle 'n Redder en 'n Kampioen stuur en Hy sal hulle bevry.
21 The L**ORD** will make Himself known to Egypt, and Egypt will know the L**ORD** on that day. They will offer sacrifices and offerings; they will make vows to the L**ORD** and fulfill them.
21 So sal יהוה Homself bekend maak aan Mitzrayim en die Mitzrayiete sal יהוה in dié dag ken. Hulle sal Hom selfs dien met slagoffers en offers en 'n gelofte doen aan יהוה en dit uitvoer.
22 The L**ORD** will strike Egypt, striking and healing. Then they will return to the L**ORD** and He will hear their prayers and heal them.
22 יהוה sal Mitzrayim slaan, slaan, maar genees; so sal hulle terugdraai na יהוה en Hy sal hulle antwoord en hulle genees.
23 On that day there will be a highway from Egypt to Assyria. Assyria will go to Egypt, Egypt to Assyria, and Egypt will worship with Assyria.
23 In dié dag sal daar 'n grootpad wees van Mitzrayim na Ashur en die Ashuriërs sal in Mitzrayim kom en die Mitzrayiete in Ashur en die Mitzrayiete sal saam met die Ashuriërs aanbid.
24 On that day Israel will form a triple alliance with Egypt and Assyria — a

blessing within the land.
24 In dié dag sal Yisra'el die derde wees naas Mitzrayim en Ashur, 'n seën in die middel van die aarde,
25 The LORD of Hosts will bless them, saying, "Egypt My people, Assyria My handiwork, and Israel My inheritance are blessed."
25 wat deur יהוה-Tzva'ot geseën is, met die woorde: "Geseënd is Mitzrayim, My volk, Ashur, die werk van My hande en Yisra'el, My erfenis!"

Isaiah 20

1 In the year that the chief commander, sent by Sargon king of Assyria, came to Ashdod and attacked and captured it —
1 In die jaar toe die bevelvoerder na Ashdod gekom het, toe Sargon, die koning van Ashur, hom gestuur het en hy teen Ashdod baklei en dit ingeneem het;
2 during that time the LORD had spoken through Isaiah son of Amoz, saying, "Go, take off your sackcloth and remove the sandals from your feet," and he did so, going naked and barefoot —
2 in dié tyd het יהוה deur Yesha'yahu, die seun van Amotz, gepraat en gesê: "Gaan maak die roukleed van jou heupe af los en trek jou skoene van jou voete af." Hy het so gedoen en kaal en kaalvoet geloop.
3 the LORD said, "As My servant Isaiah has gone naked and barefoot three years as a sign and omen against Egypt and Cush,
3 יהוה het gesê: "Net soos My dienskneg Yesha'yahu kaal en kaalvoet geloop het vir drie jaar lank as 'n teken en bewys teen Mitzrayim en Kush,
4 so the king of Assyria will lead the captives of Egypt and the exiles of Cush, young and old alike, naked and barefoot, with bared buttocks — to Egypt's shame.
4 so sal die koning van Ashur die gevangenes van Mitzrayim en die ballinge van Kush weglei, jonk en oud, kaal en kaalvoet, met agterstewes ontbloot, tot die skande van Mitzrayim.
5 Those who made Cush their hope and Egypt their boast will be dismayed and ashamed.
5 Dan sal hulle ontsteld en beskaamd wees as gevolg van Kush, hulle hoop en Mitzrayim, hulle trots.
6 And the inhabitants of this coastland will say on that day, 'Look, this is what has happened to those we relied on and fled to for help to rescue us from the king of Assyria! Now, how will we escape? ' "
6 So sal die inwoners van hierdie kusland in dié dag sê: 'Let op, dít is ons hoop, waarheen ons gevlug het om hulp, om bevry te word van die koning van Ashur en ons, hoe sal óns ontvlug?'"

Isaiah 21

1 An oracle against the desert by the sea: Like storms that pass over the Negev, it comes from the desert, from the land of terror.

1 Die profetiese visioen aangaande die wildernis van die see: soos stormwinde deur die Negev gaan, kom dit vanuit die wildernis, uit ’n vreesaanjaende land;

2 A troubling vision is declared to me: “The treacherous one acts treacherously, and the destroyer destroys. Advance, Elam! Lay siege, you Medes! I will put an end to all her groaning.”

2 ’n ernstige visie is aan my gewys! Die valse handel steeds valslik en die vernietiger vernietig. Gaan op, `Eilam en die berge van Madai! Ek het ’n einde gemaak aan al hulle gesug.

3 Therefore I am filled with anguish. Pain grips me, like the pain of a woman in labor. I am too perplexed to hear, too dismayed to see.

3 Om hierdie rede is my heupe vol benoudheid; pyne het my aangegryp soos die pyne van ’n vrou wat geboorte gee. Ek is so verward, ek kan nie hoor nie; so angsbevange, ek kan nie sien nie.

4 My heart staggers; horror terrifies me. He has turned my last glimmer of hope into sheer terror.

4 My verstand, wil en emosie duisel, angs oorval my; die skemeraand waarna ek uitgesien het, is vir my verander tot ’n verskrikking.

5 Prepare a table, and spread out a carpet! Eat and drink! Rise up, you princes, and oil the shields!

5 Hulle dek die tafel, gooi die lap oor, hulle eet, hulle drink: “Staan op, bevelvoerders, salf die skilde,”

6 For the Lord has said to me, “Go, post a lookout; let him report what he sees.

6 want so sê יהוה vir my: “Gaan, plaas die brandwag, laat hom rapporteer wat hy sien.

7 When he sees riders — pairs of horsemen, riders on donkeys, riders on camels — he must pay close attention.”

7 Wanneer hy ‘n strydwa sien, ‘n paar perderuiters, ’n ruiter op ‘n donkie en ’n ruiter op ‘n kameel, laat hom ernstig aandag gee, baie ernstig.”

8 Then the lookout reported, “Lord, I stand on the watchtower all day, and I stay at my post all night.

8 Toe het die brandwag geroep: “O יהוה, ek staan voortdurend op die wagtoring in die dag en ek is op my wagpos elke nag.

9 Look, riders come — horsemen in pairs.” And he answered, saying, “Babylon has fallen, has fallen. All the images of her gods have been shattered on the ground.”

9 Nou, let op, hier kom een van die paar perderuiters en hy het gesê: ‘Geval, Bavel het geval en al die beelde van haar gode is stukkend op die grond’.”

10 My people who have been crushed on the threshing floor, I have declared

to you what I have heard from the LORD of Hosts, the God of Israel.
10 O my gedorstes en geteisterdes van die dorsvloer, wat ek gehoor het van יהוהTzva'ot, die God van Yisra'el, maak ek aan julle bekend!
11 An oracle against Dumah: One calls to me from Seir, "Watchman, what is left of the night? Watchman, what is left of the night? "
11 Die profetiese visioen aangaande Edom: een hou aan om my van Se'ir af te roep: "Waaksman, hoe ver is die nag verby? Waaksman, hoe ver is die nag verby?"
12 The watchman said, "Morning has come, and also night. If you want to ask, ask! Come back again."
12 Die waaksman sê: "Die oggend kom, maar ook die nag. As julle moet vra, vra; kom weer terug."
13 An oracle against Arabia: In the desert brush you will camp for the night, you caravans of Dedanites.
13 Die profetiese visioen aangaande Arabië: "In die ruigtes van Arabië moet julle oornag, karavane van die D'daniete!
14 Bring water for the thirsty. The inhabitants of the land of Tema meet the refugees with food.
14 Bring water vir die wat dors is, o inwoners van die land van Teima, ontmoet die vlugteling met brood,
15 For they have fled from swords, from the drawn sword, from the bow that is strung, and from the stress of battle.
15 want hulle het vir die swaarde gevlug, vir die getrekte swaard, vir die gespande boog en vir die druk van die geveg,
16 For the Lord said this to me: "Within one year, as a hired worker counts years, all the glory of Kedar will be gone.
16 want so het יהוה vir my gesê: 'Binne 'n jaar, soos die huurling dit sal tel, sal al die lof en eer van Kedar tot 'n einde kom
17 The remaining Kedarite archers will be few in number." For the LORD, the God of Israel, has spoken.
17 en wat oorbly van die getal boogskutters van die seuns van Kedar, sal min wees,' want יהוה, God van Yisra'el, het gepraat."

Isaiah 22

1 An oracle against the Valley of Vision: What's the matter with you? Why have all of you gone up to the rooftops?
1 Die profetiese visioen aangaande die Vallei van Visie: wat is dit nou met julle dat julle almal op die huise se dakke geklim het?
2 The noisy city, the jubilant town, is filled with revelry. Your dead did not die by the sword; they were not killed in battle.
2 Julle wat vol geraas was, luidrugtige dorp, jubelende stad; jou dooies is nie deur die swaard gedood of het nie in die geveg gesterf nie.

3 All your rulers have fled together, captured without a bow. All your fugitives were captured together; they had fled far away.
3 Al jou heersers het saam gevlug en is sonder boog gevang; almal van jou wat gevind is, is saam gevange geneem, hoewel hulle ver weg gevlug het.
4 Therefore I said, “Look away from me! Let me weep bitterly! Do not try to comfort me about the destruction of my dear people.”
4 Ek sê daarom: “Draai jou oë weg van my af, laat my bitterlik huil; moenie probeer om my te troos aangaande die verwoesting van die dogter van my volk nie,”
5 For the Lord GOD of Hosts had a day of tumult, trampling, and confusion in the Valley of Vision — people shouting and crying to the mountains;
5 want dit is ’n dag van paniek, onderwerping en verwarring in die vallei van die visie voor die Meester, יהוה-Tzva’ot. Hulle het die mure ondersoek en geskreeu op die berge!
6 Elam took up a quiver with chariots and horsemen, and Kir uncovered the shield.
6 `Eilam het die pylkoker opgeneem met strydwaens, voetsoldate en perderuiters en Kir het die skild ontbloot.
7 Your best valleys were full of chariots, and horsemen were positioned at the gates.
7 Dit sal gebeur dat jou beste valleie met strydwaens gevul word en die ruiters vaste posisies inneem by die poort
8 He removed the defenses of Judah. On that day you looked to the weapons in the House of the Forest.
8 en die verdediging van Y’hudah sal weggevat word. In daardie dag het jy staat gemaak op die wapens van die Huis van die Woud
9 You saw that there were many breaches in the walls of the city of David. You collected water from the lower pool.
9 en julle het gesien dat die breuke in die stad van Dawid baie is en julle het die waters van die onderste poel opgevang.
10 You counted the houses of Jerusalem so that you could tear them down to fortify the wall.
10 Toe het julle die huise van Yerushalayim getel en huise afgebreek om die muur te versterk.
11 You made a reservoir between the walls for the waters of the ancient pool, but you did not look to the One who made it, or consider the One who created it long ago.
11 Julle het ook ’n opgaarplek tussen die twee mure gemaak vir die water van die ou poel, maar julle het nie staat gemaak op Hom wat dit gemaak het nie en Hom wat dit lankal beplan het, ook nie in ag geneem nie;
12 On that day the Lord GOD of Hosts called for weeping, for wailing, for shaven heads, and for the wearing of sackcloth.
12 daarom het die Meester, יהוה-Tzva’ot, jou in daardie dag geroep tot gehuil en tot weeklag, tot kaal skeer van die kop en om ’n roukleed te dra.

13 But look: joy and gladness, butchering of cattle, slaughtering of sheep, eating of meat, and drinking of wine — "Let us eat and drink, for tomorrow we die! "
13 In plaas daarvan, is daar vrolikheid en blydskap, doodmaak van beeste en slag van skape, eet van vleis en drink van wyn: "Laat ons eet en drink, want môre mag ons sterf."
14 The L**ORD** of Hosts has directly revealed to me: "This sin of yours will never be wiped out." The Lord G**OD** of Hosts has spoken.
14 יהוה-Tzva'ot het Homself aan my openbaar: "Hierdie oortreding sal julle nie vergewe word nie totdat julle doodgaan," sê die Meester, יהוה-Tzva'ot.
15 The Lord G**OD** of Hosts said: "Go to Shebna, that steward who is in charge of the palace, and say to him:
15 So sê die Meester, יהוה-Tzva'ot: "Kom, gaan na hierdie bestuurder, na Shevnah, wat oor die huishouding aangestel is:
16 What are you doing here? Who authorized you to carve out a tomb for yourself here, carving your tomb on the height and cutting a crypt for yourself out of rock?
16 'Watter reg het jy hier en wie het jy hier dat jy vir jouself 'n graf hier uitgekap het, jy wat 'n graf in die hoogte uitkap, wat vir jouself 'n rusplek in die rots uitkerf?
3 Pay attention and come to Me; listen, so that you will live. I will make an everlasting covenant with you, the promises assured to David.
3 Draai julle oor en kom na My toe, luister en doen sodat julle kan lewe en Ek sal 'n ewige verbond met julle sluit, volgens die getroue onverdiende gunste aan Dawid bewys.
4 Since I have made him a witness to the peoples, a leader and commander for the peoples,
4 Let op, Ek het hom 'n getuie tot die volke gemaak, 'n leier en bevelvoerder vir die volke.
5 so you will summon a nation you do not know, and nations who do not know you will run to you. For the LORD your God, even the Holy One of Israel, has glorified you."
5 Let op, jy sal 'n nasie roep wat jy nie ken nie en 'n nasie wat jou nie ken nie, sal na jou toe hardloop, ter wille van הוהי, jou God, die Afgesonderde Een van Yisra'el omdat Hy jou lof en eer gegee het.
6 Seek the LORD while He may be found; call to Him while He is near.
6 Soek הוהי terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is.
7 Let the wicked one abandon his way and the sinful one his thoughts; let him return to the LORD, so He may have compassion on him, and to our God, for He will freely forgive.
7 Laat die wettelose sy pad verlaat en die onopregte en partydige sy gedagtes

en laat hom terugdraai na הוהי en Hy sal vir hom omgee; na ons God, want Hy sal oorvloedig vryspreek,
8 “For My thoughts are not your thoughts, and your ways are not My ways.” This is the LORD’s declaration.
8 want My gedagtes is nie julle gedagtes nie en julle manier is nie My manier nie,” verklaar הוהי,
9 “For as heaven is higher than earth, so My ways are higher than your ways, and My thoughts than your thoughts.
9 want soos die hemel hoër is as die aarde, so is My metodes hoër as julle metodes en My gedagtes as
julle gedagtes,
10 For just as rain and snow fall from heaven and do not return there without saturating the earth and making it germinate and sprout, and providing seed to sow and food to eat,
10 want soos die reën en die sneeu van die hemel afkom en nie daarheen terugkeer sonder om die aarde nat te maak en dit te laat voortbring en uitspruit en saad gee aan die saaier en brood aan die eter, nie,
11 so My word that comes from My mouth will not return to Me empty, but it will accomplish what I please and will prosper in what I send it to do.”
11 so sal My woord wees wat uit My mond uitgaan; dit sal nie leeg na My toe terugkom, sonder om te bereik wat Ek begeer en sonder om voorspoedig te wees in dit waarvoor Ek dit stuur, nie,
12 You will indeed go out with joy and be peacefully guided; the mountains and the hills will break into singing before you, and all the trees of the field will clap their hands.
12 want julle sal met vreugde uitgaan en met vrede gelei word; die berge en heuwels sal uitbreek in uitroepe van vreugde voor julle en al die bome van die veld sal hande klap.
13 Instead of the thornbush, a cypress will come up, and instead of the brier, a myrtle will come up; it will make a name for Yahweh as an everlasting sign that will not be destroyed.
13 In plaas van ’n doringboom sal ’n sipres opkom en in plaas van ’n netel sal ’n mirteboom opkom en dit sal ’n herdenking wees tot הוהי, as ’n ewige teken wat nie afgesny sal word nie.”

Isaiah 56

1 This is what the LORD says: Preserve justice and do what is right, for My salvation is coming soon, and My righteousness will be revealed.
1 So sê הוהי: “Bewaar die regverdige oordeel en doen onpartydige opregtheid, want My verlossing is op die punt om te kom en My onpartydige opregtheid om geopenbaar te word.
2 Happy is the man who does this, anyone who maintains this, who keeps the

Sabbath without desecrating it, and keeps his hand from doing any evil.
2 Hoe geseënd is die mens wat dit doen en die seun van 'n mens wat onveranderlik daaraan vashou, wat hom daarvan weerhou om die Shabbat te onteer en sy hand weerhou daarvan om boosheid te doen."
3 No foreigner who has joined himself to the LORD should say, "The LORD will exclude me from His people"; and the eunuch should not say, "Look, I am a dried-up tree."
3 Laat die vreemdeling wat hom by יהוה gevoeg het, nie sê: "יהוה sal my sekerlik afskei van Sy volk," nie en laat die gelowige ook nie sê: "Let op, ek is 'n droë boom," nie,
4 For the LORD says this: "For the eunuchs who keep My Sabbaths, and choose what pleases Me, and hold firmly to My covenant,
4 want so sê יהוה: "Aan die gelowiges wat My Shabbatte hou en kies wat My tevrede stel en onveranderlik My verbond vashou,
5 I will give them, in My house and within My walls, a memorial and a name better than sons and daughters. I will give each of them an everlasting name that will never be cut off.
5 aan hulle sal Ek in My huis en binnekant My mure 'n gedenkteken en 'n naam (karakter en outoriteit) gee wat beter is as seuns en dogters; Ek sal vir hulle 'n ewige naam (karakter en outoriteit) gee wat nie afgesny sal word nie.
6 And the foreigners who join themselves to the LORD minister to Him, love the name of Yahweh and become His servants, all who keep the Sabbath without desecrating it and who hold firmly to My covenant —
6 Ook aan die vreemdelinge wat hulle by יהוה voeg, om Hom te bedien en om die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה lief te hê, om Sy diensknegte te wees, elkeen wat hom weerhou om die Shabbat te onteer en onveranderlik vashou aan My verbond,
7 I will bring them to My holy mountain and let them rejoice in My house of prayer. Their burnt offerings and sacrifices will be acceptable on My altar, for My house will be called a house of prayer for all nations."
7 hulle sal Ek bring na My afgesonderde berg en hulle vol vreugde maak in My huis van gebed. Hulle brandoffers en hulle offers sal aanvaarbaar wees op My altaar, want My huis sal 'n huis van gebed genoem word vir al die volke."
8 This is the declaration of the Lord GOD, who gathers the dispersed of Israel: "I will gather to them still others besides those already gathered."
8 יהוה-God, wat die verstrooides van Yisra'el versamel, verklaar: "Ek sal nog meer versamel, by die versameldes.
9 All you animals of the field and forest, come and eat!
9 Al julle wilde diere van die veld, al julle wilde diere in die bos, kom eet!
10 Israel's watchmen are blind, all of them, they know nothing; all of them are mute dogs, they cannot bark; they dream, lie down, and love to sleep.
10 Hulle wagte is blind, hulle weet almal niks nie; hulle is almal stom honde wat nie kan blaf nie; dromers wat lê, wat lief is om te sluimer

11 These dogs have fierce appetites; they never have enough. And they are shepherds who have no discernment; all of them turn to their own way, every last one for his own gain.
11 en die honde is gulsig, hulle is nie tevrede nie en hulle is herders wat nie insig het nie; hulle het almal na hulle eie metodes gedraai, elkeen na sy onregverdige wins, tot die laaste een."
12 "Come, let me get some wine, let's guzzle some beer; and tomorrow will be like today, only far better! "
12 "Kom," sê hulle, "laat ons wyn gaan haal en laat ons baie sterk drank drink en môre sal wees soos vandag, net meer so!"

Isaiah 57

1 The righteous one perishes, and no one takes it to heart; faithful men are swept away, with no one realizing that the righteous one is swept away from the presence of evil.
1 “Die regverdige kom om en daar is niemand wat dit ter harte neem nie en die toegewydes word weggevat terwyl niemand verstaan nie, want die regverdige word weggevat van die boosheid,
2 He will enter into peace — they will rest on their beds — everyone who lives uprightly.
2 hy gaan in vrede in; wie in Sy opregte pad loop, hulle rus in hulle beddens,
3 But come here, you sons of a sorceress, offspring of an adulterer and a prostitute!
3 maar kom hier, julle seuns van ’n towenares, nageslag van ’n owerspeler en ’n prostituut.
4 Who is it you are mocking? Who is it you are opening your mouth and sticking out your tongue at? Isn’t it you, you rebellious children, you race of liars,
4 Teen wie maak julle grappe? Teen wie maak julle jul mond wyd oop en steek julle tong uit? Is julle nie seuns van rebellie, nageslag van misleiding nie,
5 who burn with lust among the oaks, under every green tree, who slaughter children in the wadis below the clefts of the rocks?
5 wat julleself ontvlam tussen die eikebome, onder elke groen boom; wat die kinders slag in die klowe, onder die oorhang van die kranse?
6 Your portion is among the smooth stones of the wadi; indeed, they are your lot. You have even poured out a drink offering to them; you have offered a grain offering; should I be satisfied with these?
6 Tussen die gladde klippe van die kloof is jou deel, hulle is jou lot; jy het ook vir hulle drankoffers uitgegooi, ’n graanoffer gebring. Sal Ek toegee aangaande hierdie dinge?
7 You have placed your bed on a high and lofty mountain; you also went up there to offer sacrifice.
7 Jy het jou bed op ’n hoë en verhewe berg gemaak; jy het ook daarheen opgegaan om offers te bring.
8 You have set up your memorial behind the door and doorpost. For away from Me, you stripped, went up, and made your bed wide, and you have made a bargain for yourself with them. You have loved their bed; you have gazed on their genitals.
8 Agter die deur en die deurkosyn het jy jou teken opgesit; inderdaad, ver weg verwyder van My, het jy jouself ontbloot en opgegaan en jou bed wyd gemaak. Jy het vir jouself ’n ooreenkoms met hulle gemaak, jy het hulle bed liefgehad, jy het na hulle manlikheid gekyk.
9 You went to the king with oil and multiplied your perfumes; you sent your

couriers far away and sent them down even to Sheol.
9 Jy het na die koning gereis met olie en jou reukwater vermeerder; jy het jou boodskappers ’n ver
afstand gestuur en jouself laag afgebring, selfs tot by Sh’ol.
10 You became weary on your many journeys, but you did not say, “I give up! ” You found a renewal of your strength; therefore you did not grow weak.
10 Jy is uitgeput deur die veelvoud van jou korrupte metodes; tog het jy nie gesê: “Ek sal ophou” nie! Jy het jouself afgetakel met die skuld van jou hande; daarom het jy nie reggemaak nie.
11 Who was it you dreaded and feared, so that you lied and didn’t remember Me or take it to heart? Have I not kept silent for such a long time and you do not fear Me?
11 Oor wie was jy bekommerd en bevrees, toe jy gelieg het, My nie onthou het of aan My gedink het nie? Let op, Ek is die Afgesonderde Een van ouds en jy het My nie respekvol gevrees nie.
12 I will expose your righteousness, and your works — they will not profit you.
12 Ék sal My onpartydige opregtheid verklaar, maar jou werke sal vir jou geen voordeel bring nie.
13 When you cry out, let your collection of idols deliver you! The wind will carry all of them off, a breath will take them away. But whoever takes refuge in Me will inherit the land and possess My holy mountain.
13 Wanneer jy uitroep, laat jou versameling afgode jou bevry, maar die wind sal hulle almal oplig, ’n asem sal hulle wegvat, maar hy wat skuiling soek by My, sal die land erf en My afgesonderde berg besit.
14 He said, “Build it up, build it up, prepare the way, remove every obstacle from My people’s way.”
14 Dit sal gesê word: ‘Bou op, bou op, berei die pad voor, verwyder elke struikelblok uit die pad van My volk,’”
15 For the High and Exalted One who lives forever, whose name is Holy says this: “I live in a high and holy place, and with the oppressed and lowly of spirit, to revive the spirit of the lowly and revive the heart of the oppressed.
15 want so sê die hoë en verhewe Een wat vir ewig leef, Wie se Naam (Karakter en Outoriteit) afgesonderd is: “Ek bly in ’n hoë en afgesonderde plek en ook by die berouvolle en nederige van gees, om die gees van die nederiges en die verstand, wil en emosie van die berouvolles weer te laat lewe,
16 For I will not accuse you forever, and I will not always be angry; for then the spirit would grow weak before Me, even the breath of man, which I have made.
16 want Ek sal nie vir altyd teëstaan en nie vir altyd kwaad wees nie, want die gees en die asem van dié wat Ek gemaak het, sal swak word voor My.
17 Because of his sinful greed I was angry, so I struck him; I was angry and hid; but he went on turning back to the desires of his heart.

17 Ek was kwaad vanweë die onregverdigheid van hulle onregverdige wins en het hulle geslaan; Ek het
My verberg en was kwaad en hy het aangehou op die manier van sy verstand, wil en emosie.
18 I have seen his ways, but I will heal him; I will lead him and restore comfort to him and his mourners,
18 Ek het sy lewenswyse gesien, maar Ek sal hom genees; Ek sal hom lei en aan hom en dié van hom wat treur, troos herstel
19 creating words of praise." The L**ORD** says, "Peace, peace to the one who is far or near, and I will heal him.
19 deur lofprysing van die lippe te skep. Vrede, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid vir hom wat ver en die wat naby is," sê הוהי; "Ek sal hom genees."
20 But the wicked are like the storm-tossed sea, for it cannot be still, and its waters churn up mire and muck.
20 Die bose oortreder is egter soos 'n onstuimige see, want dit kan nie rustig wees nie en sy waters gooi slyk en modder op.
21 There is no peace for the wicked," says my God.
21 "Daar is geen vrede, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid vir die bose oortreder nie!" sê my God.

Isaiah 58

1 "Cry out loudly, don't hold back! Raise your voice like a trumpet. Tell My people their transgression and the house of Jacob their sins.
1 "Roep hardop, moenie terughou nie, lig jou stem op soos 'n ramshoring en verklaar aan My volk hulle oortreding van die wet en aan die huis van Ya'akov hulle sondes,
2 They seek Me day after day and delight to know My ways, like a nation that does what is right and does not abandon the justice of their God. They ask Me for righteous judgments; they delight in the nearness of God."
2 tog soek hulle My dag vir dag en het 'n behae daarin om My paaie te ken soos 'n nasie wat onpartydige opregtheid doen en nie die instellings van sy God verlaat het nie; hulle vra van My regverdige beslissings. Hulle verheug hulleself daarin om naby God te kom.
3 "Why have we fasted, but You have not seen? We have denied ourselves, but You haven't noticed! " "Look, you do as you please on the day of your fast, and oppress all your workers.
3 'Waarom het ons gevas en U sien dit nie? Waarom het ons ons verneder en U let dit nie op nie?' Let op, op die dag wat julle vas, doen julle net wat jul begeer en bring offers aan al julle afgode.
4 You fast with contention and strife to strike viciously with your fist. You cannot fast as you do today, hoping to make your voice heard on high.
4 Let op, julle vas vir die doel van twis en tweedrag en om te slaan met 'n

bose vuis. Julle sal nie vas soos julle dit vandag doen, as julle jul stem in die hoogte wil laat hoor nie.
5 Will the fast I choose be like this: A day for a person to deny himself, to bow his head like a reed, and to spread out sackcloth and ashes? Will you call this a fast and a day acceptable to the LORD?
5 Is dit ’n vas soos dié wat Ek verkies, ’n dag vir ’n mens om homself te verneder? Is dit om die kop te buig soos ’n riet en om sak en as uit te sprei as ’n bed? Noem jy dít ’n vas, ’n aanvaarbare dag vir הוהי?
6 Isn’t the fast I choose: To break the chains of wickedness, to untie the ropes of the yoke, to set the oppressed free, and to tear off every yoke?
6 Is dít nie die vas wat Ek verkies nie: om die bande van boosheid los te maak, die stroppe van die juk af te haal, die onderdruktes te laat vrygaan en elke juk stukkend te breek.
7 Is it not to share your bread with the hungry, to bring the poor and homeless into your house, to clothe the naked when you see him, and not to ignore your own flesh and blood?
7 Is dit nie om jou brood met hulle wat honger is te deel en die daklose arme in jou huis in te bring nie? Wanneer jy iemand sien wat kaal is, om hom te bedek en nie een van jou eie vlees (‘n mens soos jy) weg te wys nie?
8 Then your light will appear like the dawn, and your recovery will come quickly. Your righteousness will go before you, and the LORD’s glory will be your rear guard.
8 Dan sal jou lig uitbreek soos die sonsopkoms en jou genesing skielik uitspruit en jou onpartydige opregtheid sal voor jou uitgaan; die eer, lof en aanbidding van הוהי sal jou agterhoede wees.
9 At that time, when you call, the LORD will answer; when you cry out, He will say, ‘Here I am.’ If you get rid of the yoke among you, the finger-pointing and malicious speaking,
9 Dan sal jy roep en הוהי sal antwoord; jy sal uitroep en Hy sal sê: ‘Hier is Ek!’ As jy die juk, die vingerwys en die bose gepraat uit jou midde verwyder
10 and if you offer yourself to the hungry, and satisfy the afflicted one, then your light will shine in the darkness, and your night will be like noonday.
10 en jou brood gee vir die wat honger is en die geteisterdes se begeertes vervul; dan sal jou lig skyn in duisternis en jou donkerheid sal wees soos die middag.
11 The LORD will always lead you, satisfy you in a parched land, and strengthen your bones. You will be like a watered garden and like a spring whose waters never run dry.
11 הוהי sal jou voortdurend lei en jou begeerte versadig in geskroeide plekke en krag gee aan jou gebeente en jy sal wees soos ’n natgeleide tuin en soos ’n fontein van water waarvan die water nooit ophou nie.
12 Some of you will rebuild the ancient ruins; you will restore the foundations laid long ago; you will be called the repairer of broken walls, the restorer of

streets where people live.
12 Die vanuit jou sal die ou puinhope herbou; jy sal die eeue oue fondamente oprig en jy sal 'die herbouer van gebreekte mure', 'hersteller van strate om in te bly,' genoem word.
13 "If you keep from desecrating the Sabbath, from doing whatever you want on My holy day; if you call the Sabbath a delight, and the holy day of the LORD honorable; if you honor it, not going your own ways, seeking your own pleasure, or talking too much;
13 As jy, as gevolg van die Shabbat, jou voet wegdraai daarvan om jou eie plesier op My afgesonderde dag te doen en die Shabbat 'n vreugde, die afgesonderde dag van הוהי eerbaar, noem en dit eer, deur nie jou eie dinge te doen, jou eie plesier te soek en jou eie woorde te praat nie,
14 then you will delight yourself in the LORD, and I will make you ride over the heights of the land, and let you enjoy the heritage of your father Jacob." For the mouth of the LORD has spoken.
14 dan sal jy vreugde vind in הוהי en Ek sal jou laat ry oor die hoogtes van die aarde en jou voed met die erfenis van Ya'akov, jou vader, want die mond van הוהי het gepraat."

Isaiah 59

1 Indeed, the LORD's hand is not too short to save, and His ear is not too deaf to hear.
1 Let op, die hand van הוהי is nie te kort dat dit nie kan red nie en Sy oor is ook nie doof dat dit nie kan hoor nie,
2 But your iniquities have built barriers between you and your God, and your sins have made Him hide His face from you so that He does not listen.
2 maar julle boosheid het 'n skeiding gemaak tussen julle en julle God en julle sondes het Sy gesig vir julle verberg sodat Hy nie hoor nie,
3 For your hands are defiled with blood and your fingers, with iniquity; your lips have spoken lies, and your tongues mutter injustice.
3 want julle hande is onrein gemaak deur bloed en julle vingers met wetteloosheid; julle lippe het valsheid gepraat, julle tong mompel boosheid.
4 No one makes claims justly; no one pleads honestly. They trust in empty and worthless words; they conceive trouble and give birth to iniquity.
4 Niemand kla in onpartydige opregtheid aan en niemand pleit eerlik nie; hulle vertrou in verwarring en praat leuens; hulle raak swanger aan moeilikheid en gee geboorte aan wetteloosheid.
5 They hatch viper's eggs and weave spider's webs. Whoever eats their eggs will die; crack one open, and a viper is hatched.
5 Hulle broei adder-eiers uit en weef spinnerakke; hy wat van hulle eiers eet, sterf en uit die wat stukkend gebreek word, breek 'n adder uit.
6 Their webs cannot become clothing, and they cannot cover themselves

with their works. Their works are sinful works, and violent acts are in their hands.
6 Hulle geweefdes sal nie klere word nie en hulle sal hulle ook nie met hulle werke toemaak nie; hulle werke is wettelose werke en 'n daad van geweld is in hulle hande.
7 Their feet run after evil, and they rush to shed innocent blood. Their thoughts are sinful thoughts; ruin and wretchedness are in their paths.
7 Hulle voete hardloop na boosheid en is haastig om onskuldige bloed te vergiet; hulle gedagtes is bose gedagtes, verwoesting en vernietiging is op hulle hoofpaaie.
8 They have not known the path of peace, and there is no justice in their ways. They have made their roads crooked; no one who walks on them will know peace.
8 Hulle ken nie die pad van vrede nie en daar is geen regverdige oordeel in hulle spore nie; hulle maak hul paaie verdraaid, niemand wat daarop loop, ken vrede nie.
9 Therefore justice is far from us, and righteousness does not reach us. We hope for light, but there is darkness; for brightness, but we live in the night.
9 Regverdige oordeel is daarom ver van ons af en onpartydige opregtheid haal ons nie in nie; ons hoop op lig, maar let op, duisternis; op helderheid, maar ons loop in donkerte.
10 We grope along a wall like the blind; we grope like those without eyes. We stumble at noon as though it were twilight; we are like the dead among those who are healthy.
10 Ons tas rond langs die muur soos blindes, ons tas rond soos die wat geen oë het nie; ons struikel op die middag soos in die skemeraand; ons is onder die gesondes soos dooie mense.
11 We all growl like bears and moan like doves. We hope for justice, but there is none; for salvation, but it is far from us.
11 Ons brom almal soos bere en kla treurig soos duiwe; ons hoop op regverdige oordeel, maar daar is geen; op verlossing, dit is ver van ons af,
12 For our transgressions have multiplied before You, and our sins testify against us. For our transgressions are with us, and we know our iniquities:
12 want ons oortredinge van die wet is vermenigvuldig voor U en ons sondes getuig teen ons, want ons wetsoortredinge is by ons en ons ken ons booshede:
13 transgression and deception against the LORD, turning away from following our God, speaking oppression and revolt, conceiving and uttering lying words from the heart.
13 oortreding en ontkenning van יהוה en wegdraai van ons God; die praat van onderdrukking en opstand, die vorming en uitspreek van leuentaal uit die verstand, wil en emosie.
14 Justice is turned back, and righteousness stands far off. For truth has stumbled in the public square, and honesty cannot enter.

14 Regverdige oordeel word teruggedraai en onpartydige opregtheid staan ver weg, want die waarheid struikel in die straat en opregtheid kan nie inkom nie.
15 Truth is missing, and whoever turns from evil is plundered. The LORD saw that there was no justice, and He was offended.
15 Ja, die waarheid kom kort en wie afwyk van die boosheid, maak homself 'n prooi. Nou het הוהי gesien en dit was onaanvaarbaar in sy oë dat daar geen regverdige oordeel was nie.
16 He saw that there was no man — He was amazed that there was no one interceding; so His own arm brought salvation, and His own righteousness supported Him.
16 Hy het gesien dat daar niemand was nie en het gewonder dat daar niemand is om tussenbeide te tree nie; toe het Sy eie arm vir Hom verlossing gebring en Sy onpartydige opregtheid het Hom ondersteun.
17 He put on righteousness like a breastplate, and a helmet of salvation on His head; He put on garments of vengeance for clothing, and He wrapped Himself in zeal as in a cloak.
17 Hy het onpartydige opregtheid aangetrek soos 'n borsplaat en die helm van verlossing op Sy kop gesit en Hy het klere van wraak aangetrek as klere en Homself toegedraai met ywer as 'n mantel.
18 So He will repay according to their deeds: fury to His enemies, retribution to His foes, and He will repay the coastlands.
18 Volgens hulle dade, so sal Hy vergeld: toorn aan Sy teëstanders, terugbetaling aan Sy vyande; aan die kuslande sal Hy terugbetaal.
19 They will fear the name of Yahweh in the west and His glory in the east; for He will come like a rushing stream driven by the wind of the LORD.
19 So sal hulle die Naam (Karakter en Outoriteit) van הוהי vrees van die weste af en Sy lof, eer en aanbidding vanaf die opgaan van die son, want die onderdrukker sal kom soos 'n stormende stroom en die Gees van הוהי sal hom verneder.
20 "The Redeemer will come to Zion, and to those in Jacob who turn from transgression." This is the LORD's declaration.
20 "'n Loskoper sal na Tziyon toe kom en na die wat in Ya'akov wegdraai van oortreding," verklaar הוהי.
21 "As for Me, this is My covenant with them," says the LORD: "My Spirit who is on you, and My words that I have put in your mouth, will not depart from your mouth, or from the mouth of your children, or from the mouth of your children's children, from now on and forever," says the LORD.
21 "Wat My betref, hierdie is My verbond met julle," sê הוהי: "My Gees wat op jou is en My woorde wat Ek in jou mond gelê het, sal nie uit jou mond uitwyk nie en ook nie uit die mond van jou nageslag en ook nie uit die mond van jou nageslag se nageslag nie," sê הוהי, "van nou af en vir ewig.

Isaiah 60

1 Arise, shine, for your light has come, and the glory of the LORD shines over you.
1 “Staan op, skyn, want jou Lig het gekom en die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van הוהי het oor jou opgekom,
2 For look, darkness covers the earth, and total darkness the peoples; but the LORD will shine over you, and His glory will appear over you.
2 want let op, duisternis sal die aarde oordek en ’n diepe donkerheid die volke, maar הוהי sal oor jóu opkom en Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid sal oor jou verskyn.
3 Nations will come to your light, and kings to the brightness of your radiance.
3 Nasies sal na jou lig toe kom en konings na die helderheid van jou opkoms.
4 Raise your eyes and look around: they all gather and come to you; your sons will come from far away, and your daughters will be carried on the hip.
4 Lig jou oë op en kyk rondom; hulle kom almal bymekaar, hulle kom na jou toe. Jou seuns sal van ver af kom en jou dogters sal in die arms gedra word.
5 Then you will see and be radiant, and your heart will tremble and rejoice, because the riches of the sea will become yours and the wealth of the nations will come to you.
5 Dan sal jy sien en jou gesig sal ophelder en jy sal verheug wees en jou verstand, wil en emosie sal tot rus kom, want die rykdom van die see sal na jou toe gedraai word, die sterkte van die nasies sal na jou toe kom.
6 Caravans of camels will cover your land — young camels of Midian and Ephah — all of them will come from Sheba. They will carry gold and frankincense and proclaim the praises of the LORD.
6 ’n Menigte kamele sal jou toedek, die drommedarisse van Midyan en `Eifah; almal vanaf Sh’va sal kom; hulle sal goud en wierook bring en sal goeie nuus dra van die lofprysinge van הוהי.
7 All the flocks of Kedar will be gathered to you; the rams of Nebaioth will serve you and go up on My altar as an acceptable sacrifice. I will glorify My beautiful house.
7 Al die kleinvee van Kedar sal by jou bymekaargemaak word, die ramme van N’vayot sal jou bedien; hulle sal met aanvaarding opgaan na My altaar en Ek sal eer en lof bring aan My huis van lof, eer en aanbidding.
8 Who are these who fly like a cloud, like doves to their shelters?
8 Wie is hierdie wat soos ’n wolk vlieg, soos duiwe na hulle vensters?
9 Yes, the islands will wait for Me with the ships of Tarshish in the lead, to bring your children from far
away, their silver and gold with them, for the honor of the LORD your God, the Holy One of Israel, who has glorified you.
9 Die kuslande sal sekerlik vir My wag en die skepe van Tarshish, met hul

silwer en goud vir die Naam Karakter en Outoriteit) van הוהי, jou God en vir die Afgesonderde Een van Yisra'el, sal eerste kom om jou seuns by hulle, van ver af te bring omdat hy jou eer en lof gebring het.
10 Foreigners will build up your walls, and their kings will serve you. Although I struck you in My wrath, yet I will show mercy to you with My favor.
10 Vreemdelinge sal jou mure opbou en hulle konings sal jou bedien, want in My toorn het Ek jou geslaan en in My guns het Ek vir jou omgegee.
11 Your gates will always be open; they will never be shut day or night so that the wealth of the nations may be brought into you, with their kings being led in procession.
11 Jou poorte sal voortdurend oop wees; hulle sal nie bedags of snags gesluit word nie sodat hulle, met hulle konings gelei in optog, die rykdom van die nasies na jou toe kan bring,
12 For the nation and the kingdom that will not serve you will perish; those nations will be annihilated.
12 want die nasie en die koninkryk wat jou nie sal dien nie, sal vergaan en dié nasie sal totaal vernietig word.
13 The glory of Lebanon will come to you — its pine, fir, and cypress together — to beautify the place of My sanctuary, and I will glorify My dwelling place.
13 Die lof en eer van die L'vanon sal na jou toe kom, die jenewerboom, die palmhout en die sipres saam, om die plek van My Afsondering mooi te maak en Ek sal die plek van My voete wonderlik maak.
14 The sons of your oppressors will come and bow down to you; all who reviled you will fall facedown at your feet. They will call you the City of the L**ORD**, Zion of the Holy One of Israel.
14 Die seuns van hulle wat jou verdruk het, sal buigend na jou toe kom en almal wat jou verag het, sal hulle neerbuig by jou voetsole en hulle sal jou die Stad van הוהי noem, Tziyon van die Afgesonderde Een van Yisra'el.
15 Instead of your being deserted and hated, with no one passing through, I will make you an object of eternal pride, a joy from age to age.
15 Waar jy verlate en gehaat was met niemand wat deurgaan nie, sal Ek jou maak tot 'n ewige trots, 'n vreugde van geslag tot geslag.
16 You will nurse on the milk of nations, and nurse at the breast of kings; you will know that I, Yahweh, am your Savior and Redeemer, the Mighty One of Jacob.
16 Jy sal ook die rykdom van nasies byvoeg en die rykdom van konings verkry; dan sal jy weet dat Ek,
הוהי, jou Verlosser, jou Loskoper is, die Magtige Een van Ya'akov.
17 I will bring gold instead of bronze; I will bring silver instead of iron, bronze instead of wood, and iron instead of stones. I will appoint peace as your guard and righteousness as your ruler.
17 In plaas van koper sal Ek goud bring en in plaas van yster sal Ek silwer bring en in plaas van hout, koper en in plaas van klippe, yster en Ek sal vrede as jou

administrateur aanstel en onpartydige opregtheid as jou toesighouers.
18 Violence will never again be heard of in your land; devastation and destruction will be gone from your borders. But you will name your walls salvation and your gates, praise.
18 Geweld sal nie meer in jou land gehoor word nie en ook nie verwoesting of vernietiging in jou grondgebied nie, maar jy sal jou mure "verlossing" noem en jou poorte "lofprysing."
19 The sun will no longer be your light by day, and the brightness of the moon will not shine on you; but the LORD will be your everlasting light, and your God will be your splendor.
19 Jy sal nie langer die son bedags as lig hê nie en die maan sal ook nie vir jou lig as helderheid gee nie, maar jy sal יהוה as 'n ewige Lig hê en jou God as jou Lof en Eer.
20 Your sun will no longer set, and your moon will not fade; for the LORD will be your everlasting light, and the days of your sorrow will be over.
20 Jou son sal nie meer ondergaan nie en jou maan nie kleiner word nie, want jy sal יהוה as 'n ewige Lig hê en die dae van jou rou sal verby wees.
21 Then all your people will be righteous; they will possess the land forever; they are the branch I planted, the work of My hands, so that I may be glorified.
21 Dan sal al jou mense onpartydig opreg wees; hulle sal vir ewig die land besit, die lote wat Ek geplant het, die werk van My hande sodat Ek geloof, geëer en aanbid sal word.
22 The least will become a thousand, the smallest a mighty nation. I am Yahweh; I will accomplish it quickly in its time.
22 Die kleinste een sal 'n stam word en die geringste een 'n magtige nasie. Ek, יהוה, sal dit op die regte tyd verhaas."

Isaiah 61

1 The Spirit of the Lord GOD is on Me, because the LORD has anointed Me to bring good news to the poor. He has sent Me to heal the brokenhearted, to proclaim liberty to the captives and freedom to the prisoners;
1 Die Gees van יהוה-God is op My omdat יהוה My gesalf het om goeie nuus te bring aan die geteisterdes; Hy het My gestuur om die gebrokenes van verstand, wil en emosie op te bind, om vryheid vir die weggevoerdes te verklaar en loslating vir gevangenes;
2 to proclaim the year of the LORD's favor, and the day of our God's vengeance; to comfort all who mourn,
2 om die jaar van guns van יהוה aan te kondig en die dag van die wraak van ons God; om almal wat treur te troos,
3 to provide for those who mourn in Zion; to give them a crown of beauty

instead of ashes, festive oil instead of mourning, and splendid clothes instead of despair. And they will be called righteous trees, planted by the LORD to glorify Him.
3 om aan die wat treur in Tziyon te voorsien; vir hulle ’n sierkrans te gee in die plek van as, vreugde-olie in plaas van rou, die mantel van lofprysing in plaas van ’n verslae gees. Hulle sal eikebome van onpartydige opregtheid, deur יהוה geplant, genoem word sodat Hy geloof, geëer en aanbid kan word.
4 They will rebuild the ancient ruins; they will restore the former devastations; they will renew the ruined cities, the devastations of many generations.
4 Dan sal hulle die ou puinhope herbou, die vorige verwoeste plekke oplig en die verwoeste stede herstel; die vernietiging van baie geslagte.
5 Strangers will stand and feed your flocks, and foreigners will be your plowmen and vinedressers.
5 Vreemdelinge sal staan en julle kleinvee oppas en buitelanders sal julle boere en wynboere wees,
6 But you will be called the LORD’s priests; they will speak of you as ministers of our God; you will eat the wealth of the nations, and you will boast in their riches.
6 maar júlle sal die priesters van יהוה genoem word; daar sal van julle gepraat word as bedienaars van ons God! Julle sal die rykdom van die nasies eet en in hulle rykdom sal julle roem.
7 Because your shame was double, and they cried out, “Disgrace is their portion,” therefore, they will possess double in their land, and eternal joy will be theirs.
7 In plaas van julle skande, ’n dubbele deel vir julle en in plaas van vernedering sal julle jubel oor hulle deel; daarom sal julle ’n dubbele deel in hulle land besit, ewige vreugde sal hulle s’n wees,
8 For I Yahweh love justice; I hate robbery and injustice; I will faithfully reward them and make an everlasting covenant with them.
8 want Ek, יהוה, het die regverdige oordeel lief; Ek haat diefstal en oortreding; Ek sal jou werk in waarheid lei en ’n ewige verbond met jou sluit.
9 Their descendants will be known among the nations, and their posterity among the peoples. All who see them will recognize that they are a people the LORD has blessed.
9 Dan sal julle nageslag bekend wees onder die nasies en julle nakomelinge onder die volke. Almal wat julle sien, sal julle herken, want julle is die nageslag wat יהוה geseën het.
10 I greatly rejoice in the LORD, I exult in my God; for He has clothed me with the garments of salvation and wrapped me in a robe of righteousness, as a groom wears a turban and as a bride adorns herself with her jewels.
10 Ek sal my grootliks verbly in יהוה, my lewe sal in die rondte swaai van

vreugde in my God, want Hy het my aangetrek met klere van verlossing, Hy het my in die mantel van onpartydige opregtheid toegedraai, soos 'n bruidegom die hoofversiersel ombind en soos 'n bruid haarself versier met haar juwele,
11 For as the earth produces its growth, and as a garden enables what is sown to spring up, so the Lord GOD will cause righteousness and praise to spring up before all the nations.
11 want soos die aarde sy spruite voortbring en soos 'n tuin dit wat gesaai is, laat uitspruit, so sal יהוה- God onpartydige opregtheid en lofprysing laat opspring voor al die nasies.

Isaiah 62

1 I will not keep silent because of Zion, and I will not keep still because of Jerusalem, until her righteousness shines like a bright light and her salvation, like a flaming torch.
1 Ter wille van Tziyon sal ek nie stil wees nie en ter wille van Yerushalayim sal ek nie stilbly nie totdat haar onpartydige opregtheid uitbreek soos helderheid en haar verlossing soos 'n fakkel wat brand.
2 Nations will see your righteousness and all kings, your glory. You will be called by a new name that the LORD's mouth will announce.
2 Die nasies sal jou onpartydige opregtheid sien en al die konings jou lof en eer en jy sal 'n nuwe naam genoem word wat deur die mond van יהוה uitgewys sal word.
3 You will be a glorious crown in the LORD's hand, and a royal diadem in the palm of your God.
3 Jy sal ook 'n kroon van skoonheid wees in die hand van יהוה en 'n koninklike tulband in die hand van jou God.
4 You will no longer be called Deserted, and your land will not be called Desolate; instead, you will be called My Delight is in Her, and your land Married; for the LORD delights in you, and your land will be married.
4 Dit sal nie langer vir jou gesê word, "In die steek gelaat," nie en ook nie vir jou land, "Verwaarloos," nie, maar jy sal genoem word: "My vreugde is in haar" en jou land: "Getroude," want יהוה is bly oor jou en jou land sal getroud wees,
5 For as a young man marries a young woman, so your sons will marry you; and as a groom rejoices over his bride, so your God will rejoice over you.
5 want soos 'n jongman 'n maagd trou, so sal jou gekoses met jou trou en soos die bruidegom hom verheug oor die bruid, sal jou God oor jou bly wees.
6 Jerusalem, I have appointed watchmen on your walls; they will never be silent, day or night. There is no rest for you, who remind the LORD.
6 O Yerushalayim, Ek het wagte op jou mure aangestel; die hele dag en die

hele nag sal hulle nooit stilbly nie. Julle wat הוהי herinner, neem geen rus nie

7 Do not give Him rest until He establishes and makes Jerusalem the praise of the earth.

7 en gee Hom geen rus nie totdat Hy Yerushalayim vestig en maak tot ’n lofprysing op die aarde!

8 The LORD has sworn with His right hand and His strong arm: I will no longer give your grain to your enemies for food, and foreigners will not drink your new wine you have labored for.

8 הוהי het gesweer by Sy regterhand en by Sy magtige arm: “Ek sal jou graan nooit weer as kos vir jou vyande gee nie; ook sal buitelanders nie jou nuwe wyn drink waarvoor jy gewerk het nie,

9 For those who gather grain will eat it and praise the LORD, and those who harvest the grapes will drink the wine in My holy courts.

9 maar hulle wat dit insamel, sal dit eet en הוהי prys en hulle wat dit oes, sal dit drink in die howe van My Afgesonderde Plek.”

10 Go out, go out through the gates; prepare a way for the people! Build it up, build up the highway; clear away the stones! Raise a banner for the peoples.

10 Gaan deur, gaan deur die poorte, maak die pad oop vir die mense! Bou op, bou op die hoofpad; verwyder die klippe, lig ’n banier op oor die volke!

11 Look, the LORD has proclaimed to the ends of the earth, “Say to Daughter Zion: Look, your salvation is coming, His reward is with Him, and His gifts accompany Him.”

11 Let op, הוהי het tot aan die einde van die aarde aangekondig, sê vir die dogter van Tziyon: “Kyk, jou Verlossing kom; let op, Sy beloning is by Hom en Sy vergoeding voor Hom.”

12 And they will be called the Holy People, the LORD’s Redeemed; and you will be called Cared For, A City Not Deserted.

12 Hulle sal genoem word: “Die afgesonderde volk, die vrygekooptes van הוהי” en jy sal genoem word: “Uitgesoekte, ’n stad nie in die steek gelaat nie.”

Isaiah 63

1 Who is this coming from Edom in crimson-stained garments from Bozrah — this One who is splendid in His apparel, rising up proudly in His great might? It is I, proclaiming vindication, powerful to save.

1 Wie is dit wat kom vanaf Edom, met donker rooi klere vanaf Botzrah? Wie is majestueus in Sy kleredrag en magtig in die grootheid van Sy krag? “Dit is Ek wat in onpartydige opregtheid praat, magtig om te red.”

2 Why are Your clothes red, and Your garments like one who treads a

winepress?
2 Waarom is U kleredrag rooi en U klere soos dié van een wat in die wynpers trap?
3 I trampled the winepress alone, and no one from the nations was with Me. I trampled them in My anger and ground them underfoot in My fury; their blood spattered My garments, and all My clothes were stained.
3 “Ek het die wyn alleen deurgetrap en van die volke was daar niemand by My nie. Ek het hulle ook getrap in My woede en hulle vertrap in My toorn en hulle lewensbloed het op My klere gespat en Ek het al My klere bevlek,
4 For I planned the day of vengeance, and the year of My redemption came.
4 want die dag van wraak was in My verstand, wil en emosie en My jaar van loskoping het gekom.
5 I looked, but there was no one to help, and I was amazed that no one assisted; so My arm accomplished victory for Me, and My wrath assisted Me.
5 Ek het gekyk en daar was niemand om te help nie en Ek het gewonder omdat daar niemand was om te ondersteun nie; My eie arm het vir My verlossing gebring en My toorn het My ondersteun.
6 I crushed nations in My anger; I made them drunk with My wrath and poured out their blood on the ground.
6 Ek het volke vertrap in My woede en hulle dronk gemaak in My toorn en Ek het hulle lewensbloed op die aarde uitgegooi.”
7 I will make known the LORD’s faithful love and the LORD’s praiseworthy acts, because of all the LORD has done for us — even the many good things He has done for the house of Israel and has done for them based on His compassion and the abundance of His faithful love.
7 Ek sal die liefdevolle goedheid van הוהי noem, die lofprysinge van הוהי, volgens alles wat הוהי aan ons toegestaan het en die groot goedheid teenoor die huis van Yisra’el, wat Hy aan hulle toegestaan het volgens Sy omgee en volgens die oorvloed van Sy liefdevolle goedheid,
8 He said, “They are indeed My people, children who will not be disloyal,” and He became their Savior.
8 want Hy het gesê: “Hulle is sekerlik My volk, seuns wat nie vals sal wees nie.” So het Hy hulle Verlosser geword.
9 In all their suffering, He suffered, and the Angel of His Presence saved them. He redeemed them because of His love and compassion; He lifted them up and carried them all the days of the past.
9 In al hulle pyniging was Hy gepynig en die Engel van Sy Teenwoordigheid het hulle gered; in Sy liefde en in Sy omgee het Hy hulle losgekoop en Hy het hulle opgetel en hulle gedra, al die dae van ouds,
10 But they rebelled and grieved His Holy Spirit. So He became their enemy and fought against them.
10 maar húlle het rebelleer en Sy Gees van Afsondering bedroef; daarom het Hy Homself gedraai om hulle vyand te word; Hy het teen hulle geveg.
11 Then He remembered the days of the past, the days of Moses and his

people. Where is He who brought them out of the sea with the shepherds of His flock? Where is He who put His Holy Spirit among the flock?
11 Toe het Sy volk die ou dae van Moshe onthou. Waar is Hy wat hulle uit die see uitgebring het saam met die herders van Sy kudde? Waar is Hy wat Sy Gees van Afsondering in hulle midde geplaas het;
12 He sent His glorious arm to be at Moses' right hand, divided the waters before them to obtain eternal fame for Himself,
12 wat hulle deur Sy wonderlike arm en regterhand gelei het, wat die waters voor hulle verdeel het, om vir Homself 'n ewige Naam te maak;
13 and led them through the depths like a horse in the wilderness, so that they did not stumble.
13 wat hulle deur die dieptes gelei het? Soos 'n perd in die wildernis het hulle nie gestruikel nie.
14 Like cattle that go down into the valley, the Spirit of the LORD gave them rest. You led Your people this way to make a glorious name for Yourself.
14 Soos die beeste wat in die vallei afgaan, het die Gees van הוהי hulle rus gegee. Só het U U volk gelei, om vir Uself 'n eervolle, lofwaardige Naam te maak.
15 Look down from heaven and see from Your lofty home — holy and beautiful. Where is Your zeal and Your might? Your yearning and Your compassion are withheld from me.
15 "Kyk van die hemel af neer en sien uit U afgesonderde en lofwaardige blyplek, waar is U ywer en U magtige dade? Die ontroering van U verstand, wil en emosie en U liefdevolle omgee is ingehou teenoor ons,
16 Yet You are our Father, even though Abraham does not know us and Israel doesn't recognize us. You, Yahweh, are our Father; from ancient times, Your name is our Redeemer.
16 want U is ons Vader, alhoewel Avraham ons nie ken nie en Yisra'el ons nie erken nie. U, O הוהי, is ons Vader en ons Loskoper. U Naam is van ewigheid af.
17 Why, Yahweh, do You make us stray from Your ways? You harden our hearts so we do not fear You. Return, because of Your servants, the tribes of Your heritage.
17 הוהי, waarom laat U ons wegdwaal van U paaie en verhard U ons verstand, wil en emosie sodat ons U nie vrees nie? Kom terug ter wille van U diensknegte, die stamme van U erfenis!
18 Your holy people had a possession for a little while, but our enemies have trampled down Your sanctuary.
18 U afgesonderde volk het U Afgesonderde Plek vir 'n kort rukkie besit; ons teëstanders het dit vertrap.
19 We have become like those You never ruled over, like those not called by Your name.
19 Ons het geword soos hulle oor wie U nooit geheers het nie, hulle waaroor

U Naam (Karakter en Outoriteit) nie uitgeroep is nie. Ag, as U maar die hemele wou skeur en afkom sodat die berge sal bewe voor U Teenwoordigheid

Isaiah 64

1 If only You would tear the heavens open and come down, so that mountains would quake at Your presence —
1 dat hulle mag smelt soos was voor die vuur smelt en dat vuur U vyande mag verteer, om U Naam Karakter en Outoriteit) aan U teëstanders bekend te maak sodat die nasies in U Teenwoordigheid mag bewe,
2 as fire kindles the brushwood, and fire causes water to boil — to make Your name known to Your enemies, so that nations will tremble at Your presence!
2 wanneer U ontsagwekkende dinge doen wat ons nie verwag het nie. U het afgekom en die berge het geskud in U Teenwoordigheid!
3 When You did awesome works that we did not expect, You came down, and the mountains quaked at Your presence.
3 Van die begin van die wêreld af het hulle dit nie gehoor of met die oor waargeneem, of het die oog, o God, enige buiten U gesien nie, as gevolg van wat U doen vir dié wat op U wag.
4 From ancient times no one has heard, no one has listened, no eye has seen any God except You, who acts on behalf of the one who waits for Him.
4 U ontmoet hom wat onpartydige opregtheid doen, wat U met vreugde in U handelswyses onthou. Let op, U was kwaad, want ons het gesondig; ons het oortree teenoor U handelswyses en tog sal ons gered word.
5 You welcome the one who joyfully does what is right; they remember You in Your ways. But we have sinned, and You were angry. How can we be saved if we remain in our sins?
5 Ons het almal geword soos ’n onrein ding en al ons regverdige dade is soos ’n vuil kleed; ons het almal verwelk soos ’n blaar en ons onregverdigheid het ons weggevat soos die wind.
6 All of us have become like something unclean, and all our righteous acts are like a polluted garment; all of us wither like a leaf, and our iniquities carry us away like the wind.
6 Daar is niemand wat U Naam (Karakter en Outoriteit) aanroep, wat onthou om aan U vas te hou nie, want U het U gesig weggedraai van ons af en ons oorgegee aan die krag van ons sondes,
7 No one calls on Your name, striving to take hold of You. For You have hidden Your face from us and made us melt because of our iniquity.
7 maar nou, יהוה, U is ons Vader; ons is die klei en U is ons Pottebakker en ons is almal die werk van U hand.
8 Yet LORD, You are our Father; we are the clay, and You are our potter; we all are the work of Your hands.

8 יהוה, wees nie uitermate kwaad nie en onthou nie die onregverdigheid vir ewig nie; let op, kyk nou, ons is almal U volk.
9 L**ORD**, do not be terribly angry or remember our iniquity forever. Please look — all of us are Your people!
9 U afgesonderde stede het ’n wildernis geword; Tziyon het ’n wildernis geword, Yerushalayim ’n verlatenheid.
10 Your holy cities have become a wilderness; Zion has become a wilderness, Jerusalem a desolation.
10 Ons afgesonderde en pragtige huis waar ons vaders U geloof het, is met vuur verbrand en al ons kosbaarhede, het ’n puinhoop geword.
11 Our holy and beautiful temple, where our fathers praised You, has been burned with fire, and all that was dear to us lies in ruins.
11 יהוה, sal U Uself terughou oor hierdie dinge? Sal U stilbly en ons uitermate teister?”
12 L**ORD**, after all this, will You restrain Yourself? Will You keep silent and afflict severely?
12 Nie in hierdie vertaling nie)

Isaiah 65

1 “I was sought by those who did not ask; I was found by those who did not seek Me. I said: Here I am, here I am, to a nation that was not called by My name.
1 “Ek het Myself laat soek deur hulle wat nie na My gevra het nie; Ek het My laat vind deur die wat My nie gesoek het nie; aan ’n nasie wat nog nooit My Naam uitgeroep het nie, het Ek gesê: ‘Hier is Ek, hier is Ek!’
2 I spread out My hands all day long to a rebellious people who walk in the wrong path, following their own thoughts.
2 Ek het My hande die hele dag lank uitgesprei na ’n rebelse volk, wat loop op ’n pad wat nie goed is nie, agter hulle eie gedagtes aan;
3 These people continually provoke Me to My face, sacrificing in gardens, burning incense on bricks,
3 ’n volk wat My voortdurend in die gesig uittart, deur offers in tuine te bring en wierook te laat opgaan op bakstene;
4 sitting among the graves, spending nights in secret places, eating the meat of pigs, and putting polluted broth in their bowls.
4 wat tussen die grafte sit en die nag in geheime plekke deurbring; wat varkvleis eet en in hulle potte is die mengsel van onrein vleis,
5 They say, ‘Keep to yourself, don’t come near me, for I am too holy for you! ’ These practices are smoke in My nostrils, a fire that burns all day long.
5 wat sê: ‘Bly by jouself! Kom nie naby my nie, want ek is meer afgesonder as jy!’ Hulle is rook in My neusgate, ’n vuur wat die hele dag brand.
6 It is written before Me: I will not keep silent, but I will repay; I will repay

them fully
6 Let op, dit staan voor My geskryf, Ek sal nie stilbly nie, maar Ek sal terugbetaal; Ek sal selfs in hulle boesem terugbetaal,
7 for your iniquities and the iniquities of your fathers together," says the LORD. "Because they burned incense on the mountains and reproached Me on the hills, I will reward them fully for their former deeds."
7 beide hulle onregverdigheid en die onregverdigheid van hulle vaders saam," sê יהוה. "Omdat hulle wierook op die berge gebrand het en My gespot het op die heuwels sal Ek al hulle vorige werke in hulle boesem uitmeet."
8 The LORD says this: As the new wine is found in a bunch of grapes, and one says, 'Don't destroy it, for there's some good in it,' so I will act because of My servants and not destroy them all.
8 So sê יהוה: "Soos die nuwe wyn in die tros gevind word en een sê: 'Verniel dit nie, want daar is voordeel in dit,' so sal Ek optree ter wille van My diensknegte, om nie almal van hulle te vernietig nie.
9 I will produce descendants from Jacob, and heirs to My mountains from Judah; My chosen ones will possess it, and My servants will dwell there.
9 Ek sal 'n nageslag uit Ya'akov laat voortkom en 'n erfgenaam van My berge uit Y'hudah; My gekoses sal dit erf en My diensknegte sal daar bly.
10 Sharon will be a pasture for flocks, and the Valley of Achor a place for cattle to lie down, for My people who have sought Me.
10 Sharon sal 'n weiveld vir kleinvee wees en die vallei van Akhor 'n rusplek vir beeste, vir My volk wat My soek,
11 But you who abandon the LORD, who forget My holy mountain, who prepare a table for Fortune and fill bowls of mixed wine for Destiny,
11 maar julle wat יהוה verlaat, wat My afgesonderde berg vergeet, wat 'n tafel dek vir Gad (die geluksgod) en gemengde wyn inskink vir Meni (die god van die noodlot),
12 I will destine you for the sword, and all of you will kneel down to be slaughtered, because I called and you did not answer, I spoke and you did not hear; you did what was evil in My sight and chose what I did not delight in.
12 sal Ek bestem vir die swaard en julle almal sal neerbuig vir die slagting omdat Ek geroep het, maar julle het nie geantwoord nie, Ek het gepraat, maar julle het nie gehoor, geluister en gedoen nie en julle het boosheid voor My oë gedoen en gekies wat My nie behaag nie."
13 Therefore, this is what the Lord GOD says: My servants will eat, but you will be hungry; My servants will drink, but you will be thirsty; My servants will rejoice, but you will be put to shame.
13 יהוה-God sê daarom: "Let op, My diensknegte sal eet, maar julle sal honger bly. Let op, My diensknegte sal drink, maar julle sal dors wees. Let op, My diensknegte sal bly wees, maar julle sal beskaamd staan.
14 My servants will shout for joy from a glad heart, but you will cry out from an anguished heart, and you will lament out of a broken spirit.

14 Let op, My diensknegte sal vreugdevol uitroep met ’n vrolike verstand, wil en emosie en júlle sal uitskree met ’n swaar gemoed en huil met ’n gebreekte gees.
15 You will leave your name behind as a curse for My chosen ones, and the Lord GOD will kill you; but He will give His servants another name.
15 Julle sal jul naam as ’n vloek vir My gekoses laat agterbly en יהוה-God sal jou doodslaan, maar My knegte sal met ’n ander naam genoem word,
16 Whoever is blessed in the land will be blessed by the God of truth, and whoever swears in the land will swear by the God of truth. For the former troubles will be forgotten and hidden from My sight.
16 want hy wat in die aarde geseënd is, sal deur die God van waarheid geseënd wees en hy wat sweer op die aarde, sal sweer by die God van waarheid, want die vorige moeilikhede is vergeet en hulle is verborge vir My oë,
17 “For I will create a new heaven and a new earth; the past events will not be remembered or come to mind.
17 want let op, Ek skep nuwe hemele en ’n nuwe aarde en die vorige dinge sal nie onthou word of aan gedink word nie,
18 Then be glad and rejoice forever in what I am creating; for I will create Jerusalem to be a joy and its people to be a delight.
18 maar wees julle bly en swaai in die rondte van vreugde vir ewig oor wat Ek skep, want let op, Ek skep Yerushalayim om te jubel en sy mense vir blydskap.
19 I will rejoice in Jerusalem and be glad in My people. The sound of weeping and crying will no longer be heard in her.
19 Ek sal ook in die rondte swaai van vreugde oor Yerushalayim en bly wees oor My volk en daar sal nie meer die stem van geween of die stem van geskree in haar gehoor word nie.
20 In her, a nursing infant will no longer live only a few days, or an old man not live out his days. Indeed, the youth will die at a hundred years, and the one who misses a hundred years will be cursed.
20 Daar sal nie meer ’n suigeling in haar wees wat net ’n paar dae leef of ’n ou man wat nie sy dae uitleef nie, want die jeug sal sterf op ’n honderd jaar oud en wie nie een honderd jaar bereik nie, sal vervloek wees.
21 People will build houses and live in them; they will plant vineyards and eat their fruit.
21 Hulle sal huise bou en daarin bly en ook wingerde plant en die vrug daarvan eet.
22 They will not build and others live in them; they will not plant and others eat. For My people’s lives will be like the lifetime of a tree. My chosen ones will fully enjoy the work of their hands.
22 Hulle sal nie bou en ’n ander daarin bly nie; hulle sal nie plant en ’n ander dit eet nie, want soos die dae van ’n boom, sal My volk wees en My gekoses sal die werk van hulle hande geniet.
23 They will not labor without success or bear children destined for disaster,

for they will be a people blessed by the LORD along with their descendants.
23 Hulle sal nie tevergeefs werk of geboorte gee aan kinders vir ’n vervloeking nie, want hulle is die nageslag van die wat deur הוהי geseën is en hulle nakomelinge saam met hulle.
24 Even before they call, I will answer; while they are still speaking, I will hear.
24 Dit sal ook gebeur dat voordat hulle roep, Ek sal antwoord en terwyl hulle nog praat, sal Ek hoor.
25 The wolf and the lamb will feed together, and the lion will eat straw like the ox, but the serpent’s food will be dust! They will not do what is evil or destroy on My entire holy mountain,” says the LORD.
25 Die wolf en die lam sal saam wei en die leeu sal strooi eet soos ’n os en stof sal die slang se kos wees; hulle sal geen kwaad of skade doen op My hele afgesonderde berg nie,” sê הוהי.

Isaiah 66

1 This is what the LORD says: Heaven is My throne, and earth is My footstool. What house could you possibly build for Me? And what place could be My home?
1 So sê הוהי: “Die hemel is My troon en die aarde is My voetstoel. Waar is dan die huis wat julle vir My kan bou? Waar is ’n plek waar Ek kan rus?
2 My hand made all these things, and so they all came into being. This is the LORD’s declaration. I will look favorably on this kind of person: one who is humble, submissive in spirit, and trembles at My word.
2 Want My hand het al hierdie dinge gemaak, so het dit alles ontstaan,” verklaar הוהי, “maar na hierdie een sal Ek kyk: na hom wat nederig is, berouvol van gees en wat My Woord respekvol vrees.
3 One slaughters an ox, one kills a man; one sacrifices a lamb, one breaks a dog’s neck; one offers a grain offering, one offers pig’s blood; one offers incense, one praises an idol — all these have chosen their ways and delight in their detestable practices.
3 Hy wat ’n bees slag is soos een wat ’n man doodslaan; hy wat ’n lam offer, soos hy wat ’n hond se nek breek; hy wat ’n graanoffer bring soos een wat varkbloed offer; hy wat wierook brand, is soos hy wat ’n afgod seën. Soos húlle hul eie paaie gekies het en hulle lewens ’n behae in hul verwerplikhede het,
4 So I will choose their punishment, and I will bring on them what they dread because I called and no one answered; I spoke and they didn’t hear; they did what was evil in My sight and chose what I didn’t delight in.
4 so sal Ek hulle strawwe kies en dit wat hulle vrees oor hulle bring omdat Ek geroep het, maar niemand het geantwoord nie; Ek het gepraat, maar hulle het nie geluister nie; hulle het boos gedoen in My oë en gekies wat My nie behaag nie.”

5 You who tremble at His word, hear the word of the LORD: “Your brothers who hate and exclude you because of Me have said, ‘Let the LORD be glorified so that we can see your joy! ’ But they will be put to shame.”
5 Hoor die woord van יהוה, julle wat bewe voor Sy Woord! “Sê aan julle broers wat julle haat, wat julle uitsluit om My Naam (Karakater en Outoriteit) ontwil: ‘Laat יהוה geloof en geëer word.’ Wees vol vreugde in jou blydskap en hulle sal beskaamd staan!”
6 A sound of uproar from the city! A voice from the temple — the voice of the LORD, paying back His enemies what they deserve!
6 “’n Klank van oproer uit die stad, ’n stem vanaf die tempel. Die stem van יהוה wat Sy vyande beloon!
7 Before Zion was in labor, she gave birth; before she was in pain, she delivered a boy.
7 Voordat sy geboortepyne gekry het, het sy geboorte gegee; voordat haar pyn gekom het, het sy geboorte gegee aan ’n seun.
8 Who has heard of such a thing? Who has seen such things? Can a land be born in one day or a nation be delivered in an instant? Yet as soon as Zion was in labor, she gave birth to her sons.
8 Wie het van so iets gehoor? Wie het sulke dinge gesien? Kan ’n land in een dag gebore word? Kan ’n nasie op een slag voortgebring word? Sodra Tziyon geboortepyne gekry het, het sy geboorte gegee aan haar kinders.
9 “Will I bring a baby to the point of birth and not deliver it? ” says the LORD; “or will I who deliver, close the womb? ” says your God.
9 Sal Ek tot op die punt van geboorte bring en nie tot geboorte laat kom nie?” vra יהוה. “Of miskien is dit nie Ek wat geboorte laat gee en wat die baarmoeder sluit nie?” vra jou God.
10 Be glad for Jerusalem and rejoice over her, all who love her. Rejoice greatly with her, all who mourn over her —
10 “Wees bly saam met Yerushalayim en swaai in die rondte van vreugde oor haar, almal wat haar liefhet! Wees uitermate vrolik saam met haar, almal wat oor haar treur
11 so that you may nurse and be satisfied from her comforting breast and drink deeply and delight yourselves from her glorious breasts.
11 sodat julle kan drink en versadig word aan haar vertroostende borste sodat julle kan suig en julle verlustig aan haar oorvloedige boesem,”
12 For this is what the LORD says: I will make peace flow to her like a river, and the wealth of nations like a flood; you will nurse and be carried on her hip and bounced on her lap.
12 want so sê יהוה: “Let op, Ek steek vrede na haar toe uit soos ’n rivier en die eer en lof van die nasies soos ’n oorlopende stroom en julle sal versorg word, julle sal op die heup gedra word en op die knieë vertroetel word.
13 As a mother comforts her son, so I will comfort you, and you will be

comforted in Jerusalem.
13 Soos een wat deur sy moeder getroos word, so sal Ek julle troos en julle sal in Yerushalayim getroos word."
14 You will see, you will rejoice, and you will flourish like grass; then the LORD's power will be revealed to His servants, but He will show His wrath against His enemies.
14 Dan sal julle sien en julle verstand, wil en emosie sal vrolik wees en julle gebeente sal floreer soos jong gras en die hand van הוהי sal bekend gemaak word aan Sy diensknegte, maar Hy sal verontwaardig wees teenoor Sy vyande,
15 Look, the LORD will come with fire — His chariots are like the whirlwind — to execute His anger with fury and His rebuke with flames of fire.
15 want let op, הוהי sal kom in vuur en Sy strydwaens soos 'n warrelwind, om Sy woede met toorn aan te bied en Sy bestraffing met vlamme van vuur,
16 For the LORD will execute judgment on all flesh with His fiery sword, and many will be slain by the LORD.
16 want הוהי sal met vuur en met Sy swaard oor alle vlees oordeel vel en hulle wat deur הוהי verslaan is, sal baie wees.
17 "Those who dedicate and purify themselves to enter the groves following their leader, eating meat from pigs, vermin, and rats, will perish together." This is the LORD's declaration.
17 "Die wat hulleself afsonder en hulleself reinig vir die tuine terwyl hulle die een wat in die middel staan, wat varkvleis, verwerplike dinge en muise eet, volg, sal almal saam tot 'n einde kom," verklaar הוהי,
18 "Knowing their works and their thoughts, I have come to gather all nations and languages; they will come and see My glory.
18 want Ek ken hulle werke en hulle gedagtes; die tyd kom om al die nasies en tale te versamel en hulle sal kom en My Gemanifesteerde Teenwoordigheid sien.
19 I will establish a sign among them, and I will send survivors from them to the nations — to Tarshish, Put, Lud (who are archers), Tubal, Javan, and the islands far away — who have not heard of My fame or seen My glory. And they will proclaim My glory among the nations.
19 Ek sal 'n teken tussen hulle plaas en oorlewendes vanaf hulle na die nasies uitstuur: Tarshish, Pul, Lud, Meshekh, Rosh, Tuval en Yavan, na die ver kuslande wat nie van My roem gehoor of My lof en eer gesien het nie. Hulle sal My lof, eer en aanbidding onder die nasies verkondig.
20 They will bring all your brothers from all the nations as a gift to the LORD on horses and chariots, in litters, and on mules and camels, to My holy mountain Jerusalem," says the LORD, "just as the Israelites bring an offering in a clean vessel to the house of the LORD.
20 Dan sal hulle al julle broers bring uit al die nasies as graanoffer tot הוהי,

op perde, in waens, in draagstoele, op muile en op kamele na My afgesonderde berg Yerushalayim," sê הוהי, "net soos die seuns van Yisra'el hulle graanoffer in 'n rein houer na die huis van הוהי bring.
21 I will also take some of them as priests and Levites," says the LORD.
21 Ek sal ook sommige van hulle as priesters en Leviete vat," sê הוהי,
22 "For just as the new heavens and the new earth, which I will make, will endure before Me" — this is the LORD's declaration — "so your offspring and your name will endure.
22 "want net soos die nuwe hemel en die nuwe aarde wat Ek maak, voor My sal staan," verklaar הוהי, "so sal julle nageslag en julle naam staan.
23 All mankind will come to worship Me from one New Moon to another and from one Sabbath to another," says the LORD.
23 Dit sal wees vanaf Nuwemaan tot Nuwemaan en van Shabbat tot Shabbat dat die ganse mensdom sal kom om voor My neer te buig," sê הוהי.
24 "As they leave, they will see the dead bodies of the men who have rebelled against Me; for their worm will never die, their fire will never go out, and they will be a horror to all mankind."
24 "Dan sal hulle uitgaan en die lyke van die mense wat teen My oortree het, sien, want hulle wurm sal nie sterf en hulle vuur sal nie uitgeblus word nie en hulle sal 'n afsku wees vir die ganse mensdom."

Jeremiah

Jeremiah 1

1 The words of Jeremiah, the son of Hilkiah, one of the priests living in Anathoth in the territory of Benjamin.
1 Die woorde van Yirmeyahu, die seun van Hilkiyahu, vanuit die priesters wat in `Anatot, in die land van Binyamin was,
2 The word of the LORD came to him in the thirteenth year of the reign of Josiah son of Amon, king of Judah.
2 tot wie die woord van הוהי gekom het in die dae van Yoshiyahu, die seun van Amon, koning van Y'hudah, in die dertiende jaar van sy regering.
3 It also came throughout the days of Jehoiakim son of Josiah, king of Judah, until the fifth month of the eleventh year of Zedekiah son of Josiah, king of Judah, when the people of Jerusalem went into exile.
3 Dit het ook gekom in die dae van Y'hoyakim, die seun van Yoshiyahu, koning van Y'hudah, tot aan die einde van die elfde jaar van Tzidkiyahu, die seun van Yoshiyahu, koning van Y'hudah, totdat die inwoners van Yerushalayim in

gevangeskap weggevat is in die vyfde maand.
4 The word of the L**ORD** came to me:
4 Die woord van יהוה het tot my gekom en gesê:
5 I chose you before I formed you in the womb; I set you apart before you were born. I appointed you a prophet to the nations.
5 "Voordat Ek jou in die baarmoeder gevorm het, het Ek jou geken en voordat jy gebore is, het Ek jou afgesonder; Ek het jou as 'n profeet vir die nasies aangestel."
6 But I protested, "Oh no, Lord, G**OD**! Look, I don't know how to speak since I am only a youth."
6 Toe het ek gesê: "Helaas, יהוה-God, let op, ek weet nie hoe om te praat nie, want ek is jonk."
7 Then the L**ORD** said to me: Do not say, "I am only a youth," for you will go to everyone I send you to and speak whatever I tell you.
7 יהוה het egter vir my gesê: "Moenie sê: 'Ek is jonk nie,' want jy moet gaan waarheen Ek jou ook al stuur en alles wat Ek jou beveel, moet jy sê.
8 Do not be afraid of anyone, for I will be with you to deliver you. This is the L**ORD**'s declaration.
8 Moenie vir hulle bang wees nie, want Ek is by jou om jou te bevry," verklaar יהוה.
9 Then the L**ORD** reached out His hand, touched my mouth, and told me: I have now filled your mouth with My words.
9 Toe het יהוה Sy hand uitgesteek en my mond aangeraak en יהוה het vir my gesê: "Let op, Ek het My woorde in jou mond gelê.
10 See, I have appointed you today over nations and kingdoms to uproot and tear down, to destroy and demolish, to build and plant.
10 Let op, Ek stel jou vandag aan oor die nasies en oor die koninkryke om uit te ruk en af te breek, om te vernietig en omver te werp, om te bou en te plant."
11 Then the word of the L**ORD** came to me, asking, "What do you see, Jeremiah? " I replied, "I see a branch of an almond tree."
11 Die woord van יהוה het tot my gekom en gesê: "Wat sien jy, Yirmeyahu?" Ek antwoord: "Ek sien 'n amandelboom se tak."
12 The L**ORD** said to me, "You have seen correctly, for I watch over My word to accomplish it."
12 Toe het יהוה vir my gesê: "Jy het goed gesien, want Ek waak oor My woord om dit uit te voer."
13 Again the word of the L**ORD** came to me inquiring, "What do you see? " And I replied, "I see a boiling pot, its lip tilted from the north to the south."
13 Die boodskap van יהוה het vir die tweede keer tot my gekom en gesê: "Wat sien jy?" Ek antwoord: "Ek sien 'n kokende pot en sy opening is na die noorde toe."

14 Then the LORD said to me, “Disaster will be poured out from the north on all who live in the land.

14 Toe sê יהוה vir my: “Uit die noorde uit sal die boosheid losbreek oor al die inwoners van die land,
15 Indeed, I am about to summon all the clans and kingdoms of the north.” This is the LORD’s declaration. They will come, and each king will set up his throne at the entrance to Jerusalem’s gates. They will attack all her surrounding walls and all the other cities of Judah.
15 want let op, Ek roep al die families van die koninkryke van die noorde,” verklaar יהוה; “en hulle sal kom en hulle sal elkeen sy troon opstel by die ingang van die poorte van Yerushalayim en teen al sy mure rondom en teen al die stede van Y’hudah.
16 “I will pronounce My judgments against them for all the evil they did when they abandoned Me to burn incense to other gods and to worship the works of their own hands.
16 Ek sal My oordele oor hulle uitspreek, weens al hulle boosheid, waardeur hulle My verlaat het en offers aan ander gode geoffer het en die werke van hulle eie hande aanbid het.
17 “Now, get ready. Stand up and tell them everything that I command you. Do not be intimidated by them or I will cause you to cower before them.
17 Nou, bind jou heupe vas, staan op en sê vir hulle alles wat Ek jou beveel. Moenie bang wees vir hulle nie, of Ek sal jou voor hulle neerwerp.
18 Today, I am the One who has made you a fortified city, an iron pillar, and bronze walls against the whole land — against the kings of Judah, its officials, its priests, and the population.
18 Let nou op, Ek het jou vandag soos ’n versterkte stad, ’n yster pilaar en koper mure teen die hele land gemaak, teen die konings van Y’hudah, teen sy prinse, teen sy priesters en teen die mense van die land.
19 They will fight against you but never prevail over you, since I am with you to rescue you.” This is the LORD’s declaration.
19 Hulle sal teen jou veg, maar jou nie oorwin nie, want Ek is by jou om jou te bevry,” verklaar יהוה.

Jeremiah 2

1 The word of the LORD came to me:

1 Die woord van יהוה het tot my gekom en gesê:

2 “Go and announce directly to Jerusalem that this is what the LORD says: I remember the loyalty of your youth, your love as a bride — how you followed Me in the wilderness, in a land not sown.

2 “Gaan en verkondig in die ore van die mense van Yerushalayim en sê: ‘So sê יהוה: “Ek onthou aangaande jou die toewyding van jou jeug, die liefde van

jou uithou, hoe jy in die woestyn, deur 'n onbesaaide land, agter My aan geloop het.
3 Israel was holy to the LORD, the firstfruits of His harvest. All who ate of it found themselves guilty; disaster came on them." This is the LORD's declaration.
3 Yisra'el is die eersteling van Sy oes, afgesonder vir יהוה. Almal wat daarvan vernietig, sal veroordeel word; boosheid sal oor hulle kom," verklaar יהוה.'"
4 Hear the word of the LORD, house of Jacob and all families of the house of Israel.
4 Luister en hoor die woord van יהוה, o huis van Ya'akov en al die families van die huis van Yisra'el!
5 This is what the LORD says: What fault did your fathers find in Me that they went so far from Me, followed worthless idols, and became worthless themselves?
5 So sê יהוה: "Watter onregverdigheid het julle vaders in My gevind dat hulle ver van My af weggegaan en agter leegheid aan geloop het en self leeg geword het?
6 They stopped asking, "Where is the LORD who brought us from the land of Egypt, who led us through the wilderness, through a land of deserts and ravines, through a land of drought and darkness, a land no one traveled through and where no one lived? "
6 Hulle het nie gesê: 'Waar is יהוה wat ons uit die land van Mitzrayim uit gebring het, wat ons deur die wildernis gelei het, deur 'n land van woestyne en kuile, deur 'n land van droogte en diep duisternis, deur 'n land waardeur niemand trek en waar geen mens bly,' nie.
7 I brought you to a fertile land to eat its fruit and bounty, but after you entered, you defiled My land; you made My inheritance detestable.
7 Ek het julle in die vrugbare land gebring om die vrugte en die goeie dinge daarvan te eet, maar julle het gekom en My land onteer en My erfenis het julle 'n verafskuwing gemaak.
8 The priests quit asking, "Where is the LORD? " The experts in the law no longer knew Me, and the rulers rebelled against Me. The prophets prophesied by Baal and followed useless idols.
8 Die priesters het nie gesê: 'Waar is יהוה?' nie. Die wat die wet handhaaf, het My nie geken nie; die heersers het ook teen My oortree en die profete het deur Ba'al geprofeteer en agter dinge aangeloop
wat geen voordeel bring nie;
9 Therefore, I will bring a case against you again. This is the LORD's declaration. I will bring a case against your children's children.
9 daarom sal Ek steeds met julle argumenteer," verklaar יהוה; "en met julle kindskinders sal Ek argumenteer,

10 Cross over to Cyprus and take a look. Send someone to Kedar and consider carefully; see if there has ever been anything like this:
10 want gaan oor na die kuslande van die Kittiërs, kyk en stuur na Kedar en gee daar goed ag op en kyk of daar so iets soos dié gebeur het!
11 Has a nation ever exchanged its gods? But they were not gods!) Yet My people have exchanged their Glory for useless idols.
11 Het 'n nasie sy gode verruil terwyl hulle nie-gode is nie? My volk het egter sy lof, eer en aanbidding verruil vir wat geen voordeel bring nie.
12 Be horrified at this, heavens; be shocked and utterly appalled. This is the L**ORD**'s declaration.
12 O hemele, wees verstom hieroor, sidder en wees bedroef," verklaar יהוה,
13 For My people have committed a double evil: They have abandoned Me, the fountain of living water, and dug cisterns for themselves, cracked cisterns that cannot hold water.
13 "want My volk het twee booshede gedoen: hulle het My, die Fontein van lewende water, verlaat om vir hulleself reënbakke uit te kap, gebreekte reënbakke wat geen water kan hou nie.
14 Is Israel a slave? Was he born into slavery? Why else has he become a prey?
14 Is Yisra'el 'n slaaf, of is hy 'n bediende wat in die huis gebore is? Waarom het hy 'n prooi geword?
15 The young lions have roared at him; they have roared loudly. They have laid waste his land. His cities are in ruins, without inhabitants.
15 Die jong leeus het vir hom gebrul, hulle het hard gebrul en van sy land 'n woesteny gemaak; sy stede is vernietig, sonder inwoner.
16 The men of Memphis and Tahpanhes have also broken your skull.
16 Die manne van Nof (Memphis) en Tagpanges het geheers oor die kroon van jou kop.
17 Have you not brought this on yourself by abandoning the L**ORD** your God while He was leading you along the way?
17 Het jy dit nie aan jouself gedoen deur יהוה, jou God, te verlaat toe Hy jou op die pad gelei het nie?
18 Now what will you gain by traveling along the way to Egypt to drink the waters of the Nile? What will you gain by traveling along the way to Assyria to drink the waters of the Euphrates?
18 Wat maak jy dan nou op die pad na Mitzrayim, om die water van die Nyl te drink? Of wat maak jy op die pad na Ashur, om die waters van die Eufraat te drink?
19 Your own evil will discipline you; your own apostasies will reprimand you. Think it over and see how evil and bitter it is for you to abandon the L**ORD** your God and to have no fear of Me. This is the declaration of the Lord G**OD** of Hosts.

19 Jou eie boosheid sal jou reghelp en jou afvalligheid sal jou bestraf; weet dan en sien dat dit boos en bitter is vir jou om הוהי, jou God, te verlaat; My respekvolle vrees is dan nie in jou nie," verklaar הוהי, God van die leërskare,
20 For long ago I broke your yoke; I tore off your chains. You insisted, "I will not serve! " On every high hill and under every green tree you lie down like a prostitute.
20 "want lank gelede het Ek jou juk verbreek en jou bande afgeskeur, maar jy het gesê: 'Ek sal nie dien nie,' want op elke hoë heuwel en onder elke groen boom het jy gaan lê as 'n hoereerder.
21 I planted you, a choice vine from the very best seed. How then could you turn into a degenerate, foreign vine?
21 Nogtans het Ek jou geplant as 'n keur wingerdstok, 'n heeltemal betroubare saad. Hoe het jy jouself dan voor My verander in die minderwaardige lote van 'n vreemde wingerdstok?
22 Even if you wash with lye and use a great amount of soap, the stain of your sin is still in front of Me. This is the Lord GOD's declaration.
22 Alhoewel jy jou was met loog en baie seep gebruik, is die vlek van jou onregverdigheid voor My," verklaar הוהי-God.
23 How can you protest, "I am not defiled; I have not followed the Baals"? Look at your behavior in the valley; acknowledge what you have done. You are a swift young camel twisting and turning on her way,
23 "Hoe kan jy sê: 'Ek is nie onteer nie; ek het nie agter die Ba'als aan gegaan nie?' Kyk na jou lewenswyse in die valleie en besef wat jy gedoen het! Jy is 'n jong kameelkoei wat haar stem verhef;
24 a wild donkey at home in the wilderness. She sniffs the wind in the heat of her desire. Who can control her passion? All who look for her will not become tired; they will find her in her mating season.
24 'n wilde-donkie, gewoond aan die wildernis, wat in haar heftige begeerte die wind snuif in die tyd van haar hitte! Wie kan haar wegkeer? Almal wat haar soek, sal hulle nie vermoei nie; in haar maand sal hulle haar kry.
25 Keep your feet from going bare and your throat from thirst. But you say, "It's hopeless; I love strangers, and I will continue to follow them."
25 Jou voete is moeg, want hulle is nie beslaan nie en jou keel droog van die dors, maar jy het gesê: 'Ek het sterk geword en is nie bereid om te erken en om te draai nie, want ek het vreemdes liefgehad en sal agter hulle aan loop.'
26 Like the shame of a thief when he is caught, so the house of Israel has been put to shame. They, their kings, their officials, their priests, and their prophets
26 Soos 'n dief beskaamd staan as hy ontdek word, so is die huis van Yisra'el beskaamd; hulle, hulle konings, hulle prinse, hulle priesters en hulle profete,
27 say to a tree, "You are my father," and to a stone, "You gave birth to me." For they have turned their back to Me and not their face, yet in their time of

disaster they beg, “Rise up and save us! ”
27 wat vir ’n boom sê: ‘Jy is my vader’ en vir ’n klip: ‘Jy het geboorte gegee aan my,’ want hulle het hulle rug na My toe gedraai en nie die gesig nie, maar in die tyd van hulle moeilikheid sal hulle sê: ‘Staan op en red ons!’
28 But where are your gods you made for yourself? Let them rise up and save you in your time of disaster if they can, for your gods are as numerous as your cities, Judah.
28 Waar is jou gode wat jy vir jouself gemaak het? Laat hulle opstaan as hulle jou kan red in die tyd van jou moeilikheid, want volgens die getal van jou stede is jou gode, o Y’hudah!
29 Why do you bring a case against Me? All of you have rebelled against Me. This is the LORD’s declaration.
29 Waarom stry julle met My? Julle almal het teen My oortree,” verklaar יהוה.
30 I have struck down your children in vain; they would not accept discipline. Your own sword has devoured your prophets like a ravaging lion.
30 “Tevergeefs het Ek julle seuns geslaan; hulle het geen tugtiging aanvaar nie; julle swaard het julle profete verslind soos ’n vernietigende leeu.
31 Evil generation, pay attention to the word of the LORD! Have I been a wilderness to Israel or a land of dense darkness? Why do My people claim, “We will go where we want; we will no longer come to You”?
31 O geslag, gee ag op die woord van יהוה! Was Ek ’n Wildernis vir Yisra’el of ’n Land van dik duisternis? Waarom sê My volk: ‘Ons is vernederd, ons sal nie meer na U toe kom nie?’
32 Can a young woman forget her jewelry or a bride her wedding sash? Yet My people have forgotten Me for countless days.
32 Kan ’n maagd haar versierings vergeet, of ’n bruid haar klere? Tog het My volk My dae sonder tal vergeet.
33 How skillfully you pursue love; you also teach evil women your ways.
33 Hoe goed berei jy jou pad voor om liefde te soek! Let op, jy het ook boosheid geleer deur jou optrede.
34 Moreover, your skirts are stained with the blood of the innocent poor. You did not catch them breaking and entering. But in spite of all these things
34 Ook is daar aan jou hande die bloed gevind van die onskuldige armes. Ek het dit nie gevind deur hard te soek nie, want dit is onder elke boom.
35 you claim, “I am innocent. His anger is sure to turn away from me.” But I will certainly judge you because you have said, “I have not sinned.”
35 Tog het jy steeds gesê: ‘Ek is onskuldig; Sy toorn sal sekerlik weggedraai word van my af.’ Let op, Ek sal in oordeel met jou gaan omdat jy sê: ‘Ek het nie gesondig nie.’
36 How unstable you are, constantly changing your ways! You will be put to shame by Egypt just as you were put to shame by Assyria.
36 Hoekom loop jy so baie rond en verander jou pad? Jy sal ook deur

Mitzrayim beskaamd gemaak word soos jy deur Ashur beskaamd gemaak is.
37 Moreover, you will be led out from here with your hands on your head since the LORD has rejected those you trust; you will not succeed even with their help.
37 Ja, jy sal vernederd van hom af weggaan, want יהוה is kwaad vir hulle waarop jy jou vertroue geplaas het en jy sal nie met hulle voorspoedig wees nie."

Jeremiah 3

1 If a man divorces his wife and she leaves him to marry another, can he ever return to her? Wouldn't such a land become totally defiled? But you! You have played the prostitute with many partners — can you return to Me? This is the LORD's declaration.
1 Hy sê: "As 'n man sy vrou skei en sy gaan van hom af weg en behoort aan 'n ander man en hy gaan na haar toe terug, let op, die land sal besoedel wees. Jy het egter egbreuk gepleeg met baie heersers; draai terug na My toe," verklaar יהוה!
2 Look to the barren heights and see. Where have you not been immoral? You sat waiting for them beside the highways like a nomad in the desert. You have defiled the land with your prostitution and wickedness.
2 "Lig jou oë op na die hoofpaaie en kyk of daar 'n plek is waar jy jouself nie onteer het nie? Langs die paaie het jy vir hulle gesit en wag soos 'n volstruis in die woestyn en jy het die land besoedel deur jou hoerery;
3 This is why the showers haven't come — why there has been no spring rain. You have the brazen look of a prostitute and refuse to be ashamed.
3 daarom is die reënbuie teruggehou en daar was geen lentereëns nie. Steeds het jy 'n hoerevoorkop gehad, jy het geweier om skaam te wees.
4 Have you not lately called to Me, "My Father. You were my friend in my youth.
4 Het jy nie nou net na My geroep nie: 'My Vader, U is die Vriend van my jeug!
5 Will He bear a grudge forever? Will He be endlessly infuriated? " This is what you have said, but you have done the evil things you are capable of.
5 Sal Hy vir ewig kwaad wees, sal Hy verontwaardig bly tot die einde?' Let op, jy het gepraat en bose dinge gedoen en jou wil gekry."
6 In the days of King Josiah the LORD asked me, "Have you seen what unfaithful Israel has done? She has ascended every high hill and gone under every green tree to prostitute herself there.
6 Toe het יהוה vir my in die dae van koning Yoshiyahu gesê: "Het jy gesien wat die ontroue Yisra'el gedoen het? Sy het opgegaan en op elke hoë heuwel en onder elke groen boom hoereer.
7 I thought: After she has done all these things, she will return to Me. But she

didn’t return, and her treacherous sister Judah saw it.
7 Ek het gedink: ‘Nadat sy dit alles gedoen het sal sy terugdraai na My toe,’ maar sy het nie teruggedraai nie en haar boosheid is deur haar suster, Y’hudah, gesien.
8 I observed that it was because unfaithful Israel had committed adultery that I had sent her away and had given her a certificate of divorce. Nevertheless, her treacherous sister Judah was not afraid but also went and prostituted herself.
8 Sy het al Yisra’el se boosheid gesien en omdat Yisra’el se inwoners hoerery gepleeg het, het Ek haar weggestuur en aan haar ’n skeibrief gegee; tog het haar perverse suster, Y’hudah, nie gevrees nie, maar het gegaan en ook hoereer.
9 Indifferent to her prostitution, she defiled the land and committed adultery with stones and trees.
9 Haar hoerery was so oordadig dat sy die land besoedel en owerspel gepleeg het met afgode van klip en hout.
10 Yet in spite of all this, her treacherous sister Judah didn’t return to Me with all her heart — only in pretense.” This is the LORD’s declaration.
10 Nogtans, ten spyte van dit alles, het haar misleidende suster, Y’hudah, nie met haar hele verstand, wil en emosie na My toe terug gedraai nie, maar net met valsheid,” verklaar הוהי.
11 The LORD announced to me, “Unfaithful Israel has shown herself more righteous than treacherous Judah.
11 הוהי het vir my gesê: “Ontroue Yisra’el het haarself meer regverdig as haar perverse suster, Y’hudah.
12 Go, proclaim these words to the north, and say: Return, unfaithful Israel. This is the LORD’s declaration. I will not look on you with anger, for I am unfailing in My love. This is the LORD’s declaration. I will not be angry forever.
12 Gaan en verkondig hierdie woorde na die noorde toe en sê: ‘Draai terug, inwoners van Yisra’el,’ verklaar הוהי; ‘Ek sal nie na jou kyk in woede nie, want Ek is goedgunstig,’ verklaar הוהי; ‘Ek sal nie vir ewig kwaad wees nie.
13 Only acknowledge your guilt — you have rebelled against the LORD your God. You have scattered your favors to strangers under every green tree and have not obeyed My voice. This is the LORD’s declaration.
13 Erken slegs jou onregverdigheid dat jy teen הוהי, jou God, oortree het en jou gunste versprei het na die vreemdelinge onder elke groen boom en jy nie My stem gehoorsaam het nie,’ verklaar הוהי.
14 “Return, you faithless children” — this is the LORD’s declaration — “for I am your master, and I will take you, one from a city and two from a family, and I will bring you to Zion.
14 Erken en draai terug, o afvallige seuns,’ verklaar הוהי, ‘want Ek is ’n

Meester vir julle en Ek sal julle vat, een uit ’n stad en twee uit ’n familie en Ek sal julle na Tziyon toe bring.
15 I will give you shepherds who are loyal to Me, and they will shepherd you with knowledge and skill.
15 Dan sal Ek vir julle herders gee na My eie verstand, wil en emosie, wat julle sal voed met kennis en begrip.
16 When you multiply and increase in the land, in those days” — the L**ORD**’s declaration — “no one will say any longer, ‘The ark of the L**ORD**’s covenant.’ It will never come to mind, and no one will remember or miss it. It will never again be made.
16 Dit sal wees in daardie dae, wanneer julle vermenigvuldig en vermeerder het in die land,’ verklaar יהוה, ‘dat hulle nie meer sal sê: ‘Die ark van die verbond van יהוה’ nie. Dit sal nie in die gedagtes opkom nie, ook sal hulle dit nie onthou nie, ook nie mis nie en dit sal nie weer gemaak word nie.
17 At that time Jerusalem will be called, Yahweh’s Throne, and all the nations will be gathered to it, to the name of Yahweh in Jerusalem. They will cease to follow the stubbornness of their evil hearts.
17 In dié tyd sal hulle Yerushalayim noem, ‘die troon van יהוה’ en al die nasies sal daar, by Yerushalayim, bymekaar gebring word, vanweë die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה en hulle sal ook nie meer agter die hardnekkigheid van hul bose verstand, wil en emosie aanloop nie.
18 In those days the house of Judah will join with the house of Israel, and they will come together from the land of the north to the land I have given your ancestors to inherit.”
18 In daardie dae sal die huis van Y’hudah saam met die huis van Yisra’el loop en hulle sal saam vanuit die land van die noorde kom na die land wat Ek aan julle vaders as erfenis gegee het.
19 I thought: How I long to make you My sons and give you a desirable land, the most beautiful inheritance of all the nations. I thought: You will call Me, my Father, and never turn away from Me.
19 Toe het Ek gedink hoe Ek jou sal vestig tussen My seuns en aan jou ’n aangename land sal gee, die mooiste erfenis van die nasies! Ek het ook gedink: ‘Jy sal My noem: My Vader en nie wegdraai daarvan om My te volg nie.’
20 However, as a woman may betray her lover, so you have betrayed Me, house of Israel. This is the L**ORD**’s declaration.
20 Beslis, soos ’n vrou ontrou weggaan van haar minnaar, so het julle ontrou met My gehandel, o huis van Yisra’el,” verklaar יהוה.
21 A sound is heard on the barren heights, the children of Israel weeping and begging for mercy, for they have perverted their way; they have forgotten the L**ORD** their God.
21 ’n Stem is gehoor op die hoofpaaie, die gehuil en gesmeek van die seuns

van Yisra'el omdat hulle hul lewenswyses bederf het, יהוה, hulle God, vergeet het.
22 Return, you faithless children. I will heal your unfaithfulness. "Here we are, coming to You, for You are the LORD our God.
22 "Draai terug, o ontroue seuns; Ek sal julle ontrouheid genees." "Let op, ons kom na U toe, want U is יהוה, ons God.
23 Surely, falsehood comes from the hills, commotion from the mountains, but the salvation of Israel is only in the LORD our God.
23 Waarlik, die heuwels is 'n misleiding, 'n opskudding op die berge. Waarlik, in יהוה, ons God, is die verlossing van Yisra'el,
24 From the time of our youth the shameful one has consumed what our fathers have worked for — their flocks and their herds, their sons and their daughters.
24 maar die skandelike ding het die arbeid van ons vaders verteer sedert ons jeug, hulle kleinvee en hulle beeste, hulle seuns en hulle dogters.
25 Let us lie down in our shame; let our disgrace cover us. We have sinned against the LORD our God, both we and our fathers, from the time of our youth even to this day. We have not obeyed the voice of the LORD our God."
25 Laat ons lê in ons skande en laat ons vernedering ons oordek, want ons het teen יהוה, ons God, gesondig, ons en ons vaders, van ons jeug af tot vandag toe en ons het nie die stem van יהוה, ons God, gehoorsaam nie."

Jeremiah 4

1 If you return, Israel — this is the LORD's declaration — you will return to Me, if you remove your detestable idols from My presence and do not waver,
1 "As jy sou erken en omdraai, o Yisra'el," verklaar יהוה, "dan moet jy na My toe terugdraai en as jy jou verwerplike dinge van voor My Teenwoordigheid af sal wegsit en nie twyfel nie
2 then you can swear, "As the LORD lives," in truth, in justice, and in righteousness, then the nations will be blessed by Him and will pride themselves in Him.
2 en jy sal sweer: 'So waar as יהוה leef,' in waarheid, in regverdige oordeel en in onpartydige opregtheid, dan sal die nasies hulleself in Hom seën en in Hom sal hulle hul beroem,"
3 For this is what the LORD says to the men of Judah and Jerusalem: Break up the unplowed ground; do not sow among the thorns.
3 want so sê יהוה aan die manne van Y'hudah en aan Yerushalayim: "Ploeg julle braakland om en moenie tussen dorings saai nie.
4 Circumcise yourselves to the LORD; remove the foreskin of your hearts, men of Judah and residents of Jerusalem. Otherwise, My wrath will break out like fire and burn with no one to extinguish it because of your evil deeds.

4 Besny julleself tot יהוה en verwyder die onbesnedenheid van julle verstand, wil en emosie, manne van Y'hudah en inwoners van Yerushalayim, of anders sal My toorn soos 'n vuur uitgaan en brand met niemand om dit te blus nie, as gevolg van die boosheid van julle dade."
5 Declare in Judah, proclaim in Jerusalem, and say: Blow the ram's horn throughout the land. Cry out loudly and say: Assemble yourselves, and let's flee to the fortified cities.
5 Verklaar in Y'hudah en verkondig dit in Yerushalayim en sê: "Blaas die ramshoring in die land! Roep hardop uit en sê: 'Bring julleself bymekaar en laat ons in die versterkte stede ingaan!'
6 Lift up a signal flag toward Zion. Run for cover! Don't stand still! For I am bringing disaster from the north — a great destruction.
6 Lig 'n banier na Tziyon toe óp! Soek skuiling, moenie staan nie, want Ek bring boosheid uit die noorde en 'n groot vernietiging.
7 A lion has gone up from his thicket; a destroyer of nations has set out. He has left his lair to make your land a waste. Your cities will be reduced to uninhabited ruins.
7 'n Leeu het opgekom uit sy fynbos en 'n vernietiger van nasies het opgetrek; hy het uit sy plek uitgegaan om jou land 'n woesteny te maak; jou stede sal puinhope word, sonder inwoners.
8 Because of this, put on sackcloth; mourn and wail, for the L**ORD**'s burning anger has not turned away from us.
8 Hiervoor, trek rouklere aan, treur en huil, want die heftige woede van יהוה het nie omgedraai van jou af nie."
9 "On that day" — this is the L**ORD**'s declaration — "the king and the officials will lose their courage. The priests will tremble in fear, and the prophets will be scared speechless."
9 "Dit sal gebeur op dié dag," verklaar יהוה, "dat die binneste van die koning en die binneste van die prinse sal faal en die priesters sal verskrik wees en die profete verstom staan."
10 I said, "Oh no, Lord G**OD**, You have certainly deceived this people and Jerusalem, by announcing, 'You will have peace,' while a sword is at our throats."
10 Toe het ek gesê: "Ag, יהוה-God, waarlik, ek het hierdie volk en vir Yerushalayim grootliks mislei deur te sê: 'Julle sal vrede hê' terwyl 'n swaard aan die keel raak."
11 "At that time it will be said to this people and to Jerusalem, 'A searing wind blows from the barren heights in the wilderness on the way to My dear people. It comes not to winnow or to sift;
11 In daardie tyd sal dit vir hierdie volk en vir Yerushalayim gesê word: "'n Gloeiende wind sal waai vanaf die kaal hoogtes in die wildernis in die rigting van die dogter van My volk; nie om te wan of skoon te maak nie,
12 a wind too strong for this comes at My call. Now I will also pronounce

judgments against them.’ ”
12 maar ’n sterk wind vanaf daardie plekke sal na My toe kom; nou sal Ek ook oordele teen hulle uitspreek.
13 Look, he advances like clouds; his chariots are like a storm. His horses are swifter than eagles. Woe to us, for we are ruined!
13 “Let op, hy gaan op soos wolke en sy strydwaens soos ’n warrelwind; sy perde is vinniger as arende. Wee ons, want ons is verwoes!”
14 Wash the evil from your heart, Jerusalem, so that you will be delivered. How long will you harbor malicious thoughts within you?
14 “Was jou verstand, wil en emosie van boosheid, o Yerushalayim sodat jy gered kan word. Hoe lank sal jou bose gedagtes blyplek vind in jou?
15 For a voice announces from Dan, proclaiming malice from Mount Ephraim.
15 Want ’n stem verkondig boosheid vanuit Dan en vanaf die gebergte van Efrayim.
16 Warn the nations: Look! Proclaim to Jerusalem: Those who besiege are coming from a distant land; they raise their voices against the cities of Judah.
16 Rapporteer dit nou aan die nasies! Verklaar oor Yerushalayim: ‘Beleërders kom uit ’n ver land en lig
hulle stem op teen die stede van Y’hudah.’
17 They have her surrounded like those who guard a field, because she has rebelled against Me. This is the LORD’s declaration.
17 Soos wagters oor ’n veld, is hulle reg rondom teen haar omdat sy teen My gerebelleer het,” verklaar יהוה.
18 Your way of life and your actions have brought this on you. This is your punishment. It is very bitter, because it has reached your heart!
18 “Jou paaie en jou dade het hierdie dinge na jou toe gebring. Hierdie is jou boosheid; hoe bitter! Hoe het dit nie jou verstand, wil en emosie aangeraak nie!”
19 My anguish, my anguish! I writhe in agony! Oh, the pain in my heart! My heart pounds; I cannot be silent. For you, my soul, have heard the sound of the ram’s horn — the shout of battle.
19 “My lewe, my lewe! Ek is in angs! O, my hart! My hart klop in my, ek kan nie stil wees nie, want jy, my lewe, het die klank van die ramshoring gehoor, die oorlogsalarm!
20 Disaster after disaster is reported because the whole land is destroyed. Suddenly my tents are destroyed, my tent curtains, in a moment.
20 Ramp op ramp word uitgeroep, want die hele land is verwoes; skielik is my tente verwoes, my gordyne het afgeval.
21 How long must I see the signal flag and hear the sound of the ram’s horn?
21 Hoe lank moet ek die banier sien, die geluid van die ramshoring hoor?
22 “For My people are fools; they do not know Me. They are foolish children, without understanding. They are skilled in doing what is evil, but they do not know how to do what is good.”
22 Want My volk is dwaas, hulle ken My nie; hulle is dwase seuns en het geen

insig nie. Hulle is slinks om boosheid te doen, maar om goed te doen, weet hulle nie.”
23 I looked at the earth, and it was formless and empty. I looked to the heavens, and their light was gone.
23 Ek het na die aarde gekyk en let op, dit was vormloos en leeg en na die hemele en hulle het geen lig gehad nie.
24 I looked at the mountains, and they were quaking; all the hills shook.
24 Ek het na die berge gekyk en let op, hulle het geskud en al die heuwels het heen en weer beweeg.
25 I looked, and no man was left; all the birds of the sky had fled.
25 Ek het gekyk en let op, daar was geen mens nie en al die voëls van die hemele het gevlug.
26 I looked, and the fertile field was a wilderness. All its cities were torn down because of the L**ORD** and His burning anger.
26 Ek het gekyk en let op, die vrugbare land was ’n wildernis en al sy stede was afgebreek voor יהוה, voor Sy intense woede,
27 For this is what the L**ORD** says: The whole land will be a desolation, but I will not finish it off.
27 want so sê יהוה: “Die hele land sal ’n verlatenheid wees, tog sal Ek nie ’n volkome vernietiging uitvoer nie.
28 Because of this, the earth will mourn; the skies above will grow dark. I have spoken; I have planned, and I will not relent or turn back from it.
28 Hieroor sal die aarde treur en die hemele daarbo donker wees omdat Ek gepraat het, Ek het dit ten doel gehad en Ek sal nie My gedagtes verander nie en ook nie daarvan wegdraai nie.”
29 Every city flees at the sound of the horseman and the archer. They enter the thickets and climb among the rocks. Every city is abandoned; no inhabitant is left.
29 Met die geluid van die ruiters en boogskutters vlug elke stad; hulle gaan in die onderbosse in en klim op die rotse; elke stad is verlate en geen mens bly in hulle nie.
30 And you, devastated one, what are you doing that you dress yourself in scarlet, that you adorn yourself with gold jewelry, that you enlarge your eyes with paint? You beautify yourself for nothing. Your lovers reject you; they want to take your life.
30 Jy, verlate een, wat gaan jy doen? Al trek jy skarlaken aan, al versier jy jou met goue ornamente, al maak jy jou oë groter met verf; tevergeefs maak jy jouself mooi; jou minnaars verag jou, hulle soek jou lewe,
20 My tent is destroyed; all my tent cords are snapped. My sons have departed from me and are no more. I have no one to pitch my tent again or to hang up my curtains.
20 My tent is vernietig en al my toue is gebreek; my seuns het van my af weggegaan en is nie meer nie. Daar is niemand om weer my tent uit te span en my gordyne op te sit nie,
21 For the shepherds are stupid: they don't seek the LORD. Therefore they have not prospered, and their whole flock is scattered.

21 want die herders het dom geword en הוהי nie gesoek nie; daarom was hulle nie voorspoedig nie en hulle hele kudde is verstrooi.
22 Listen! A noise — it is coming — a great commotion from the land to the north. The cities of Judah will be made desolate, a jackals' den.
22 Let op, die klank van die verslag het gekom en 'n groot geraas uit die land van die Noorde, om die stede van Y'hudah 'n verlatenheid te maak, 'n lêplek van jakkalse.
23 I know, L**ORD**, that a man's way of life is not his own; no one who walks determines his own steps.
23 Ek weet, o הוהי, dat 'n mens se pad nie in homself is nie en dit is ook nie in 'n man wat loop om sy eie tree te rig nie.
24 Discipline me, L**ORD**, but with justice — not in Your anger, or You will reduce me to nothing.
24 Dissiplineer my, הוהי, maar met regverdige oordeel; nie in U toorn nie, of U sal my tot niks maak nie.
25 Pour out Your wrath on the nations that don't recognize You and on the families that don't call on Your name, for they have consumed Jacob; they have consumed him and finished him off and made his homeland desolate.
25 Stort U toorn uit oor die nasies wat U nie ken nie en oor die families wat U Naam (Karakter en Outoriteit) nie aanroep nie, want hulle het Ya'akov verteer en hom opgeëet en sy blyplek verwoes.

Jeremiah 11

1 This is the word that came to Jeremiah from the L**ORD**:
1 Die woord wat vanaf הוהי tot Yirmeyahu gekom het:
2 "Listen to the words of this covenant and tell them to the men of Judah and the residents of Jerusalem.
2 "Hoor, luister en doen die woorde van hierdie verbond en praat met die manne van Y'hudah en met die inwoners van Yerushalayim
3 You must tell them: This is what the L**ORD**, the God of Israel, says: 'Let a curse be on the man who does not obey the words of this covenant,
3 en sê vir hulle: 'So sê הוהי, die God van Yisra'el: "Vervloek is die man wat nie na die woorde van hierdie verbond luister en dit nie doen nie.
4 which I commanded your ancestors when I brought them out of the land of Egypt, out of the iron furnace.' I declared: 'Obey Me, and do everything that I command you, and you will be My people, and I will be your God,'
4 Dit wat Ek julle vaders beveel het op die dag toe Ek hulle uit die land van Mitzrayim, uit die ystersmeltoond, uitgelei en gesê het: 'Luister na My stem en doen volgens alles wat Ek julle beveel; só sal julle My volk wees en Ek sal julle God wees,'
5 in order to establish the oath I swore to your ancestors, to give them a land

flowing with milk and honey, as it is today." I answered, "Amen, LORD."
5 om die eed te bevestig wat Ek tot julle vaders gesweer het om aan hulle 'n land wat oorloop van melk en heuning te gee soos dit vandag is."'" Toe antwoord ek: "Dit is waar, יהוה!"
6 The LORD said to me, "Proclaim all these words in the cities of Judah and in the streets of Jerusalem: Obey the words of this covenant and carry them out.
6 יהוה het vir my gesê: "Verkondig al hierdie woorde in die stede van Y'hudah en op die strate van Yerushalayim en sê: 'Luister en hoor die woorde van hierdie verbond en doen dit,
7 For I strongly warned your ancestors when I brought them out of the land of Egypt until today, warning them time and time again, 'Obey My voice.'
7 want Ek het julle vaders ernstig gewaarsku op die dag toe Ek hulle uit die land van Mitzrayim laat opkom het, selfs tot vandag toe, aanhoudend gewaarsku en gesê: "Luister na My stem!"
8 Yet they would not obey or pay attention; each one followed the stubbornness of his evil heart. So I brought on them all the curses of this covenant, because they had not done what I commanded them to do."
8 Nogtans het hulle nie gehoorsaam of hulle oor gedraai nie, maar elkeen in die hardkoppigheid van sy bose verstand, wil en emosie geloop; daarom het Ek al die woorde van hierdie verbond oor hulle gebring,
wat Ek hulle beveel het om te doen, maar hulle nie gedoen het nie.'"
9 The LORD said to me, "A conspiracy has been discovered among the men of Judah and the residents of Jerusalem.
9 Toe het יהוה vir my gesê: "'n Sameswering is ontdek onder die manne van Y'hudah en onder die inwoners van Yerushalayim.
10 They have returned to the sins of their ancestors who refused to obey My words and have followed other gods to worship them. The house of Israel and the house of Judah broke My covenant I made with their ancestors.
10 Hulle het teruggedraai na die oortredinge van hulle voorvaders wat geweier het om My woorde te gehoorsaam en hulle het agter ander gode aangeloop om dié te dien; die huis van Yisra'el en die huis van Y'hudah het My verbond verbreek wat Ek met hulle vaders gesluit het."
11 "Therefore, this is what the LORD says: I am about to bring on them disaster that they cannot escape. They will cry out to Me, but I will not hear them.
11 יהוה sê daarom: "Let op, Ek bring 'n ramp oor hulle waarvan hulle nie kan ontsnap nie; alhoewel hulle na My sal roep, sal Ek nie na hulle luister nie.
12 Then the cities of Judah and the residents of Jerusalem will go and cry out to the gods they have been burning incense to, but they certainly will not save them in their time of disaster.
12 Dan sal die stede van Y'hudah en die inwoners van Yerushalayim gaan en roep na die gode vir wie hulle wierook gebrand het, maar dié sal hulle

sekerlik nie red in die tyd van hulle ramp nie,
13 Your gods are indeed as numerous as your cities, Judah, and the altars you have set up to Shame — altars to burn incense to Baal — as numerous as the streets of Jerusalem.
13 want jou gode is soveel as jou stede, o Y’hudah en soveel as die strate van Yerushalayim is die altare wat julle opgerig het vir die skandelike ding, altare om wierook te brand tot Ba’al.
14 “As for you, do not pray for these people. Do not raise up a cry or a prayer on their behalf, for I will not be listening when they call out to Me at the time of their disaster.
14 Moet daarom nie vir hierdie volk bid nie en moet ook nie ’n uitroep of gebed vir hulle oplig nie, want Ek sal nie hoor as hulle My vanweë hulle ramp aanroep nie.
15 What right does My beloved have to be in My house, having carried out so many evil schemes? Can holy meat prevent your disaster so you can rejoice?
15 Watter reg het My geliefde in My huis wanneer sy baie vuil dade gedoen het? Kan die offervleis jou ramp van jou af wegvat sodat jy kan bly wees?”
16 The L**ORD** named you a flourishing olive tree, beautiful with well-formed fruit. He has set fire to it, and its branches are consumed with a great roaring sound.
16 יהוה het jou naam (karakter en outoriteit) genoem: “Groen olyfboom, pragtig in vrug en vorm;” met die geluid van ’n groot gedruis het Hy ’n vuur onder dit aangesteek en sy takke is waardeloos.
17 “The L**ORD** of Hosts who planted you has decreed disaster against you, because of the harm the house of Israel and the house of Judah brought on themselves, provoking Me to anger by burning incense to Baal.”
17 יהוה-Tzva’ot, wat jou geplant het, het boosheid teen jou verklaar weens die boosheid van die huis van Yisra’el en van die huis van Y’hudah, wat hulle teen hulleself gedoen het om Hom te tart deur offers aan Ba’al te offer.
18 The L**ORD** informed me, so I knew. Then You helped me to see their deeds,
18 Meer nog, יהוה het dit aan my bekend gemaak en ek het dit geweet; toe het U my hulle dade gewys,
19 for I was like a docile lamb led to slaughter. I didn’t know that they had devised plots against me: “Let’s destroy the tree with its fruit; let’s cut him off from the land of the living so that his name will no longer be remembered.”
19 maar ek was soos ’n mak lam wat hulle lei na die slagting en ek het nie geweet dat hulle teen my planne beraam en gesê het nie: “Laat ons die boom met sy vrugte vernietig en laat ons hom afkap uit die land van die lewendes sodat sy naam nie meer onthou word nie!”
20 But, L**ORD** of Hosts, who judges righteously, who tests heart and mind, let me see Your vengeance on them, for I have presented my case to You.

20 O יהוה-Tzva’ot, wat regverdiglik oordeel, wat die gevoel en die verstand, wil en emosie toets, laat my U wraak op hulle sien, want aan U het ek my saak oorgegee;
21 Therefore, here is what the LORD says concerning the people of Anathoth who want to take your life. They warn, “You must not prophesy in the name of Yahweh, or you will certainly die at our hand.”
21 daarom, so sê יהוה aangaande die manne van `Anatot, wat jou lewe soek en sê: “Moenie profeteer in die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה nie sodat jy nie sal sterf deur ons hand nie.”
22 Therefore, this is what the LORD of Hosts says: “I am about to punish them. The young men will die by the sword; their sons and daughters will die by famine.
22 So sê יהוה-Tzva’ot: “Let op, Ek is op die punt om hulle te straf! Die jongmanne sal deur die swaard sterf, hulle seuns en hulle dogters sal deur die hongersnood sterf
23 They will have no remnant, for I will bring disaster on the people of Anathoth in the year of their punishment.”
23 en niemand sal vir hulle oorbly nie, want Ek sal rampe bring oor die manne van `Anatot in die jaar van hulle straf.”

Jeremiah 12

1 You will be righteous, LORD, even if I bring a case against You. Yet, I wish to contend with You: Why does the way of the wicked prosper? Why do all the treacherous live at ease?
1 Onpartydig opreg is U, o יהוה, dat ek my saak by U sou bepleit; inderdaad wil ek oor regsake met U praat: waarom is die pad van die bose oortreder voorspoedig? Waarom lewe hulle wat verraad bedryf in gemak?
2 You planted them, and they have taken root. They have grown and produced fruit. You are ever on their lips, but far from their conscience.
2 U het hulle geplant, ook het hulle wortel geskiet; hulle groei, hulle het selfs vrugte gedra. U is naby aan hulle mond, maar ver van hulle gedagtes.
3 As for You, LORD, You know me; You see me. You test whether my heart is with You. Drag the wicked away like sheep to slaughter and set them apart for the day of killing.
3 U ken my egter, o יהוה; U sien my en toets my verstand, wil en emosie teenoor U. Sleep hulle weg soos slagskape en sonder hulle af vir die dag van slagting!
4 How long will the land mourn and the grass of every field wither? Because of the evil of its residents, animals and birds have been swept away, for the people have said, “He cannot see what our end will be.”
4 Hoe lank moet die land treur en die plante van die veld verdor? Vanweë die

boosheid van hulle wat daarin bly, word diere en voëls weggeruk omdat hulle sê: "Hy sal ons einde nie sien nie!"
5 If you have raced with runners and they have worn you out, how can you compete with horses? If you stumble in a peaceful land, what will you do in the thickets of the Jordan?
5 "As jy met voetgangers loop en hulle maak jou moeg, hoe kan jy dan met perde kompeteer? As jy val in 'n land van vrede, hoe sal jy dan maak in die digte bosse van die Yarden,
6 Even your brothers — your own father's household — even they were treacherous to you; even they have cried out loudly after you. Do not have confidence in them, though they speak well of you.
6 want ook jou broers en die huis van jou vader, ook hulle het verraderlik teen jou opgetree; ook hulle roep hardop agter jou aan. Moet hulle nie glo nie, al sê hulle mooi goed vir jou.
7 I have abandoned My house; I have deserted My inheritance. I have given the love of My life into the hands of her enemies.
7 Ek het My huis verlaat, Ek het My erfenis verwerp; Ek het die geliefde van My lewe in die hand van haar vyande gegee.
8 My inheritance has acted toward Me like a lion in the forest. She has roared against Me. Therefore, I hate her.
8 My erfenis het vir My geword soos 'n leeu in die woud; sy het teen My gebrul; daarom het Ek haar
begin haat.
9 Is My inheritance like a hyena to Me? Are birds of prey circling her? Go, gather all the wild animals; bring them to devour her.
9 My erfenis het vir My geword soos 'n gespikkelde roofvoël, die roofvoëls reg rondom is teen haar. Gaan, maak al die wilde diere van die veld bymekaar, bring hulle om haar te kom opeet!
10 Many shepherds have destroyed My vineyard; they have trampled My plot of land. They have turned My desirable plot into a desolate wasteland.
10 Baie herders het My wingerd verwoes, hulle het My veld vertrap; hulle het My aangename land 'n verlate wildernis gemaak.
11 They have made it a desolation. It mourns, desolate, before Me. All the land is desolate, but no one takes it to heart.
11 Dit is 'n verlatenheid gemaak; verlate treur dit voor My; die hele land is verlate gemaak omdat daar niemand is wat daarvoor omgee nie.
12 Over all the barren heights in the wilderness the destroyers have come, for the LORD has a sword that devours from one end of the earth to the other. No one has peace.
12 Op al die kaal heuwels in die wildernis het vernietigers gekom, want 'n swaard van יהוה verteer van die een kant van die land tot die ander; daar is geen vrede vir enige iemand nie.
13 They have sown wheat but harvested thorns. They have exhausted themselves but have no profit. Be put to shame by your harvests because of

the LORD's burning anger.
13 Hulle het koring gesaai en dorings gemaai; hulle het hulself uitgeput vir geen wins nie, maar wees beskaamd oor julle oes, vanweë die ernstige woede van יהוה."
14 This is what the LORD says: "Concerning all My evil neighbors who attack the inheritance that I bequeathed to My people, Israel, I am about to uproot them from their land, and I will uproot the house of Judah from them.
14 So sê יהוה: "Aangaande al My bose bure wat slaan na die erfenis wat Ek vir My volk Yisra'el gegee het: let op, Ek is op die punt om hulle vanuit hul land te ontwortel en sal die huis van Y'hudah tussen hulle uit ontwortel.
15 After I have uprooted them, I will once again have compassion on them and return each one to his inheritance and to his land.
15 Dit sal gebeur nadat Ek hulle ontwortel het, dat Ek weer vir hulle sal omgee en Ek sal hulle terugbring, elkeen na sy erfenis en elkeen na sy land.
16 If they will diligently learn the ways of My people — to swear by My name, 'As Yahweh lives,' just as they taught My people to swear by Baal — they will be built up among My people.
16 Dan, as hulle regtig die lewenswyses van My volk sal leer, om te sweer by My Naam (Karakter en Outoriteit): 'So waar as יהוה leef,' soos hulle My volk geleer het om te sweer by Ba'al, sal hulle tussen My volk opgebou word,
17 However, if they will not obey, then I will uproot and destroy that nation." This is the LORD's declaration.
17 maar as hulle nie wil luister nie en dit nie doen nie, dan sal Ek dié nasie ontwortel en dit vernietig," verklaar יהוה.

Jeremiah 13

1 This is what the LORD said to me: "Go and buy yourself a linen undergarment and put it on, but do not put it in water."
1 So het יהוה vir my gesê: "Gaan koop vir jou 'n linne gordel en bind dit om jou heupe, maar moet dit nie in water sit nie."
2 So I bought underwear as the LORD instructed me and put it on.
2 Ek het die gordel gekoop volgens die woord van יהוה en dit om my heupe gesit.
3 Then the word of the LORD came to me a second time:
3 Toe het die woord van יהוה vir die tweede keer tot my gekom en gesê:
4 "Take the underwear that you bought and are wearing, and go at once to the Euphrates and hide it in a rocky crevice."
4 "Vat die gordel wat jy gekoop het, wat om jou heupe is en staan op, gaan na die Eufraat en steek dit daar weg in 'n klipskeur."
5 So I went and hid it by the Euphrates, as the LORD commanded me.
5 Ek het gegaan en dit weggesteek by die Eufraat, soos יהוה my beveel het.

6 A long time later the L**ORD** said to me, “Go at once to the Euphrates and get the underwear that I commanded you to hide there.”

6 Ná baie dae het יהוה vir my gesê: “Staan op, gaan na die Eufraat en gaan haal die gordel van daar af wat Ek jou beveel het om daar weg te steek.”
7 So I went to the Euphrates and dug up the underwear and got it from the place where I had hidden it, but it was ruined — of no use at all.
7 Toe het ek na die Eufraat gegaan en gegrawe en die gordel gevat van die plek af waar ek dit weggesteek het en let op, die gordel was bederf, dit was totaal waardeloos.
8 Then the word of the L**ORD** came to me:

8 Toe het die woord van יהוה tot my gekom en gesê:
9 “This is what the L**ORD** says: Just like this I will ruin the great pride of both Judah and Jerusalem.

9 “So sê יהוה: ‘Net so sal Ek die trots van Y’hudah en die groot trots van Yerushalayim vernietig.
10 These evil people, who refuse to listen to Me, who follow the stubbornness of their own hearts, and who have followed other gods to serve and worship — they will be like this underwear, of no use at all.
10 Laat hierdie bose volk wat weier om na My woorde te luister, wat loop in die hardkoppigheid van hulle verstand, wil en emosie en agter ander gode aan loop om hulle te dien en voor hulle neer te buig, wees net soos hierdie gordel wat totaal waardeloos is,
11 Just as underwear clings to one’s waist, so I fastened the whole house of Israel and of Judah to Me” — this is the L**ORD**’s declaration — “so that they might be My people for My fame, praise, and glory, but they would not obey.
11 want soos die gordel kleef aan die heupe van ’n man, so het Ek die hele huis van Yisra’el en die hele huis van Y’hudah aan My laat kleef,’ verklaar יהוה, ‘om vir My ’n volk te wees, vir roem, vir lofprysing en vir lof en eer, maar hulle het nie geluister nie;’
12 “Say this to them: This is what the L**ORD**, the God of Israel, says: Every jar should be filled with wine. Then they will respond to you, ‘Don’t we know that every jar should be filled with wine?’

12 daarom moet jy hierdie boodskap vir hulle gee: ‘So sê יהוה, die God van Yisra’el: “Elke kan moet vol wyn gemaak word.’” Wanneer hulle vir jou sê: ‘Weet ons nie baie goed dat elke kan vol wyn gemaak moet word nie?’
13 And you will say to them: This is what the L**ORD** says: I am about to fill all who live in this land — the kings who reign for David on his throne, the priests, the prophets and all the residents of Jerusalem — with drunkenness.

13 Dan moet jy vir hulle sê: ‘So sê יהוה: “Let op, Ek is op die punt om al die inwoners van hierdie land te vul met dronkenskap, die konings wat namens Dawid op sy troon sit, die priesters, die profete en al die inwoners van Yerushalayim.

14 I will smash them against each other, fathers and sons alike" — this is the LORD's declaration. "I will allow no mercy, pity, or compassion to keep Me from destroying them."

14 Ek sal hulle teen mekaar verbrysel, beide die vaders en die seuns saam," sê יהוה. "Ek sal nie medelye wys of jammer wees of omgee om hulle te vernietig nie."""

15 Listen and pay attention. Do not be proud, for the LORD has spoken.

15 Luister en gee aandag; moenie hooghartig wees nie, want יהוה het gepraat!

16 Give glory to the LORD your God before He brings darkness, before your feet stumble on the mountains at dusk. You wait for light, but He brings darkest gloom and makes thick darkness.

16 Gee eer, lof en aanbidding aan יהוה, julle God, voordat dit donker word en voordat julle voete struikel op die skemerige berge en terwyl julle wag op lig, maak Hy dit tot diep duisternis en verander dit na die skaduwee van die dood,

17 But if you will not listen, my innermost being will weep in secret because of your pride. My eyes will
overflow with tears, for the LORD's flock has been taken captive.

17 maar as julle nie daarna wil luister nie, sal ekself in die geheim huil vir sulke hoogmoed en my oë sal bitterlik huil en afloop in trane omdat die kudde van יהוה gevange geneem is.

18 Say to the king and the queen mother: Take a humble seat, for your glorious crowns have fallen from your heads.

18 Sê aan die koning en die koninginmoeder: "Verneder julleself en erken en draai weg, want die kroon van julle lof en eer het van jul kop af afgeval.

19 The cities of the Negev are under siege; no one can help them. All of Judah has been taken into exile, taken completely into exile.

19 Die stede van die Suidland is toegesluit en daar is niemand om dit oop te maak nie; die hele Y'hudah is in ballingskap weggevoer, heeltemal in ballingskap weggevoer!

20 Look up and see those coming from the north. Where is the flock entrusted to you, the sheep that were your pride?

20 Lig op jou oë en sien hulle wat uit die noorde kom. Waar is die kudde wat aan jou gegee is, jou pragtige skape?

21 What will you say when He appoints close friends as leaders over you, ones you yourself trained? Won't labor pains seize you, as they do a woman in labor?

21 Wat sal jy sê wanneer Hy vroeëre metgeselle wat jy self geleer het, as hoofde oor jou aanstel? Sal steekpyne jou nie aangryp soos van 'n vrou in kraam nie?

22 And when you ask yourself, "Why have these things happened to me? " It is because of your great guilt that your skirts have been stripped off, your

body exposed.
22 As jy in jou binneste sê: "Waarom het hierdie dinge met my gebeur?" Weens die grootheid van jou oortredinge is jou rompe opgetel en jou hakskene ontbloot.
23 Can the Cushite change his skin, or a leopard his spots? If so, you might be able to do what is good, you who are instructed in evil.
23 Kan 'n Kushiet sy vel verander of 'n luiperd sy kolle, dan kan julle ook goed doen, julle wat gewoond is om boosheid te doen.
24 I will scatter you like drifting chaff before the desert wind.
24 Ek sal hulle daarom soos drywende strooi voor die woestynwind verstrooi.
25 This is your lot, what I have decreed for you — this is the LORD's declaration — because you have forgotten Me and trusted in Falsehood.
25 Dit is jou lot, die deel wat Ek vir jou afgemeet het," verklaar יהוה, "omdat jy My vergeet en op valsheid vertrou het.
26 I will pull your skirts up over your face so that your shame might be seen.
26 So sal Ek ook jou rompe ontbloot en oplig oor jou gesig sodat jou skande gesien kan word.
27 Your adulteries and your lustful neighing, your heinous prostitution on the hills, in the fields — I have seen your detestable acts. Woe to you, Jerusalem! You are unclean — for how long yet?
27 Ek het jou owerspel en jou wellus, die onkuisheid van jou prostitusie en jou verwerplikhede op die heuwels in die wildernis gesien. Wee jou, Yerushalayim, want jy is onwillig om gereinig te word! Hoe lank voordat jy sal erken en berou hê?"

Jeremiah 14

1 The word of the LORD that came to Jeremiah concerning the drought:
1 Dit wat na Yirmeyahu gekom het as die boodskap van יהוה aangaande die groot droogte.
2 Judah mourns; her gates languish. Her people are on the ground in mourning; Jerusalem's cry rises up.
2 "Y'hudah treur en haar poorte verval; hulle sit op die grond in rou en die uitroep van Yerushalayim gaan op.
3 Their nobles send their servants for water. They go to the cisterns; they find no water; their containers return empty. They are ashamed and humiliated; they cover their heads.
3 Hulle vernames het hulle bediendes gestuur vir water; hulle het by die bakke gekom en geen water gekry nie. Hulle het teruggekom met hulle houers leeg; hulle is beskaamd en verneder en hulle bedek hulle koppe.
4 The ground is cracked since no rain has fallen on the land. The farmers are ashamed; they cover their heads.
4 Omdat die grond gebars is, want daar was geen reën op die land nie, kom

die landbouers tot skande, hulle bedek hulle koppe,
5 Even the doe in the field gives birth and abandons her fawn since there is no grass.
5 want selfs die wildsbokooi in die veld het geboorte gegee, net om haar lam te verwerp omdat daar geen gras is nie.
6 Wild donkeys stand on the barren heights panting for air like jackals. Their eyes fail because there are no green plants.
6 Die wilde-donkies staan op die kaal heuwels, hulle snuif die lug op soos jakkalse; hulle oë faal omdat daar geen gras is nie.
7 Though our guilt testifies against us, Yahweh, act for Your name's sake. Indeed, our rebellions are many; we have sinned against You.
7 Alhoewel ons oortredinge teen ons getuig, o הוהי, tree op ter wille van U Naam (Karakter en Outoriteit) ontwil! Waarlik, ons afdwalings was baie, ons het teen U gesondig.
8 Hope of Israel, its Savior in time of distress, why are You like a foreigner in the land, like a traveler stopping only for the night?
8 O, Verwagting van Yisra'el, sy Verlosser in tyd van benoudheid! Waarom is U soos 'n vreemdeling in die land of soos 'n reisiger wat sy tent vir die nag opgeslaan het?
9 Why are You like a helpless man, like a warrior unable to save? Yet You are among us, Yahweh, and we are called by Your name. Don't leave us!
9 Waarom is U soos 'n man wat verslae is, soos 'n magtige man wat nie kan red nie? Tog is U in ons midde, o הוהי en ons word volgens U Naam (Karakter en Outoriteit) genoem. Moet ons nie verlaat nie!"
10 This is what the L**ORD** says concerning these people: Truly they love to wander; they never rest their feet. So the L**ORD** does not accept them. Now He will remember their guilt and punish their sins.
10 So sê הוהי vir hierdie volk: "Selfs al het hulle daarvan gehou om te swerwe, het hulle nie hul voete in toom gehou nie; daarom aanvaar הוהי hulle nie. Nou sal Hy hulle onregverdigheid onthou en hulle sondes oproep tot verantwoording."
11 Then the L**ORD** said to me, "Do not pray for the well-being of these people.
11 הוהי het vir my gesê: "Moenie bid vir die welstand van hierdie volk nie.
12 If they fast, I will not hear their cry of despair. If they offer burnt offering and grain offering, I will not accept them. Rather, I will finish them off by sword, famine, and plague."
12 As hulle vas, gaan Ek nie na hulle uitroep luister nie en as hulle brandoffers en graanoffers bring, gaan Ek hulle nie aanvaar nie. Ek gaan eerder 'n einde aan hulle maak deur die swaard, hongersnood en pes."
13 And I replied, "Oh no, Lord G**OD**! The prophets are telling them, 'You won't see sword or suffer famine. I will certainly give you true peace in this place.' "

13 Ek het egter gesê: "Ag, Meester, הוהי, kyk, die profete sê vir hulle: 'Julle sal geen swaard sien en geen hongersnood hê nie, maar Ek sal vir julle 'n standhoudende vrede gee in hierdie plek.'"

14 But the LORD said to me, "These prophets are prophesying a lie in My name. I did not send them, nor did I command them or speak to them. They are prophesying to you a false vision, worthless divination, the deceit of their own minds.

14 Toe het הוהי vir my gesê: "Die profete profeteer valsheid in My Naam (Karakter en Outoriteit). Ek het hulle nie gestuur, of hulle beveel of met hulle gepraat nie; hulle profeteer vir julle 'n vals visioen, waarsêery, nutteloosheid en die misleiding van hulle eie gedagtes.

15 "Therefore, this is what the LORD says concerning the prophets who prophesy in My name, though I did not send them, and who say, 'There will never be sword or famine in this land.' By sword and famine these prophets will meet their end.

15 הוהי sê daarom: "Aangaande die profete wat profeteer in My Naam (Karakter en Outoriteit), alhoewel dit nie Ek is wat hulle gestuur het nie; tog hou hulle aan sê: 'Daar sal geen swaard of hongersnood in hierdie land wees nie.' Daardie profete sal deur swaard en hongersnood hulle einde tegemoet gaan!

16 The people they are prophesying to will be thrown into the streets of Jerusalem because of the famine and the sword. There will be no one to bury them — they, their wives, their sons, and their daughters. I
will pour out their own evil on them."

16 Ook die volk vir wie hulle profeteer, sal in die strate van Yerushalayim uitgegooi word vanweë die hongersnood en die swaard en daar sal niemand wees om hulle te begrawe nie; nie hulle, of hulle vrouens, of hulle seuns, of hulle dogters nie, want Ek sal hulle eie boosheid oor hulle uitstort.

17 You are to speak this word to them: Let my eyes overflow with tears; day and night may they not stop, for the virgin daughter of my people has been destroyed by a great disaster, an extremely severe wound.

17 Jy moet hierdie woord vir hulle sê: 'Laat My oë afloop in trane nag en dag en nie ophou nie, want die maagdelike dogter van My volk is gebreek met 'n magtige hou, met 'n ernstig geïnfekteerde wond.

18 If I go out to the field, look — those slain by the sword! If I enter the city, look — those ill from famine! For both prophet and priest travel to a land they do not know.

18 As Ek uitgaan in die platteland, let op, die wat neergeslaan is met die swaard; of as Ek in die stad ingaan, let op, siektes van hongersnood, want beide profeet en priester het in die land rondvertel wat hulle nie weet nie.'"

19 Have You completely rejected Judah? Do You detest Zion? Why do You strike us with no hope of healing for us? We hoped for peace, but there was nothing good; for a time of healing, but there was only terror.

19 Het U Y’hudah heeltemal verwerp? Of het U Tziyon verafsku? Waarom het U ons geslaan sodat ons verby genesing is? Ons het gewag op vrede, maar niks goeds het gekom nie en op ’n tyd van genesing, maar let op, verskrikking!
20 We acknowledge our wickedness, L**ORD**, the guilt of our fathers; indeed, we have sinned against You.
20 הוהי, ons ken ons boosheid, die onregverdigheid van ons vaders, want ons het teen U gesondig.
21 Because of Your name, don’t despise us. Don’t disdain Your glorious throne. Remember Your covenant with us; do not break it.
21 Moet ons nie, ter wille van U Naam (Karakter en Outoriteit), verag nie; moenie die troon van U lof, eer en aanbidding onteer nie; onthou en moenie U verbond met ons kanselleer nie.
22 Can any of the worthless idols of the nations bring rain? Or can the skies alone give showers? Are You not the L**ORD** our God? We therefore put our hope in You, for You have done all these things.
22 Is daar enige onder die afgode van die nasies wat reën kan maak? Of kan die hemel reënbuie toestaan? Is dit nie U nie, o הוהי, ons God? Ons verwagting is daarom van U, want U is die Een wat al hierdie dinge doen.

Jeremiah 15

1 Then the L**ORD** said to me: “Even if Moses and Samuel should stand before Me, My compassions would not reach out to these people. Send them from My presence, and let them go.
1 Toe het הוהי vir my gesê: “Selfs al sou Moshe en Sh’mu’el voor My staan, sal Ekself nie by hierdie volk wees nie; stuur hulle weg van My Teenwoordigheid af en laat hulle weggaan!
2 If they ask you, ‘Where will we go?’ you must tell them: This is what the L**ORD** says: Those destined for death, to death; those destined for the sword, to the sword. Those destined for famine, to famine; those destined for captivity, to captivity.
2 Dit sal wees dat as hulle vir jou vra: “Waar moet ons heengaan?” dan moet jy vir hulle sê: ‘So sê הוהי: “Wie vir die dood bestem is, na die dood en wie vir die swaard, na die swaard en wie vir die hongersnood, na die hongersnood en wie vir die gevangeskap, na die gevangeskap.’”
3 “I will ordain four kinds of judgment for them” — this is the L**ORD**’s declaration — “the sword to kill, the dogs to drag away, and the birds of the sky and the wild animals of the land to devour and destroy.
3 Ek sal vier soorte oor hulle aanstel,” verklaar הוהי: “die swaard om dood te maak, die honde om weg te sleep, die voëls van die hemel en die wilde diere van die aarde om op te eet en te vernietig.

4 I will make them a horror to all the kingdoms of the earth because of Manasseh son of Hezekiah, the king of Judah, for what he did in Jerusalem.
4 Ek sal van hulle ’n voorwerp van verskrikking maak vir al die koninkryke van die aarde as gevolg van M’nasheh, die seun van Hizkiyahu, die koning van Y’hudah, vir wat hy in Yerushalayim gedoen het.
5 Who will have pity on you, Jerusalem? Who will show sympathy toward you? Who will turn aside to ask about your welfare?
5 Inderdaad, wie sal vir jou jammer kry, o Yerushalayim? Of wie sal oor jou treur? Of wie sal uitdraai om na jou welstand te vra?
6 You have left Me. This is the LORD’s declaration. You have turned your back, so I have stretched out My hand against you and destroyed you. I am tired of showing compassion.
6 Jy wat My verwerp het,” verklaar יהוה, “jy hou aan agteruitgaan; daarom sal Ek My hand teen jou uitstrek en jou vernietig; Ek is moeg om toe te gee!
7 I scattered them with a winnowing fork at the gates of the land. I made them childless; I destroyed My people. They would not turn from their ways.
7 Ek sal hulle uitwan met ’n hooivurk in die stede van die land. Ek het hulle van kinders ontneem. Ek het My volk vernietig, tog het hulle nie berou gehad en omgedraai van hulle lewenswyses nie.
8 I made their widows more numerous than the sand of the seas. I brought a destroyer at noon against the mother of young men. I suddenly released on her agitation and terrors.
8 Hulle weduwees sal meer voor My wees as die sand van die see; Ek sal teen hulle bring, teen die moeder van ’n jongman, ’n verwoester op die middag; Ek sal angs en ontsteltenis skielik oor haar laat kom.
9 The mother of seven grew faint; she breathed her last breath. Her sun set while it was still day; she was ashamed and humiliated. The rest of them I will give over to the sword in the presence of their enemies.” This is the LORD’s declaration.
9 Sy wat geboorte gegee het aan sewe, kwyn weg; haar asemhaling is met moeite; haar son het ondergegaan terwyl dit nog dag was; sy is beskaamd en verneder. Ek sal hulle oorlewendes aan die swaard oorgee voor hulle vyande,” verklaar יהוה.
10 Woe is me, my mother, that you gave birth to me, a man who incites dispute and conflict in all the land. I did not lend or borrow, yet everyone curses me.
10 Wee my, my moeder, dat u aan my geboorte gegee het, as ’n man van twis en ’n man van stryd vir die hele land! Ek het nie uitgeleen nie en hulle het nie aan my geleen nie; tog vervloek almal my.
11 The LORD said: I will certainly set you free and care for you. I will certainly intercede for you in a time of trouble, in your time of distress, with the enemy.
11 יהוה het gesê: “Sekerlik sal Ek jou bevry vir die goeie; sekerlik sal Ek

maak dat die vyand jou sal smeek in ’n tyd van rampe en ’n tyd van benoudheid.
12 Can anyone smash iron, iron from the north, or bronze?
12 Kan enige iemand yster breek, yster uit die noorde, of koper?
13 I will give up your wealth and your treasures as plunder, without cost, for all your sins in all your borders.
13 Jou rykdom, jou skatte en al jou grense sal Ek as buit gee as gevolg van jou sondes.
14 Then I will make you serve your enemies in a land you do not know, for My anger will kindle a fire that will burn against you.
14 Dan sal Ek dat jou vyande dit bring in ’n land wat jy nie ken nie, want ’n vuur is aangesteek in My toorn, dit sal oor julle brand.”
15 You know, LORD; remember me and take note of me. Avenge me against my persecutors. In Your patience, don’t take me away. Know that I suffer disgrace for Your honor.
15 U wat weet, o יהוה, onthou my, neem kennis van my en neem wraak namens my op my vervolgers. Moet my nie, in U geduld, wegvat nie. Weet dat ek beskuldigings om U ontwil verdra.
16 Your words were found, and I ate them. Your words became a delight to me and the joy of my heart, for I am called by Your name, Yahweh God of Hosts.
16 U woorde is gevind en ek het hulle opgeëet en U woorde het vir my ’n vreugde en ’n blydskap vir my verstand, wil en emosie geword, want ek word volgens U Naam (Karakter en Outoriteit) genoem, o יהוה- Tzva’ot!
17 I never sat with the band of revelers, and I did not celebrate with them. Because Your hand was on me, I sat alone, for You filled me with indignation.
17 Ek het nie gesit in die sirkel van pretmakers of was uitgelate nie; as gevolg van U hand op my het ek alleen gesit, want U het my met verontwaardiging gevul.
18 Why has my pain become unending, my wound incurable, refusing to be healed? You truly have become like a mirage to me — water that is not reliable.
18 Waarom is my pyn ewigdurend en my wond ongeneeslik, weierend om genees te word? Sou U waarlik vir my wees soos ’n bedrieglike stroom, met waters wat onbetroubaar is?
19 Therefore, this is what the LORD says: If you return, I will restore you; you will stand in My presence. And if you speak noble words, rather than worthless ones, you will be My spokesman. It is they who must return to you; you must not return to them.
19 יהוה sê daarom: “As jy terugdraai, dan sal Ek jou herstel, voor My sal jy staan en as jy die kosbare uit die waardelose onttrek, sal jy My woordvoerder word. Húlle mag na jou toe draai, maar jy moenie na hulle toe draai nie.
20 Then I will make you a fortified wall of bronze to this people. They will fight

against you but will not overcome you, for I am with you to save you and deliver you. This is the LORD's declaration.
20 Dan sal Ek jou 'n versterkte muur van koper maak vir hierdie mense en alhoewel hulle teen jou sal veg, sal hulle nie oorwin nie, want Ek is by jou om jou te red en om jou te bevry," verklaar יהוה.
21 I will deliver you from the power of evil people and redeem you from the control of the ruthless.
21 "So sal Ek jou bevry uit die hand van die bose en jou loskoop uit die houvas van die gewelddadige."

Jeremiah 16

1 The word of the LORD came to me:
1 Die woord van יהוה het ook tot my gekom en gesê:
2 "You must not marry or have sons or daughters in this place.
2 "Jy mag vir jou geen vrou vat en jy mag ook geen seuns of dogters in hierdie plek hê nie,"
3 For this is what the LORD says concerning sons and daughters born in this place as well as concerning the mothers who bear them and the fathers who father them in this land:
3 want so sê יהוה van die seuns en die dogters wat in hierdie plek gebore word en van hulle moeders wat geboorte aan hulle gee en van hulle vaders wat hulle verwek in hierdie land:
4 They will die from deadly diseases. They will not be mourned or buried but will be like manure on the face of the earth. They will be finished off by sword and famine. Their corpses will become food for the birds of the sky and for the wild animals of the land.
4 "Hulle sal aan dodelike siektes sterf, hulle sal nie beklaag of begrawe word nie; hulle sal wees soos mis op die oppervlakte van die grond en tot 'n einde kom deur swaard en hongersnood en hulle lyke sal kos word vir die voëls van die hemel en vir die wilde diere van die aarde,"
5 "For this is what the LORD says: Don't enter a house where a mourning feast is taking place. Don't go to lament or sympathize with them, for I have removed My peace from these people" — this is the LORD's declaration — "as well as My faithful love and compassion.
5 want so sê יהוה: "Moenie 'n huis van rou ingaan of gaan om te rouklaag of hulle te troos nie, want Ek het My vrede, liefdevolle goedheid en omgee van hierdie volk af onttrek," verklaar יהוה.
6 Both great and small will die in this land without burial. No lament will be made for them, nor will anyone cut himself or shave his head for them.
6 Beide groot sowel as klein sal sterf in hierdie land; hulle sal nie begrawe word nie en niemand sal hulle beklaag en homself stukkend kerwe of sy kop

kaal skeer om hulle ontwil nie.
7 Food won’t be provided for the mourner to comfort him because of the dead. A cup of consolation won’t be given him because of the loss of his father or mother.
7 Mense sal nie brood breek in rou vir hulle om iemand te troos oor ’n dooie, of aan hulle ’n beker van troos gee om te drink oor iemand se vader of moeder nie.
8 You must not enter the house where feasting is taking place to sit with them to eat and drink.
8 Verder mag jy ook nie in ’n huis van feesviering ingaan om saam met hulle te sit en te eet en te drink nie,
9 For this is what the LORD of Hosts, the God of Israel, says: I am about to eliminate from this place, before your very eyes and in your time, the sound of joy and gladness, the voice of the groom and the bride.
9 want so sê יהוה-Tzva’ot, die God van Yisra’el: “Let op, Ek gaan, voor julle oë en in julle dae, die stem van vreugde en die stem van vrolikheid, die stem van die bruidegom en die stem van die bruid uitroei uit hierdie plek uit.
10 “When you tell these people all these things, they will say to you, ‘Why has the LORD declared all this great disaster against us? What is our guilt? What is our sin that we have committed against the LORD our God? ’
10 Wanneer jy al hierdie woorde aan hierdie volk vertel, sal hulle jou vra: ‘Waarom het יהוה al hierdie groot rampe teen ons verklaar? Wat is ons oortredinge of ons sonde wat ons teen יהוה, ons God, begaan het?’
11 Then you will answer them: Because your fathers abandoned Me” — this is the LORD’s declaration — “and followed other gods, served them, and worshiped them. Indeed, they abandoned Me and did not keep My instruction.
11 Dan moet jy vir hulle sê: ‘Omdat julle vaders My verlaat het,’ verklaar יהוה, ‘en ander gode gevolg en hulle gedien en neergebuig het voor hulle, maar My het hulle verlaat en nie My wet gehou nie.
12 You did more evil than your fathers. Look, each one of you was following the stubbornness of his evil heart, not obeying Me.
12 Julle het ook boosheid gedoen, selfs erger as julle vaders, want let op, julle leef elkeen volgens die hardkoppigheid van sy eie bose verstand, wil en emosie, sonder om na My te luister.
13 So I will hurl you from this land into a land that you and your fathers are not familiar with. There you will worship other gods both day and night, for I will not grant you grace.
13 Ek sal julle uit hierdie land uit slinger na ’n land wat julle nie geken het nie, nie julle of julle vaders nie; daar sal julle dag en nag ander gode dien omdat Ek julle geen guns sal bewys nie;’
14 “However, take note! The days are coming” — the LORD’s declaration — “when it will no longer be said, ‘As the LORD lives who brought the Israelites

from the land of Egypt,'

14 daarom, let op, daar kom dae," verklaar הוהי, "wanneer dit nie meer gesê sal word: 'So waar as הוהי leef, wat die seuns van Yisra'el uit Mitzrayim gebring het nie;'
15 but rather, 'As the LORD lives who brought the Israelites from the land of the north and from all the other lands where He had banished them.' For I will return them to their land that I gave to their ancestors.

15 maar: 'So waar as הוהי leef, wat die seuns van Yisra'el gebring het uit die land van die noorde en uit al die lande waarheen Hy hulle verban het,' want Ek sal hulle herstel na hulle eie land wat Ek vir hulle vaders gegee het.
16 "I am about to send for many fishermen" — this is the LORD's declaration — "and they will fish for them. Then I will send for many hunters, and they will hunt them down on every mountain and hill and out of the clefts of the rocks,

16 Let op, Ek sal stuur vir baie vissers," verklaar הוהי, "en hulle sal hulle van die eilande af vang; daarna sal Ek stuur vir baie jagters wat hulle sal jag vanaf elke berg en van elke heuwel en uit die rotsskeure,
17 for My gaze takes in all their ways. They are not concealed from Me, and their guilt is not hidden from My sight.
17 want My oë is op al hulle lewenswyses; dit is nie vir My weggesteek nie en hulle onregverdigheid is ook nie vir My oë verborge nie.
18 I will first repay them double for their guilt and sin because they have polluted My land. They have filled My inheritance with the lifelessness of their detestable and abhorrent idols."
18 Ek sal eers hulle oortredinge en hulle sonde dubbeld vergeld omdat hulle My land besoedel het; My erfenis gevul het met die lyke van hulle verfoeilike afgode en met hulle verwerplikhede."
19 LORD, my strength and my stronghold, my refuge in a time of distress, the nations will come to You from the ends of the earth, and they will say, "Our fathers inherited only lies, worthless idols of no benefit at all."

19 O הוהי, my Sterkte en my Vesting, my Toevlug in die dag van benoudheid, tot U sal die volke van die eindes van die aarde af kom en sê: "Ons vaders het niks geërf, behalwe valsheid, nutteloosheid en dinge sonder voordeel nie."
20 Can one make gods for himself? But they are not gods.
20 Let op, mense maak gode vir hulleself, wat geen gode is nie.
21 "Therefore, I am about to inform them, and this time I will make them know My power and My might; then they will know that My name is Yahweh."
21 "Let daarom op, Ek gaan hulle laat weet; hierdie keer gaan Ek dat hulle My krag en mag ken en hulle sal weet dat My Naam הוהי is."

Jeremiah 17

1 The sin of Judah is written with an iron stylus. With a diamond point it is engraved on the tablet of their hearts and on the horns of their altars,

1 Die sonde van Y'hudah is geskrywe met 'n ystergriffel, met 'n diamantpunt is dit ingegraveer op die tafel van hulle verstand, wil en emosie en op die horings van hulle altare.

2 while their children remember their altars and their Asherah poles, by the green trees on the high hills —

2 Soos hulle hul kinders onthou, so onthou hulle hul altare en Asherim by die groen bome, op die hoë heuwels.

3 My mountains in the countryside. I will give up your wealth and all your treasures as plunder because of the sin of your high places in all your borders.

3 "Ek sal jou rykdom, al jou skatte en alles wat tussen jou grense is as buit oorgee as gevolg van jou sonde.

4 You will, on your own, relinquish your inheritance that I gave you. I will make you serve your enemies in a land you do not know, for you have set My anger on fire; it will burn forever.

4 Ek sal jou die erfenis laat verloor wat Ek vir jou gegee het en Ek sal maak dat jy jou vyande dien in die land wat jy nie ken nie, want julle het 'n vuur aangesteek in My woede, wat tot in ewigheid sal brand."

5 This is what the LORD says: The man who trusts in mankind, who makes human flesh his strength and turns his heart from the LORD is cursed.

5 So sê יהוה: "Vervloek is die man wat op die mensdom vertrou en vlees sy krag maak en wie se verstand, wil en emosie wegdraai van יהוה af.

6 He will be like a juniper in the Arabah; he cannot see when good comes but dwells in the parched places in the wilderness, in a salt land where no one lives.

6 Hy sal wees soos 'n plant in die woestyn en sal nie sien as voorspoed kom nie, maar sal in klipperige plekke in die wildernis bly, 'n soutland sonder inwoners.

7 The man who trusts in the LORD, whose confidence indeed is the LORD, is blessed.

7 Geseënd is die man wat in יהוה vertrou en wie se vertroue יהוה is,

8 He will be like a tree planted by water: it sends its roots out toward a stream, it doesn't fear when heat comes, and its foliage remains green. It will not worry in a year of drought or cease producing fruit.

8 want hy sal wees soos 'n boom wat by die water geplant is, wat sy wortels uitsteek by 'n stroom en nie sal vrees as die hitte kom nie, maar sy blad sal groen wees en hy sal nie angstig wees in 'n jaar van droogte nie en nie ophou om vrugte te dra nie.

9 The heart is more deceitful than anything else, and incurable — who can understand it?

9 Bedrieglik en ernstig siek is die verstand, wil en emosie bo alle dinge; wie kan dit verstaan?
10 I, Yahweh, examine the mind, I test the heart to give to each according to his way, according to what his actions deserve.
10 Ek, יהוה, deursoek die verstand, wil en emosie, Ek toets die gedagtes, om aan elkeen te gee volgens sy lewenswyse, volgens die vrug van sy dade.
11 He who makes a fortune unjustly is like a partridge that hatches eggs it didn’t lay. In the middle of his days his riches will abandon him, so in the end he will be a fool.
11 Soos ’n patrys wat eiers uitbroei wat hy nie gelê het nie, so is hy wat ’n fortuin maak, maar onregverdig; in die middel van sy dae sal dit hom verlaat en aan die einde sal hy ’n dwaas wees.”
12 A throne of glory on high from the beginning is the place of our sanctuary.
12 ’n Troon van eer, lof en aanbidding, verhewe van die begin af, is die plek van ons afsondering.
13 L**ORD**, the hope of Israel, all who abandon You will be put to shame. All who turn away from Me will be written in the dirt, for they have abandoned the L**ORD**, the fountain of living water.
13 O יהוה, die Verwagting van Yisra’el! Almal wat U verlaat, sal beskaam word; wie op die aarde wegdraai sal opgeskryf word omdat hulle יהוה, die Fontein van lewende water, verlaat het.
14 Heal me, L**ORD**, and I will be healed; save me, and I will be saved, for You are my praise.
14 Maak my gesond, יהוה en ek sal gesond wees; red my, dan sal ek gered wees, want U is my lofprysing.
15 Hear how they keep challenging me, “Where is the word of the L**ORD**? Let it come! ”
15 Let op, hulle sê vir my: “Waar is die boodskap van יהוה? Laat dit nou kom!”
16 But I have not run away from being Your shepherd, and I have not longed for the fatal day. You know my words were spoken in Your presence.
16 Wat my betref, ek het U nie aangepor om boosheid te bring nie en ek het ook nie enige man se ongelukkige dag begeer nie; U weet self dat dit wat uit my lippe uitgegaan het, in U Teenwoordigheid was.
17 Don’t become a terror to me. You are my refuge in the day of disaster.
17 Moenie ’n verskrikking vir my wees nie; U is my Toevlug in die dag van rampe.
18 Let my persecutors be put to shame, but don’t let me be put to shame. Let them be terrified, but don’t let me be terrified. Bring on them the day of disaster; shatter them with total destruction.
18 Laat die wat my vervolg beskaamd staan, maar laat my nie beskaamd word nie; laat hulle ontsteld wees, maar laat my nie ontsteld wees nie. Bring oor hulle ’n dag van rampe en vergruis hulle met ’n dubbele verwoesting.

19 This is what the L**ORD** said to me, "Go and stand at the People's Gate, through which the kings of Judah enter and leave, as well as at all the gates of Jerusalem.

19 So het יהוה vir my gesê: "Gaan staan in die publieke poort, waardeur die konings van Y'hudah in- en uitgaan, sowel as in al die poorte van Yerushalayim

20 Announce to them: Hear the word of the L**ORD**, kings of Judah, all Judah, and all the residents of Jerusalem who enter through these gates.

20 en sê vir hulle: 'Luister na die woord van יהוה, konings van Y'hudah, die hele Y'hudah en al die inwoners van Yerushalayim wat deur hierdie poorte ingaan:

21 This is what the L**ORD** says: Watch yourselves; do not pick up a load and bring it in through the gates of Jerusalem on the Sabbath day.

21 so sê יהוה: "Neem kennis vir julle eie onthalwe en dra geen vrag op die Shabbat nie en bring ook niks deur die poorte van Yerushalayim nie.

22 You must not carry a load out of your houses on the Sabbath day or do any work, but you must consecrate the Sabbath day, just as I commanded your ancestors.

22 Julle mag ook geen vrag uit julle huise uitbring op die Shabbat of enige werk doen nie, maar hou die Shabbatdag afgesonderd, soos Ek julle vaders beveel het."

23 They wouldn't listen or pay attention but became obstinate, not listening or accepting discipline.

23 Tog het hulle nie geluister nie en hulle oor nie gedraai nie, maar hul nekke styf gemaak om nie te luister of dissipline te aanvaar nie.

24 "However, if you listen to Me, says the L**ORD**, and do not bring loads through the gates of this city on the Sabbath day and consecrate the Sabbath day and do no work on it,

24 "Dit sal egter gebeur, as julle aandagtig na My luister," verklaar יהוה, "om geen vrag deur die poorte van hierdie stad op die Shabbat in te bring nie, maar die Shabbatdag af te sonder deur géén werk daarop te doen nie,

25 kings and princes will enter through the gates of this city. They will sit on the throne of David, riding in chariots and on horses with their officials, the men of Judah, and the residents of Jerusalem. This city will be inhabited forever.

25 dat konings en vorste deur die poorte van hierdie stad sal ingaan wat op die troon van Dawid sit, wat op strydwaens en op perde ry, hulle en hulle prinse, die manne van Y'hudah en die inwoners van Yerushalayim en hierdie stad sal vir ewig bewoon word.

26 Then people will come from the cities of Judah and from the area around Jerusalem, from the land of Benjamin and from the Judean foothills, from the hill country and from the Negev bringing burnt offerings and sacrifice, grain offerings and frankincense, and thank offerings to the house of the L**ORD**.

26 Hulle sal inkom vanuit die stede van Y'hudah en uit die omstreke van Yerushalayim, uit die land van Binyamin, uit die Laagland, uit die heuwelagtige land en uit die Suidland, sal hulle brandoffers, offers, graanoffers, wierook en dankoffers bring na die huis van הוהי,
27 If you do not listen to Me to consecrate the Sabbath day by not carrying a load while entering the gates of Jerusalem on the Sabbath day, I will set fire to its gates, and it will consume the citadels of Jerusalem and not be extinguished."
27 maar as julle nie na My luister om die Shabbatdag af te sonder deur geen vrag te dra en deur die poorte van Yerushalayim in te kom op die Shabbatdag nie, sal Ek 'n vuur in sy poorte aansteek en dit sal die paleise van Yerushalayim verteer en nie uitgeblus word nie.'""

Jeremiah 18

1 This is the word that came to Jeremiah from the L**ORD**:
1 Die woord wat van הוהי tot Yirmeyahu gekom het:
2 "Go down at once to the potter's house; there I will reveal My words to you."
2 "Staan op en gaan af na die huis van die pottebakker en daar sal Ek My woorde vir jou aankondig."
3 So I went down to the potter's house, and there he was, working away at the wheel.
3 Toe het ek afgegaan na die huis van die pottebakker en daar was hy besig om iets op die wiel te maak,
4 But the jar that he was making from the clay became flawed in the potter's hand, so he made it into another jar, as it seemed right for him to do.
4 maar die houer wat hy besig was om van klei te maak, het misluk in die hand van die pottebakker; hy het die klei weer gemeng en 'n ander houer gemaak, soos wat die pottebakker goed gedink het om te maak.
5 The word of the L**ORD** came to me:
5 Toe het die woord van הוהי tot my gekom en gesê:
6 "House of Israel, can I not treat you as this potter treats his clay? " — this is the L**ORD**'s declaration. "Just like clay in the potter's hand, so are you in My hand, house of Israel.
6 "Kan Ek nie soos hierdie pottebakker met julle maak nie, o huis van Yisra'el?" verklaar הוהי. "Let op, soos die klei in die hand van die pottebakker, so is julle in My hand, o huis van Yisra'el!
7 At one moment I might announce concerning a nation or a kingdom that I will uproot, tear down, and destroy it.
7 As ek skielik sou praat van 'n nasie of 'n koninkryk om dit te ontwortel, af te breek of te vernietig;
8 However, if that nation I have made an announcement about turns from its

evil, I will relent concerning the disaster I had planned to do to it.
8 as dié nasie waarteen Ek gepraat het, wegdraai van hulle boosheid af, sal Ek die boosheid wat Ek teen hulle beplan het, wegdraai;
9 At another time I announce that I will build and plant a nation or a kingdom.
9 of in 'n ander oomblik sal Ek praat oor 'n nasie of oor 'n koninkryk om dit op te bou of te plant;
10 However, if it does what is evil in My sight by not listening to My voice, I will relent concerning the good I had said I would do to it.
10 as dit doen wat verkeerd is in My oë deur nie My stem te gehoorsaam nie, dan sal Ek van gedagte verander oor die goeie waarmee Ek belowe het om dit te seën.
11 So now, say to the men of Judah and to the residents of Jerusalem: This is what the LORD says: I am about to bring harm to you and make plans against you. Turn now, each from your evil way, and correct your ways and your deeds.
11 Nou dan, praat met die manne van Y'hudah en teen die inwoners van Yerushalayim en sê: 'So sê הוהי: "Let op, Ek beplan rampe teen julle en werk 'n plan uit teen julle. O, draai terug, elkeen van julle van sy bose pad en hervorm julle lewenswyse en julle dade.'"
12 But they will say, 'It's hopeless. We will continue to follow our plans, and each of us will continue to act according to the stubbornness of his evil heart.' "
12 Hulle het egter gesê: 'Ons sal sterk word en volgens ons eie planne optree en elkeen van ons sal volgens die hardkoppigheid van sy bose verstand, wil en emosie optree.'
13 Therefore, this is what the LORD says: Ask among the nations, Who has heard things like these? Virgin Israel has done a most terrible thing.
13 הוהי sê daarom: 'Vra nou onder die volke, wie het al ooit so iets gehoor? Die maagd van Yisra'el het 'n mees afskuwelike ding gedoen.
14 Does the snow of Lebanon ever leave the highland crags? Or does cold water flowing from a distance ever fail?
14 Verdwyn die groen gras vanaf die berg of verlaat die sneeu L'vanon? Hou die koue water wat uitborrel en afstroom, op met vloei?
15 Yet My people have forgotten Me. They burn incense to false idols that make them stumble in their ways on the ancient roads and walk on new paths, not the highway.
15 Tog het My volk My vergeet, hulle brand wierook vir die waardelose gode en hulle het gestruikel in hulle lewenswyses, afgedwaal van die antieke lewenswyses, om te loop op paaie waarop nie geloop is nie,
16 They have made their land a horror, a perpetual object of scorn; everyone who passes by it will be horrified and shake his head.
16 om hulle land 'n verlatenheid te maak, 'n voorwerp van ewige bespotting; elkeen wat daar verbygaan, sal verstom wees en sy kop skud.

17 I will scatter them before the enemy like the east wind. I will show them My back and not My face on the day of their calamity.
17 Soos ’n oostewind sal Ek hulle verstrooi voor die vyand; Ek sal in die dag van hulle katastrofe vir hulle My rug en nie My gesig wys nie.’”
18 Then certain ones said, “Come, let’s make plans against Jeremiah, for instruction will never be lost from the priest, or counsel from the wise, or an oracle from the prophet. Come, let’s denounce him and pay no attention to all his words.”
18 Toe het hulle gesê: “Kom, laat ons planne maak teen Yirmeyahu, die wet sal sekerlik nie verlore wees vir die priester, of raad by die wyse, of ’n woord vir die profeet nie! Kom, laat ons na hom slaan met die tong en laat ons nie luister na enige van sy woorde nie.”
19 Pay attention to me, LORD. Hear what my opponents are saying!
19 הוהי, luister na my en luister na wat my opponente sê!
20 Should good be repaid with evil? Yet they have dug a pit for me. Remember how I stood before You to speak good on their behalf, to turn Your anger from them.
20 Sal goed met kwaad vergeld word, want hulle het vir my ’n gat gegrawe. Onthou hoe ek voor U Teenwoordigheid gestaan het om goed namens hulle te praat, om so U toorn van hulle af weg te draai;
21 Therefore, hand their children over to famine, and pour the sword’s power on them. Let their wives become childless and widowed, their husbands slain by deadly disease, their young men struck down by the sword in battle.
21 daarom, gee hulle kinders oor aan hongersnood en lewer hulle oor aan die mag van die swaard en laat hulle vroue kinderloos en weduwees word. Laat hulle manne ook neergeslaan word tot die dood, hulle jongmanne plat geslaan word in die geveg deur die swaard.
22 Let a cry be heard from their houses when You suddenly bring raiders against them, for they have dug a pit to capture me and have hidden snares for my feet.
22 Laat ’n uitroep gehoor word uit hulle huise, wanneer U skielik ’n bende oor hulle bring, want hulle het ’n gat gegrawe om my te vang en strikke weggesteek vir my voete.
23 But You, LORD, know all their deadly plots against me. Do not wipe out their guilt; do not blot out their sin before You. Let them be forced to stumble before You; deal with them in the time of Your anger.
23 Tog, U, הוהי, ken al hulle dodelike ontwerpe teen my; moenie hulle oortredinge vergewe of hulle sonde voor U uitvee nie, maar mag hulle tot ’n val kom voor U Teenwoordigheid; tree teen hulle op in die tyd van U woede!

Jeremiah 19

1 This is what the LORD says: “Go, buy a potter’s clay jar. Take some of the

elders of the people and some of the leading priests
1 So sê יהוה: "Gaan koop vir jou 'n pottebakker se kleikruik en vat sommige van die oudstes van die volk en sommige van die senior priesters.
2 and go out to the Valley of Hinnom near the entrance of the Potsherd Gate. Proclaim there the words I speak to you.
2 Gaan dan uit na die vallei van Ben-Hinnom, wat by die ingang van die Potskerwepoort lê en verkondig daar die woorde wat Ek jou gee
3 Say: Hear the word of the LORD, kings of Judah and residents of Jerusalem. This is what the LORD of Hosts, the God of Israel, says: I am going to bring such disaster on this place that everyone who hears about it will shudder
3 en sê: "Hoor die woord van יהוה, o konings van Y'hudah en inwoners van Yerushalayim! So sê יהוה- Tzva'ot, die God van Yisra'el: "Let op, Ek is op die punt om 'n katastrofe oor hierdie plek te bring sodat elkeen wat dit hoor, se ore sal tuit.
4 because they have abandoned Me and made this a foreign place. They have burned incense in it to other gods that they, their fathers, and the kings of Judah have never known. They have filled this place with the blood of the innocent.
4 Omdat hulle My verlaat het en hierdie 'n vreemde plek gemaak het en daarin offers gebrand het vir ander gode, wat nie hulle of hulle vaders of die konings van Y'hudah geken het nie en omdat hulle hierdie plek gevul het met die bloed van die onskuldiges
5 They have built high places to Baal on which to burn their children in the fire as burnt offerings to Baal, something I have never commanded or mentioned; I never entertained the thought.
5 en die hoë plekke vir Ba'al gebou het om hulle seuns in die vuur te verbrand as brandoffers aan Ba'al; iets wat Ek nooit beveel of van gepraat het nie, of wat nooit in My gedagtes opgekom het nie;
6 "Therefore, take note! The days are coming" — this is the LORD's declaration — "when this place will no longer be called Topheth and the Valley of Hinnom, but the Valley of Slaughter.
6 daarom, let op, daar kom dae," verklaar יהוה, "wanneer hierdie plek nie langer Tofet of die vallei van Ben-Hinnom genoem sal word nie, maar eerder die Vallei van Slagting.
7 I will spoil the plans of Judah and Jerusalem in this place. I will make them fall by the sword before their enemies, by the hand of those who want to take their life. I will provide their corpses as food for the birds of the sky and for the wild animals of the land.
7 Ek sal die raad van Y'hudah en Yerushalayim in hierdie plek uitskud en Ek sal dat hulle voor hul vyande val deur die swaard en deur die hand van die wat hulle lewe soek en Ek sal hulle lyke oorgee as kos vir die voëls van die hemel en die wilde diere van die aarde.
8 I will make this city desolate, an object of scorn. Everyone who passes by it

will be horrified and scoff because of all its wounds.
8 Ek sal hierdie stad ’n verlatenheid maak en ’n voorwerp van bespotting; elkeen wat daar verbygaan, sal verstom wees en spot as gevolg van al sy rampe.
9 I will make them eat the flesh of their sons and their daughters, and they will eat each other’s flesh in the siege and distress that their enemies, those who want to take their life, inflict on them.
9 Ek sal dat hulle die vlees van hul seuns en die vlees van hul dogters eet en hulle sal mekaar se vlees eet in die beleëring en in die benoudheid waarmee hulle vyande en die wat hulle lewe soek, hulle benoud sal maak.’”
10 “Then you are to shatter the jar in the presence of the people traveling with you,
10 “Dan moet jy die kruik breek voor die oë van die manne wat saam met jou gegaan het
11 and you are to proclaim to them: This is what the LORD of Hosts says: I will shatter these people and this city, like one shatters a potter’s jar that can never again be mended. They will bury the dead in Topheth because there is no other place for burials.
11 en vir hulle sê: ‘So sê הוהי-Tzva’ot: “Net so sal Ek hierdie volk en hierdie stad verbreek, soos ’n mens ’n pottebakker se houer breek, wat nie meer heelgemaak kan word nie en hulle sal in Tofet begrawe omdat daar geen ander plek sal wees om te begrawe nie.
12 I will do so to this place” — this is the declaration of the LORD — “and to its residents, making this city like Topheth.
12 Dit is hoe ek hierdie plek en sy inwoners sal behandel,” verklaar הוהי, “om hierdie stad soos Tofet te maak.
13 The houses of Jerusalem and the houses of the kings of Judah will become impure like that place Topheth — all the houses on whose rooftops they have burned incense to the whole heavenly host and poured out drink offerings to other gods.”
13 Die huise van Yerushalayim en die huise van die konings van Y’hudah sal onteer word soos die plek Tofet, as gevolg van al die huise op wie se dakke hulle offers gebrand het aan al die hemelse leërmagte en drankoffers uitgegiet het vir ander gode.”’”
14 Jeremiah came back from Topheth, where the LORD had sent him to prophesy, stood in the courtyard of the LORD’s temple, and proclaimed to all the people,
14 Toe het Yirmeyahu uit Tofet gekom, waarheen הוהי hom gestuur het om te profeteer en hy het gaan staan in die buitehof van die huis van הוהי en vir die mense gesê:
15 “This is what the LORD of Hosts, the God of Israel, says: ‘I am about to bring on this city — and on all its dependent villages — all the disaster that I spoke against it, for they have become obstinate, not obeying My words.’ ”

15 “So sê יהוה-Tzva’ot, die God van Yisra’el: ‘Let op, Ek is op die punt om die hele katastrofe wat Ek teen hom verklaar het oor hierdie stad en al sy stede te bring omdat hulle hul nek styf gemaak het om sodoende nie My woorde te gehoorsaam nie.’”

Jeremiah 20

1 Pashhur the priest, the son of Immer and chief official in the temple of the LORD, heard Jeremiah prophesying these things.
1 Pash'gur, die priester, die seun van Immer, wat hoof amptenaar was in die huis van יהוה, het vir Yirmeyahu hierdie dinge hoor profeteer.
2 So Pashhur had Jeremiah the prophet beaten and put him in the stocks at the Upper Benjamin Gate in the LORD's temple.
2 Pash'gur het Yirmeyahu, die profeet, laat slaan en hom in die blok gesit by die boonste Binyaminpoort, wat by die huis van יהוה was.
3 The next day, when Pashhur released Jeremiah from the stocks, Jeremiah said to him, "The LORD does not call you Pashhur, but Magor-missabib,
3 Die volgende dag, toe Pash'gur Yirmeyahu bevry het uit die blok uit, het Yirmeyahu vir hom gesê: "Pash'gur is nie die naam wat יהוה jou genoem het nie, maar Magor-Missaviv (verskrikking aan elke kant),
4 for this is what the LORD says, 'I am about to make you a terror to both yourself and those you love. They will fall by the sword of their enemies before your very eyes. I will hand Judah over to the king of Babylon, and he will deport them to Babylon and put them to the sword.
4 want so sê יהוה: 'Let op, Ek gaan jou 'n verskrikking maak vir jouself en vir al jou vriende en terwyl jy kyk, sal hulle deur die swaard van hul vyande val. So sal Ek die hele Y'hudah oorgee in die hand van die koning van Bavel en hy sal hulle wegdra as ballinge na Bavel en hulle met die swaard doodmaak.
5 I will give away all the wealth of this city, all its products and valuables. Indeed, I will hand all the treasures of the kings of Judah over to their enemies. They will plunder them, seize them, and carry them off to Babylon.
5 Ek sal ook al die rykdom van hierdie stad en al sy produkte en al sy kosbare dinge oorgee; selfs al die skatte van die konings van Y'hudah sal Ek oorgee in die hand van hulle vyande en hulle sal dit plunder, hulle wegvat en na Bavel bring
6 As for you, Pashhur, and all who live in your house, you will go into captivity. You will go to Babylon. There you will die, and there you will be buried, you and all your friends that you prophesied falsely to.' "
6 en jy, Pash'gur en almal wat in jou huis bly, sal in ballingskap gaan en jy sal Bavel binnegaan en daar sterf en daar begrawe word, jy en al jou vriende vir wie jy valslik geprofeteer het.'"
7 You deceived me, LORD, and I was deceived. You seized me and prevailed. I am a laughingstock all the time; everyone ridicules me.
7 O יהוה, ek het U misverstaan en ek is mislei; U was te sterk vir my en het oorwin. Ek het 'n voorwerp van bespotting geword die hele dag lank; almal spot met my,
8 For whenever I speak, I cry out, I proclaim, "Violence and destruction! "

because the word of the LORD has become for me constant disgrace and derision.
8 want elke keer as ek praat, roep ek dit hard uit; ek verkondig geweld en vernietiging, want die boodskap van הוהי het verwyt en bespotting vir my tot gevolg gehad die hele dag lank.
9 If I say, “I won’t mention Him or speak any longer in His name,” His message becomes a fire burning in my heart, shut up in my bones. I become tired of holding it in, and I cannot prevail.
9 As ek egter sê: “Ek sal Hom nie onthou of meer in Sy Naam (Karakter en Outoriteit) praat nie,” dan word dit soos ’n brandende vuur in my verstand, wil en emosie wat in my gebeente opgesluit is en ek is moeg daarvan om dit in te hou, ek kan dit nie uithou nie,
10 For I have heard the gossip of many people, “Terror is on every side! Report him; let’s report him! ” Everyone I trusted watches for my fall. “Perhaps he will be deceived so that we might prevail against him and take our vengeance on him.”
10 want ek het baie se bose voornemens gehoor wat van elke kant af bymekaargekom het en met hulle mond na my welsyn verneem het, maar my gehaat het in hulle verstand, wil en emosie en gesê het: “Wys hom uit vir ons, ons sal teen hom staan, miskien sal hy mislei word sodat ons ons wraak op hom kan neem.”
11 But the LORD is with me like a violent warrior. Therefore, my persecutors will stumble and not prevail. Since they have not succeeded, they will be utterly shamed, an everlasting humiliation that will never be forgotten.
11 הוהי is egter by my soos ’n gevreesde Kampioen; daarom sal my vervolgers struikel en nie oorwin nie; hulle sal uiters beskaamd staan omdat hulle gefaal het, met ’n ewige skande wat nie vergeet sal word nie.
12 LORD of Hosts, testing the righteous and seeing the heart and mind, let me see Your vengeance on them, for I have presented my case to You.
12 Tog, O הוהי-Tzva’ot, U wat die regverdige toets, wat die gedagtes en die verstand, wil en emosie sien; laat my U wraak sien op hulle, want aan U het ek my regsaak voorgelê.
13 Sing to the LORD! Praise the LORD, for He rescues the life of the needy from the hand of evil people.
13 Sing vir הוהי, lofprys הוהי, want Hy het die lewe van die behoeftige uit die hand van die boosdoeners bevry.
14 May the day I was born be cursed. May the day my mother bore me never be blessed.
14 Vervloek is die dag waarop ek gebore is; laat die dag waarop my moeder geboorte aan my gegee het, nie geseënd wees nie.
15 May the man be cursed who brought the news to my father, saying, “A male child is born to you,” bringing him great joy.
15 Vervloek is die man wat vir my vader die nuus gebring en gesê het: “’n

Baba seun is vir jou gebore" en hom baie gelukkig gemaak het,
16 Let that man be like the cities the LORD demolished without compassion. Let him hear an outcry in the morning and a war cry at noontime
16 maar laat dié man wees soos die stede wat הוהי omgekeer het sonder berou en laat hom 'n uitroep in die oggend hoor en 'n alarm se geskree op die middag
17 because he didn't kill me in the womb so that my mother might have been my grave, her womb eternally pregnant.
17 omdat hy my nie voor geboorte doodgemaak het nie sodat my moeder my graf sou word en haar baarmoeder ewig swanger.
18 Why did I come out of the womb to see only struggle and sorrow, to end my life in shame?
18 Waarom het ek ooit uit die baarmoeder uitgekom om na moeilikheid en smart te kyk sodat my dae in skande deurgebring is?

Jeremiah 21

1 This is the word that came to Jeremiah from the LORD when King Zedekiah sent Pashhur son of Malchijah and the priest Zephaniah son of Maaseiah to Jeremiah, asking,
1 Die woord wat vanaf הוהי tot Yirmeyahu gekom het toe koning Tzidkiyahu vir Pash'gur, die seun van Malkiyah en Tz'fanyah, die priester, die seun van Ma'aseiyah, na hom toe gestuur het met die woorde:
2 "Ask the LORD on our behalf, since Nebuchadnezzar king of Babylon is making war against us. Perhaps the LORD will perform for us something like all His past wonderful works so that Nebuchadnezzar will withdraw from us."
2 "Raadpleeg הוהי asseblief namens ons, want N'vukhadnetzar, koning van Bavel, maak oorlog teen ons; miskien sal הוהי met ons handel volgens al Sy wonderlike dade sodat hy van ons af sal terugtrek."
3 But Jeremiah answered, "This is what you are to say to Zedekiah:
3 Toe het Yirmeyahu vir hulle gesê: "Julle moet vir Tzidkiyahu die volgende sê:
4 'This is what the LORD, the God of Israel, says: I will repel the weapons of war in your hands, those you are using to fight the king of Babylon and the Chaldeans who are besieging you outside the wall, and I will bring them into the center of this city.
4 'So sê הוהי, die God van Yisra'el: "Let op, Ek is op die punt om die oorlogswapens wat in julle hande is, waarmee julle oorlog voer teen die koning van Bavel en teen die Kasdeërs wat julle buite die muur beleër, terug te draai en Ek sal dit in die middel van hierdie stad versamel.
5 I will fight against you with an outstretched hand and a mighty arm, with anger, rage, and great wrath.
5 Ek self sal teen julle oorlog maak met 'n uitgestrekte hand en 'n magtige

arm, in toorn en in woede en in groot verontwaardiging.
6 I will strike the residents of this city, both man and beast. They will die in a great plague.
6 Ek sal ook die inwoners van hierdie stad neerslaan, beide mens en dier; hulle sal sterf van ’n groot pes.
7 Afterward’ ” — this is the LORD’s declaration — “ ‘King Zedekiah of Judah, his officers, and the people — those in this city who survive the plague, the sword, and the famine — I will hand over to King Nebuchadnezzar of Babylon, to their enemies, yes, to those who want to take their lives. He will put them to the sword; he won’t spare them or show pity or compassion.’
7 Dan, daarna,” verklaar יהוה,” sal Ek Tzidkiyahu, koning van Y’hudah, sy diensknegte en die volk, selfs die wat in hierdie stad die pes, die swaard en die hongersnood oorleef het, oorgee in die hand van N’vukhadnetzar, koning van Bavel en in die hand van hulle vyande en in die hand van die wat hulle lewe soek en hy sal hulle neerslaan met die skerpte van die swaard. Hy sal hulle nie spaar nie en ook geen jammerte of omgee hê nie.’”
8 “But you must say to this people, ‘This is what the LORD says: Look, I am presenting to you the way of life and the way of death.
8 “Jy moet ook vir hierdie volk sê: ‘So sê יהוה: “Let op, Ek hou julle die pad van die lewe voor én die pad van die dood:
9 Whoever stays in this city will die by the sword, famine, and plague, but whoever goes out and surrenders to the Chaldeans who are besieging you will live and will retain his life like the spoils of war.
9 hy wat in hierdie stad bly, sal sterf deur die swaard en deur hongersnood en deur die pes, maar hy wat uitgaan en oorloop na die Kasdeërs wat julle beleër, sal lewe en sy eie lewe sal vir hom buit wees,
10 For I have turned against this city to bring disaster and not good’ ” — this is the LORD’s declaration. “ ‘It will be handed over to the king of Babylon, who will burn it down.’
10 want Ek het My gesig teen hierdie stad gerig ten skade en nie ten goede nie,” verklaar יהוה. “Dit sal oorgegee word in die hand van die koning van Bavel en hy sal dit met vuur verbrand.’”
11 “And to the house of the king of Judah say this: ‘Hear the word of the LORD!
11 “Sê dan vir die huishouding van die koning van Y’hudah: ‘Hoor, luister en doen die woord van יהוה.
12 House of David, this is what the LORD says: Administer justice every morning, and rescue the victim of robbery from the hand of his oppressor, or My anger will flare up like fire and burn unquenchably because of their evil deeds.
12 O huis van Dawid, so sê יהוה: “Pas elke oggend die reg toe en red hulle wat beroof is uit die hand van sy onderdrukker sodat My wraak nie uitgaan en brand soos ’n vuur met niemand om dit te blus, weens die boosheid van

hulle dade nie.
13 Beware! I am against you, you who sit above the valley, you atop the rocky plateau — this is the LORD's declaration — you who say, "Who can come down against us? Who can enter our hiding places? "
13 Let op, Ek is teen jou, o inwoner van die vallei, rots van die vlakte," verklaar יהוה. "Julle wat sê: 'Wie sal afkom teen ons, of wie sal in ons blyplekke inkom?'
14 I will punish you according to what you have done — this is the LORD's declaration. I will kindle a fire in its forest that will consume everything around it.' "
14 Ek sal julle egter volgens die vrug van julle dade straf," verklaar יהוה; "en Ek sal 'n vuur aansteek in sy woud sodat dit sy hele omgewing verteer."'"

Jeremiah 22

1 This is what the LORD says: "Go down to the palace of the king of Judah and announce this word there.
1 So sê יהוה: "Gaan af na die huis van die koning van Y'hudah, praat hierdie woord daar
2 You are to say: Hear the word of the LORD, king of Judah, you who sit on the throne of David — you, your officers, and your people who enter these gates.
2 en sê: 'Luister en hoor die woord van יהוה, o koning van Y'hudah, wat sit op die troon van Dawid; jy en jou diensknegte en jou volk wat deur hierdie poorte ingaan;
3 This is what the LORD says: Administer justice and righteousness. Rescue the victim of robbery from the hand of his oppressor. Don't exploit or brutalize the foreigner, the fatherless, or the widow. Don't shed innocent blood in this place.
3 so sê יהוה: "Gee regverdige oordeel en doen onpartydige opregtheid en red die wat beroof is uit die hand van sy onderdrukker; moet ook nie die vreemdeling, die wees en die weduwee verkeerd, of met geweld behandel nie en moenie onskuldige bloed in hierdie plek vergiet nie,
4 For if you conscientiously carry out this word, then kings sitting on David's throne will enter through the gates of this palace riding on chariots and horses — they, their officers, and their people.
4 want as julle hierdie ding werklik sal doen, sal konings deur die poorte van hierdie huis ingaan wat op die troon van Dawid sal sit, wat op strydwaens en op perde sal ry, hyself en sy diensknegte en sy volk,
5 But if you do not obey these words, then I swear by Myself" — this is the LORD's declaration — "that this house will become a ruin."
5 maar as julle nie hierdie woorde gehoorsaam nie, dan sweer Ek by Myself,"

verklaar יהוה, “dat hierdie huis ’n verlatenheid sal word,”’”
6 For this is what the LORD says concerning the house of the king of Judah: You are like Gilead to Me, or the summit of Lebanon, but I will certainly turn you into a wilderness, uninhabited cities.
6 want so sê יהוה aangaande die huis van die koning van Y’hudah: “Jy is soos Gil’ad vir My, soos die top van L’vanon. Tog sal Ek jou sekerlik maak soos ’n wildernis, stede wat nie bewoon word nie!
7 I will appoint destroyers against you, each with his weapons. They will cut down the choicest of your cedars and throw them into the fire.
7 Ek sal verwoesters teen jou afsonder, elkeen met sy wapens en hulle sal jou keur seders afkap en in die vuur gooi.
8 “Many nations will pass by this city and ask one another, ‘Why did the LORD do such a thing to this great city? ’
8 Baie nasies sal by hierdie stad verbygaan en die een aan die ander vra: ‘Waarom het יהוה so gedoen
aan hierdie groot stad?’
9 They will answer, ‘Because they abandoned the covenant of Yahweh their God and worshiped and served other gods.’ ”
9 Dan sal hulle antwoord: ‘Omdat hulle die verbond van יהוה, hulle God, verlaat het en voor ander gode neergebuig en dié gedien het.’”
10 Do not weep for the dead; do not mourn for him. Weep bitterly for the one who has gone away, for he will never return again and see his native land.
10 Moenie huil of rou oor die wat dood is nie, maar huil aanhoudend vir die een wat weggaan, want hy sal nie weer terugkom of die land van sy geboorte sien nie,
11 For this is what the LORD says concerning Shallum son of Josiah, king of Judah, who became king in place of his father Josiah: “He has left this place — he will never return here again,
11 want so sê יהוה aangaande Shallum, die seun van Yoshiyahu, koning van Y’hudah, wat in die plek van sy vader Yoshiyahu koning geword het, wat uit hierdie plek uitgegaan het: “Hy sal nooit hierheen terugkom nie,
12 but he will die in the place where they deported him, never seeing this land again.”
12 maar in die plek waarheen hulle hom as gevangene weggevoer het, daar sal hy sterf en nie hierdie land weer sien nie.
13 Woe for the one who builds his palace through unrighteousness, his upper rooms through injustice, who makes his fellow man serve without pay and will not give him his wages,
13 Wee hom wat sy huis bou sonder onpartydige opregtheid en sy boonste kamers sonder regverdige oordeel; wat sy naaste se dienste gebruik sonder betaling en nie vir hom sy loon gee nie;
14 who says, “I will build myself a massive palace, with spacious upper

rooms." He will cut windows in it, and it will be paneled with cedar and painted with vermilion.
14 wat sê: 'Ek sal vir my 'n groot huis bou met ruim bokamers en sy vensters uitsny; dit met sederhout panele bedek en helder rooi verf.'
15 Are you a king because you excel in cedar? Didn't your father eat and drink and administer justice and righteousness? Then it went well with him.
15 Word jy 'n koning omdat jy wedywer in sederhout? Het jou vader nie geëet en gedrink en regverdig geoordeel en onpartydig opreg gehandel nie? Toe het dit goed met hom gegaan.
16 He took up the case of the poor and needy, then it went well. Is this not what it means to know Me? This is the LORD's declaration.
16 Hy het die saak van die geteisterde en behoeftige regverdig hanteer; toe het dit goed gegaan. Is dit nie wat dit beteken om My te ken nie?" verklaar יהוה.
17 But you have eyes and a heart for nothing except your own dishonest profit, shedding innocent blood and committing extortion and oppression.
17 "Jou oë en jou verstand, wil en emosie is egter net op jou eie onregverdige wins en op die vergieting van onskuldige bloed en op die praktisering van onderdrukking en afpersing."
18 Therefore, this is what the LORD says concerning Jehoiakim son of Josiah, king of Judah: They will not mourn for him, saying, "Woe, my brother! " or "Woe, my sister! " They will not mourn for him, saying, "Woe, lord! Woe, his majesty! "
18 יהוה sê daarom aangaande Y'hoyakim, die seun van Yoshiyahu, koning van Y'hudah: "Hulle sal nie oor hom rou nie: 'Ag, my broer!' of 'ag, suster!' nie. Hulle sal nie oor hom rou nie: 'Ag, vir die meester!' of 'ag, vir sy majesteit!' nie.
19 He will be buried like a donkey, dragged off and thrown outside the gates of Jerusalem.
19 Hy sal met 'n donkiebegrafnis begrawe word, weggesleep en uitgegooi anderkant die poorte van Yerushalayim.
20 Go up to Lebanon and cry out; raise your voice in Bashan; cry out from Abarim, for all your lovers have been crushed.
20 Gaan op na L'vanon en roep uit, lig jou stem op in Bashan; roep ook uit vanaf `Avarim, want al jou minnaars is vergruis.
21 I spoke to you when you were secure. You said, "I will not listen." This has been your way since youth; indeed, you have never listened to Me.
21 Ek het met jou gepraat in jou voorspoed, maar jy het gesê: 'Ek sal nie luister nie.' Dit is wat jy gedoen het van jou jeug af dat jy nie My stem gehoorsaam het nie.
22 The wind will take charge of all your shepherds, and your lovers will go into captivity. Then you will be ashamed and humiliated because of all your evil.
22 Die wind sal al jou herders wegwaai en jou minnaars sal in gevangeskap

gaan; dan sal jy beskaamd en vernederd staan weens al jou boosheid.
23 You residents of Lebanon, nestled among the cedars, how you will groan when labor pains come on you, agony like a woman in labor.
23 Jy wat bly in L'vanon, nes gemaak het in die seders; hoe sal jy kreun as steekpyne oor jou kom, pyn soos 'n vrou wat geboorte gee!
24 "As I live," says the LORD, "though you, Coniah son of Jehoiakim, the king of Judah, were a signet ring on My right hand, I would tear you from it.
24 So waar as wat Ek leef," verklaar יהוה, "alhoewel Y'koniyahu, die seun van Y'hoyakim, koning van Y'hudah, 'n seëlring aan My regterhand was, nogtans sal Ek jou afruk
25 In fact, I will hand you over to those you dread, who want to take your life, to Nebuchadnezzar king of Babylon and the Chaldeans.
25 en Ek sal jou oorgee in die hand van hulle wat jou lewe soek en in die hand van hulle vir wie jy bang is, in die hand van N'vukhadnetzar, koning van Bavel en in die hand van die Kasdeërs.
26 I will hurl you and the mother who gave birth to you into another land, where neither of you were born, and there you will both die.
26 Ek sal jou en jou moeder wat aan jou geboorte gegee het, wegslinger na 'n ander land waar julle nie gebore is nie en daar sal julle sterf,
27 They will never return to the land they long to return to."
27 maar na die land waarheen hulle begeer om terug te kom, daarheen sal hulle nie terugkeer nie.
28 Is this man Coniah a despised, shattered pot, a jar no one wants? Why are he and his descendants hurled out and cast into a land they have not known?
28 Is hierdie man, Koniyahu, 'n veragte, verbrokkelde houer, of is hy 'n onbegeerlike voorwerp? Waarom is hy en sy geslag weggeslinger en weggegooi na 'n land wat hulle nie geken het nie?"
29 Earth, earth, earth, hear the word of the LORD!
29 O Land, land, land, hoor, luister en doen die woord van יהוה!
30 This is what the LORD says: Record this man as childless, a man who will not be successful in his lifetime. None of his descendants will succeed in sitting on the throne of David or ruling again in Judah.
30 So sê יהוה: "Skryf hierdie man op as kinderloos, 'n man wat nie voorspoedig sal wees in sy dae nie, want niemand van sy nageslag sal voorspoedig wees en sit op die troon van Dawid of heers oor Y'hudah nie."

Jeremiah 23

1 "Woe to the shepherds who destroy and scatter the sheep of My pasture! " This is the LORD's declaration.
1 "Wee die herders wat die skape van My weiding vernietig en verstrooi," verklaar יהוה;
2 "Therefore, this is what the LORD, the God of Israel, says about the

shepherds who shepherd My people: You have scattered My flock, banished them, and have not attended to them. I will attend to you because of your evil acts" — this is the LORD's declaration.

2 daarom, sê יהוה, God van Yisra'el, aangaande die herders wat Sy volk oppas: "Júlle het My skape verstrooi en hulle weggedryf en nie aandag aan hulle gegee nie; let op, Ek is op die punt om aandag aan julle te gee vir die boosheid van julle dade," verklaar יהוה.

3 "I will gather the remnant of My flock from all the lands where I have banished them, and I will return them to their grazing land. They will become fruitful and numerous.

3 "Dan sal Ek self die wat oorbly van My skape versamel vanuit al die lande waarheen Ek hulle verdryf het en hulle terugbring na hulle weiveld en hulle sal vrugbaar wees en vermenigvuldig.

4 I will raise up shepherds over them who will shepherd them. They will no longer be afraid or dismayed, nor will any be missing." This is the LORD's declaration.

4 Ek sal ook herders oor hulle opwek wat hulle sal versorg en hulle sal nie meer bang of beangs wees en geen een sal vermis word nie," verklaar יהוה.

5 "The days are coming" — this is the LORD's declaration — "when I will raise up a Righteous Branch of David. He will reign wisely as king and administer justice and righteousness in the land.

5 "Let op, daar kom dae," verklaar יהוה, "wanneer Ek vir Dawid 'n Onpartydige en Opregte Spruit sal opwek en Hy sal as Koning regeer en wys optree en regverdig oordeel en onpartydige opregtheid doen in die land.

6 In His days Judah will be saved, and Israel will dwell securely. This is what He will be named: Yahweh Our Righteousness.

6 In Sy dae sal Y'hudah gered word en Yisra'el veilig woon en dít is Sy Naam (Karakter en Outoriteit) waarmee Hy genoem sal word: 'יהוה-Tzidkenu' [יהוה, ons Onpartydige opregtheid.]

7 "The days are coming" — the LORD's declaration — "when it will no longer be said, 'As the LORD lives who brought the Israelites from the land of Egypt,'

7 Let daarom op, daar kom dae," verklaar יהוה, "wanneer hulle nie langer sal sê: 'So waar as יהוה leef wat die seuns van Yisra'el uit Mitzrayim uitgebring het,' nie,

8 but, 'As the LORD lives, who brought and led the descendants of the house of Israel from the land of the
north and from all the other countries where I had banished them.' They will dwell once more in their
own land."

8 maar: 'So waar as יהוה leef wat die nageslag van die huis van Yisra'el van

die land in die noorde gebring en terug gelei het en uit al die lande waarheen Ek hulle verdryf het.' Dan sal hulle op hul eie grond leef."
9 Concerning the prophets: My heart is broken within me, and all my bones tremble. I have become like a drunkard, like a man overcome by wine, because of the LORD, because of His holy words.
9 Wat die profete betref: my binneste is gebreek, al my bene bewe binne my; ek het soos 'n dronk man geword, soos 'n man deur wyn oorweldig, vanweë הוהי en Sy afgesonderde woorde,
10 For the land is full of adulterers; the land mourns because of the curse, and the grazing lands in the wilderness have dried up. Their way of life has become evil, and their power is not rightly used
10 want die land is vol owerspelers, want die land treur weens die vloek. Die weivelde van die wildernis het opgedroog en hulle het swak voortgebring en hulle was nie voorspoedig nie,
11 because both prophet and priest are ungodly, even in My house I have found their evil. This is the LORD's declaration.
11 want beide profeet en priester is besoedel. "Selfs in My huis het Ek hulle boosheid gevind," verklaar הוהי.
12 Therefore, their way will be to them like slippery paths in the gloom. They will be driven away and fall down there, for I will bring disaster on them, the year of their punishment. This is the LORD's declaration.
12 "Hulle pad sal daarom vir hulle soos glibberige plekke wees in die duisternis; hulle sal weggedryf word en daarin neerval, want Ek sal katastrofes oor hulle bring, die jaar van hulle straf," verklaar הוהי.
13 Among the prophets of Samaria I saw something disgusting: They prophesied by Baal and led My people Israel astray.
13 "Meer nog, Ek het onder die profete van Shomron 'n afstootlike ding gesien: hulle profeteer deur Ba'al en lei My volk Yisra'el op 'n dwaalspoor.
14 Among the prophets of Jerusalem also I saw a horrible thing: They commit adultery and walk in lies. They strengthen the hands of evildoers, and none turns his back on evil. They are all like Sodom to Me; Jerusalem's residents are like Gomorrah.
14 Ek het ook onder die profete van Yerushalayim 'n verskriklike ding gesien: die pleeg van owerspel en loop in valsheid en hulle versterk die hande van boosdoeners sodat niemand terugdraai van sy boosheid af nie. Hulle het almal vir My geword soos S'dom en haar inwoners soos `Amora;"
15 Therefore, this is what the LORD of Hosts says concerning the prophets: I am about to feed them
wormwood and give them poisoned water to drink, for from the prophets of Jerusalem ungodliness has spread throughout the land.
15 daarom, so sê הוהי-Tzva'ot aangaande die profete: "Let op, Ek gaan vir hulle wildeals voer en hulle giftige water laat drink, want van die profete van Yerushalayim af het besoedeling uitgegaan in die hele land in."

16 This is what the LORD of Hosts says: "Do not listen to the words of the prophets who prophesy to you. They are making you worthless. They speak visions from their own minds, not from the LORD's mouth.

16 So sê יהוה-Tzva'ot: "Moenie luister na die woorde van die profete wat vir julle profeteer nie. Hulle lei julle in nutteloosheid in; hulle praat visioene vanuit hulle eie verbeelding, nie uit die mond van יהוה nie.

17 They keep on saying to those who despise Me, 'The LORD has said: You will have peace.' They have said to everyone who follows the stubbornness of his heart, 'No harm will come to you.' "

17 Hulle sê gedurig aan dié wat My verag: 'יהוה het gesê: "Julle sal vrede hê."' Vir elkeen wat in die hardkoppigheid van sy eie verstand, wil en emosie loop, sê hulle: 'Katastrofes sal nie oor julle kom nie.'"

18 For who has stood in the council of the LORD to see and hear His word? Who has paid attention to His word and obeyed?

18 Wie het in die raad van יהוה gestaan sodat hy Sy woord sou sien en hoor? Wie het aandag gegee aan Sy woord en geluister?

19 Look, a storm from the LORD! Wrath has gone out, a whirling storm. It will whirl about the heads of the wicked.

19 Let op, die storm van יהוה het in toorn uitgegaan, 'n draaikolk! Dit sal afswaai op die kop van die bose oortreders.

20 The LORD's anger will not turn back until He has completely fulfilled the purposes of His heart. In time to come you will understand it clearly.

20 Die woede van יהוה sal nie terugdraai totdat Hy Sy doel en die planne van Sy wil uitgevoer het nie; in die laaste dae sal julle dit duidelik verstaan.

21 I did not send these prophets, yet they ran with a message. I did not speak to them, yet they prophesied.

21 "Ek het die profete nie gestuur nie, maar hulle hardloop; Ek het nie met hulle gepraat nie, maar hulle het profeteer,

22 If they had really stood in My council, they would have enabled My people to hear My words and would have turned them back from their evil ways and their evil deeds.

22 maar as hulle in My raad gestaan het, sou hulle My woorde aan My volk aangekondig het en hulle teruggedraai het van hul bose pad en van die boosheid van hulle dade.

23 "Am I a God who is only near" — this is the LORD's declaration — "and not a God who is far away?

23 Ek is 'n God wat naby is," verklaar יהוה, "en nie 'n God wat ver is nie.

24 Can a man hide himself in secret places where I cannot see him? " — the LORD's declaration. "Do I not fill the heavens and the earth? " — the LORD's declaration.

24 Kan 'n man homself in wegsteekplekke wegsteek dat Ek hom nie sien nie?" verklaar יהוה. "Maak Ek nie die hemel en die aarde vol nie?" verklaar

יהוה.
25 “I have heard what the prophets who prophesy a lie in My name have said, ‘I had a dream! I had a dream!’
25 “Ek het gehoor wat die profete gesê het wat valslik in My Naam (Karakter en Outoriteit) profeteer en sê: ‘Ek het ’n droom gehad, ek het ’n droom gehad!’
26 How long will this continue in the minds of the prophets prophesying lies, prophets of the deceit of their own minds?
26 Hoe lank al is daar iets in die verstand, wil en emosie van die profete wat valsheid profeteer, profete van die misleiding van hulle eie verstand, wil en emosie,
27 Through their dreams that they tell one another, they plan to cause My people to forget My name as their fathers forgot My name through Baal worship.
27 wat beplan om My volk My Naam (Karakter en Outoriteit) te laat vergeet deur hulle drome wat hulle vir mekaar vertel, net soos hulle vaders My Naam (Karakter en Outoriteit) vergeet het as gevolg van Ba’al?
28 The prophet who has only a dream should recount the dream, but the one who has My word should speak My word truthfully, for what is straw compared to grain? ” — this is the LORD’s declaration.
28 Die profeet wat ’n droom het, kan sy droom vertel, maar laat hom wat My woord het, My woord in waarheid praat. Hoekom meng jy kaf met die koring?” verklaar יהוה.
29 “Is not My word like fire” — this is the LORD’s declaration — “and like a hammer that pulverizes rock?
29 “Is My woord nie soos vuur en soos ’n hamer wat ’n rots vergruis nie?” verklaar יהוה.
30 Therefore, take note! I am against the prophets” — the LORD’s declaration — “who steal My words from each other.
30 “Let daarom op, Ek is teen die profete,” verklaar יהוה, “wat My woorde by mekaar steel.
31 I am against the prophets” — the LORD’s declaration — “who use their own tongues to make a declaration.
31 Let op, Ek is teen die profete,” verklaar יהוה, “wat hulle eie tong gebruik en sê: ‘יהוה verklaar!’
32 I am against those who prophesy false dreams” — the LORD’s declaration — “telling them and leading My people astray with their falsehoods and their boasting. It was not I who sent or commanded them, and they are of no benefit at all to these people” — this is the LORD’s declaration.
32 Let op, Ek is teen hulle wat valse drome profeteer,” verklaar יהוה, “en dit vertel en My volk verlei deur hulle valshede en hulle waaghalsige grootpratery; tog het Ek hulle nie gestuur of beveel nie en ook het hulle vir

hierdie volk nie die minste voordeel gebring nie," verklaar יהוה.
33 "Now when these people or a prophet or a priest asks you, 'What is the burden of the LORD? ' you will respond to them: What is the burden? I will throw you away" — this is the LORD's declaration.
33 "Wanneer hierdie volk, of die profeet, of 'n priester jou vra en sê: 'Wat is die geestesopenbaring van יהוה?' Dan moet jy vir hulle sê: 'Watter geestesopenbaring?' יהוה verklaar: 'Ek sal julle alleen los.'
34 "As for the prophet, priest, or people who say, 'The burden of the LORD,' I will punish that man and his household.
34 Wat die profeet of die priester betref of die volk wat sê: 'Die geestesopenbaring van יהוה,' Ek sal straf bring oor daardie man en oor sy huishouding.
35 This is what each man is to say to his friend and to his brother, 'What has the LORD answered?' or 'What has the LORD spoken?'
35 So moet elkeen van julle vir sy naaste en elkeen vir sy broer sê: 'Wat het יהוה geantwoord?' of 'wat het יהוה gepraat?',"
36 But no longer refer to the burden of the LORD, for each man's word becomes his burden and you pervert the words of the living God, the LORD of Hosts, our God.
36 want julle sal nie meer die geestesopenbaring van יהוה onthou nie omdat elke man se woord geestesopenbaring sal word en julle die boodskappe van die lewende God, van יהוה-Tzva'ot, ons God, verdraai het.
37 You must say to the prophet: What has the LORD answered you? and What has the LORD spoken?
37 So moet jy vir daardie profeet sê: 'Wat het יהוה jou geantwoord?' en 'wat het יהוה gesê?'
38 But if you say, 'The burden of the LORD,' then this is what the LORD says: Because you have said, 'The
burden of the LORD,' and I specifically told you not to say, 'The burden of the LORD,'
38 As julle sê: 'Die geestesopenbaring van יהוה!' Sekerlik, so sê יהוה: 'Omdat julle hierdie woord gesê het: "Die geestesopenbaring van יהוה!" het Ek ook na julle gestuur met die woorde: 'Julle mag nie sê: "Die geestesopenbaring van יהוה" nie;'
39 I will surely forget you and throw away from My presence both you and the city that I gave you and your fathers.
39 daarom, let op, Ek sal julle sekerlik vergeet en julle wegstamp van My Teenwoordigheid af, saam met die stad wat Ek vir julle en julle vaders gegee het.
40 I will bring on you everlasting shame and humiliation that will never be

forgotten.”
40 Ek sal ’n ewige smaad op julle lê en ’n ewige vernedering wat nie vergeet sal word nie.”

Jeremiah 24

1 After Nebuchadnezzar king of Babylon had deported Jeconiah son of Jehoiakim king of Judah, the officials of Judah, and the craftsmen and metalsmiths from Jerusalem and had brought them to Babylon, the L**ORD** showed me two baskets of figs placed before the temple of the L**ORD**.
10 As for you, My servant Jacob, do not be afraid — this is the L**ORD**'s declaration — and do not be dismayed, Israel, for without fail I will save you from far away, your descendants, from the land of their captivity! Jacob will return and have calm and quiet with no one to frighten him.
10 Wees nie bevrees nie, o Ya'akov My kneg,' verklaar יהוה 'en moenie mismoedig wees nie, o Yisra'el, want let op, Ek sal jou red daar ver en jou nageslag uit die land van hulle gevangeskap en Ya'akov sal terugkom en stil en rustig wees en niemand sal hom bang maak nie,
11 For I will be with you — this is the L**ORD**'s declaration — to save you! I will bring destruction on all the nations where I have scattered you; however, I will not bring destruction on you. I will discipline you justly, and I will by no means leave you unpunished.
11 want Ek is by jou,' verklaar יהוה, 'om jou te red, want Ek sal al die nasies waarheen Ek jou verstrooi het volkome vernietig, maar vir jou sal Ek nie volkome vernietig nie, maar Ek sal jou regverdiglik tugtig en jou onder geen omstandighede ongestraf laat bly nie,'
12 For this is what the L**ORD** says: Your injury is incurable; your wound most severe.
12 want so sê יהוה: 'Jou wond is ongeneeslik en jou besering ernstig.
13 No one takes up the case for your sores. There is no healing for you.
13 Daar is niemand om jou saak te pleit nie; geen genesing vir jou seer nie, geen herstel vir jou nie.

14 All your lovers have forgotten you; they no longer look for you, for I have struck you as an enemy would, with the discipline of someone cruel, because of your enormous guilt and your innumerable sins.
14 Al jou minnaars het jou vergeet, hulle vra nie na jou nie, want Ek het jou verwond met die wond van ’n vyand, met ’n wrede straf omdat jou oortredinge groot is en jou sondes baie.
15 Why do you cry out about your injury? Your pain has no cure! I have done these things to you because of your enormous guilt and your innumerable sins.
15 Waarom roep jy uit oor jou wond? Jou wond is pynlik omdat jou oortredinge groot is en omdat jou sondes vermeerder het, het Ek hierdie dinge aan jou gedoen;
16 Nevertheless, all who devoured you will be devoured, and all your adversaries — all of them — will go off into exile. Those who plunder you will be plundered, and all who raid you will be raided.
16 daarom, almal wat jou opeet, sal opgeëet word en al jou teëstanders, elke een van hulle, sal in gevangeskap gaan en hulle wat jou plunder, sal geplunder word en Ek sal almal wat jou jag, oorgee as ’n prooi,
17 But I will bring you health and will heal you of your wounds — this is the L**ORD**’s declaration — for they call you Outcast, Zion whom no one cares about.
17 want Ek sal jou tot gesondheid herstel en jou genees van jou wonde,’ verklaar יהוה, ‘omdat hulle jou ’n uitgeworpene genoem het en sê: “Dit is Tziyon, niemand gee om vir haar nie.’”
18 This is what the L**ORD** says: I will certainly restore the fortunes of Jacob’s tents and show compassion on his dwellings. Every city will be rebuilt on its mound; every citadel will stand on its proper site.
18 So sê יהוה: ‘Let op, Ek sal die voorspoed van die tente van Ya’akov herstel en My oor sy blyplekke ontferm en die stad sal op sy puinhoop herbou word en die paleis sal op sy regte plek staan.
19 Thanksgiving will come out of them, a sound of celebration. I will multiply them, and they will not decrease; I will honor them, and they will not be insignificant.
19 Vanuit hulle sal danksegging en die stem van hulle wat feesvier uitgaan en Ek sal hulle vermenigvuldig en hulle sal nie verminder nie; Ek sal hulle ook eer en hulle sal nie gering wees nie.
20 His children will be as in past days; his congregation will be established in My presence. I will punish all his oppressors.
20 Hulle seuns sal ook wees soos vroeër en hulle bymekaarkoms sal voor My vasgestel wees en Ek sal al hulle onderdrukkers straf.
21 Jacob’s leader will be one of them; his ruler will issue from him. I will invite him to Me, and he will approach Me, for who would otherwise risk his life to approach Me? This is the L**ORD**’s declaration.
21 Hulle leier sal een van hulle wees en hulle heerser sal uit hul midde kom

en Ek sal hom nader bring en hy sal nader kom na My toe, want wie sal sy lewe waag om nader te kom na My toe?’ verklaar יהוה.
22 You will be My people, and I will be your God.
22 ‘Julle sal My volk wees en Ek sal julle God wees.’”
23 Look, a storm from the LORD! Wrath has gone out, a churning storm. It will whirl about the heads of the wicked.
23 Let op, die storm van יהוה! Toorn het uitgegaan, ’n kolkende storm! Dit sal oor die koppe van die bose oortreders losbreek.
24 The LORD’s burning anger will not turn back until He has completely fulfilled the purposes of His heart. In time to come you will understand it.
24 Die ernstige woede van יהוה sal nie terugdraai nie totdat Hy die beplanning van Sy denke uitgevoer en voltooi het; in die laaste dae sal julle dit verstaan.

Jeremiah 31

1 “At that time” — this is the LORD’s declaration — “I will be the God of all the families of Israel, and they will be My people.”
1 “In daardie tyd,” verklaar יהוה, “sal Ek die God wees van al die families van Yisra’el en hulle sal My volk wees.”
2 This is what the LORD says: They found favor in the wilderness — the people who survived the sword. When Israel went to find rest,
2 So sê יהוה: “Die mense wat die swaard oorleef het, het onverdiende guns gevind in die wildernis toe Yisra’el gegaan het om sy rus te vind.”
3 the LORD appeared to him from far away. I have loved you with an everlasting love; therefore, I have continued to extend faithful love to you.
3 יהוה het van ver af aan hom verskyn: “Ek het jou liefgehad met ’n ewige liefde; daarom het Ek jou nader getrek met liefdevolle goedheid.
4 Again I will build you so that you will be rebuilt, Virgin Israel. You will take up your tambourines again and go out in joyful dancing.
4 Ek sal jou weer bou en jy sal herbou wees, o maagd van Yisra’el! Jy sal weer jou tamboeryne optel en gaan na die danse van die feesvierders.
5 You will plant vineyards again on the mountains of Samaria; the planters will plant and will enjoy the fruit.
5 Jy sal weer wingerde plant op die heuwels van Shomron; die planters sal plant en hulle geniet,
6 For there will be a day when watchmen will call out in the hill country of Ephraim, “Get up, let’s go up to Zion, to Yahweh our God! ”
6 want die dag sal kom wanneer die wagters op die heuwels van Efrayim uitroep: ‘Staan op en laat ons opgaan na Tziyon, na יהוה, ons God,’”
7 For this is what the LORD says: Sing with joy for Jacob; shout for the chief of the nations! Proclaim, praise, and say, “LORD, save Your people, the

remnant of Israel! ”

7 want so sê יהוה: “Sing hardop uit vreugde vir Ya'akov en roep uit oor die hoofde van die nasies; verkondig dit, sing lofprysing en sê: 'O יהוה, red U volk, wat oorgebly het van Yisra'el.'

8 Watch! I am going to bring them from the northern land. I will gather them from remote regions of the earth — the blind and the lame will be with them, along with those who are pregnant and those about to give birth. They will return here as a great assembly!

8 Let op, Ek bring hulle vanuit die noordelike land en Ek sal hulle bymekaar maak vanaf die afgeleeë dele van die aarde; tussen hulle die blindes, die lammes, die vroue wat swanger is en die wat in kraam is, almal saam; as 'n groot vergadering sal hulle hierheen terugkom.

9 They will come weeping, but I will bring them back with consolation. I will lead them to wadis filled with water by a smooth way where they will not stumble, for I am Israel's Father, and Ephraim is My firstborn.

9 Hulle sal met gehuil en met smekinge kom. Ek sal hulle lei; Ek sal hulle op paaie met water laat loop, op 'n gelyk pad waarop hulle nie sal struikel nie, want Ek is 'n Vader vir Yisra'el en Efrayim is My eersgeborene.”

10 Nations, hear the word of the LORD, and tell it among the far off coastlands! Say: The One who scattered Israel will gather him. He will watch over him as a shepherd guards his flock,

10 Luister en hoor die woord van יהוה, o nasies en verkondig in die kuslande wat ver is en sê: “Hy wat Yisra'el verstrooi het, sal hom bymekaarmaak en hom bewaak soos 'n herder sy kudde bewaak,”

11 for the LORD has ransomed Jacob and redeemed him from the power of one stronger than he.

11 want יהוה het Ya'akov losgekoop en hom bevry uit die hand van hom wat sterker was as hy.

12 They will come and shout for joy on the heights of Zion; they will be radiant with joy because of the LORD's goodness, because of the grain, the new wine, the fresh oil, and because of the young of the flocks and herds. Their life will be like an irrigated garden, and they will no longer grow weak from hunger.

12 Hulle sal kom en uitroep van vreugde op die hoogte van Tziyon en stralend wees oor die buit van יהוה, oor die graan en die nuwe wyn en die olie en oor die jong skape en beeste en hulle lewe sal soos 'n natgemaakte tuin wees en hulle sal nooit weer wegkwyn nie.

13 Then the young woman will rejoice with dancing, while young and old men rejoice together. I will turn their mourning into joy, give them consolation, and bring happiness out of grief.

13 Dan sal die maagd haar verheug in die dans en die jongmanne en die oues saam, want Ek sal hulle rou in vreugde verander en hulle troos en vir hulle blydskap gee vir hulle smart.

14 I will refresh the priests with an abundance, and My people will be satisfied with My goodness. This is the L**ORD**'s declaration.
14 Ek sal die lewe van die priesters vol maak met oorvloed en My volk sal versadig wees met My goedheid," verklaar הוהי.
15 This is what the L**ORD** says: A voice was heard in Ramah, a lament with bitter weeping — Rachel weeping for her children, refusing to be comforted for her children because they are no more.
15 So sê הוהי: "'n Stem word gehoor in Ramah, 'n gekerm en bitter gehuil; Ragel huil oor haar kinders; sy weier om getroos te word oor haar kinders, want hulle is nie meer nie."
16 This is what the L**ORD** says: Keep your voice from weeping and your eyes from tears, for the reward for your work will come — this is the L**ORD**'s declaration — and your children will return from the enemy's land.
16 So sê הוהי: "Bedwing jou stem van huil en jou oë van trane, want jou werk sal beloon word," verklaar הוהי; "hulle sal terugkom uit die land van die vyand.
17 There is hope for your future — this is the L**ORD**'s declaration — and your children will return to their own territory.
17 Daar is versekerde verwagting vir jou toekoms," verklaar הוהי; "en die seuns sal terugkom na hulle eie grondgebied.
18 I have heard Ephraim moaning, "You disciplined me, and I have been disciplined like an untrained calf. Restore me, and I will return, for you, L**ORD**, are my God.
18 Ek het sekerlik vir Efrayim hoor kla: 'U het my getugtig en ek is getugtig soos 'n ongeleerde kalf. Laat my terugkom sodat ek herstel kan word, want U is הוהי, my God,
19 After I returned, I repented; After I was instructed, I struck my thigh in grief. I was ashamed and humiliated because I bore the disgrace of my youth."
19 want nadat ek teruggedraai het, het ek berou en erken en nadat ek geleer is, het ek op my heup geslaan; ek was beskaamd en ook verneder omdat ek die smaad van my jeug gedra het.'
20 Isn't Ephraim a precious son to Me, a delightful child? Whenever I speak against him, I certainly still think about him. Therefore, My inner being yearns for him; I will truly have compassion on him. This is the L**ORD**'s declaration.
20 Is Efrayim My dierbare seun? Is hy 'n genotvolle kind? Inderdaad, so dikwels as wat Ek teen hom gepraat het, onthou Ek hom steeds; daarom verlang My binneste na hom; Ek sal My sekerlik oor hom ontferm," verklaar הוהי.
21 Set up road markers for yourself; establish signposts! Keep the highway in mind, the way you have traveled. Return, Virgin Israel! Return to these cities of yours.

21 Rig vir jouself padtekens op, sit vir jouself padwysers neer; rig jou gedagtes op die hoofpad, die pad waarop jy gegaan het. Kom terug, o maagd van Yisra'el, kom terug na hierdie, jou stede!
22 How long will you turn here and there, faithless daughter? For the LORD creates something new in the land — a female will shelter a man.
22 Hoe lank sal jy heen en weer gaan, o trouelose dogter? Want הוהי het iets nuuts op die aarde geskep: die vrou sal haar man liefhê."
23 This is what the LORD of Hosts, the God of Israel, says: "When I restore their fortunes, they will once again speak this word in the land of Judah and in its cities, 'May the LORD bless you, righteous settlement, holy mountain.'
23 So sê הוהי-Tzva'ot, die God van Yisra'el: "Weereens sal hulle hierdie woord sê in die land van Y'hudah en in sy stede, wanneer Ek hulle welvaart verander: 'הוהי seën jou, o blyplek van onpartydige opregtheid, o afgesonderde heuwel!'
24 Judah and all its cities will live in it together — also farmers and those who move with the flocks —
24 Y'hudah en al sy stede sal saam daarin bly, die landbouers en die wat met troppe rondgaan,
25 for I satisfy the thirsty person and feed all those who are weak."
25 want Ek versadig die vermoeide een en verfris elkeen wat wegkwyn."
26 At this I awoke and looked around. My sleep had been most pleasant to me.
26 Hiermee het ek wakker geword en opgelet, my slaap was vir my aangenaam.
27 "The days are coming" — this is the LORD's declaration — "when I will sow the house of Israel and the house of Judah with the seed of man and the seed of beast.
27 "Let op, daar kom dae," verklaar הוהי, "wanneer Ek die huis van Yisra'el en die huis van Y'hudah sal besaai met die saad van mense en van diere.
28 Just as I watched over them to uproot and to tear them down, to demolish and to destroy, and to cause disaster, so will I be attentive to build and to plant them," says the LORD.
28 Soos Ek oor hulle gewaak het om uit te ruk, af te breek en om te gooi, te vernietig en skade aan te doen, so sal Ek oor hulle waak om te bou en te plant," verklaar הוהי.
29 "In those days, it will never again be said: The fathers have eaten sour grapes, and the children's teeth are set on edge.
29 "In daardie dae sal hulle nie meer sê: 'Die vaders het suur druiwe geëet en die tande van die seuns het stomp geword,' nie,
30 Rather, each will die for his own wrongdoing. Anyone who eats sour grapes — his own teeth will be set on edge.
30 maar elkeen sal vir sy eie oortredinge sterf; elke mens wat die suur druiwe eet, sy tande sal stomp word.

31 “Look, the days are coming” — this is the LORD’s declaration — “when I will make a new covenant with
the house of Israel and with the house of Judah.

31 Let op, daar kom dae,” verklaar יהוה, “wanneer Ek met die huis van Yisra’el en die huis van Y’hudah ’n nuwe verbond sal sluit,
32 This one will not be like the covenant I made with their ancestors when I took them by the hand to bring them out of the land of Egypt — a covenant they broke even though I had married them” — the LORD’s declaration.
32 nie soos die verbond wat Ek met hulle vaders gesluit het op dié dag toe Ek hulle aan die hand gevat het om hulle uit die land van Mitzrayim uit te bring nie; My verbond wat húlle verbreek het, alhoewel Ék Meester oor hulle was,” verklaar יהוה.
33 “Instead, this is the covenant I will make with the house of Israel after those days” — the LORD’s declaration. “I will put My teaching within them and write it on their hearts. I will be their God, and they will be My people.
33 Hierdie is egter die verbond wat Ek ná daardie dae met die huis van Yisra’el sal sluit,” verklaar יהוה: “Ek sal My wet binne-in hulle sit en dit op hulle verstand, wil en emosie skryf en Ek sal hulle God wees en hulle sal My volk wees.
34 No longer will one teach his neighbor or his brother, saying, ‘Know the LORD,’ for they will all know Me, from the least to the greatest of them” — this is the LORD’s declaration. “For I will forgive their wrongdoing and never again remember their sin.”
34 Hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer nie en sê: ‘Ken יהוה,’ want hulle sal My almal ken, van die kleinste tot die grootste van hulle,” verklaar יהוה, “want Ek sal hulle oortredinge vergewe en hulle sondes nie meer onthou nie.”
35 This is what the LORD says: The One who gives the sun for light by day, the fixed order of moon and stars for light by night, who stirs up the sea and makes its waves roar — Yahweh of Hosts is His name:
35 So sê יהוה wat die son gee vir lig bedags en die vaste orde van die maan en van die sterre vir lig in die nag; wat die see in beroering bring sodat sy golwe dreun; יהוה-Tzva’ot is Sy Naam (Karakter en Outoriteit):
36 If this fixed order departs from My presence — this is the LORD’s declaration — then also Israel’s descendants will cease to be a nation before Me forever.
36 “As hierdie vaste orde vertrek voor My Teenwoordigheid,” verklaar יהוה, “dan sal die nageslag van Yisra’el ook vir altyd ophou om ’n volk in My Teenwoordigheid te wees.”
37 This is what the LORD says: If the heavens above can be measured and the foundations of the earth below explored, I will reject all of Israel’s descendants because of all they have done — this is the LORD’s declaration.

37 So sê הוהי: "As die hemele daarbo gemeet kan word en die fondamente van die aarde bestudeer kan word, dan sal Ek ook die hele nageslag van Yisra'el verwerp vir alles wat hulle gedoen het," verklaar הוהי.
38 "Look, the days are coming" — the LORD's declaration — "when the city from the Tower of Hananel to the Corner Gate will be rebuilt for the LORD.
38 "Let op, daar kom dae," verklaar הוהי, "wanneer die stad vir הוהי herbou sal word, vanaf die toring van Hanan'el af tot by die Hoekpoort.
39 A measuring line will once again stretch out straight to the hill of Gareb and then turn toward Goah.
39 Die meetlyn sal verder reguit aanloop tot by die heuwel Garev; dan sal dit draai na Go'ah toe.
40 The whole valley — the corpses, the ashes, and all the fields as far as the Kidron Valley to the corner of the Horse Gate to the east — will be holy to the LORD. It will never be uprooted or demolished again."
40 Die hele vallei van die dooie liggame en van die as en al die velde so ver as tot by die spruit Kidron, tot by die hoek van die Perdepoort na die oostekant toe, sal afgesonderd wees tot הוהי; dit sal nie weer uitgeruk of omgegooi word tot in ewigheid nie."

Jeremiah 32

1 This is the word that came to Jeremiah from the LORD in the tenth year of Zedekiah king of Judah, which was the eighteenth year of Nebuchadnezzar.
1 Die woord wat van הוהי af tot Yirmeyahu gekom het in die tiende jaar van Tzidkiyahu, koning van Y'hudah, wat die agttiende jaar van N'vukhadnetzar was.
2 At that time, the army of the king of Babylon was besieging Jerusalem, and Jeremiah the prophet was imprisoned in the guard's courtyard in the palace of the king of Judah.
2 In daardie tyd het die leër van die koning van Bavel Yerushalayim beleër en Yirmeyahu, die profeet, was opgesluit in die hof van die wagte, wat in die huis van die koning van Y'hudah is
3 Zedekiah king of Judah had imprisoned him, saying: "Why are you prophesying, 'This is what the LORD says: Look, I am about to hand this city over to Babylon's king, and he will capture it.
3 omdat Tzidkiyahu, koning van Y'hudah, hom opgesluit en gesê het: "Waarom profeteer jy en sê: 'So sê הוהי: "Let op, Ek is op die punt om hierdie stad in die hand van die koning van Bavel te gee en hy sal dit inneem
4 Zedekiah king of Judah will not escape from the Chaldeans; indeed, he will certainly be handed over to Babylon's king. They will speak face to face and meet eye to eye.
4 en Tzidkiyahu, koning van Y'hudah, sal nie uit die hand van die Kasdeërs

ontsnap nie, maar hy sal sekerlik oorgegee word in die hand van die koning van Bavel en hy sal mond tot mond met hom praat en hom oog tot oog sien
5 He will take Zedekiah to Babylon where he will stay until I attend to him' — this is the LORD's declaration. 'You will fight the Chaldeans, but you will not succeed'? "
5 en hy sal Tzidkiyahu na Bavel vat en hy sal daar wees totdat Ek hom besoek," verklaar הוהי. "As julle teen die Kasdeërs veg, sal julle nie suksesvol wees nie.'""
6 Jeremiah replied, "The word of the LORD came to me:
6 Yirmeyahu het gesê: "Die woord van הוהי het tot my gekom en gesê:
7 Watch! Hanamel, the son of your uncle Shallum, is coming to you to say, 'Buy my field in Anathoth for yourself, for you own the right of redemption to buy it.'
7 'Let op, Hanam'el, die seun van Shallum, jou oom, kom na jou toe en sê: "Koop vir jou my stuk grond wat in `Anatot lê, want jy het die reg van loskoping om dit te koop.'"
8 "Then my cousin Hanamel came to the guard's courtyard as the LORD had said and urged me, 'Please buy my field in Anathoth in the land of Benjamin, for you own the right of inheritance and redemption. Buy it for yourself.' Then I knew that this was the word of the LORD.
8 Toe het Hanam'el, die seun van my oom, na my toe gekom volgens die woord van הוהי, in die hof van die wagte en vir my gesê: 'Koop asseblief my stuk grond wat in `Anatot, in die land van Binyamin lê, want jy het die reg van besit en die loskoping is joune; koop dit vir jouself.' Toe het ek geweet dat dit die woord van הוהי was.
9 So I bought the field in Anathoth from my cousin Hanamel, and I weighed out to him the money — 17 shekels of silver.
9 Ek het die grond wat in `Anatot lê van Hanam'el, die seun van my oom, gekoop en vir hom die silwer afgeweeg: sewentien sikkels silwer.
10 I recorded it on a scroll, sealed it, called in witnesses, and weighed out the silver in the scales.
10 Ek het die akte geteken en verseël en getuies ingeroep en die geld afgeweeg op die weegskaal.
11 I took the purchase agreement — the sealed copy with its terms and conditions and the open copy —
11 Toe het ek die koopbrief gevat, beide die verseëlde een wat die terme bevat en die oop een
12 and gave the purchase agreement to Baruch son of Neriah, son of Mahseiah. I did this in the sight of my cousin Hanamel, the witnesses who were signing the purchase agreement, and all the Judeans sitting in the guard's courtyard.
12 en die koopbrief aan Barukh, die seun van Neriyah, die seun van Magseyah, gegee voor die oë van Hanam'el, die seun van my oom en voor die

oë van die getuies wat die koopbrief onderteken het; voor die oë van almal van Y'hudah wat in die hof van die wagte gesit het
13 "I instructed Baruch in their sight,
13 en ek het aan Barukh voor hulle oë beveel en gesê:
14 'This is what the LORD of Hosts, the God of Israel, says: Take these scrolls — this purchase agreement with the sealed copy and this open copy — and put them in an earthen storage jar so they will last a long time.
14 'So sê יהוה-Tzva'ot, die God van Yisra'el: "Neem hierdie aktes, hierdie verseëlde koopbrief en hierdie oop akte en sit hulle in 'n erdepot sodat hulle lank kan hou,"
15 For this is what the LORD of Hosts, the God of Israel, says: Houses, fields, and vineyards will again be bought in this land.'
15 want so sê יהוה-Tzva'ot, die God van Yisra'el: "Huise, lande en wingerde sal weer in hierdie land gekoop word.'"
16 "After I had given the purchase agreement to Baruch, son of Neriah, I prayed to the LORD:
16 Nadat ek die koopbrief aan Barukh, die seun van Neriyah, gegee het, het ek tot יהוה gebid en gesê:
17 Oh, Lord GOD! You Yourself made the heavens and earth by Your great power and with Your outstretched arm. Nothing is too difficult for You!
17 Ag, יהוה-God, let op, U het die hemel en die aarde gemaak deur U groot krag en deur U uitgestrekte arm! Niks is vir U te moeilik nie,
18 You show faithful love to thousands but lay the fathers' sins on their sons' laps after them, great and mighty God whose name is Yahweh of Hosts,
18 U wat liefdevolle goedheid wys aan duisende, maar die oortredinge van die vaders terugbetaal in die skoot van hulle kinders ná hulle; o, groot en magtige God, יהוהTzva'ot is Sy Naam (Karakter en Outoriteit);
19 the One great in counsel and mighty in deed, whose eyes are on all the ways of the sons of men in order to give to each person according to his ways and the result of his deeds.
19 groot van raad en magtig in daad, Wie se oë oop is vir al die lewenswyses van die seuns van die mens, om aan elkeen te gee volgens sy lewenswyse en volgens die vrug van sy dade;
20 You performed signs and wonders in the land of Egypt and do so to this very day both in Israel and among mankind. You made a name for Yourself, as is the case today.
20 wat tekens en wonders gedoen het in Mitzrayim en tot vandag toe in beide Yisra'el en onder die mense en vir U 'n Naam gemaak het soos dit vandag is.
21 You brought Your people Israel out of Egypt with signs and wonders, with a strong hand and an outstretched arm, and with great terror.
21 U het U volk Yisra'el uit die land van Mitzrayim gebring met tekens en met wonders en met 'n sterke hand en 'n uitgestrekte arm en met groot verskrikking

22 You gave them this land You swore to give to their ancestors, a land flowing with milk and honey.
22 en aan hulle hierdie land gegee wat U hul vaders met ’n eed beloof het om vir hulle te gee, ’n land wat vloei met melk en heuning.
23 They entered and possessed it, but they did not obey Your voice or live according to Your instructions. They failed to perform all You commanded them to do, and so You have brought all this disaster on them.
23 Hulle het gekom en dit in besit geneem, maar nie U stem gehoorsaam of in U wet geloop nie; hulle het absoluut niks gedoen wat U hulle beveel het om te doen nie; daarom het U al hierdie katastrofes oor hulle laat kom.
24 Look! Siege ramps have come against the city to capture it, and the city, as a result of the sword, famine, and plague, has been handed over to the Chaldeans who are fighting against it. What You have spoken has happened. Look, You can see it!
24 Let op, die beleëringswalle het gekom tot by die stad, om dit in te neem en die stad is oorgegee in die hand van die Kasdeërs wat daarteen veg, vanweë die swaard, die hongersnood en die pes en wat U gesê het, het gebeur en let op, U sien dit!
25 Yet You, Lord GOD, have said to me: Buy the field with silver and call in witnesses — even though the city has been handed over to the Chaldeans! ”
25 U, יהוה-God, het vir my gesê: “Koop vir jouself die stuk grond met geld en roep getuies in,” alhoewel die stad in die hand van die Kasdeërs gegee is!’”
26 Then the word of the LORD came to Jeremiah:
26 Toe het die woord van יהוה tot Yirmeyahu gekom en gesê:
27 “Look, I am Yahweh, the God of all flesh. Is anything too difficult for Me?
27 “Let op, Ek is יהוה, die God van alle vlees; is enige iets te moeilik vir My?”
28 Therefore, this is what the LORD says: I am about to hand this city over to the Chaldeans, to Babylon’s king Nebuchadnezzar, and he will capture it.
28 יהוה sê daarom: “Let op, Ek is op die punt om hierdie stad oor te gee in die hand van die Kasdeërs en in die hand van N’vukhadnetzar, koning van Bavel en hy sal dit inneem.
29 The Chaldeans who are going to fight against this city will come, set this city on fire, and burn it along with the houses where incense has been burned to Baal on their rooftops and where drink offerings have been poured out to other gods to provoke Me to anger.
29 Die Kasdeërs wat teen hierdie stad veg, sal inkom en hierdie stad aan die brand steek en dit verbrand, saam met dié huise waar daar op die dakke aan Ba’al wierook geoffer is en vir ander gode drankoffers uitgegiet is om My te tart tot woede.
30 From their youth, the Israelites and Judeans have done nothing but what is evil in My sight! They have done nothing but provoke Me to anger by the work of their hands” — this is the L*ORD*’s declaration —

30 Inderdaad het die seuns van Yisra'el en die seuns van Y'hudah van hulle jeug af boos gedoen in My oë, want die seuns van Yisra'el het My net deur die werk van hulle hande getart tot woede," verklaar יהוה.
31 "for this city has caused My wrath and fury from the day it was built until now. I will therefore remove it from My presence,
31 Inderdaad was hierdie stad vir My 'n rede vir My woede en My toorn vanaf die dag dat hulle dit gebou
het tot vandag toe sodat dit van voor My gesig verwyder moet word,
32 because of all the evil the Israelites and Judeans have done to provoke Me to anger — they, their kings, their officials, their priests, and their prophets, the men of Judah, and the residents of Jerusalem.
32 as gevolg van al die boosheid van die seuns van Yisra'el en die seuns van Y'hudah wat hulle gedoen het om My te tart tot woede; hulle, hulle konings, hulle leiers, hulle priesters, hulle profete, die manne van Y'hudah en die inwoners van Yerushalayim.
33 They have turned their backs to Me and not their faces. Though I taught them time and time again, they do not listen and receive discipline.
33 Hulle het hulle rug na My toe gedraai en nie hul gesig nie; alhoewel Ek hulle geleer het, keer op keer, wou hulle nie luister en instruksie ontvang nie,
34 They have placed their detestable things in the house that is called by My name and have defiled it.
34 maar hulle het hul verwerplike dinge neergesit in die huis wat volgens My Naam (Karakter en Outoriteit) genoem word, om dit te verontreinig.
35 They have built the high places of Baal in the Valley of Hinnom to make their sons and daughters pass through the fire to Molech — something I had not commanded them. I had never entertained the thought that they do this detestable act causing Judah to sin!
35 Hulle het die hoë plekke van Ba'al gebou in die vallei van Ben-Hinnom om hulle seuns en hulle dogters vir Molekh deur die vuur te laat gaan, wat Ek hulle nie beveel het nie en wat in My gedagtes nie opgekom het nie, dat hulle hierdie gruwel sou doen om Y'hudah te laat sondig;
36 "Now therefore, this is what the LORD, the God of Israel, says to this city about which you said, 'It has been handed over to Babylon's king through sword, famine, and plague':
36 daarom, so sê יהוה-God van Yisra'el, aangaande hierdie stad waarvan julle sê: 'Dit is in die hand van die koning van Bavel oorgegee deur die swaard, die hongersnood en die pes,'
37 I am about to gather them from all the lands where I have banished them in My anger, rage and great wrath, and I will return them to this place and make them live in safety.
37 let op, Ek sal hulle bymekaarmaak uit al die lande waarheen Ek hulle verdryf het in My woede, in My toorn en in groot verontwaardiging en Ek sal hulle na hierdie plek terugbring en hulle in veiligheid laat bly.
38 They will be My people, and I will be their God.

38 Hulle sal My volk wees en Ek sal hulle God wees
39 I will give them one heart and one way so that for their good and for the good of their descendants after them, they will fear Me always.
39 en Ek sal vir hulle een verstand, wil en emosie en een lewenswyse gee sodat hulle My altyd respekvol mag vrees, vir hulle ten goede en hulle kinders ná hulle.
40 “I will make an everlasting covenant with them: I will never turn away from doing good to them, and I will put fear of Me in their hearts so they will never again turn away from Me.
40 Ek sal ’n ewige verbond met hulle sluit: dat Ek nie van hulle af sal wegdraai om aan hulle goed te doen nie en Ek sal My respekvolle vrees in hulle verstand, wil en emosie gee sodat hulle nie van My af sal wegdraai nie.
41 I will take delight in them to do what is good for them, and with all My heart and mind I will faithfully plant them in this land.
41 Ek sal My oor hulle verheug om aan hulle goed te doen en Ek sal hulle getrou in hierdie land plant, met My hele verstand, wil en emosie en met My hele lewe,
42 “For this is what the L**ORD** says: Just as I have brought all this great disaster on these people, so am I about to bring on them all the good I am promising them.
42 want so sê יהוה: ‘Net soos Ek al hierdie groot rampe oor hierdie volk gebring het, so gaan Ek al die goeie wat Ek hulle belowe oor hulle bring.
43 Fields will be bought in this land about which you are saying, ‘It’s a desolation without man or beast; it has been handed over to the Chaldeans! ’
43 Grond sal gekoop word in hierdie land waarvan julle sê: “Dit is ’n verlatenheid, sonder mens of dier; dit is in die hand van die Kasdeërs oorgegee.”
44 Fields will be purchased with silver, the transaction written on a scroll and sealed, and witnesses will be called on in the land of Benjamin, in the areas surrounding Jerusalem, and in Judah’s cities — the cities of the hill country, the cities of the Judean foothills, and the cities of the Negev — because I will restore their fortunes.” This is the L**ORD**’s declaration.
44 Mense sal grond koop vir geld, aktes teken en verseël en getuies inroep in die land van Binyamin, in die omstreke van Yerushalayim, in die stede van Y’hudah, in die stede van die Bergland, in die stede van die Laagland en in die stede van die Suidland, want Ek sal hulle welstand herstel,’ verklaar יהוה.”

Jeremiah 33

1 While he was still confined in the guard’s courtyard, the word of the L**ORD** came to Jeremiah a second time:
1 Toe het die woord van יהוה vir die tweede keer tot Yirmeyahu gekom terwyl hy nog opgesluit was in die hof van die wagte en gesê:

2 "The LORD who made the earth, the LORD who forms it to establish it, Yahweh is His name, says this:

2 "So sê יהוה wat jou gemaak het, wat jou gevorm het en jou gevestig het, יהוה is Sy Naam (Karakter en Outoriteit):

3 Call to Me and I will answer you and tell you great and incomprehensible things you do not know.

3 'Roep na My en Ek sal jou antwoord en aan jou groot en magtige dinge vertel, wat jy nie weet nie,'

4 For this is what the LORD, the God of Israel, says concerning the houses of this city and the palaces of Judah's kings, the ones torn down for defense against the siege ramps and the sword:

4 want so sê יהוה, die God van Yisra'el, met betrekking tot die huise van hierdie stad en die huise van die konings van Y'hudah wat die rowers ontwortel het deur die swaard:

5 The people coming to fight the Chaldeans will fill the houses with the corpses of their own men that I strike down in My wrath and rage. I have hidden My face from this city because of all their evil.

5 hulle kom om te veg teen die Kasdeërs, maar dit is om die strate te vul met die lyke van mense wat Ek neergeslaan het in My woede en in My toorn, want Ek het My gesig van hierdie stad af weggedraai as gevolg van al hulle boosheid:

6 Yet I will certainly bring health and healing to it and will indeed heal them. I will let them experience the abundance of peace and truth.

6 "Let op, Ek sal gesondheid en genesing bring en hulle genees en Ek sal vir hulle 'n oorvloed vrede en waarheid openbaar.

7 I will restore the fortunes of Judah and of Israel and will rebuild them as in former times.

7 Ek sal die welstand van Y'hudah en die welstand van Yisra'el herstel en hulle herbou soos hul aan die begin was.

8 I will purify them from all the wrongs they have committed against Me, and I will forgive all the wrongs they have committed against Me, rebelling against Me.

8 Ek sal hulle reinig van al hulle oortredinge waarmee hulle teen My gesondig het en Ek sal al hulle oortredinge vryspreek waarmee hulle teen My gesondig en teen My oortree het.

9 This city will bear on My behalf a name of joy, praise, and glory before all the nations of the earth, who will hear of all the good I will do for them. They will tremble with awe because of all the good and all the
peace I will bring about for them.

9 Dit sal vir My 'n naam van vreugde, lofprysing, eer en aanbidding wees voor al die nasies van die aarde wat sal hoor van al die goeie wat Ek vir hulle doen en hulle sal respekvol vrees en bewe as gevolg van al die goeie en al die vrede wat Ek vir hulle bring.'

10 “This is what the L**ORD** says: In this place, which you say is a ruin, without man or beast — that is, in Judah’s cities and Jerusalem’s streets that are a desolation without man, without inhabitant, and without beast — there will be heard again

10 So sê יהוה: ‘Daar sal weer in hierdie plek waarvan julle sê: “Dit is ’n woesteny, sonder mens en sonder dier,” in die stede van Y’hudah en op die strate van Yerushalayim wat verlate is, sonder mens, sonder inwoner en sonder dier,

11 a sound of joy and gladness, the voice of the groom and the bride, and the voice of those saying, Praise the L**ORD** of Hosts, for the L**ORD** is good; His faithful love endures forever as they bring thank offerings to the temple of the L**ORD**. For I will restore the fortunes of the land as in former times, says the L**ORD**.

11 die stem van vreugde en die stem van blydskap, die stem van die bruidegom en die stem van die bruid, die stem van die wat sê: “Bring danksegging aan יהוה-Tzva’ot, want יהוה is goed, want Sy liefdevolle goedheid is vir ewig” en van die wat ’n dankoffer bring in die huis van יהוה, gehoor word, want Ek sal die welvaart van die land herstel soos dit aan die begin was,’ sê יהוה.

12 “This is what the L**ORD** of Hosts says: In this desolate place — without man or beast — and in all its cities there will once more be a grazing land where shepherds may rest flocks.

12 So sê יהוה-Tzva’ot: ‘Daar sal weer in hierdie plek wat ’n woesteny is, sonder mens of dier en in al sy stede ’n blyplek wees vir herders wat hulle troppe laat rus.

13 The flocks will again pass under the hands of the one who counts them in the cities of the hill country, the cities of the Judean foothills, the cities of the Negev, the land of Benjamin — the cities surrounding Jerusalem and Judah’s cities, says the L**ORD**.

13 In die stede van die Bergland, in die stede van die Laagland, in die stede van die Suidland, in die land van Binyamin, in die omstreke van Yerushalayim en in die stede van Y’hudah sal die troppe weer, onder die hand van die een wat hulle tel, verbygaan,’ sê יהוה.

14 “Look, the days are coming” — this is the L**ORD**’s declaration — “when I will fulfill the good promises that I have spoken concerning the house of Israel and the house of Judah.

14 ‘Let op, daar kom dae,’ verklaar יהוה, ‘wanneer Ek die goeie woord in vervulling sal bring wat Ek gesê het aangaande die huis van Yisra’el en die huis van Y’hudah.

15 In those days and at that time I will cause a Righteous Branch to sprout up for David, and He will
administer justice and righteousness in the land.

15 In daardie dae en in daardie tyd sal Ek vir Dawid ’n onpartydige en opregte Spruit laat uitspruit en Hy sal regverdige oordeel, onpartydige opregtheid uitoefen op die aarde.
16 In those days Judah will be saved, and Jerusalem will dwell securely, and this is what she will be named: Yahweh Our Righteousness.
16 In daardie dae sal Y’hudah gered word en Yerushalayim in veiligheid bly en dit sal die naam wees wat dit genoem word: יהוה is ons onpartydige opregtheid [יהוה-Tzidkenu],
17 “For this is what the LORD says: David will never fail to have a man sitting on the throne of the house of Israel.
17 want so sê יהוה: “Daar sal nooit vir Dawid ’n man ontbreek om te sit op die troon van die huis van Yisra’el nie
18 The Levitical priests will never fail to have a man always before Me to offer burnt offerings, to burn grain offerings, and to make sacrifices.”
18 en daar sal vir die Leviete en priesters nooit ’n man ontbreek voor My Teenwoordigheid om altyddeur brandoffers te bring en graanoffers aan die brand te steek en om voortdurend offers voor te berei nie.’”
19 The word of the LORD came to Jeremiah:
19 Die woord van יהוה het tot Yirmeyahu gekom en gesê:
20 “This is what the LORD says: If you can break My covenant with the day and My covenant with the night so that day and night cease to come at their regular time,
20 “So sê יהוה: ‘As julle My instellings vir die dag en My instellings vir die nag kan verbreek sodat dag en nag nie op sy vasgestelde tyd sal wees nie,
21 then also My covenant with My servant David may be broken so that he will not have a son reigning on his throne, and the Levitical priests will not be My ministers.
21 dan sal My verbond ook met Dawid, My dienskneg, verbreek kan word sodat daar vir hom geen seun sal wees wat regeer op sy troon nie en My verbond met die Leviete, My bedienaars, verbreek kan word.
22 The hosts of heaven cannot be counted; the sand of the sea cannot be measured. So, too, I will make the descendants of My servant David and the Levites who minister to Me innumerable.”
22 Soos die leërskare van die hemel nie getel en die sand van die see nie gemeet kan word nie, so sal Ek die nageslag van My kneg Dawid en die Leviete wat My bedien, vermenigvuldig.’”
23 The word of the LORD came to Jeremiah:
23 Die woord van יהוה het tot Yirmeyahu gekom en gesê:
24 “Have you not noticed what these people have said? They say, ‘The LORD has rejected the two families He had chosen.’ My people are treated with contempt and no longer regarded as a nation among them.
24 “Het jy nie opgemerk wat hierdie volk praat as hulle sê: ‘Die twee families

wat יהוה gekies het, dié het Hy verwerp,' nie? So verag hulle My volk, hulle is geen nasie meer in hulle oë nie."
25 This is what the LORD says: If I do not keep My covenant with the day and with the night and fail to establish the fixed order of heaven and earth,
25 So sê יהוה: "As My verbond met dag en nag nie staan nie en die vaste patrone van hemel en aarde, nie vasgestel is nie,
26 then I might also reject the seed of Jacob and of My servant David — not taking from his descendants rulers over the descendants of Abraham, Isaac, and Jacob. Instead, I will restore their fortunes and have compassion on them."
26 dan sal Ek die nageslag van Ya'akov en van My dienskneg Dawid verwerp sodat Ek nie uit sy nageslag heersers sal vat oor die nageslag van Avraham, Yitz'gak en Ya'akov nie, maar Ek sal hulle welvaart herstel en My oor hulle ontferm.'"

Jeremiah 34

1 This is the word that came to Jeremiah from the LORD when Nebuchadnezzar, king of Babylon, all his army, all the earthly kingdoms under his control, and all other nations were fighting against Jerusalem and all its surrounding cities:
1 Die woord wat van יהוה tot Yirmeyahu gekom het toe N'vukhadnetzar, koning van Bavel en sy hele leër, saam met al die koninkryke van die aarde wat onder sy heerskappy is en al die volke teen Yerushalayim en al sy stede oorlog gevoer het en gesê het:
2 "This is what the LORD, the God of Israel, says: Go, speak to Zedekiah, king of Judah, and tell him: This is what the LORD says: I am about to hand this city over to the king of Babylon, and he will burn it down.
2 "So sê יהוה-God van Yisra'el: 'Gaan en praat met Tzidkiyahu, koning van Y'hudah en sê vir hom: "So sê יהוה: 'Let op, Ek gee hierdie stad in die hand van die koning van Bavel en hy sal dit met vuur verbrand.
3 As for you, you will not escape from his hand but are certain to be captured and handed over to him. You will meet the king of Babylon eye to eye and speak face to face; you will go to Babylon.
3 Jy sal nie uit sy hand ontvlug nie, want jy sal sekerlik gevang en in sy hand oorgegee word en jy sal die koning van Bavel oog tot oog sien en hy sal met jou mond tot mond praat en jy sal na Bavel toe gaan.'"'
4 "Yet hear the LORD's word, Zedekiah, king of Judah. This is what the LORD says concerning you: You will not die by the sword;
4 Tog, luister na die woord van יהוה, o Tzidkiyahu, koning van Y'hudah! So sê יהוה aangaande jou: 'Jy sal nie deur die swaard sterf nie.
5 you will die peacefully. There will be a burning ceremony for you just like

the burning ceremonies for your fathers, the former kings who preceded you. ‘Our king is dead! ’ will be the lament for you, for I have spoken this word.” This is the LORD’s declaration.
5 Jy sal in vrede sterf en soos wierook vir jou vaders, die vorige konings wat voor jou was, gebrand is, só sal hulle ook vir jou brand en rou oor jou: “Ag, meester,’” want Ék het die woord gespreek,” verklaar
הוהי.
6 So Jeremiah the prophet related all these words to Zedekiah king of Judah in Jerusalem
6 Toe het Yirmeyahu, die profeet, al hierdie woorde vir Tzidkiyahu, koning van Y’hudah, in Yerushalayim gesê,
7 while the king of Babylon’s army was attacking Jerusalem and all of Judah’s remaining cities — against Lachish and Azekah, for they were the only ones left of Judah’s fortified cities.
7 terwyl die leër van die koning van Bavel oorlog voer teen Yerushalayim en teen al die stede van Y’hudah wat oorgebly het: Lakhish en `Azekah, want hulle het alleen as versterkte stede oorgebly onder die stede van Y’hudah.
8 This is the word that came to Jeremiah from the LORD after King Zedekiah made a covenant with all the people who were in Jerusalem to proclaim freedom to them,
8 Die woord wat van הוהי tot Yirmeyahu gekom het nadat koning Tzidkiyahu ’n verbond gesluit het met die hele volk wat in Yerushalayim was, om vir hulle vrylating uit te roep:
9 so each man would free his male and female Hebrew slaves and no one would enslave his Judean brother.
9 dat elke man sy slaaf en sy slavin, ’n Hebreeuse man of Hebreeuse vrou, vry moet laat sodat niemand ’n Hebreër, sy broer, in bande sou hou nie.
10 All the officials and people who entered into covenant to free their male and female slaves — in order not to enslave them any longer — obeyed and freed them.
10 Al die amptenare en al die mense wat die verbond aangegaan het, het gehoorsaam dat elkeen sy slaaf en sy slavin vry sou laat gaan sodat niemand hulle meer in slawerny sou hou nie; hulle het gehoorsaam en hulle vrygelaat,
11 Afterward, however, they changed their minds and took back their male and female slaves they had freed and forced them to become slaves again.
11 maar later het hulle omgedraai en weer die slawe en slavinne terug gevat wat hulle vrygelaat het en hulle het hulle as slawe en slavinne onderwerp.
12 Then the word of the LORD came to Jeremiah from the LORD:
12 Toe het die woord van הוהי tot Yirmeyahu gekom en gesê:
13 “This is what the LORD, the God of Israel, says: I made a covenant with your ancestors when I brought them out of the land of Egypt, out of the place of slavery, saying:
13 “So sê הוהי-God van Yisra’el: ‘Ek het ’n verbond met julle vaders gesluit

op die dag toe Ek hulle uit Mitzrayim, uit die huis van slawerny, uitgebring het en gesê:
14 At the end of seven years, each of you must free his Hebrew brother who sold himself to you. He may serve you six years, but then you must send him out free from you. But your ancestors did not obey Me or pay any attention.
14 "Aan die einde van sewe jaar moet elkeen van julle sy broer, die Hebreër wat aan jou verkoop is en jou ses jaar lank gedien het, vry laat weggaan; jy moet hom vry van jou af wegstuur, maar julle voorvaders het nie na My geluister of hulle oor na My gedraai nie.
15 Today you repented and did what pleased Me, each of you proclaiming freedom for his neighbor. You made a covenant before Me at the temple called by My name.
15 Alhoewel júlle onlangs omgedraai het en gedoen het wat reg is in My oë, om elkeen vrylating aan sy
naaste aan te kondig en julle 'n verbond gesluit het voor My Teenwoordigheid, in die huis wat na My Naam genoem is,
16 But you have changed your minds and profaned My name. Each has taken back his male and female slaves who had been freed to go wherever they wanted, and you have again subjugated them to be your slaves.
16 het julle tog gedraai en My Naam (Karakter en Outoriteit) onteer en elkeen het sy slaaf en sy slavin wat julle vrygelaat het volgens hulle begeerte, teruggevat en julle het hulle in onderdanigheid gebring om julle slawe en slavinne te wees;'"
17 "Therefore, this is what the LORD says: You have not obeyed Me by proclaiming freedom, each man for his brother and for his neighbor. I hereby proclaim freedom for you" — this is the LORD's declaration — "to the sword, to plague, and to famine! I will make you a horror to all the earth's kingdoms.
17 daarom, so sê הוהי: 'Júlle het nie na My geluister om vrylating aan te kondig, elkeen vir sy broer en vir sy naaste nie. Let op, Ek kondig 'n vrylating aan vir jou,' verklaar הוהי, 'tot die swaard, die pes en die hongersnood en Ek sal van julle 'n verskrikking maak vir al die koninkryke van die aarde.
18 As for those who disobeyed My covenant, not keeping the terms of the covenant they made before Me, I will treat them like the calf they cut in two in order to pass between its pieces.
18 Ek sal die manne wat My verbond oortree het, wat nie die woorde van die verbond nagekom het wat hulle voor My Teenwoordigheid gesluit het nie, toe hulle die kalf in twee stukke gesny en tussen die stukke deurgeloop het;
19 The officials of Judah and Jerusalem, the court officials, the priests, and all the people of the land who passed between the pieces of the calf
19 die amptenare van Y'hudah, die amptenare van Yerushalayim, die hofamptenare, die priesters en die hele volk van die land wat tussen die stukke van die kalf deurgegaan het;
20 will be handed over to their enemies, to those who want to take their life. Their corpses will become food for the birds of the sky and for the wild

animals of the land.

20 Ek sal hulle gee in die hand van hulle vyande en in die hand van die wat hulle lewe soek en hulle lyke sal kos wees vir die voëls van die hemel en vir die wilde diere van die aarde.

21 I will hand Zedekiah king of Judah and his officials over to their enemies, to those who want to take their lives, to the king of Babylon's army that is withdrawing.

21 Tzidkiyahu, koning van Y'hudah en sy amptenare sal Ek oorgee in die hand van hulle vyande en in die hand van die wat hulle lewe soek en in die hand van die leër van die koning van Bavel wat van julle af weggetrek het.

22 I am about to give the command" — this is the L**ORD**'s declaration — "and I will bring them back to this
city. They will fight against it, capture it, and burn it down. I will make Judah's cities a desolation, without inhabitant."

22 Let op, Ek gaan bevel gee,' verklaar יהוה, 'en Ek sal hulle na hierdie stad toe terugbring en hulle sal daarteen oorlog voer en dit inneem en dit met vuur verbrand en Ek sal die stede van Y'hudah 'n verlatenheid maak, sonder inwoner.'"

Jeremiah 35

1 This is the word that came to Jeremiah from the LORD in the days of Jehoiakim son of Josiah, king of Judah:

1 Die woord wat vanaf יהוה tot Yirmeyahu gekom het in die dae van Y'hoyakim, die seun van Yoshiyahu, koning van Y'hudah:

2 "Go to the house of the Rechabites, speak to them, and bring them to one of the chambers of the temple of the LORD to offer them a drink of wine."

2 "Gaan na die huis van die Rekhaviete en praat met hulle en bring hulle na die huis van יהוה, in een van die kamers in en gee vir hulle wyn om te drink."

3 So I took Jaazaniah son of Jeremiah, son of Habazziniah, and his brothers and all his sons — the entire house of the Rechabites —

3 Toe het ek vir Ya'azanyah, die seun van Yirmeyahu, die seun van Havatzinyah, gevat, sy broers, al sy seuns en die hele huis van die Rekhaviete

4 and I brought them into the temple of the LORD to a chamber occupied by the sons of Hanan son of Igdaliah, a man of God, who had a chamber near the officials' chamber, which was above the chamber of Maaseiah son of Shallum the doorkeeper.

4 en ek het hulle in die huis van יהוה ingebring, in die kamer van die seuns van Hanan, die seun van Yigdalyahu, die man van God, wat naby die kamer van die amptenare is, wat bo die kamer van Ma'aseiyah, die seun van Shallum, die deurwagter is.

5 I set jars filled with wine and some cups before the sons of the house of the Rechabites and said to them, "Drink wine! "

5 Toe het ek voor die manne van die huis van die Rekhaviete kruike vol wyn en bekers neergesit en vir hulle gesê: "Drink wyn,"

6 But they replied, "We do not drink wine, for Jonadab, son of our ancestor Rechab, commanded: 'You and your sons must never drink wine.

6 maar hulle het geantwoord: "Ons sal nie wyn drink nie, want Yonadav, die seun van Rekhav, ons vader, het ons beveel en gesê: 'Julle mag geen wyn drink nie, julle of julle seuns, vir ewig.

7 You must not build a house or sow seed or plant a vineyard. Those things are not for you. Rather, you must live in tents your whole life, so you may live a long time on the soil where you stay as a temporary resident.'

7 Julle mag nie 'n huis bou of saad saai of wingerd plant of een besit nie, maar julle moet in tente woon al julle dae sodat julle baie dae mag lewe in die land waar julle besoekers is.'

8 We have obeyed the voice of Jonadab, son of our ancestor Rechab, in all he commanded us. So we

haven't drunk wine our whole life — we, our wives, our sons, and our daughters.

8 Ons het die stem van ons vader Yonadav, die seun van Rekhav, gehoorsaam,

in alles wat hy ons beveel het, om geen wyn te drink al ons dae nie, ons, ons vroue, ons seuns en ons dogters,
9 We also have not built houses to live in and do not have vineyard, field, or seed.
9 of om vir ons huise te bou om in te bly nie en ons het geen wingerd of landerye of saad nie.
10 But we have lived in tents and have obeyed and done as our ancestor Jonadab commanded us.
10 Ons het net in tente gebly en was gehoorsaam en het gedoen volgens alles wat ons vader Yonadav ons beveel het,
11 However, when Nebuchadnezzar king of Babylon marched into the land, we said: Come, let’s go into Jerusalem to get away from the Chaldean and Aramean armies. So we have been living in Jerusalem.”
11 maar toe N’vukhadnetzar, koning van Bavel, teen die land opgekom het, het ons gesê: ‘Kom, laat ons na Yerushalayim gaan voor die leër van die Kasdeërs en voor die leër van die Arameërs.’ Ons het dus in Yerushalayim gebly.”
12 Then the word of the LORD came to Jeremiah:
12 Toe kom die woord van יהוה tot Yirmeyahu en sê:
13 “This is what the LORD of Hosts, the God of Israel, says: Go, say to the men of Judah and the residents of Jerusalem: Will you not accept discipline by listening to My words? ” — this is the LORD’s declaration.
13 “So sê יהוה-Tzva’ot, die God van Yisra’el: ‘Gaan sê vir die manne van Y’hudah en die inwoners van Yerushalayim: “Wil julle nie lering ontvang deur na My woorde te luister nie?” verklaar יהוה.
14 “The words of Jonadab, son of Rechab, have been carried out. He commanded his sons not to drink wine, and they have not drunk to this very day because they have obeyed their ancestor’s command. But I have spoken to you time and time again, and you have not obeyed Me!
14 “Die woorde van Yonadav, die seun van Rekhav, wat hy sy seuns beveel het om geen wyn te drink nie, het hulle gehou. Hulle drink dus geen wyn tot vandag toe nie, want hulle het hulle vader se bevel gehoorsaam. Ék het egter met julle gepraat, keer op keer; tog het julle nie na My geluister nie.
15 Time and time again I have sent you all My servants the prophets, proclaiming: Turn, each one from his evil way of life, and correct your actions. Stop following other gods to serve them. Live in the land that I gave you and your ancestors. But you would not pay attention or obey Me.
15 Ek het ook al My diensknegte, die profete, keer op keer na julle toe gestuur om te sê: ‘Draai elkeen weg van sy verkeerde lewenswyse en verander julle dade en loop nie agter ander gode aan om hulle te aanbid nie. Dan sal julle bly in die land wat Ek vir julle en julle voorvaders gegee het,’ maar julle het nie julle oor gedraai of na My geluister nie.
16 Yes, the sons of Jonadab son of Rechab carried out their ancestor’s

command he gave them, but these people have not obeyed Me.
16 Inderdaad, die seuns van Yonadav, die seun van Rekhav, het die bevel van hulle vader gehou wat hy hulle beveel het, maar hierdie volk luister nie na My nie."
17 Therefore, this is what the L**ORD**, the God of Hosts, the God of Israel, says: I will certainly bring to Judah and to all the residents of Jerusalem all the disaster I have pronounced against them because I have spoken to them, but they have not obeyed, and I have called to them, but they would not answer."
17 הוהי, die God van die leërmagte, die God van Yisra'el, sê daarom: "Let op, Ek bring oor Y'hudah en oor al die inwoners van Yerushalayim al die rampe wat Ek teen hulle verklaar het omdat Ek met hulle gepraat het, maar hulle nie geluister het nie en Ek hulle geroep het, maar hulle nie geantwoord het nie.'"
18 Jeremiah said to the house of the Rechabites: "This is what the L**ORD** of Hosts, the God of Israel, says: 'Because you have obeyed the command of your ancestor Jonadab and have kept all his commands and have done all that he commanded you,
18 Toe sê Yirmeyahu vir die huis van die Rekhaviete: "So sê הוהי-Tzva'ot, die God van Yisra'el: 'Omdat julle die opdrag van julle vader Yonadav gehoorsaam het; al sy opdragte gehou en gedoen het volgens alles wat hy julle beveel het;
19 this is what the L**ORD** of Hosts, the God of Israel, says: Jonadab son of Rechab will never fail to have a man to always stand before Me.' "
19 daarom, so sê הוהי-Tzva'ot, die God van Yisra'el: "Yonadav, die seun van Rekhav, sal nooit 'n man ontbreek om altyd voor My Teenwoordigheid te staan nie."'"

Jeremiah 36

1 In the fourth year of Jehoiakim son of Josiah, king of Judah, this word came to Jeremiah from the L*ORD*:
1 In die vierde jaar van Y'hoyakim, die seun van Yoshiyahu, koning van Y'hudah, het hierdie woord van הוהי tot Yirmeyahu gekom:
2 "Take a scroll, and write on it all the words I have spoken to you concerning Israel, Judah, and all the nations from the time I first spoke to you during Josiah's reign until today.
2 "Vat 'n boekrol en skryf al die woorde wat Ek met jou gepraat het oor Yisra'el, Y'hudah en oor al die nasies daarop, vanaf die dag dat Ek met jou gepraat het, van die dae van Yoshiyahu af, tot vandag toe.
3 Perhaps when the house of Judah hears about all the disaster I am planning to bring on them, each one of them will turn from his evil way. Then I will forgive their wrongdoing and their sin."
3 Miskien sal die huis van Y'hudah hoor van al die rampe wat Ek beplan om oor hulle te bring sodat elkeen kan omdraai van sy verkeerde lewenswyse;

dan sal Ek hulle oortredinge en hulle sonde vergewe.”
4 So Jeremiah summoned Baruch son of Neriah. At Jeremiah’s dictation, Baruch wrote on a scroll all the words the L**ORD** had spoken to Jeremiah.
4 Toe het Yirmeyahu vir Barukh, die seun van Neriyah, geroep en Barukh het op ’n boekrol geskryf, gedikteer deur Yirmeyahu, al die woorde van יהוה wat Hy met hom gepraat het.
5 Then Jeremiah commanded Baruch, “I am restricted; I cannot enter the temple of the L**ORD**,
5 Yirmeyahu het Barukh beveel en gesê: “Ek is ingeperk; ek kan nie in die huis van יהוה ingaan nie.
6 so you must go and read from the scroll — which you wrote at my dictation — the words of the L*ORD* in the hearing of the people at the temple of the L**ORD** on a day of fasting. You must also read them in the hearing of all the Judeans who are coming from their cities.
6 Gaan jy en lees vir die mense in die huis van יהוה op ’n vasdag die woorde van יהוה uit die rol wat jy deur my diktasie geskryf het en jy moet dit ook lees vir die hele Y’hudah wat vanaf hulle stede kom.
7 Perhaps their petition will come before the L**ORD**, and each one will turn from his evil way, for the anger and fury that the L**ORD** has pronounced against this people are great.”
7 Miskien sal hulle versoeke voor die Teenwoordigheid van יהוה kom en almal sal omdraai van hulle verkeerde lewenswyse, want groot is die woede en die toorn wat יהוה teen hierdie volk verklaar het.”
8 So Baruch son of Neriah did everything Jeremiah the prophet had commanded him. At the L**ORD**’s temple he read the L**ORD**’s words from the scroll.
8 Barukh, die seun van Neriyah, het gedoen volgens alles wat Yirmeyahu, die profeet, hom beveel het en die woorde van יהוה, in die huis van יהוה, uit die boekrol gelees.
9 In the fifth year of Jehoiakim son of Josiah, king of Judah, in the ninth month, all the people of Jerusalem and all those coming in from Judah’s cities into Jerusalem proclaimed a fast before the L**ORD**.
9 In die vyfde jaar van Y’hoyakim, die seun van Yoshiyahu, koning van Y’hudah, in die negende maand, het al die mense in Yerushalayim en al die mense wat uit die stede van Y’hudah na Yerushalayim gekom het, ’n vasdag voor die Teenwoordigheid van יהוה uitgeroep.
10 Then at the L**ORD**’s temple, in the chamber of Gemariah son of Shaphan the scribe, in the upper courtyard at the opening of the New Gate of the L**ORD**’s temple, in the hearing of all the people, Baruch read Jeremiah’s words from the scroll.
10 Toe het Barukh die woorde van Yirmeyahu uit die boek aan al die mense gelees, in die huis van יהוה, in die kamer van G’maryah, die seun van

Shafan, die skrywer, in die boonste hof, by die ingang van die Nuwe Poort van die huis van יהוה.
11 When Micaiah son of Gemariah, son of Shaphan, heard all the words of the L**ORD** from the scroll,
11 Toe Mikhay'hu, die seun van G'maryah, die seun van Shafan, al die woorde van יהוה uit die boekrol gehoor het,
12 he went down to the scribe's chamber in the king's palace. All the officials were sitting there — Elishama the scribe, Delaiah son of Shemaiah, Elnathan son of Achbor, Gemariah son of Shaphan, Zedekiah son of Hananiah, and all the other officials.
12 gaan hy af na die huis van die koning, na die kamer van die skrywer en let op, al die amptenare het daar gesit: Elishama, die skrywer; D'layahu, die seun van Sh'ma'yahu; Elnatan, die seun van `Akhbor; G'maryah, die seun van Shafan; Tzidiyahu, die seun van Hananyahu en al die amptenare.
13 Micaiah reported to them all the words he had heard when Baruch read from the scroll in the hearing of the people.
13 Mikhay'hu het aan hulle die hele boodskap aangekondig wat hy gehoor het toe Barukh uit die boekrol vir al die mense gelees het.
14 Then all the officials sent word to Baruch through Jehudi son of Nethaniah, son of Shelemiah, son of Cushi, saying, "Bring the scroll that you read in the hearing of the people, and come." So Baruch son of Neriah took the scroll and went to them.
14 Toe stuur al die amptenare vir Y'hudi, die seun van N'tanyahu, die seun van Shelemyahu, die seun van Kushi, na Barukh, met die boodskap en sê: "Vat die rol waaruit jy vir die mense gelees het in jou hand en kom." Barukh, die seun van Neriyah, vat toe die rol in sy hand en gaan na hulle toe.
15 They said to him, "Sit down and read it in our hearing." So Baruch read it in their hearing.
15 Hulle sê vir hom: "Sit asseblief en lees dit vir ons." Barukh het dit vir hulle gelees.
16 When they had heard all the words, they turned to each other in fear and said to Baruch, "We must surely tell the king all these things."
16 Toe hulle al die woorde gehoor het, het hulle verskrik na mekaar gedraai en vir Barukh gesê: "Ons moet al hierdie woorde sekerlik aan die koning rapporteer."
17 Then they asked Baruch, "Tell us — how did you write all these words? At his dictation? "
17 Hulle het vir Barukh gevra: "Vertel ons asseblief, hoe het jy al hierdie woorde neergeskryf; deur sy diktasie?"
18 Baruch said to them, "At his dictation. He recited all these words to me while I was writing on the scroll in ink."
18 Toe antwoord Barukh hulle: "Hy het al hierdie woorde aan my dikteer en ek het dit met ink op die boekrol geskryf."
19 The officials said to Baruch, "You and Jeremiah must hide yourselves and

tell no one where you are.”
19 Toe sê die amptenare vir Barukh: “Gaan, kruip weg, jy en Yirmeyahu en laat niemand weet waar julle is nie.”
20 Then they came to the king at the courtyard, having deposited the scroll in the chamber of Elishama the scribe, and reported everything in the hearing of the king.
20 Hulle het na die koning in die hof gegaan, maar hulle het die rol in die kamer van Elishama, die skrywer, gebêre en al die woorde aan die koning rapporteer.
21 The king sent Jehudi to get the scroll, and he took it from the chamber of Elishama the scribe. Jehudi then read it in the hearing of the king and all the officials who were standing by the king.
21 Toe stuur die koning vir Y’hudi om die rol te gaan haal en hy het dit gaan haal uit die kamer van Elishama, die skrywer en Y’hudi het dit vir die koning en vir al die amptenare wat by die koning staan, gelees.
22 Since it was the ninth month, the king was sitting in his winter quarters with a fire burning in front of him.
22 Die koning het in die winterpaleis, in die negende maand gesit met ’n vuur in die koper pan voor hom.
23 As soon as Jehudi would read three or four columns, Jehoiakim would cut the scroll with a scribe’s knife and throw the columns into the blazing fire until the entire scroll was consumed by the fire in the brazier.
23 Wanneer Y’hudi drie of vier kolomme gelees het, het die koning dit met die mes van ’n skrywer stukkend gesny en in die vuur gegooi wat op die koper pan was totdat die hele boekrol in die vuur op die koper pan verteer was.
24 As they heard all these words, the king and all of his servants did not become terrified or tear their garments.
24 Tog was die koning en al sy diensknegte wat al hierdie woorde gehoor het, nie bang nie en het hulle ook nie hulle klere geskeur nie.
25 Even though Elnathan, Delaiah, and Gemariah had urged the king not to burn the scroll, he would not listen to them.
25 Selfs al het Elnatan, D’layahu en G’maryah by die koning gepleit om nie die boekrol te verbrand nie, wou hy nie na hulle luister nie.
26 Then the king commanded Jerahmeel the king’s son, Seraiah son of Azriel, and Shelemiah son of Abdeel to seize Baruch the scribe and Jeremiah the prophet, but the LORD had hidden them.
26 Die koning het Yeragme’el, die seun van die koning, S’rayahu, die seun van `Azri’el en Shelemyahu, die seun van `Avde’el, beveel om Barukh, die skrywer en Yirmeyahu, die profeet, te vang, maar יהוה het hulle weggesteek.
27 After the king had burned the scroll with the words Baruch had written at Jeremiah’s dictation, the word of the LORD came to Jeremiah:
27 Toe kom die woord van יהוה tot Yirmeyahu nadat die koning die boekrol, met die woorde wat Barukh deur die diktering van Yirmeyahu geskryf het, verbrand het en sê:

28 “Take another scroll, and once again write on it the very words that were on the original scroll that Jehoiakim king of Judah burned.
28 “Vat weer ’n ander boekrol en skryf daarop al die vorige woorde wat op die eerste rol was, wat Y’hoyakim, koning van Y’hudah, verbrand het
29 You are to proclaim concerning Jehoiakim king of Judah: This is what the LORD says: You have burned the scroll, saying, ‘Why have you written on it: The king of Babylon will certainly come and destroy this land and cause it to be without man or beast?’
29 en aangaande Y’hoyakim, koning van Y’hudah, moet jy sê: ‘So sê יהוה: “Jy het hierdie boekrol verbrand en gesê: ‘Waarom het jy daarop geskrywe dat die koning van Bavel sekerlik sal kom en hierdie land vernietig en mens en dier daarop sal laat ophou bestaan?’”
30 Therefore, this is what the LORD says concerning Jehoiakim king of Judah: He will have no one to sit on David’s throne, and his corpse will be thrown out to be exposed to the heat of day and the frost of night.
30 ‘יהוה sê daarom aangaande Y’hoyakim, koning van Y’hudah: “Hy sal niemand hê om te sit op die troon van Dawid nie en sy lyk sal uitgegooi word op die hitte van die dag en die ryp van die nag.
31 I will punish him, his descendants, and his officers for their wrongdoing. I will bring on them, on the
residents of Jerusalem, and on the men of Judah all the disaster, which I warned them about but they did not listen.”
31 Ek sal hom, sy nageslag en sy diensknegte straf vir hulle oortredinge en Ek sal oor hulle, die inwoners van Yerushalayim en die manne van Y’hudah al die rampe bring wat Ek teen hulle verklaar, want hulle het nie geluister nie.”’”
32 Then Jeremiah took another scroll and gave it to Baruch son of Neriah, the scribe, and he wrote on it at Jeremiah’s dictation all the words of the scroll that Jehoiakim, Judah’s king, had burned in the fire. And many other words like them were added.
32 Toe het Yirmeyahu ’n ander boekrol gevat en dit vir Barukh, die seun van Neriyah, die skrywer, gegee en hy het op dit die diktasie van Yirmeyahu geskryf, al die woorde van die boek wat Y’hoyakim, koning van Y’hudah, in die vuur verbrand het en baie soortgelyke woorde is by hulle bygevoeg.

Jeremiah 37

1 Zedekiah son of Josiah reigned as king in the land of Judah in place of Jehoiachin son of Jehoiakim, for Nebuchadnezzar king of Babylon made him king.
1 Tzidkiyahu, die seun van Yoshiyahu, wat N’vukhadnetzar, koning van Bavel, koning gemaak het in die land van Y’hudah, het as koning regeer in die plek van Koniyahu (Y’hoyakin), die seun van Y’hoyakim,
2 He and his officers and the people of the land did not obey the words of the

LORD that He spoke through Jeremiah the prophet.
2 maar nie hy of sy diensknegte of die mense van die land het geluister na die woorde van יהוה wat Hy deur Yirmeyahu, die profeet, gepraat het nie.
3 Nevertheless, King Zedekiah sent Jehucal son of Shelemiah and Zephaniah son of Maaseiah, the priest, to Jeremiah the prophet, requesting, "Please pray to the LORD our God for us! "
3 Tog het koning Tzidkiyahu vir Y'hukhal, die seun van Shelemyahu en Tz'fanyahu, die seun van Ma'aseiyah, die priester, na Yirmeyahu, die profeet, gestuur en gesê: "Bid asseblief tot יהוה, ons God, vir ons."
4 Jeremiah was going about his daily tasks among the people, for they had not yet put him into the prison.
4 Yirmeyahu het nog in- en uitgegaan tussen die volk, want hulle het hom nog nie in die tronk gesit nie.
5 Pharaoh's army had left Egypt, and when the Chaldeans, who were besieging Jerusalem, heard the report, they withdrew from Jerusalem.
5 Intussen het die leër van Farao uit Mitzrayim uitgetrek en toe die Kasdeërs wat besig was om Yerushalayim te beleër, die verslag aangaande hulle hoor, het hulle die beleëring van Yerushalayim afgelig.
6 The word of the LORD came to Jeremiah the prophet:
6 Toe kom die woord van יהוה tot Yirmeyahu, die profeet en sê:
7 "This is what the LORD, the God of Israel, says: This is what you will say to Judah's king, who is sending you to inquire of Me: Watch: Pharaoh's army, which has come out to help you, is going to return to its own land of Egypt.
7 "So sê יהוה, God van Yisra'el: 'So moet julle sê aan die koning van Y'hudah wat julle na My toe gestuur het om My te raadpleeg: "Let op, die leër van Farao wat uitgetrek het om julle te help, sal teruggaan na sy eie land, na Mitzrayim.
8 The Chaldeans will then return and fight against this city. They will capture it and burn it down.
8 Die Kasdeërs sal ook terugkom en teen hierdie stad veg, dit inneem en dit met vuur verbrand.'"
9 This is what the LORD says: Don't deceive yourselves by saying, 'The Chaldeans will leave us for good,' for they will not leave.
9 So sê יהוה: 'Moenie julleself bedrieg deur te sê: "Die Kasdeërs sal sekerlik van ons af weggaan nie," want hulle sal nie gaan nie,
10 Indeed, if you were to strike down the entire Chaldean army that is fighting with you, and there remained among them only the badly wounded men, each in his tent, they would get up and burn this city down."
10 want al sou julle die hele leër van die Kasdeërs wat teen julle veg, verslaan en daar onder hulle net gewondes oorbly, elkeen in sy tent, sal hulle opstaan en hierdie stad met vuur verbrand.'"
11 When the Chaldean army withdrew from Jerusalem because of Pharaoh's army,

11 Dit het gebeur toe die leër van die Kasdeërs van Yerushalayim af weggetrek het as gevolg van die leër van Farao,
12 Jeremiah started to leave Jerusalem to go to the land of Benjamin to claim his portion there among the people.
12 dat Yirmeyahu uit Yerushalayim uitgegaan het om na die land van Binyamin te gaan, om daar besit te gaan neem van eiendom tussen die mense.
13 But when he was at the Benjamin Gate, an officer of the guard was there, whose name was Irijah son of Shelemiah, son of Hananiah, and he apprehended Jeremiah the prophet, saying, "You are deserting to the Chaldeans."
13 Terwyl hy by die Binyaminspoort was, was daar 'n kaptein van die wag met die naam van Yir'iyah, die seun van Shelemyahu, die seun van Hananyah en hy het Yirmeyahu, die profeet, gearresteer en gesê: "Jy gaan oor na die Kasdeërs!"
14 "That's a lie," Jeremiah replied. "I am not deserting to the Chaldeans! " Irijah would not listen to him but apprehended Jeremiah and took him to the officials.
14 Yirmeyahu het egter gesê: "'n Leuen! Ek gaan nie oor na die Kasdeërs toe nie;" tog wou hy nie na hom luister nie. Yir'iyah het Yirmeyahu arresteer en hom na die amptenare gebring.
15 The officials were angry at Jeremiah and beat him and placed him in jail in the house of Jonathan the scribe, for it had been made into a prison.
15 Toe was die amptenare baie kwaad vir Yirmeyahu en het hom geslaan en hom in die tronk gesit in die huis van Y'honatan, die skrywer, wat hulle as tronk ingerig het,
16 So Jeremiah went into a cell in the dungeon and stayed there many days.
16 want Yirmeyahu is in die kerker, dit is die put opening, laat afsak en Yirmeyahu het baie dae daar gebly.
17 King Zedekiah later sent for him and received him, and in his house privately asked him, "Is there a word from the LORD? " "There is," Jeremiah responded, and he continued, "You will be handed over to the king of Babylon."
17 Koning Tzidkiyahu het gestuur en hom laat haal en die koning het hom in sy paleis in die geheim gevra en gesê: "Is daar 'n woord vanaf יהוה?" Yirmeyahu antwoord: "Daar is!" Toe sê hy: "U sal in die hand van die koning van Bavel oorgelewer word."
18 Then Jeremiah said to King Zedekiah, "How have I sinned against you or your servants or these people that you have put me in prison?
18 Verder het Yirmeyahu vir koning Tzidkiyahu gesê: "Wat het ek teen u of teen u diensknegte of teen hierdie volk gesondig sodat julle my in die tronk gesit het?
19 Where are your prophets who prophesied to you, claiming, 'The king of Babylon will not come against you and this land'?

19 Waar is julle profete dan wat vir julle geprofeteer en gesê het: 'Die koning van Bavel sal nie teen julle of teen hierdie land kom nie'?
20 So now please listen, my lord the king. May my petition come before you. Don't send me back to the house of Jonathan the scribe, or I will die there."
20 Luister egter asseblief nou, my meester die koning; laat asseblief my versoek aanvaarbaar wees voor u en laat my nie teruggaan na die huis van Y'honatan, die skrywer, dat ek daar mag sterf nie."
21 So King Zedekiah gave orders, and Jeremiah was placed in the guard's courtyard. He was given a loaf of bread each day from the baker's street until all the bread was gone from the city. So Jeremiah remained in the guard's courtyard.
21 Toe gee koning Tzidkiyahu bevel dat hulle Yirmeyahu in die hof van die waghuis moet hou en daagliks vir hom 'n brood uit die Bakkerstraat moet gee totdat al die brood in die stad op was. So het Yirmeyahu in die hof van die waghuis gebly.

Jeremiah 38

1 Now Shephatiah son of Mattan, Gedaliah son of Pashhur, Jucal son of Shelemiah, and Pashhur son of Malchijah heard the words Jeremiah was speaking to all the people:
1 Sh'fatyah, die seun van Mattan; G'dalyahu, die seun van Pash'gur; Y'hukhal, die seun van Shelemyahu en Pash'gur, die seun van Malkiyah, het die woorde gehoor wat Yirmeyahu met die hele volk gepraat en gesê het:
2 "This is what the LORD says: 'Whoever stays in this city will die by the sword, famine, and plague, but whoever surrenders to the Chaldeans will live. He will keep his life like the spoils of war and will live.'
2 "So sê יהוה: 'Hy wat in hierdie stad bly, sal sterf deur die swaard, die hongersnood en die pes, maar hy wat na die Kasdeërs toe uitgaan, sal lewe en sy eie lewe as buit hê en aan die lewe bly.'
3 This is what the LORD says: 'This city will most certainly be handed over to the king of Babylon's army, and he will capture it.' "
3 So sê יהוה: 'Hierdie stad sal sekerlik oorgegee word in die hand van die leër van die koning van Bavel en hy sal dit inneem.'"
4 The officials then said to the king, "This man ought to die, because he is weakening the morale of the warriors who remain in this city and of all the people by speaking to them in this way. This man is not seeking the well-being of this people, but disaster."
4 Toe het die amptenare vir die koning gesê: "Laat hierdie man doodgemaak word, want dit is hy wat die krygsmanne wat in hierdie stad oor is en die hele volk ontmoedig deur sulke woorde met hulle te praat, want dié man soek nie die welsyn van hierdie volk nie, maar hulle skade."
5 King Zedekiah said, "Here he is; he's in your hands since the king can't do

anything against you."
5 Koning Tzidkiyahu het gesê: "Let op, hy is in julle hande, want die koning kan niks teen julle doen nie."
6 So they took Jeremiah and dropped him into the cistern of Malchiah the king's son, which was in the guard's courtyard, lowering Jeremiah with ropes. There was no water in the cistern, only mud, and Jeremiah sank in the mud.
6 Toe vat hulle vir Yirmeyahu en gooi hom in die put van Malkiyahu, die seun van die koning, wat in die hof van die waghuis was en hulle het Yirmeyahu met toue laat afsak. Nou, in die put was daar geen water nie, maar net modder en Yirmeyahu het in die modder ingesink,
7 But Ebed-melech, a Cushite court official employed in the king's palace, heard Jeremiah had been put into the cistern. While the king was sitting at the Benjamin Gate,
7 maar `Eved-Melekh, die Kushiet, 'n kamerling, het terwyl hy in die paleis van die koning was, gehoor dat hulle Yirmeyahu in die put gesit het. Die koning het in die Binyaminspoort gesit
8 Ebed-melech went from the king's palace and spoke to the king:
8 en `Eved-Melekh het uit die paleis van die koning uitgegaan en met die koning gepraat en gesê:
9 "My lord the king, these men have been evil in all they have done to Jeremiah the prophet. They have dropped him into the cistern where he will die from hunger, because there is no more bread in the city."
9 "My meester die koning, hierdie manne het boos opgetree in alles wat hulle die profeet Yirmeyahu aangedoen het, wat hulle in die put gegooi het en hy sal net daar waar hy is sterf as gevolg van die hongersnood, want daar is geen brood meer in die stad nie."
10 So the king commanded Ebed-melech, the Cushite, "Take from here 30 men under your authority and pull Jeremiah the prophet up from the cistern before he dies."
10 Toe beveel die koning vir `Eved-Melekh, die Kushiet en sê: "Vat dertig manne hiervandaan onder jou outoriteit en trek die profeet Yirmeyahu uit die put uit op, voordat hy sterf."
11 So Ebed-melech took the men under his authority and went to the king's palace to a place below the storehouse. From there he took old rags and worn-out clothes and lowered them by ropes to Jeremiah in the cistern.
11 `Eved-Melekh het die manne onder sy outoriteit gevat en in die paleis van die koning ingegaan en van onder uit die stoorkamer verslete klere en geskeurde lappe gevat en dit na Yirmeyahu in die put met toue laat afsak.
12 Ebed-melech the Cushite cried out to Jeremiah, "Place these old rags and clothes between your armpits and the ropes." Jeremiah did so,
12 Toe het `Eved-Melekh, die Kushiet, vir Yirmeyahu gesê: "Sit nou die verslete klere en geskeurde lappe onder jou armholtes onder die toue" en Yirmeyahu het so gedoen.
13 and they pulled him up with the ropes and lifted him out of the cistern,

but he continued to stay in the guard’s courtyard.
13 Hulle het Yirmeyahu met die toue opgetrek en hom uit die put uitgelig en Yirmeyahu het in die hof van die waghuis gebly.
14 King Zedekiah sent for Jeremiah the prophet and received him at the third entrance of the LORD’s temple. The king said to Jeremiah, “I am going to ask you something; don’t hide anything from me.”
14 Toe stuur koning Tzidkiyahu en hy laat die profeet Yirmeyahu na hom toe bring by die derde ingang van die huis van יהוה en die koning het vir Yirmeyahu gesê: “Ek gaan vir jou iets vra; moet niks vir my wegsteek nie.”
15 Jeremiah replied to Zedekiah, “If I tell you, you will kill me, won’t you? Besides, if I give you advice, you won’t listen to me anyway.”
15 Toe antwoord Yirmeyahu vir Tzidkiyahu: “As ek u vertel, let op, u sal my sekerlik laat doodmaak. In elk geval, as ek vir u raad gee, sal u nie na my luister nie.”
16 King Zedekiah swore to Jeremiah in private, “As the LORD lives, who has given us this life, I will not kill you or hand you over to these men who want to take your life.”
16 Koning Tzidkiyahu het egter in die geheim vir Yirmeyahu gesweer en gesê: “So waar as יהוה leef wat vir ons hierdie lewe gemaak het, ek sal jou sekerlik nie doodmaak of jou oorgee in die hand van hierdie manne wat jou lewe soek nie!”
17 Jeremiah therefore said to Zedekiah, “This is what the LORD, the God of Hosts, the God of Israel, says: ‘If indeed you surrender to the officials of the king of Babylon, then you will live, this city will not be burned down, and you and your household will survive.
17 Toe sê Yirmeyahu vir Tzidkiyahu: “So sê יהוה, die God van die leërmagte, die God van Yisra’el: ‘As u inderdaad sal uitgaan na die offisiere van die koning van Bavel, dan sal u leef, hierdie stad sal nie met vuur verbrand word nie en u en u huishouding sal oorleef,
18 But if you do not surrender to the officials of the king of Babylon, then this city will be handed over to the Chaldeans. They will burn it down, and you yourself will not escape from them.’ ”
18 maar as u nie uitgaan na die offisiere van die koning van Bavel nie, dan sal hierdie stad in die hand van die Kasdeërs oorgegee word en hulle sal dit met vuur verbrand en u self sal nie uit hulle hand ontsnap nie.’”
19 But King Zedekiah said to Jeremiah, “I am worried about the Judeans who have deserted to the Chaldeans. They may hand me over to the Judeans to abuse me.”
19 Toe sê koning Tzidkiyahu vir Yirmeyahu: “Ek is bang vir hulle van Y’hudah wat na die Kasdeërs oorgeloop het, want hulle mag my aan hulle oorgee en hulle sal my beledig.”
20 “They will not hand you over,” Jeremiah replied. “Obey the voice of the LORD in what I am telling you, so it may go well for you and you can live.

20 Yirmeyahu antwoord egter: “Hulle sal u nie oorgee nie. Gehoorsaam יהוה asseblief in wat ek vir u sê sodat dit met u goed mag gaan en u sal leef,
21 But if you refuse to surrender, this is the verdict that the L**ORD** has shown me:
21 maar as u aanhou weier om uit te gaan, is dit die woord wat יהוה vir my gewys het:
22 ‘All the women who remain in the palace of Judah’s king will be brought out to the officials of the king of Babylon and will say: Your trusted friends misled you and overcame you. Your feet sank into the mire, and they deserted you.
22 ‘Dan, let op, sal al die vroue wat in die paleis van die koning van Y’hudah oorgebly het, uitgelei word na die offisiere van die koning van Bavel en daardie vrouens sal sê: “U goeie vriende het u mislei en u oorweldig; terwyl u voete in die slik weggesak het, het hulle teruggedraai.”
23 All your wives and sons will be brought out to the Chaldeans. You yourself will not escape from them, for you will be seized by the king of Babylon and this city will burn down.’ ”
23 Hulle sal ook al u vroue en u kinders na die Kasdeërs uitlei en u self sal nie uit hulle hand ontsnap nie, maar sal deur die hand van die koning van Bavel gevang word en hierdie stad sal met vuur verbrand word.’”
24 Then Zedekiah warned Jeremiah, “Don’t let anyone know about these things or you will die.
24 Toe sê Tzidkiyahu vir Yirmeyahu: “Laat niemand van hierdie woorde weet nie en jy sal nie sterf nie,
25 If the officials hear that I have spoken with you and come and demand of you, ‘Tell us what you said to the king; don’t hide anything from us and we won’t kill you. Also, what did the king say to you? ’
25 maar as die amptenare hoor dat ek met jou gepraat het en by jou kom en vir jou sê: ‘Vertel ons nou wat jy vir die koning gesê het; moet dit nie vir ons wegsteek nie en ons sal jou nie doodmaak nie,’
26 then you will tell them, ‘I was bringing before the king my petition that he not return me to the house of Jonathan to die there.’ ”
26 dan moet jy hulle antwoord: ‘Ek het my versoek voor die koning gebring dat hy my nie moet laat terugbring in die huis van Y’honatan, om daar te sterf nie.’”
27 When all the officials came to Jeremiah and questioned him, he reported the exact words to them the king had commanded, and they quit speaking with him because nothing had been heard.
27 Toe het al die amptenare by Yirmeyahu gekom en hom uitgevra en hy het aan hulle gerapporteer volgens al hierdie woorde wat die koning hom beveel het en hulle het opgehou om met hom te praat, aangesien die gesprek nie gehoor is nie.

28 Jeremiah remained in the guard's courtyard until the day Jerusalem was captured, and he was there when it happened.
28 Yirmeyahu het in die hof van die waghuis gebly tot op die dag dat Yerushalayim ingeneem is.

Jeremiah 39

1 In the ninth year of Zedekiah king of Judah, in the tenth month, King Nebuchadnezzar of Babylon advanced against Jerusalem with his entire army and laid siege to it.
1 Toe Yerushalayim ingeneem is in die negende jaar van Tzidkiyahu, koning van Y'hudah, in die tiende maand, het N'vukhadnetzar, die koning van Bavel, met sy hele leër na Yerushalayim gekom en dit beleër;
2 In the fourth month of Zedekiah's eleventh year, on the ninth day of the month, the city was broken into.
2 in die elfde jaar van Tzidkiyahu, in die vierde maand, op die negende van die maand, is in die stad ingebreek.
3 All the officials of the king of Babylon entered and sat at the Middle Gate: Nergal-sharezer, Samgar, Nebusarsechim the Rab-saris, Nergal-sharezer the Rab-mag, and all the rest of the officials of Babylon's king.
3 Toe het al die amptenare van die koning van Bavel gekom en gaan sit by die Middel-Poort: Nergal- Sar'etzer, Shamgar-N'vo, Sars'khim, die hoof kamerling, NergalSar'etzer, die hoof waarsêer en al die ander amptenare van die koning van Bavel.
4 When he saw them, Zedekiah king of Judah and all the soldiers fled. They left the city at night by way of the king's garden through the gate between the two walls. They left along the route to the Arabah.
4 Toe Tzidkiyahu, koning van Y'hudah en al die krygsmanne hulle sien, het hulle gevlug en in die nag uit die stad uitgegaan deur die koning se tuin, deur die poort tussen die twee mure en hy het uitgegaan in die rigting van die wildernis,
5 However, the Chaldean army pursued them and overtook Zedekiah in the plains of Jericho, arrested him, and brought him to Nebuchadnezzar, Babylon's king, at Riblah in the land of Hamath. The king passed sentence on him there.
5 maar die leër van die Kasdeërs het hulle agternagejaag en Tzidkiyahu in die vlaktes van Yerigo ingehaal, hom gevang en hom na N'vukhadnetzar, koning van Bavel gebring, by Rivlah in die land van Hamat en hy het 'n vonnis oor hom uitgespreek.
6 At Riblah the king of Babylon slaughtered Zedekiah's sons before his eyes, and he also slaughtered all Judah's nobles.
6 Toe het die koning van Bavel die seuns van Tzidkiyahu voor sy oë in Rivlah dood gemaak; die koning van Bavel het ook al die edeles van Y'hudah dood gemaak.

7 Then he blinded Zedekiah and put him in bronze chains to take him to Babylon.
7 Hy het toe die oë van Tzidkiyahu laat verblind en hom met koper kettings geboei om hom na Bavel te bring.
8 The Chaldeans next burned down the king’s palace and the people’s houses and tore down the walls of
Jerusalem.
8 Die Kasdeërs het ook die paleis van die koning en die huise van die volk met vuur verbrand en die mure van Yerushalayim afgebreek.
9 Nebuzaradan, the commander of the guards, deported the rest of the people to Babylon — those who had remained in the city and those deserters who had defected to him along with the rest of the people who had remained.
9 Wat betref die deel van die volk wat nog in die stad oorgebly het, die oorlopers wat na hom toe oorgeloop het en die deel van die volk wat nog oorgebly het; N’vuzar’adan, die bevelvoerder van die lyfwag, het hulle in ballingskap weggevoer na Bavel,
10 However, Nebuzaradan, the commander of the guards, left in the land of Judah some of the poor people who owned nothing, and he gave them vineyards and fields at that time.
10 maar sommige van die armste mense wat niks gehad het nie, het N’vuzar’adan, die bevelvoerder van die lyfwag, in die land Y’hudah laat agterbly en vir hulle wingerde en landerye in dié tyd gegee.
11 Speaking through Nebuzaradan, captain of the guard, King Nebuchadnezzar of Babylon gave orders concerning Jeremiah, saying:
11 N’vukhadnetzar, koning van Bavel, het deur N’vuzar’adan, die bevelvoerder van die lyfwag, aangaande Yirmeyahu beveel en gesê:
12 “Take him, look after him, and don’t let any harm come to him; do for him whatever he says.”
12 “Vat hom en kyk na hom en doen hom geen kwaad nie, maar doen vir hom soos hy vir jou sal sê.”
13 Nebuzaradan, captain of the guard, Nebushazban the Rab-saris, Nergal-sharezer the Rab-mag, and all the captains of the king of Babylon
13 N’vuzar’adan, die bevelvoerder van die lyfwag, N’vusásban, die hoof kamerling en Nergal-Sar’etzer, die hoof waarsêer en al die hoof amptenare van die koning van Bavel, het gestuur
14 had Jeremiah brought from the guard’s courtyard and turned him over to Gedaliah son of Ahikam, son of Shaphan, to take him home. So he settled among his own people.
14 en Yirmeyahu uit die hof van die waghuis uitgehaal en hom toevertrou aan G’dalyahu, die seun van Agikam, die seun van Shafan, om hom huis toe te bring. So het hy tussen die volk gebly.
15 Now the word of the LORD had come to Jeremiah when he was confined in the guard’s courtyard:

15 Die woord van יהוה het tot Yirmeyahu gekom terwyl hy in die hof van die waghuis opgesluit was en gesê:
16 “Go tell Ebed-melech the Cushite: This is what the LORD of Hosts, the God of Israel, says: I am about to
fulfill My words for harm and not for good against this city. They will take place before your eyes on that day.

16 “Gaan praat met `Eved-Melekh, die Kushiet en sê: ‘So sê יהוה-Tzva’ot, die God van Yisra’el: “Let op, Ek is op die punt om My woorde oor hierdie stad ten rampe en nie ten voorspoed te bring nie en dit sal voor jou oë vervul word op dié dag,
17 But I will rescue you on that day” — this is the LORD’s declaration — “and you will not be handed over to the men you fear.

17 maar Ek sal jou in dié dag bevry,” verklaar יהוה “en jy sal nie oorgegee word in die hand van die manne vir wie jy bang is nie,
18 Indeed, I will certainly deliver you so that you do not fall by the sword. Because you have trusted in Me, you will keep your life like the spoils of war.” This is the LORD’s declaration.
18 want Ek sal jou sekerlik red en jy sal nie deur die swaard val nie, maar jy sal jou eie lewe as buit hê omdat jy op My vertrou het,” verklaar יהוה.’”

Jeremiah 40

1 This is the word that came to Jeremiah from the LORD after Nebuzaradan, captain of the guard, released him at Ramah. When he found him, he was bound in chains with all the exiles of Jerusalem and Judah who were being exiled to Babylon.

1 Die woord wat van יהוה tot Yirmeyahu gekom het, nadat N’vuzar’adan, die bevelvoerder van die lyfwag, hom vrygelaat het uit Ramah, toe hy hom in kettings geboei tussen al die gevangenes van Yerushalayim en Y’hudah in ballingskap weggevoer het na Bavel.
2 The captain of the guard took Jeremiah and said to him, “The LORD your God decreed this disaster on this place,
2 Die bevelvoerder van die lyfwag het vir Yirmeyahu gevat en vir hom gesê: “יהוה, jou God, het hierdie katastrofe oor hierdie plek belowe
3 and the LORD has fulfilled it. He has done just what He decreed. Because you people have sinned against the LORD and have not obeyed Him, this thing has happened.

3 en יהוה het dit laat kom en gedoen net soos Hy belowe het omdat julle gesondig het teen יהוה en nie geluister het na Sy stem nie; daarom het dit oor julle gekom,
4 Now pay attention: Today I am setting you free from the chains that were on your hands. If it pleases you to come with me to Babylon, come, and I will

take care of you. But if it seems wrong to you to come with me to Babylon, go no farther. Look — the whole land is in front of you. Wherever it seems good and right for you to go, go there."
4 maar nou, let op, ek bevry jou vandag uit die kettings wat aan jou hande is. As jy verkies om saam met my na Bavel te gaan, kom en ek sal na jou kyk, maar as jy verkies om nie saam met my na Bavel te kom nie, maak nie saak nie. Kyk, die hele land is voor jou; gaan waar dit ook al goed en reg is in jou oë om te gaan."
5 When Jeremiah had not yet turned to go, Nebuzaradan said to him: "Return to Gedaliah son of Ahikam, son of Shaphan, whom the king of Babylon has appointed over the cities of Judah, and stay with him among the people or go wherever you want to go." So the captain of the guard gave him a ration and a gift and released him.
5 Aangesien Yirmeyahu steeds nie teruggegaan het nie, sê hy: "Gaan dan terug na G'dalyahu, die seun van Agikam, die seun van Shafan, wat die koning van Bavel oor die stede van Y'hudah aangestel het en bly by hom tussen die mense; of gaan andersins enige plek waar dit ook al reg is vir jou om te gaan." Die bevelvoerder van die lyfwag het vir hom padkos en 'n geskenk gegee en hom laat gaan.
6 Jeremiah therefore went to Gedaliah son of Ahikam at Mizpah, and he stayed with him among the people who remained in the land.
6 Yirmeyahu het na Mitzpah, na G'dalyahu, die seun van Agikam, gegaan en by hom gebly tussen die volk wat in die land agtergebly het.
7 When all the commanders of the armies in the field — they and their men — heard that the king of Babylon had appointed Gedaliah son of Ahikam over the land and that he had put him in charge of the men, women, and children from the poorest of the land who had not been deported to Babylon,
7 Al die bevelvoerders van die leërs wat in die veld was, hulle en hulle manne, het gehoor dat die koning van Bavel vir G'dalyahu, die seun van Agikam, oor die land aangestel het en dat hy hom in beheer geplaas het van die manne, vroue en kinders; die van die armste mense van die land wat nie in ballingskap weggevoer is na Bavel nie.
8 they came to Gedaliah at Mizpah. The commanders included Ishmael son of Nethaniah, Johanan and Jonathan the sons of Kareah, Seraiah son of Tanhumeth, the sons of Ephai the Netophathite, and Jezaniah son of the Maacathite — they and their men.
8 Hulle het na G'dalyahu toe gekom in Mitzpah, saam met Yishma'el, die seun van N'tanyahu, Yoganan en Yonatan, die seuns van Kareag, S'rayah, die seun van Tangumet, die seuns van `Efai, die N'tofatiet en Y'zanyahu, die seun van die Ma'akhatiet, hulle en hulle manskappe.
9 Gedaliah son of Ahikam, son of Shaphan, swore an oath to them and their men, assuring them, "Don't be afraid to serve the Chaldeans. Live in the land and serve the king of Babylon, and it will go well for you.
9 G'dalyahu, die seun van Agikam, die seun van Shafan, het vir hulle en hulle

manskappe gesweer en gesê: “Moenie bang wees om die Kasdeërs te dien nie; bly in die land en dien die koning van Bavel sodat dit met julle goed mag gaan.
10 As for me, I am going to live in Mizpah to represent you before the Chaldeans who come to us. As for you, gather wine, summer fruit, and oil, place them in your storage jars, and live in the cities you have captured.”
10 Nou wat my betref, let op, ek gaan in Mitzpah bly om vir julle voor die Kasdeërs te staan wat na ons toe gekom het, maar wat julle aangaan, maak wyn, somervrugte en olie bymekaar en gooi dit in julle houers en bly in julle stede wat julle oorgeneem het.”
11 When all the Judeans in Moab and among the Ammonites and in Edom and in all the other lands also heard that the king of Babylon had left a remnant in Judah and had appointed Gedaliah son of Ahikam, son of Shaphan, over them,
11 Net so het ook al die Y’hudahiete wat in Mo’av, tussen die seuns van `Ammon, in Edom en in al die lande was, gehoor dat die koning van Bavel vir Y’hudah ’n oorblyfsel agtergelaat het en dat hy G’dalyahu, die seun van Agikam, die seun van Shafan, oor hulle aangestel het.
12 they all returned from all the places where they had been banished and came to the land of Judah, to Gedaliah at Mizpah, and harvested a great amount of wine and summer fruit.
12 Toe het al die Jode teruggekom vanaf al die plekke waarheen hulle verdryf is en na die land van Y’hudah, na G’dalyahu, in Mitzpah gekom en hulle het groot hoeveelhede wyn en somervrugte bymekaargemaak.
13 Meanwhile, Johanan son of Kareah and all the commanders of the armies in the field came to Gedaliah at Mizpah
13 Yoganan, die seun van Kareag en al die bevelvoerders van die leërs wat in die veld was, het na G’dalyahu, in Mitzpah, gekom
14 and warned him, “Don’t you realize that Baalis, king of the Ammonites, has sent Ishmael son of Nethaniah to kill you? ” But Gedaliah son of Ahikam would not believe them.
14 en vir hom gesê: “Is u wel bewus daarvan dat Ba’alis, koning van die seuns van `Ammon, vir Yishma’el, die seun van N’tanyahu, gestuur het om u lewe te neem?” G’dalyahu, die seun van Agikam, het hulle egter nie geglo nie.
15 Then Johanan son of Kareah suggested to Gedaliah in private at Mizpah, “Let me go kill Ishmael son of Nethaniah. No one will know it. Why should he kill you and scatter all of Judah that has gathered to you so that the remnant of Judah would perish? ”
15 Toe het Yoganan, die seun van Kareag, in die geheim met G’dalyahu in Mitzpah gepraat en gesê: “Laat my gaan en Yishma’el, die seun van N’tanyahu, doodmaak en niemand sal weet nie. Hoekom sou hy u lewe neem sodat al die Jode wat by u versamel is, verstrooi word en die oorblyfsel van Y’hudah tot niet gaan?”
16 But Gedaliah son of Ahikam responded to Johanan son of Kareah, “Don’t

do that! What you’re saying about Ishmael is a lie.”
16 G’dalyahu, die seun van Agikam, het egter vir Yoganan, die seun van Kareag gesê: “Moenie hierdie ding doen nie, want jy vertel ’n leuen oor Yishma’el.”

Jeremiah 41

1 In the seventh month, Ishmael son of Nethaniah, son of Elishama, of the royal family and one of the king’s chief officers, came with 10 men to Gedaliah son of Ahikam at Mizpah. They ate a meal together there in Mizpah,
1 In die sewende maand het Yishma’el, die seun van N’tanyahu, die seun van Elishama, uit die koninklike familie en die bevelvoerende offisiere van die koning en tien man saam met hom in Mitzpah, by G’dalyahu, die seun van Agikam, gekom. Terwyl hulle daar in Mitzpah saam brood geëet het,
2 but then Ishmael son of Nethaniah and the 10 men who were with him got up and struck down Gedaliah son of Ahikam, son of Shaphan, with the sword; he killed the one the king of Babylon had appointed in the land.
2 het Yishma’el, die seun van N’tanyahu en die tien manne wat by hom was, opgestaan en vir G’dalyahu, die seun van Agikam, die seun van Shafan, met die swaard neergeslaan en die een doodgemaak wat die koning van Bavel oor die land aangestel het.
3 Ishmael also struck down all the Judeans who were with Gedaliah at Mizpah, as well as the Chaldean soldiers who were there.
3 Yishma’el het ook almal van Y’hudah wat by hom, by G’dalyahu, in Mitzpah was en die Kasdeërs, die krygsmanne, wat daar te vinde was, doodgeslaan.
4 On the second day after he had killed Gedaliah, when no one knew yet,
4 Dit het gebeur op die volgende dag nadat hy G’dalyahu doodgemaak het terwyl niemand dit geweet het nie,
5 80 men came from Shechem, Shiloh, and Samaria who had shaved their beards, torn their garments, and gashed themselves, and who were carrying grain and incense offerings to bring to the temple of the LORD.
5 dat daar tagtig manne vanaf Sh’khem, Shiloh en Shomron gekom het met afgeskeerde baard, geskeurde klere en gekerfde liggame, met graanoffers en wierook in hulle hande om dit na die huis van
יהוה te bring.
7 "Be prepared and get yourself ready, you and all your company who have been mobilized around you; you will be their guard.
7 Wees gereed en berei jouself voor, jy en al jou menigtes wat by jou vergader het en wees vir hulle 'n wag.
8 After a long time you will be summoned. In the last years you will enter a land that has been restored from war and regathered from many peoples to the mountains of Israel, which had long been a ruin. They were brought out from the peoples, and all of them now live securely.
8 Ná baie dae sal jy geroep word; in die laaste jare sal jy in 'n land inkom wat van die swaard herstel het, wat versamel is uit baie nasies na die berge van

Yisra’el wat voortdurende puinhope was, maar sy mense is vanuit die nasies gebring en hulle bly almal in veiligheid.
9 You, all of your troops, and many peoples with you will advance, coming like a thunderstorm; you will be like a cloud covering the land.
9 Jy sal opgaan, jy sal kom soos ’n storm; jy sal wees soos ’n wolk wat die land oordek, jy, al jou troepe en baie volke saam met jou.”
10 “This is what the Lord GOD says: On that day, thoughts will arise in your mind, and you will devise an evil plan.
10 So sê יהוה-God: “Dit sal gebeur in daardie dag dat daar gedagtes in jou denke sal opkom en jy sal ’n bose plan beraam
11 You will say, ‘I will go up against a land of open villages; I will come against a tranquil people who are living securely, all of them living without walls and without bars or gates —
11 en sê: ‘Ek sal opgaan teen die land van ongemuurde dorpe. Ek sal teen hulle opgaan wat rustig is, wat in veiligheid woon; almal van hulle bly sonder muur met geen grendels of poorte nie;
12 in order to seize spoil and carry off plunder, to turn your hand against ruins now inhabited and against a people gathered from the nations, who have been acquiring cattle and possessions and who live at the center of the world.’
12 om buit te maak en plunder te vat, om jou hand te draai teen die puinhope wat weer bewoon is en teen die mense wat vanuit die nasies versamel is, wat vee en goedere verkry het, wat in die middel van die aarde woon.’
13 Sheba and Dedan and the merchants of Tarshish with all its rulers will ask you, ‘Have you come to seize spoil? Have you assembled your hordes to carry off plunder, to make off with silver and gold, to take cattle and possessions, to seize great spoil? ’
13 Sh’va, D’dan, die handelaars van Tarshish en al sy dorpies sal vir jou sê: ‘Kom jy om buit te maak? Het jy jou menigte bymekaar laat kom om plunder te vat, om silwer en goud weg te dra, om vee en goedere weg te vat, om ’n groot buit te maak?’”’
14 “Therefore prophesy, son of man, and say to Gog: This is what the Lord GOD says: On that day when My people Israel are dwelling securely, will you not know this
14 Profeteer daarom, o seun van ’n mens en sê vir Gog: ‘So sê יהוה-God: “Op daardie dag wanneer My volk Yisra’el veilig bly, sal jy dit nie weet nie?
15 and come from your place in the remotest parts of the north — you and many peoples with you, who are all riding horses — a mighty horde, a huge army?
15 Jy sal kom uit jou plek, vanuit die uiterste plekke van die noorde, jy en baie volke saam met jou wat almal op perde ry, ’n groot menigte en ’n magtige leër
16 You will advance against My people Israel like a cloud covering the land. It will happen in the last days, Gog, that I will bring you against My land so that

the nations may know Me, when I show Myself holy through you in their sight.
16 en jy sal soos ’n wolk die land toedek teen My volk Yisra’el. Dit sal gebeur in die laaste dae sodat Ek jou teen My land sal bring sodat die nasies My kan ken wanneer Ek My deur jou, o Gog, voor hulle oë laat afsonder.”
17 “This is what the Lord G**OD** says: Are you the one I spoke about in former times through My servants, the prophets of Israel, who for years prophesied in those times that I would bring you against them?
17 So sê הוהי-God: “Is jy die een van wie Ek in die vroeër dae gepraat het deur My knegte, die profete van Yisra’el, wat in daardie dae geprofeteer het, vir jare, dat Ek jou teen hulle sal bring?
18 Now on that day, the day when Gog comes against the land of Israel” — this is the declaration of the Lord G**OD** — “My wrath will flare up.
18 Dit sal gebeur op daardie dag, wanneer Gog teen die land van Yisra’el kom,” verklaar הוהי-God, “dat My toorn sal opbou in My woede.
19 I swear in My zeal and fiery rage: On that day there will be a great earthquake in the land of Israel.
19 In My ywer en in My brandende toorn verklaar Ek dat daar sekerlik op daardie dag ’n groot aardbewing sal wees in die land van Yisra’el.
20 The fish of the sea, the birds of the sky, the animals of the field, every creature that crawls on the ground, and every human being on the face of the earth will tremble before Me. The mountains will be thrown down, the cliffs will collapse, and every wall will fall to the ground.
20 Die visse van die see, die voëls van die hemel, die wilde diere van die veld, al die gediertes wat op die grond kruip en al die mense wat op die aarde is sal bewe in My Teenwoordigheid; die berge sal ook neergegooi word, die steil paadjies sal inmekaarstort en al die mure sal op die grond neerval.
21 I will call for a sword against him on all My mountains” — the declaration of the Lord G**OD** — “and every man’s sword will be against his brother.
21 Ek sal roep vir ’n swaard teen hom op al My berge,” verklaar הוהי-God. “Elke man se swaard sal teen sy broer wees.
22 I will execute judgment on him with plague and bloodshed. I will pour out torrential rain, hailstones, fire, and brimstone on him, as well as his troops and the many peoples who are with him.
22 Ek sal in die oordeel met hom tree met pes en met bloed en Ek sal ’n geweldige stortreën, met haelstene, vuur en swael op hom, op sy leërs en op die baie volke wat saam met hom is, laat reën.
23 I will display My greatness and holiness, and will reveal Myself in the sight of many nations. Then they will know that I am Yahweh.
23 Ek sal Myself verhef, Myself afsonder en Myself bekendmaak voor die oë van baie nasies en hulle sal weet dat Ek הוהי is.’”

Ezekiel 39

1 "As for you, son of man, prophesy against Gog and say: This is what the Lord GOD says: Look, I am against you, Gog, chief prince of Meshech and Tubal.
1 "Jy, seun van 'n mens, profeteer teen Gog en sê: 'So sê יהוה-God: "Let op, Ek is teen jou, o Gog, hoofprins van Meshekh en Tuval.
2 I will turn you around, drive you on, and lead you up from the remotest parts of the north. I will bring you against the mountains of Israel.
2 Ek sal jou omdraai en jou voortdryf, jou bring vanuit die verste dele van die noorde en jou teen die berge van Yisra'el laat kom.
3 Then I will knock your bow from your left hand and make your arrows drop from your right hand.
3 Ek sal jou boog uit jou linkerhand slaan en jou pyle uit jou regterhand laat val.
4 You, all your troops, and the peoples who are with you will fall on the mountains of Israel. I will give you as food to every kind of predatory bird and to the wild animals.
4 Jy sal val op die berge van Yisra'el, jy en al jou troepe en die volke wat saam met jou is; Ek sal jou gee as kos aan elke soort roofvoël en aan elke soort wilde dier van die veld.
5 You will fall on the open field, for I have spoken." This is the declaration of the Lord GOD.
5 Jy sal op die oop veld val, want dit is Ek wat gepraat het," verklaar יהוה-God.
6 "I will send fire against Magog and those who live securely on the coasts and islands. Then they will know that I am Yahweh.
6 "Ek sal vuur stuur op Magog en die wat in veiligheid die kuslande bewoon en hulle sal weet dat Ek יהוה is.
7 So I will make My holy name known among My people Israel and will no longer allow it to be profaned. Then the nations will know that I am Yahweh, the Holy One in Israel.
7 Ek sal My afgesonderde Naam (Karakter en Outoriteit) bekendmaak te midde van My volk Yisra'el en Ek sal nie dat My afgesonderde Naam meer onteer word nie en die nasies sal weet dat Ek יהוה is, die Afgesonderde Een in Yisra'el.
8 Yes, it is coming, and it will happen." This is the declaration of the Lord GOD. "This is the day I have spoken about.
8 Let op, dit kom en dit sal gedoen word," verklaar יהוה-God. "Dít is die dag waarvan Ek gepraat het;
9 "Then the inhabitants of Israel's cities will go out, kindle fires, and burn the weapons — the bucklers and shields, the bows and arrows, the clubs and spears. For seven years they will use them to make fires.
9 dan sal die inwoners van die stede van Yisra'el uitgaan en vuur maak met

die wapens en hulle brand, beide klein en groot skilde, boë en pyle, knopkieries en spiese en hulle sal daarmee vuur maak vir sewe jaar lank.
10 They will not gather wood from the countryside or cut it down from the forests, for they will use the weapons to make fires. They will take the loot from those who looted them and plunder those who plundered them." This is the declaration of the Lord GOD.
10 Hulle sal nie hout uit die veld vat of vuurmaakhout in die woude bymekaarmaak nie, want hulle sal vuurmaak met die wapens en hulle sal die buit vat van dié wat hulle buit gevat het en die plunder vat van dié wat hulle geplunder het," verklaar יהוה-God.
11 "Now on that day I will give Gog a burial place there in Israel — the Valley of the Travelers east of the Sea. It will block those who travel through, for Gog and all his hordes will be buried there. So it will be called the Valley of Hamon-gog.
11 Op daardie dag sal Ek vir Gog 'n begraafplaas daar in Yisra'el gee, die vallei van dié wat aan die oostekant van die see verbytrek en dit sal die wat deurtrek blokkeer. Daar sal hulle vir Gog begrawe en sy hele menigte en hulle sal dit noem: die vallei van Hamon-Gog.
12 The house of Israel will spend seven months burying them in order to cleanse the land.
12 Die huis van Yisra'el sal sewe maande lank besig wees om hulle te begrawe om die land te reinig.
13 All the people of the land will bury them and their fame will spread on the day I display My glory." This is the declaration of the Lord GOD.
13 Al die mense van die land sal hulle begrawe en dit sal tot hulle roem wees, die dag as Ek Myself loof en vereer," verklaar יהוה-God.
14 "They will appoint men on a full-time basis to pass through the land and bury the invaders who remain on the surface of the ground, in order to cleanse it. They will make their search at the end of the seven months.
14 Selfs sewe maande daarna sal daar manne wees wat voortdurend deur die land gaan en die wat bo-op die grond oorgebly het begrawe, om dit te reinig.
15 When they pass through the land and one of them sees a human bone, he will set up a marker next to it until the buriers have buried it in the Valley of Hamon-gog.
15 Elkeen wat deur die land trek, enige een wat 'n mensebeen sien, sal 'n merkteken daarby opsit totdat die begrawers dit begrawe het in die vallei van Hamon-Gog.
16 There will even be a city named Hamonah there. So they will cleanse the land.
16 Selfs die naam van die stad sal Hamonah wees. So sal hulle die land reinig."'
17 "Son of man, this is what the Lord GOD says: Tell every kind of bird and all the wild animals: Assemble and come! Gather from all around to My sacrificial feast that I am slaughtering for you, a great feast on the mountains

of Israel; you will eat flesh and drink blood.
17 Jy, seun van ’n mens, so sê יהוה-God: ‘Praat met elke soort voël en met elke soort wilde dier van die veld: “Vergader en kom, versamel vanaf elke kant by My offer wat Ek vir julle gaan offer, as ’n groot offer op die berge van Yisra’el dat julle vlees mag eet en bloed drink!
18 You will eat the flesh of mighty men and drink the blood of the earth’s princes: rams, lambs, male goats, and all the fattened bulls of Bashan.
18 Julle sal die vlees van die magtige manne eet en die bloed van die prinse van die aarde drink, asof ramme, lammers, bokke, bulle, almal vetgemaakte diere van Bashan.
19 You will eat fat until you are satisfied and drink blood until you are drunk, at My sacrificial feast that I have prepared for you.
19 Julle sal vet eet totdat julle oorversadig is en bloed drink totdat julle dronk is, van My offer wat Ek vir julle geoffer het.
20 At My table you will eat your fill of horses and riders, of mighty men and all the warriors.” This is the declaration of the Lord GOD.
20 Julle sal aan My tafel ooreet wees aan perde en hulle ruiters, aan magtige manne en alle soorte krygsmanne,” verklaar יהוה-God.
21 “I will display My glory among the nations, and all the nations will see the judgment I have executed and the hand I have laid on them.
21 Ek sal My Gemanifesteerde Teenwoordigheid tussen die nasies bring en al die nasies sal My oordeel sien wat Ek uitgevoer het en My hand wat Ek op hulle gelê het.
22 From that day forward the house of Israel will know that I am Yahweh their God.
22 Die huis van Yisra’el sal van daardie dag af aan weet dat Ek, יהוה, hulle God is.
23 And the nations will know that the house of Israel went into exile on account of their iniquity, because they dealt unfaithfully with Me. Therefore, I hid My face from them and handed them over to their enemies, so that they all fell by the sword.
23 Die nasies sal weet dat die huis van Yisra’el as gevolg van hulle onregverdigheid in ballingskap gegaan het omdat hulle ontrou teenoor My opgetree het en Ek My gesig vir hulle weggesteek het; Ek het hulle in die hand van hul teëstanders oorgegee en almal van hulle het deur die swaard geval.
24 I dealt with them according to their uncleanness and transgressions, and I hid My face from them.
24 Volgens hulle onreinheid en volgens hulle oortredinge het Ek met hulle gehandel en My gesig vir hulle weggesteek.”’”
25 “So this is what the Lord GOD says: Now I will restore the fortunes of Jacob and have compassion on the whole house of Israel, and I will be jealous for My holy name.

25 הוהי-God sê daarom: "Nou sal Ek die welgevalle van Ya'akov herstel en omgee vir die hele huis van Yisra'el en Ek sal jaloers wees ter wille van My afgesonderde Naam (Karakter en Outoriteit).
26 They will feel remorse for their disgrace and all the unfaithfulness they committed against Me, when they live securely in their land with no one to frighten them.
26 Hulle sal hul vernedering vergeet en al hul ontrouheid wat hulle teen My begaan het, wanneer hulle veilig in hul land woon met niemand om hulle bang te maak nie.
27 When I bring them back from the peoples and gather them from the countries of their enemies, I will demonstrate My holiness through them in the sight of many nations.
27 Wanneer Ek hulle terugbring uit die volke en hulle versamel uit die lande van hulle vyande, dan sal Ek deur hulle afgesonder word voor die oë van baie nasies,
28 They will know that I am Yahweh their God when I regather them to their own land after having exiled them among the nations. I will leave none of them behind.
28 dan sal hulle weet dat Ek, הוהי, hulle God is omdat Ek hulle in ballingskap laat gaan het tussen die nasies en hulle toe versamel het in hulle eie land en Ek sal nie een van hulle meer daar agterlaat nie.
29 I will no longer hide My face from them, for I will pour out My Spirit on the house of Israel." This is the declaration of the Lord GOD.
29 Ek sal nie langer My gesig vir hulle wegsteek nie, want Ek sal My Gees oor die huis van Yisra'el uitgiet," verklaar הוהי-God.

Ezekiel 40

1 In the twenty-fifth year of our exile, at the beginning of the year, on the tenth day of the month in the fourteenth year after Jerusalem had been captured, on that very day the LORD's hand was on me, and He brought me there.
1 In die vyf en twintigste jaar van ons ballingskap, aan die begin van die jaar, op die tiende van die maand, in die veertiende jaar nadat die stad ingeneem is, op daardie selfde dag, was die hand van הוהי op my en Hy het my daarheen gebring.
2 In visions of God He took me to the land of Israel and set me down on a very high mountain. On its southern slope was a structure resembling a city.
2 In visioene van God het Hy my in die land van Yisra'el gebring en my op 'n baie hoë berg neergesit en daarop, na die suide toe, was daar 'n struktuur soos 'n stad.
3 He brought me there, and I saw a man whose appearance was like bronze, with a linen cord and a measuring rod in his hand. He was standing by the

gate.
3 Hy het my daarheen gebring en let op, daar was ’n man wat in sy voorkoms was soos koper, met ’n linne tou en ’n meetstok in sy hand en hy het in die poort gestaan.
4 He spoke to me: “Son of man, look with your eyes, listen with your ears, and pay attention to everything I am going to show you, for you have been brought here so that I might show it to you. Report everything you see to the house of Israel.”
4 Die man het vir my gesê: “Seun van ’n mens, kyk met jou oë, hoor met jou ore en gee aandag aan alles wat ek jou gaan wys, want jy is hierheen gebring om dit vir jou te wys. Verkondig aan die huis van Yisra’el alles wat jy sien.”
5 Now there was a wall surrounding the outside of the temple. The measuring rod in the man’s hand was six units of 21 inches; each unit was the standard length plus three inches. He measured the thickness of the wall structure; it was about 10 feet, and its height was the same.
5 Let op, daar was ’n muur aan die buitekant van die tempel, reg rondom en in die man se hand was ’n meetstok van ses el; elke el was een el en ’n handbreedte. Hy het die dikte van die muur gemeet: een meetstok en die hoogte: een meetstok.
6 Then he came to the gate that faced east and climbed its steps. He measured the threshold of the gate; it was 10 feet deep — the first threshold was 10 feet deep.
6 Toe het hy na die poort toe gegaan wat oos kyk, met sy trappe opgegaan en die drumpel van die poort gemeet: een meetstok in breedte en die ander drumpel: een meetstok in breedte.
7 Each recess was about 10 feet long and 10 feet deep, and there was a space of 8 3/4 feet between the recesses. The inner threshold of the gate on the temple side next to the gate’s portico was about 10 feet.
7 Die wagkamer: een meetstok lank en een meetstok breed en daar was vyf el tussen die wagkamers. Die drumpel van die poort langs die stoep van die poort aan die binnekant: een meetstok.
8 Next he measured the portico of the gate;
8 Toe het hy die stoep van die poort aan die binnekant gemeet: een meetstok.
9 it was 14 feet, and its pilasters were 3 1/2 feet. The portico of the gate was on the temple side.
9 Hy het die stoep van die poort gemeet: agt el en sy sypilare: twee el; die stoep van die poort was aan die binnekant.
10 There were three recesses on each side of the east gate, each with the same measurements, and the pilasters on either side also had the same measurements.
10 Daar was drie wagkamers by die poort na die ooste aan elke kant; al drie het dieselfde afmetings gehad. Die sypilare, weerskante, het ook dieselfde afmetings gehad.

11 Then he measured the width of the gate's entrance; it was 17 $1/2$ feet, while the width of the gateway was 22 $3/4$ feet.
11 Hy het die wydte van die poort-ingang gemeet: tien el; die lengte van die poort: dertien el.
12 There was a barrier of 21 inches in front of the recesses on both sides, and the recesses on each side were 10 $1/2$ feet square.
12 Daar was 'n afskortingsmuur voor die wagkamers van een el aan elke kant en die wagkamers was ses el aan elke kant.
13 Then he measured the gateway from the roof of one recess to the roof of the opposite one; the distance was 43 $3/4$ feet. The openings of the recesses faced each other.
13 Hy het die poort gemeet vanaf die dak van die een wagkamer tot by die dak van die ander: 'n breedte van vyf en twintig el, vanaf deur tot deur.
14 Next, he measured the pilasters — 105 feet. The gate extended around to the pilaster of the court.
14 Hy het die sypilare sestig el hoog gemaak; die poort het omgeloop tot by die sypilaar van die hof.
15 The distance from the front of the gate at the entrance to the front of the gate's portico on the inside was 87 $1/2$ feet.
15 Vanaf die voorkant van die ingangspoort tot by die voorkant van die binnestoep van die poort: vyftig el.
16 The recesses and their pilasters had beveled windows all around the inside of the gateway. The porticoes also had windows all around on the inside. Each pilaster was decorated with palm trees.
16 Daar was geluikte vensters in die rigting van die wagkamers en in die rigting van die sypilare reg rondom; net so ook na die stoepe; daar was ook vensters reg rondom aan die binnekant en op elke sypilaar was palmboom ornamente.
17 Then he brought me into the outer court, and there were chambers and a paved surface laid out all around the court. Thirty chambers faced the pavement,
17 Toe het hy my in die buitenste hof gebring en let op, daar was kamers en 'n plaveisel reg rondom vir die hof gemaak; dertig kamers het na die plaveisel toe gekyk.
18 which flanked the gates and corresponded to the length of the gates; this was the lower pavement.
18 Die plaveisel, (die laer plaveisel), was langs die poorte, ooreenkomstig die lengte van die poorte.
19 Then he measured the distance from the front of the lower gate to the exterior front of the inner court; it was 175 feet. This was the east; next the north is described.
19 Toe het hy die breedte gemeet vanaf die voorkant van die laer poort tot voor die buitekant van die binneste hof: een honderd el, aan die ooste en aan die noordekant.

20 He measured the gate of the outer court facing north, both its length and width.
20 Aangaande die poort van die buitenste hof wat na die noorde lê, het hy sy lengte en sy breedte gemeet.
21 Its three recesses on each side, its pilasters, and its portico had the same measurements as the first gate: 87 $1/2$ feet long and 43 $3/4$ feet wide.
21 Dit het drie wagkamers aan elke kant gehad en sy sypilare en sy stoepe het dieselfde afmeting gehad as die eerste poort: vyftig el sy lengte en vyf en twintig el die breedte.
22 Its windows, portico, and palm trees had the same measurements as those of the gate that faced east. Seven steps led up to the gate, and its portico was ahead of them.
22 Sy vensters, sy stoepe en sy palmboom ornamente het dieselfde afmetings gehad as die poort wat na die ooste kyk; dit kon bereik word deur sewe trappe en sy stoep was voor hom.
23 The inner court had a gate facing the north gate, like the one on the east. He measured the distance from gate to gate; it was 175 feet.
23 Die binneste hof het 'n poort oorkant die poort na die noorde sowel as na die ooste en hy het 'n honderd el gemeet van poort tot poort.
24 He brought me to the south side, and there was also a gate on the south. He measured its pilasters and portico; they had the same measurements as the others.
24 Toe het hy my na die suide toe gelei en let op, daar was 'n poort na die suide en hy het sy sypilare en
sy stoepe gemeet volgens dieselfde afmetings.
25 Both the gate and its portico had windows all around, like the other windows. It was 87 $1/2$ feet long and 43 $3/4$ feet wide.
25 Die poort en sy stoepe het vensters reg rondom gehad, soos die ander vensters; die lengte was vyftig el en die breedte vyf en twintig el.
26 Its stairway had seven steps, and its portico was ahead of them. It had palm trees on its pilasters, one on each side.
26 Sewe trappe het opgegaan daarheen en sy stoepe was voor hulle en dit het palmboom ornamente gehad op sy sypilare, een aan elke kant.
27 The inner court had a gate on the south. He measured from gate to gate on the south; it was 175 feet.
27 Die binneste hof het 'n poort na die suide gehad en hy het van poort tot poort na die suide toe gemeet: 'n honderd el.
28 Then he brought me to the inner court through the south gate. When he measured the south gate, it had the same measurements as the others.
28 Toe het hy my via die Suidpoort na die binneste hof gebring en hy het die Suidpoort gemeet volgens daardie selfde afmetings.
29 Its recesses, pilasters, and portico had the same measurements as the others. Both it and its portico had windows all around. It was 87 $1/2$ feet long and 43 $3/4$ feet wide.

29 Sy wagkamers, sy sypilare en sy stoepe was volgens daardie selfde afmetings en die hek en die stoepe het vensters reg rondom gehad; dit was vyftig el lank en vyf en twintig el breed.
30 There were porticoes all around, 43 $3/4$ feet long and 8 $3/4$ feet wide.)
30 Daar was stoepe reg rondom; vyf en twintig el lank en vyf el breed.
31 Its portico faced the outer court, and its pilasters were decorated with palm trees. Its stairway had eight steps.
31 Sy stoepe was na die buitenste hof met palmboom ornamente op sy sypilare en sy trap het agt trappe gehad.
32 Then he brought me to the inner court on the east side. When he measured the gate, it had the same measurements as the others.
32 Hy het my in die binneste hof ingebring in die rigting van die ooste en hy het die poort gemeet volgens daardie selfde afmetings.
33 Its recesses, pilasters, and portico had the same measurements as the others. Both it and its portico had windows all around. It was 87 $1/2$ feet long and 43 $3/4$ feet wide.
33 Ook sy wagkamers, sy sypilare en sy stoepe was volgens daardie selfde afmetings en die poort en die stoepe het vensters reg rondom gehad; dit was vyftig el lank en vyf en twintig el breed.
34 Its portico faced the outer court, and its pilasters were decorated with palm trees on each side. Its stairway had eight steps.
34 Sy stoepe was in die rigting van die buitenste hof en daar was palmboom ornamente op sy sypilare aan elke kant en sy trap het agt trappe gehad.
35 Then he brought me to the north gate. When he measured it, it had the same measurements as the others,
35 Toe het hy my na die Noordpoort gebring en hy het dit gemeet volgens daardie selfde afmetings,
36 as did its recesses, pilasters, and portico. It also had windows all around. It was 87 $1/2$ feet long and 43
$3/4$ feet wide.
36 sy wagkamers, sy sypilare en sy stoepe. Die poort het vensters reg rondom gehad; die lengte was vyftig el en die breedte vyf en twintig el.
37 Its portico faced the outer court, and its pilasters were decorated with palm trees on each side. Its stairway had eight steps.
37 Sy stoepe was in die rigting van die buitenste hof en daar was palmboom ornamente op elke kant op sy sypilare en sy trap het agt trappe gehad.
38 There was a chamber whose door opened into the portico of the gate. The burnt offering was to be washed there.
38 ’n Kamer met sy ingang was by die sypilare by die poorte; daar het hulle die brandoffer afgespoel.
39 Inside the portico of the gate there were two tables on each side, on which to slaughter the burnt offering, sin offering, and restitution offering.
39 Op die stoepe van die poort was twee tafels aan elke kant om daarop die brandoffer, die sondoffer en die oortredingsoffer te slag.

40 Outside, as one approaches the entrance of the north gate, there were two tables on one side and two more tables on the other side of the gate's portico.
40 Aan die buitekant, soos jy opgaan na die poort in die noorde, was twee tafels en aan die ander kant van die stoep van die poort, was twee tafels.
41 So there were four tables inside the gate and four outside, eight tables in all on which the slaughtering was to be done.
41 Vier tafels was aan elke kant langs die poort; agt tafels waarop hulle geslag het.
42 There were also four tables of cut stone for the burnt offering, each 31 1/2 inches long, 31 1/2 inches wide, and 21 inches high. The utensils used to slaughter the burnt offerings and other sacrifices were placed on them.
42 Daar was vier tafels vir die brandoffer, van gekapte klip, 'n anderhalf el lank, 'n anderhalf el breed en een el hoog waarop hulle die instrumente neergesit het waarmee hulle die brandoffer en die slagoffer geslag het.
43 There were three-inch hooks fastened all around the inside of the room, and the flesh of the offering was to be laid on the tables.
43 Die dubbel hake, 'n handbreedte lank, was reg rondom die huis opgesit en op die tafels was die vleis vir die offers.
44 Outside the inner gate, within the inner court, there were chambers for the singers: one beside the north gate, facing south, and another beside the south gate, facing north.
44 Vanaf die buitekant tot by die binneste poort was daar kamers vir die sangers in die binneste hof, een van hulle was langs die Noordpoort, met sy voorkant na die suide toe en een was langs die Suidpoort, met die voorkant na die noorde toe.
45 Then the man said to me: "This chamber that faces south is for the priests who keep charge of the temple.
45 Hy het vir my gesê: "Hierdie is die kamer wat na die suide kyk, vir die priesters wat die tempel moet versorg,
46 The chamber that faces north is for the priests who keep charge of the altar. These are the sons of Zadok, the ones from the sons of Levi who may approach the LORD to serve Him."
46 maar die kamer wat na die noorde toe kyk is vir die priesters wat die altaar versorg. Hulle is die seuns van Tzadok, wat vanuit die seuns van Levi nader mag kom na יהוה om Hom te bedien.
47 Next he measured the court. It was square, 175 feet long and 175 feet wide. The altar was in front of the temple.
47 Hy het die hof gemeet: 'n vierkant, een honderd el lank en 'n honderd el breed en die altaar was voor die tempel.
48 Then he brought me to the portico of the temple and measured the pilasters of the portico; they were
8 3/4 feet thick on each side. The width of the gateway was 24 1/2 feet, and the side walls of the gate were 5 1/4 feet wide on each side.

48 Toe het hy my na die stoep van die tempel gebring en elke sypilaar van die stoep gemeet: vyf el aan elke kant en die breedte van die poort was drie el aan elke kant.
49 The portico was 35 feet across and 21 feet deep, and 10 steps led up to it. There were pillars by the pilasters, one on each side.
49 Die lengte van die stoep was twintig el en die breedte elf el en by die trappe waarmee daarheen opgegaan is, was daar pilare by die sypilare, een aan elke kant.

Ezekiel 41

1 Next he brought me into the great hall and measured the pilasters; on each side the width of the pilaster was 10 $1/2$ feet.
1 Toe het hy my na die hoofvertrek gebring en die sypilare gemeet: die breedte van die sypilare was ses el breed aan elke kant.
2 The width of the entrance was 17 $1/2$ feet, and the side walls of the entrance were 8 $3/4$ feet wide on each side. He also measured the length of the great hall, 70 feet, and the width, 35 feet.
2 Die breedte van die ingang: tien el en die symure van die ingang: vyf el aan elke kant; hy het die lengte van die hoofvertrek gemeet: veertig el en die breedte: twintig el.
3 He went inside the next room and measured the pilasters at the entrance; they were 3 $1/2$ feet wide. The entrance was 10 $1/2$ feet wide, and the width of the entrance's side walls on each side was 12 $1/4$ feet.
3 Toe het hy ingegaan en elke sypilaar van die ingang gemeet: twee el en die ingang: ses el hoog en die breedte van die ingang: sewe el.
4 He then measured the length of the room adjacent to the great hall, 35 feet, and the width, 35 feet. And he said to me, “This is the most holy place.”
4 Hy het sy lengte gemeet: twintig el en die breedte: twintig el, voor die hoofvertrek en hy het vir my gesê: “Hierdie is die Mees Afgesonderde Plek.”
5 Then he measured the wall of the temple; it was 10 $1/2$ feet thick. The width of the side rooms all around the temple was seven feet.
5 Toe het hy die muur van die tempel gemeet: ses el en die breedte van die sykamers: vier el, reg rondom die huis aan elke kant.
6 The side rooms were arranged one above another in three stories of 30 rooms each. There were ledges on the wall of the temple all around to serve as supports for the side rooms, so that the supports would not be in the temple wall itself.
6 Die sykamers was in drie verdiepings, bo-op mekaar en dertig op elke verdieping en die sykamers het gereik tot by die muur aan hulle binnekant, reg rondom, om daaraan vas te wees en nie aan die muur van die tempel vas te wees nie.
7 The side rooms surrounding the temple widened at each successive story, for the structure surrounding the temple went up by stages. This was the

reason for the temple's broadness as it rose. And so, one would go up from the lowest story to the highest by means of the middle one.
7 Die sykamers rondom die tempel was breër met elke volgende verdieping; omdat die struktuur wat die tempel omring in stappe opwaarts gegaan het aan alle kante van die tempel; daarom het die breedte van die tempel vermeerder soos dit hoër geword het en so het mens opgegaan vanaf die onderste na die boonste verdieping deur die tweede verdieping.
8 I saw that the temple had a raised platform surrounding it; this foundation for the side rooms was 10
1/2 feet high.
8 Ek het ook gesien dat die huis 'n opgeligte platvorm reg rondom het en die sykamers was die volle meetstok van ses el geskei van mekaar.
9 The thickness of the outer wall of the side rooms was 8 3/4 feet. The free space between the side rooms of the temple
9 Die dikte van die buitemuur van die sykamers was vyf el, maar die oop ruimte tussen die sykamers wat aan die tempel behoort het
10 and the outer chambers was 35 feet wide all around the temple.
10 en die buitenste kamers was twintig el breed, reg rondom die tempel aan elke kant.
11 The side rooms opened into the free space, one entrance toward the north and another to the south. The area of free space was 8 3/4 feet wide all around.
11 Die deuropeninge van die sykamers na die oop ruimte was een deur in die rigting van die noorde en 'n ander een in die rigting van die suide en die breedte van die oop ruimte: vyf el reg rondom.
12 Now the building that faced the temple yard toward the west was 122 1/2 feet wide. The wall of the building was 8 3/4 feet thick on all sides, and the building's length was 157 1/2 feet.
12 Die gebou wat voor die afsonderlike ruimte na die westekant toe lê, was sewentig el breed en die muur van die gebou was vyf el dik reg rondom en sy lengte negentig el.
13 Then the man measured the temple; it was 175 feet long. In addition, the temple yard and the building, including its walls, were 175 feet long.
13 Toe het hy die tempel gemeet: een honderd el lank; die afsonderlike ruimte met die gebou en sy mure was ook 'n honderd el lank.
14 The width of the front of the temple along with the temple yard to the east was 175 feet.
14 Die breedte van die voorkant van die tempel en van die afsonderlike ruimtes na die ooste toe was ook 'n honderd el.
15 Next he measured the length of the building facing the temple yard to the west, with its galleries on each side; it was 175 feet. The interior of the great hall and the porticoes of the court —
15 Hy het die lengte van die gebou al langs die voorkant van die afsonderlike deel, agter dit, gemeet, met 'n galery aan elke kant: een honderd el; hy het

ook die binneste hoofvertrek en die stoepe van die hof gemeet.
16 the thresholds, the beveled windows, and the balconies all around with their three levels opposite the threshold — were overlaid with wood on all sides. They were paneled from the ground to the windows but the windows were covered),
16 Die drumpels, die tralievensters en die galerye rondom hulle drie verdiepings, oorkant die drumpel was van houtpanele reg rondom en vanaf die grond tot by die vensters, maar die vensters was bedek,
17 reaching to the top of the entrance, and as far as the inner temple and on the outside. On every wall all around, on the inside and outside, was a pattern
17 bokant die ingang, tot in die binneste huis, aan die buitekant en op al die mure reg rondom, binnekant en buitekant, met vaste mate.
18 carved with cherubim and palm trees. There was a palm tree between each pair of cherubim. Each cherub had two faces:
18 Dit was uitgekerf met gérubs en palmbome en daar was ’n palmboom tussen gerub en gerub; elke gerub het twee gesigte gehad:
19 a human face turned toward the palm tree on one side, and a lion’s face turned toward it on the other. They were carved throughout the temple on all sides.
19 die gesig van ’n mens na die palmboom toe aan een kant en die gesig van ’n jong leeu na die palmboom aan die ander kant; hulle is op die hele huis uitgekerf, reg rondom.
20 Cherubim and palm trees were carved from the ground to the top of the entrance and on the wall of the great hall.
20 Vanaf die grond tot bokant die ingang is gérubs en palmbome uitgekerf, sowel as aan die muur van die hoofvertrek.
21 The doorposts of the great hall were square, and the front of the sanctuary had the same appearance.
21 Die deurposte van die hoofvertrek was vierkantig en wat die voorkant van die Afgesonderde Plek betref, was die voorkoms van een deurpos soos die van die ander.
22 The altar was made of wood, 5 1/4 feet high and 3 1/2 feet long. It had corners, and its length and sides were of wood. The man told me, “This is the table that stands before the LORD.”
22 Die altaar was van hout, drie el hoog en sy lengte was twee el; sy hoeke, sy voetstuk en sy sykante was van hout. Hy het vir my gesê: “Dit is die tafel wat voor die Teenwoordigheid van הוהי is.”
23 The great hall and the sanctuary each had a double door,
23 Die hoofvertrek en die Afgesonderde Plek het elkeen ’n dubbeldeur gehad.
24 and each of the doors had two swinging panels. There were two panels for one door and two for the other.
24 Elkeen van die deure het twee panele gehad, twee swaaiende panele; twee panele vir die een deur en twee vir die ander.

25 Cherubim and palm trees were carved on the doors of the great hall like those carved on the walls. There was a wooden canopy outside, in front of the portico.
25 Daar was ook op die deure van die hoofvertrek gérubs en palmbome uitgekerf soos die wat op die mure uitgekerf is en daar was ’n drumpel van hout aan die voorkant van die stoep, buitekant.
26 There were beveled windows and palm trees on both sides, on the side walls of the portico, the side rooms of the temple, and the canopies.
26 Daar was tralievensters en palmbome aan weerskante aan die symure van die stoep; so was die sykamers van die huis en die drumpels.

Ezekiel 42

1 Then the man led me out by way of the north gate into the outer court. He brought me to the group of chambers opposite the temple yard and opposite the building to the north.
1 Toe het hy my uitgebring na die buitenste hof, by die pad na die noorde en hy het my gebring by die kamer wat oorkant die afsonderlike area en oorkant die gebou na die noorde toe was.
2 Along the length of the chambers, which was 175 feet, there was an entrance on the north; the width was 87 1/2 feet.
2 Met die lengte langs, wat een honderd el was, was die noordelike deur; die breedte was vyftig el.
3 Opposite the 35 foot space belonging to the inner court and opposite the paved surface belonging to the outer court, the structure rose gallery by gallery in three tiers.
3 Oorkant die twintig el wat aan die binneste hof behoort en oorkant die plaveisel wat aan die buitenste hof behoort, was galery bokant galery, drie verdiepings hoog.
4 In front of the chambers was a walkway toward the inside, 17 1/2 feet wide and 175 feet long, and their entrances were on the north.
4 Voor die kamers was ’n binneste gang van tien el breed, ’n gang van een honderd el lank en hulle openinge was in die noorde.
5 The upper chambers were narrower because the galleries took away more space from them than from the lower and middle stories of the building.
5 Die boonste kamers was kleiner, want die galerye het meer spasie van hulle weggevat as van die onderstes en middelstes in die gebou,
6 For they were arranged in three stories and had no pillars like the pillars of the courts; therefore the upper chambers were set back from the ground more than the lower and middle stories.
6 want hulle was in drie verdiepings, maar het nie pilare soos die pilare van die howe gehad nie; daarom is hulle van die grond af weggelig, meer as die onderstes en die middelstes.
7 A wall on the outside ran in front of the chambers, parallel to them, toward

the outer court; it was 87 1/2 feet long.
7 Wat die buitemuur langs die kamers betref, in die rigting van die buitenste hof, na die kamers toe, was sy lengte vyftig el,
8 For the chambers on the outer court were 87 1/2 feet long, while those facing the great hall were 175 feet long.
8 want die lengte van die kamers in die buitenste hof was vyftig el en let op, die wat na die tempel kyk was een honderd el.
9 At the base of these chambers there was an entryway on the east side as one enters them from the outer court.
9 Onder hierdie kamers was die ingang aan die oostekant, soos jy hulle binnegaan vanaf die buitenste hof.
10 In the thickness of the wall of the court toward the south, there were chambers facing the temple yard and the western building,
10 In die dikte van die muur van die hof, na die ooste toe, wat kyk na die afsonderlike area en die bouwerk, was daar kamers.
11 with a passageway in front of them, just like the chambers that faced north. Their length and width, as well as all their exits, measurements, and entrances, were identical.
11 Die pad voor hulle het gelyk soos die kamers wat aan die noordekant was, volgens hulle lengte, so was hulle breedte en al hulle uitgange was beide volgens hulle indelings en openinge.
12 The entrance at the beginning of the passageway, the way in front of the corresponding wall as one enters on the east side, was similar to the entrances of the chambers that were on the south side.
12 Ooreenstemmend met die openinge van die kamers wat in die suide was, was daar ’n opening aan die kop van die gang, die gang voor die muur in die rigting van die ooste, soos ’n mens by hulle ingaan.
13 Then the man said to me, “The northern and southern chambers that face the temple yard are the holy chambers where the priests who approach the LORD will eat the most holy offerings. There they will deposit the most holy offerings — the grain offerings, sin offerings, and restitution offerings — for the place is holy.
13 Toe het hy vir my gesê: “Die noordelike kamers en die suidelike kamers wat oorkant die afsonderlike area is, is die afgesonderde kamers waar die priesters wat naby יהוה is, die mees afgesonderde dinge sal eet. Daar moet hulle die mees afgesonderde dinge neersit: die graanoffer, die sondoffer en die oortredingsoffer, want die plek is afgesonderd.
14 Once the priests have entered, they must not go out from the holy area to the outer court until they have removed the clothes they minister in, for these are holy. They are to put on other clothes before they approach the public area.”
14 Wanneer die priesters ingaan, dan mag hulle nie uit die Afgesonderde Plek uitgaan na die buitenste hof, sonder om hulle klere, waarin hulle bedien, daar neer te sit nie, want hulle is afgesonderd. Hulle moet ander klere aantrek en

dan naderkom aan wat vir die volk bestem is."
15 When he finished measuring inside the temple complex, he led me out by way of the gate that faced east and measured all around the complex.
15 Toe hy klaar die binneste huis opgemeet het, het hy my deur die poort wat na die ooste kyk uitgebring en dit reg rondom gemeet.
16 He measured the east side with a measuring rod; it was 875 feet by the measuring rod.
16 Hy het die oostekant met die meetstok gemeet: vyf honderd stokke, met die meetstok.
17 He measured the north side; it was 875 feet by the measuring rod.
17 Hy het die noordekant gemeet: vyf honderd stokke, met die meetstok.
18 He measured the south side; it was 875 feet by the measuring rod.
18 Aan die suidekant het hy vyf honderd stokke gemeet met die meetstok.
19 Then he turned to the west side and measured 875 feet by the measuring rod.
19 Hy het na die westekant gedraai en vyf honderd stokke gemeet met die meetstok.
20 He measured the temple complex on all four sides. It had a wall all around it, 875 feet long and 875 feet wide, to separate the holy from the common.
20 Hy het dit aan al vier kante gemeet; dit het 'n muur reg rondom gehad; die lengte was vyf honderd en die breedte vyf honderd, om skeiding te maak tussen wat afgesonderd en wat onrein is.

Ezekiel 43

1 He led me to the gate, the one that faces east,
1 Toe het hy my gelei na die poort, die poort wat na die ooste kyk
2 and I saw the glory of the God of Israel coming from the east. His voice sounded like the roar of mighty waters, and the earth shone with His glory.
2 en let op, die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van die God van Yisra'el het van die oostekant af gekom, Sy stem was soos die klank van baie waters en die aarde het geskyn met Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid.
3 The vision I saw was like the one I had seen when He came to destroy the city, and like the ones I had seen by the Chebar Canal. I fell facedown.
3 Dit was soos die verskyning van die visioen wat ek gesien het, die visioen wat ek gesien het toe Hy gekom het om die stad te vernietig en soos die visioen wat ek gesien het by die K'varrivier en ek het op my gesig neergeval.
4 The glory of the LORD entered the temple by way of the gate that faced east.
4 Die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה het in die huis ingekom deur die poort wat na die ooste kyk
5 Then the Spirit lifted me up and brought me to the inner court, and the glory of the LORD filled the temple.
5 en die Gees het my opgelig, my in die binneste hof gebring en let op, die

Gemanifesteerde Teenwoordigheid van הוהי het die huis vol gemaak.
6 While the man was standing beside me, I heard someone speaking to me from the temple.
6 Toe het ek Een gehoor wat met my praat vanaf die huis terwyl 'n man langs my gestaan het.
7 He said to me: "Son of man, this is the place of My throne and the place for the soles of My feet, where I will dwell among the Israelites forever. The house of Israel and their kings will no longer defile My holy name by their religious prostitution and by the corpses of their kings at their high places.
7 Hy het vir my gesê: "Seun van 'n mens, hierdie is die plek van My troon en die plek van My voetsole waar Ek tussen die seuns van Yisra'el vir ewig sal bly; die huis van Yisra'el sal nie weer My Afgesonderde Naam onteer nie; nie hulle of hulle konings, deur hulle hoerery of deur die lyke van hulle konings of met hulle afgode nie,
8 Whenever they placed their threshold next to My threshold and their doorposts beside My doorposts, with only a wall between Me and them, they were defiling My holy name by the detestable acts they committed. So I destroyed them in My anger.
8 want hulle het hul drumpel langs My drumpel gemaak en hul deurpos langs My deurpos, met net die
muur tussen My en hulle en hulle het selfs My afgesonderde Naam onteer deur hulle verwerplikhede wat hulle gedoen het; daarom het Ek hulle in My toorn verteer.
9 Now let them remove their prostitution and the corpses of their kings far from Me, and I will dwell among them forever.
9 Nou laat hulle hul hoerery en die lyke van hul konings ver van My af wegsit en Ek sal vir ewig tussen hulle bly.
10 "As for you, son of man, describe the temple to the house of Israel, so that they may be ashamed of their iniquities. Let them measure its pattern,
10 Wat jou betref, seun van 'n mens, beskryf die tempel aan die huis van Yisra'el sodat hulle skaam kan wees vir hulle onregverdighede en laat hulle die bloudrukplan opmeet.
11 and they will be ashamed of all that they have done. Reveal the design of the temple to them — its layout with its exits and entrances — its complete design along with all its statutes, design specifications, and laws. Write it down in their sight so that they may observe its complete design and all its statutes and may carry them out.
11 As hulle skaam is oor alles wat hulle gedoen het, maak aan hulle die ontwerp van die huis bekend: sy struktuur, sy uitgange, sy ingange, sy hele ontwerp, al sy voorskrifte en al sy wette. Skryf dit voor hulle oë sodat hulle sy hele ontwerp kan waarneem met al sy instellings en dit kan doen.
12 This is the law of the temple: all its surrounding territory on top of the mountain will be especially holy. Yes, this is the law of the temple.
12 Dit is die wet van die huis: sy hele gebied op die top van die berg sal mees

afgesonderd wees. Let op, dit is die wet van die huis.
13 “These are the measurements of the altar in units of length (each unit being the standard length plus three inches): the gutter is 21 inches deep and 21 inches wide, with a rim of nine inches around its edge. This is the base of the altar.
13 Hierdie is die afmetings van die altaar in elle (hierdie el is ’n el en ’n handbreedte): die voetstuk sal ’n el wees en die breedte ’n el en die rand op sy kant reg rondom: omtrent een span en dit sal die hoogte van die basis van die altaar wees.
14 The distance from the gutter on the ground to the lower ledge is 3 1/2 feet, and the width of the ledge is 21 inches. There are seven feet from the small ledge to the large ledge, whose width is also 21 inches.
14 Vanaf die voetstuk op die grond tot by die onderste rand: twee el en die breedte: een el; van die kleiner rand tot by die groter rand: vier el en die breedte: een el.
15 The altar hearth is seven feet high, and four horns project upward from the hearth.
15 Die altaar: vier el en van die altaar af moet vier horings boontoe uitsteek.
16 The hearth is square, 21 feet long by 21 feet wide.
16 Die altaar moet twaalf el lank by twaalf el breed wees, vierkantig in sy vier kante.
17 The ledge is 24 1/2 feet long by 24 1/2 feet wide, with four equal sides. The rim all around it is 10 1/2 inches, and its gutter is 21 inches all around it. The altar’s steps face east.”
17 Die rand moet veertien el lank by veertien el breed wees aan sy vier kante en die rand rondom dit: ’n half-el en die voetstuk daaraan: ’n el reg rondom en sy trappe moet oos kyk.”
18 Then He said to me: “Son of man, this is what the Lord G**OD** says: These are the statutes for the altar on the day it is constructed, so that burnt offerings may be sacrificed on it and blood may be sprinkled on it:
18 Hy het vir my gesê: “Seun van ’n mens, so sê הוהי-God: ‘Hierdie is die instellings vir die altaar op die dag as dit gemaak word, om brandoffers daarop te bring en om bloed daarteen te sprinkel.
19 You are to give a bull from the herd as a sin offering to the Levitical priests who are from the offspring of Zadok, who approach Me in order to serve Me.” This is the declaration of the Lord G*OD*.
19 Jy moet vir die Levitiese priesters wat uit die nageslag van Tzadok is, wat naderkom na My toe om My te bedien,’ verklaar הוהי-God, ‘’n jong bul gee as sondoffer.
20 “You must take some of its blood and apply it to the four horns of the altar, the four corners of the ledge, and all around the rim. In this way you will purify the altar and make atonement for it.
20 Jy moet van sy bloed vat en dit aan die vier horings, op die vier hoeke van die rand en op die rand reg rondom smeer; so moet jy dit dan reinig en

toedekking doen daarvoor.
21 Then you must take away the bull for the sin offering, and it must be burned outside the sanctuary in the place appointed for the temple.
21 Jy moet ook die bul vir die sondoffer vat en dit moet verbrand word in die aangestelde plek van die huis, buitekant die Afgesonderde Plek.
22 “On the second day you are to present an unblemished male goat as a sin offering. They will purify the altar just as they did with the bull.
22 Op die tweede dag moet jy ’n bokram sonder gebrek as sondoffer offer en hulle moet die altaar reinig soos hulle dit met die bul gereinig het.
23 When you have finished the purification, you are to present a young, unblemished bull and an unblemished ram from the flock.
23 Wanneer jy dit klaar gereinig het, moet jy ’n jong bul sonder gebrek en ’n ram sonder gebrek uit die kleinvee aanbied.
24 You must present them before the LORD; the priests will throw salt on them and sacrifice them as a burnt offering to the LORD.
24 Jy moet hulle in die Teenwoordigheid van יהוה aanbied en die priesters moet sout daarop strooi en hulle as brandoffers aan יהוה offer.
25 You will offer a goat for a sin offering each day for seven days. A young bull and a ram from the flock, both unblemished, must also be offered.
25 Vir sewe dae lank moet jy daagliks ’n bok as ’n sondoffer voorberei; ook ’n jong bul en ’n ram uit die kleinvee, sonder gebrek, moet voorberei word.
26 For seven days the priests are to make atonement for the altar and cleanse it. In this way they will consecrate it
26 Vir sewe dae lank moet hulle vir die altaar toedekking doen en dit reinig; so sal hulle dit afsonder.
27 and complete the days of purification. Then on the eighth day and afterward, the priests will offer your burnt offerings and fellowship offerings on the altar, and I will accept you.” This is the declaration of the Lord GOD.
27 Wanneer hulle die dae voltooi het, sal dit wees dat op die agste dag en verder, die priesters julle brandoffers en julle vredesoffers op die altaar sal offer en Ek sal jul aanvaar,’ verklaar יהוה-God.”

Ezekiel 44

1 The man then brought me back toward the sanctuary’s outer gate that faced east, and it was closed.
1 Toe het hy my teruggebring via die buitenste poort van die Afgesonderde Plek wat na die ooste kyk en dit was gesluit.
2 The LORD said to me: “This gate will remain closed. It will not be opened, and no one will enter through it, because the LORD, the God of Israel, has entered through it. Therefore it will remain closed.
2 יהוה het vir my gesê: “Hierdie poort moet toegesluit bly, dit mag nie

oopgemaak word nie en niemand mag daardeur ingaan nie omdat הוהי, die God van Yisra'el, daardeur ingegaan het; daarom moet dit gesluit bly.
3 The prince himself will sit in the gateway to eat a meal before the LORD. He must enter by way of the portico of the gate and go out the same way."

3 Wat die prins betref, hy moet as prins daarin sit om brood te eet voor הוהי; hy moet ingaan via die stoep van die poort en op dieselfde plek uitgaan."
4 Then the man brought me by way of the north gate to the front of the temple. I looked, and the glory of the LORD filled His temple. And I fell facedown.
4 Toe het hy my via die Noordpoort gebring na die voorkant van die huis en ek het gekyk en let op, die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van הוהי het die huis van הוהי vol gemaak en ek het op my gesig neergeval.
5 The LORD said to me: "Son of man, pay attention; look with your eyes and listen with your ears to everything I tell you about all the statutes and laws of the LORD's temple. Take careful note of the entrance of the temple along with all the exits of the sanctuary.
5 הוהי het vir my gesê: "Seun van 'n mens, let goed op, kyk met jou oë en hoor met jou ore alles wat Ek vir jou sal sê aangaande al die regulasies van die huis van הוהי en aangaande al sy wette en gee goed ag op die ingang van die huis, met al die uitgange van die Afgesonderde Plek.
6 "Say to the rebellious people, the house of Israel: This is what the Lord GOD says: I have had enough of all your detestable practices, house of Israel.

6 Jy moet vir die rebelses sê, vir die huis van Yisa'el: 'So sê הוהי-God: "Het jy nie genoeg verwerplikhede gepleeg nie, o huis van Yisra'el?
7 When you brought in foreigners, uncircumcised in both heart and flesh, to occupy My sanctuary, you defiled My temple while you offered My food — the fat and the blood. You broke My covenant by all your detestable practices.
7 Julle bring egter ook vreemdelinge, wat onbesnedenes van verstand, wil en emosie en onbesnedenes van vlees is, in My Afgesonderde Plek in om My huis te onteer wanneer julle My kos, die vet en die bloed offer en julle My verbond tot niks maak deur al julle verwerplikhede.
8 You have not kept charge of My holy things but have appointed others to keep charge of My sanctuary for you.
8 Julle het ook nie My Afgesonderde Plek versorg nie, maar die bewakers van My Afgesonderde Plek vir julleself as wagte gemaak."
9 "This is what the Lord GOD says: No foreigner, uncircumcised in heart and flesh, may enter My sanctuary, not even a foreigner who is among the Israelites.

9 So sê הוהי-God: "Geen vreemdeling, onbesnede van verstand, wil en emosie en onbesnede van vlees, van al die uitlanders wat onder die seuns

van Yisra'el is, mag in My Afgesonderde Plek ingaan nie,
10 Surely the Levites who wandered away from Me when Israel went astray, and who strayed from Me after their idols, will bear the consequences of their sin.
10 maar die Leviete wat ver van My afgewyk het toe Yisra'el weggedwaal het, wat van My af weggedwaal het agter hulle afgode aan, moet die straf van hulle onregverdigheid dra.
11 Yet they will occupy My sanctuary, serving as guards at the temple gates and ministering at the temple. They will slaughter the burnt offerings and other sacrifices for the people and will stand before them to serve them.
11 Nogtans moet hulle bedienaars wees in My Afgesonderde Plek, om toesig te hou by die poorte van die huis en in die huis te bedien; hulle moet die brandoffer en die offer vir die mense slag en voor hulle staan om hulle te bedien.
12 Because they ministered to the house of Israel before their idols and became a sinful stumbling block to them, therefore I swore an oath against them" — this is the declaration of the Lord GOD — "that they would bear the consequences of their sin.
12 Omdat hulle hul gedien het voor hulle afgode en vir die huis van Yisra'el 'n struikelblok tot onregverdigheid geword het, het Ek daarom teen hulle gesweer," verklaar הוהי-God, "dat hulle hul onregverdigheid moet dra.
13 They must not approach Me to serve Me as priests or come near any of My holy things or the most holy things. They will bear their disgrace and the consequences of the detestable acts they committed.
13 Hulle mag nie naderkom na My toe om My as priester te dien nie, of naby enige van My afgesonderde of mees afgesonderde dinge kom nie, maar hulle moet hul skande dra en hul verwerplikhede wat hulle gedoen het.
14 Yet I will make them responsible for the duties of the temple — for all its work and everything done in it.
14 Nogtans sal Ek hulle aanstel om verantwoordelikheid te neem oor die huis, vir al sy bediening en vir alles wat daarin gedoen moet word,
15 "But the Levitical priests descended from Zadok, who kept charge of My sanctuary when the Israelites went astray from Me, will approach Me to serve Me. They will stand before Me to offer Me fat and blood." This is the declaration of the Lord GOD.
15 maar die Levitiese priesters, die seuns van Tzadok, wat My Afgesonderde Plek versorg het toe die seuns van Yisra'el van My af weggedwaal het, moet na My toe naderkom om My te bedien en hulle sal voor My staan om aan My die vet en die bloed te offer," verklaar הוהי-God.
16 "They are the ones who may enter My sanctuary and draw near to My table to serve Me. They will keep My mandate.
16 "Hulle moet My Afgesonderde Plek ingaan; hulle moet naby My tafel kom om My te bedien en My dienswerk doen.
17 When they enter the gates of the inner court they must wear linen

garments; they must not have on them anything made of wool when they minister at the gates of the inner court and within it.
17 Dit sal wees dat wanneer hulle by die poorte van die binneste hof ingaan, hulle in linne klere aangetrek moet wees en wol mag nie op hulle kom terwyl hulle bedien in die poorte van die binneste hof en in die huis nie.
18 They must wear linen turbans on their heads and linen undergarments around their waists. They are not to put on anything that makes them sweat.
18 Linne tulbande moet op hulle kop wees en linne onderklere aan hulle heupe; hulle mag nie aangetrek wees met iets wat hulle laat sweet nie.
19 Before they go out to the outer court, to the people, they must take off the clothes they have been ministering in, leave them in the holy chambers, and dress in other clothes so that they do not transmit holiness to the people through their clothes.
19 Wanneer hulle uitgaan na die buitenste hof, na die volk toe, moet hulle hul klere uittrek waarmee hulle bedien het en dit neersit in die afgesonderde kamers; dan moet hulle ander klere aantrek sodat hulle nie afgesonderdheid na die volk sal oordra met hulle klere nie.
20 “They may not shave their heads or let their hair grow long, but must carefully trim their hair.
20 Hulle mag ook nie hulle koppe kaal skeer nie, nogtans moet hulle nie hulle hare lank laat groei nie; hulle moet die hare van hulle kop net korter sny.
21 No priest may drink wine before he enters the inner court.
21 Ook mag geen priester wyn drink wanneer hy in die binneste hof ingaan nie
22 He is not to marry a widow or a divorced woman, but must marry a virgin from the offspring of the house of Israel, or a widow who is the widow of a priest.
22 en hulle mag nie ’n weduwee of geskeide vrou trou nie, maar jongmeisies uit die nageslag van die huis van Yisra’el of ’n weduwee wat ’n priester se weduwee is.
23 They must teach My people the difference between the holy and the common, and explain to them the difference between the clean and the unclean.
23 Meer nog, hulle moet vir My volk die onderskeid leer tussen wat afgesonderd is en wat onrein is en hulle laat onderskei tussen wat onrein en wat afgesonderd is.
24 “In a dispute, they will officiate as judges and decide the case according to My ordinances. They must observe My laws and statutes regarding all My appointed festivals, and keep My Sabbaths holy.
24 In ’n twis moet hulle opstaan om te oordeel, volgens My voorskrifte moet hulle dit oordeel. Hulle moet ook My wette en My instellings hou op al My aangestelde feeste en My Shabbatte afsonder.
25 A priest may not come near a dead person so that he becomes defiled. However, he may defile himself for a father, a mother, a son, a daughter, a

brother, or an unmarried sister.
25 Hulle mag nie na ’n dooie persoon gaan sodat hul onrein word nie; net vir ’n vader of ’n moeder of ’n seun of ’n dogter, of ’n broer of ’n suster wat nie ’n man gehad het nie, mag hulle hul onrein maak.
26 After he is cleansed, he is to count off seven days for himself.
26 Ná sy reiniging moet sewe dae vir hom verbygaan.
27 On the day he goes into the sanctuary, into the inner court to minister in the sanctuary, he must present his sin offering.” This is the declaration of the Lord GOD.
27 Op die dag as hy in die Afgesonderde Plek ingaan, in die binneste hof, om in die Afgesonderde Plek te bedien, moet hy sy sondoffer offer,” verklaar יהוה-God.
28 “This will be their inheritance: I am their inheritance. You are to give them no possession in Israel: I am their possession.
28 “Dit sal vir hulle ’n erfenis wees: Ek is hulle Erfenis en julle mag geen besitting in Yisra’el aan hulle gee nie: Ek is hulle Besitting.
29 They will eat the grain offering, the sin offering, and the restitution offering. Everything in Israel that is permanently dedicated to the LORD will belong to them.
29 Hulle moet die graanoffer, die sondoffer en die oortredingsoffer eet en elke toegewyde ding in Yisra’el moet hulle s’n wees.
30 The best of all the firstfruits of every kind and contribution of every kind from all your gifts will belong to the priests. You are to give your first batch of dough to the priest so that a blessing may rest on your homes.
30 Die eerste van al die eerste vrugte van alles en elke bydrae van alles, van al julle bydraes, moet vir die priesters wees; julle moet ook vir die priester die eerste van julle deeg gee, om ’n seën op jou huis te laat rus.
31 The priests may not eat any bird or animal that died naturally or was mauled by wild beasts.
31 Die priesters mag nie voëls of diere eet wat natuurlik dood is of verskeur is nie.

Ezekiel 45

1 “When you divide the land by lot as an inheritance, you must set aside a donation to the LORD, a holy portion of the land, 8 1/3 miles long and 6 2/3 miles wide. This entire tract of land will be holy.
1 Wanneer julle die land deur die lot vir erfenisse verdeel, moet julle ’n deel aan יהוה offer, ’n afgesonderde deel van die land; die lengte moet vyf en twintig duisend el wees en die breedte twintig duisend. Dit sal afgesonderd wees binne sy grense reg rondom.
2 In this area there will be a square section for the sanctuary, 875 by 875 feet, with 87 1/2 feet of open space all around it.

2 Hieruit moet daar vir die Afgesonderde Plek ’n vierkant wees van vyf honderd by vyf honderd el en vyftig el vir sy oop spasie reg rondom.
3 From this holy portion, you will measure off an area 8 1/3 miles long and 3 1/3 miles wide, in which the sanctuary, the most holy place, will stand.
3 Vanaf hierdie stuk moet jy ’n lengte van vyf en twintig duisend el en ’n breedte van tien duisend el uitmeet en daarin moet die Afgesonderde Plek en die Mees Afgesonderde Plek wees.
4 It will be a holy area of the land to be used by the priests who minister in the sanctuary, who draw near to serve the LORD. It will be a place for their houses, as well as a holy area for the sanctuary.
4 Dit moet die afgesonderde deel wees van die land; dit moet vir die priesters wat die Afgesonderde Plek bedien, wat naderkom om הוהי te bedien, wees en dit moet vir hulle ’n plek wees vir hulle huise en ’n afgesonderde plek vir die Afgesonderde Plek.
5 There will be another area 8 1/3 miles long and 3 1/3 miles wide for the Levites who minister in the temple; it will be their possession for towns to live in.
5 Vyf en twintig duisend el in lengte en tien duisend el in breedte sal vir die Leviete wees, die bedienaars van die huis, as besitting vir hulle; stede om in te bly.
6 “As the property of the city, you must set aside an area 1 2/3 of a mile wide and 8 1/3 miles long, adjacent to the holy donation of land. It will be for the whole house of Israel.
6 Julle moet aan die stad besit gee van vyf duisend el breed en vyf en twintig duisend el lank, langs die toegedeelde afgesonderde deel; dit sal vir die hele huis van Yisra’el wees.
7 And the prince will have the area on each side of the holy donation of land and the city’s property, adjacent to the holy donation and the city’s property, stretching to the west on the west side and to the east on the east side. Its length will correspond to one of the tribal portions from the western boundary to the eastern boundary.
7 Die prins sal aan weerskante van die afgesonderde deel en van die stadsbesit besit hê, langs die afgesonderde deel en langs die stadsbesit, aan die westekant na die weste en aan die oostekant na die
ooste; in lengte ooreenkomstig een van die gedeeltes, vanaf die westelike grens tot by die oostelike grens.
8 This will be his land as a possession in Israel. My princes will no longer oppress My people but give the rest of the land to the house of Israel according to their tribes.
8 Dit sal sy land wees as ’n besitting in Yisra’el; so sal My prinse nie langer My volk onderdruk nie, maar die res van die land aan die huis van Yisra’el gee volgens hulle stamme.”
9 “This is what the Lord GOD says: You have gone too far, princes of Israel! Put away violence and oppression and do what is just and right. Put an end to

your evictions of My people.” This is the declaration of the Lord GOD.
9 So sê יהוה-God: “Dit is nou genoeg, prinse van Yisra’el; verwyder geweld en vernietiging en beoefen regverdige oordeel, onpartydige opregtheid. Stop jou onteiening van My mense,” verklaar יהוה-God.
10 “You must have honest scales, an honest dry measure, and an honest liquid measure.
10 Julle moet regverdige weegskale hê, ’n regverdige efa en ’n regverdige bat.
11 The dry measure and the liquid measure will be uniform, with the liquid measure containing 5 1/2 gallons and the dry measure holding half a bushel. Their measurement will be a tenth of the standard larger capacity measure.
11 Die efa en die bat moet ’n vaste hoeveelheid wees sodat ’n bat ’n tiende van ’n homer bevat en die efa ’n tiende van ’n homer; hulle standaard sal wees volgens die homer.
12 The shekel will weigh 20 gerahs. Your mina will equal 60 shekels.
12 Die sikkel moet twintig gerah wees; twintig sikkels, vyf en twintig sikkels en vyftien sikkels sal vir julle ’n maneh wees.
13 “This is the contribution you are to offer: Three quarts from five bushels of wheat and three quarts from five bushels of barley.
13 Dit is die offer wat julle moet offer: ’n sesde van ’n efa van ’n homer koring; ook ’n sesde van ’n efa van ’n homer gars
14 The quota of oil in liquid measures will be one percent of every cor. The cor equals 10 liquid measures or one standard larger capacity measure, since 10 liquid measures equal one standard larger capacity measure.
14 en die voorgeskrewe deel van olie: van ’n bat olie, ’n tiende van ’n bat uit ’n kor, dit is tien bat of ’n homer, want tien bat is ’n homer.
15 And the quota from the flock is one animal out of every 200 from the well-watered pastures of Israel.
These are for the grain offerings, burnt offerings, and fellowship offerings, to make atonement for the people.” This is the declaration of the Lord GOD.
15 Een skaap uit ’n trop van twee honderd vanaf die waterdrinkplekke van Yisra’el; as graanoffer, brandoffer en vredesoffers om toedekking te doen vir hulle,” verklaar יהוה-God.
16 “All the people of the land must take part in this contribution for the prince in Israel.
16 “Al die mense van die land moet aan die prins in Yisra’el vir hierdie offer gee.
17 Then the burnt offerings, grain offerings, and drink offerings for the festivals, New Moons, and Sabbaths — for all the appointed times of the house of Israel — will be the prince’s responsibility. He will provide the sin offerings, grain offerings, burnt offerings, and fellowship offerings to make atonement on behalf of the house of Israel.
17 Dit sal die prins se deel wees om die brandoffers, die graanoffers en die drankoffers op die feeste en op die Nuwemane en op die Shabbatte, op al die

aangestelde feeste van die huis van Yisra'el, te voorsien; hy moet die sondoffer, die graanoffer, die brandoffer en die vredesoffers voorsien, om toedekking te doen vir die huis van Yisra'el."
18 "This is what the Lord GOD says: In the first month, on the first day of the month, you are to take a young, unblemished bull and purify the sanctuary.
18 So sê יהוה-God: "In die eerste maand, op die eerste van die maand, moet jy 'n jong bul sonder gebrek vat en die Afgesonderde Plek reinig.
19 The priest must take some of the blood from the sin offering and apply it to the temple doorposts, the four corners of the altar's ledge, and the doorposts of the gate to the inner court.
19 Die priester moet van die bloed van die sondoffer vat en dit aan die deurposte van die huis sit, aan die vier hoeke van die rand van die altaar en aan die deurposte van die poort van die binneste hof.
20 You must do the same thing on the seventh day of the month for everyone who sins unintentionally or through ignorance. In this way you will make atonement for the temple.
20 Jy moet so maak op die sewende van die maand vir die wat verkeerd doen of afdwaal; so moet julle dan toedekking doen vir die huis.
21 "In the first month, on the fourteenth day of the month, you are to celebrate the Passover, a festival of seven days during which unleavened bread will be eaten.
21 In die eerste maand, op die veertiende dag van die maand, moet julle die Pesag hê; 'n fees van sewe dae; ongesuurde brood moet geëet word.
22 On that day the prince will provide a bull as a sin offering on behalf of himself and all the people of the land.
22 Op daardie dag moet die prins vir homself en vir die hele volk 'n bul voorsien as 'n sondoffer.
23 During the seven days of the festival, he will provide seven bulls and seven rams without blemish as a burnt offering to the LORD on each of the seven days, along with a male goat each day for a sin offering.
23 Tydens die sewe dae van die fees moet hy daagliks 'n brandoffer aan יהוה voorsien: sewe bulle en sewe ramme sonder gebrek en daagliks 'n bokram as sondoffer.
24 He will also provide a grain offering of half a bushel per bull and half a bushel per ram, along with a gallon of oil for every half bushel.
24 Hy moet as graanoffer 'n efa vir 'n bul en 'n efa vir 'n ram en 'n hin olie vir 'n efa voorsien.
25 At the festival that begins on the fifteenth day of the seventh month, he will provide the same things for seven days — the same sin offerings, burnt offerings, grain offerings, and oil.
25 In die sewende maand, op die vyftiende dag van die maand, by die fees, moet hy so voorsien: sewe dae vir die sondoffer, die brandoffer en die graanoffer en die olie."

Ezekiel 46

1 “This is what the Lord GOD says: The gate of the inner court that faces east must be closed during the six days of work, but it will be opened on the Sabbath day and opened on the day of the New Moon.

1 So sê יהוה-God: “Die poort van die binneste hof wat na die ooste kyk, moet gedurende die ses werksdae gesluit wees, maar op die Shabbatdag moet dit oopgemaak word en op die dag van die Nuwemaan.

2 The prince should enter from the outside by way of the gate’s portico and stand at the doorpost of the gate while the priests sacrifice his burnt offerings and fellowship offerings. He will bow in worship at the threshold of the gate and then depart, but the gate must not be closed until evening.

2 Die prins moet vanaf die stoep van die poort van buite af ingaan en by die deurpos van die poort gaan staan. Dan moet die priesters sy brandoffer en sy dankoffers hanteer en hy moet by die drumpel van die poort aanbid en dan uitgaan, maar die poort moenie gesluit word, tot die aand toe nie.

3 The people of the land will also bow in worship before the LORD at the entrance of that gate on the Sabbaths and New Moons.

3 Die mense van die land moet ook voor die ingang van dié poort, voor die Teenwoordigheid van יהוה
aanbid, op die Shabbatte en op die Nuwemane.

4 “The burnt offering that the prince presents to the LORD on the Sabbath day is to be six unblemished lambs and an unblemished ram.

4 Die brandoffer wat die prins aan יהוה moet offer op die Shabbatdag, is ses lammers sonder gebrek en ’n ram sonder gebrek

5 The grain offering will be half a bushel with the ram, and the grain offering with the lambs will be whatever he wants to give, as well as a gallon of oil for every half bushel.

5 en die graanoffer moet ’n efa vir die ram wees en vir die lammers moet die graanoffer wees soveel as wat hy kan gee en ’n hin olie vir ’n efa.

6 On the day of the New Moon, the burnt offering is to be a young, unblemished bull, as well as six lambs and a ram without blemish.

6 Op die dag van die Nuwemaan: ’n jong bul sonder gebrek, ses lammers en ’n ram, wat sonder gebrek is

7 He will provide a grain offering of half a bushel with the bull, half a bushel with the ram, and whatever he can afford with the lambs, together with a gallon of oil for every half bushel.

7 en hy moet ’n graanoffer voorsien: ’n efa vir die bul en ’n efa vir die ram, maar vir die lammers volgens wat hy kan bekostig en ’n hin olie vir ’n efa.

8 When the prince enters, he must go in by way of the gate’s portico and go out the same way.

8 Wanneer die prins ingaan, moet hy deur die stoep van die poort ingaan en

met dieselfde pad weer
uitgaan.
9 “When the people of the land come before the LORD at the appointed times, whoever enters by way of the north gate to worship must go out by way of the south gate, and whoever enters by way of the south gate must go out by way of the north gate. No one must return through the gate by which he entered, but must go out by the opposite gate.
9 Wanneer die mense van die land egter voor die Teenwoordigheid van יהוה kom op die aangestelde feeste, moet hy wat deur die Noordpoort ingaan om te aanbid, deur die Suidpoort uitgaan en hy wat deur die Suidpoort ingaan, moet deur die Noordpoort uitgaan. Niemand mag teruggaan deur die poort waardeur hy ingegaan het nie, maar moet reguit vorentoe uitgaan.
10 When the people enter, the prince will enter with them, and when they leave, he will leave.
10 Wanneer hulle ingaan, moet die prins tussen hulle ingaan en wanneer hulle uitgaan, moet hy uitgaan.
11 At the festivals and appointed times, the grain offering will be half a bushel with the bull, half a bushel with the ram, and whatever he wants to give with the lambs, along with a gallon of oil for every half bushel.
11 By die feeste en op die aangestelde feeste moet die graanoffer ’n efa vir ’n bul en ’n efa vir ’n ram wees en vir die lammers soveel as iemand in staat is om te gee en ’n hin olie vir ’n efa.
12 “When the prince makes a freewill offering, whether a burnt offering or a fellowship offering as a freewill offering to the LORD, the gate that faces east must be opened for him. He is to offer his burnt offering or fellowship offering just as he does on the Sabbath day. Then he will go out, and the gate must be closed after he leaves.
12 Wanneer die prins ’n vrywillige offer voorsien, ’n brandoffer of vredesoffers as vrywillige offer aan יהוה, dan moet hulle vir hom die poort oopmaak wat na die ooste kyk en hy moet sy brandoffer en sy vredesoffers voorsien soos wat hy op die Shabbatdag doen. Dan moet hy uitgaan en die poort moet gesluit word nadat hy uitgegaan het.
13 “You must offer an unblemished year-old male lamb as a daily burnt offering to the LORD; you will offer it every morning.
13 Jy moet ook daagliks ’n lam in sy eerste jaar sonder gebrek voorsien as brandoffer aan יהוה; oggend na oggend moet jy dit voorsien.
14 You must also prepare a grain offering every morning along with it: three quarts, with one-third of a gallon of oil to moisten the fine flour — a grain offering to the LORD. This is a permanent statute to be observed regularly.
14 Jy moet ook oggend na oggend ’n graanoffer saam met dit voorsien: ’n sesde van ’n efa en ’n derde van ’n hin olie om die fyn meel klam te maak, ’n voortdurende graanoffer aan יהוה, deur ’n ewige instelling.

15 They will offer the lamb, the grain offering, and the oil every morning as a regular burnt offering.
15 So moet hulle die lam, die graanoffer en die olie oggend na oggend voorsien as ’n voortdurende brandoffer.”
16 “This is what the Lord GOD says: If the prince gives a gift to each of his sons as their inheritance, it will belong to his sons. It will become their property by inheritance.
16 So sê יהוה-God: “As die prins aan een van sy seuns ’n geskenk gee uit sy erfenis, dan behoort dit aan sy seuns: dit is hulle besitting deur erfenis,
17 But if he gives a gift from his inheritance to one of his servants, it will belong to that servant until the year of freedom, when it will revert to the prince. His inheritance belongs only to his sons; it is theirs.
17 maar as hy van sy erfenis ’n geskenk aan een van sy diensknegte gee, dan sal dit syne wees tot by die jaar van vryheid; dan moet dit na die prins toe teruggaan. Sy erfenis sal net sy seuns s’n wees; dit sal aan hulle behoort.
18 The prince must not take any of the people’s inheritance, evicting them from their property. He is to provide an inheritance for his sons from his own property, so that none of My people will be displaced from his own property.”
18 Die prins mag nie van die erfenis van die volk vat en hulle uitgooi uit hul besitting nie; hy moet aan sy seuns erfenis gee vanuit sy eie besitting sodat My volk nie verstrooi word, enige een uit sy besitting nie.”’”
19 Then he brought me through the entrance that was at the side of the gate, into the priests’ holy chambers, which faced north. I saw a place there at the far western end.
19 Toe het hy my deur die ingang wat langs die poort was gebring, in die afgesonderde kamers vir die priesters, wat na die noorde kyk en let op, daar was ’n plek aan die verste agterkant, na die weste toe.
20 He said to me, “This is the place where the priests will boil the restitution offering and the sin offering, and where they will bake the grain offering, so that they do not bring them into the outer court and transmit holiness to the people.”
20 Hy het vir my gesê: “Dit is die plek waar die priesters die oortredingsoffer en die sondoffer moet kook en waar hulle die graanoffer moet bak sodat hulle dit nie uitbring in die buitenste hof om afgesonderdheid aan die volk oor te dra nie.”
21 Next he brought me into the outer court and led me past its four corners. There was a separate court in each of its corners.
21 Toe het hy my uitgebring in die buitenste hof en my gelei na die vier hoeke van die hof en let op, in elke hoek van die hof was daar ’n klein hof.
22 In the four corners of the outer court there were enclosed courts, 70 feet long by 52 1/2 feet wide. All four corner areas had the same dimensions.
22 In die vier hoeke van die hof was daar omringde howe, veertig el lank en dertig breed; hierdie vier in die hoeke was dieselfde grootte.

23 There was a stone wall around the inside of them, around the four of them, with ovens built at the base of the walls on all sides.
23 Daar was ’n ry met steenwerk reg rondom in hulle, om al vier en daar is kookplekke gemaak onderaan die rye reg rondom.
24 He said to me: “These are the kitchens where those who minister at the temple will cook the people’s sacrifices.”
24 Toe sê hy vir my: “Hierdie is die kookplekke waar die bedienaars van die huis die offers van die mense moet kook.”

Ezekiel 47

1 Then he brought me back to the entrance of the temple and there was water flowing from under the threshold of the temple toward the east, for the temple faced east. The water was coming down from under the south side of the threshold of the temple, south of the altar.
1 Toe het hy my teruggebring na die deur van die huis en let op, water het van onder die drumpel van die huis, na die ooste toe, gevloei en die water het afgevloei van onder, van die regterkant van die huis af, vanaf suid van die altaar.
2 Next he brought me out by way of the north gate and led me around the outside to the outer gate that faced east; there the water was trickling from the south side.
2 Hy het my uitgebring deur die Noordpoort en my aan die buitekant om laat gaan na die buitenste poort wat na die ooste kyk en let op, water het gesyfer vanaf die suidekant.
3 As the man went out east with a measuring line in his hand, he measured off a third of a mile and led me through the water. It came up to my ankles.
3 Toe die man na die ooste uitgegaan het met ’n meetlyn in sy hand, het hy ’n duisend el gemeet en hy het my deur die water gelei en dit was enkel diep.
4 Then he measured off a third of a mile and led me through the water. It came up to my knees. He measured off another third of a mile and led me through the water. It came up to my waist.
4 Weer het hy ’n duisend gemeet en my deur die water gelei en dit was op tot by die knieë. Weer het hy ’n duisend gemeet en my deur gelei en dit was op tot by die heupe.
5 Again he measured off a third of a mile, and it was a river that I could not cross on foot. For the water had risen; it was deep enough to swim in, a river that could not be crossed on foot.
5 Weer het hy ’n duisend gemeet en dit was ’n stroom wat niemand kon deurgaan nie, want die water het so hoog gerys en die stroom so sterk geword dat niemand kon deurgaan nie.
6 He asked me, “Do you see this, son of man? ” Then he led me back to the bank of the river.
6 Hy het vir my gesê: “Seun van ’n mens, het jy dit gesien?” Toe het hy my

teruggebring na die wal van die rivier toe.
7 When I had returned, I saw a very large number of trees along both sides of the riverbank.
7 Nadat ek teruggegaan het, let op, was daar baie bome op die walle van die rivier, aan die een kant en aan die ander.
8 He said to me, "This water flows out to the eastern region and goes down to the Arabah. When it enters the sea, the sea of foul water, the water of the sea becomes fresh.
8 Toe het hy vir my gesê: "Hierdie waters wat uitgaan in die rigting van die oostelike streek en afvloei na die Vlakte (Aravah), sal in die see invloei en meng met die stagnante water en dit vars maak.
9 Every kind of living creature that swarms will live wherever the river flows, and there will be a huge number of fish because this water goes there. Since the water will become fresh, there will be life everywhere the river goes.
9 Dit sal gebeur dat al die lewende wesens wat wemel in elke plek waar die rivier kom, sal lewe en daar sal vreeslik baie visse wees omdat hierdie water daarheen gaan en dié vars word; so sal alles lewe waar die rivier gaan.
10 Fishermen will stand beside it from En-gedi to En-eglaim. These will become places where nets are spread out to dry. Their fish will consist of many different kinds, like the fish of the Mediterranean Sea.
10 Dit sal gebeur dat vissers langs dit sal staan; vanaf `Ein-Gedi tot by `Ein-`Eglayim sal daar 'n plek wees vir die uitsprei van nette. Hulle visse sal volgens hulle spesies wees, soos die visse van die Groot See, vreeslik baie,
11 Yet its swamps and marshes will not be healed; they will be left for salt.
11 maar sy moerasse en vleie sal nie vars word nie: hulle sal vir sout gelos word.
12 All kinds of trees providing food will grow along both banks of the river. Their leaves will not wither, and their fruit will not fail. Each month they will bear fresh fruit because the water comes from the sanctuary. Their fruit will be used for food and their leaves for medicine."
12 By die rivier, op sy walle, aan die een kant en aan die ander, sal allerhande bome groei vir kos. Hulle blare sal nie verdor en die vrugte nie opraak nie. Hulle sal elke maand dra, want hulle water vloei vanaf die Afgesonderde Plek en hulle vrugte sal wees om te eet en hulle blare vir genesing."
13 This is what the Lord GOD says: "This is the border you will use to divide the land as an inheritance for the 12 tribes of Israel. Joseph will receive two shares.
13 So sê יהוה-God: "Hierdie sal die grense wees waardeur julle die land sal verdeel as erfenis tussen die twaalf stamme van Yisra'el; Yosef moet twee porsies kry.
14 You will inherit it in equal portions, since I swore to give it to your ancestors. So this land will fall to you as an inheritance.
14 Julle moet dit verdeel as 'n erfenis, elkeen gelyk met die ander, want Ek het gesweer om dit vir julle voorvaders te gee en hierdie land moet julle as

erfenis toeval.
15 “This is to be the border of the land: On the north side it will extend from the Mediterranean Sea by way of Hethlon and Lebo-hamath to Zedad,
15 Hierdie moet die grens van die land wees: aan die noordekant vanaf die Groot See, met die pad na Hetlon, tot by die ingang van Tz’dad;
16 Berothah, and Sibraim (which is between the border of Damascus and the border of Hamath), as far as Hazer-hatticon, which is on the border of Hauran.
16 Hamat, Berotah, Sibrayim, wat tussen die grens van Dammesek en die grens van Hamat lê, Hatzar- Hatokhon, wat by die grens van Havran is.
17 So the border will run from the sea to Hazar-enon at the border of Damascus, with the territory of Hamath to the north. This will be the northern side.
17 Die grens moet vanaf die see wees tot by Hatzar-`Einon, by die grens van Dammesek en aan die noorde noordwaarts is Hamat die grens; dit is die noordekant.
18 On the east side it will run between Hauran and Damascus, along the Jordan between Gilead and the land of Israel; you will measure from the northern border to the eastern sea. This will be the eastern side.
18 Aan die oostekant: vanaf tussen Havran, Dammesek, Gil’ad en die land van Yisra’el sal die Yarden wees; vanaf die noordelike grens tot by die oostelike see moet julle dit meet. Dit is die oostekant.
19 On the south side it will run from Tamar to the waters of Meribath-kadesh, and on to the Brook of Egypt as far as the Mediterranean Sea. This will be the southern side.
19 Die suidekant na die suide toe sal strek vanaf Tamar tot by die waters van M’rivot-Kadesh, na die spruit van Mitzrayim tot by die Groot see. Hierdie is die suidekant na die suide toe.
20 On the west side the Mediterranean Sea will be the border, from the southern border up to a point opposite Lebo-hamath. This will be the western side.
20 Die westekant sal die die Groot see wees, vanaf die suidelike grens tot by ’n punt oorkant die ingang van Hamat. Dit is die westekant.
21 “You are to divide this land among yourselves according to the tribes of Israel.
21 Julle moet hierdie land tussen julle verdeel volgens die stamme van Yisra’el.
22 You will allot it as an inheritance for yourselves and for the foreigners living among you, who have fathered children among you. You will treat them like native-born Israelites; along with you, they will be allotted an inheritance among the tribes of Israel.
22 Julle moet dit deur die lot verdeel as ’n erfenis tussen julleself en die vreemdelinge wat in julle midde bly, wat seuns voortbring tussen julle en hulle sal vir julle wees soos ’n kind van die land tussen die seuns van Yisra’el;

hulle moet 'n erfenis toegestaan word saam met jou onder die stamme van Yisra'el.
23 In whatever tribe the foreigner lives, you will assign his inheritance there." This is the declaration of the Lord GOD.
23 In die stam waarin die vreemdeling bly, daar moet julle hom sy erfenis gee," verklaar הוהי-God.

Ezekiel 48

1 "Now these are the names of the tribes: From the northern end, along the road of Hethlon, to Lebo- hamath as far as Hazar-enon, at the northern border of Damascus, alongside Hamath and extending from the eastern side to the sea, will be Dan — one portion.
1 "Hierdie is die name van die stamme: vanaf die verste noord, langs die pad van Hetlon na die ingang van Hamat, tot by Hatzar-`Einan, op die grens van Dammesek, na die noorde toe langs Hamat, van oos tot wes: Dan, een deel;
2 Next to the territory of Dan, from the east side to the west, will be Asher — one portion.
2 langs die grens van Dan, vanaf die oostekant tot by die westekant: Asher, een deel;
3 Next to the territory of Asher, from the east side to the west, will be Naphtali — one portion.
3 langs die grens van Asher, vanaf die oostekant tot by die westekant: Naftali, een deel;
4 Next to the territory of Naphtali, from the east side to the west, will be Manasseh — one portion.
4 langs die grens van Naftali, vanaf die oostekant tot by die westekant: Manasheh, een deel;
5 Next to the territory of Manasseh, from the east side to the west, will be Ephraim — one portion.
5 langs die grens van Manasheh, vanaf die oostekant tot by die westekant: Efrayim, een deel;
6 Next to the territory of Ephraim, from the east side to the west, will be Reuben — one portion.
6 langs die grens van Efrayim, vanaf die oostekant tot by die westekant: Re'uven, een deel;
7 Next to the territory of Reuben, from the east side to the west, will be Judah — one portion.
7 langs die grens van Re'uven, vanaf die oostekant tot by die westekant: Y'hudah, een deel;
8 "Next to the territory of Judah, from the east side to the west, will be the portion you donate to the LORD, 8 1/3 miles wide, and as long as one of the tribal portions from the east side to the west. The sanctuary will be in the middle of it.

8 langs die grens van Y'hudah, vanaf die oostekant tot by die westekant, moet die toedeling wees wat julle moet afsonder: vyf en twintig duisend el breed en net so lank soos een van die dele, vanaf die oostekant tot by die westekant en die Afgesonderde Plek moet in die middel daarvan wees.
9 "The special portion you donate to the LORD will be 8 1/3 miles long and 3 1/3 miles wide.
9 Die toedeling wat julle tot הוהי moet afsonder, moet vyf en twintig duisend el lank wees en tien duisend breed.
10 This holy donation will be set apart for the priests alone. It will be 8 1/3 miles long on the northern
side, 3 1/3 miles wide on the western side, 3 1/3 miles wide on the eastern side, and 8 1/3 miles long on
the southern side. The LORD's sanctuary will be in the middle of it.
10 Die afgesonderde toedeling sal wees vir die priesters: teen die noorde vyf en twintig duisend el in lengte, teen die weste tien duisend in breedte, teen die ooste tien duisend in breedte en teen die suide vyf en twintig duisend in lengte en die Afgesonderde Plek van הוהי moet in die middel daarvan wees.
11 It is for the consecrated priests, the sons of Zadok, who kept My charge and did not go astray as the Levites did when the Israelites went astray.
11 Dit moet vir die priesters wat afgesonder is, die seuns van Tzadok, wees, wat My bevele onderhou het, wat nie afgedwaal het toe die seuns van Yisra'el afgedwaal het saam met die Leviete nie.
12 It will be a special donation for them out of the holy donation of the land, a most holy place adjacent to the territory of the Levites.
12 Dit moet 'n toedeling aan hulle wees vanuit die toedeling van die land, 'n mees afgesonderde plek, by die grens van die Leviete.
13 "Next to the territory of the priests, the Levites will have an area 8 1/3 miles long and 3 1/3 miles wide. The total length will be 8 1/3 miles and the width 3 1/3 miles.
13 Langs die grens van die priesters moet die Leviete vyf en twintig duisend el in lengte en tien duisend in breedte kry. Die hele lengte moet vyf en twintig duisend wees en die breedte tien duisend.
14 They must not sell or exchange any of it, and they must not transfer this choice part of the land, for it is holy to the LORD.
14 Meer nog, hulle mag niks daarvan verkoop of verruil nie, of hierdie beste van die land vervreem nie, want dit is afgesonderd tot הוהי.
15 "The remaining area, 1 2/3 of a mile wide and 8 1/3 miles long, will be for common use by the city, for both residential and open space. The city will be in the middle of it.
15 Die wat oorbly, vyf duisend in die breedte en vyf en twintig duisend in die lengte, sal wees vir algemene gebruik van die stad, vir blyplek en oop spasies en die stad moet in die middel daarvan wees.

16 These are the city's measurements: 1 1/2 miles on the north side; 1 1/2 miles on the south side; 1 1/2 miles on the east side; and 1 1/2 miles on the west side.
16 Hierdie is sy afmetings: die noordekant, vier duisend vyf honderd el; die suidekant, vier duisend vyf honderd el; die oostekant, vier duisend vyf honderd el en die westekant, vier duisend vyf honderd el.
17 The city's open space will extend: 425 feet to the north, 425 feet to the south, 425 feet to the east, and 425 feet to the west.
17 Die stad moet oop areas hê: teen die noorde, twee honderd en vyftig el; teen die suide, twee honderd en vyftig el; teen die ooste, twee honderd en vyftig el en teen die weste, twee honderd en vyftig el.
18 "The remainder of the length alongside the holy donation will be 3 1/3 miles to the east and 3 1/3 miles to the west. It will run alongside the holy donation. Its produce will be food for the workers of the city.
18 Die orige lengte, langs die afgesonderde toedeling moet tien duisend el teen die ooste en tien duisend teen die weste wees; dit moet langs die afgesonderde toedeling wees. Sy opbrengs sal kos wees vir die werkers van die stad.
19 The city's workers from all the tribes of Israel will cultivate it.
19 Die werkers van die stad, vanuit al die stamme van Yisra'el, moet dit bewerk.
20 The entire donation will be 8 1/3 miles by 8 1/3 miles; you are to set apart the holy donation along with the city property as a square area.
20 Die volledige toedeling moet vyf en twintig duisend el by vyf en twintig duisend el wees; jy moet die afgesonderde toedeling afsonder, 'n vierkant, saam met die eiendom van die stad.
21 "The remaining area on both sides of the holy donation and the city property will belong to the prince. He will own the land adjacent to the tribal portions, next to the 8 1/3 miles of the donation as far as the eastern border and next to the 8 1/3 miles of the donation as far as the western border. The holy donation and the sanctuary of the temple will be in the middle of it.
21 Dit wat oorbly sal vir die prins wees, aan weerskante van die afgesonderde toedeling en van die eiendom van die stad; voor die vyf en twintig duisend el van die toedeling na die oostelike grens en weswaarts voor die vyf en twintig duisend el na die westelike grens, langs die gedeeltes, sal vir die prins wees. Die afgesonderde toedeling en die Afgesonderde Plek van die huis moet in die middel daarvan wees.
22 Except for the Levitical property and the city property in the middle of the area belonging to the prince, the area between the territory of Judah and that of Benjamin will belong to the prince.
22 Uitsluitend die eiendom van die Leviete en die eiendom van die stad, wat in die middel lê van dit wat aan die prins behoort, tussen die grens van Y'hudah en die grens van Binyamin, moet alles aan die prins behoort.
23 "As for the rest of the tribes: From the east side to the west, will be

Benjamin — one portion.
23 Vir die res van die stamme: vanaf die oostekant tot by die westekant: Binyamin, een deel;
24 Next to the territory of Benjamin, from the east side to the west, will be Simeon — one portion.
24 langs die grens van Binyamin, vanaf die oostekant tot by die westekant: Shim'on, een deel;
25 Next to the territory of Simeon, from the east side to the west, will be Issachar — one portion.
25 langs die grens van Shim'on, vanaf die oostekant tot by die westekant: Yissakhar, een deel;
26 Next to the territory of Issachar, from the east side to the west, will be Zebulun — one portion.
26 langs die grens van Yissakhar, vanaf die oostekant tot by die westekant: Z'vulun, een deel;
27 Next to the territory of Zebulun, from the east side to the west, will be Gad — one portion.
27 langs die grens van Z'vulun, vanaf die oostekant tot by die westekant: Gad, een deel;
28 Next to the territory of Gad toward the south side, the border will run from Tamar to the waters of Meribath-kadesh, to the Brook of Egypt, and out to the Mediterranean Sea.
28 langs die grens van Gad, aan die suidekant na die suide toe, moet die grens wees vanaf Tamar na die waters van M'rivat-Kadesh, na die spruit van Mitzrayim tot by die Groot see.
29 This is the land you are to allot as an inheritance to Israel's tribes, and these will be their portions." This is the declaration of the Lord G**OD**.
29 Hierdie is die land wat julle as erfenis moet verdeel tussen die stamme van Yisra'el en dit is hulle gedeeltes," verklaar יהוה-God.
30 "These are the exits of the city: On the north side, which measures 1 **1**/**2** miles,
30 "Hierdie is die uitgange van die stad: aan die noordekant, vier duisend vyf honderd el uitgemeet,
31 there will be three gates facing north, the gates of the city being named for the tribes of Israel: one, the gate of Reuben; one, the gate of Judah; and one, the gate of Levi.
31 sal die poorte van die stad wees, genoem volgens die name van die stamme van Yisra'el; drie poorte aan die noorde: die poort van Re'uven, een; die poort van Y'hudah, een; die poort van Levi, een.
32 On the east side, which is 1 **1**/**2** miles, there will be three gates: one, the gate of Joseph; one, the gate of Benjamin; and one, the gate of Dan.
32 Aan die oostekant, vier duisend vyf honderd el, sal drie poorte wees: die poort van Yosef, een; die poort van Binyamin, een; die poort van Dan, een.
33 On the south side, which measures 1 **1**/**2** miles, there will be three gates:

one, the gate of Simeon; one, the gate of Issachar; and one, the gate of Zebulun.
33 Aan die suidekant, vier duisend vyf honderd el afgemeet, sal drie poorte wees: die poort van Shim'on, een; die poort van Yissakhar, een; die poort van Z'vulun, een.
34 On the west side, which is 1 1/2 miles, there will be three gates: one, the gate of Gad; one, the gate of Asher; and one, the gate of Naphtali.
34 Aan die westekant, vier duisend vyf honderd el, sal drie poorte wees: die poort van Gad, een; die poort van Asher, een; die poort van Naftali, een.
35 The perimeter of the city will be six miles, and the name of the city from that day on will be: Yahweh Is There."
35 Agttien duisend el reg rondom en die naam van die stad sal van dié dag af wees: 'יהוה is daar' (יהוה- Shamah!)."

Daniel

Daniel 1

1 In the third year of the reign of Jehoiakim king of Judah, Nebuchadnezzar king of Babylon came to Jerusalem and laid siege to it.
1 In die derde jaar van die regering van Y'hoyakim, koning van Y'hudah, het N'vukhadnetzar, koning van Bavel, na Yerushalayim gekom en dit beleër.
2 The Lord handed Jehoiakim king of Judah over to him, along with some of the vessels from the house of God. Nebuchadnezzar carried them to the land of Babylon, to the house of his god, and put the vessels in the treasury of his god.
2 יהוה het dit, saam met Y'hoyakim, koning van Y'hudah, in sy hand gegee, saam met die voorwerpe van die huis van יהוה, wat hy weggedra het na die land van Shin'ar en gebring het na die huis van sy afgod en die voorwerpe het hy in die skathuis van sy afgod gebring.
3 The king ordered Ashpenaz, the chief of his court officials, to bring some of the Israelites from the royal family and from the nobility —
3 Die koning het met Ashp'naz, hoof van die lyfknegte, gepraat en gesê hy moet sommige van die seuns van Yisra'el, uit die koninklike families, sowel as uit die edeles, bring:
4 young men without any physical defect, good-looking, suitable for instruction in all wisdom, knowledgeable, perceptive, and capable of serving in the king's palace — and to teach them the Chaldean language and literature.
4 seuns met geen gebrek nie, wat aantreklik was in voorkoms, vernuftig in

wysheid en in besit van kennis en insig in wetenskap, hulle wat bekwaam is om in die paleis van die koning te staan en hom te dien en vir wie hulle die opvoeding en die taal van die Kasdeërs kan leer.
5 The king assigned them daily provisions from the royal food and from the wine that he drank. They were to be trained for three years, and at the end of that time they were to serve in the king's court.
5 Die koning het vir hulle 'n daaglikse porsie uit die kos van die koning en van die wyn wat hy gedrink het bestem, om hulle vir drie jaar te voed sodat hulle daarna voor die koning kan dien.
6 Among them, from the descendants of Judah, were Daniel, Hananiah, Mishael, and Azariah.
6 Tussen hulle was vanuit die seuns van Y'hudah: Dani'el, Hananyah, Misha'el en `Azaryah.
7 The chief official gave them other names: he gave the name Belteshazzar to Daniel, Shadrach to Hananiah, Meshach to Mishael, and Abednego to Azariah.
7 Die hoof van die lyfknegte het vir hulle name gegee: Dani'el het hy Belt'shatzar genoem, vir Hananyah: Shadrakh, vir Misha'el: Meishakh en vir `Azaryah: `AvedN'go.
8 Daniel determined that he would not defile himself with the king's food or with the wine he drank. So he asked permission from the chief official not to defile himself.
8 Dani'el het in sy binneste besluit om nie van die koning se kos te eet, of van sy wyn te drink, nie; daarom het hy die hoof van die lyfknegte gevra om hom nie te dwing om te eet nie.
9 God had granted Daniel favor and compassion from the chief official,
9 God het vir Dani'el guns en omgee voor die hoof van die lyfknegte gegee.
10 yet he said to Daniel, "My lord the king assigned your food and drink. I'm afraid of what would happen if he saw your faces looking thinner than those of the other young men your age. You would endanger my life with the king."
10 Die hoof van die lyfknegte het vir Dani'el gesê: "Ek vrees my meester, die koning, wat opdragte gegee het aangaande julle kos en julle drank. As hy sien julle voorkoms lyk slegter as dié van die jong seuns van julle ouderdom, sal die koning my laat onthoof."
11 So Daniel said to the guard whom the chief official had assigned to Daniel, Hananiah, Mishael, and Azariah,
11 Toe sê Dani'el vir Menezar, wat die hoof van die lyfknegte oor Dani'el, Hananyah, Misha'el en `Azaryah aangestel het:
12 "Please test your servants for 10 days. Let us be given vegetables to eat and water to drink.
12 "Toets u diensknegte vir tien dae en laat hulle vir ons groente gee om te eet en water om te drink;
13 Then examine our appearance and the appearance of the young men who are eating the king's food, and deal with your servants based on what you

see.”
13 laat dan ons voorkoms en die voorkoms van die jong seuns, wat die kos van die koning eet, ondersoek en handel met u diensknegte volgens wat u sien.”
14 He agreed with them about this and tested them for 10 days.
14 Hy het na hulle geluister in hierdie saak en hulle tien dae lank getoets
15 At the end of 10 days they looked better and healthier than all the young men who were eating the king’s food.
15 en aan die einde van die tien dae het hy gesien dat hulle voorkoms beter en voller is as al die jong seuns wat die kos van die koning geëet het.
16 So the guard continued to remove their food and the wine they were to drink and gave them vegetables.
16 Menezar het die deel van hulle kos en die wyn wat hulle moes drink, weggevat en vir hulle groente gegee om te eet en water om te drink.
17 God gave these four young men knowledge and understanding in every kind of literature and wisdom. Daniel also understood visions and dreams of every kind.
17 Wat hierdie vier jong seuns betref, God het aan hulle insig, kennis in elke boek en wysheid gegee en Dani’el het begrip in visioene en drome gehad.
18 At the end of the time that the king had said to present them, the chief official presented them to Nebuchadnezzar.
18 Toe die dae verby was wat die koning vasgestel het, het die hoof van die lyfknegte hulle voor N’vukhadnetzar gebring
19 The king interviewed them, and among all of them, no one was found equal to Daniel, Hananiah, Mishael, and Azariah. So they began to serve in the king’s court.
19 en die koning het met hulle gepraat en niemand onder hulle gevind soos Dani’el, Hananyah, Misha’el en `Azaryah nie; daarom het hulle voor die koning gedien
20 In every matter of wisdom and understanding that the king consulted them about, he found them 10 times better than all the diviner-priests and mediums in his entire kingdom.
20 en in enige saak van wysheid en insig wat die koning van hulle gevra het, het hy hulle tien maal beter gevind as al die towenaars en sterrekundiges wat in sy hele koninkryk was.
21 Daniel remained there until the first year of King Cyrus.
21 Dani’el het aangehou selfs tot die eerste jaar van koning Koresh.

Daniel 2

1 In the second year of his reign, Nebuchadnezzar had dreams that troubled him, and sleep deserted him.
1 In die tweede jaar van die regering van N'vukhadnetzar, het N'vukhadnetzar 'n droom gehad, sy gees was omgekrap en sy slaap het gewyk.
2 So the king gave orders to summon the diviner-priests, mediums, sorcerers, and Chaldeans to tell the king his dreams. When they came and stood before the king,
2 Toe het die koning beveel om die voorspellers, die sterrekundiges, die towenaars en die Kasdeërs te roep, om vir die koning sy droom uit te lê. Hulle het gekom en voor die koning gaan staan
3 he said to them, "I have had a dream and am anxious to understand it."
3 en die koning sê vir hulle: "Ek het 'n droom gehad en my gees is ontsteld om die droom te verstaan."
4 The Chaldeans spoke to the king (Aramaic begins here): "May the king live forever. Tell your servants the dream, and we will give the interpretation."
4 Toe het die Kasdeërs in Aramees met die koning gepraat en gesê: "Mag die koning vir altyd lewe! Vertel aan u diensknegte die droom en ons sal die betekenis gee."
5 The king replied to the Chaldeans, "My word is final: If you don't tell me the dream and its interpretation, you will be torn limb from limb, and your houses will be made a garbage dump.
5 Die koning het geantwoord en vir die Kasdeërs gesê: "Die woord wat ek gepraat het is waar; as julle nie aan my die droom en sy betekenis bekend maak nie, sal julle in stukke gekap en julle huise geplunder word,
6 But if you make the dream and its interpretation known to me, you'll receive gifts, a reward, and great honor from me. So make the dream and its interpretation known to me."
6 maar as julle vir my die droom en sy betekenis bekendmaak, sal julle geskenke, rykdom en groot eer van my af ontvang; vertel my net die droom en sy betekenis."
7 They answered a second time, "May the king tell the dream to his servants, and we will give the interpretation."
7 Hulle het weer geantwoord en gesê: "Laat die koning die droom vir sy diensknegte vertel en ons sal die betekenis gee."
8 The king replied, "I know for certain you are trying to gain some time, because you see that my word is final.
8 Die koning het geantwoord en gesê: "Verseker weet ek dat wat julle wil hê, is tyd omdat julle sien dat my woord vasstaan,
9 If you don't tell me the dream, there is one decree for you. You have conspired to tell me something
false or fraudulent until the situation changes. So tell me the dream and I will know you can give me its interpretation."

9 want as julle nie aan my die droom bekend maak nie, is daar maar een vonnis vir julle, want julle het leuens en valshede voorberei om voor my te praat om tyd te wen; daarom, vertel vir my die droom sodat ek kan weet dat julle vir my sy betekenis kan gee."
10 The Chaldeans answered the king, "No one on earth can make known what the king requests. Consequently, no king, however great and powerful, has ever asked anything like this of any diviner- priest, medium, or Chaldean.
10 Die Kasdeërs het voor die koning geantwoord en gesê: "Daar is nie 'n mens op aarde wat kan openbaar wat die koning vra nie en ook het geen groot koning of heerser ooit so iets van enige voorspeller, sterrekundige of Kasdeërs gevra nie,
11 What the king is asking is so difficult that no one can make it known to him except the gods, whose dwelling is not with mortals."
11 want dit wat die koning vra, is baie moeilik en daar is niemand anders wat dit voor die koning kon wys behalwe die gode, wie se woning nie by die mens is wat in vlees gebore is nie."
12 Because of this, the king became violently angry and gave orders to destroy all the wise men of Babylon.
12 Toe was die koning uitermate woedend en hy het woedend beveel dat al die wyse manne van Bavel vernietig moet word.
13 The decree was issued that the wise men were to be executed, and they searched for Daniel and his friends, to execute them.
13 Die bevel het uitgegaan dat die wyse manne doodgemaak moet word en die wagte het vir Dani'el en sy metgeselle gesoek om hulle dood te maak.
14 Then Daniel responded with tact and discretion to Arioch, the commander of the king's guard, who had gone out to execute the wise men of Babylon.
14 Toe het Dani'el daaroor nagedink en raad verkry en toe vir Aryokh, die bevelvoerder van die koninklike lyfwag wat uitgegaan het om die wyse manne van Bavel dood te maak, gesê:
15 He asked Arioch, the king's officer, "Why is the decree from the king so harsh? " Then Arioch explained the situation to Daniel.
15 "Hoekom is die bevel van die koning so ernstig?" Toe het Aryokh aan Dani'el die saak bekend gemaak.
16 So Daniel went and asked the king to give him some time, so that he could give the king the interpretation.
16 Toe het Dani'el van die koning gevra om vir hom tyd te gee en belowe om vir hom die betekenis te
gee.
17 Then Daniel went to his house and told his friends Hananiah, Mishael, and Azariah about the matter,
17 Dani'el het toe na sy huis toe gegaan dit bekend gemaak aan Hananyah, Misha'el en `Azaryah, sy metgeselle
18 urging them to ask the God of heaven for mercy concerning this mystery, so Daniel and his friends would not be killed with the rest of Babylon's wise

men.
18 dat hulle onverdiende guns kon vra vanaf die God van die hemel aangaande hierdie geheim sodat Dani’el en sy metgeselle nie doodgemaak sou word saam met die res van die wyse manne van Bavel nie.
19 The mystery was then revealed to Daniel in a vision at night, and Daniel praised the God of heaven
19 Toe is die geheim aan Dani’el openbaar in ’n visioen in die nag en Dani’el het die God van die hemel geseën.
20 and declared: May the name of God be praised forever and ever, for wisdom and power belong to Him.
20 Dani’el het geantwoord en gesê: “Geseënd is die Karakter en Outoriteit (Naam) van God vir ewig en ewig, want wysheid en krag behoort aan Hom
21 He changes the times and seasons; He removes kings and establishes kings. He gives wisdom to the wise and knowledge to those who have understanding.
21 en Hy verander seisoene en tye; Hy verwyder konings en stel konings aan; Hy gee wysheid aan die wyse manne en kennis aan die wat insig het;
22 He reveals the deep and hidden things; He knows what is in the darkness, and light dwells with Him.
22 Hy openbaar diep en geheime dinge; Hy weet wat is in die duisternis en die lig is by Hom.
23 I offer thanks and praise to You, God of my fathers, because You have given me wisdom and power. And now You have let me know what we asked of You, for You have let us know the king’s mystery.
23 Aan U, o God van my vaders, gee ek dank en ek prys U, wat aan my wysheid en krag gegee het en nou aan my bekend gemaak het wat ons van U gevra het, want U het die koning se saak aan ons bekend gemaak.”
24 Therefore Daniel went to Arioch, whom the king had assigned to destroy the wise men of Babylon. He came and said to him, “Don’t kill the wise men of Babylon! Bring me before the king, and I will give him the interpretation.”
24 In daardie selfde uur het Dani’el na Aryokh gegaan, vir wie die koning beveel het om die wyse manne van Bavel dood te maak; hy het gegaan en só vir hom gesê: “Moenie die wyse manne van Bavel vernietig
nie, maar bring my in voor die koning en ek sal die betekenis aan die koning bekendmaak.”
25 Then Arioch quickly brought Daniel before the king and said to him, “I have found a man among the Judean exiles who can let the king know the interpretation.”
25 Toe het Aryokh haastig vir Dani’el voor die koning ingebring en só vir hom gesê: “Ek het ’n man onder die ballinge van Y’hudah gevind wat vir die koning die betekenis sal gee.”
26 The king said in reply to Daniel, whose name was Belteshazzar, “Are you able to tell me the dream I had and its interpretation? ”
26 Die koning het geantwoord en vir Dani’el, wie se naam Belt’shatzar was,

gesê: “Is jy in staat om vir my die droom wat ek gesien het en sy betekenis bekend te maak?”
27 Daniel answered the king: “No wise man, medium, diviner-priest, or astrologer is able to make known to the king the mystery he asked about.
27 Dani’el het in die teenwoordigheid van die koning geantwoord en gesê: “Die geheim wat die koning vereis het om te weet, kan geen wyse manne, voorspellers, towenaars of sterrekundiges aan die koning openbaar nie,
28 But there is a God in heaven who reveals mysteries, and He has let King Nebuchadnezzar know what will happen in the last days. Your dream and the visions that came into your mind as you lay in bed were these:
28 maar daar is ’n God in die hemel wat geheime openbaar en Hy het aan koning N’vukhadnetzar bekend gemaak wat in die laaste dae sal gebeur. U droom en die visioen in u kop, op u bed, was dit:
29 Your Majesty, while you were in your bed, thoughts came to your mind about what will happen in the future. The revealer of mysteries has let you know what will happen.
29 “Wat u betref, o koning, u gedagtes het in u verstand opgekom oor wat hierna sal gebeur en Hy wat geheime openbaar het aan u bekend gemaak wat sal gebeur,
30 As for me, this mystery has been revealed to me, not because I have more wisdom than anyone living, but in order that the interpretation might be made known to the king, and that you may understand the thoughts of your mind.
30 maar wat my betref, hierdie geheim is nie aan my openbaar op grond van enige wysheid wat ek het, meer as enige persoon nie, maar ter wille van die betekenis sodat dit aan die koning bekend kan wees en dat u die gedagtes van u verstand kan ken.
31 “My king, as you were watching, a colossal statue appeared. That statue, tall and dazzling, was standing in front of you, and its appearance was terrifying.
31 U, o koning, het gekyk en let op, ’n groot beeld, wat se helderheid wonderlik was, het voor u gestaan en sy voorkoms was verskriklik.
32 The head of the statue was pure gold, its chest and arms were silver, its stomach and thighs were bronze,
32 Hierdie beeld se kop was van fyn goud, sy bors en arms van silwer, sy maag en dye van koper,
33 its legs were iron, and its feet were partly iron and partly fired clay.
33 sy bene van yster, sy voete gedeeltelik van yster en gedeeltelik van klei.
34 As you were watching, a stone broke off without a hand touching it, struck the statue on its feet of iron and fired clay, and crushed them.
34 Toe het U gesien dat ’n klip losgesny word, sonder mensehande, wat die beeld getref het aan sy voete wat van yster en klei was en dit aan stukke gestamp het.
35 Then the iron, the fired clay, the bronze, the silver, and the gold were

shattered and became like chaff from the summer threshing floors. The wind carried them away, and not a trace of them could be found. But the stone that struck the statue became a great mountain and filled the whole earth.
35 Toe is die yster, die klei, die koper, die silwer en die goud almal saam in stukke gebreek en dit het soos die kaf van die dorsvloere in die somer geword en 'n sterk wind het hulle weggevat sodat geen plek vir hulle gevind kon word nie en die klip wat die beeld getref het, het 'n groot berg geword en die hele aarde gevul.
36 "This was the dream; now we will tell the king its interpretation.
36 Hierdie is die droom; nou sal ek sy betekenis voor die koning vertel:
37 Your Majesty, you are king of kings. The God of heaven has given you sovereignty, power, strength, and glory.
37 U, o koning, is 'n koning van die konings, want die God van die hemel het aan u 'n magtige koninkryk en eer gegee
38 Wherever people live — or wild animals, or birds of the air — He has handed them over to you and made you ruler over them all. You are the head of gold.
38 en elke land waarin mense woon, die voëls van die lug en die diere van die veld, het Hy onder u outoriteit geplaas en u heerser oor hulle almal gemaak. U is die kop van goud.
39 "After you, there will arise another kingdom, inferior to yours, and then another, a third kingdom, of bronze, which will rule the whole earth.
39 Ná u sal daar 'n ander koninkryk, geringer as u, opstaan en ook 'n derde koninkryk, van koper, wat oor die hele aarde sal heers.
40 A fourth kingdom will be as strong as iron; for iron crushes and shatters everything, and like iron that smashes, it will crush and smash all the others.
40 Die vierde koninkryk sal sterk wees soos yster, want net soos yster alles hamer en in stukke breek, so sal dit elke koninkryk breek en oorwin.
41 You saw the feet and toes, partly of a potter's fired clay and partly of iron — it will be a divided kingdom, though some of the strength of iron will be in it. You saw the iron mixed with clay,
41 Waar u die voete en tone gesien het as deels van pottebakkersklei en deels van yster, sal die koninkryk verdeeld wees, maar daarin sal sommige van die krag van yster wees, net soos u die yster met kleigrond gemeng gesien het.
42 and that the toes of the feet were partly iron and partly fired clay — part of the kingdom will be strong, and part will be brittle.
42 Die tone van die voete wat u gesien het, deels van yster en deels van klei, so sal sommige dele van die koninkryk sterk wees en sommige dele swak.
43 You saw the iron mixed with clay — the peoples will mix with one another but will not hold together, just as iron does not mix with fired clay.
43 Waar u yster gemeng met kleigrond gesien het, so sal hulle hulleself met 'n ander vermeng deur die huwelik, maar hulle sal nie aan mekaar vaskleef nie, net soos yster nie met klei meng nie.
44 "In the days of those kings, the God of heaven will set up a kingdom that

will never be destroyed, and this kingdom will not be left to another people. It will crush all these kingdoms and bring them to an end, but will itself endure forever.
44 In die dae van hierdie konings sal die God van die hemel ’n ewige Koninkryk opwek, wat nooit vernietig sal word nie en die Koninkryk sal nie aan ander volke oorgelaat word nie, maar dit sal al daardie koninkryke in stukke breek en ’n einde daaraan maak, maar ditself sal vir ewig staan.
45 You saw a stone break off from the mountain without a hand touching it, and it crushed the iron, bronze, fired clay, silver, and gold. The great God has told the king what will happen in the future. The dream is true, and its interpretation certain.”
45 Soos u gesien het dat die klip uit die berg gekap is sonder toedoen van mensehande en dat dit die yster, die koper, die klei, die silwer en die goud in stukke gebreek het, het die groot God aan die koning bekend gemaak wat in die laaste dae sal gebeur. Die droom is waar en sy betekenis betroubaar.”
46 Then King Nebuchadnezzar fell down, paid homage to Daniel, and gave orders to present an offering and incense to him.
46 Toe val koning N’vukhadnetzar op sy gesig en betoon eer aan Dani’el en beveel dat hulle wierook en offers vir hom moet bring.
47 The king said to Daniel, “Your God is indeed God of gods, Lord of kings, and a revealer of mysteries, since you were able to reveal this mystery.”
47 Die koning antwoord Dani’el en sê: “Waarlik, julle God is die God van die gode en die Meester van konings en ’n Openbaarder van geheime, want jy was in staat om hierdie geheim te openbaar.”
48 Then the king promoted Daniel and gave him many generous gifts. He made him ruler over the entire province of Babylon and chief governor over all the wise men of Babylon.
48 Toe het die koning Dani’el se rang verhoog en aan hom baie geskenke gegee en hom aangestel as heerser oor die hele provinsie van Bavel en as hoof oor al die generaals en oor die wyse manne van Bavel.
49 At Daniel’s request, the king appointed Shadrach, Meshach, and Abednego to manage the province of Babylon. But Daniel remained at the king’s court.
49 Toe het Dani’el van die koning versoek en vir Shadrakh, Meishakh en `Aved-N’go aangestel oor die bestuur van die provinsie Bavel, maar Dani’el self het in die poort van die koning gebly.

Daniel 3

1 King Nebuchadnezzar made a gold statue, 90 feet high and nine feet wide. He set it up on the plain of Dura in the province of Babylon.
1 N’vukhadnetzar, die koning, het ’n beeld van goud gemaak en sy hoogte was sestig el en sy breedte ses el en hy het dit opgerig in die vlakte van Dura, in die provinsie van Bavel.
2 King Nebuchadnezzar sent word to assemble the satraps, prefects,

governors, advisers, treasurers, judges, magistrates, and all the rulers of the provinces to attend the dedication of the statue King Nebuchadnezzar had set up.
2 Toe het N'vukhadnetzar, die koning, gestuur om die generaals van die weermag, die landmeesters, die goewerneurs, die regters, die skatmeesters, die raadslede, die advokate en al die heersers van die provinsies bymekaar te maak om na die inwyding van die beeld te kom wat koning N'vukhadnetzar opgerig het.
3 So the satraps, prefects, governors, advisers, treasurers, judges, magistrates, and all the rulers of the provinces assembled for the dedication of the statue the king had set up. Then they stood before the statue Nebuchadnezzar had set up.
3 Toe het die generaals van die weermag, die landmeesters, die goewerneurs, die regters, die skatmeesters, die raadslede, die advokate en al die heersers van die provinsies bymekaargekom vir die inwyding van die beeld wat koning N'vukhadnetzar opgerig het en hulle het voor die beeld gaan staan wat N'vukhadnetzar opgerig het.
4 A herald loudly proclaimed, "People of every nation and language, you are commanded:
4 Toe het 'n aankondiger hard uitgeroep en gesê: "Julle word beveel, o volke, nasies en tale,
5 When you hear the sound of the horn, flute, zither, lyre, harp, drum, and every kind of music, you are to fall down and worship the gold statue that King Nebuchadnezzar has set up.
5 sodra julle die geluid hoor van die horing, fluit, harp, doedelsak en van allerhande musiek met instrumente, moet julle neerval en die goue beeld aanbid wat koning N'vukhadnetzar opgerig het
6 But whoever does not fall down and worship will immediately be thrown into a furnace of blazing fire."
6 en wie nie neerval en aanbid nie, sal onmiddellik binne-in die brandende vuuroond gegooi word;"
7 Therefore, when all the people heard the sound of the horn, flute, zither, lyre, harp, and every kind of music, people of every nation and language fell down and worshiped the gold statue that King Nebuchadnezzar had set up.
7 daarom, op die oomblik toe al die volke die geluid van die horing, fluit, harp, doedelsak en van allerhande musiek met instrumente hoor, het al die volke, nasies en tale neergeval en die goue beeld aanbid wat koning N'vukhadnetzar opgerig het.
8 Some Chaldeans took this occasion to come forward and maliciously accuse the Jews.
8 Op daardie oomblik het sekere Kasdeërs nader gekom en hulle, wat vanaf Y'hudah is, aangekla.
9 They said to King Nebuchadnezzar, "May the king live forever.
9 Hulle het vir koning N'vukhadnetzar gesê: "O koning, leef vir ewig.

10 You as king have issued a decree that everyone who hears the sound of the horn, flute, zither, lyre, harp, drum, and every kind of music must fall down and worship the gold statue.
10 U, o koning, het ’n bevel gegee dat elke mens wat die geluid van die horing, fluit, harp, doedelsak en van allerhande musiek met instrumente hoor, moet neerval en die goue beeld, wat u opgerig het, aanbid
11 Whoever does not fall down and worship will be thrown into a furnace of blazing fire.
11 en dat hy wat nie neerval en aanbid nie, binne-in die brandende vuuroond gegooi moet word.
12 There are some Jews you have appointed to manage the province of Babylon: Shadrach, Meshach, and Abednego. These men have ignored you, the king; they do not serve your gods or worship the gold statue you have set up.”
12 Daar is sekere manne van Y’hudah wat u oor die bestuur van die provinsie van Bavel aangestel het, Shadrakh, Meishakh en `Aved-N’go; hierdie manne het u, o koning, nie in ag geneem nie; hulle dien nie u gode nie en aanbid ook nie die goue beeld wat u opgerig het nie.
13 Then in a furious rage Nebuchadnezzar gave orders to bring in Shadrach, Meshach, and Abednego. So these men were brought before the king.
13 Toe het N’vukhadnetzar in sy toorn en woede, bevel gegee om Shadrakh, Meishakh en `Aved-N’go te bring en hulle het hul voor die koning gebring.
14 Nebuchadnezzar asked them, “Shadrach, Meshach, and Abednego, is it true that you don’t serve my gods or worship the gold statue I have set up?
14 Toe het N’vukhadnetzar gepraat en vir hulle gevra: “Is dit waar, Shadrakh, Meishakh en `Aved-N’go, dat julle my gode nie dien nie en ook nie die goue beeld wat ek opgerig het, aanbid nie?
15 Now if you’re ready, when you hear the sound of the horn, flute, zither, lyre, harp, drum, and every kind of music, fall down and worship the statue I made. But if you don’t worship it, you will immediately be thrown into a furnace of blazing fire — and who is the god who can rescue you from my power? ”
15 Nou, as julle gereed is, sodra julle die geluid van die horing, fluit, harp, doedelsak en van allerhande musiek met instrumente hoor en neerval en die beeld wat ek gemaak het aanbid, goed, maar as julle nie aanbid nie, sal julle onmiddellik binnein die brandende vuuroond gegooi word en wie is jul God wat julle uit my hand sal verlos?”
16 Shadrach, Meshach, and Abednego replied to the king, “Nebuchadnezzar, we don’t need to give you an answer to this question.
16 Shadrakh, Meishakh en `Aved-N’go het geantwoord en aan koning N’vukhadnetzar gesê: “Daar is geen doel om u op hierdie saak te antwoord nie,
17 If the God we serve exists, then He can rescue us from the furnace of blazing fire, and He can rescue us from the power of you, the king.

17 want Hy, ons God wat ons aanbid, is in staat om ons te bevry van die brandende vuuroond en Hy sal ons uit u hand bevry, o koning.
18 But even if He does not rescue us, we want you as king to know that we will not serve your gods or worship the gold statue you set up."
18 Selfs indien nie, dan sal die koning weet dat ons nie u gode sal dien nie en ook nie die goue beeld wat u opgerig het, sal aanbid nie."
19 Then Nebuchadnezzar was filled with rage, and the expression on his face changed toward Shadrach, Meshach, and Abednego. He gave orders to heat the furnace seven times more than was customary,
19 Toe is N'vukhadnetzar, die koning, gevul met woede en sy gelaatstrekke het verander teenoor Shadrakh, Meishakh en `Aved-N'go en hy het beveel dat die vuuroond sewe maal warmer as gewoonlik gemaak moet word.
20 and he commanded some of the strongest soldiers in his army to tie up Shadrach, Meshach, and Abednego and throw them into the furnace of blazing fire.
20 Hy het sommige van die sterk manne wat in sy leër was, beveel om Shadrakh, Meishakh en `Aved-N'go vas te bind en hulle in die brandende vuuroond te gooi.
21 So these men, in their trousers, robes, head coverings, and other clothes, were tied up and thrown into the furnace of blazing fire.
21 Toe het die sterk manne hulle geboei met hulle broeke, hulle onderklere, hul boklere en hulle tulbande aan en hulle in die brandende vuuroond gegooi.
22 Since the king's command was so urgent and the furnace extremely hot, the raging flames killed those men who carried Shadrach, Meshach, and Abednego up.
22 Omdat die bevel van die koning dringend was en die oond uitermate warm was, het die vlamme van die vuur daardie manne wat Shadrakh, Meishakh en `Aved-N'go beskuldig het, doodgebrand,
23 And these three men, Shadrach, Meshach, and Abednego fell, bound, into the furnace of blazing fire.
23 maar die drie manne, Shadrakh, Meishakh en `Aved-N'go, het vasgebind binne-in die brandende vuuroond geval. Hulle het opgestaan en tussen die vlamme geloop, God geprys en יהוה geseën.
24 Then King Nebuchadnezzar jumped up in alarm. He said to his advisers, "Didn't we throw three men,
bound, into the fire? " "Yes, of course, Your Majesty," they replied to the king.
24 Toe is koning N'vukhadnetzar verskrik en het haastig opgestaan in groot vrees; hy het gepraat en vir sy prinse gevra: "Het ons nie drie manne geboeid binne-in die vuur gegooi nie?" Hulle antwoord en sê vir die koning: "Dit is waar, o koning!"
25 He exclaimed, "Look! I see four men, not tied, walking around in the fire unharmed; and the fourth looks like a son of the gods."
25 Die koning antwoord en sê: "Let op, ek sien manne los binne-in die vuur

loop sonder dat hulle beseer is en die voorkoms van die vierde is soos dié van 'n seun van God.”
26 Nebuchadnezzar then approached the door of the furnace of blazing fire and called: “Shadrach, Meshach, and Abednego, you servants of the Most High God — come out! ” So Shadrach, Meshach, and Abednego came out of the fire.
26 Toe het N’vukhadnetzar nader gekom na die opening van die brandende vuuroond en gesê: “Shadrakh, Meishakh en `Aved-N’go, diensknegte van die Allerhoogste God, kom uit en kom hier!” Toe het Shadrakh, Meishakh en `Aved-N’go uit die vuuroond uitgekom.
27 When the satraps, prefects, governors, and the king’s advisers gathered around, they saw that the fire had no effect on the bodies of these men: not a hair of their heads was singed, their robes were unaffected, and there was no smell of fire on them.
27 Al die mense, bevelvoerders van die weermag, goewerneurs, landmeesters en die raadsmanne van die koning, wat almal bymekaar was, het hierdie manne gesien oor wie se liggame die vuur geen mag gehad het nie, of wie se hare op hulle koppe nie geskroei is nie, of wie se broeke nie gebrand is nie of die reuk van die vuur nie aan gekom het nie.
28 Nebuchadnezzar exclaimed, “Praise to the God of Shadrach, Meshach, and Abednego! He sent His angel and rescued His servants who trusted in Him. They violated the king’s command and risked their lives rather than serve or worship any god except their own God.
28 Toe het N’vukhadnetzar gepraat en gesê: “Geseënd is die God van Shadrakh, Meishakh en `Aved-N’go, wat Sy boodskapper gestuur en Sy knegte bevry het wat in Hom vertrou en die koning se woord verwerp en hulle liggame oorgegee het omdat hulle geen ander god sou dien of aanbid nie, behalwe hulle eie God;
29 Therefore I issue a decree that anyone of any people, nation, or language who says anything offensive against the God of Shadrach, Meshach, and Abednego will be torn limb from limb and his house made a garbage dump. For there is no other god who is able to deliver like this.”
29 daarom maak ek hierdie bevel: elke volk, nasie of taal wat sleg praat teen die God van Shadrakh, Meishakh en `Aved-N’go, sal in stukke gesny word en hulle huise geplunder word, want daar is geen ander god wat op dié manier kan bevry nie.”
30 Then the king rewarded Shadrach, Meshach, and Abednego in the province of Babylon.
30 Toe het die koning Shadrakh, Meishakh en `Aved-N’go bevordering gegee in die provinsie van Bavel.

Daniel 4

1 King Nebuchadnezzar, To those of every people, nation, and language, who

live in all the earth: May your prosperity increase.
1 Toe het N'vukhadnetzar, die koning, aan al die volke, nasies en tale wat op die hele aarde bly geskryf: "Mag julle vrede vermenigvuldig word!
2 I am pleased to tell you about the miracles and wonders the Most High God has done for me.
2 Ek het dit goed gedink om die tekens en wonders wat die Allerhoogste God aan my gedoen het, te publiseer.
3 How great are His miracles, and how mighty His wonders! His kingdom is an eternal kingdom, and His dominion is from generation to generation.
3 Hoe groot is Sy tekens en hoe magtig Sy wonderwerke! Sy Koninkryk is 'n ewige Koninkryk en Sy heerskappy is van geslag tot geslag!
4 I, Nebuchadnezzar, was at ease in my house and flourishing in my palace.
4 Ek, N'vukhadnetzar, was rustig in my huis en ontspanne in my paleis.
5 I had a dream, and it frightened me; while in my bed, the images and visions in my mind alarmed me.
5 Ek het 'n droom gesien wat my bang gemaak het en die visioene van my kop het my gepla;
6 So I issued a decree to bring all the wise men of Babylon to me in order that they might make the dream's interpretation known to me.
6 daarom het ek beveel om al die wyse manne van Bavel voor my te bring sodat hulle die betekenis van die droom aan my bekend kan maak.
7 When the diviner-priests, mediums, Chaldeans, and astrologers came in, I told them the dream, but they could not make its interpretation known to me.
7 Toe het die voorspellers, die sterrekundiges, die towenaars en die Kasdeërs voor my gekom en ek het aan hulle die droom vertel, maar hulle kon nie die betekenis daarvan aan my openbaar nie
8 Finally Daniel, named Belteshazzar after the name of my god — and the spirit of the holy gods is in him — came before me. I told him the dream:
8 totdat Dani'el, in wie die Gees van die Afgesonderde God is, voor my gekom het, wie se naam Belt'shatzar is, volgens die naam (karakter en outoriteit) van my god en ek het die droom voor hom vertel:
9 "Belteshazzar, head of the diviners, because I know that you have a spirit of the holy gods and that no mystery puzzles you, explain to me the visions of my dream that I saw, and its interpretation.
9 'Belt'shatzar, owerste van die towenaars, omdat ek weet dat die Gees van die Afgesonderde God in jou
is en dat geen geheim vir jou weggesteek is nie, hierdie is die visioen van my droom wat ek gesien het; vertel my die betekenis daarvan.
10 In the visions of my mind as I was lying in bed, I saw this: There was a tree in the middle of the earth, and its height was great.
10 Hierdie is die visioene wat ek in my bed gesien het; ek het gesien en let op, daar was 'n boom in die middel van die aarde en sy hoogte was groot.
11 The tree grew large and strong; its top reached to the sky, and it was

visible to the ends of the earth.
11 Die boom het hoog gegroei en was sterk en sy hoogte het tot by die hemel gekom en hy kon gesien word tot aan die einde van die aarde.
12 Its leaves were beautiful, its fruit was abundant, and on it was food for all. Wild animals found shelter under it, the birds of the air lived in its branches, and every creature was fed from it.
12 Sy blare was mooi en sy vrugte oorvloedig en aan hom was kos vir almal; die diere van die veld het onder hom gebly en die voëls van die hemel het op sy takke gerus en alle vlees is vanaf hom gevoed.
13 "As I was lying in my bed, I also saw in the visions of my mind an observer, a holy one, coming down from heaven.
13 Ek het in die visioene van my kop op my bed, gesien en let op, 'n afgesonderde engel het van die hemel af afgekom.
14 He called out loudly: Cut down the tree and chop off its branches; strip off its leaves and scatter its fruit. Let the animals flee from under it, and the birds from its branches.
14 Hy het hardop uitgeroep en die volgende gesê: "Kap die boom om en kap sy takke af, skud sy blare af en verstrooi sy vrugte; laat die diere onder hom uit weggaan en die voëls uit sy takke uit.
15 But leave the stump with its roots in the ground, and with a band of iron and bronze around it, in the tender grass of the field. Let him be drenched with dew from the sky and share the plants of the earth with the animals.
15 Nogtans, laat die stomp en sy wortels in die aarde staan, maar dit sal met 'n band van yster en koper in die groen gras van die veld gebind wees en laat hom deur die dou van die hemel natgemaak word en saam met die diere by die gras van die aarde bly.
16 Let his mind be changed from that of a man, and let him be given the mind of an animal for seven periods of time.
16 Laat sy hart verander word van dié van 'n mens en 'n dierehart aan hom gegee word en laat sewe seisoene oor hom verander.
17 This word is by decree of the observers; the matter is a command from the holy ones. This is so the
living will know that the Most High is ruler over the kingdom of men. He gives it to anyone He wants and sets the lowliest of men over it.
17 Hierdie bevel is in opdrag van die engel, volgens 'n versoek van die Afgesonderde Een sodat hulle wat leef kan weet dat die Allerhoogste God in die koninkryk van die mens heers en dit aan wie ook al Hy wil gee en die nederigste van mense daaroor aanstel."
18 This is the dream that I, King Nebuchadnezzar, had. Now, Belteshazzar, tell me the interpretation, because none of the wise men of my kingdom can make the interpretation known to me. But you can, because you have the spirit of the holy gods."
18 Hierdie droom het ek, koning N'vukhadnetzar, gesien. Nou, jy, Belt'shatzar, vertel vir my die betekenis daarvan omdat al die wyse manne van my

koninkryk nie vir my die betekenis bekend kon maak nie, maar jy, Dani’el is daartoe in staat, want die Gees van die Afgesonderde God is in jou.’
19 Then Daniel, whose name is Belteshazzar, was stunned for a moment, and his thoughts alarmed him. The king said, “Belteshazzar, don’t let the dream or its interpretation alarm you.” Belteshazzar answered, “My lord, may the dream apply to those who hate you, and its interpretation to your enemies!
19 Toe was Dani’el, wie se naam Belt’shatzar was, vir ’n uur verward en sy gedagtes het hom gepla. Die koning het gepraat en gesê: ‘Belt’shatzar, moenie dat die droom of die betekenis jou omkrap nie.’ Dani’el het geantwoord en gesê: ‘My meester, mag die droom wees vir hulle wat u haat en die betekenis vir u vyande.
20 The tree you saw, which grew large and strong, whose top reached to the sky and was visible to all the earth,
20 Die boom wat u gesien het, wat gegroei het en sterk was, waarvan die hoogte tot by die hemel gekom het en wat vir die hele aarde sigbaar was
21 whose leaves were beautiful and its fruit abundant — and on it was food for all, under it the wild animals lived, and in its branches the birds of the air lived —
21 en waarvan die blare mooi en die vrugte oorvloedig was en waarin kos vir alle vlees was, waaronder die diere van die veld gebly het en waar die voëls van die hemel op sy takke gerus het,
22 that tree is you, the king. For you have become great and strong: your greatness has grown and even reaches the sky, and your dominion extends to the ends of the earth.
22 dit is u, o koning, want u het gegroei en sterk geword, u het hoog gegroei en die hemel bereik en u heerskappy is tot aan die einde van die aarde.
23 “The king saw an observer, a holy one, coming down from heaven and saying, ‘Cut down the tree and destroy it, but leave the stump with its roots in the ground and with a band of iron and bronze around it, in the tender grass of the field. Let him be drenched with dew from the sky, and share food with the wild animals for seven periods of time.’
23 Waar die koning ’n afgesonderde engel uit die hemel sien afkom het wat hardop uitroep en sê: ‘Kap
die boom om en vernietig hom, maar laat die stomp en wortels in die aarde staan en laat dit met ’n band van yster en koper in die groen gras van die veld gebind word en laat hom deur die dou van die hemel natgemaak word en laat hom bly saam met die diere van die veld in die groen gras en laat sy hart verander word van dié van ’n mens en ’n dierehart aan hom gegee word totdat sewe seisoene oor hom verander het.’
24 This is the interpretation, Your Majesty, and this is the sentence of the Most High that has been passed against my lord the king:
24 Hierdie is die betekenis, o koning, die bevel van die Allerhoogste het teen my meester, die koning, gekom:
25 You will be driven away from people to live with the wild animals. You will

feed on grass like cattle and be drenched with dew from the sky for seven periods of time, until you acknowledge that the Most High is ruler over the kingdom of men, and He gives it to anyone He wants.
25 hulle sal u wegdryf van mense af en u blyplek sal saam met die diere van die veld wees en hulle sal u gras laat eet soos ’n jong bul en u sal deur die dou van die hemel natgemaak word en sewe seisoene sal oor u verander totdat u weet dat die Allerhoogste heers in die koninkryk van die mens en dit gee aan wie ook al Hy wil.
26 As for the command to leave the tree’s stump with its roots, your kingdom will be restored to you as soon as you acknowledge that Heaven rules.
26 Waar Hy bevel gegee het om die stomp en wortels te spaar: u koninkryk sal vir u verseker wees nadat u geleer het dat outoriteit vanaf die hemel kom;
27 Therefore, may my advice seem good to you my king. Separate yourself from your sins by doing what is right, and from your injustices by showing mercy to the needy. Perhaps there will be an extension of your prosperity.”
27 daarom, laat my raad vir u aanvaarbaar wees en raak ontslae van u sondes deur onpartydige opregtheid en van u oortredinge deur liefdevolle omgee aan die armes totdat u oortredinge van u verwyder is.’
28 All this happened to King Nebuchadnezzar.
28 Al hierdie dinge het oor koning N’vukhadnetzar gekom.
29 At the end of 12 months, as he was walking on the roof of the royal palace in Babylon,
29 Aan die einde van twaalf maande terwyl koning N’vukhadnetzar op die dak van die koninklike paleis, wat in Bavel is, loop,
30 the king exclaimed, “Is this not Babylon the Great that I have built by my vast power to be a royal residence and to display my majestic glory? ”
30 het hy gepraat en gesê: ‘Is dit nie die groot Bavel wat ek opgebou het as die troon van my koninkryk en vir my groot heerskappy en my majesteit nie?’
31 While the words were still in the king’s mouth, a voice came from heaven: “King Nebuchadnezzar, to you it is declared that the kingdom has departed from you.
31 Terwyl die woord nog in die mond van die koning was, kom daar ’n stem uit die hemel wat sê: “O, koning N’vukhadnetzar, met jou word gepraat, want jou koninkryk is van jou weggevat
32 You will be driven away from people to live with the wild animals, and you will feed on grass like cattle for seven periods of time, until you acknowledge that the Most High is ruler over the kingdom of men, and He gives it to anyone He wants.”
32 en hulle sal jou wegdryf van mense af en jou blyplek sal saam met die diere van die veld wees; hulle sal jou maak plante eet soos ’n jong bul en jy sal deur die dou van die hemel natgemaak word en sewe seisoene sal oor jou verander totdat jy weet dat die Allerhoogste in die koninkryk van die mens heers en dit gee aan wie Hy ook al wil en Hy stel die nederigste van mense daaroor aan.”

33 At that moment the sentence against Nebuchadnezzar was executed. He was driven away from people. He ate grass like cattle, and his body was drenched with dew from the sky, until his hair grew like eagles' feathers and his nails like birds' claws.
33 In dieselfde uur is die woord vervul oor koning N'vukhadnetzar en hy is weggedryf van mense af en het gras geëet soos 'n jong bul en sy liggaam was nat van die dou van die hemel totdat sy hare gegroei het soos 'n arend se vere en sy naels soos voëlkloue.
34 But at the end of those days, I, Nebuchadnezzar, looked up to heaven, and my sanity returned to me. Then I praised the Most High and honored and glorified Him who lives forever: For His dominion is an everlasting dominion, and His kingdom is from generation to generation.
34 Toe die dae vervul was, het ek, N'vukhadnetzar, my oë na die hemel opgelig en my verstand is in my herstel en ek het die Allerhoogste, Wie se heerskappy 'n ewige heerskappy is en Wie se Koninkryk van geslag tot geslag is, geloof en Hom wat ewig lewe, geprys, geloof en geëer.
35 All the inhabitants of the earth are counted as nothing, and He does what He wants with the army of heaven and the inhabitants of the earth. There is no one who can hold back His hand or say to Him, "What have You done? "
35 Al die inwoners van die aarde word as niks gereken in Sy Teenwoordigheid nie en Hy handel soos Hy wil met die leërmag van die hemel en hulle wat op die aarde woon en niemand kan Sy hand teëstaan of vir Hom sê: "Wat doen U?" nie.
36 At that time my sanity returned to me, and my majesty and splendor returned to me for the glory of my kingdom. My advisers and my nobles sought me out, I was reestablished over my kingdom, and even more greatness came to me.
36 Terselfdertyd het my verstand na my teruggekeer en my prinse en generaals het my opgesoek en ek is bevestig in my koninkryk en buitengewone grootheid is vir my bygevoeg.
37 Now I, Nebuchadnezzar, praise, exalt, and glorify the King of heaven, because all His works are true and His ways are just. He is able to humble those who walk in pride.
37 Nou loof, prys en eer, ek, N'vukhadnetzar en lig ek die Koning van die hemel hoog, want al Sy werke is waarheid en Sy lewenswyses regverdig en Hy is in staat om hulle wat in trotsheid lewe te verneder."

Daniel 5

1 King Belshazzar held a great feast for 1,000 of his nobles and drank wine in their presence.
1 Belshatzar, die koning, het 'n groot feesmaal vir 'n duisend van sy prinse gehou en in die teenwoordigheid van die duisend wyn gedrink.
2 Under the influence of the wine, Belshazzar gave orders to bring in the gold

and silver vessels that his predecessor Nebuchadnezzar had taken from the temple in Jerusalem, so that the king and his nobles, wives, and concubines could drink from them.
2 Belshatzar het terwyl hy wyn gedrink het, bevel gegee dat die goue en silwer voorwerpe, wat sy vader N'vukhadnetzar uit die tempel van Yerushalayim gevat het, gebring word sodat die koning en sy prinse, sy vroue en sy byvroue daaruit kon drink.
3 So they brought in the gold vessels that had been taken from the temple, the house of God in Jerusalem, and the king and his nobles, wives, and concubines drank from them.
3 Toe het hulle die goue voorwerpe gebring wat uit die tempel van God, wat in Yerushalayim is, gevat is en die koning, sy prinse, sy vroue en sy byvroue het daaruit gedrink.
4 They drank the wine and praised their gods made of gold and silver, bronze, iron, wood, and stone.
4 Hulle het wyn gedrink en die gode van goud, silwer, koper, yster, hout en klip groot gemaak.
5 At that moment the fingers of a man's hand appeared and began writing on the plaster of the king's palace wall next to the lampstand. As the king watched the hand that was writing,
5 Op daardie oomblik het die vingers van 'n man se hand verskyn en oorkant die kandelaar op die pleister van die muur van die koninklike paleis geskryf en die koning het die palm van die hand gesien wat geskryf het.
6 his face turned pale, and his thoughts so terrified him that his hip joints shook and his knees knocked together.
6 Toe het die voorkoms van die koning verander en sy gedagtes het hom gepla, die gewrigte van sy heupe het losgeraak en sy knieë het teen mekaar geslaan.
7 The king called out to bring in the mediums, Chaldeans, and astrologers. He said to these wise men of Babylon, "Whoever reads this inscription and gives me its interpretation will be clothed in purple, have a gold chain around his neck, and have the third highest position in the kingdom."
7 Toe het die koning hardop uitgeroep dat die sterrekundiges, die Kasdeërs en die voorspellers in gebring moet word. Die koning het gepraat en vir die wyse manne van Bavel gesê: "Wie ook al hierdie skrif kan lees en vir my die betekenis daarvan kan wys, sal in purper geklee word en 'n goue ketting sal om sy nek wees en hy sal heers oor 'n derde van die koninkryk."
8 So all the king's wise men came in, but none could read the inscription or make its interpretation known to him.
8 Toe het al die wyse manne van die koning ingekom, maar hulle kon nie die skrif lees of die betekenis daarvan aan die koning bekend maak nie.
9 Then King Belshazzar became even more terrified, his face turned pale, and his nobles were bewildered.
9 Toe was koning Belshatzar baie gespanne en sy voorkoms het verander en

sy prinse was verwilderd.
20 Die ballinge van hierdie leërmag van die seuns van Yisra'el, wat tussen die Kena'aniete is, so ver as tot by Tzarfat en die ballinge van Yerushalayim wat in S'farad (Spanje) is, sal die stede van die Suidland besit.

21 Saviors will ascend Mount Zion to rule over the hill country of Esau, but the kingdom will be the LORD's.

21 Die wat bevry is sal opgaan met die berg Tziyon om die berg van `Esav te oordeel en die Koninkryk sal aan הוהי behoort.

Jonah

Jonah 1

1 The word of the LORD came to Jonah son of Amittai:

1 Die woord van הוהי het tot Yonah, die seun van Amittai gekom en gesê:

2 "Get up! Go to the great city of Nineveh and preach against it, because their wickedness has confronted Me."

2 "Staan op, gaan na die groot stad Ninveh en roep daarteen uit, want hulle boosheid het opgekom voor My."

3 However, Jonah got up to flee to Tarshish from the LORD's presence. He went down to Joppa and found a ship going to Tarshish. He paid the fare and went down into it to go with them to Tarshish, from the LORD's presence.

3 Yonah het egter opgestaan om na Tarshish te vlug, weg van die Teenwoordigheid van הוהי af. Hy het afgegaan na Yafo, 'n skip gevind wat na Tarshish vaar, die reisgeld betaal en daarin afgegaan om saam met hulle na Tarshish te vaar, weg van die Teenwoordigheid van הוהי af.

4 Then the LORD hurled a violent wind on the sea, and such a violent storm arose on the sea that the ship threatened to break apart.

4 הוהי het 'n sterk wind oor die see uitgestuur en daar was 'n groot storm op die see sodat die skip op die punt was om op te breek.

5 The sailors were afraid, and each cried out to his god. They threw the ship's cargo into the sea to lighten the load. Meanwhile, Jonah had gone down to the lowest part of the vessel and had stretched out and fallen into a deep sleep.

5 Toe het die matrose bang geword en elke man het uitgeroep na sy god. Die bemanning het die vrag wat in die skip was, in die see gegooi om dit vir hulle ligter te maak, maar Yonah het afgegaan na die vraggedeelte van die skip, gaan lê en vas aan die slaap geraak.

6 The captain approached him and said, "What are you doing sound asleep? Get up! Call to your god. Maybe this god will consider us, and we won't perish."

6 Die kaptein het hom genader en gesê: "Hoe is dit dat jy slaap? Staan op, roep uit na jou God! Miskien sal jou God bekommerd wees oor ons sodat ons nie sal vergaan nie."

7 “Come on! ” the sailors said to each other. “Let’s cast lots. Then we’ll know who is to blame for this trouble we’re in.” So they cast lots, and the lot singled out Jonah.
7 Elkeen sê toe vir sy maat: “Kom, laat ons lootjies trek sodat ons kan weet om wie se ontwil hierdie katastrofe ons getref het.” Hulle het geloot en die lot het op Yonah geval.
8 Then they said to him, “Tell us who is to blame for this trouble we’re in. What is your business and where are you from? What is your country and what people are you from? ”
8 Toe sê hulle vir hom: “Vertel ons nou! Om watter rede het hierdie ramp ons getref? Wat is jou beroep en waar kom jy vandaan? Van watter land is jy en uit watter volk kom jy?”
9 He answered them, “I’m a Hebrew. I worship Yahweh, the God of the heavens, who made the sea and the dry land.”
9 Hy antwoord hulle: “Ek is ’n Hebreër en ek vrees יהוה, God van die hemel, wat die see en die droë land gemaak het.”
10 Then the men were even more afraid and said to him, “What is this you’ve done? ” The men knew he was fleeing from the L**ORD**’s presence, because he had told them.
10 Toe het die manne baie bang geword en sê vir hom: “Hoe kon jy dit doen?” Die manne het geweet dat hy van die Teenwoordigheid van יהוה af wegvlug, want hy het hulle vertel.
11 So they said to him, “What should we do to you to calm this sea that’s against us? ” For the sea was getting worse and worse.
11 Hulle sê vir hom: “Wat moet ons aan jou doen sodat die see kalm sal word vir ons?” Want die see het hoe langer hoe onstuimiger geword.
12 He answered them, “Pick me up and throw me into the sea so it may quiet down for you, for I know that I’m to blame for this violent storm that is against you.”
12 Hy antwoord hulle: “Tel my op en gooi my in die see; dan sal die see vir julle kalm word, want ek weet dat om my ontwil hierdie groot storm oor julle gekom het.”
13 Nevertheless, the men rowed hard to get back to dry land, but they couldn’t because the sea was raging against them more and more.
13 Nogtans het die manne geroei om terug te keer land toe, maar hulle kon nie omdat die see selfs onstuimiger teen hulle geword het.
14 So they called out to the L**ORD**: “Please, Yahweh, don’t let us perish because of this man’s life, and don’t charge us with innocent blood! For You, Yahweh, have done just as You pleased.”
14 Toe roep hulle uit tot יהוה en sê: “O, יהוה, ons bid ernstig, laat ons tog nie vergaan weens hierdie man se lewe nie en sit nie onskuldige bloed op ons nie, want U, יהוה, het gedoen volgens U welbehae.”
15 Then they picked up Jonah and threw him into the sea, and the sea

stopped its raging.
15 Hulle het Yonah opgetel, hom in die see gegooi en die see het sy onstuimigheid gestop.
16 The men feared the LORD even more, and they offered a sacrifice to the LORD and made vows.
16 Toe het die manne יהוה baie gevrees en ’n offer aan יהוה geoffer en geloftes gemaak.
17 Now the LORD had appointed a huge fish to swallow Jonah, and Jonah was in the fish three days and three nights.
17 2:1) יהוה het ’n groot vis aangestel om Yonah in te sluk en Yonah was vir drie dae en drie nagte in die maag van die vis.

Jonah 2

1 Jonah prayed to the LORD his God from inside the fish:
1 2:2) Toe het Yonah tot יהוה, sy God, gebid vanuit die maag van die vis
2 I called to the LORD in my distress, and He answered me. I cried out for help in the belly of Sheol; You heard my voice.
2 2:3) en hy het gesê: “Uit my benoudheid het ek יהוה aangeroep en Hy het my geantwoord. Vanuit die diepte van Sh’ol het ek uitgeroep om hulp; U het my stem gehoor,
3 You threw me into the depths, into the heart of the seas, and the current overcame me. All Your breakers and Your billows swept over me.
3 2:4) want U het my in die diepte gegooi, in die binneste van die seë en die stroom het my ingesluk; al U deinings en golwe het oor my gegaan.
4 But I said: I have been banished from Your sight, yet I will look once more toward Your holy temple.
4 2:5) Ek het gesê: ‘Ek is uit U Teenwoordigheid verban, nogtans sal ek weer in die rigting van U afgesonderde tempel kyk.
5 The waters engulfed me up to the neck; the watery depths overcame me; seaweed was wrapped around my head.
5 2:6) Water het my omring tot op die punt van die dood, die groot vis het my ingesluk, seegras was om my kop gedraai.
6 I sank to the foundations of the mountains; the earth with its prison bars closed behind me forever! But You raised my life from the Pit, LORD my God!
6 2:7) Ek het afgegaan tot by die wortels van die berge, die aarde met sy tralies was vir ewig rondom my, maar U het my lewe uit die put uit opgebring, יהוה, my God!
7 As my life was fading away, I remembered Yahweh. My prayer came to You, to Your holy temple.
7 2:8) Terwyl ek weggetaan het, het ek יהוה onthou en my gebed het, in U afgesonderde tempel, na U toe gekom.

8 Those who cling to worthless idols forsake faithful love,
8 2:9) Die wat nietige afgode erken, verlaat hulle vertrouenswaardigheid,
9 but as for me, I will sacrifice to You with a voice of thanksgiving. I will fulfill what I have vowed. Salvation is from the L**ORD**!
9 2:10) maar ek sal tot U offer met 'n stem van danksegging. Dit wat ek beloof het, sal ek betaal. Redding is vanaf הוהי."
10 Then the L**ORD** commanded the fish, and it vomited Jonah onto dry land.
10 2:11) Toe het הוהי die vis beveel en dit het Yonah op die droë grond uitgespoeg.

Jonah 3

1 Then the word of the L**ORD** came to Jonah a second time:
1 Die woord van הוהי het vir die tweede maal tot Yonah gekom en gesê:
2 "Get up! Go to the great city of Nineveh and preach the message that I tell you."
2 "Staan op, gaan na die groot stad Ninveh en verkondig daaraan die verklaring wat Ek gaan gee."
3 So Jonah got up and went to Nineveh according to the L**ORD**'s command. Now Nineveh was an extremely large city, a three-day walk.
3 Yonah het opgestaan en na Ninveh gegaan volgens die woord van הוהי. Ninveh was 'n uitermate groot stad, drie dae se loop.
4 Jonah set out on the first day of his walk in the city and proclaimed, "In 40 days Nineveh will be demolished! "
4 Toe het Yonah begin om deur die stad te gaan, een dag se loop en hy het uitgeroep en gesê: "Nog veertig dae, dan word Ninveh omvergewerp."
5 The men of Nineveh believed in God. They proclaimed a fast and dressed in sackcloth — from the greatest of them to the least.
5 Toe het die manne van Ninveh God vertrou, 'n vas uitgeroep en sakklere aangetrek, van groot tot klein.
6 When word reached the king of Nineveh, he got up from his throne, took off his royal robe, put on sackcloth, and sat in ashes.
6 Toe die boodskap die koning van Ninveh bereik, het hy opgestaan van sy troon af, sy bokleed eenkant neergesit en homself met sakklere bedek en in die as gaan sit.
7 Then he issued a decree in Nineveh: By order of the king and his nobles: No man or beast, herd or flock, is to taste anything at all. They must not eat or drink water.
7 Hy het 'n proklamasie uitgevaardig wat gesê het: "In Ninveh, in opdrag van die koning en sy edelmanne: geen mens of dier, bees of kleinvee mag aan iets proe nie, hulle mag nie eet of water drink nie,
8 Furthermore, both man and beast must be covered with sackcloth, and everyone must call out earnestly to God. Each must turn from his evil ways

and from the violence he is doing.
8 maar beide mens en dier moet met sak klere bedek wees en laat die mense ernstig tot God roep sodat elkeen kan wegdraai van sy bose lewenswyse en van die geweld wat in sy hande is.
9 Who knows? God may turn and relent; He may turn from His burning anger so that we will not perish.
9 Wie weet of God mag terugdraai en onverdiende guns oor ons mag hê en Sy brandende woede van ons af verwyder sodat ons nie sal vergaan nie.”
10 Then God saw their actions — that they had turned from their evil ways — so God relented from the disaster He had threatened to do to them. And He did not do it.
10 God het hulle werke gesien dat hulle omgedraai het van hulle verkeerde lewenswyse en God het Sy woede van hulle af weggedraai en hulle nie vernietig nie.

Jonah 4

1 But Jonah was greatly displeased and became furious.
1 Dit het Yonah egter baie ontevrede gemaak en hy het kwaad geword.
2 He prayed to the LORD: “Please, LORD, isn’t this what I said while I was still in my own country? That’s why I fled toward Tarshish in the first place. I knew that You are a merciful and compassionate God, slow to become angry, rich in faithful love, and One who relents from sending disaster.
2 Hy het tot יהוה gebid en gesê: “Asseblief יהוה, is dit nie wat ek gesê het terwyl ek nog in my eie land was nie? Ek het daarom na Tarshish gevlug om hierdie te verhoed, want ek het geweet dat U ’n God van liefdevolle omgee en onverdiende guns is, stadig om kwaad te word en oorvloedig in liefdevolle goedheid en Een wat katastrofes wegdraai;
3 And now, LORD, please take my life from me, for it is better for me to die than to live.”
3 daarom, o יהוה, neem asseblief my lewe van my weg, want dood is vir my beter as om te lewe.”
4 The LORD asked, “Is it right for you to be angry? ”
4 יהוה het gesê: “Het jy goeie rede om kwaad te wees?”
5 Jonah left the city and sat down east of it. He made himself a shelter there and sat in its shade to see what would happen to the city.
5 Toe het Yonah uit die stad uitgegaan en aan die oostekant daarvan gaan sit. Daar het hy vir homself ’n skuiling gemaak en onder dit gaan sit in die skaduwee totdat hy kon sien wat in die stad sou gebeur.
6 Then the LORD God appointed a plant, and it grew up to provide shade over Jonah’s head to ease his discomfort. Jonah was greatly pleased with the plant.
6 יהוה God het ’n plant aangestel en dit het oor Yonah opgegroei om ’n

skaduwee oor sy kop te wees, om hom van sy ongemak te bevry en Yonah was baie bly oor die plant.
7 When dawn came the next day, God appointed a worm that attacked the plant, and it withered.
7 God het egter die volgende oggend met dagbreek ’n wurm beveel en dié het die plant aangeval en dit het verdor.
8 As the sun was rising, God appointed a scorching east wind. The sun beat down so much on Jonah’s head that he almost fainted, and he wanted to die. He said, “It’s better for me to die than to live.”
8 Toe die son opkom, het God ’n skroeiende Oostewind aangestel en die son het op Yonah se kop afgekom sodat hy flou geword het en met sy hele wese gesmeek het om dood te gaan en gesê: “Dood is vir my beter as om te lewe.”
9 Then God asked Jonah, “Is it right for you to be angry about the plant? ” “Yes,” he replied. “It is right. I’m angry enough to die! ”
9 Toe sê God vir Yonah: “Het jy goeie rede om kwaad te wees oor die plant?” Hy antwoord: “Ek het goeie rede om kwaad te wees, selfs tot die dood toe.”
10 So the LORD said, “You cared about the plant, which you did not labor over and did not grow. It appeared in a night and perished in a night.
10 Toe sê יהוה: “Jy het liefdevolle omgee vir die plant waarvoor jy nie gewerk of laat groei het nie, wat oornag opgekom het en oornag vergaan het.
11 Should I not care about the great city of Nineveh, which has more than 120,000 people who cannot distinguish between their right and their left, as well as many animals? ”
11 Sal Ek dan nie liefdevolle omgee hê oor Ninveh, die groot stad waarin meer as ’n honderd en twintig duisend (120 000) mense, wat nie die onderskeid tussen hulle regter- en linkerhande ken, sowel as baie vee, is, nie?”

Micah

Micah 1

1 The word of the LORD that came to Micah the Moreshite — what he saw regarding Samaria and Jerusalem in the days of Jotham, Ahaz, and Hezekiah, kings of Judah.
1 Die boodskap van יהוה wat tot Mikhah van Moreshet, gekom het, in die dae van Yotam, Agaz en Hizkiyahu, konings van Y’hudah; wat hy gesien het aangaande Shomron en Yerushalayim:
2 Listen, all you peoples; pay attention, earth and everyone in it! The Lord GOD will be a witness against you, the Lord, from His holy temple.
2 “Luister en doen, o volke, almal van julle; o aarde en alles wat dit bevat en

laat יהוה-God ’n getuie teen julle wees, יהוה vanaf Sy afgesonderde tempel,
3 Look, the LORD is leaving His place and coming down to trample the heights of the earth.
3 want let op, יהוה kom vanuit Sy plek. Hy sal afkom en loop op die hoë plekke van die aarde.
4 The mountains will melt beneath Him, and the valleys will split apart, like wax near a fire, like water cascading down a mountainside.
4 Die berge sal onder Hom smelt en die valleie oopskeur, soos was voor die vuur, soos water wat by ’n skuins plek afgegooi word;
5 All this will happen because of Jacob’s rebellion and the sins of the house of Israel. What is the rebellion of Jacob? Isn’t it Samaria? And what is the high place of Judah? Isn’t it Jerusalem?
5 dit alles vanweë die rebellie van Ya’akov en vanweë die sondes van die huis van Yisra’el. Wat is die rebellie van Ya’akov? Is dit nie Shomron nie? Wat is die hoë plek van Y’hudah? Is dit nie Yerushalayim nie?
6 Therefore, I will make Samaria a heap of ruins in the countryside, a planting area for a vineyard. I will roll her stones into the valley and expose her foundations.
6 Ek sal Shomron ’n puinhoop maak in die oop veld, ’n plek om wingerdstokke te plant. Ek sal haar klippe in die vallei afgooi en haar fondamente blootlê.
7 All her carved images will be smashed to pieces; all her wages will be burned in the fire, and I will destroy all her idols. Since she collected the wages of a prostitute, they will be used again for a prostitute.
7 Al haar afgode sal stukkend gebreek word, al haar verdienstes sal met vuur verbrand word en al haar beelde sal Ek verwoes, want hulle is versamel vanuit ’n hoer se verdienstes en tot die verdienste van ’n hoer sal dit terugkeer.
8 Because of this I will lament and wail; I will walk barefoot and naked. I will howl like the jackals and mourn like ostriches.
8 As gevolg hiervan sal ek rouklaag en huil; sal ek kaalvoet en kaal loop; ek sal kla soos die jakkals en treur soos die volstruis,
9 For her wound is incurable and has reached even Judah; it has approached the gate of my people, as far as Jerusalem.
9 want haar wond is ongeneeslik, want dit het na Y’hudah toe gekom; dit het die poort van my volk bereik, tot by Yerushalayim.
10 Don’t announce it in Gath, don’t weep at all. Roll in the dust in Beth-leaphrah.
10 Moet dit nie in Gat vertel nie, moet glad nie daaroor huil nie. Rol jouself in die stof by Beit-L’afrah.
11 Depart in shameful nakedness, you residents of Shaphir; the residents of Zaanan will not come out. Beth-ezel is lamenting; its support is taken from you.
11 Gaan aan op jou pad, inwoners van Shafir, in skandelike naaktheid. Die

inwoners van Tza'anan ontsnap nie. Die weeklag van Beit-Ha'etzel: "Hy sal sy ondersteuning van jou af wegvat,"
12 Though the residents of Maroth anxiously wait for something good, disaster has come from the LORD to the gate of Jerusalem.
12 want die inwoners van Marot word swak, wagtend vir iets goeds omdat 'n katastrofe vanaf הוהי
afgekom het na die poort van Yerushalayim.
13 Harness the horses to the chariot, you residents of Lachish. This was the beginning of sin for Daughter Zion, because Israel's acts of rebellion can be traced to you.
13 Span die strydwa en die span perde in, o inwoners van Lakhish; sy was die begin van sonde vir die dogter van Tziyon, want die rebelse dade van Yisra'el is in jou gevind;
14 Therefore, send farewell gifts to Moresheth-gath; the houses of Achzib are a deception to the kings of Israel.
14 daarom moet jy afskeidsgeskenke gee namens Moreshet-Gat; die huise van Akhziv sal 'n misleiding word vir die konings van Yisra'el.
15 I will again bring a conqueror against you who live in Mareshah. The nobility of Israel will come to Adullam.
15 Meer nog, Ek sal die een wat besit neem oor jou bring, o inwoner van Mareshah; die eer van Yisra'el sal `Adullam binnegaan.
16 Shave yourselves bald and cut off your hair in sorrow for your precious children; make yourselves as bald as an eagle, for they have been taken from you into exile.
16 Maak jouself bles, trek uit jou hare vir die kinders van jou vreugde; vergroot jou bles soos die arend, want hulle sal van jou af weggaan in ballingskap.

Micah 2

1 Woe to those who dream up wickedness and prepare evil plans on their beds! At morning light they accomplish it because the power is in their hands.
1 Wee die wat onreg beplan, wat boosheid uitwerk op hulle beddens! Wanneer die oggend kom, doen hulle dit, want dit is in die mag van hulle hande.
2 They covet fields and seize them; they also take houses. They deprive a man of his home, a person of his inheritance.
2 Hulle begeer lande en vat dit en huise en vat hulle weg. Hulle beroof 'n man en sy huis, 'n man en sy erfenis."
3 Therefore, the LORD says: I am now planning a disaster against this nation; you cannot free your necks from it. Then you will not walk so proudly because it will be an evil time.

3 יהוה sê daarom: “Let op, Ek beplan ’n katastrofe teen hierdie familie, waaruit julle jul nekke nie sal kan uittrek nie en julle sal nie trots kan rondloop nie, want dit sal ’n bose tyd wees.
4 In that day one will take up a taunt against you, and lament mournfully, saying, “We are totally ruined! He measures out the allotted land of my people. How He removes it from me! He allots our fields to traitors.”
4 In dié dag sal hulle ’n spotlied oor julle opneem en ’n bitter klaaglied sing: ‘Ons is volkome vernietig! Hy verruil die deel van my volk; Hy vat dit weg van my! Hy verdeel ons velde onder die afvalliges;’
5 Therefore, there will be no one in the assembly of the LORD to divide the land by casting lots.
5 daarom sal daar in die vergadering van יהוה vir jou niemand wees wat die meetlyn vir jou uittrek deur die lot nie.
6 “Quit your preaching,” they preach. “They should not preach these things; shame will not overtake us.”
6 ‘Moenie praat nie!’ Hulle praat egter. As hulle nie hieroor praat nie, sal die beskuldigings nie teruggedraai word nie!
7 House of Jacob, should it be asked, “Is the Spirit of the LORD impatient? Are these the things He does? ” Don’t My words bring good to the one who walks uprightly?
7 O huis van Ya’akov, word dit gesê: ‘Is die Gees van יהוה ongeduldig? Is hierdie dinge Sy dade?’ Doen My woorde nie goed teenoor die een wat opreg wandel nie?
8 But recently My people have risen up like an enemy: You strip off the splendid robe from those who are passing through confidently, like those returning from war.
8 Onlangs het My volk opgestaan as ’n vyand; julle trek die mantel af van die kleed van niksvermoedende verbygangers, van die wat terugkeer van die oorlog af.
9 You force the women of My people out of their comfortable homes, and you take My blessing from their children forever.
9 Die vroue van My volk verdryf julle, elkeen uit hulle aangename huis; jy vat My prag en grootsheid vir ewig weg van haar kinders af.
10 Get up and leave, for this is not your place of rest, because defilement brings destruction — a grievous destruction!
10 Staan op en gaan, want hierdie is geen plek van rus nie, as gevolg van die onreinheid wat verwoesting bring, ’n pynlike verwoesting.
11 If a man of wind comes and invents lies: “I will preach to you about wine and beer,” he would be just the preacher for this people!
11 As iemand wat wind en valsheid najaag lieg en sê: ‘Ek sal met jou praat oor wyn en sterk drank,’ sal hy namens hierdie volk praat.
12 I will indeed gather all of you, Jacob; I will collect the remnant of Israel. I will bring them together like sheep in a pen, like a flock in the middle of its

fold. It will be noisy with people.
12 Ek sal almal van julle sekerlik bymekaarmaak, o Ya'akov, Ek sal sekerlik dié wat oorgebly het van Yisra'el bymekaarbring. Ek sal hulle saambring soos skape in 'n kraal; soos 'n kudde in sy weiveld sal dit raas van mense.
13 One who breaks open the way will advance before them; they will break out, pass through the gate, and leave by it. Their King will pass through before them, the LORD as their leader.
13 Die breker gaan voor hulle op; hulle breek uit, gaan deur die poort en gaan deur hom uit. So gaan hulle koning voor hulle uit en יהוה aan hulle hoof."

Micah 3

1 Then I said, "Now listen, leaders of Jacob, you rulers of the house of Israel. Aren't you supposed to know what is just?
1 Ek het ook gesê: "Hoor nou en gee ag, o leiers van Ya'akov en heersers van die huis van Yisra'el! Is dit nie julle wat regverdige oordeel moet ken nie?
2 You hate good and love evil. You tear off people's skin and strip their flesh from their bones.
2 Julle wat die goeie haat en liefhet wat boos is, wat hulle velle van hulle aftrek en hulle vlees van hul gebeente af,
3 You eat the flesh of my people after you strip their skin from them and break their bones. You chop them up like flesh for the cooking pot, like meat in a cauldron."
3 wat die vlees van My volk eet, hulle vel van hulle afslag, hulle bene breek en hulle aan stukke kap soos vir 'n pot en soos vir vleis in 'n pan,"
4 Then they will cry out to the LORD, but He will not answer them. He will hide His face from them at that time because of the crimes they have committed.
4 dan sal hulle na יהוה uitroep, maar Hy sal hulle nie antwoord nie. In plaas daarvan sal Hy Sy gesig in dié tyd vir hulle wegsteek omdat hulle booshede gedoen het.
5 This is what the LORD says concerning the prophets who lead my people astray, who proclaim peace when they have food to sink their teeth into but declare war against the one who puts nothing in their mouths.
5 So sê יהוה aangaande die profete wat my volk op 'n dwaalspoor lei: "Wanneer hulle iets het om met hulle tande te byt, roep hulle uit: 'Vrede,' maar teen hom wat niks in hulle mond sit nie, verklaar hulle 'n afgesonderde oorlog!
6 Therefore, it will be night for you — without visions; it will grow dark for you — without divination. The sun will set on these prophets, and the daylight will turn black over them.
6 Dit sal daarom vir julle nag wees, sonder 'n visioen en duisternis vir julle, sonder waarsêery. Die son sal oor die profete ondergaan en die dag oor hulle

donker word.
7 Then the seers will be ashamed and the diviners disappointed. They will all cover their mouths because there will be no answer from God.
7 Die sieners sal beskaamd staan en die waarsêers verneder word. Hulle sal inderdaad almal hulle monde bedek omdat daar geen antwoord van God is nie."
8 As for me, however, I am filled with power by the Spirit of the LORD, with justice and courage, to proclaim to Jacob his rebellion and to Israel his sin.
8 Aan die ander kant is ek vol met krag, met die Gees van הוהי en met regverdige oordeel en
dapperheid, om aan Ya'akov sy rebelse daad bekend te maak en aan Yisra'el sy sonde.
9 Listen to this, leaders of the house of Jacob, you rulers of the house of Israel, who abhor justice and pervert everything that is right,
9 Hoor nou en gee ag op dit, hoofde van die huis van Ya'akov en heersers van die huis van Yisra'el, wat die regverdige oordeel verafsku en alles wat reguit is, verdraai;
10 who build Zion with bloodshed and Jerusalem with injustice.
10 wat Tziyon bou met bloedvergieting en Yerushalayim met gewelddadige onregverdigheid!
11 Her leaders issue rulings for a bribe, her priests teach for payment, and her prophets practice divination for money. Yet they lean on the LORD, saying, "Isn't the LORD among us? No disaster will overtake us."
11 Haar leiers spreek vonnisse uit vir 'n omkoopgeskenk, haar priesters gee onderrig vir 'n prys en haar profete is waarsêers vir geld. Nogtans steun hulle op הוהי en sê: "Is הוהי nie in ons midde nie?
Katastrofe sal nie oor ons kom nie;"
12 Therefore, because of you, Zion will be plowed like a field, Jerusalem will become ruins, and the hill of the temple mount will be a thicket.
12 daarom, as gevolg van jou sal Tziyon soos 'n land omgeploeg word, Yerushalayim 'n puinhoop word en die tempelberg hoë plekke van 'n woud.

Micah 4

1 In the last days the mountain of the LORD's house will be established at the top of the mountains and will be raised above the hills. Peoples will stream to it,
1 Dit sal gebeur in die laaste dae dat die berg van die huis van הוהי gevestig sal word as die hoof van die berge. Dit sal bo die heuwels opgelig word en die volke sal daarheen stroom.
2 and many nations will come and say, "Come, let us go up to the mountain of the LORD, to the house of the God of Jacob. He will teach us about His ways so we may walk in His paths." For instruction will go out of Zion and the

word of the LORD from Jerusalem.

2 Baie nasies sal kom en sê: "Kom, laat ons opgaan na die berg van הוהי en na die huis van die God van Ya'akov sodat Hy ons aangaande Sy lewenswyses kan leer en ons in Sy paaie kan loop," want vanuit Tziyon sal die Wet uitgaan, die Boodskap van הוהי vanuit Yerushalayim.

3 He will settle disputes among many peoples and provide arbitration for strong nations that are far away. They will beat their swords into plows, and their spears into pruning knives. Nation will not take up the sword against nation, and they will never again train for war.

3 Hy sal oordeel tussen baie volke en besluite maak vir magtige, veraf, nasies. Dan sal hulle hul swaarde in ploegskare smee en hulle spiese in snoeimesse; nasie sal nie die swaard optel teen nasie nie en nooit weer sal hulle oefen vir oorlog nie.

4 But each man will sit under his grapevine and under his fig tree with no one to frighten him. For the mouth of the LORD of Hosts has promised this.

4 Elkeen van hulle sal sit onder sy wingerdstok en onder sy vyeboom, met niemand om hulle bang te maak nie, want die mond van הוהי-Tzva'ot het gepraat.

5 Though all the peoples each walk in the name of their gods, we will walk in the name of Yahweh our God forever and ever.

5 Alhoewel al die volke optree, elkeen in die naam (karakter en outoriteit) van sy god, wat óns betref, ons sal lewe in die Naam (Karakter en Outoriteit) van הוהי, ons God, vir ewig en ewig.

6 On that day — this is the LORD's declaration — I will assemble the lame and gather the scattered, those I have injured.

6 "In daardie dag," verklaar הוהי, "sal Ek die kreupeles laat vergader en hulle wat weggedryf was bymekaarmaak, selfs die wat Ek geteister het.

7 I will make the lame into a remnant, those far removed into a strong nation. Then the LORD will rule over them in Mount Zion from this time on and forever.

7 Ek sal die wat kreupel is laat oorbly en die uitgeworpenes tot 'n sterk nasie maak en הוהי sal heers oor hulle op die berg Tziyon, van nou af en vir ewig.

8 And you, watchtower for the flock, fortified hill of Daughter Zion, the former rule will come to you, sovereignty will come to Daughter Jerusalem.

8 Wat jou betref, toring van die trop, heuwel van die dogter van Tziyon, na jou toe sal dit kom, selfs die vroeëre oorheersing sal kom, die koninkryk van die dogter van Yerushalayim.

9 Now, why are you shouting loudly? Is there no king with you? Has your counselor perished so that anguish grips you like a woman in labor?

9 Nou, waarom roep jy hardop uit? Is daar geen koning in jou nie, of het jou raadgewer omgekom dat smart jou aangegryp het soos vir 'n vrou wat geboorte gee?

10 Writhe and cry out, Daughter Zion, like a woman in labor, for now you will leave the city and camp in the open fields. You will go to Babylon; there you will be rescued; there the LORD will redeem you from the power of your enemies!
10 Krimp inmekaar en werk om geboorte te gee, dogter van Tziyon, soos ’n vrou wat geboorte gee, want nou sal jy uit die stad uitgaan, in die veld bly en na Bavel gaan. Daar sal jy gered word; dáár sal יהוה jou loskoop uit die hand van jou vyande.
11 Many nations have now assembled against you; they say, “Let her be defiled, and let us feast our eyes on Zion.”
11 Nou is daar baie nasies teen jou versamel wat sê: ‘Laat haar onteer word en laat ons oë lekker kry oor Tziyon.’
12 But they do not know the LORD’s intentions or understand His plan, that He has gathered them like sheaves to the threshing floor.
12 Hulle ken egter nie die gedagtes van יהוה nie en hulle verstaan nie Sy doel nie, want Hy sal hulle soos gerwe vir die dorsvloer versamel.
13 Rise and thresh, Daughter Zion, for I will make your horns iron and your hooves bronze, so you can crush many peoples. Then you will set apart their plunder to the LORD for destruction, their wealth to the Lord of all the earth.
13 Staan op en dors, o dogter van Tziyon, want Ek sal jou horing yster maak en jou hoewe koper sodat jy baie volke kan fyntrap; dat jy hulle onregverdige wins aan יהוה kan toewy en hulle rykdom aan die Meester van die hele aarde.

Micah 5

1 Now, daughter who is under attack, you slash yourself in grief; a siege is set against us! They are striking the judge of Israel on the cheek with a rod.
1 4:14) Nou, roep jouself op in ’n aanval, o dogter van magtige aanvallers; hulle het ons beleër en die herder van Yisra’el op die wang geslaan met ’n stok.
2 Bethlehem Ephrathah, you are small among the clans of Judah; One will come from you to be ruler over Israel for Me. His origin is from antiquity, from eternity.
2 5:1) Wat jou egter betref, Beit-Legem Efrat, klein onder die families van Y’hudah, vanuit jou sal daar vir My Een uitgaan om Heerser in Yisra’el te wees. Hy het reeds lank terug uitgegaan, vanaf die dae van die ewigheid;”
3 Therefore, He will abandon them until the time when she who is in labor has given birth; then the rest of His brothers will return to the people of Israel.
3 5:2) daarom sal Hy hulle opgee tot op die tyd wanneer sy wat in kraam is geboorte gee aan ’n kind, dan sal Sy oorblywende broers terugkeer na die seuns van Yisra’el.

4 He will stand and shepherd them in the strength of Yahweh, in the majestic name of Yahweh His God. They will live securely, for then His greatness will extend to the ends of the earth.

4 5:3) Hy sal opstaan en Herder wees in die sterkte van הוהי, in die majesteit van die Karakter en Outoriteit (Naam) van הוהי, Sy God en hulle sal bly, want in daardie tyd sal Hy groot wees tot aan die eindes van die aarde.

5 He will be their peace. When Assyria invades our land, when it marches against our fortresses, we will raise against it seven shepherds, even eight leaders of men.

5 5:4) Hierdie Een sal ons Vrede, Gesondheid, Voorspoed en Vergenoegdheid wees. Wanneer Ashur ons land inneem, wanneer hy op ons kastele trap, dan sal ons sewe herders en agt leiers van manne teen hom oplig.

6 They will shepherd the land of Assyria with the sword, the land of Nimrod with a drawn blade. So He will rescue us from Assyria when it invades our land, when it marches against our territory.

6 5:5) Hulle sal herder wees oor die land Ashur met die swaard, die land van Nimrod by sy ingange en Hy sal ons van Ashur bevry, wanneer hy ons land aanval en ons grondgebied vertrap,

7 Then the remnant of Jacob will be among many peoples like dew from the LORD, like showers on the grass, which do not wait for anyone or linger for mankind.

7 5:6) dan sal die wat van Ya'akov oorbly onder baie volke wees soos dou vanaf הוהי, soos reënbuie op plante, wat nie vir die mens wag of vertoef vir die seuns van die mens nie.

8 Then the remnant of Jacob will be among the nations, among many peoples, like a lion among animals
of the forest, like a young lion among flocks of sheep, which tramples and tears as it passes through, and there is no one to rescue them.

8 5:7) Die wat oorbly van Ya'akov sal tussen die nasies, onder baie volke wees soos 'n leeu onder die diere van die woud, soos 'n jong leeu onder troppe kleinvee; wat, as hy verbytrek, vertrap en verskeur en daar is niemand wat red nie.

9 Your hand will be lifted up against your adversaries, and all your enemies will be destroyed.

9 5:8) Jou hand sal teen jou teëstanders opgelig wees en al jou vyande sal afgesny word."

10 In that day — this is the LORD's declaration — I will remove your horses from you and wreck your chariots.

10 5:9) "Dit sal wees in daardie dag," verklaar הוהי, "dat Ek jou perde tussen jou uit sal afsny en jou strydwaens vernietig.

11 I will remove the cities of your land and tear down all your fortresses.

11 5:10) Ek sal ook die stede van jou land afsny en al jou vestings afbreek.

12 I will remove sorceries from your hands, and you will not have any more fortune-tellers.
12 5:11) Ek sal towerye uit jou hand afsny en jy sal geen fortuinvertellers meer hê nie.
13 I will remove your carved images and sacred pillars from you so that you will not bow down again to the work of your hands.
13 5:12) Ek sal jou gekerfde beelde en jou klippilare van tussen jou uit afsny sodat jy jou nie langer sal neerbuig voor die werk van jou hande nie.
14 I will pull up the Asherah poles from among you and demolish your cities.
14 5:13) Ek sal die Asherah beelde ontwortel uit jou midde en jou stede vernietig.
15 I will take vengeance in anger and wrath against the nations that have not obeyed Me.
15 5:14) Ek sal wraak uitoefen in woede en toorn op die nasies wat nie gehoorsaam was nie."

Micah 6

1 Now listen to what the L**ORD** is saying: Rise, plead your case before the mountains, and let the hills hear your voice.
1 Hoor en gee nou ag op wat יהוה sê: "Staan op, pleit jou saak voor die berge en laat die heuwels jou stem hoor.
2 Listen to the L**ORD**'s lawsuit, you mountains and enduring foundations of the earth, because the L**ORD** has a case against His people, and He will argue it against Israel.
2 Luister, julle berge, na die aanklag van יהוה en julle standvastige fondasies van die aarde, want יהוה het 'n saak teen Sy volk; Hy sal selfs met Yisra'el verskil.
3 My people, what have I done to you, or how have I wearied you? Testify against Me!
3 My volk, wat het Ek aan jou gedoen en hoe het Ek jou vermoei? Antwoord My!
4 Indeed, I brought you up from the land of Egypt and redeemed you from that place of slavery. I sent Moses, Aaron, and Miriam ahead of you.
4 Inderdaad, Ek het jou uit die land van Mitzrayim gebring en jou uit die huis van slawerny losgekoop en Ek het Moshe, Aharon en Miryam voor jou uitgestuur.
5 My people, remember what Balak king of Moab proposed, what Balaam son of Beor answered him, and what happened from the Acacia Grove to Gilgal so that you may acknowledge the L**ORD**'s righteous acts.
5 My volk, onthou nou wat Balak, koning van Mo'av beplan het en wat Bil'am, die seun van B'or, hom geantwoord het, vanaf Sheetim tot by Gilgal sodat jy die onpartydige en opregte dade van יהוה kan ken."

6 What should I bring before the L**ORD** when I come to bow before God on high? Should I come before Him with burnt offerings, with year-old calves?

6 Waarmee sal ek na יהוה toe kom en my neerbuig voor die God daar bo? Sal ek na Hom toe kom met brandoffers, met kalwers in hul eerste jaar?

7 Would the L**ORD** be pleased with thousands of rams or with ten thousand streams of oil? Should I give my firstborn for my transgression, the child of my body for my own sin?

7 Skep יהוה behae in duisende ramme en tien duisende strome van olie? Sal ek my eersgeborene gee vir my rebelse dade, die vrug van my liggaam vir die sonde van my lewe?

8 Mankind, He has told you what is good and what it is the L**ORD** requires of you: to act justly, to love faithfulness, and to walk humbly with your God.

8 O mens, Hy het aan jou verklaar wat goed is en wat vra יהוה anders van jou as om regverdig te oordeel, goedheid lief te hê en nederig saam met jou God te loop?

9 The voice of Yahweh calls out to the city and it is wise to fear Your name): "Pay attention to the rod and the One who ordained it.

9 Die stem van יהוה sal tot die stad roep en dit is suiwer wysheid om U Naam (Karakter en Outoriteit) respekvol te vrees: "Hoor en gee ag, o stam, Hy wat teen jou getuig.

10 Are there still the treasures of wickedness and the accursed short measure in the house of the wicked?

10 Is daar steeds 'n man in die bose huis, met skatte van boosheid en 'n kort maatstaf van misleiding?

11 Can I excuse wicked scales or bags of deceptive weights?

11 Kan Ek bose weegskale regverdig en 'n sak vol bedrieglike gewigte?

12 For the wealthy of the city are full of violence, and its residents speak lies; the tongues in their mouths are deceitful.

12 Die rykes in die stad is vol geweld, haar inwoners praat leuens en hulle tonge is misleidend in hulle monde.

13 "As a result, I have begun to strike you severely, bringing desolation because of your sins.

13 So sal Ek jou ook siek maak, jou neerslaan, jou verwoes weens jou sondes.

14 You will eat but not be satisfied, for there will be hunger within you. What you acquire, you cannot save, and what you do save, I will give to the sword.

14 Jy sal eet, maar nie versadig word nie en jou slegtigheid sal tussen jou wees. Jy sal probeer wegsit vir bewaring, maar jy sal niks bewaar nie en dit wat jy bewaar sal Ek aan die swaard oorgee.

15 You will sow but not reap; you will press olives but not anoint yourself with oil; and you will tread grapes but not drink the wine.

15 Jy sal saai, maar nie maai nie; jy sal olywe uittrap, maar jouself nie met olie salf nie; die druiwe pars, maar jy sal nie wyn drink nie.

16 The statutes of Omri and all the practices of Ahab's house have been

observed; you have followed their policies. Therefore, I will make you a desolate place and the city’s residents an object of contempt; you will bear the scorn of My people.”
16 Die instellings van `Omri word onderhou en al die werke van die huis van Ag’av word nagekom en julle loop ooreenkomstig hulle planne; daarom sal Ek julle oorgee tot verwoesting en jou inwoners tot bespotting en julle sal die spot van My volk dra.”

Micah 7

1 How sad for me! For I am like one who — when the summer fruit has been gathered after the gleaning of the grape harvest — finds no grape cluster to eat, no early fig, which I crave.
1 Wee my, want ek is soos die vrugteplukkers, soos die wat druiwe oes. Daar is nie ’n tros druiwe om te eet of ’n vroeë vy wat ek begeer nie.
2 Godly people have vanished from the land; there is no one upright among the people. All of them wait in ambush to shed blood; they hunt each other with a net.
2 Die goedhartige persoon het uitgesterf uit die land en daar is geen opregte persoon onder die mense nie. Hulle lê almal en wag op bloedvergieting; elkeen jag die ander met ’n net.
3 Both hands are good at accomplishing evil: the official and the judge demand a bribe; when the powerful man communicates his evil desire, they plot it together.
3 Hulle hande staan gereed om boos te doen en hulle doen nooit goed nie. Die goewerneur vra vir goud, die regter vir ’n omkoopgeskenk en die prins spreek die begeerte van sy lewe uit.
4 The best of them is like a brier; the most upright is worse than a hedge of thorns. The day of your watchmen, the day of your punishment, is coming; at this time their panic is here.
4 Die beste van hulle is soos ’n doringstruik, die mees opregte soos ’n doringheining. Die dag wanneer jy jou wagte uitsit, sal jou straf kom. Dan sal jou verwarring plaasvind.
5 Do not rely on a friend; don’t trust in a close companion. Seal your mouth from the woman who lies in your arms.
5 Moenie op ’n naaste vertrou nie; moenie vertroue in ’n vriend hê nie. Bewaar jou lippe teenoor haar wat teen jou bors lê,
6 Surely a son considers his father a fool, a daughter opposes her mother, and a daughter-in-law is against her mother-in-law; a man’s enemies are the men of his own household.
6 want die seun behandel sy vader met minagting, die dogter staan op teen haar moeder, skoondogter teen haar skoonmoeder; ’n man se vyande is van sy eie huishouding.
7 But I will look to the LORD; I will wait for the God of my salvation. My God

will hear me.

7 Wat my egter betref, ek sal met verwagting uitkyk vir יהוה; ek sal wag vir die God van my verlossing. My God sal my hoor.

8 Do not rejoice over me, my enemy! Though I have fallen, I will stand up; though I sit in darkness, the LORD will be my light.

8 Moenie bly wees oor my nie, o my vyand. Alhoewel ek val, sal ek opstaan; alhoewel ek in duisternis loop, is יהוה ’n Lig vir my.

9 Because I have sinned against Him, I must endure the LORD’s rage until He argues my case and establishes justice for me. He will bring me into the light; I will see His salvation.

9 Ek sal die verontwaardiging van יהוה dra, want ek het teen Hom gesondig totdat Hy my saak verdedig en my regverdig oordeel. Hy sal my uitbring na die Lig en ek sal Sy onpartydige opregtheid sien;

10 Then my enemy will see, and she will be covered with shame, the one who said to me, “Where is the LORD your God? ” My eyes will look at her in triumph; at that time she will be trampled like mud in the streets.

10 dan sal my vyand dit sien en skaamte sal haar bedek wat vir my gesê het: “Waar is יהוה, jou God?” My oë sal na haar kyk; in daardie tyd sal sy vertrap word soos die slik van die strate.

11 A day will come for rebuilding your walls; on that day your boundary will be extended.

11 Daar kom ’n dag om jou mure te herbou! Op daardie dag sal jou grense uitgebrei word.

12 On that day people will come to you from Assyria and the cities of Egypt, even from Egypt to the Euphrates River and from sea to sea and mountain to mountain.

12 Dit sal ’n dag wees dat hulle na jou toe sal kom vanaf Ashur en vanaf die stede van Mitzrayim, vanaf Mitzrayim selfs tot by die Eufraat, selfs van see tot see en van berg tot berg.

13 Then the earth will become a wasteland because of its inhabitants and as a result of their actions.

13 Die aarde sal verlate word vanweë sy inwoners, as gevolg van die vrug van hulle dade.

14 Shepherd Your people with Your staff, the flock that is Your possession. They live alone in a woodland surrounded by pastures. Let them graze in Bashan and Gilead as in ancient times.

14 Wees ’n Herder vir U volk met U septer, die kudde van U erfenis wat by hulleself in die bosveld bly in die middel van ’n vrugbare veld. Laat hulle wei in Bashan en Gil’ad soos in die ou dae.

15 I will perform miracles for them as in the days of your exodus from the land of Egypt.

15 “Soos in die dae toe jy uit die land van Mitzrayim gekom het, sal Ek vir jou wonderwerke wys.”

16 Nations will see and be ashamed of all their power. They will put their hands over their mouths, and their ears will become deaf.
16 Nasies sal dit sien en skaam wees vir al hulle mag. Hulle sal die hand op die mond lê, hulle ore sal doof wees.
17 They will lick the dust like a snake; they will come trembling out of their hiding places like reptiles slithering on the ground. They will tremble in the presence of Yahweh our God; they will stand in awe of You.
17 Hulle sal die stof lek soos ’n slang, soos reptiele van die aarde. Hulle sal bewend uit hulle vestings kom;
hulle sal sidderend na יהוה, ons God, toe kom en sal bang wees voor U.
18 Who is a God like You, removing iniquity and passing over rebellion for the remnant of His inheritance? He does not hold on to His anger forever, because He delights in faithful love.
18 Wie is ’n God soos U, wat die onregverdigheid vergewe en die rebelse dade laat verbygaan van hulle wat oorbly van Sy besitting? Hy behou nie Sy woede vir ewig nie, want Hy verheug Homself in onveranderlike liefde.
19 He will again have compassion on us; He will vanquish our iniquities. You will cast all our sins into the depths of the sea.
19 Hy sal weer liefdevolle omgee vir ons hê; Hy sal ons onregverdighede onder Sy voet vertrap. Ja, U sal al hulle sondes in die dieptes van die see gooi.
20 You will show loyalty to Jacob and faithful love to Abraham, as You swore to our fathers from days long ago.
20 U sal waarheid gee aan Ya’akov en onveranderlike liefde aan Avraham, soos wat U aan ons vaders met ’n eed belowe het vanaf die ou dae.

Nahum

Nahum 1

1 The oracle concerning Nineveh. The book of the vision of Nahum the Elkoshite.
1 Die profetiese visioen oor Ninveh. Die boekrol van die visioen van Nagum, die Elkoshiet.
2 The LORD is a jealous and avenging God; the LORD takes vengeance and is fierce in wrath. The LORD takes vengeance against His foes; He is furious with His enemies.
2 ’n Jaloerse en wrekende God is יהוה; יהוה is wrekend en toornig. יהוה neem wraak op Sy teëstanders en Hy sit toorn eenkant vir Sy vyande.
3 The LORD is slow to anger but great in power; the LORD will never leave the guilty unpunished. His path is in the whirlwind and storm, and clouds are

the dust beneath His feet.
3 יהוה is stadig om kwaad te word en groot van krag en יהוה sal nooit die bose vryspreek nie. יהוה se pad is in die warrelwind en storm en wolke is die stof onder Sy voete.
4 He rebukes the sea so that it dries up, and He makes all the rivers run dry. Bashan and Carmel wither; even the flower of Lebanon withers.
4 Hy bestraf die see en maak dit droog; Hy droog al die riviere op. Bashan en Karmel kwyn weg en die bloeisels van L'vanon verwelk.
5 The mountains quake before Him, and the hills melt; the earth trembles at His presence — the world and all who live in it.
5 Die berge skud in Sy Teenwoordigheid en die heuwels breek los. Die aarde bewe in Sy Teenwoordigheid, ja, die wêreld en almal wat daarin woon.
6 Who can withstand His indignation? Who can endure His burning anger? His wrath is poured out like fire, even rocks are shattered before Him.
6 Wie kan staan voor Sy verontwaardiging? Wie kan die branding van Sy toorn verdra? Sy toorn word uitgegiet soos vuur en die rotse word deur Hom opgebreek.
7 The L**ORD** is good, a stronghold in a day of distress; He cares for those who take refuge in Him.
7 יהוה is goed, 'n vesting in die dag van moeilikheid en Hy ken die wat by Hom skuil,
8 But He will completely destroy Nineveh with an overwhelming flood, and He will chase His enemies into darkness.
8 maar met 'n oorstromende vloed sal Hy 'n volkome einde maak aan die plek van Sy vyande en duisternis sal Sy vyande agtervolg.
9 Whatever you plot against the L**ORD**, He will bring it to complete destruction; oppression will not rise up a second time.
9 Wat julle ook al beraam teen יהוה, Hy sal 'n volledige einde maak daaraan. Benoudheid sal nie twee maal opstaan nie.
10 For they will be consumed like entangled thorns, like the drink of a drunkard and like straw that is fully dry.
1 On the twenty-first day of the seventh month, the word of the LORD came through Haggai the prophet:

1 Op die een en twintigste van die sewende maand het die boodskap van יהוה deur die profeet Haggai gekom en gesê:

2 “Speak to Zerubbabel son of Shealtiel, governor of Judah, to the high priest Joshua son of Jehozadak, and to the remnant of the people:

2 “Praat nou met Z’rubavel, die seun van Sh’alti’el, goewerneur van Y’hudah en met Y’hoshua, die seun van Y’hotzadak, die hoofpriester en met die wat oorgebly het van die volk en sê:

3 Who is left among you who saw this house in its former glory? How does it look to you now? Doesn’t it seem like nothing to you?

3 ‘Wie is oor onder julle wat hierdie huis in sy vroeëre lof en eer gesien het? Hoedanig sien julle dit nou? Lyk dit nie vir julle soos niks in vergelyking nie?

4 Even so, be strong, Zerubbabel” — this is the LORD’s declaration. “Be strong, Joshua son of Jehozadak, high priest. Be strong, all you people of the land” — this is the LORD’s declaration. “Work! For I am with you” — the declaration of the LORD of Hosts.

4 Nou dan, skep moed Z’rubavel,’ verklaar יהוה’ en skep moed Y’hoshua, die seun van Y’hotzadak, die hoofpriester en skep moed al julle mense van die land,’ verklaar יהוה, ‘en werk, want Ek is by julle,’ verklaar יהוה-Tzva’ot.

5 “This is the promise I made to you when you came out of Egypt, and My Spirit is present among you; don’t be afraid.”

5 ‘Wat die belofte betref wat Ek gemaak het toe julle uit Mitzrayim uit gekom het, My Gees bly tussen julle; moenie bang wees nie!’

6 For the LORD of Hosts says this: “Once more, in a little while, I am going to shake the heavens and the earth, the sea and the dry land.

6 Want so sê יהוה-Tzva’ot: “Weer ’n keer, oor ’n kort rukkie, gaan Ek die hemel en die aarde en die see en die droë grond skud.

7 I will shake all the nations so that the treasures of all the nations will come, and I will fill this house with glory,” says the LORD of Hosts.

7 Ek sal al die nasies skud en hulle sal kom met die skatte van al die nasies en Ek sal hierdie huis met lof en eer vol maak,’ sê יהוה-Tzva’ot.

8 “The silver and gold belong to Me” — this is the declaration of the LORD of Hosts.

8 ‘Die silwer en die goud is Myne,’ verklaar יהוה-Tzva’ot.

9 "The final glory of this house will be greater than the first," says the LORD of Hosts. "I will provide peace in this place" — this is the declaration of the LORD of Hosts.

9 'Die latere lof en eer van hierdie huis sal groter wees as die vroeëre,' sê יהוה-Tzva'ot; 'en in hierdie plek sal Ek vrede, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid gee,' sê יהוה-Tzva'ot."

10 On the twenty-fourth day of the ninth month, in the second year of Darius, the word of the LORD came to Haggai the prophet:

10 Op die vier en twintigste van die negende maand in die tweede jaar van Daryavesh, het die boodskap van יהוה gekom tot Haggai, die profeet en gesê:

11 "This is what the LORD of Hosts says: Ask the priests for a ruling.

11 "So sê יהוה-Tzva'ot: "Vra nou die priesters vir 'n uitspraak:

12 If a man is carrying consecrated meat in the fold of his garment, and it touches bread, stew, wine, oil, or any other food, does it become holy? " The priests answered, "No."

12 'As iemand afgesonderde vleis in die vou van sy kleed dra en hy sou aan brood of iets wat gekook is, of wyn of olie of watter spys ook al, raak met sy vou, sal dit afgesonderd word?'" Die priesters het geantwoord: "Nee."

13 Then Haggai asked, "If someone defiled by contact with a corpse touches any of these, does it become defiled? " The priests answered, "It becomes defiled."

13 Toe sê Haggai: "As iemand wat deur 'n lyk onrein is, aan al hierdie dinge sou raak, sal dit onrein wees?" Die priesters het geantwoord: "Dit sal onrein word."

14 Then Haggai replied, "So is this people, and so is this nation before Me" — this is the LORD's declaration. "And so is every work of their hands; even what they offer there is defiled.

14 Toe antwoord Haggai: "'Só is hierdie volk en só is hierdie nasie in My Teenwoordigheid,' verklaar יהוה, 'en só is elke werk van hulle hande en wat hulle dáár offer, onrein.

15 "Now, reflect back from this day: Before one stone was placed on another in the LORD's temple,

15 Beoordeel egter nou van hierdie dag af terug: voordat 'n steen op 'n ander gelê is in die tempel van יהוה,

16 what state were you in? When someone came to a grain heap of 20 measures, it only amounted to 10; when one came to the winepress to dip 50 measures from the vat, it only amounted to 20.

16 vanaf daardie tyd, wanneer iemand by 'n koringmied van twintig maat gekom het, was daar net tien; wanneer hy by die parskuip gekom het om vyftig mates te skep, was daar net twintig.

17 I struck you — all the work of your hands — with blight, mildew, and hail,

but you didn't turn to Me" — this is the LORD's declaration.
17 Ek het julle en al die werk van julle hande swaar getref met stormende winde, muf en hael; nogtans het julle nie na My toe gekom nie,' verklaar הוהי.
18 "Consider carefully from this day forward; from the twenty-fourth day of the ninth month, from the day the foundation of the LORD's temple was laid; consider it carefully.
18 'Gee vanaf die vier en twintigste dag van die negende maand, van hierdie dag af aandag; vanaf die dag dat die tempel van הוהי opgestel is, oorweeg dit.
19 Is there still seed left in the granary? The vine, the fig, the pomegranate, and the olive tree have not yet produced. But from this day on I will bless you."
19 Oorweeg dit, want daar is geen saad in die skuur nie en die wingerdstok, die vyeboom tot nou toe, die granaatboom en die olyfboom, het niks opgelewer nie. Nogtans, van hierdie dag af aan sal Ek hulle seën,' sê הוהי"
20 The word of the LORD came to Haggai a second time on the twenty-fourth day of the month:
20 Toe het die boodskap van הוהי vir die tweede keer tot Haggai gekom op die vier en twintigste van die maand en gesê:
21 "Speak to Zerubbabel, governor of Judah: I am going to shake the heavens and the earth.
21 "Praat met Z'rubavel, goewerneur van Y'hudah en sê: "Ek gaan die hemel en die aarde skud.
22 I will overturn royal thrones and destroy the power of the Gentile kingdoms. I will overturn chariots and their riders. Horses and their riders will fall, each by his brother's sword.
22 Ek sal die trone van koninkryke omverwerp en die krag van die koninkryke van die nasies vernietig en Ek sal die strydwaens en die wat daarop ry, omverwerp en die perde en hulle ruiters sal val, die een deur die swaard van die ander.'
23 On that day" — this is the declaration of the LORD of Hosts — "I will take you, Zerubbabel son of Shealtiel, My servant" — this is the LORD's declaration — "and make you like My signet ring, for I have chosen you." This is the declaration of the LORD of Hosts.
23 'Op daardie dag,' verklaar הוהי-Tzva'ot, 'sal Ek jou vat, Z'rubavel, seun van Sh'alti'el, My dienskneg,' verklaar הוהי 'en Ek sal jou maak soos 'n seëlring, want Ek het jou gekies,'" verklaar הוהי-Tzva'ot.

Zechariah

Zechariah 1

1 In the eighth month, in the second year of Darius, the word of the LORD came to the prophet Zechariah son of Berechiah, son of Iddo:
1 In die agtste maand van die tweede jaar van Daryavesh, het die boodskap van יהוה gekom tot Z'kharyah, die profeet, die seun van Berekhyah, die seun van `Iddo en gesê:
2 "The LORD was extremely angry with your ancestors.
2 "יהוה was baie kwaad vir julle vaders.
3 So tell the people: This is what the LORD of Hosts says: Return to Me" — this is the declaration of the LORD of Hosts — "and I will return to you, says the LORD of Hosts.
3 Sê daarom vir hulle: 'So sê יהוה-Tzva'ot: "Keer terug na My," verklaar יהוה-Tzva'ot, "dat Ek na julle toe kan terugkeer," sê יהוה-Tzva'ot.
4 Do not be like your ancestors; the earlier prophets proclaimed to them: This is what the LORD of Hosts says: Turn from your evil ways and your evil deeds. But they did not listen or pay attention to Me" — this is the LORD's declaration.
4 "Moenie soos julle vaders wees nie, vir wie die vroeëre profete verklaar en gesê het: 'So sê יהוה- Tzva'ot: "Draai nou terug van julle bose lewenswyse en julle bose dade,"' maar hulle het nie geluister of My gehoorsaam nie," verklaar יהוה.
5 "Where are your ancestors now? And do the prophets live forever?
5 Julle vaders, waar is hulle? Die profete, leef hulle vir ewig?
6 But didn't My words and My statutes that I commanded My servants the prophets overtake your ancestors? They repented and said: As the LORD of Hosts purposed to deal with us for our ways and deeds, so He has dealt with us."
6 Het My boodskap en My instellings, wat Ek My knegte, die profete, beveel het, egter nie julle vaders ingehaal nie? Toe het hulle erken en bely en gesê: "Soos יהוה-Tzva'ot Hom voorgeneem het om aan ons te doen volgens ons lewenswyses en ons dade, so het Hy met ons gedoen?"'"
7 On the twenty-fourth day of the eleventh month, which is the month of Shebat, in the second year of Darius, the word of the LORD came to the prophet Zechariah son of Berechiah, son of Iddo:
7 Op die vier en twintigste dag van die elfde maand, wat die maand Sh'vat is, in die tweede jaar van Daryavesh, het die boodskap van יהוה tot Z'kharyah, die profeet, die seun van Berekhyah, die seun van `Iddo, as volg gekom:
8 I looked out in the night and saw a man riding on a red horse. He was standing among the myrtle trees in the valley. Behind him were red, sorrel,

and white horses.
8 In die nag het ek gesien en let op, ’n man het op ’n rooi perd gery en hy het gestaan tussen die mirtebome wat in die kloof was, met rooi, bont en wit perde agter hom.
9 I asked, “What are these, my lord? ” The angel who was talking to me replied, “I will show you what they are.”
9 Toe sê ek: “My meester, wat is hierdie?” Die boodskapper wat met my gepraat het, antwoord my: “Ek sal jou wys wat hierdie is.”
10 Then the man standing among the myrtle trees explained, “They are the ones the L**ORD** has sent to patrol the earth.”
10 Die man wat tussen die mirtebome gestaan het, het geantwoord en gesê: “Hierdie is hulle wat יהוה
gestuur het om die aarde te patrolleer.”
11 They reported to the Angel of the L**ORD** standing among the myrtle trees, “We have patrolled the earth, and right now the whole earth is calm and quiet.”
11 Hulle het die boodskapper van יהוה, wat tussen die mirtebome gestaan het, geantwoord en gesê: “Ons het die aarde gepatrolleer en let op, die hele aarde is vredevol en rustig.”
12 Then the Angel of the L**ORD** responded, “How long, L**ORD** of Hosts, will You withhold mercy from Jerusalem and the cities of Judah that You have been angry with these 70 years? ”
12 Toe het die boodskapper van יהוה gesê: “O יהוה-Tzva’ot, hoe lank sal U geen liefdevolle omgee hê vir Yerushalayim en vir die stede van Y’hudah, waarmee U hierdie sewentig jaar verontwaardig was nie?”
13 The L**ORD** replied with kind and comforting words to the angel who was speaking with me.
13 יהוה het die boodskapper wat met my gepraat het, met gunstige, vertroostende woorde geantwoord.
14 So the angel who was speaking with me said, “Proclaim: The L**ORD** of Hosts says: I am extremely jealous for Jerusalem and Zion.
14 Die boodskapper wat met my gepraat het, het vir my gesê: “Verkondig en sê: ‘So sê יהוה-Tzva’ot: “Ek is uitermate jaloers oor Yerushalayim en oor Tziyon,
15 I am fiercely angry with the nations that are at ease, for I was a little angry, but they made it worse.
15 maar Ek is baie kwaad vir die gemaklike nasies, want terwyl Ek net ’n bietjie kwaad was, het hulle die ramp aangehelp;”
16 Therefore, this is what the L**ORD** says: In mercy, I have returned to Jerusalem; My house will be rebuilt within it” — this is the declaration of the L**ORD** of Hosts — “and a measuring line will be stretched out over Jerusalem.
16 daarom, so sê יהוה: “Ek sal terugkom na Yerushalayim met liefdevolle

omgee; My huis sal daarin gebou word," verklaar יהוה-Tzva'ot, "en 'n maatband sal oor Yerushalayim uitgestrek word."'
17 "Proclaim further: This is what the LORD of Hosts says: My cities will again overflow with prosperity; the LORD will once more comfort Zion and again choose Jerusalem."
17 "Verkondig weer en sê: 'So sê יהוה-Tzva'ot: "My stede sal weer oorloop met voorspoed en יהוה sal Tziyon weer vertroos en Yerushalayim weer kies."'"
18 Then I looked up and saw four horns.
18 2:1) Toe het ek my oë opgelig en gekyk en let op: vier horings.
19 So I asked the angel who was speaking with me, "What are these? " And he said to me, "These are the horns that scattered Judah, Israel, and Jerusalem."
19 2:2) Toe sê ek vir die boodskapper wat met my gepraat het: "Wat is hierdie? Hy antwoord my: "Dit is die horings wat Y'hudah, Yisra'el en Yerushalayim verstrooi het."
20 Then the LORD showed me four craftsmen.
20 2:3) Toe wys יהוה vir my vier vakmanne.
21 I asked, "What are they coming to do? " He replied, "These are the horns that scattered Judah so no one could raise his head. These craftsmen have come to terrify them, to cut off the horns of the nations that raised their horns against the land of Judah to scatter it."
21 2:4) Ek het gesê: "Wat kom hulle doen?" Hy antwoord: "Hierdie is die horings wat Y'hudah só verstrooi het dat niemand sy kop oplig nie, maar hierdie manne het gekom om hulle bang te maak, om die horings van die nasies neer te gooi wat hulle horings teen die land van Y'hudah opgelig het om dit te verstrooi."

Zechariah 2

1 I looked up and saw a man with a measuring line in his hand.
1 2:5) Toe het ek my oë opgelig en gekyk en let op, daar was 'n man met 'n maatband in sy hand.
2 I asked, "Where are you going? " He answered me, "To measure Jerusalem to determine its width and length."
2 2:6) Toe sê ek: "Waar gaan u heen?" Hy antwoord my: "Om Yerushalayim te meet, om te sien hoe breed en hoe lank dit is."
3 Then the angel who was speaking with me went out, and another angel went out to meet him.
3 2:7) Let op, die boodskapper wat met my gepraat het, het uitgegaan en 'n ander boodskapper het uit gekom om hom te ontmoet
4 He said to him, "Run and tell this young man: Jerusalem will be inhabited

without walls because of the number of people and livestock in it."
4 2:8) en vir hom gesê: "Hardloop, praat met daardie jongman en sê: 'Yerushalayim sal bewoon word sonder mure as gevolg van die menigte van mense en beeste daarbinne,
5 The declaration of the LORD: "I will be a wall of fire around it, and I will be the glory within it."
5 2:9) want Ek,' verklaar יהוה, 'sal 'n vurige muur rondom haar wees en Ek sal die lof en eer in haar midde wees.'"
6 "Get up! Leave the land of the north" — this is the LORD's declaration — "for I have scattered you like the four winds of heaven" — this is the LORD's declaration.
6 2:10) "Let op, vlug uit die land van die Noorde," verklaar יהוה, "want Ek het julle verstrooi na die vier windstreke van die hemel," verklaar יהוה.
7 "Go, Zion! Escape, you who are living with Daughter Babylon."
7 2:11) "Let op, Tziyon! Vlug, jy wat by die dogter van Bavel bly,"
8 For the LORD of Hosts says this: "He has sent Me for His glory against the nations who are plundering you, for anyone who touches you touches the pupil of His eye.
8 2:12) want so sê יהוה-Tzva'ot: "Vir lof, eer en aanbidding het Hy My gestuur teen die nasies wat julle geplunder het, want hy wat julle aanraak, raak Sy oogappel aan,
9 I will move against them with My power, and they will become plunder for their own servants. Then you will know that the LORD of Hosts has sent Me.
9 2:13) want, let op, Ek sal My hand oor hulle swaai sodat hulle dade plunder sal word, dan sal julle weet dat יהוה-Tzva'ot My gestuur het.
10 "Daughter Zion, shout for joy and be glad, for I am coming to dwell among you" — this is the LORD's declaration.
10 2:14) Sing van vreugde en wees bly, o dogter van Tziyon, want let op, Ek kom en sal in jou midde bly," verklaar יהוה.
11 "Many nations will join themselves to the LORD on that day and become My people. I will dwell among you, and you will know that the LORD of Hosts has sent Me to you.
11 2:15) Baie nasies sal hulle in daardie dag aan יהוה verbind en sal My volk word, dan sal Ek in jou midde bly en jy sal weet dat יהוה-Tzva'ot My na jou toe gestuur het.
12 The LORD will take possession of Judah as His portion in the Holy Land, and He will once again choose Jerusalem.
12 2:16) יהוה sal Y'hudah as Sy porsie in die afgesonderde land besit en sal Yerushalayim weer kies.
13 Let all people be silent before the LORD, for He is coming from His holy dwelling."

13 2:17) Alle vlees, wees stil voor יהוה, want Hy het opgestaan vanuit Sy afgesonderde blyplek."

Zechariah 3

1 Then he showed me Joshua the high priest standing before the Angel of the LORD, with Satan standing at his right side to accuse him.
1 Toe het Hy Y'hoshua, die hoofpriester, vir my gewys waar hy voor die boodskapper van יהוה staan en die teëstander wat aan sy regterhand staan om hom te beskuldig.
2 The LORD said to Satan: "The LORD rebuke you, Satan! May the LORD who has chosen Jerusalem rebuke you! Isn't this man a burning stick snatched from the fire? "
2 יהוה sê vir die teëstander: "יהוה bestraf jou, teëstander! Inderdaad, יהוה wat Yerushalayim gekies het, bestraf jou! Is hierdie nie 'n vuuryster wat uit die vuur geruk is nie?"
3 Now Joshua was dressed with filthy clothes as he stood before the Angel.
3 Y'hoshua was in vuil klere aangetrek terwyl hy voor die boodskapper staan.
4 So the Angel of the LORD spoke to those standing before Him, "Take off his filthy clothes! " Then He said to him, "See, I have removed your guilt from you, and I will clothe you with splendid robes."
4 Hy het gepraat en vir hulle wat voor Hom staan gesê: "Verwyder die vuil klere van hom af." Weer het Hy vir hom gesê: "Kyk, Ek het jou onregverdigheid van jou af weggevat en sal jou met feesklere aantrek."
5 Then I said, "Let them put a clean turban on his head." So a clean turban was placed on his head, and they clothed him in garments while the Angel of the LORD was standing nearby.
5 Toe het ek gesê: "Laat hulle 'n skoon tulband op sy kop sit." Hulle het 'n skoon tulband op sy kop gesit en vir hom goeie klere aangetrek terwyl die boodskapper van יהוה by hulle gestaan het.
6 Then the Angel of the LORD charged Joshua:
6 Die boodskapper van יהוה het Y'hoshua gewaarsku en gesê:
7 "This is what the LORD of Hosts says: If you walk in My ways and keep My instructions, you will both rule My house and take care of My courts; I will also grant you access among these who are standing here.
7 "So sê יהוה-Tzva'ot: 'As jy in My lewenswyses sal loop en as jy My diens sal verrig, dan sal jy ook My huis bestuur en ook My howe beheer en Ek sal vir jou vrye toegang gee onder hulle wat hier staan.
8 "Listen, Joshua the high priest, you and your colleagues sitting before you; indeed, these men are a sign that I am about to bring My servant, the Branch.

8 Luister en hoor nou, Y'hoshua, die hoofpriester, jy en jou vriende wat voor jou sit; inderdaad is hulle manne wat 'n teken is, want let op, Ek gaan My Dienskneg, die Spruit, inbring,
9 Notice the stone I have set before Joshua; on that one stone are seven eyes. I will engrave an inscription on it" — this is the declaration of the LORD of Hosts — "and I will take away the guilt of this land in a
single day.
9 want let op, die steen wat Ek voor Y'hoshua gelê het; op een steen is sewe oë. Let op, Ek sal 'n inskrywing daarop graveer,' verklaar יהוה-Tzva'ot 'en Ek sal die onregverdigheid van daardie land op een dag verwyder.
10 On that day, each of you will invite his neighbor to sit under his vine and fig tree." This is the declaration of the LORD of Hosts.
10 In daardie dag,' verklaar יהוה-Tzva'ot, 'sal elkeen van julle sy naaste nooi om onder sy wingerdstok en onder sy vyeboom te sit.'"

Zechariah 4

1 The angel who was speaking with me then returned and roused me as one awakened out of sleep.
1 Toe het die boodskapper wat met my gepraat het, teruggekom en my laat opstaan soos 'n man wat uit die slaap uit wakker gemaak word.
2 He asked me, "What do you see? " I replied, "I see a solid gold lampstand there with a bowl on its top. It has seven lamps on it and seven channels for each of the lamps on its top.
2 Hy het vir my gesê: "Wat sien jy?" Ek antwoord: "Ek sien, let op, 'n kandelaar, heeltemal van goud, met sy oliebak bo-op hom en sy sewe lampe op hom, met sewe tuite wat elk aan die lampe behoort wat op die kandelaar is;
3 There are also two olive trees beside it, one on the right of the bowl and the other on its left."
3 ook twee olyfbome by dit, een aan die regterkant van die oliebak en een aan die linkerkant daarvan."
4 Then I asked the angel who was speaking with me, "What are these, my lord? "
4 Toe het ek vir die boodskapper wat met my gepraat het, gesê: "Wat beteken dit, my meester?"
5 "Don't you know what they are? " replied the angel who was speaking with me. I said, "No, my lord."
5 Die boodskapper wat met my gepraat het, antwoord en sê vir my: "Weet jy nie wat hierdie is nie?" Ek het gesê: "Nee, my meester."
6 So he answered me, "This is the word of the LORD to Zerubbabel: 'Not by strength or by might, but by My Spirit,' says the LORD of Hosts.

6 Toe sê hy vir my: “Dit is die woord van יהוה aan Z’rubavel, wat sê: ‘Nie deur mag of deur krag nie, maar deur My Gees,’ sê יהוה-Tzva’ot.
7 ‘What are you, great mountain? Before Zerubbabel you will become a plain. And he will bring out the capstone accompanied by shouts of: Grace, grace to it! ’ ”
7 ‘Wat is jy, o groot berg? Voor Z’rubavel sal jy ’n vlakte word en hy sal die sluitsteen te voorskyn bring met uitroepe van: “Onverdiende guns, onverdiende guns daarvoor!”’”
8 Then the word of the LORD came to me:
8 Die boodskap van יהוה het ook tot my gekom en gesê:
9 “Zerubbabel’s hands have laid the foundation of this house, and his hands will complete it. Then you will know that the LORD of Hosts has sent me to you.
9 “Die hande van Z’rubavel het die fondasie van hierdie huis gelê en sy hande sal dit voltooi, dan sal jy weet dat יהוה-Tzva’ot my na julle toe gestuur het,
10 For who scorns the day of small things? These seven eyes of the LORD, which scan throughout the whole earth, will rejoice when they see the plumb line in Zerubbabel’s hand.”
10 want wie verag die dag van klein dinge? Hierdie sewe sal egter bly wees as hulle die skietlood in die hand van Z’rubavel sien; dit is die oë van יהוה wat heen en weer die aarde deurkruis.”
11 I asked him, “What are the two olive trees on the right and left of the lampstand? ”
11 Toe het ek vir hom gesê: “Wat is hierdie twee olyfbome aan die regterkant van die kandelaar en aan sy linkerkant?”
12 And I questioned him further, “What are the two olive branches beside the two gold conduits, from which golden oil pours out? ”
12 Ek het die tweede keer gepraat en vir hom gesê: “Wat is die twee olyftakke wat langs die twee goue pype is wat die goue olie uit hulleself leeg maak?”
13 Then he inquired of me, “Don’t you know what these are? ” “No, my lord,” I replied.
13 Hy antwoord my en sê: “Weet jy nie wat hierdie is nie?” Ek antwoord: “Nee, my meester.”
14 “These are the two anointed ones,” he said, “who stand by the Lord of the whole earth.”
14 Toe sê hy: “Hierdie is die twee gesalfdes wat by die Meester van die ganse aarde staan.”

Zechariah 5

1 I looked up again and saw a flying scroll.

1 Toe het ek weer my oë opgelig en gekyk en let op, daar is 'n vlieënde boekrol.
2 "What do you see? " he asked me. "I see a flying scroll," I replied, "30 feet long and 15 feet wide."
2 Hy het vir my gesê: "Wat sien jy?" Ek het geantwoord: "Ek sien 'n vlieënde boekrol; sy lengte is twintig el en sy breedte tien el."
3 Then he said to me, "This is the curse that is going out over the whole land, for every thief will be removed according to what is written on one side, and everyone who swears falsely will be removed according to what is written on the other side.
3 Toe sê hy vir my: "Hierdie is die vloek wat uitgaan oor die oppervlak van die hele land; elkeen wat steel sal sekerlik uitgesuiwer word volgens die skrywe aan die een kant en elkeen wat vloek sal uitgesuiwer word volgens die skrywe aan die ander kant.
4 I will send it out," — this is the declaration of the LORD of Hosts — "and it will enter the house of the thief and the house of the one who swears falsely by My name. It will stay inside his house and destroy it along with its timbers and stones."
4 Ek sal dit laat uitgaan," verklaar יהוה-Tzva'ot, "en dit sal in die huis van die dief ingaan en in die huis van hom wat vals sweer in My Naam (Karakter en Outoriteit) en dit sal die nag binne-in daardie huis deurbring en dit verteer saam met sy balke en klippe."
5 Then the angel who was speaking with me came forward and told me, "Look up and see what this is that is approaching."
5 Toe het die boodskapper wat met my gepraat het uitgegaan en vir my gesê: "Lig nou jou oë op en kyk wat hierdie is wat uitgaan."
6 So I asked, "What is it? " He responded, "It's a measuring basket that is approaching." And he continued, "This is their iniquity in all the land."
6 Ek het gesê: "Wat is dit?" Hy antwoord: "Dit is die efa wat uitgaan." Weer het hy gesê: "So lyk hulle in die hele land
7 Then a lead cover was lifted, and there was a woman sitting inside the basket.
7 let op, 'n looddeksel is opgelig) en hierdie is 'n vrou wat binne-in die efa sit."
8 "This is Wickedness," he said. He shoved her down into the basket and pushed the lead weight over its opening.
8 Toe het hy gesê: "Hierdie is Boosheid!" Hy het haar binne-in die efa gegooi en die looddeksel op die opening gegooi.
9 Then I looked up and saw two women approaching with the wind in their wings. Their wings were like those of a stork, and they lifted up the basket between earth and sky.
9 Toe het ek my oë opgelig en gekyk en daar het twee vroue uit gekom met die wind in hulle vlerke en hulle het vlerke gehad soos die vlerke van 'n ooievaar en hulle het die efa opgelig tussen die aarde en die hemele.
10 So I asked the angel who was speaking with me, "Where are they taking

the basket? ”
10 Ek het vir die boodskapper wat met my gepraat het, gesê: “Waarheen bring hulle die efa?”
11 “To build a shrine for it in the land of Shinar,” he told me. “When that is ready, the basket will be placed there on its pedestal.”
11 Toe antwoord hy my: “Om vir haar ’n tempel te bou in die land van Shin’ar en wanneer dit voorberei is, sal sy daar op haar eie troontjie gesit word.”

Zechariah 6

1 Then I looked up again and saw four chariots coming from between two mountains. And the mountains were made of bronze.
1 Ek het weer my oë opgelig en gekyk en let op, vier strydwaens het tussen die twee berge uitgekom en die berge was koper berge.
2 The first chariot had red horses, the second chariot black horses,
2 By die eerste strydwa was rooi perde, by die tweede strydwa swart perde,
3 the third chariot white horses, and the fourth chariot dappled horses — all strong horses.
3 by die derde strydwa wit perde en by die vierde strydwa sterk bont perde.
4 So I inquired of the angel who was speaking with me, “What are these, my lord? ”
4 Toe het ek gepraat en vir die boodskapper wat met my gepraat het, gesê: “Wat is hierdie, my meester?”
5 The angel told me, “These are the four spirits of heaven going out after presenting themselves to the Lord of the whole earth.
5 Die boodskapper het my geantwoord: “ Hierdie is die vier geeste van die hemel wat uitgaan nadat hulle voor die Meester van die hele aarde gestaan het,
6 The one with the black horses is going to the land of the north, the white horses are going after them, but the dappled horses are going to the land of the south.”
6 met een, wat die swart perde trek, wat gaan na die land van die noorde en die wittes gaan uit agter hulle aan terwyl die bontes na die land van die suide gaan
7 As the strong horses went out, they wanted to go patrol the earth, and the L**ORD** said, “Go, patrol the earth.” So they patrolled the earth.
7 en die rooies het uitgegaan en was ywerig om te gaan om die aarde te patrolleer.” Hy het gesê: “Gaan, patrolleer die aarde!” Hulle het die aarde patrolleer.
8 Then He summoned me saying, “See, those going to the land of the north have pacified My Spirit in the northern land.”
8 Toe het Hy na my geroep en vir my dit gesê: “Kyk, die wat na die land van die noorde gaan, het My toorn gekalmeer in die land van die noorde.”

9 The word of the LORD came to me:

9 Die boodskap van יהוה het ook tot my gekom en gesê:

10 "Take an offering from the exiles, from Heldai, Tobijah, and Jedaiah, who have arrived from Babylon,
and go that same day to the house of Josiah son of Zephaniah.

10 "Ontvang van die ballinge, van Heldai, Toviyah en Y'da'yah en gaan dieselfde dag die huis van Yoshiyah, die seun van Tz'fanyah, waar hulle vanaf Bavel aangekom het, in.

11 Take silver and gold, make crowns and place them on the head of Joshua son of Jehozadak, the high priest.

11 Vat silwer en goud, maak 'n kroon en sit dit op die kop van Y'hoshua, die seun van Y'hotzadak, die hoofpriester.

12 You are to tell him: This is what the LORD of Hosts says: Here is a man whose name is Branch; He will branch out from His place and build the LORD's temple.

12 Sê dan vir hom: 'So sê יהוה-Tzva'ot: "Let op, daar kom 'n Man wie se Naam Spruit is, want Hy sal uitspruit van waar Hy is en Hy sal die tempel van יהוה bou.

13 Yes, He will build the LORD's temple; He will be clothed in splendor and will sit on His throne and rule. There will also be a priest on His throne, and there will be peaceful counsel between the two of them.

13 Ja, dit is Hy wat die tempel van יהוה sal bou en Hy sal die eer dra en sit en heers op Sy troon. So sal Hy 'n Priester wees op Sy troon en die raad van vrede sal tussen die twee instellings wees.'"

14 The crown will reside in the LORD's temple as a memorial to Heldai, Tobijah, Jedaiah, and Hen son of Zephaniah.

14 Nou sal die kroon 'n herinnering word in die tempel van יהוה vir Heldai, Toviyah, Y'da'yah en Hen die seun van Tz'fanyah.

15 People who are far off will come and build the LORD's temple, and you will know that the LORD of Hosts has sent Me to you. This will happen when you fully obey the LORD your God."

15 Die wat ver is, sal kom en die tempel van יהוה bou." Dan sal julle weet dat יהוהTzva'ot my na julle toe gestuur het en dit sal gebeur as julle יהוה, julle God, volledig gehoorsaam.

Zechariah 7

1 In the fourth year of King Darius, the word of the LORD came to Zechariah on the fourth day of the ninth month, which is Chislev.

1 In die vierde jaar van koning Daryavesh het die boodskap van יהוה tot

Z’kharyah gekom, op die vierde dag van die negende maand, Kislev.
2 Now the people of Bethel had sent Sharezer, Regem-melech, and their men to plead for the L**ORD**’s favor
2 Beit-El het vir Sar’etzer en Regem-Melekh met hulle manne gestuur om die guns van יהוה te soek,
3 by asking the priests who were at the house of the L**ORD** of Hosts as well as the prophets, “Should we mourn and fast in the fifth month as we have done these many years? ”
3 deur met die priesters wat behoort aan die huis van יהוה-Tzva’ot en met die profete te praat en te sê: “Moet ek in die vyfde maand huil en vas soos wat ek hierdie baie jare gedoen het?”
4 Then the word of the L**ORD** of Hosts came to me:
4 Toe het die boodskap van יהוה-Tzva’ot tot my gekom en gesê:
5 “Ask all the people of the land and the priests: When you fasted and lamented in the fifth and in the seventh months for these 70 years, did you really fast for Me?
5 “Sê vir al die mense van die land en vir die priesters: ‘Wanneer julle hierdie sewentig jaar lank in die vyfde en in die sewende maand gevas en getreur het, was dit werklik vir My dat julle gevas het?
6 When you eat and drink, don’t you eat and drink simply for yourselves?
6 Wanneer julle eet en drink, eet julle nie vir julleself en drink julle nie vir julleself nie?
7 Aren’t these the words that the L**ORD** proclaimed through the earlier prophets when Jerusalem was inhabited and secure, along with its surrounding cities, and when the southern region and the Judean foothills were inhabited? ”
7 Is dit nie die boodskap wat יהוה deur die vroeëre profete verkondig het, toe Yerushalayim en sy omliggende stede bewoond en voorspoedig was en die Suidland (Negev) en die voetheuwels bewoond was, nie?’”
8 The word of the L**ORD** came to Zechariah:
8 Toe het die boodskap van יהוה tot Z’kharyah gekom en gesê:
9 “The L**ORD** of Hosts says this: Make fair decisions. Show faithful love and compassion to one another.
9 “So het יהוה-Tzva’ot gesê: ‘Deel eerlike vonnis uit en beoefen goedheid en liefdevolle omgee, elkeen
vir sy broer
10 Do not oppress the widow or the fatherless, the foreigner or the poor, and do not plot evil in your hearts against one another.
10 en moenie die weduwee of die wees, die vreemdeling of die arme onderdruk nie en moenie boosheid in julle verstand, wil en emosie teen mekaar beplan nie.’
11 But they refused to pay attention and turned a stubborn shoulder; they

closed their ears so they could not hear.
11 Hulle het egter geweier om aandag te gee en ’n hardnekkige skouer gedraai en hulle ore toegestop om nie te hoor nie.
12 They made their hearts like a rock so as not to obey the law or the words that the L**ORD** of Hosts had sent by His Spirit through the earlier prophets. Therefore great anger came from the L**ORD** of Hosts.
12 Hulle het hul harte soos vuursteen gemaak sodat hulle nie die wet of die boodskap wat יהוה-Tzva’ot deur Sy Gees deur die vroeëre profete gestuur het, kon hoor nie; daarom het groot toorn vanaf יהוה- Tzva’ot gekom.
13 Just as He had called, and they would not listen, so when they called, I would not listen,” says the L**ORD** of Hosts.
13 Net soos wat Ek geroep het en hulle nie wou luister nie, so het hulle geroep en Ek wou nie luister nie,” sê יהוה-Tzva’ot,
14 “I scattered them with a windstorm over all the nations that had not known them, and the land was left desolate behind them, with no one coming or going. They turned a pleasant land into a desolation.”
14 “maar Ek het hulle met ’n stormwind verstrooi onder al die nasies wat hulle nie geken het nie. So is die land verlate agter hulle sodat niemand heen en weer gegaan het nie, want hulle het die aangename land verlate gemaak.”

Zechariah 8

1 The word of the L**ORD** of Hosts came:
1 Toe het die boodskap van יהוה-Tzva’ot gekom en gesê:
2 “The L**ORD** of Hosts says this: I am extremely jealous for Zion; I am jealous for her with great wrath.”
2 “So sê יהוה-Tzva’ot: ‘Ek is uitermate jaloers oor Tziyon, ja, met ’n groot toorn is Ek jaloers oor haar.’
3 The L**ORD** says this: “I will return to Zion and live in Jerusalem. Then Jerusalem will be called the Faithful City, the mountain of the L**ORD** of Hosts, and the Holy Mountain.”
3 So sê יהוה: ‘Ek sal terugkeer na Tziyon en sal midde-in Yerushalayim bly. Dan sal Yerushalayim genoem word: Die stad van Waarheid en die berg van יהוה-Tzva’ot: Die Afgesonderde Berg.’
4 The L**ORD** of Hosts says this: “Old men and women will again sit along the streets of Jerusalem, each with a staff in hand because of advanced age.
4 So sê יהוה-Tzva’ot: “Ou manne en ou vroue sal weer in die strate van Yerushalayim sit, elke man met sy staf in sy hand as gevolg van ouderdom.
5 The streets of the city will be filled with boys and girls playing in them.”
5 Die strate van die stad sal vol wees met seuns en dogters wat in die strate

speel.'
6 The L**ORD** of Hosts says this: "Though it may seem incredible to the remnant of this people in those days, should it also seem incredible to Me? " — this is the declaration of the L**ORD** of Hosts.
6 So sê יהוה-Tzva'ot: 'As dit te moeilik is in die oë van die wat van hierdie volk oorgebly het in daardie dae, sal dit ook te moeilik wees in My oë?' verklaar יהוהTzva'ot.
7 The L**ORD** of Hosts says this: "I will save My people from the land of the east and the land of the west.
7 So sê יהוה-Tzva'ot: 'Let op, Ek gaan My volk verlos uit die land van die ooste en uit die land van die weste
8 I will bring them back to live in Jerusalem. They will be My people, and I will be their faithful and righteous God."
8 en hulle bring en hulle sal midde-in Yerushalayim bly en hulle sal My volk wees en Ék sal hulle God wees, in waarheid en onpartydige opregtheid."
9 The L**ORD** of Hosts says this: "Let your hands be strong, you who now hear these words that the prophets spoke when the foundations were laid for the rebuilding of the temple, the house of the L**ORD** of Hosts.
9 So sê יהוה-Tzva'ot: 'Laat julle hande onveranderlik sterk wees, julle wat in hierdie dae na die
boodskappe uit die mond van die profete luister op die dag toe die fondasie van die huis van יהוה- Tzva'ot gelê is sodat die tempel gebou kon word,
10 For prior to those days neither man nor beast had wages. There was no safety from the enemy for anyone who came or went, for I turned everyone against his neighbor.
10 want vóór daardie dae was daar geen loon vir die mense of enige loon vir die diere nie en vir die wat uit- of ingegaan het was daar geen rustigheid as gevolg van sy vyande nie en Ek het al die mense die een teen die ander opgestel.
11 But now, I will not treat the remnant of this people as in the former days" — this is the declaration of the L**ORD** of Hosts.
11 Nou sal Ek egter nie die wat oorgebly het van die volk behandel soos in vroeër dae nie,' verklaar יהוה-Tzva'ot,
12 "For they will sow in peace: the vine will yield its fruit, the land will yield its produce, and the skies will yield their dew. I will give the remnant of this people all these things as an inheritance.
12 'want daar sal vrede wees vir die saad: die wingerdstok sal sy vrug gee en die land sy opbrengs lewer en die hemel sal sy dou gee en Ek sal die wat oorgebly het van die volk al hierdie dinge laat erf.
13 As you have been a curse among the nations, house of Judah and house of Israel, so I will save you, and you will be a blessing. Don't be afraid; let your hands be strong."

13 Dit sal gebeur dat net soos julle ’n vloek was onder die nasies, o huis van Y’hudah en huis van Yisra’el, so sal Ek julle red sodat julle ’n seën kan word. Moenie vrees nie, laat julle hande onveranderlik sterk wees,’
14 For the LORD of Hosts says this: “As I resolved to treat you badly when your fathers provoked Me to anger, and I did not relent,” says the LORD of Hosts,
14 want so sê יהוה-Tzva’ot: ‘Net soos Ek beplan het om julle kwaad aan te doen, toe julle vaders My uitgetart het tot toorn,’ sê יהוה-Tzva’ot ‘en Ek nie bedaar het nie,
15 “so I have resolved again in these days to do what is good to Jerusalem and the house of Judah. Don’t be afraid.
15 so het Ek weer beplan in hierdie dae om goed te doen aan Yerushalayim en aan die huis van Y’hudah. Moenie vrees nie!
16 These are the things you must do: Speak truth to one another; make true and sound decisions within your gates.
16 Hierdie is die dinge wat julle moet doen: praat die waarheid met mekaar; oordeel met waarheid en regverdigheid vir vrede in julle poorte!
17 Do not plot evil in your hearts against your neighbor, and do not love perjury, for I hate all this” — this is the LORD’s declaration.
17 Laat niemand van julle ook boosheid beplan in sy verstand, wil en emosie teen ’n ander nie en moenie lief wees om ’n vals eed af te lê nie, want dit is alles wat Ek haat,’ verklaar יהוה.”
18 Then the word of the LORD of Hosts came to me:
18 Toe het die boodskap van יהוה-Tzva’ot tot my gekom en gesê:
19 “The LORD of Hosts says this: The fast of the fourth month, the fast of the fifth, the fast of the seventh, and the fast of the tenth will become times of joy, gladness, and cheerful festivals for the house of Judah. Therefore, love truth and peace.”
19 “So sê יהוה-Tzva’ot: ‘Die vas van die vierde, die vas van die vyfde, die vas van die sewende en die vas van die tiende maand sal vir die huis van Y’hudah ’n vreugde, ’n blydskap en vrolike feeste wees; wees daarom lief vir waarheid en vrede.’
20 The LORD of Hosts says this: “Peoples will yet come, the residents of many cities;
20 So sê יהוה-Tzva’ot: ‘Volke sal kom, die inwoners van baie stede.
21 the residents of one city will go to another, saying: Let’s go at once to plead for the LORD’s favor and to seek the LORD of Hosts. I am also going.
21 Die inwoners van een sal gaan na ’n ander en sê: “Laat ons dadelik gaan om die onverdiende guns van יהוה te vra en om יהוה-Tzva’ot te soek; ek sal ook gaan!”
22 Many peoples and strong nations will come to seek the LORD of Hosts in Jerusalem and to plead for the LORD’s favor.”

22 So sal baie volke en magtige nasies kom om יהוה-Tzva'ot in Yerushalayim te soek en om die onverdiende guns van יהוה af te smeek.'
23 The LORD of Hosts says this: "In those days, 10 men from nations of every language will grab the robe of a Jewish man tightly, urging: Let us go with you, for we have heard that God is with you."
23 So sê יהוה-Tzva'ot: 'In daardie dae sal tien man vanuit al die nasies die kleed van 'n man van Y'hudah vasgryp en sê: "Laat ons saam met julle gaan, want ons het gehoor dat God by julle is."'"

Zechariah 9

1 An Oracle The word of the LORD is against the land of Hadrach, and Damascus is its resting place — for the eyes of men and all the tribes of Israel are on the LORD —
1 Die las van die boodskap van יהוה is teen die land van Hadrakh, met Dammesek as sy rusplek, want die oog van die mens, veral al die stamme van Yisra'el, is op יהוה gerig,
2 and also against Hamath, which borders it, as well as Tyre and Sidon, though they are very shrewd.
2 asook Hamat wat daaraan grens. Tzor en Tzidon, alhoewel hulle baie slim is,
3 Tyre has built herself a fortress; she has heaped up silver like dust and gold like the dirt of the streets.
3 want Tzor het vir haarself 'n vesting gebou en silwer opgehoop soos stof en goud soos die vuilgoed van die strate,
4 Listen! The Lord will impoverish her and cast her wealth into the sea; she herself will be consumed by fire.
4 let op, יהוה sal haar onteien en haar rykdom in die see gooi en sy sal deur vuur verteer word.
5 Ashkelon will see it and be afraid; Gaza too, and will writhe in great pain, as will Ekron, for her hope will fail. There will cease to be a king in Gaza, and Ashkelon will become uninhabited.
5 Ashkelon sal dit sien en vrees; ook `Azah sal wriemel in groot pyn; ook `Ekron, want haar verwagtinge is verydel; meer nog, die koning sal sterf vanuit `Azah en in Ashkelon sal nie gewoon word nie.
6 A mongrel people will live in Ashdod, and I will destroy the pride of the Philistines.
6 'n Gemengde ras (Jood / nie-Jood) sal in Ashdod bly en Ek sal die trotsheid van die F'lishtyne afsny.
7 I will remove the blood from their mouths and the detestable things from between their teeth. Then they too will become a remnant for our God; they will become like a clan in Judah and Ekron like the Jebusites.

7 Ek sal die bloed uit hulle mond verwyder en hulle verwerplike dinge van tussen hulle tande uit, dan sal hulle ook vir ons God oorgeblewenes wees en wees soos ’n familie in Y’hudah en `Ekron soos ’n Y’vusiet.
8 I will set up camp at My house against an army, against those who march back and forth, and no oppressor will march against them again, for now I have seen with My own eyes.
8 Ek sal ’n versorger aanstel oor my huis as gevolg van hom wat verbykom, as gevolg van hom wat weer terugkom en geen onderdrukker sal meer oor hulle kom nie, want nou het Ek met My eie oë gesien.
9 Rejoice greatly, Daughter Zion! Shout in triumph, Daughter Jerusalem! Look, your King is coming to you; He is righteous and victorious, humble and riding on a donkey, on a colt, the foal of a donkey.
9 Swaai in die rondte van vreugde, oorvloediglik, o dogter van Tziyon! Skreeu dit uit, o dogter van
Yerushalayim! Let op, jou Koning kom na jou toe; Hy is regverdig en toegerus met verlossing, nederig en ry op ’n donkie, op ’n jong donkie, die vul van ’n donkie.
10 I will cut off the chariot from Ephraim and the horse from Jerusalem. The bow of war will be removed, and He will proclaim peace to the nations. His dominion will extend from sea to sea, from the Euphrates River to the ends of the earth.
10 Ek sal die strydwa vanaf Efrayim en die perd vanaf Yerushalayim afsny en die gevegsboog sal vernietig word. Hy sal vrede tot die nasies praat en Sy heerskappy sal wees van see tot see en vanaf die Rivier Eufraat) tot aan die eindes van die aarde.
11 As for you, because of the blood of your covenant, I will release your prisoners from the waterless cistern.
11 Ook wat jou betref, as gevolg van die bloed van die verbond met jou, het Ek jou gevangenes bevry vanuit die waterlose put.
12 Return to a stronghold, you prisoners who have hope; today I declare that I will restore double to you.
12 Keer terug na die vesting, gevangenes wat die versekerde verwagting het; Ek verklaar op hierdie dag dat Ek dubbel aan jou sal herstel,
13 For I will bend Judah as My bow; I will fill that bow with Ephraim. I will rouse your sons, Zion, against your sons, Greece. I will make you like a warrior’s sword.
13 want Ek sal Y’hudah buig as My boog, die boog vul met Efrayim en Ek sal jou seuns, o Tziyon, opwek teen jou seuns, o Yavan en Ek sal jou maak soos ’n vegter se swaard,
14 Then the L**ORD** will appear over them, and His arrow will fly like lightning. The Lord G**OD** will sound the trumpet and advance with the southern storms.
14 dan sal יהוה oor hulle verskyn en Sy pyl sal soos weerlig uitskiet en יהוה-God sal met die ramshoring blaas en in die stormwinde van die suide marsjeer.

15 The LORD of Hosts will defend them. They will consume and conquer with slingstones; they will drink and be rowdy as if with wine. They will be as full as the sprinkling basin, like those at the corners of the altar.
15 יהוה-Tzva'ot sal hulle verdedig en hulle sal die slingerklippe verslind en vertrap; hulle sal drink en luidrugtig wees asof deur wyn en hulle sal vol wees soos die offerkomme, soos die hoeke van die altaar.
16 The LORD their God will save them on that day as the flock of His people; for they are like jewels in a crown, sparkling over His land.
16 יהוה, hulle God, sal hulle op daardie dag red as die kudde van Sy volk, want hulle is afgesonderde gesteentes wat op Sy land gestrooi is.
17 How lovely and beautiful they will be! Grain will make the young men flourish, and new wine, the young women.
17 Hoe goed en uitnemend is koring vir die jongmanne en nuwe wyn maak die maagde vrolik.

Zechariah 10

1 Ask the LORD for rain in the season of spring rain. The LORD makes the rain clouds, and He will give them showers of rain and crops in the field for everyone.
1 Vra reën van יהוה in die tyd van die lentereëns; van יהוה wat die stormwolke maak en Hy sal aan hulle stortreën gee, plante in die veld vir die mens,
2 For the idols speak falsehood, and the diviners see illusions; they relate empty dreams and offer empty comfort. Therefore the people wander like sheep; they suffer affliction because there is no shepherd.
2 want die huishoudelike gode (terafim) praat onregverdigheid en die waarsêers sien leuenagtige visioene en verkondig vals drome; hulle troos tevergeefs; daarom het hulle rondgeswerf soos skape; hulle is beproef omdat daar geen herder is nie.
3 My anger burns against the shepherds, so I will punish the leaders. For the LORD of Hosts has tended His flock, the house of Judah; He will make them like His majestic steed in battle.
3 "My woede is opgewek teen die herders en Ek sal die bokramme straf, want יהוהTzva'ot het Sy kudde besoek, die huis van Y'hudah en sal hulle soos Sy majestueuse perd in die geveg maak.
4 The cornerstone will come from Judah. The tent peg will come from them and also the battle bow and every ruler. Together
4 Vanaf hulle sal die hoeksteen kom, vanaf hulle die tentpen, vanaf hulle die gevegsboog, vanaf hulle elke heerser, almal van hulle saam.
5 they will be like warriors in battle trampling down the mud of the streets.

They will fight because the LORD is with them, and they will put horsemen to shame.
5 Hulle sal soos magtige manne wees, wat in die geveg die vuilgoed van die strate vertrap en hulle sal veg, want יהוה sal by hulle wees en die ruiters op perde sal beskaamd word.
6 I will strengthen the house of Judah and deliver the house of Joseph. I will restore them because I have compassion on them, and they will be as though I had never rejected them. For I am Yahweh their God, and I will answer them.
6 Ek sal die huis van Y'hudah versterk en die huis van Yosef red en hulle terugbring omdat Ek liefdevolle omgee vir hulle gehad het en hulle sal wees asof Ek hulle nie verwerp het nie, want Ek is יהוה, hulle God en Ek sal hulle antwoord.
7 Ephraim will be like a warrior, and their hearts will be glad as if with wine. Their children will see it and be glad; their hearts will rejoice in Yahweh.
7 Efrayim sal wees soos 'n magtige man en hulle verstand, wil en emosie sal vrolik wees asof deur wyn; inderdaad, hulle kinders sal dit sien en bly wees, hulle verstand, wil en emosie sal in die rondte swaai van vreugde in יהוה.
8 I will whistle and gather them because I have redeemed them; they will be as numerous as they once were.
8 Ek sal vir hulle fluit om hulle bymekaar te maak, want Ek het hulle losgekoop en hulle sal net so talryk wees soos tevore.
9 Though I sow them among the nations, they will remember Me in the distant lands; they and their children will live and return.
9 Wanneer Ek hulle verstrooi tussen die volke, sal hulle My in ver lande onthou en hulle en hul kinders sal lewe en terugkom.
10 I will bring them back from the land of Egypt and gather them from Assyria. I will bring them to the land of Gilead and to Lebanon, but it will not be enough for them.
10 Ek sal hulle terugbring uit die land van Mitzrayim en hulle uit Ashur bymekaarmaak en Ek sal hulle in die land van Gil'ad en L'vanon inbring totdat geen plek vir hulle gevind kan word nie.
11 Yahweh will pass through the sea of distress and strike the waves of the sea; all the depths of the Nile will dry up. The pride of Assyria will be brought down, and the scepter of Egypt will come to an end.
11 Hulle sal deur die see van bekommernis gaan en Hy sal die golwe in die see slaan sodat al die dieptes van die Nyl sal opdroog en die trotsheid van Ashur sal afgebring word en die septer van Mitzrayim sal weggaan.
12 I will strengthen them in Yahweh, and they will march in His name — this is Yahweh's declaration.
12 Ek sal hulle sterk maak in יהוה en hulle sal in Sy Karakter en Outoriteit (Naam) loop," verklaar יהוה.

Zechariah 11

1 Open your gates, Lebanon, and fire will consume your cedars.
1 Maak oop jou deure, o L'vanon, dat 'n vuur mag voed op jou sederbome!
2 Wail, cypress, for the cedar has fallen; the glorious trees are destroyed! Wail, oaks of Bashan, for the stately forest has fallen!
2 Huil, o sipres, want die seder het geval omdat die pragtige bome verwoes is! Huil, eike van Bashan omdat die ondeurdringbare woud neergevel is.
3 Listen to the wail of the shepherds, for their glory is destroyed. Listen to the roar of young lions, for the thickets of the Jordan are destroyed.
3 Daar is die klank van die herders se gehuil, want hulle lof en eer is verwoes; daar is die klank van die jong leeus se brul, want die trots van die Yarden is verwoes.
4 Yahweh my God says this: "Shepherd the flock intended for slaughter.
4 So sê יהוה my God: "Laat die trop wei wat verdoem is tot slagting.
5 Those who buy them slaughter them but are not punished. Those who sell them say: Praise the LORD because I have become rich! Even their own shepherds have no compassion for them.
5 Dié wat hulle koop, slag hulle sonder om gestraf te word en elkeen wat hulle verkoop sê: 'Geseënd is יהוה, want ek het ryk geword!' Hulle eie herders het geen medelye met hulle nie,
6 Indeed, I will no longer have compassion on the inhabitants of the land" — this is the LORD's declaration. "Instead, I will turn everyone over to his neighbor and his king. They will devastate the land, and I will not deliver it from them."
6 want Ek sal nie langer medelye hê met die inwoners van die land nie," verklaar יהוה; "maar let op, Ek sal die mense laat val, elkeen in die hand van 'n ander en in die hand van sy koning en hulle sal die land verwoes en Ek sal hulle nie uit hul hand red nie."
7 So I shepherded the flock intended for slaughter, the afflicted of the flock. I took two staffs, calling one Favor and the other Union, and I shepherded the flock.
7 Ek het die skape, verdoem tot slagting, die geteisterdes van die trop, van toe af laat wei! Ek het vir myself twee stawwe gevat: die een het ek 'guns' genoem en die ander het ek 'eenheid' genoem; so het ek die skape laat wei.
8 In one month I got rid of three shepherds. I became impatient with them, and they also detested me.
8 Toe het ek die drie herders in een maand vernietig, want my persoon was ongeduldig met hulle en hulle persoon was ook moeg van my.
9 Then I said, "I will no longer shepherd you. Let what is dying die, and let what is going astray go astray; let the rest devour each other's flesh."
9 Toe het ek gesê: "Ek sal julle nie meer versorg nie. Wat gaan sterf, laat dit sterf en wat uitgewis gaan word, laat dit uitgewis word en laat die wat oorbly,

mekaar se vleis verslind!”
10 Next I took my staff called Favor and cut it in two, annulling the covenant I had made with all the peoples.
10 Ek het my staf ‘guns’ gevat en in stukkies gebreek, om my verbond te verbreek wat ek met al die volke gesluit het.
11 It was annulled on that day, and so the afflicted of the flock who were watching me knew that it was the word of the L**ORD**.
11 Dit is op daardie dag verbreek en so het die geteisterdes van die trop wat my dopgehou het, besef dat dit die boodskap van הוהי was.
12 Then I said to them, “If it seems right to you, give me my wages; but if not, keep them.” So they weighed my wages, 30 pieces of silver.
12 Ek het vir hulle gesê: “As dit goed is in julle oë, gee my loon, maar so nie, laat dit staan.” Hulle het my loon afgeweeg: dertig sikkels silwer, as my loon.
13 “Throw it to the potter,” the L**ORD** said to me — this magnificent price I was valued by them. So I took the 30 pieces of silver and threw it into the house of the L**ORD**, to the potter.
13 Toe sê הוהי vir my: “Gooi dit vir die pottebakker, die fantastiese prys waarmee Ek deur hulle gewaardeer is.” Ek het die dertig sikkels silwer gevat en dit in die huis van הוהי vir die pottebakker gegooi.
14 Then I cut in two my second staff, Union, annulling the brotherhood between Judah and Israel.
14 Toe het ek my tweede staf, ‘eenheid’, in stukkies gesny, om die broederskap tussen Y’hudah en Yisra’el te verbreek.
15 The L**ORD** also said to me: “Take the equipment of a foolish shepherd.
15 הוהי het vir my gesê: “Vat weer vir jouself die gereedskap van ’n dwase herder,
16 I am about to raise up a shepherd in the land who will not care for those who are going astray, and he will not seek the lost or heal the broken. He will not sustain the healthy, but he will devour the flesh of the fat sheep and tear off their hooves.
16 want let op, Ek gaan ’n herder laat opstaan in die land wat nie vir die ellendige gaan sorg, die verstrooides gaan soek, die gebrokenes gaan genees of die wat staan in stand gaan hou nie, maar die vleis van die vettes sal hy eet en hulle kloue afskeur.
17 Woe to the worthless shepherd who deserts the flock! May a sword strike his arm and his right eye! May his arm wither away and his right eye go completely blind! ”
17 Wee die waardelose herder wat die skape in die steek laat! ’n Swaard sal op sy arm en op sy regteroog wees! Sy arm sal heeltemal verdor en sy regteroog blind wees!

Zechariah 12

1 An Oracle The word of the L**ORD** concerning Israel. A declaration of the L**ORD**, who stretched out the heavens, laid the foundation of the earth, and formed the spirit of man within him.

1 Die visioen van die boodskap van יהוה aangaande Yisra'el: so verklaar יהוה, wat die hemele uitstrek, die aarde se fondasies lê en die gees van die mens binne- in hom vorm:

2 "Look, I will make Jerusalem a cup that causes staggering for the peoples who surround the city. The siege against Jerusalem will also involve Judah.

2 "Let op, Ek gaan van Yerushalayim 'n beker maak wat gaan veroorsaak dat al die volke rondom slinger en wanneer die beleëring teen Yerushalayim is, sal dit ook teen Y'hudah wees.

3 On that day I will make Jerusalem a heavy stone for all the peoples; all who try to lift it will injure themselves severely when all the nations of the earth gather against her.

3 Dit sal gebeur op daardie dag dat Ek Yerushalayim tot 'n baie swaar klip maak vir al die volke; almal wat dit optel, sal ernstig beseer word en al die nasies van die aarde sal daarteen vergader word.

4 On that day" — this is the L**ORD**'s declaration — "I will strike every horse with panic and its rider with madness. I will keep a watchful eye on the house of Judah but strike all the horses of the nations with blindness.

4 In daardie dag," verklaar יהוה, "sal Ek elke perd met verwarring slaan en sy ruiter met waansin, maar Ek sal waak oor die huis van Y'hudah terwyl Ek elke perd van die volke met blindheid slaan,

5 Then each of the leaders of Judah will think to himself: The residents of Jerusalem are my strength through the L**ORD** of Hosts, their God.

5 dan sal die families van Y'hudah in hulle verstand, wil en emosie sê: 'Die inwoners van Yerushalayim is vir ons 'n sterk ondersteuning deur יהוה-Tzva'ot, hulle God.'

6 On that day I will make the leaders of Judah like a firepot in a woodpile, like a flaming torch among sheaves; they will consume all the peoples around them on the right and the left, while Jerusalem continues to be inhabited on its site, in Jerusalem.

6 In daardie dag sal Ek die families van Y'hudah maak soos 'n pot met vuur tussen stukkies hout en 'n brandende fakkel onder gerwe, so sal hulle aan die regterkant en aan die linkerkant al die volke rondom verteer terwyl die inwoners van Yerushalayim weer op hulle eie plekke in Yerushalayim sal bly.

7 The L**ORD** will save the tents of Judah first, so that the glory of David's house and the glory of Jerusalem's residents may not be greater than that of Judah.

7 יהוה sal ook eerste die tente van Y'hudah red sodat die lof en eer van die huis van Dawid en die lof en eer van die inwoners van Yerushalayim nie opgelig sal word bo Y'hudah nie.

8 On that day the L**ORD** will defend the inhabitants of Jerusalem, so that on

that day the one who is
weakest among them will be like David on that day, and the house of David will be like God, like the Angel of the LORD, before them.
8 In daardie dag sal הוהי die inwoners van Yerushalayim verdedig en die swakkes onder hulle sal in dié dag wees soos Dawid en die huis van Dawid sal wees soos God, soos die boodskapper van הוהי, voor hulle.
9 On that day I will set out to destroy all the nations that come against Jerusalem.
9 Ek sal in daardie dag begin om al die nasies wat teen Yerushalayim kom, te vernietig.
10 "Then I will pour out a spirit of grace and prayer on the house of David and the residents of Jerusalem, and they will look at Me whom they pierced. They will mourn for Him as one mourns for an only child and weep bitterly for Him as one weeps for a firstborn.
10 Ek sal die Gees van onverdiende guns en van smeekbede oor die huis van Dawid en oor die inwoners van Yerushalayim uitgiet en hulle sal opkyk na My vir Wie hulle deurboor het en hulle sal oor Hom rou soos 'n mens rou oor 'n enigste seun en hulle sal bitterlik oor Hom huil soos die bitterlike gehuil oor 'n uniek eersgeborene.
11 On that day the mourning in Jerusalem will be as great as the mourning of Hadad-rimmon in the plain of Megiddo.
11 In daardie dag sal daar 'n groot rou wees in Yerushalayim, soos die rou van Hadad-Rimmon in die vlakte van Megiddo.
12 The land will mourn, every family by itself: the family of David's house by itself and their women by themselves; the family of Nathan's house by itself and their women by themselves;
12 Die land sal rou, elke familie by homself; die familie van die huis van Dawid afsonderlik en hulle vroue afsonderlik; die familie van die huis van Natan afsonderlik en hulle vroue afsonderlik;
13 the family of Levi's house by itself and their women by themselves; the family of Shimei by itself and their women by themselves;
13 die familie van die huis van Levi afsonderlik en hulle vroue afsonderlik; die familie van Shim'i afsonderlik en hulle vroue afsonderlik.
14 all the remaining families, every family by itself, and their women by themselves.
14 Al die ander families, elke familie afsonderlik en hulle vroue afsonderlik.

Zechariah 13

1 "On that day a fountain will be opened for the house of David and for the residents of Jerusalem, to wash away sin and impurity.
1 In daardie dag sal 'n fontein vir die huis van Dawid oopgemaak word en vir

die inwoners van Yerushalayim, vir sonde en onreinheid.
2 On that day" — this is the declaration of the LORD of Hosts — "I will erase the names of the idols from the land, and they will no longer be remembered. I will remove the prophets and the unclean spirit from the land.
2 Dit sal op daardie dag gebeur," verklaar יהוה-Tzva'ot, "dat Ek die name van die afgode uit die land sal afsny en hulle sal nie langer onthou word nie en Ek sal ook die profete en die onrein gees uit die land uit verwyder.
3 If a man still prophesies, his father and his mother who bore him will say to him: You cannot remain alive because you have spoken falsely in the name of Yahweh. When he prophesies, his father and his mother who bore him will pierce him through.
3 As iemand nog profeteer, sal sy vader en sy moeder wat geboorte aan hom gegee het, vir hom sê: 'Jy mag nie lewe nie, want jy het valslik in die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה gepraat' en sy vader en sy moeder wat geboorte aan hom gegee het, sal hom deurboor wanneer hy profeteer.
4 On that day every prophet will be ashamed of his vision when he prophesies; they will not put on a hairy cloak in order to deceive.
4 Dit sal ook gebeur in daardie dag dat die profete, elkeen, skaam sal wees oor sy visioen wanneer hy profeteer en hulle sal nie 'n harige mantel aantrek om te mislei nie,
5 He will say: I am not a prophet; I work the land, for a man purchased me as a servant since my youth.
5 maar hy sal sê: 'Ek is nie 'n profeet nie; ek is 'n man wat die grond bewerk, want iemand het my in my jeug as 'n slaaf verkoop.'
6 If someone asks him: What are these wounds on your chest? — then he will answer: I received the wounds in the house of my friends.
6 Iemand sal vir hom sê: 'Wat is hierdie wonde tussen jou arms?' Dan sal hy antwoord: 'Waarmee ek gewond is in die huis van my vriende.'
7 Sword, awake against My shepherd, against the man who is My associate — this is the declaration of the LORD of Hosts. Strike the shepherd, and the sheep will be scattered; I will also turn My hand against the little ones.
7 Ontwaak, o swaard, teen my herder en teen die man wat my vennoot is!" verklaar יהוה-Tzva'ot. "Slaan die herder sodat die skape verstrooi mag word en Ek sal My hand teen die kleintjies draai.
8 In the whole land — this is the LORD's declaration — two-thirds will be cut off and die, but a third will be left in it.
8 Dit sal gebeur in die hele land," verklaar יהוה, "dat twee-derdes daarin afgesny sal word en sterf, maar een-derde sal daarin oorbly.
9 I will put this third through the fire; I will refine them as silver is refined and test them as gold is tested. They will call on My name, and I will answer them. I will say: They are My people, and they will say: Yahweh is our God."
9 Ek sal die derde deel deur die vuur bring, hulle suiwer soos 'n mens silwer

suiwer en hulle toets soos ’n mens goud toets. Hulle sal My Naam (Karakter en Outoriteit) aanroep en Ek sal hulle antwoord. Ek sal sê: ‘Hulle is My volk!’ Hulle sal sê: ‘יהוה is my God!’”

Zechariah 14

1 A day of the LORD is coming when your plunder will be divided in your presence.

1 Let op, ’n dag kom vir יהוה wanneer die buit wat van jou gevat is, tussen julle verdeel word,
2 I will gather all the nations against Jerusalem for battle. The city will be captured, the houses looted, and the women raped. Half the city will go into exile, but the rest of the people will not be removed from the city.
2 want Ek sal al die nasies versamel om te veg teen Yerushalayim en die stad sal oorgeneem en die huise geplunder en die vroue onteer word en die helfte van die stad sal uitgaan in ballingskap, maar die res van die mense sal nie uit die stad uitgeroei word nie,
3 Then the LORD will go out to fight against those nations as He fights on a day of battle.
3 dan sal יהוה gaan en veg teen dié nasies soos wanneer Hy veg op die dag van die geveg.
4 On that day His feet will stand on the Mount of Olives, which faces Jerusalem on the east. The Mount of Olives will be split in half from east to west, forming a huge valley, so that half the mountain will move to the north and half to the south.
4 Op daardie dag sal Sy voete op die Olyfberg staan, wat voor Yerushalayim lê, aan die oostekant en die Olyfberg sal middeldeur geskeur word van oos na wes deur ’n baie groot vallei sodat die helfte van die berg na die noorde sal beweeg en die ander helfte na die suide.
5 You will flee by My mountain valley, for the valley of the mountains will extend to Azal. You will flee as you fled from the earthquake in the days of Uzziah king of Judah. Then the LORD my God will come and all the holy ones with Him.
5 Julle sal vlug deur die vallei van My berge, want die vallei van die berge sal loop tot by Atzel; ja, julle sal vlug net soos julle gevlug het voor die aardbewing in die dae van `Uziyah, koning van Y’hudah, dan sal
יהוה, my God, kom en al die afgesonderdes saam met Hom!
6 On that day there will be no light; the sunlight and moonlight will diminish.
6 In daardie dag sal daar geen lig wees nie, die sterre sal verflou,
7 It will be a day known only to Yahweh, without day or night, but there will be light at evening.

7 want dit sal ’n unieke dag wees wat aan הוהי bekend is, geen dag of geen nag nie, maar dit sal gebeur dat daar teen die aand lig sal wees.
8 On that day living water will flow out from Jerusalem, half of it toward the eastern sea and the other half toward the western sea, in summer and winter alike.
8 In daardie dag sal daar lewende waters vanuit Yerushalayim vloei, die helfte daarvan na die oostelike see en die ander helfte na die westelike see; dit sal in die somer, sowel as in die winter wees.
9 On that day Yahweh will become King over all the earth — Yahweh alone, and His name alone.
9 הוהי sal Koning wees oor die hele aarde; op daardie dag sal הוהי Een wees en Sy Naam Een.
10 All the land from Geba to Rimmon south of Jerusalem will be changed into a plain. But Jerusalem will be raised up and will remain on its site from the Benjamin Gate to the place of the First Gate, to the Corner Gate, and from the Tower of Hananel to the royal winepresses.
10 Die hele land sal in ’n vlakte verander word, vanaf Geva tot by Rimmon, suid van Yerushalayim, maar Yerushalayim sal opstaan en bly aan sy kant van die poort van Binyamin, so ver as tot by die plek van die Eerste poort, tot by die Hoekpoort en vanaf die toring van Hanan’el tot by die parskuipe van die koning.
11 People will live there, and never again will there be a curse of complete destruction. So Jerusalem will dwell in security.
11 Mense sal daarin woon en daar sal nie langer ’n vloek wees nie, want Yerushalayim sal in veiligheid bly.
12 This will be the plague the L**ORD** strikes all the peoples with, who have warred against Jerusalem: their flesh will rot while they stand on their feet, their eyes will rot in their sockets, and their tongues will rot in their mouths.
12 Hierdie sal die plaag wees waarmee הוהי al die volke sal tref wat opgetrek het om teen Yerushalayim te veg: hulle vlees sal verrot terwyl hulle op hul voete staan, hulle oë sal in hulle holtes verrot en hulle tong sal in hulle mond verrot.
13 On that day a great panic from the L**ORD** will be among them, so that each will seize the hand of another, and the hand of one will rise against the other.
13 Dit sal gebeur in daardie dag dat ’n groot paniek vanaf הוהי op hulle sal val en hulle sal mekaar se hand vasgryp en die hand van die een sal opgelig word teen die hand van die ander.
14 Judah will also fight at Jerusalem, and the wealth of all the surrounding nations will be collected: gold, silver, and clothing in great abundance.
14 Y’hudah sal ook in Yerushalayim veg en die rykdom van al die nasies rondom sal ingesamel word: goud, silwer en klere in groot oorvloed.
15 The same plague as the previous one will strike the horses, mules, camels,

donkeys, and all the animals that are in those camps.
15 Net soos hierdie plaag is, sal die plaag wees op die perd, die muil, die kameel, die donkie en al die beeste wat in daardie kampe sal wees,
16 Then all the survivors from the nations that came against Jerusalem will go up year after year to worship the King, the LORD of Hosts, and to celebrate the Festival of Booths.
16 dan sal dit gebeur dat enige wat oorbly uit al die nasies wat teen Yerushalayim opgegaan het, van jaar tot jaar sal opgaan om die Koning, יהוה-Tzva'ot, te aanbid en om die Fees van Hutte (Sukkot) te vier.
17 Should any of the families of the earth not go up to Jerusalem to worship the King, the LORD of Hosts, rain will not fall on them.
17 Dit sal wees dat wie ook al uit al die families van die aarde, nie na Yerushalayim sal opgaan om die Koning, יהוה-Tzva'ot, te aanbid nie, daar geen reën op hulle sal val nie.
18 And if the people of Egypt will not go up and enter, then rain will not fall on them; this will be the plague the LORD inflicts on the nations who do not go up to celebrate the Festival of Booths.
18 As die familie van Mitzrayim nie opgaan of ingaan nie, dan sal die plaag waarmee יהוה die nasies tref wat nie opgaan om die Fees van Hutte (Sukkot) te vier nie, ook op hulle val.
19 This will be the punishment of Egypt and all the nations that do not go up to celebrate the Festival of Booths.
19 Dit sal die straf vir Mitzrayim wees en die straf vir al die nasies wat nie opgaan om die Fees van Hutte Sukkot) te vier nie.
20 On that day, the words HOLY TO THE LORD will be on the bells of the horses. The pots in the house of the LORD will be like the sprinkling basins before the altar.
20 Op daardie dag sal op die klokke van die perde staan: "Afgesonderd tot יהוה!" Die kookpotte in die huis van יהוה sal wees soos die komme voor die altaar.
21 Every pot in Jerusalem and in Judah will be holy to the LORD of Hosts. Everyone who sacrifices will come and take some of the pots to cook in. And on that day there will no longer be a Canaanite in the house of the LORD of Hosts.
21 Elke kookpot in Yerushalayim en in Y'hudah sal afgesonderd wees tot יהוה-Tzva'ot en almal wat offer, sal kom en daarvan vat en daarin kook. In daardie dag sal daar geen Kena'aniet meer in die huis van יהוה-Tzva'ot wees nie.

Malachi 1

1 An oracle: The word of the L**ORD** to Israel through Malachi.

1 Die profetiese openbaring van die boodskap van יהוה aan Yisra’el deur Mal’akhi:

2 “I have loved you,” says the L**ORD**. But you ask: “How have You loved us? ” “Wasn’t Esau Jacob’s brother? ” This is the L**ORD**’s declaration. “Even so, I loved Jacob,

2 “Ek het julle liefgehad,” sê יהוה, maar julle vra: “Waarin het U ons liefgehad?” “Was `Esav nie Ya’akov se broer nie?” verklaar יהוה. “Tog het Ek Ya’akov liefgehad,

3 but I hated Esau. I turned his mountains into a wasteland, and gave his inheritance to the desert jackals.”

3 maar Ek het `Esav gehaat en Ek het sy berge ’n verlatenheid gemaak en sy erfenis aan die jakkalse van die wildernis gegee.”

4 Though Edom says: “We have been devastated, but we will rebuild the ruins,” the L**ORD** of Hosts says this: “They may build, but I will demolish. They will be called a wicked country and the people the L**ORD** has cursed forever.

4 Alhoewel Edom sê: “Ons is neergeslaan, maar ons sal terugkom en die puinhope opbou,” sê יהוה- Tzva’ot: “Hulle mag bou, maar Ek sal dit afbreek en mense sal hulle noem: ‘Bose grondgebied,’ en: ‘Die volk waaroor יהוה verontwaardig is vir ewig!’”

5 Your own eyes will see this, and you yourselves will say, ‘The L**ORD** is great, even beyond the borders of Israel.’

5 Julle oë sal dit sien en julle sal sê: “יהוה word groot gemaak buite die grense van Yisra’el!”

6 “A son honors his father, and a servant his master. But if I am a father, where is My honor? And if I am a master, where is your fear of Me? says Yahweh of Hosts to you priests, who despise My name.” Yet you ask: “How have we despised Your name? ”

6 “’’n Seun eer sy vader en ’n dienskneg sy meester. As Ek dan ’n Vader is, waar is My eer? As Ek ’n Meester is, waar is My respekvolle vrees?’ sê יהוה-Tzva’ot vir julle, o priesters wat My Naam (Karakter en Outoriteit) verag! Julle sê egter: ‘Waardeur het ons U Naam (Karakter en Outoriteit) verag?’

7 “By presenting defiled food on My altar.” You ask: “How have we defiled You? ” When you say: “The L**ORD**’s table is contemptible.”

7 Julle bring onrein kos op My altaar, maar julle vra: ‘Waardeur het ons U

onteer?' Deurdat julle sê: 'Die tafel van יהוה is veragtelik.'
8 "When you present a blind animal for sacrifice, is it not wrong? And when you present a lame or sick animal, is it not wrong? Bring it to your governor! Would he be pleased with you or show you favor? "
asks the LORD of Hosts.
8 Wanneer julle egter die blinde as offer aanbied, is dit nie boos nie? Wanneer julle die kreupele of sieke aanbied, is dit nie boos nie! Hoekom dit nie aan julle goewerneur offer nie! Sal hy gelukkig wees met julle of julle goedgesind ontvang?" vra יהוה-Tzva'ot.
9 "And now ask for God's favor. Will He be gracious to us? Since this has come from your hands, will He show any of you favor? " asks the LORD of Hosts.
9 "Sal julle egter nie nou God se guns afsmeek dat Hy goedgunstig tot ons kan wees nie? Met so 'n offer van julle kant af, sal Hy enige van julle goedgesind wees?" vra יהוה-Tzva'ot.
10 "I wish one of you would shut the temple doors, so you would no longer kindle a useless fire on My altar! I am not pleased with you," says the LORD of Hosts, "and I will accept no offering from your hands.
10 "Ag, was daar maar iemand onder julle wat die deure wou sluit sodat julle nie tevergeefs vuur op My altaar kan aansteek nie! Ek is nie tevrede met julle nie," sê יהוה-Tzva'ot "en Ek sal ook nie 'n offer uit julle hand aanvaar nie,
11 "For My name will be great among the nations, from the rising of the sun to its setting. Incense and pure offerings will be presented in My name in every place because My name will be great among the nations," says Yahweh of Hosts.
11 want van die opkoms van die son tot by sy ondergaan, sal My Naam groot wees onder die nasies en in elke plek sal wierook en 'n rein graanoffer tot eer van My Naam (Karakter en Outoriteit) geoffer word, want My Naam (Karakter en Outoriteit) sal groot wees onder die nasies," sê יהוה-Tzva'ot.
12 But you are profaning it when you say: "The Lord's table is defiled, and its product, its food, is contemptible."
12 "Julle verontreinig dit egter deurdat julle sê: 'Die tafel van יהוה is onteer en wat sy opbrengs betref, sy kos is veragtelik.'
13 You also say: "Look, what a nuisance! " "And you scorn it," says the LORD of Hosts. "You bring stolen, lame, or sick animals. You bring this as an offering! Am I to accept that from your hands? " asks the LORD.
13 Julle sê ook: 'Ag, hoe vermoeiend is dit!' Julle snuif veragtend daarvoor," sê יהוה-Tzva'ot "en julle bring wat deur diefstal gevat is en die kreupele en sieke; so bring julle die offer! Moet Ek dit uit julle hand ontvang?" sê יהוה.
14 "The deceiver is cursed who has an acceptable male in his flock and makes a vow but sacrifices a defective animal to the Lord. For I am a great King," says Yahweh of Hosts, "and My name will be feared among the nations.
14 Vervloek is die bedrieër wat 'n manlike dier in sy trop het en dit belowe,

maar ’n verminkte dier aan

יהוה offer, want Ek is ’n groot Koning,” sê יהוה-Tzva’ot “en My Naam (Karakter en Outoriteit) word gevrees onder die nasies.”

Malachi 2

1 “Therefore, this decree is for you priests:
1 “Nou, hierdie opdrag is vir julle, o priesters:
2 If you don’t listen, and if you don’t take it to heart to honor My name,” says Yahweh of Hosts, “I will send a curse among you, and I will curse your blessings. In fact, I have already begun to curse them because you are not taking it to heart.
2 as julle nie luister en doen nie en as julle dit nie ernstig opneem om eer aan My Naam (Karakter en Outoriteit) te gee nie,” sê יהוה-Tzva’ot, “dan sal Ek die vloek onder julle stuur en julle seëninge vervloek en inderdaad, Ek het dit alreeds vervloek omdat julle dit nie ernstig opneem nie.
3 “Look, I am going to rebuke your descendants, and I will spread animal waste over your faces, the waste from your festival sacrifices, and you will be taken away with it.
3 Let op, Ek sal julle nasate bestraf en Ek sal vuilgoed oor julle gesigte strooi, die vuilgoed van julle feeste en julle sal saam met dit weggevat word,
4 Then you will know that I sent you this decree so My covenant with Levi may continue,” says the LORD of Hosts.
4 dan sal julle weet dat Ek hierdie opdrag vir julle gestuur het sodat My verbond met Levi kan voortgaan,” sê יהוה-Tzva’ot.
5 “My covenant with him was one of life and peace, and I gave these to him; it called for reverence, and he revered Me and stood in awe of My name.
5 “My verbond met hom was lewe en vrede en Ek het dié aan hom gegee tot respekvolle vrees; so het hy My respekvol gevrees en in ontsag vir My Naam (Karakter en Outoriteit) gestaan.
6 True instruction was in his mouth, and nothing wrong was found on his lips. He walked with Me in peace and fairness and turned many from sin.
6 Ware instruksie was in sy mond en partydigheid en onreg is nie op sy lippe gevind nie; hy het in vrede en opregtheid saam met My geloop en hy het baie mense teruggedraai van onregverdigheid af,
7 For the lips of a priest should guard knowledge, and people should seek instruction from his mouth, because he is the messenger of the LORD of Hosts.
7 want die lippe van ’n priester moet kennis bewaar en mense moet instruksie uit sy mond soek, want hy is die boodskapper van יהוה-Tzva’ot.
8 “You, on the other hand, have turned from the way. You have caused many to stumble by your instruction. You have violated the covenant of Levi,” says the LORD of Hosts.

8 Júlle het egter van die pad afgewyk, julle het baie deur die instruksies laat struikel; julle het die verbond met Levi korrup gemaak," sê יהוה-Tzva'ot.
9 "So I in turn have made you despised and humiliated before all the people because you are not keeping My ways but are showing partiality in your instruction."
9 "So het Ek julle ook veragtelik en verneder voor al die mense gemaak, net soos julle nie My lewenswyse hou nie, maar partydigheid wys deur die instruksies."
10 Don't all of us have one Father? Didn't one God create us? Why then do we act treacherously against one another, profaning the covenant of our fathers?
10 Het ons nie almal een Vader nie? Het een God ons nie geskape nie? Waarom handel ons verraderlik elkeen teenoor sy broer, om so die verbond van ons vaders te onteer?
11 Judah has acted treacherously, and a detestable thing has been done in Israel and in Jerusalem. For Judah has profaned the LORD's sanctuary, which He loves, and has married the daughter of a foreign god.
11 Y'hudah het verraderlik gehandel en 'n verwerplikheid is in Yisra'el en in Yerushalayim gedoen, want Y'hudah het die Afgesonderde Plek van יהוה onteer, wat Hy liefhet en die dogter van 'n vreemde god getrou.
12 To the man who does this, may the LORD cut off any descendants from the tents of Jacob, even if they present an offering to the LORD of Hosts.
12 יהוה sal die man wat dit doen vernietig, asook sy seun en sy seun se seun uitroei uit die tente van Ya'akov en hy sal niemand hê om die offer aan יהוה-Tzva'ot te bring nie.
13 And this is another thing you do: you cover the LORD's altar with tears, with weeping and groaning, because He no longer respects your offerings or receives them gladly from your hands.
13 "Hierdie is nog iets wat julle doen; julle bedek die altaar van יהוה met trane, met gehuil en gekreun omdat Hy nie langer die offer ag nie en dit nie van julle hand aanvaar met guns nie.
14 Yet you ask, "For what reason? " Because the LORD has been a witness between you and the wife of your youth. You have acted treacherously against her, though she was your marriage partner and your wife by covenant.
14 Tog vra julle: 'Om watter rede?' Omdat יהוה Getuie is tussen jou en die vrou van jou jeug teenoor wie jy verraderlik opgetree het, alhoewel sy jou metgesel is en jou vrou deur die verbond.
15 Didn't the one God make us with a remnant of His life-breath? And what does the One seek? A godly offspring. So watch yourselves carefully, and do not act treacherously against the wife of your youth.
15 Nie een mens wat iets van die Gees oor het, maak so nie en wat het hy

gedoen terwyl hy ’n Goddelike nageslag gesoek het? Neem julle gees in ag en laat nie een verraderlik optree teenoor die vrou van sy jeug nie,
16 “If he hates and divorces his wife,” says the LORD God of Israel, “he covers his garment with injustice,” says the LORD of Hosts. Therefore, watch yourselves carefully, and do not act treacherously.
16 want Ek haat egskeiding,” sê הוהי, die God van Yisra’el “en hom wat dit wat verkeerd is met sy kleed bedek,” sê הוהי-Tzva’ot. “Neem julle dan jul gees in ag dat julle nie verraderlik optree nie.”
17 You have wearied the LORD with your words. Yet you ask, “How have we wearied Him? ” When you say, “Everyone who does what is evil is good in the LORD’s sight, and He is pleased with them,” or “Where is the God of justice? ”
17 Julle het הוהי vermoei met julle woorde. Nogtans vra julle: “Waarmee vermoei ons Hom?” Deurdat julle sê: “Elkeen wat boosheid doen, is goed in die oë van הוהי en Hy is bly oor hulle;” of, “waar is die God van regverdige oordeel?”

Malachi 3

1 “See, I am going to send My messenger, and he will clear the way before Me. Then the Lord you seek will suddenly come to His temple, the Messenger of the covenant you desire — see, He is coming,” says the LORD of Hosts.
1 “Let op, Ek gaan My boodskapper stuur en hy sal die pad voor My skoonmaak. Die Meester, wat julle soek, sal skielik na Sy tempel toe kom en die Boodskapper van die verbond, in Wie julle vreugde vind, let op, Hy kom,” sê הוהי-Tzva’ot,
2 But who can endure the day of His coming? And who will be able to stand when He appears? For He will be like a refiner’s fire and like cleansing lye.
2 “maar wie kan die dag van Sy koms verdra? Wie kan staande bly as Hy verskyn? Want Hy is soos die suiweraar se vuur en soos die seep van die wasser.
3 He will be like a refiner and purifier of silver; He will purify the sons of Levi and refine them like gold and silver. Then they will present offerings to the LORD in righteousness.
3 Hy sal sit as ’n Smelter en Reiniger van silwer en Hy sal die seuns van Levi reinig en hulle suiwer maak soos goud en silwer sodat hulle aan הוהי offers kan bring in onpartydige opregtheid,
4 And the offerings of Judah and Jerusalem will please the LORD as in days of old and years gone by.
4 dan sal die offer van Y’hudah en Yerushalayim vir הוהי aangenaam wees soos in die ou dae en soos in die vroeëre jare,
5 “I will come to you in judgment, and I will be ready to witness against

sorcerers and adulterers; against those who swear falsely; against those who oppress the widow and the fatherless, and cheat the wage earner; and against those who deny justice to the foreigner. They do not fear Me," says the LORD of Hosts.
5 dan sal Ek naderkom na julle toe vir oordeel en Ek sal 'n vinnige Getuie wees teen die towenaars, teen die egbrekers, teen die wat vals sweer, teen die wat die dagloner in sy loon, die weduwee en die wees onderdruk en teen die wat die vreemdeling wegwys en My nie respekvol vrees nie," sê יהוה-Tzva'ot,
6 "Because I, Yahweh, have not changed, you descendants of Jacob have not been destroyed.
6 "want Ek, יהוה, verander nie; daarom is julle, seuns van Ya'akov, nie verteer nie.
7 "Since the days of your fathers, you have turned from My statutes; you have not kept them. Return to Me, and I will return to you," says the LORD of Hosts. But you ask: "How can we return? "
7 Vanaf die dae van julle vaders het julle van My instellings af weggedraai en hulle nie gehou nie. Keer terug na My en Ek sal na julle toe terugkeer," sê יהוה-Tzva'ot, "maar julle vra: "Waarin moet ons terugkeer?"
8 "Will a man rob God? Yet you are robbing Me! " You ask: "How do we rob You? " "By not making the
payments of the tenth and the contributions.
8 "Mag 'n mens God beroof? Tog beroof julle My, maar julle sê: 'Hoe het ons U beroof?' In tiendes en offergawes.
9 You are suffering under a curse, yet you — the whole nation — are still robbing Me.
9 Julle is met 'n vloek vervloek, want julle, die hele nasie, steel van My!
10 Bring the full tenth into the storehouse so that there may be food in My house. Test Me in this way," says the LORD of Hosts. "See if I will not open the floodgates of heaven and pour out a blessing for you without measure.
10 Bring die hele tiende na die stoorkamer sodat daar kos in My huis kan wees en toets My nou hierin," sê יהוה-Tzva'ot, "of Ek nie vir julle die vensters van die hemel sal oopmaak en vir julle 'n seën sal laat uitvloei totdat dit oorloop, nie,
11 I will rebuke the devourer for you, so that it will not ruin the produce of your land and your vine in your field will not fail to produce fruit," says the LORD of Hosts.
11 dan sal Ek die vreter vir julle bestraf sodat dit nie die opbrengs van die grond sal vernietig nie en ook sal julle wingerdstok op die land nie sy vrug afgooi nie," sê יהוה-Tzva'ot.
12 "Then all the nations will consider you fortunate, for you will be a delightful land," says the LORD of Hosts.

12 “Al die nasies sal julle geseënd noem, want julle sal ’n genotvolle land wees,” sê יהוה-Tzva’ot.
13 “Your words against Me are harsh,” says the LORD. Yet you ask: “What have we spoken against You? ”
13 “Julle woorde teen My was arrogant,” sê יהוה. “Tog vra julle: ‘Wat het ons teen U gepraat?’
14 You have said: “It is useless to serve God. What have we gained by keeping His requirements and walking mournfully before the LORD of Hosts?
14 Julle het gesê: ‘Dit is tevergeefs om God te dien en watter voordeel is dit dat ons Sy opdragte uitgevoer het en dat ons in rou voor יהוה-Tzva’ot geloop het?
15 So now we consider the arrogant to be fortunate. Not only do those who commit wickedness prosper, they even test God and escape.”
15 Nou noem ons die arrogantes geseënd; nie alleen word die wat boosheid doen, opgebou nie, maar hulle toets God ook en kom vry!’”
16 At that time those who feared the LORD spoke to one another. The LORD took notice and listened. So a book of remembrance was written before Him for those who feared Yahweh and had high regard for His
name.
16 Toe het hulle wat יהוה vrees met mekaar gepraat en יהוה het aandag gegee en gehoor en ’n boek van herinnering is voor Hom geskryf vir dié wat יהוה respekvol vrees en Sy Karakter en Outoriteit Naam) hoog ag.
17 “They will be Mine,” says the LORD of Hosts, “a special possession on the day I am preparing. I will have compassion on them as a man has compassion on his son who serves him.
17 Hulle sal Myne wees,” sê יהוה-Tzva’ot, “op die dag wat Ek My eie besitting voorberei en Ek sal hulle spaar soos ’n man sy eie seun spaar wat hom dien.”
18 So you will again see the difference between the righteous and the wicked, between one who serves God and one who does not serve Him.
18 So sal julle weer onderskei tussen die onpartydige en opregte en die bose, tussen een wat God dien en een wat Hom nie dien nie,

Malachi 4

1 “For indeed, the day is coming, burning like a furnace, when all the arrogant and everyone who commits wickedness will become stubble. The coming day will consume them,” says the LORD of Hosts, “not leaving them root or branches.
1 3:19) “want let op, die dag kom, brandend soos ’n oond en al die arrogante en elke boosdoener sal kaf wees en die dag wat kom sal hulle aan die brand steek,” sê יהוהTzva’ot, “sodat dit vir hulle geen wortel of tak sal oorlos nie,

2 But for you who fear My name, the sun of righteousness will rise with healing in its wings, and you will go out and playfully jump like calves from the stall.
2 3:20) maar vir julle wat My Naam (Karakter en Outoriteit) respekvol vrees, sal die Dienskneg van onpartydige opregtheid opgaan met genesing in Sy vlerke en julle sal uitgaan en rondhuppel soos kalwers uit die stal.
3 You will trample the wicked, for they will be ashes under the soles of your feet on the day I am preparing," says the LORD of Hosts.
3 3:21) Julle sal die bose vertrap, want hulle sal as wees onder julle voetsole op die dag wat Ek voorberei," sê יהוה-Tzva'ot.
4 "Remember the instruction of Moses My servant, the statutes and ordinances I commanded him at Horeb for all Israel.
4 3:22) "Onthou die wet van Moshe, My dienskneg, die opdragte en instellings wat Ek hom beveel het op Horev vir die hele Yisra'el.
5 Look, I am going to send you Elijah the prophet before the great and awesome Day of the LORD comes.
5 3:23) Let op, Ek gaan vir julle die profeet Eliyahu stuur voor die koms van die groot en verskriklike dag van יהוה.
6 And he will turn the hearts of fathers to their children and the hearts of children to their fathers. Otherwise, I will come and strike the land with a curse."
6 3:24) Hy sal die verstand, wil en emosie van die vaders herstel tot die seuns en die verstand, wil en emosie van die seuns tot hulle vaders sodat Ek nie sal kom en die land met 'n vloek tref nie.

Table of Contents